Grondwetlike Polisiëring in die Suid-Afrikaanse Konteks

deur

AF van den Berg
(LLB, LLM)
12533726

Voorgelê ooreenkomstig die vereistes vir die graad Doctor Legum aan die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) Suid-Afrika

Promotor: Prof GM Ferreira
Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus)

Mede-promotor: Me MC Roos
Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus)

"Police officers aren't merely public servants. They are servants of the law. Although they serve the best interest of the community and of government, they should not be seen as servants of the community or as servants of politicians. They are the instruments of the law that provide legitimacy to both the law and policing. Police are servants of the law alone."

~ Ray Whitrod - 1979 ~
Queensland Commissioner of Police 1970 – 1976

INHOUDSOPGAWE

INHOUDSOPGAWE i
OPSOMMING viii
SUMMARY x
BEDANKINGS xii
LYS VAN AFKORTINGS xiv

HOOFSTUK 1

1 **Inleiding** 1
1.1 Agtergrond 1
1.1.1 Hipotese 3
1.1.2 Navorsingsvraag 6
1.1.3 Terminologiese grondslag van die studie 6
1.1.4 Temas van belang tot hierdie navorsing 7
1.2 Bestaande navorsing op die gebied 8
1.3 Navorsingsmetodiek 9
1.4 Begrensing van die studie 10
1.5 Uitleg van hoofstukke 10
1.6 Belang van hierdie studie 12

HOOFSTUK 2

2 **Die Historiese Ontwikkeling van Polisiëring** 14
2.1 Inleiding 14
2.1.1 Benadering tot die historiese ontwikkeling van polisiëring 15
2.2 Die oorsprong van polisiëring en wetstoepassing 16
2.2.1 Antieke tydperk 16
2.2.1.1 Grieke 17
2.2.1.1.1 Staatsregtelike en sosiale samestelling van die tyd 17
2.2.1.1.2 Die Griekse bydrae tot die polisiëringsbegrip 18
2.2.1.1.3 Die Griekse veiligheidsmagte 21

2.2.1.1.4 Die Griekse bydrae tot die moderne polisiëringsbegrip 23
2.2.1.2 Romeine 24
2.2.1.2.1 Staatsregtelike en sosiale faktore van die tyd 24
2.2.1.2.2 Die Romeinse bydrae tot die polisiëringsbegrip 26
2.2.1.2.3 Romeinse veiligheidsmagte 27
2.2.1.2.4 Romeinse bydrae tot die moderne polisiëringsbegrip 30
2.2.1.3 Samevattend: Antieke tydperk 31
2.2.2 Middeleeue en moderne era 32
2.2.2.1 Totstandkoming van die Middeleeuse en moderne Europa 33
2.2.2.2 Terminologiese ontwikkeling van die begrip “polisie” in die vroeë Europese beskawings 34
2.2.2.3 Grondslae van polisiëring in Brittanje 35
2.2.2.3.1 Staatsregtelike en sosiale samestelling van Brittanje 35
2.2.2.3.2 Die ontwikkeling van polisiëring in Brittanje 37
2.2.2.3.2.1 Individuele en gesamentlike beveiliging 38
2.2.2.3.2.2 Gesentraliseerde en gedelegeerde beveiliging 40
2.2.2.3.2.3 Professionele polisiëring 42
2.2.2.3.3 Leiers in die ontwikkeling van ’n professionele polisiemag 43
2.2.2.4 Franse grondslae 47
2.2.2.4.1 Staatsregtelike en sosiale samestelling van Frankryk 47
2.2.2.4.2 Die ontwikkeling van polisiëring in Frankryk 50
2.2.2.4.3 Die ontstaan van die professionele Franse polisie 52
2.2.2.5 Ander Europese modelle van polisiëring 55
2.2.3 Samevatting: Europese ontwikkeling 60
2.2.4 Die Suid-Afrikaanse ontwikkeling 61
2.2.4.1 Wet en orde in die vroeë Kaap 61
2.2.4.2 Die eerste polisie in Suid-Afrika 63
2.2.5 Samevatting: Historiese ontwikkeling van die polisiëringsbegrip 67
2.3 Die definisie van die begrippe “polisie” en “polisiëring” 68

2.3.1 "Polisie" 69
2.3.1.1 Historiese ontwikkeling van die begrip: "Polisie" 69
2.3.1.2 Die hedendaagse inhoud van die begrip: "Polisie" 71
2.3.1.3 Die inhoud van die begrip "Polisiëring" 73
2.4 Samevatting 76
2.4.1 Ontstaan en ontwikkeling van die polisie 77
2.4.2 Die omvang en belang van die begrippe polisie en polisiëring 79

HOOFSTUK 3

3 **Die formele aard en struktuur van die polisie in Suid-Afrika** 81
3.1 Inleiding 81
3.2 Die organisatoriese struktuur van die polisie in Suid-Afrika 82
3.2.1 Inleiding 82
3.2.2 Voormalige gedesentraliseerde struktuur 82
3.2.2.1 ZAP/SAP 84
3.2.2.2 Spoorwegpolisie 86
3.2.2.3 Provinsiale en munisipale polisie 87
3.2.2.4 Tuislandpolisie 90
3.2.2.5 Buitelandse verskynsels van gedesentraliseerde polisiestrukture 91
3.2.2.6 Enkele kwessies aangaande 'n gedesentraliseerde struktuur 95
3.2.3 Die kontemporêre Suid-Afrikaanse polisiestruktuur 97
3.2.3.1 Die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) 99
3.2.3.1.1 Verskynsels van Nasionale Polisiedienste in die buiteland 101
3.2.3.2 Suid-Afrikaanse Metropolitaanse en Munisipale polisiedienste 103
3.2.3.2.1 Die impak van die Groenskrif op Polisiëring op munisipale en metropolitaanse polisiedienste 111

3.2.3.2.2 Buitelandse munisipale en metropolitaanse polisiemagte 113
3.2.3.3 Verkeersdepartemente 116
3.2.4 Die impak wat die herstrukturering van die polisiestruktuur op Suid-Afrikaanse polisiëring gehad het 117
3.2.4.1 Differensiële polisie-instansies in Suid-Afrika 122
3.2.4.1.1 Direktoraat van Spesiale Operasies van die Nasionale Vervolgingsgesag 123
3.2.4.1.1.1 Buitelandse eweknieë van die Direktoraat van Spesiale Operasies 131
3.2.4.1.2 Doeanepolisiëring 134
3.2.4.1.2.1 Buitelandse eweknieë van die Suid-Afrikaanse Doeanepolisiëring 136
3.2.4.1.3 Omgewingsbestuur-inspektoraat 140
3.2.4.1.3.1 Buitelandse eweknieë van die Suid-Afrikaanse omgewingsbestuur-inspektoraat 143
3.2.5 Samevatting: Struktuur van die polisie 145
3.3 Die organisatoriese aard van polisiëring in Suid-Afrika 147
3.3.1 Voormalige militaristiese aanslag van polisie 147
3.3.1.1 Die aard van polisiëring voor Republiekwording 147
3.3.1.2 Die aard van polisiëring onder die Republiek van Suid-Afrika 151
3.3.1.3 Die aard van polisiëring in die Tuislande 156
3.3.2 Kontemporêre diensgerigte polisie 156
3.3.2.1 Die transformasieproses van die Suid-Afrikaanse Polisiediens 156
3.3.2.2 Transformasie problematiek 162
3.3.2.3 Die aard van polisiëring in Suid-Afrika na afloop van die transformasieproses 165
3.3.2.4 Privaatpolisiëring 169
3.3.2.5 Samevattend: Aard van polisiëring in Suid-Afrika 173

3.4 Juridiese beginsels wat die formele struktuur van polisie in die Suid-Afrikaanse konteks beïnvloed 174
3.4.1 Polisiëring en die skeiding van magte 175
3.4.1.1 Inleiding 175
3.4.1.2 Polisiestrukture en die skeiding van magte voor 1994 177
3.4.1.3 Polisiëring en skeiding van magte in die grondwetlik demokratiese bestel 181
3.4.1.4 Onafhanklikheid van die polisie 187
3.4.2 Polisiestrukture voortspruitend uit demokrasie 191
3.4.2.1 Demokrasie 192
3.4.2.2 Demokrasie in die Suid-Afrikaanse polisiestruktuur 195
3.4.2.2.1 Politieke toesig 196
3.4.2.2.2 Interne toesig 197
3.4.2.2.3 Wetgewende toesig 198
3.4.2.2.4 Toesig deur Burgerlike Sekretariaat 199
3.4.2.2.5 Toesig deur Onafhanklike Polisie-ondersoek Direktoraat 202
3.4.2.2.6 Gemeenskapstoesig 204
3.4.2.3 Demokrasie in buitelandse polisiestrukture 206
3.5 Samevatting 208

HOOFSTUK 4

4 **Die substantiewe aspekte van polisiëring in die Suid-Afrikaanse konteks** 214
4.1 Inleiding 214
4.2 Substantiewe polisiëring in die voormalige bedeling 215
4.3 Die waardegedrewe grondwetlike demokrasie 216
4.4 Polisiëring en die grondwetlik verskanste demokratiese waardes 217
4.4.1 Demokratiese polisiëring 220
4.4.1.1 Buitelandse perspektiewe op demokratiese polisiëring 221

4.4.1.2 Die demokratiese polisiëringskonsep in die Suid-Afrikaanse konteks 224
4.4.2 Gevolgtrekking: Polisiëring aan die hand van demokratiese waardes 228
4.5 Polisiëring en regstaatlikheid 229
4.5.1 Rule of law 230
4.5.2 Rechtsstaat 232
4.5.3 Polisiëring onder die beginsel van regstaatlikheid 234
4.6 Polisiëring en Menseregte 236
4.6.1 Polisiëring onder die Handves van Regte in Suid-Afrika 238
4.6.2 Interpretasie van die Handves van Regte 240
4.6.2.1 Regsprekende interpretasie van regte 242
4.6.2.1.1 Interpretasie deur uitvoerende funksionarisse 246
4.6.3 Beskerming van fundamentele regte 252
4.6.3.1 Polisiëring en die beskerming van fundamentele regte 256
4.6.3.1.1 Polisiëringsbevoegdhede ter beskerming van fundamentele regte in Suid-Afrika 258
4.6.4 Beperking van fundamentele regte 265
4.6.4.1 Polisiëring en die beperking van fundamentele regte 269
4.6.5 Polisiëring en fundamentele regte in verskillende verhoudings 274
4.6.6 Fundamentele regte en intelligensiegedrewe polisiëring 278
4.6.7 Gevolgtrekking: Polisiëring en fundamentele regte 282
4.7 Die plig, bevoegdheid en diskresie om te polisieer 284
4.7.1 Inleiding 284
4.7.2 Die plig om te polisieer 285
4.7.2.1 Die omvang van die plig om te polisieer in Suid-Afrika 287
4.7.2.1.1 Bestaan daar ’n plig om gevaar te trotseer? 288
4.7.2.1.2 Wanneer geld die plig om te polisieer? 291
4.7.3 Die bevoegdheid en diskresie om te polisieer 294

4.8 Professionele polisiëring.....297
4.8.1 Polisie-opleiding en onderrig in Suid-Afrika.....299
4.8.1.1 Basiese polisie-opleiding in Suid-Afrika.....299
4.8.1.2 Spesialis opleiding.....303
4.8.1.3 Opleiding van polisiebestuur.....304
4.8.1.4 Samevatting: Professionele polisiëring.....305
4.9 Samevatting.....305

HOOFSTUK 5

5 **Samevatting en aanbevelings**.....311
5.1 Algemeen.....311
5.1.1 Historiese ontwikkeling van polisiëring.....312
5.1.2 Tradisionele begrip van polisiëring.....313
5.2 Grondwetlike polisiëring.....315
5.2.1 Die vereistes van grondwetlike polisiëring.....315
5.2.1.1 Die staatsfunksie van polisiëring as formele vereiste van grondwetlike polisiëring.....316
5.2.1.2 Siviele benadering tot polisiëring as formele vereiste van grondwetlike polisiëring.....318
5.2.1.3 'n Gesentraliseerde struktuur van die polisie as formele vereiste van grondwetlike polisiëring.....322
5.2.1.4 Outonomie van die polisie as formele vereiste van grondwetlike polisiëring.....325
5.2.1.5 Onderskrywing aan demokratiese polisiëringsvereistes as substantiewe vereiste in grondwetlike polisiëring.....328
5.2.1.6 Diensgerigte polisiëring as substantiewe vereiste van grondwetlike polisiëring.....331
5.2.1.7 Professionele polisiëring as substantiewe vereiste van grondwetlike polisiëring.....335
5.3 Samevattend.....338

BIBLIOGRAFIE.....341

OPSOMMING

In die kontemporêre samelewing kan die handhawing van ’n ordelike samelewing beskryf word as een van die mees fundamentele verpligtinge van die staat. Dit vereis polisiëring van die samelewing ingevolge die bepalings van die reg en behels gevolglik een van die mees omvattende verskynsels van owerheidsgesag. Dit is daarop gemik om die gemeenskap en die staat teen misdaad te beskerm en die gemeenskap van die las van selfbeskerming te bevry. Dit is egter essensieel dat die staat legitieme bevoegdhede en mag gebruik ten einde stabiliteit in die gemeenskap te verseker.

Die tradisionele benadering tot polisiëring vereis ’n staatsgesag wat orde in die gemeenskap handhaaf deur die reg toe te pas, af te dwing en aan die hand van legitieme prosedures die gemeenskap te beveilig. Deur die eeue het dit egter ’n toonbeeld van onderdrukkende en polities-gedrewe staatsgesag geword, wat die staat en die gemeenskap van mekaar verwyder het en ’n wesenlike polisie-legitimiteitskrisis geskep het. Voor 1994 het die Suid-Afrikaanse polisiëringsisteem op soortgelyke wyse die beskerming van die staat nagestreef en deur onderdrukkende politieke praktyke absolute mag aan die staat toegeken. Die demokratiseringsproses het egter weggebreek van hierdie benadering deur die nastrewing van begrensing van owerheidsgesag en die beskerming van die individu aan die hand van fundamentele regte.

Die demokratiseringsproses het uiteraard ’n groot invloed op die polisiëringsisteem gehad wat ooreenkomstig moes hervorm om ’n demokratiese staatsbestel te weerspieël wat gefundeer is op grondwetlike waardes, fundamentele regte en legitieme owerheidsgesag. Die Suid-Afrikaanse polisie moes gevolglik op strukturele en substantiewe vlak transformeer om hierdie waardes te weerspieël, maar het dit oënskynlik aangepak sonder ’n behoorlike juridiese begronding. Dit het opnuut tot ’n krisis in legitimiteit gelei waartydens die gemeenskap die polisie steeds as ’n onderdrukkende, korrupte en vyandige staatsgesag beskou en gevolglik

met minagtig en wantroue bejeën. Dit skep die potensiaal dat die gemeenskap terugval op ’n mate van selfbeskerming en die reg in eie hande neem, wat tot ’n ondermyning van gemeenskapsorde en die reg kan lei.

Hierdie studie ondersoek die juridiese begronding van die kontemporêre polisiëringsisteem in Suid-Afrika. Dit bestudeer die strukturele en substantiewe samestelling van Suid-Afrikaanse polisiëring en of dit werklikwaar as ’n grondwetlike polisiëringsisteem beskou kan word. Dit poog gevolglik om juridiese antwoorde op die knelpunte van polisielegitimiteit te bekom, ten einde die tradisionele benadering tot die handhawing van gemeenskapsorde te harmoniseer met die grondwetlike bedeling.

Sleutelwoorde:

- Polisie
- Polisiëring
- Grondwetlike polisiëring
- Demokratiese polisiëring
- Suid-Afrikaanse Polisiediens
- Munisipale polisie
- Professionele polisiëring
- Differensiële polisiëring

SUMMARY

Maintaining order in the community may be considered one of the fundamental obligations of the contemporary state. It requires the policing of society in accordance with the law and therefore entails one of the most comprehensive manifestations of state power. It is aimed at protecting the state and the community against crime so that the individual member of society is not burdened with self-protection. It is, however, essential that the state engages in legitimate powers and force in order to provide stability within the community it polices.

The traditional approach to policing requires that a state authority be appointed to maintain order in the community, to apply and enforce the law and to utilise legitimate procedures to protect the community. However, through the ages it became synonymous with oppressive and politically driven state authority. This created a wedge between the state and society and resulted in a crisis in police legitimacy. Before 1994 South Africa's policing system was based on the national security of the state that ensured absolute state authority through oppressive political practices. The democratisation process deviated from this approach by striving for the limitation of state power and the protection of the individual by means of fundamental rights.

This democratisation process also had an impact on the policing system, which was required to transform accordingly, in order to reflect the democratic state, as well as the constitutional values, fundamental rights and legitimate state authority. The South African police therefore had to transform on both a structural and material level, but seems to have done so without the juridical basis. This re-established a crisis in legitimacy which caused society to view the police as an oppressive, corrupt and hostile state authority. It created a feeling of contempt and distrust in the police and undermined the police's role in society. To counter this lack in legitimacy the community reverted to a form of self-protection and took the

law into their own hands, which resulted in the undermining of public order and the law in general.

This study investigates the juridical foundation of the contemporary policing system in South Africa. It studies the structural and material composition of South African policing and whether it can really be considered a constitutional policing system. It endeavours to provide juridical answers to the current concerns in the legitimacy of policing, in order to harmonise the traditional policing approach with that of the constitutional era.

Keywords:

- Police
- Policing
- Constitutional policing
- Democratic policing
- South African Police Service
- Municipal police
- Professional policing
- Differential policing

BEDANKINGS

Ek wil graag my diepste dank en erkenning betuig aan die volgende persone en instansies, sonder wie hierdie proefskrif nie moontlik sou gewees het nie:

My studieleiers, **Prof. Gerrit Ferreira** en **Me. Rolien Roos** vir al die raad, bystand en leiding in die voltooiing van hierdie studie. Dankie vir u bereidwilligheid om hierdie tema saam met my te ontdek. U wysheid en passie vir die reg het my geïnspireer. Dankie dat u deure altyd oop was en u altyd bereid was om moeilike kwessies saam met my te beredeneer.

Fakulteit Regte van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) en die Direkteur Onderrig, **Prof. Flip Schutte**, vir die studieverlof en ondersteuning tydens my doktorale studies.

My ouers, **Bettie** en **Abrie**, en my suster, **Rina**, vir al hulle liefde en ondersteuning gedurende my studies. Dankie vir die aansporing en belangstelling wat my gedra het die afgelope vyf jaar. Dankie vir al die geleenthede wat jul vir my moontlik gemaak het.

Aan my vriendin, **Malinka Kűsel**, sowel as haar gesin. Baie dankie vir die liefde, ondersteuning en geduld tydens die voltooiing van die proefskrif. Dankie vir al die belangstelling en raad, asook die bereidwilligheid om deurlopend hierdie tema te bespreek en ’n objektiewe mening te bied.

Aan die **Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD)**, die **Noordwes Provinsiale SAPD** en die **Potchefstroom SAPD** vir die opleiding, ervaring en die eer om my gemeenskap te kan dien. Dankie aan die individuele lede wat bereid was om hulle kennis en ervaring te deel en die kwessies soos vervat in die studie te oorweeg.

Aan die lede van **PUK Nooddienste** van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus). Dankie vir die aanmoediging en ondersteuning

tydens die navorsingstydperk, asook tydens die voltooiing van hierdie studie.

Laastens en mees belangrik, wil ek **God die Vader** dank en loof vir die krag, deursettingsvermoë en genade wat Hy my gebied het in die voltooiing van hierdie proefskrif. Dankie vir die wonderlike geleenthede wat U my bied.

LYS VAN AFKORTINGS

ACBPS	-	Australian Customs and Border Protection Service
ACS	-	Australian Customs Service
AFP	-	Australian Federal Police
ANC	-	African National Congress
ATF	-	Alcohol Tabacco and Firearms Agency
ATO	-	Australian Tax Office
BBE	-	Betogingsbeheereenheid
BOSS	-	Bureau of State Security
BSE	-	Binnelandse Stabiliseringseenheid
CBP	-	U.S. Customs and Border Protection
CBSA	-	Canadian Border Service Agency
CCRA	-	Canada Customs and Revenue Agency
CFIA	-	Canadian Food Inspection Agency
CIC	-	Citizen and Immigration Canada
DCAF	-	Geneva Centre for Democratic Control of Armed Forces
DCPF	-	Direction Centrale de la Police aux Frontières
DEA	-	Drug Enforcement Agency
DHS	-	U.S. Departement of Homeland Security
DSO	-	Direktoraat van Spesiale Operasies
DPO	-	Direktoraat vir Prioriteitmisdaadondersoeke
FBI	-	Federal Bureau of Investigations
GKS	-	Gesinsgeweld, Kinderbeskerming en Seksuele misdrywe
GPF	-	Gemeenskapspolisiëringsforums
ICE	-	U.S. Immigration and Customs Enforcement Agency
IRS	-	Internal Revenue Service
MEFI	-	Ministère de l'Économie, des Finances et de l'Industrie
NVG	-	Nasionale Vervolgingsgesag
OKD	-	Onafhanklike Klagtesdirektoraat
OPOD	-	Onafhanklike Polisieondersoek Direktoraat
OSCE	-	Organization for Security and Cooperation in Europe
PAC	-	Pan Africanist Congress

PAGAD	-	People Agianst Gangsterism and Drugs
PSIRA	-	Private Security Industry Regulating Authority
SAP	-	Suid-Afrikaanse Polisie
SAPD	-	Suid-Afrikaanse Polisiediens
SAKO	-	Suid-Afrikaanse Kwaliteit Outoriteit
SANW	-	Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag
SAW	-	Suid-Afrikaanse Weermag
SAID	-	Suid-Afrikaanse Inkomstediens
SWAPOL	-	Suidwes-Afrika Polisie
VSA	-	Verenigde State van Amerika
UKBA	-	United Kingdom Border Agency
UKRC	-	HM Revenue and Customs
ZABS	-	Zuid-Afrikaansche Bereden Schutters
ZAP	-	Zuid-Afrikaansche Politie
ZAUVM	-	Zuid-Afrikaansche Unie Veiligheidsmag

HOOFSTUK 1

1 Inleiding

1.1 *Agtergrond*

Misdaad is ’n allerdaagse realiteit en knelpunt in die Suid-Afrikaanse samelewing.[1] Suid-Afrika se geskiedenis is tot so 'n mate oortrek van bloedvergieting, geweld en misdaad, dat bevestiging van hierdie feit selfs indirek voorkom in die aanhef van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996 (hierna die Grondwet).[2] Binne die nuutgevormde grondwetlike bedeling het hierdie kwessie egter pertinent op die voorgrond getree, met veral internasionale aanvaarding van Suid-Afrika as een van die wêreld se spreekwoordelike “misdaad-hoofstede”.[3]

In sterk kontras hiermee, word Suid-Afrika ironies steeds internasionaal gehuldig as ’n voorbeeld van ’n suksesvolle demokrasie, sowel as toonaangewend in die ontwikkeling van fundamentele regte.[4] Sedert die inwerkingtreding van beide die *Interim Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 200 van 1993 (hierna die Interim Grondwet), asook die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996, het die fokus van die Suid-Afrikaanse samelewing ’n drastiese verskuiwing ondergaan, vanaf nasionale staatsveiligheid, na die beskerming van die individu. Ooreenkomstig is nuwe regeringstrukture aanvaar ter realisering van hierdie klemverskuiwing en remediëring van die onregmatighede van die verlede.[5]

Alhoewel fisiese beskerming slegs ’n enkele faset van die veiligheid- en sekuriteitskonsep uitmaak, ondergaan hierdie onderwerp tans intense

---

1 Shaw *Crime and Policing in a Post-Apartheid South Africa* 15.
2 Aanhef van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.
3 Altbeker *A Country at War with Itself* 38; Mattes 2006 *SA Crime Quarterly* 18; Bro *Daily Dispatch* 1.
4 Mubangizi 2004 *Journal of Juridical Science* 63.
5 Devenish *A Commentary on the South African Constitution* 28.

bespreking, wat aanleiding daartoe gee dat hierdie kwessie uiteindelik tot politieke speelbal ontwikkel het.[6] Tot op dese, blyk alle pogings om die sogenaamde misdaad-epidemie suksesvol te beveg, oneffektief.[7]

Polisiëring versinnebeeld die werksaamhede van die staat in die uitvoer van die plig om die gemeenskap te beskerm en maak gevolglik een van die mees pertinente manifestasies van owerheidsgesag[8] uit.[9] Dit word grootliks beinvloed deur die betrokke staatsbestel en die behoefte wat dit beoog om aan te spreek.[10] In die Suid-Afrikaanse konteks is die geskiedenis oortrek van voorbeelde in hierdie verband en het die drie eeue, sedert die ontdekking van die Kaap van Goeie Hoop, verskillende vorme van polisiëring daargestel. Dit het onder andere militaristies, onderdrukkend, polities en oneffektief daarna uitgesien en met die aanvaarding van die grondwetlike bedeling, is gehoop dat die legitimiteitskrisis waarin polisiëring verkeer het voor die demokratiseringsproses, iets van die verlede sou wees.[11]

Die transformasie wat die polisie in Suid-Afrika na die demokratiseringsproses ondergaan het, het indrukwekkende gevolge gehad.[12] Dit is gedryf deur die bepalings van die Interim Grondwet en die Grondwet en is ook geredelik aangespreek in regspraak. Uit hierdie onwikkeling het verskeie polisiëringsmodelle of -vorme gespruit, waarvan die onduidelikheid toenemend verwarring veroorsaak. Die transformasie was grootliks daarop gemik om die negatiewe gemeenskapspersepsie van die polisie te verander en die polisie te

---

6 Posel, Hornberger en Mbembe *Mail & Guardian* 1.

7 SAPD *Nasionale Misdaadstatistiek* 2008/2009, 2009/2010, 2010/2011. Sien ook Pharoah *SA ISS* 2008, Sarkin 2000 *Law, Democracy & Development* 151; Pigou 2000 *Law, Democracy & Development* 139; Mokgoro *South African Law Commission* 50.

8 Owerheidsgesag verwys na die bevoeghede en magte van die staat ten einde die samelewing te orden en te handhaaf. Volgens Wiechers is dit die spil waarom die staatsreg draai en het die staat geen gelding of toepassing sonder die teenwoordigheid van owerheidsgesag nie. Sien Wiechers *Staatsreg* 12.

9 Aepli *et al International Police Standards Guidebook on Democratic Policing* 7.

10 Eldefonso, Coffey en Grace *Principles of Law Enforcement* 133.

11 Shaw *Crime and Policing in Post-Apartheid South Africa* 25.

12 Prinsloo en Bradshaw 2010 *Acta Criminologica* 85.

omvorm na 'n gemeenskap- en diensgerigte veiligheidsdiens wat die grondwetlike demokratiese bedeling weerspieël, oor legitimiteit beskik en die goedkeuring van die publiek wegdra.[13]

1.1.1 *Hipotese*

Die Suid-Afrikaanse regstelsel maak uitdruklik voorsiening vir die beskerming van die individu, asook die gemeenskap as geheel. In die gemenereg verskyn bepalings op straf- en sivielregtelike gebied wat hierdie verpligting uitdruklik aan die staat toeskryf. Dit is ook bevestig in die gewysde *Minister van Veiligheid en Sekuriteit v Ewels*.[14]

Met die aanvaarding van die Grondwet en daarmee saam die Handves van Regte in hoofstuk 2,[15] is die reeds bestaande beginsels onderskryf en ontwikkel aan die hand van fundamentele waardes.[16] Gevolglik bied die nuwe grondwetlike bedeling omvattende beskerming van onder andere die reg op lewe,[17] menswaardigheid,[18] fisiese integriteit,[19] vryheid[20] en eiendom.[21] Alhoewel daar geen uitdruklike reg op beskerming teen misdaad bestaan nie, kan tog aangevoer word dat dit wel afleibaar is uit die geheelbeeld van die Handves van Regte.[22]

Hierdie beginsel het die grondwetlike toets deurstaan deurdat die Konstitusionele Hof in *Carmichele v Minister of Safety and Security*[23] die plig van die staat in hierdie verband bevestig het. Sedertdien het verdere

---

13 Marks, Shearing en Wood 2009 *Police Practice and Research* 151; Du Plessis en Louw 2005 *CJCCJ* 437; Chipkin en Meny-Gibert 2012 *PARI* 102. Sien ook Van der Spuy 1989 *Acta Juridica* 288.

14 *Minister van Veiligheid en Sekuriteit v Ewels* 1975 3 SA 590 (A).

15 Hoofstuk 2 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

16 Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg* 24.

17 Artikel 11 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

18 Artikel 10 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

19 Artikel 12(1)(c) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

20 Artikel 12(1) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

21 Artikel 25 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

22 Van den Berg *Die reg van die individu op beskerming teen alle vorme van misdaad en die regsplig van die staat wat daaruit voortvloei* 61.

23 *Carmichele v Minister of Safety and Security* 2001 10 BCLR 995 (KH).

ontwikkeling op hierdie gebied plaasgevind aan die hand van gewysdes soos *Van Eeden v Minister of Safety & Security*[24] en *Minister van Veiligheid en Sekuriteit v Van Duivenboden*[25] waarin die verpligting ter bekamping en bestryding van misdaad, ingevolge die Handves van Regte, pertinent aan onder andere die Suid-Afrikaanse Polisiediens opgedra word.[26]

Tog ontneem hierdie uitsprake nie die kwessie van alle onsekerheid nie, en word dit duidelik deur die waarskuwing in *Saaiman v Minister van Veiligheid en Sekuriteit*[27] geïllustreer dat die SAPD, en so ook alle ander publieke veiligheidsdienste, nie verantwoordelik gehou kan word vir die bekamping van alle verskynsels van misdaad nie.[28] Dit is dus opmerklik dat die huidige onduidelikheid en regskwessie nie geleë is in die staatsaanspreeklikheid weens 'n late wat tot nadelige gevolge lei nie, wat dus *ex post facto* bereg word.[29] Dit is eerder geleë in die verpligting van die staat om effektiewe middele daar te stel om die ongewenste misdadige handeling te voorkom. Dit kan gevolglik gemeld word dat die staat se plig in hierdie verband as inbegrepe geag kan word, veral met inagneming van die geheelbeeld van die Grondwet en Handves van Regte.[30]

Hierdie post-1994 benaderings tot polisiëring is 'n duidelike gevolg van die redelike jong grondwetlike demokrasie wat Suid-Afrika in 1994 betree het, en is hier om te bly. Gevolglik is dié studie nie daarop gemik om hierdie mate van misdaadbekamping te bespreek nie, maar eerder om 'n ondersoek te loods na optimale en effektiewe aanwending van alle

---

24 *Van Eeden v Minister of Safety and Security* [2002] JOL 10245 (HHA).

25 *Minister van Veiligheid en Sekuriteit v Van Duivenboden* 2002 6 SA 431 (HHA).

26 Sien ook in hierdie verband artikel 205(3) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

27 *Saaiman v Minister van Veiligheid en Sekuriteit* 2003 3 SA 496 (O).

28 *Saaiman v Minister van Veiligheid en Sekuriteit* 2003 3 SA 496 (O) par 509.

29 Van den Berg *Die reg van die individu op beskerming teen alle vorme van misdaad en die regsplig van die Staat wat daaruit voortvloei* 23.

30 *Ex parte Minister of Justice: in Re S v Walters and Another* 2002 4 SA 613 (KH) 131. Lees in hierdie verband hoofstuk 2 en artikel 205(3) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996 saam.

rolspelers binne die riglyne en doelstellings wat grondwetlik verskans is. Dit ondersoek dus die problematiek vanuit 'n juridiese beskouing, vanweë die ontbreking hiervan binne die omvattende navorsing binne die velde van kriminologie en die polisiewetenskap.[31]

Die grondwetlike demokratiese sfeer van polisiëring verkeer tans in 'n krisis van legitimiteit wat voortgebring is uit die historiese rol van die polisie in die onderdrukkende Apartheidsbedeling, en die onvoldoende herstrukturering as teenvoeter daarvoor na die demokratiseringsproses.[32] Die blote verskansing van die polisie in die Grondwet maak nie noodwendig Suid-Afrika se polisiëringsisteem grondwetlik nie, maar verseker wel dat die staat 'n plig het om te polisieer.

Vir doeleindes van hierdie proefskrif kan die hipotese as volg saamgevat word:

- Beide die Suid-Afrikaanse gemenereg en grondwet bevat omvattende beskerming van die individu teen misdaad;
- Hierdie regte word deur grondwetlike regspraak bevestig en plaas 'n verpligting op die staat om dit te realiseer;
- Die voorafgaande regsplig is egter nie so omvattend as om regsaanspreeklikheid aan die kant van die staat se skep vir alle verskynsels van misdaad nie;
- Dit plaas wel 'n plig op die polisie om, ingevolge 'n grondwetlike mandaat, op so 'n wyse te funksioneer om effektiewe polisiëring daar te stel;
- Weens 'n tekort aan effektiwiteit en gemeenskapsvertroue, ondervind polisiëring in Suid-Afrika 'n legitimiteitskrisis.

---

31 Sien afdeling 1.4 van hierdie proefskrif.

32 Shaw *Crime and Policing in Post-Apartheid South Africa* 21.

1.1.2 *Navorsingsvraag*

Die navorsingsvraag kan dus soos volg geformuleer word: In welke mate voldoen die strukturele aard en substantiewe funksionering van die polisie in Suid-Afrika aan die grondwetlike plig om te polisieer?

1.1.3 *Terminologiese grondslag van die studie*

Hierdie studie lê groot klem op die gewilde terminologie wat sedert die polisietransformasieproses in Suid-Afrikaanse polisiewetenskap aanvaar is.[33] Die begrippe “demokratiese polisiëring” en “grondwetlike polisiëring” het oornag sleutelbegrippe in Suid-Afrikaanse polisiëring geword,[34] alhoewel geen omskrywing, of selfs aanwending daarvan, in die grondwetlike teks of wetgewing te vinde is nie. Gevolglik word Suid-Afrikaanse polisiëring beskryf en gemeet aan die hand van begrippe wat vaag is en nie konkrete inhoud bevat nie. Demokratiese polisiëring word sterk aan die Suid-Afrikaanse persepsie van demokrasie gemeet, en is nie gebaseer op die buitelandse beginsels van demokrasie nie. Soortgelyk is die begrip Grondwetlike polisiëring ook vaag en kan dit op die oog af slegs as polisiëring onderhewig aan grondwetlike beginsels en waardes beskryf word.

Ten einde die inhoud en omvang van die bogenoemde terminologie voldoende te bepaal, moet die begrippe “polisie” en “polisiëring” ook duidelik omskryf word.[35] Hierdie studie spreek gevolglik die historiese ontwikkeling, sowel as die strukturele en substantiewe verskil tussen hierdie begrippe aan ten einde die organisatoriese samestelling van die polisie, sowel as die werksaamhede en funksie van polisiëring in die Suid-Afrikaanse samelewing te bepaal. Deur die omvang en vereistes

---

33 Masiapata *Ethics and Ethos in the SAPS* 42; De Vries 2008 *Acta Criminologica* 125; Benit-Gbaffou 2008 *Journal of South African Studies* 93, Masuku 2005 *CSVR* 1.

34 Yawa "Communities are yearning for effective, accountable and democratic policing" 1. Shaw *Crime and Policing in Post-Apartheid South Africa* 143.

35 Sien hoofstuk 2 van hierdie proefskrif.

van hierdie begrippe te bepaal, sal die aanwending daarvan in 'n demokratiese en grondwetlike Suid-Afrika duidelik word ten einde ook die omvang en vereistes van grondwetlike polisiëring te kan bepaal.[36]

Deur 'n juridiese grondslag daar te stel vir hierdie vae begrippe in polisiëring is die doel om die legitimiteitskrisis waarin Suid-Afrikaanse polisiëring skynbaar verkeer te oorkom en regsekerheid ten aansien van die pligte, rol en funksie van die polisie in die grondwetlike Suid-Afrika te bekom. Dennis Davis benadruk die belang daarvan om duidelikheid omtrent temas in 'n demokratiese bestel te bekom, wanneer hy meen:

> *…if we, as the citizenry, cannot agree about a core meaning of freedom, equality, dignity, democracy, accountability, transparency and integrity, then our constitution will remain a text with no more significance than a document of historical curiosity.*[37]

Hierdie studie het gevolglik ten doel om juridiese duidelikheid te bekom ten opsigte van die inhoud van grondwetlike polisiëring en om die vereistes wat daaraan verbonde is duidelik te omskryf. Sonder 'n juridiese basis kan polisiëring nie waarlik grondwetlik van aard wees nie.

1.1.4 *Temas van belang tot hierdie navorsing*

Die volgende temas staan sentraal tot die problematiek van grondwetlike polisiëring soos vervat in hierdie studie:

1.1.4.1 Die onderskeid tussen polisie (struktuur) en polisiëring (aktiwiteite) moet duidelik getref word ten einde die rol van elk in die kontemporêre samelewing vas te stel.

1.1.4.2 Gevolglik moet bepaal word wat grondwetlike polisiëring behels en of hierdie begrip inderwaarheid toegeskryf kan word aan polisiëring in die Suid-Afrikaanse konteks.

---

36 Sien hoofstukke 2, 3 en 4 van hierdie proefskrif.

37 Davis 2008 *SALJ* 213.

1.1.4.3 Ten einde die toepasbaarheid van die begrip grondwetlike polisiëring in die Suid-Afrikaanse konteks te bepaal, moet die strukturele samestelling van die polisie, sowel as die organisatoriese aard van die polisie in Suid-Afrika ondersoek word.

1.1.4.4 Die funksie en werkswyse van die polisie moet ook ondersoek word ten einde te bepaal wat die Suid-Afrikaanse grondwetlike bedeling aangaande plig, bevoeghede en werkswyses aan die polisie toeskryf. Die rol van die grondwetlike waardes van demokrasie, regstaatlikheid en fundamentele regte moet ondersoek word ten einde vereistes van grondwetlikheid in polisiëring te kan bepaal.

1.1.4.5 Uiteindelik moet 'n oordeel gevel word oor of Suid-Afrika se polisiëringsbenadering waarlik as grondwetlik beskou kan word. Hiermee saam moet 'n omskrywing van wat grondwetlike polisiëring behels, sowel as die vereistes daarvan, duidelik uiteengesit word.

1.2 *Bestaande navorsing op die gebied*

Soos reeds genoem word hierdie tema reeds vir 'n geruime tyd indringend bespreek en nagevors. Die navorsing is egter meestal beperk tot sosiaalwetenskaplike rigtings soos kriminologie en polisiëringswetenskappe.[38] Dit bespreek meestal die polisiëringvorme soos dit deur resepsie vanuit die Noord-Amerikaanse en Europese

---

[38] Aepli *et al Guidebook on Democratic Policing;* Bayley 2006 *Criminology and Public Policy;* Burger *Crime and Policing;* Burger 2011 *SA Crime Quarterly;* Cawthra *et al Security and Democracy in Southern Africa;* Clark 2003 *The Police Journal;* Crawshaw, Cullen en Williamson *Human Rights and Policing;* Emsley *Policing and its Context;* Henry en Smith *Transformations of Policing;* Joubert *Toegepaste reg vir Polisiebeamptes;* Lundman *Police and Policing;* Manzi *The Role and Image of the Police in a Post-Apartheid era;* Masiapata *Ethics and Ethos in the SAPS;* Paun *Democratization and Police Reform;* Shaw *Crime and Policing in post-Apartheid South Africa;* Van Heerden *Introduction to Police Science.*

polisiëringmodelle oorgeneem is. Dit spreek nie direk die problematiek soos vervat in hierdie proefskrif, of die Suid-Afrikaanse konteks aan nie. Die bronne bevat ook nie ŉ enkele omvattende studie van die juridiese begronding vir polisiëring in ŉ grondwetlike demokrasie nie. Alhoewel enkele van hierdie bronne verbandhoudende temas aanraak, is dit óf verouderd óf raak dit soortgelyke kwessies in die buiteland aan.

Hierdie proefskrif is gevolglik daarop gemik om ŉ teoretiese raamwerk vir ŉ juridiese benadering tot polisiëring in die Suid-Afrikaanse konteks te bied wat beide die strukturele en substantiewe aspekte daarvan ontleed en die grondwetlikheid daarvan bepaal. Voorts is dit daarop gemik om ŉ raamwerk van grondwetlike polisiëring te bied vir die Suid-Afrikaanse reg.

1.3 *Navorsingsmetodiek*

Hierdie proefskrif bied ŉ literatuurstudie van beide ŉ historiese en kontemporêre aard. Dit is daarop gemik om boeke, joernaalartikels, wetgewing en regspraak, in samehang met ŉ aantal internasionale regsmiddele, aan te wend ten einde ŉ geheelbeeld van die problematiek te verkry, ŉ raamwerk te identifiseer en beginsels vas te lê. Die navorsing is nie beperk tot juridiese bronne nie en maak ook gebruik van literatuur in die polisiewetenskap en kriminologie. Dit poog juis om hierdie onderskeie velde met mekaar te versoen en die gefragmenteerde aard van navorsing ten opsigte van polisiëring te oorkom.

Die navorsing, soos aangewend in hierdie studie, is bekom deur verskeie universiteite se biblioteke te raadpleeg, sowel as nasionale en internasionale elektroniese databasisse. Alhoewel die fokus van die studie beperk is tot Suid-Afrika, is verskeie state se bronne geraadpleeg ten einde ŉ geheelbeeld van die kwessie te bekom.

1.4 *Begrensing van die studie*

Hierdie studie het uiteraard verskeie inherente beperkinge. Die ondersoek na grondwetlike polisiëring in die Suid-Afrikaanse konteks het ŉ politieke, kriminologiese en sosiale dimensie, maar word vir doeleindes van hierdie studie slegs genoem waar relevant tot die juridiese bespreking. Ooreenkomstig is die studie ook beperk tot die Suid-Afrikaanse konteks, alhoewel buitelandse perspektiewe, waar relevant, toegepas word ten einde die beste interpretasie van die betrokke kwessies te bied. Hoofstuk 2 van hierdie proefskrif maak wel gebruik van die Europese ontwikkeling van polisiëring vanweë die direkte relevansie daarvan tot die Suid-Afrikaanse ontwikkeling van polisiëring. In die daaropvolgende hoofstukke word telkens na buitelandse polisiepraktyke- en strukture verwys ten einde alternatiewe oorwegings te bied.

Die proefskrif is verder beperk tot die historiese ontwikkeling, soos van toepassing in die konteks, die strukturele samestelling van die polisie en die materiële aard van polisiëring. Dit fokus nie pertinent op die gevolge en aanspreeklikheid vir situasies wat ontstaan uit onvoldoende grondwetlike polisiëring nie. Dit ondersoek ook nie die remedies in hierdie verband nie.

Die navorsing, soos vervat in hierdie proefskrif, is ingesamel tot en met 30 Oktober 2013 en weerspieël dus die stand en ontwikkeling van grondwetlike polisiëring tot op dié datum.

1.5 *Uitleg van hoofstukke*

Die uitleg van hierdie proefskrif, ná hierdie inleidende hoofstuk, is soos volg:

Hoofstuk 2 ondersoek die historiese aspekte aangaande die behoefte van die gemeenskap om veiligheid van die staat te ontvang en gevolglik

die ontwikkeling van die polisiëringsbeginsel. Die hoofstuk ondersoek beide die Suid-Afrikaanse, sowel as buitelandse ontwikkeling vanweë die belang van die Europese en Amerikaanse sisteme se invloed op die Suid-Afrikaanse ontwikkeling van polisiëring. Die hoofstuk bied uitsluitsel oor die tradisionele beginsels van polisiëring soos bekom uit die historiese ontwikkeling van hierdie begrip. Dit bied ook ’n duidelike onderskeid tussen die begrippe polisie en polisiëring en bepaal die omvang van elk. Gevolglik word die onderskeid tussen die strukturele en substantiewe aspekte van polisiëring uiteengesit en word die vereistes van elk neergelê.

Hoofstuk 3 fokus op die formele of strukturele aspekte van die polisie. Dit behels die organisatoriese samestelling, sowel as die aard van polisiëring wat Suid-Afrika openbaar. Ten einde die belang van hierdie beginsels duidelik te maak word ’n kort historiese ondersoek geloods na die polisiestrukture voor die demokratiseringsproses, ten einde die foute van die verlede te illustreer en ’n vergelyking tussen die pre- en post-1994 polisiëring aan te toon. Dit ondersoek voorts die juridiese konsepte waarop die polisiestruktuur in die grondwetlike demokratiese bedeling gegrond kan word, ten einde optimale formele polisiestrukture daar te stel. Laastens word die grondwetlikheid van hierdie polisiestruktuur onder die loep geneem ten einde die grondwetlikheid van die kontemporêre polisiestruktuur in Suid-Afrika te bepaal. Ten einde die Suid-Afrikaanse benadering in perspektief te plaas, word die formele en strukturele aspekte, soos van toepassing op die bespreking, vanuit buitelandse polisiesisteme ook oorweeg.

Hoofstuk 4 bestudeer die materiële of substantiewe aspekte van polisiëring. Dit fokus op die beginsels wat die polisiewerksaamhede begrond en die waardes wat dit onderskryf. Dit dui ook die waardegedrewe aard van polisiëring in die post-Apartheid polisiëring aan en openbaar die problematiek wat in hierdie verband uit die transformasieproses in Suid-Afrikaanse polisiëring voortgespruit het. Dit ondersoek verder die plig om te polisieer, sowel as die aanwending van

diskresie en bevoeghede. Uiteindelik word die omvang en belang van substantiewe polisiëring in die konteks van Suid-Afrikaanse polisiëring geplaas ten einde die grondwetlikheid daarvan te bepaal. Alhoewel hierdie hoofstuk hoofsaaklik op die Suid-Afrikaanse grondwetlike demokratiese bedeling fokus, word vergelykbare sieninge of benadering voortspruitend uit buitelandse polisiesisteme wel behandel.

Hoofstuk 5 bevat laastens 'n samevatting en aanbeveling ten opsigte van hoe die organisatoriese strukture van die polisie, in samehang met die waardegedrewe materiële beginsels, tot uitvoer gebring kan word ten einde legitieme en effektiewe polisiëring in 'n grondwetlike demokrasie te verseker. Hierdie hoofstuk bied uitsluitsel ten opsigte daarvan of polisiëring in Suid-Afrika waarlik as grondwetlike polisiëring beskou kan word.

1.6 *Belang van hierdie studie*

Misdaad en polisiëring is 'n universele verskynsel. Geen staat kan waarlik sonder 'n mate van polisiëring funksioneer nie. As een van die duidelikste en mees omstrede manifestasies van owerheidsgesag moet die rol van die polisie en polisiëringsaktiwiteite duidelik gedefinieer word. Die verhoudings tussen die staat, die polisie en die gemeenskap moet van so 'n mate wees dat alle rolspelers die mandaat van die polisie onderskryf ten einde legitieme polisiëring moontlik te maak. Die huidige stand van sake sien uiters onseker daaruit en vertoon 'n antagonistiese verhouding tussen die gemeenskap en die polisie, wat óf nie deur die transformasieproses oorkom is nie, óf nuut daargestel is deur 'n hoë misdaadsyfer, oneffektiewe polisiëring en korrupsie.

Die kwessie wat hierdie proefskrif aanspreek het 'n invloed op die staat in die geheel en betrek een van die mees kommerwekkende vraagstukke in die kontemporêre Suid-Afrika. Dit beïnvloed die politiese en ekonomiese stand van Suid-Afrika in die internasionale gemeenskap en is 'n groot bedreiging vir die voortbestaan van die demokratiese

bestel. Weens globalisering beïnvloed die Suid-Afrikaanse polisiëringskonteks ook die rol wat Suid-Afrikaanse polisie-instansies op internasionale vlak speel, sowel as die interaksie tussen die laasgenoemde instansies en hulle buitelandse eweknieë.[39]

Hierdie studie is daarop gemik om hierdie problematiek aan te spreek ten einde 'n verdere verwydering tussen die gemeenskap en die polisie af te weer. Die studie wil die huidige kwessies ten opsigte van die wanorde in die polisie-topstrukture, korrupsie en onvoldoende aanspreeklikheid in konteks plaas en aandui hoe die Suid-Afrikaanse reg beide daarin faal en slaag om polisiëring se effektiwiteit te verseker. Dit beoog ook om strukturele en materiële riglyne te identifiseer en te beklemtoon om sodoende 'n polisiëringmodel te bied wat die unieke uitdagings van die Suid-Afrikaanse gemeenskap aanspreek. Gevolglik bied dit 'n juridiese ondersoek na polisiëring in die Suid-Afrikaanse konteks ten einde legitimiteit deur middel van grondwetlike polisiëring na te streef.

---

39 Venter 2008 *TSAR* 417: "Hoe die definisie ook al mag lui, dit is duidelik dat die dissipline te doen het met aspekte, eienskappe en aktiwiteite van die staat wat toenemend blootgestel word aan die druk om verandering. Daarby is die omvang en wyse van uitoefening van staatsgesag, die verhouding van die staat met sy burgers, die legitimiteit en regmatigheid van regeringsfunksies en die aard van die verpligtinge van die staat ingesluit. Die staat se aanpassing by die gebeurlikhede wat met globalisering geassosieer word het dus direkte implikasies vir die aard van die staatsreg".

HOOFSTUK 2

2 Die Historiese Ontwikkeling van Polisiëring

2.1 *Inleiding*

Dit is veilig om te aanvaar dat alle state wêreldwyd die konsep van sogenaamde "wet en orde" nastreef.[40] Dit is 'n behoefte wat deur die internasionale gemeenskap gedeel word en verskeie vorme kan aanneem. In die kontemporêre era speel hierdie behoefte toenemend 'n politiese, filosofiese en sosiologiese rol in die strewe na 'n gesonde samelewing en realisering van fundamentele regte.

Polisiëring is nie 'n unieke verskynsel beperk tot die kontemporêre samelewing nie.[41] Die ordening van 'n bepaalde gemeenskap is 'n behoefte wat regerings van alle eeue getoon het, ongeag die feit dat dit soms onderdrukkende en magsbehepte gevolge gehad het.[42] Alhoewel die oorsprong van polisiëring by tye moeilik versoenbaar is met die hedendaagse benadering,[43] is dit tog belangrik om die herkoms te verstaan ten einde die belang en plek van polisiëring in die kontemporêre samelewing te kan begryp.

Die fokus van hierdie proefskrif, Grondwetlike en Demokratiese polisiëring, is gebaseer op die basiese begrip van polisiëring en ten einde 'n duidelike omskrywing daar te stel van dié kontemporêre begrippe, moet daar eers 'n duidelike definisie vir die polisie- en

---

40 Lundman *Police and Policing* 19.

41 Wroblreski en Hess *Introduction to Law Enforcement and Criminal Justice* 5.*"The earliest record of ancient man's need to organize and standardize rules and methods of enforcement to control human behaviour date back to approximately 2300 BC".*

42 Radelet *The Police and the Community* 3.

43 Stead *Pioneers in Policing* 1; Wroblreski en Hess *Introduction to Law Enforcement and Criminal Justice* 7. Die antieke veiligheidsmagte, in teenstelling met die hedendaagse wetstoepassers, het oor 'n onregverdigbare mate van mag beskik. Alhoewel die beginsel van die skeiding van mag goed gevestig was in die staatsbestel, het lede van die veiligheidsmagte beskik oor magte om te arresteer, te verhoor en tereg te stel.

polisiëringsbegrip bepaal word. Hierdie hoofstuk fokus op die bydrae wat die historiese samelewings gelewer het tot die ontwikkeling van die hedendaagse polisiëringskonsep. Dit ondersoek die behoeftes van die betrokke gemeenskappe, die gebrekkige benaderings van die regerings, sowel as die voortvloeiende foute en deurbrake waardeur die polisiëringsbegrip se bestaansreg in die kontemporêre samelewing verseker is.

2.1.1 *Benadering tot die historiese ontwikkeling van polisiëring*

Die ontwikkeling van polisiemagte en die polisiëringsbegrip kan nie aan 'n spesifieke gemeenskap, staat of era toegeskryf word nie. Dit is oor eeue heen daargestel deur 'n aantal invloedryke beskawings en aan die hand van verskeie leiers en filosowe op die gebied.[44] Ten einde 'n geheelbeeld van die laasgenoemde ontwikkeling te verseker, kan geen van hierdie rolspelende faktore in isolasie beskou word nie. Dié hoofstuk bied gevolglik 'n kronologiese benadering tot die ontwikkeling van polisiëring in die mees invloedryke beskawings van die antieke tydperk, die Middeleeue en die moderne era, asook die bydra wat dit gemaak het tot die kontemporêre persepsie van polisiëring.[45]

---

44 Stead *Pioneers in Policing* 1; Wroblreski en Hess *Introduction to Law Enforcement and Criminal Justice* 7; Bezuidenhout *Die Houdings van Manlike en Vroulike Polisiebeamptes* 4.

45 Die klassifikasies van die onderskeie tydperke is egter 'n kontensieuse onderwerp vanweë filosowe en regshistorici se onenigheid met betrekking tot die jaartal en strekking van elke tydperk. In meeste gevalle oorvleuel die jaartalle van die onderskeie indelings vanweë die onsekerheid van pertinente gebeure. Vir doeleindes van duidelikheid word die kronologiese indeling van tydperke as volg in hierdie proefskrif aangewend: Antieke tydperk (776 vC – 529 nC); Middeleeue (600 nC – 1453 nC); die Moderne era (1453 – 1914) en die Kontemporêre era (1914 – tans). Sien in hierdie verband Green *Ancient Greece* 3; Power *Medieval People* 5; Green *Medieval Civilizations in Europe* 328; Davis *Medieval Europe* 203; Brooke *Europe in the Central Middle Ages* 5; Burns *The First Europe* 13; Hayes *A Political and Cultural History of Modern Europe* 801.

2.2 *Die oorsprong van polisiëring en wetstoepassing*

2.2.1 *Antieke tydperk*

Die antieke kulture se bydrae tot die vooruitgang van basiese gemeenskaps-, politieke en regsontwikkeling kan kwalik ontken word. Alhoewel hierdie ontwikkeling dikwels as elementêr beskou word, dien dit egter in meeste gevalle as die basis van kernbegrippe wat steeds in die kontemporêre samelewing aanwending vind.[46] Die relevansie van die antieke ontwikkeling tot die huidige tema is veral geleë in die staatsregtelike ontwikkeling wat plaasgevind het in samehang met die filosofiese en institusionele ontwikkeling van die beginsel van polisiëring en onderskryf dit die bestaan, bestaansreg en rol van polisiemagte in die kontemporêre samelewing.[47]

Die mees invloedryke beskawings tydens die antieke tydperk[48] was uiteraard die Grieke en die Romeine. Ten opsigte van die ontwikkeling van demokrasie[49] en grondwetlikheid gedurende hierdie tydperk, dien hierdie kulture as beginpunt vir hierdie bespreking.[50] Die vroeë gemeenskappe is gekenmerk deur 'n militêre benadering tot gemeenskapsbeveiliging.[51] Die hoofrede hiervoor is tweeledig. Dit kan

---

46 Green *Ancient Greece* 9; Cowell *The Revolutions of Ancient Rome* 7: *"If the Romans cannot be said to have begun the tradition of political and social revolution, it is at least true for the Western world that no revolutions have had a more enduring influence upon subsequent thinking than theirs"*.

47 Van Heerden *Introduction to Police Science* 19. Van Heerden meen: *"The development of the notion of policing runs parallel to the historical development of the concept of social control. Modern policing is the end product of this process of social change."*

48 Soos reeds genoem is die begrip "antieke tydperk" ook 'n swakgedefinieerde begrip met uiteenlopende opinies aangaande die jaartalle wat hieraan toegeskryf kan word. Vir doeleindes van hierdie proefskrif word die begrip "antieke tydperk" beperk tot die tydsperiode tussen 776 vC – 529 nC. In die Sentraal-Europese konteks verwys dit ook na die Ystertydperk, wat tot en met die val van die Romeinse Ryk bereken word. Sien in hierdie verband Green *Ancient Greece* 3; Budin *The Ancient Greeks* 1; Le Glay *et al A History of Rome* xxv.

49 Detienne *The Greeks and Us* 9; Sparkes *Greek Civilization* 60.

50 Rowe en Schofield *Greek and Roman Political Thought* 20.

51 Van Heerden *Introduction to Police Science* 21. Sien ook Sparkes *Greek Civilization* 7; Coulston en Dodge *Ancient Rome* 18.

eerstens toegeskryf word aan die siening dat die grootste bedreiging sogenaamde eksterne faktore behels het deurdat die gemeenskap as geheel in gevaar was van ander nasies of gemeenskappe se gewapende magte.[52] Dit kan egter ook toegeskryf word aan die feit dat dié onontwikkelde samelewing geen onderskeid getref het tussen die beveiliging na buite en die regulering van hulle eie gemeenskap nie. Vanweë die laasgenoemde, is die weermag aangewend in beide "staatsveiligheid" en die handhawing van sogenaamde "wet en orde".[53]

2.2.1.1 Grieke

2.2.1.1.1 Staatsregtelike en sosiale samestelling van die tyd

Die Antieke Griekse tydperk verwys na die periode tussen 800 vC en 600 nC wat rofweg opgedeel is in die Argaïese, Klassieke, Hellenistiese en die Romeins-Griekse tydperke.[54] Dit is hoofsaaklik gekenmerk deur 'n stadstaatstelsel wat die politieke- en regeringstrukture van Griekeland daargestel het.[55] Die stadstaatstelsel het 'n direkte invloed gehad op die beveiliging van die sogenaamde stadstate en elk se gemeenskap, deurdat die owerheid van elke individuele stadstaat verantwoordelik was vir die daarstelling van veiligheid vir die stad, sowel as die gemeenskap.[56]

---

52 Emsley *Policing and its Context* 29. Sien ook Emsley *Policing and its Context* 39; Emsley *Policing and its Context* 45.

53 Salmon *Roman World* 95.

54 Cook *The Greeks* 21. Cook dui daarop dat hierdie antieke tydperk voorafgegaan is deur die Ystertydperk, met vroeë beskawings wat aangetref word in Griekeland, maar dat die antieke tydperk eers aangebreek het met die Argaiese tydperk.

55 Budin *The Ancient Greeks* 65. Budin beskryf stadstate as volg: *"A common cult, a common territory, a common set of laws and a common defence were the glue that held together the early poleis."*

56 Sparkes *Greek Civilization* 126. Op militêre vlak het dit behels dat stadstate saamgesnoer het om aanvalle af te weer, terwyl elke stadstaat verantwoordelik was vir die interne veiligheid van die stad.

Op staatsregtelike gebied het die Griekse stadstaatstelsel, buiten vir die uitsondering van die stadstaat Tebes,[57] 'n demokratiese benadering gevolg.[58] Alhoewel Griekeland 'n oorhoofse owerheidsgesag daargestel het,[59] het die stadstate 'n vorm van direkte demokrasie[60] aangewend ingevolge waarvan die volwasse manlike gemeenskap 'n *Ekklesia* of *Εκκλησιά*[61] gevorm het wat gemeenskapsbetrokkenheid deur middel van samesprekings en stemming verseker het.[62] Hierdie direkte demokratiese praktyk het uiteraard geen seggenskap oor die sentrale veiligheidsmagte gehad nie, maar was wel instrumenteel by die daarstelling en regulering van stadstaat-veiligheidsmagte as funksie van stadstaat-administrasie.

2.2.1.1.2 Die Griekse bydrae tot die polisiëringsbegrip

Die oorsprong van die woord "polisie" is nou verbonde aan verskeie Griekse terme. 'n Direkte verband is sigbaar met begrippe soos *"polis"*, *"polites"* en *"politeia*", met direkte verwysing na die politieke stelsel wat in Antieke Griekeland gebruik is.

Polis[63] verwys na die Griekse stadstaat.[64] Dit behels 'n verpersoonliking van die gemeenskap wat daarin vervat is, in samehang met die fisiese

---

57 Budin *The Ancient Greeks* 194. Thebes word beskou as die enigste oligargiese owerheidstruktuur in antieke Griekeland wat regeer is deur 'n uitgesoekte aantal individue, meestal bepaal deur familiële verwantskap. Hierdie owerheidstruktuur is egter ook beperk tot die laat 5de en vroeë 4de eeue, waarna dit ook gedemokratiseer is.

58 Fowler *The City States of the Greeks and Romans* 150.

59 Hammond *A History of Greece* 67.

60 Hutton *The Greek Point of View* 16: "*Here every citizen might, in a rough sense, know every other citizen, and direct government of the people in public meetings became possible, governed only indirectly through representatives."*

61 Zacharias 1939 *Chinese Social and Political Science Review* 339. Die *Ekklesia* het die rol van 'n verkose gemeenskapsforum ingeneem om besluite op 'n demokratiese wyse namens die gemeenskap te neem.

62 Hignett *A History of the Athenian Constitution* 78. Hignett meen dat 'n verdere vereiste, naamlik dat so 'n manlike burger land moes besit, gegeld het alvorens hy kon deelneem aan die *Ekklesia*.

63 Wroblreski en Hess *Introduction to Law Enforcement and Criminal Justice* 10. Die woord beteken "stad" (πόλις). Die outeur dui aan dat die bewoording *polis* gedui het op alle vorme van openbare administrasie vanweë die feit dat daar

infrastruktuur wat deur die inwoners bewoon is.[65] Dit personifieer ook verder die regeringstrukture van die stad wat daargestel is om te heers.[66] *Polis* is opsigself dus 'n omvattende beskrywende term wat die Griekse regeringstruktuur, infrastruktuur en gemeenskap beliggaam het.[67] Mogens Herman Hansen beskryf hierdie siening soos volg:

> *The polis is the Greek version of the city state, and the network of more than 1000 poleis constitutes the largest city-state culture in world history, both geographically and demographically*.[68]

Tog is hierdie sisteem gekenmerk deur die begeerte van elke stad om onafhanklikheid van regering te behou.[69] Alhoewel die belang van individue uiteraard ook vervat is in die belang van die gemeenskap,[70] verwys hierdie begrip nie direk daarna nie. Vanuit 'n kontemporêre staatsregtelike perspektief, kan *polis* dus as 'n vorm van outonome plaaslike regering beskryf word, wat terselfdertyd onafhanklik gefunksioneer het met betrekking tot plaaslike kwessies, maar ook onderhewig was aan die Griekse Koningshuis.[71]

---

nie 'n onderskeid getref is in terme van spesialisfunksies nie. Emsley *Policing and its Context* 3. Polis kan ook vertaal word as "stadstaat" of "burgerstaat".

64 Sparkes *Greek Civilization* 7. Sparkes toon aan dat die *polis* 'n gevolg was die geografiese uitdagings wat gestel is aan die vestiging van stede en gemeenskappe. Weens die bergagtige aard van die terrein is kleiner stede elk met 'n onafhanklike regering geskep, wat as stadstate regeer is. Alhoewel dit 'n "onafhanklike regering" gestel het, het dit steeds onder die sentrale regering geressorteer. Elkeen van hierdie *poleis* was verantwoordelik vir sy eie beskerming, maar moes ook 'n bydrae in die beveiliging van die oorhoofse regering en staat vervul.

65 Green *Ancient Greece* 61. Green verduidelik *polis* aan die hand van die antieke opinie *"men make the polis".* Sien ook Wroblreski en Hess *Introduction to Law Enforcement and Criminal Justice* 10.

66 Bezuidenhout *Die Houdings van Manlike en Vroulike Polisiebeamptes* 31.

67 Cartledge *Ancient Greece* 1.

68 Hansen *Polis* 146.

69 Freeman *Greek City States* 266. Freeman verduidelik die benadering soos volg: *"The Greek city-states were united in one thing: each desired to keep its independence and its own way of life; and that proved sufficient."* Freeman maak ook die volgende opmerking ter verdediging van die kleiner gemeenskap sisteem van die *polis*: *"The modern nation that has replaced the polis as the unit of government is a thousand times less intellectually creative in proportion to its size and resources".*

70 Sparkes *Greek Civilization* 59. Dit is duidelik uit die verskillende betekenisse van *polis* dat die burger 'n baie sentrale rol vervul het in die begrip. Veral as *polis* geïnterpreteer word as "burgerstaat".

71 Budin *The Ancient Greeks* 184.

Die begrip *polites*[72] of "staatsburger"[73] word geag as een van die basisbegrippe van polisiëring. Dit sluit baie sterk aan by die begrip *polis* deurdat 'n *polis* saamgestel is uit 'n versameling van burgers of *polites*.[74] Alhoewel dit onduidelik is of *polites* verwys na enige inwoner van die *polis* en of dit aangewend is as onderskeiding tussen burgers en sogenaamde vreemdelinge,[75] dui dit tog op die klem wat gelê is op die individuele bewoner van 'n betrokke staat.[76] Die verband wat voorkom tussen *polites* en polisie skep egter die indruk dat ook die beveiliging van die individu of staatsburger as belangrik geag is.

Politeia[77] wat letterlik vertaal kan word as "oorlewing",[78] word in verskeie tekste in samehang met *polis* en *polites* aangewend. Dit onderskryf die siening dat die staat of stad ten alle koste beskerm behoort te word, sodat die oorlewing van die volk sowel as staatsbestel verseker kan word.[79] Tog word dit ook afgewentel na die individu. Terwyl die "oorlewing" van die stad gemik is op verdediging tydens gewapende konflik, verseker die gesamentlike gebruik van *polites* en *Politeia* ook die veiligheid en "oorlewing" van die individu. Dit geld ook vir die alledaagse

---

72 Πολίτες.

73 Bezuidenhout *Die Houdings van Manlike en Vroulike Polisiebeamptes* 4.

74 Van Zyl *Justice and Equity in Greek and Roman Legal Thought* 69: *plēthospolitōn.*

75 Davies *Democracy and Classical Greece* 73. Davies verwys na 'n voorbeeld van die onderskeid wat tussen inwonerskap en burgerskap bestaan het: *"On the Aegean scale it became so much more valuable to have Athenian citizenship, that citizenship law made the Athenian citizen body into a closed group, inaccessible from the outside."* Pomeroy *et al Ancient Greece* 97 dui daarop dat verskeie groepe as nie-burgers beskou is en dat dit hulle sodoende weerhou het van deelname aan gemeenskapsaktiwiteite en die beskerming van basiese regte. Hulle is geklassifiseer as *perioikoi* wat letterlik "*dwellers round about"* beteken. Sien ook Andrewes *The Greeks* 63 in hierdie verband.

76 Alhoewel Bezuidenhout *Die Houdings van Manlike en Vroulike Polisiebeamptes* 4 meen dat ook die vertaling "inwoner van die stad" gebruik kan word, is Van Heerden *Introduction to Police Science* 13 egter van mening dat "burger" die meer korrekte term geag word.

77 Πολιτεία.

78 Emsley *Policing and its Context* 2: The Greek πολιτεία (politeia) *meant all matters affecting the survival and welfare of the polis."* Dit word ook aangewend met verwysing na die Republiek en is dan ook die naam van Plato se skriftelike werke oor geregtigheid.

79 Van Zyl *Justice and Equity in Greek and Roman Legal Thought* 24: *"Justice as envisaged by the Politeia is one of the ultimate ideals of knowledge and virtue. It is, as mentioned, the cardinal virtue required for the successful functioning of the ideal state and indeed permeates it."*

lewe en nie slegs tydens oorlog of die bedreiging van die staat as geheel nie.[80]

Die voorafgaande toon duidelik dat die Antieke Grieke aanvanklik baie klem geplaas het op die beskerming van die gemeenskap, maar later ook op die beskerming van die individu. Die behoefte aan staatsregulerende funksionarisse ten einde hierdie oogmerk te verseker is duidelik ondersteun deur die klaarblyklike behoefte wat geheers het vir 'n benadering wat nie militaristies van aard is nie, maar wat wel uitsluitlik daarop gefokus is om beskerming binne die burgerlike gemeenskap te verseker.

2.2.1.1.3 Die Griekse veiligheidsmagte

Daar bestaan min literatuur aangaande polisiëring-georiënteerde magte[81] en hoofsaaklik kan die oorhoofse rol van die weermag waargeneem word.[82] Geen daadwerklike gestruktureerde polisiemag het in Griekeland voorgekom nie en gevolglik is grootliks staatgemaak op die beoefening van selfbeskerming of gemeenskapsdruk ten einde interne orde te handhaaf.[83] Teen die aanbreek van die vyfde eeu vC het Athene hierdie problematiek probeer korrigeer deur publieke slawe, genaamd die Scythian-slawe[84] of Staafdraers, in 'n polisiëringsfunksie aan te wend.[85] Alhoewel hulle grootste taak skarebeheer was by gemeenskapsvergaderings, is hulle ook toevertrou met enkele

---

80 Pomeroy *et al Ancient Greece* 106 dui daarop dat elke burger dit as 'n gemeenskaplike plig beskou het om nie slegs sy medeburger te beskerm nie, maar ook om die stadstaat te beskerm. Gevolglik het dit betrokkenheid by siviele beskerming asook militêre optrede beteken.

81 Kagan *Hellenic History* 169.

82 Van Heerden *Introduction to Police Science* 20.

83 Brown en Morgan *Arming Slaves* 19.

84 τοξότας τας̣ης̣ Σίους Σκύθας ἐπριάμεθα.

85 Baughman *The Scythian Archers* 5. Baughman meen dat indien Scythian-slawe direk vertaal word, dit verwys na "boogskutters". Alhoewel hierdie slawe nie oor boë beskik het nie, het hulle wel 'n verskeidenheid van wapens gedra, wat ongehoord was in die ongewapende gemeenskap van Griekeland. Die Schythian-slawe is met gehoorsaamheid en respek in die griekse volk behandel, wat bygedra het tot die effektiwiteit van hierdie styl van slaafgereguleerde polisiëring. Sien ook Brown en Morgan *Arming Slaves* 19.

polisiëringpligte.[86] Dit was die uitgangspunt van die griekse gemeenskap dat 'n gemeenskap homself nie kan polisieer nie en dat die rol dus eerder deur buitestanders vervul moes word.[87] Dit het in beginsel beskerming verleen aan die gemeenskap, sonder die moontlikheid van vooroordeel, bevoordeling of korrupsie.

Hierdie Scythian-slawe het onder die toesig van die plaaslike magistraat van Athene geressorteer, terwyl die magistraat onder die bevel van die *ephori*[88] gefunksioneer het.[89] Die demokraties verkose amptenare van die *ephori* het oor die alleenmag beskik om individue wat oortredings begaan het te vervolg.[90] In terme van formele institusionele toesighouers, was die *ephori* 'n indrukwekkende wetstoepassende liggaam wat verkies is uit die gemeenskap met die uitsluitlike doel om as hoogste gesag te funksioneer en gemeenskapsgehoorsaamheid af te dwing.[91] Die *ephori* het oor bykans onbeperkte mag beskik wat met vrees bejeën is.[92]

Hierdie aanwending van slawe ten einde die gemeenskap te "polisieer" het in gebruik gebly tot en met die val van die Griekse ryk in 146vC toe die Romeinse Ryk Griekeland verower het. Alhoewel die Romeine nie weggedoen het met die bestaande Griekse staatsbestel, politieke aktiwiteite of regeringstrukture nie, het die veiligheidsmagte, vanweë die

---

86 Spence *Cavalry of Classical Greece* 57; Green *Ancient Greece* 89; French *The Growth of the Athenian Economy* 53. French wys daarop die gebruik van slawe in die rol van polisiëring beide voor- en nadele getoon het. Alhoewel dit waarskynlik goedkoper was om die slawe aan te wend, het dit wel beteken dat die geld nie teruggeploeg is in die burgerlike gemeenskap nie.

87 Kagan *Hellenic History* 169. Hierdie benadering is gevolg vanweë die siening dat korrupsie en eensgesindheid die doel van selfpolisiëring sou ondermyn.

88 ῎Εφορος.

89 Baughman *The Scythian Archers* 5. Die Griekse naam vir die funksionaris wat as magistraat optree verskyn in baie tekste as "Prytaneis". Die *ephori* is Spartaanse weergawe van die magistraat. Elke jaar is vyf Spartaanse *ephori* aangewys om "toesighouers" van die gemeenskap te wees.

90 Wroblreski en Hess *Introduction to Law Enforcement and Criminal Justice* 5.

91 Pomeroy *et al Ancient Greece* 151.

92 Wroblreski en Hess *Introduction to Law Enforcement and Criminal Justice* 5.

moontlike bedreiging wat dit vir die Romeine kon inhou, onder die beheer en struktuur van die Romeinse Ryk geressorteer.[93]

2.2.1.1.4 Die Griekse bydrae tot die moderne polisiëringsbegrip

Met die eerste oogopslag wil dit voorkom asof die Griekse antieke ontwikkeling meestal slegs op 'n terminologiese vlak 'n bydrae gelewer het tot die moderne polisiëringsbegrip.[94] Teen die agtergrond van die volk en die regering se behoefte om gemeenskapsregulering daar te stel, blyk so 'n siening egter onakkuraat, omdat 'n sterk filosofiese bydrae ook teenwoordig is.[95] Die sentrale tema aangaande die oorlewing van die gemeenskap en die staat, wat selfs deursypel na die individu, is noemenswaardig.[96] Dit moet verder benadruk word dat die demokratiese aard van Antieke Griekeland invloedryk was ten opsigte van die rol wat veiligheidsmagte vertolk het. Dit het 'n mate van vrywillige onderwerping aan die gesag behels wat deurslaggewend was vir die polisiëring van die volk.[97]

Die fokus van Antieke Griekeland op die veiligheid van die individu sowel as die gemeenskap en die institusionele onafhanklikheid wat daarmee gepaardgegaan, het die filosofiese grondslag wat uit die terminologiese bydrae waargeneem kan word, onderskryf. Dit onderskryf die belang van verantwoordbaarheid in die daarstelling van gemeenskapsorde ten einde korrupsie en knoeiery te voorkom.[98]

---

93 Mitchell *Later Roman Empire* 6. Sien ook Mitchell *Later Roman Empire* 173.

94 Sien afdeling 2.2.1.1.2 van hierdie proefskrif.

95 Van Heerden *Introduction to Police Science* 20.

96 Sien afdeling 2.2.1.1.2 van hierdie proefskrif.

97 Die onderskeid wat getref is tussen die interne veiligheidsmagte en die militêre magte is hier van belang. Die plaaslike stadstaat-administrasie kon plaaslike veiligheidsmagte daarstel en beheer uitoefen, terwyl dit nie die geval was met betrekking tot die sentrale militêre magte nie.

98 Jones *The Greek City* 213.

2.2.1.2 Romeine

2.2.1.2.1 Staatsregtelike en sosiale faktore van die tyd

Die Romeinse Ryk het ŉ indrukwekkende vorm van staatsadministrasie en beheer gehad wat gestrek het oor ŉ baie langer tydperk as dié van die Griekse Ryk.[99] Dit kan toegeskryf word aan die verowering van die Griekse Ryk deur die Romeine, alhoewel die Griekse benadering tot regering en staatswerksaamhede ŉ duidelike indruk gelaat het na die val van die Griekse Ryk.[100]

Die antieke Romeinse tydperk kan in verskillende stadia verdeel word, naamlik die Romeinse Koninkryk (800vC – 509vC), die Romeinse Republiek (509vC – ongeveer 30vC) en die Romeinse Ryk (ongeveer 30vC – 529 nC).[101] Die ontstaan van die Romeinse Koninkryk het grootliks gepaardgegaan met die vestiging van die Italiërs in die territoriale area wat later die Romeinse Koninkryk uitgemaak het.[102] Dit het ŉ verteenwoordigende monargale stelsel gevolg ingevolge waarvan ŉ koning verkies is en nie uit koninklike of adelhuise aangewys is nie.[103] Alhoewel konings[104] verkies en aangewys is deur ŉ Senaat[105] het die

---

99 Wroblreski en Hess *Introduction to Law Enforcement and Criminal Justice* 6.

100 Dit word algemeen aanvaar dat Romeinse regeringsamptenare, filosowe en skrywers grootliks beïnvloed is deur die Griekse werkswyse en dat dit aanleiding gegee het tot ŉ standaard wat nagestreef is. Selfs die aanwending van die Griekse taal het geredelik plaasgevind ten einde die standaard te kon nastreef.

101 Dudley *The Civilization of Rome* 11.

102 Kamm *The Romans* 7; De Klerk *Die Opkoms van Europa* 14.

103 Cary *A History of Rome* 57.

104 Die term "Koning", met verwysing na die staatshoof van Rome, is uitsluitlik aangewend tydens die Romeinse Koninkryk. Gedurende hierdie tydperk het Rome agt opeenvolgende konings opgelewer voordat die gebruik van die titel verval het met die aanbreek van die Romeinse Republiek in 509 vC. Tydens die Romeinse Republiek is die titel van koning aan die hoofpriester toegeskryf, maar het dit gepaard gegaan met ŉ uitdruklike verbod dat die hoofpriester geen politieke-, staats- of militêrefunksie sal verrig nie. Le Glay *et al A History of Rome* 193.

105 Kamm *The Romans* 8.

Senaat egter beperkte bevoegdhede gehad, terwyl die koning as uitvoerende hoof, wetgewende hoof en regsprekende hoof geag is.[106]

Die Romeinse Republiek het tot stand gekom as teenvoeter vir die monargale stelsel. Die owerheidsgesag in die Republiek het onder twee verkose Konsuls[107] geressorteer in samewerking met die Senaat.[108] Hierdie vorm van skeiding van magte en kruiskontrole is ook weerspieël in 'n omvattende grondwet wat verseker het dat unilaterale besluite, wat volop was in die monargale tydperk, vermy kon word en dat die Keiser, konsuls en senaat verantwoordbaar gestel kon word.[109] Die Romeinse Republiek het grootliks gefokus op die daarstelling van moraliteit en die gelykheid van individue uit verskillende klasse.[110] Hierdie ideale was egter onvolhoubaar en teen die einde van die Romeinse Republiek het owerheidsgesag weereens tekens van monargale beheer begin toon,[111] veral onder die bevind van Oktavius.[112] Weens hierdie stelselmatige staatsregtelike verbrokkeling is die einde van die Republiek en die aanbreek van die era van die Romeinse Ryk moeilik bepaalbaar.[113]

Die aanbreek van die Romeinse Ryk het 'n ongekende stabiliteit vir die staat gebring, algemeen bekend as *Pax Romana*.[114] Dit is geredelik toegeskryf aan Keiser[115] Augustus se inklusiewe vorm van regering ingevolge waarvan hy gefokus het op 'n wegbeweging van monargieë, en die bevordering van die senaat en konsuls se rol.[116]

---

106 Cary *A History of Rome* 57.
107 Woolf *Roman World* 30.
108 Heitland *The Roman Republic Volume I* 130.
109 Pitts 1929 *US Law Review* 205.
110 Beard en Crawford *Rome in the Late Republic* 71.
111 Le Glay *et al A History of Rome* 149.
112 Pitts 1929 *US Law Review* 210.
113 Le Glay *et al A History of Rome* 154. Die outeurs toon aan dat die verbrokkeling van die Republiek stelselmatig plaasgevind het en dat 'n nuwe bedeling aktief nagejaag is van 44vC tot ongeveer 30vC. Dit het egter tot 'n klimaks gekom gedurende 31vC.
114 Romeinse Vrede.
115 Die titel van "Keiser" het die van "Koning" vervang met die aanbreek van die Romeinse Republiek in 509 vC en het in gebruik gebly tot en met die val van die Romeinse Ryk in 529 nC. Sien De Klerk *Die Opkoms van Europa* 11.
116 Le Glay *et al A History of Rome* 198.

Augustus se opvolgers het weggebreek van hierdie vorm van regering en outokratiese owerhede daargestel. Dit het gepaardgegaan met aggressiewe verowerings en die uitbreiding van die Romeinse Ryk. Dit het egter daartoe gelei dat die massiewe territoriale gebied van die Romeinse Ryk onregeerbaar geraak het.[117] Teen 476 het die Westelike Romeinse Ryk tydens 'n stryd teen die Germane geval,[118] en teen 1453 het die Oostelike Romeinse Ryk uiteindelik geval met die dood van Konstantyn XI.[119] Dit het gelei tot 'n finale fragmentasie van die voormalige Romeinse Ryk en die ontstaan van individuele state, wat uiteindelik aanleiding gegee het tot die ontwikkeling van die Europese en Asiatiese beskawings.[120]

2.2.1.2.2 Die Romeinse bydrae tot die polisiëringsbegrip

Die Latynse begrip *"politia"* wat grootliks aansluit by die bogenoemde Griekse terme, verwys na die strukturele sorg wat die vroeë beskawings daargestel het ten einde in die behoefte van beskerming te voorsien. *Politia* of "siviele administrasie" was 'n omvattende term vir alle staatsaktiwiteite of staatsgesag wat met die bestuur van die stad of volk te doen gehad het.[121] Tog is dit opmerklik dat die term spesifiek verwys na die siviele aard daarvan, wat by implikasie die veiligheid van die burgerlike gemeenskap aanspreek. Dit is gevolglik duidelik onderskei

---

117 Cowell *Cicero and the Roman Republic* 147.

118 Jones *The Decline of the Ancient World* 92. Ten tye van die val van die Westelike Romeinse Ryk het die Germaanse soldate, wat die oorgrote meerderheid van die Romeinse weermag uitgemaak het, teen die Romeinse Ryk gedraai, die weermag van Romulus verslaan en Odoacer op 23 Augustus 476 as hulle koning verkies. Die Germaanse volk het 'n derde van die Westelike Romeinse Ryk se grondgebied oorgeneem wat tot die val van die Westelike Romeinse Ryk gelei het.

119 Smith *Gibbons Roman Empire VI* 114

120 Painter *History of the Middle Ages* 34: "*Few states have played as important a part in history as did the Bysantine Empire. In it was the developed of the civilization that can be called Eastern Europe, which still survives in Russia, the Balkans and Greece."*

121 Bezuidenhout *Die Houdings van Manlike en Vroulike Polisiebeamptes* 3. Hierdie begrip word algemeen aanvaar as verwysend na die polisieburokrasie wat uiteindelik in die Romeinse antieke gemeenskappe as "die lang arm van die gereg" bekend gestaan het. Sien ook Van Heerden *Introduction to Police Science* 13. 'n Alternatiewe betekenis vir *politia* is ook "siviele" of "burgerlike" administrasie.

van die antieke Romeinse militêre magte. Dit is verder opvallend dat hierdie woord aandui dat die funksie spesifiek aan die heersers van die tyd opgedra is.[122]

2.2.1.2.3 Romeinse veiligheidsmagte

Die vroeë Romeine, met spesifieke verwysing na die Romeinse Koninkryk en die Romeinse Republiek, het geen pertinente "polisiemag" gehad nie. Soos in meeste antieke beskawings is hierdie funksie ook deur die weermag vertolk.[123] Tog het die gemeenskap en staatsfunksionarisse se behoefte aan 'n sogenaamde "interne veiligheidsmag" reeds van vroeg af duidelik geword.[124]

Die Romeinse stede van beide die Monargale en Republikeinse tydperke was baie gefragmenteerd en wyd verspreid. Om hierdie rede het hierdie kleiner gemeenskappe plek-plek van aangewysde, of selfs gehuurde individue gebruik gemaak ten einde aan die behoefte aan sekuriteit te voldoen.[125] Hierdie individu of individue het egter steeds onderhewig aan die gesag van die staat se veiligheidsmagte opgetree. Die pligte van hierdie sogenaamde "wagte" was nie bloot die daarstelling van sekuriteit nie, maar het ook gepaard gegaan met brandbestryding- en informasieversamelingspligte.[126] Die ondersoek en vervolging van misdade is egter oorgelaat aan die plaaslike "Magistraat", of *Procurator Fiscals,* en die *Quaestors* wat oortreders voor die hof gedaag en gestraf

---

122 Stead *Pioneers in Policing* 12.

123 Van Heerden *Introduction to Police Science* 21.

124 Coulston en Dodge *Ancient Rome* 76.

125 Salmon *Roman World* 96. Die Romeinse Ryk het oor 'n wye area gestrek. Gevolglik is die militêre mag wat reeds aangewend is om die betrokke areas te verower, ook aangewend om die grond te behou en orde te handhaaf. Militêre magte wat hierdie tweeledige verpligtinge uitgeoefen het, is in verskillende oorhoofse vleuels verdeel wat Afrika, Asië, Spanje, die Alpe en die Donau-area ingesluit het.

126 Stead *Pioneers in Policing* 15.

het.[127] Laasgenoemde arrestasies is uitgevoer deur die lyfwagte van die *Procurator Fiscals,* genaamd die *Lictors*.[128]

Teen die aanbreek van die regeringstyd van Keiser Augustus in 29 vC was die bogenoemde wyse van handhawing van gemeenskapsorde reeds 'n goedgevestigde benadering. Augustus het egter die behoefte besef om die samestelling van al die veiligheidsmagte te verander ten einde 'n meer gestruktureerde benadering te volg en spesifieke verantwoordelikhede en jurisdiksies aan elkeen van die rolspelers op te dra. Hierdie magte het bekend gestaan as Augustus se eenhede, of te wel *cohortes*, wat verskeie vorme aangeneem het.[129] Die beskerming van die Keiser is toevertrou aan die *cohortes praetorian.*[130] Alhoewel dit nie pertinent hul mandaat was om die stede te polisieer nie, het hulle strategiese plasing ter beskerming van die Keiser beteken dat hulle ook risiko's binne die direkte omgewing van die Keiser kon aanspreek.[131]

Ter beveiliging van stede en meer spesifiek Rome, het Augustus 'n sogenaamde *cohortes urbanae* daargestel wat uit drie eenhede van ongeveer vyfhonderd gewapende manne elk bestaan het.[132] Hierdie eenhede word algemeen beskou as die eerste formele struktuur in die

---

127 Van Zyl *Romeinse Privaatreg* 19.

128 Wroblreski en Hess *Introduction to Law Enforcement and Criminal Justice* 6.

129 Coulston en Dodge *Ancient Rome* 76.

130 Stead *Pioneers in Policing* 15. Die Keiserlike wag is gesien as 'n gevreesde mag. Gevolglik was die aanvaarding dat dit oorbodig sou wees om pertinente polisiëringspligte aan hierdie wag te verskaf, aangesien die blote teenwoordigheid en vrees van vervolging genoegsaam was om orde te handhaaf. Die lede was gemagtig om openbare oortredings aan te spreek, maar ten aansien van polisiëringspligte is dit meestal slegs in opdrag aangespreek. Sien ook Dudley *The Civilization of Rome* 139.

131 Salmon *Roman World* 73. In hedendaagse terme kan hierdie mag beskryf word as lyfwagte of sekuriteitskorps meer as 'n polisiemag. Hierdie wagte is in meeste groot stede ontplooi om die belange van die Keiser te beskerm. Hierdie gewapende magte het ook nie aan oorloë deelgeneem nie, behalwe indien die Keiser self die oorlogsvelde betree het.

132 Coulston en Dodge *Ancient Rome* 76. Ooreenkomstig die weermag se *cohortes*-tradisie is hierdie eenhede numeries geïdentifiseer as *cohortes urbanae* X, *cohortes urbanae* XI en *cohortes urbanae* XII. Teen die laaste drie jaar van Augustus se regeringstyd is hierdie mag egter uitgebrei tot 'n vierde *cohortes*, *cohortes urbanae* XIII.

ontwikkeling van polisiemagte.[133] Die *cohortes urbanae* het onder die bevel van die *praefectus urbi*[134] geressorteer,[135] wat mettertyd vervang is deur die *praetor urbanus*.[136] Die lede van die *cohortes urbanae*, ook bekend as *urbaniciani*, het strate gepatrolleer, stadspoorte saam met ander *cohortes* van die weermag beman en veral tydens gemeenskapbyeenkomste en feeste diens gedoen. Hierdie magte was volop en sigbaar en het respek vir die reg effektief afgedwing.[137]

'n Verdere noemenswaardige faset van die Romeinse veiligheidsinisiatief is die *cohortes vigilum,* algemeen bekend as die *vigiles.*[138] Hierdie "eenheid" se oorspronklike doel was om as "brandbespieders" en brandbestryders op te tree. Teen die agtergrond van die bedreiging wat brande ingehou het vir die stad, het hierdie mag egter ontwikkel tot 'n eenheid vir polisiëring van brande en brandgevare.[139] Hierdie funksies het wel later uitgebrei tot straatpatrollies, veral in die aand, ten einde die *cohortes urbanae* by te staan in die bekamping van rooftogte en huisbrake.[140] Alhoewel dit meestal in 'n inligtingsinsamelingsrol was, is die *vigiles* tog gemagtig om, waar nodig, oortreders aan te keer.[141]

Alhoewel die ontwikkeling van die *cohortes urbanae* en *cohortes vigilum* toegeskryf word aan die regeringstyd van Augustus, het dit nog lank na

---

133 Salmon *Roman World* 73.Coulston en Dodge *Ancient Rome* 88. Dit is belangrik om daarop te let dat hierdie verspreiding van verantwoordelikhede nie opsigself die eerste formele polisiemag daargestel het nie, maar eerder as grondslag gedien het vir latere ontwikkeling.

134 Stadsprefek.

135 Southern *Augustus* 14; Coulston en Dodge *Ancient Rome* 88.

136 Salmon *Roman World* 12.

137 Coulston en Dodge *Ancient Rome* 81.

138 Coulston en Dodge *Ancient Rome* 89. Die *vigiles* het by sy ontstaan uit slawe bestaan vanweë die tipe werk wat as minderwaardig beskou is. Teen Keiser Augustus se regeringstydperk het hierdie mag egter tot 'n mag ontwikkel wat uit vryburgers van die Romeinse Ryk saamgestel is. Sien ook in hierdie verband Salmon *Roman World* 71.

139 Southern *Augustus* 152. Die lede van die *vigiles* is daartoe gemagtig om privaat wonings binne te gaan, te deursoek of selfs deure af te breek indien 'n vermoede van 'n brand of brandgevare bestaan. Alhoewel die eenheid nie militêre verantwoordelikhede gehad het nie, was die *vigiles* gewapen en in uniforms geklee. Sien Coulston en Dodge *Ancient Rome* 89; Salmon *Roman World* 73.

140 Coulston en Dodge *Ancient Rome* 89.

141 Van Heerden *Introduction to Police Science* 21.

Augustus voortbestaan.[142] Saam met die ontwikkeling en die uitbreiding van die Romeinse Ryk, is die *cohortes urbanae* en *cohortes vigilum* spesifiek aangewend ter beveiliging van die vernaamste en mees strategiese stede van die Ryk, naamlik Karthago,[143] Lyon[144] en Gallië.[145] Hierdie stelsel het tot die val van die Romeinse Ryk van plek tot plek gegeld en is grootliks volgens die oorspronklike benadering van Augustus gestruktureer.[146]

Die daarstelling van *cohortes urbanae* en *cohortes vigilum* het 'n drastiese wegbreek van die tradisionele vorm van polisiëring deur militêre magte tot gevolg gehad. Die herstrukturering deur Augustus het nie slegs verandering in die staatsadministrasie van interne veiligheid van die volk tot gevolg gehad nie, maar ook die grondslag daargestel vir 'n duidelike onderskeid tussen militêre en burgerlike magte.[147]

2.2.1.2.4 Romeinse bydrae tot die moderne polisiëringsbegrip

Die institusionele skeiding tussen die weermag en 'n burgerlike polisiëringsgeoriënteerde mag[148] kan waarskynlik as die belangrikste Romeinse bydrae tot die ontwikkeling van polisiëring geag word. Keiser Augustus was nie slegs revolusionêr in sy vernuwende benadering tot

---

142 Pitts 1929 *US Law Review* 210.

143 Carthago is in die Romeinse Ryk gekenmerk as die tweede grootste stad in die Westelike Romeinse Ryk. Dit maak hedendaags 'n voorstad van Tunis, 'n stad in die noorde van Tunisië uit en is veral belangrik, soos onder die Romeinse Ryk, weens sy strategiese ligging aan die suidelike kant van die Mediteriaanse See. Dit is in 146vC deur Rome verower en later heropgebou deur Ceasar weens die strategiese belang van die stad.

144 Lyon, vandag 'n stad in sentraal Frankryk, het een van die hoofstede van die Romeinse Ryk uitgemaak. Die belang van Lyon was geleë in die strategiese plasing daarvan, sowel as die omliggende territoriale gebied wat dit maklik verdedigbaar gemaak het, Dit is in 43vC deur Munatius Plancus namens Ceasar verower.

145 Gallië het uit twee dele bestaan, naamlik *Gallia Cisalpina* en *Gallia Narbonensis*. Dit is onderskeidelik in 203vC en 123vC deur die Romeine verower. Dit het die area beslaan wat vandag Duitsland, Frankryk, Noord Italië, Switserland en België uitmaak. Rome het vyf eeue beheer oor Gallië uitgeoefen voordat dit in 486nC deur die Franke verower is. Sien Smith *Gibbons Roman Empire I* 156.

146 Le Bohec *The Imperial Roman Army* 243.

147 Smith *Gibbons Roman Empire I* 202.

148 Sien afdeling 2.2.1.2.3 van hierdie proefskrif.

gemeenskapsbeveiliging nie, maar het deur die skeiding van gewapende magte op bestuursvlak die funksie en administrasie vereenvoudig en 'n gefokusde benadering verseker.[149]

Die skeiding van polisiëringsmagte en die weermag het tot een van die grondbeginsels van die kontemporêre demokratiese polisiëringsbenadering[150] ontwikkel en vind steeds aanwending. Die Romeinse ontwikkeling het die fokus verskuif van die uitsluitlike beskerming teen eksterne bedreigings, na die lewering van gemeenskapsbeskerming en gemeenskapsorde.

2.2.1.3 *Samevattend: Antieke tydperk*

Die antieke beskawings het die grondslag gelê vir die verdere ontwikkeling wat tydens die Middeleeue en die hedendaagse era sou plaasvind. Dit geld uiteraard nie slegs weens die kronologiese plasing daarvan in die geskiedenis nie, maar ook vanweë die feit dat beskawings van die Middeleeue uit die antieke beskawings voortgespruit het.

Vanuit die voorafgaande bespreking is dit duidelik dat die antieke beskawings op staatsregtelike, terminologiese en institusionele wyse die ontwikkeling van die polisiëringsbegrip beïnvloed het.[151] Beide die Grieke en die Romeine toon 'n wegbreek van die suiwer militêre benadering tot gemeenskapsordening en misdaadbestryding.[152] Die deurlopende ontwikkeling van beide hierdie antieke beskawings se benadering tot polisiëring toon die invloed wat die politieke en sosiale faktore, sowel as die behoefte van die betrokke gemeenskap, het op polisiëring en dat

---

149 Bezuidenhout *Die Houdings van Manlike en Vroulike Polisiebeamptes* 32. Probleme met veiligheid en sekuriteit is geïdentifiseer en aangespreek sonder om die tradisionele wyse van 'n oordonderende militêre mag aan te wend. Sien ook Coulston en Dodge *Ancient Rome* 89.

150 Sien die bespreking ten opsigte van demokratiese polisiëring soos vervat in Hoofstuk 4 van hierdie proefskrif.

151 Sien afdeling 2.2 van hierdie proefskrif.

152 Sien afdeling 2.2.1.1.3 en afdeling 2.2.1.2.3 van hierdie proefskrif.

polisiëring gevolglik nie 'n statiese faset van die staat kan behels nie. Die Grieke en die Romeine het telkens, waar nodig, die institusionele en beheerstrukture van die veiligheidsmagte aangepas sodat dit die samelewing van die tyd se behoeftes sou bevredig. Dit is opmerklik dat die antieke beskawings groot klem gelê het op staatsregulering van veiligheidsmagte en dat alle veiligheidsmagte uiteindelik onder owerheidsgesag geressorteer het. Alhoewel dit nie altyd tot sentralisering van beheer gelei het nie, het dit wel formeel gestruktureerde polisiëringstelsels verseker, met effektiewe aanwending van hulpbronne.[153]

2.2.2 *Middeleeue*[154] *en moderne era*[155]

Die hedendaagse polisiëringsbegrip se direkte oorsprong kan nie werklik toegeskryf word aan die bogenoemde Griekse en Romeinse begrippe nie.[156] Alhoewel die betrokke begrippe taalkundig tot die ontwikkeling van die moderne begrip bygedra het en die oorsprong ook die gemeenskapsopvatting van die tyd illustreer, kan die werklike ontwikkeling van die polisiëringsbegrip, soos dit vandag toegepas word, eerder toegeskryf word aan die laat-Middeleeuse ontwikkelinge in Europa.[157]

Vervolgens word ondersoek ingestel na die terminologiese en institusionele bydrae wat uit die Middeleeuse en moderne ontwikkeling gelewer is tot die kontemporêre benadering van polisiëring. Vir hierdie doeleindes word Brittanje, Frankryk en Spanje se polisie-ontwikkeling onder die loep geneem vanweë die bydrae wat dit tot Suid-Afrikaanse

---

153 Carcopino *Daily Life in Ancient Rome* 60.

154 Die Middeleeue beskryf die tydperk tussen 600 nC en laat 1400 nC.

155 Die begrip "moderne era" verwys na die tydperk 1453 nC tot 1989 nC. Sien afdeling 2.1 van hierdie proefskrif vir 'n uiteensetting van vroeë modernisme; klassieke modernisme; laat-modernisme en postmodernisme.

156 Emsley *Policing and its Context* 2. Die Franse bewoording vir polisie is uiteraard *la police.*

157 Stead *Pioneers in Policing* 2.

polisiëring gebied het[158] en die historiese oorsprong van hierdie state uit die Griekse en Romeinse antieke beskawings.[159]

2.2.2.1 Totstandkoming van die Middeleeuse en moderne Europa

Die area wat tans deur Europa beslaan word, het tydens die antieke era deel uitgemaak van onderskeidelik die Griekse en Romeinse ryke.[160] Teen die tyd van die verswakking van die Romeinse Ryk in 476nC het die staatkundige uitleg van die betrokke area egter begin verander en het volke soos die Kelte,[161] Franke,[162] Alemane,[163] Angele, en die Saksers[164] die Westelike, Suidelike en sentraal-Europa begin bewoon en duidelike onafhanklike linies daargestel. Elkeen van hierdie volke het 'n pertinente bydrae gelewer in die ontwikkeling van die moderne samestelling van Europa.[165]

---

158 Sien afdeling 2.2.4 van hierdie proefskrif.

159 Sien afdeling 2.2.1 van hierdie proefskrif.

160 De Klerk *Die Opkoms van Europa* 14.

161 Die Kelte is nou verwant aan die Italianers en het die gebied wat later as Engeland bekend sou staan reeds vanaf ongeveer 2000vC bewoon. Die Keltiese gemeenskap is in verskillende stamme en federasies van stamme verdeel. Die enigste Keltiese volke wat nie aan Romeinse beheer onderwerp is nie, was die Ierse en Skotse gebiede. Sien ook De Klerk *Die Opkoms van Europa* 15.

162 Die Franke was hoofsaaklik woonagtig in die hedendaagse Sentraal-Duitsland. Teen die vyfde eeu het hulle egter na dele van Noord-Frankryk verhuis, terwyl hulle die omliggende volke aangeval en verower het. Die Franke het uiteindelik gevestig in Noord-Frankryk en hulle eie Ryk gevestig.

163 Alemane verwys na die volk wat as die voorgangers van die hedendaagse Duitsers beskou word. Hulle was hoofsaaklik woonagtig in die Sentraal-en Suid-Duitsland in voormaligbeheerde Romeinse stede. Sien ook De Klerk *Die Opkoms van Europa* 16.

164 Die Angele en die Saksers was nou-verbonde bure en het mekaar veral teen die aanslagte van die Kelte beskerm. Hulle het gevestig in Noord-Duitsland waar hul ook beheer uitgeoefen het oor voormalige Romeinse stede.

165 De Klerk *Die Opkoms van Europa* 17. Sien ook Hayes *Political and Social History of Modern Europe* 718.

2.2.2.2 Terminologiese ontwikkeling van die begrip “polisie” in die vroeë Europese beskawings

Alhoewel outeurs soos Clift[166] meen dat die eerste aanwending van die begrip “polisiëring” so vroeg as 600nC plaasgevind het, kan die eerste gedokumenteerde gebruik egter waargeneem word in die Franse taal. Die aanwending van die woord *policer*[167] wat verwys het na die “mag van die volk” kan teruggespeur word na die 1600’s. Die oorsprong is direk van die begrip *politia* afkomstig.[168] In die 1700’s het die gebruik van die begrip uitgebrei na Brittanje, waar die aanwending met teenstand begroet is vanweë die persepsie dat dit ’n Franse invloed op die Britse samelewing sou daarstel.[169] Teen 1787 is die “polisiëringsbegrip” egter vervat in parlementêre wetgewing in Ierland,[170] maar dit het egter eers in 1829 soortgelyke aanvaarding ontvang in Brittanje met die promulgasie van die *Metropolitan Police Act*.[171]

Soos reeds genoem kan “polisiëring” meervoudige betekenisse hê. In hierdie vroeë ontwikkeling is “polisiëring” bloot aangewend in verband met die nakoming van gemeenskapsreëls of morele standaarde ten einde sosiale orde of sosiale harmonie te handhaaf.[172] Dit was nie slegs ingestel op misdaadvoorkoming of -bestryding nie, maar op die regulering van alle vorme van sosiale wanorde.[173] Hierdie breë interpretasie word steeds vandag gevolg en het aanleiding gegee tot die

---

166 Clift *Modern Police Thinking* 1.

167 Bezuidenhout *Die Houdings van Manlike en Vroulike Polisiebeamptes* 3.

168 Van Heerden *Introduction to Police Science* 13.

169 Emsley *Policing and its Context* 33.

170 *Parliament Act* of 1787.

171 Van Heerden *Introduction to Police Science* 13. Sien ook die Britse *Metropolitan Police Act* of 1829.

172 Stead *Pioneers in Policing* 1. *“Its objective was a way of life where people could be secure, with enough to eat, and in a healthy environment*”. Sien ook Van Heerden *Introduction to Police Science* 12.

173 Wroblreski en Hess *Introduction to Law Enforcement and Criminal Justice* 10. Sien ook Van Heerden *Introduction to Police Science* 14.

nodigheid om meer veldspesifieke terminologie, soos “wetstoepassing”, te gebruik ten einde die verwarring uit te skakel.[174]

2.2.2.3 Grondslae van polisiëring in Brittanje

2.2.2.3.1 Staatsregtelike en sosiale samestelling van Brittanje

Engeland was tot en met die vroeë vyfde eeu deel van die Romeinse Ryk nadat dit in 43nC deur die Romeine verower is as deel van die slag van Britannia.[175] Die val van die Romeinse Ryk in Engeland, in 410nC, het daartoe gelei dat die Keltiese en Anglo-Saksiese populasie, meestal bestaande uit Germaanse volke, verskeie individuele koninkryke kon vestig.[176] Die daaropvolgende vyfhonderd jaar is gekenmerk deur oorloë tussen die onderskeie koningryke, sowel as verskeie aanvalle deur die Vikings op die Germaanse volke op die kuslyn van wat vandag Engeland uitmaak.[177]

Die sogenaamde Normaanse Verowering van Engeland in 1066 deur Hertog William II van Frankryk het egter weggedoen met hierdie individuele koninkryke. Engeland het vir ongeveer vyfhonderd jaar onder Franse beheer gebly voordat Engelse heersers uit die Huis van Plantagenet die land teruggewen het.[178] Hierdie mate van stabiliteit was egter van korte duur vanweë die feit dat die Huis van Plantagenet ook aanspraak gemaak het op dele van die Franse Koninkryk,[179] wat

---

174 “Wetstoepassing” verwys na die Europese en Anglo-Amerikaanse term “Law Enforcement”. Skrywers is geredelik van mening dat enige mate van sosiale beheer deur grondwetlike, statutêre of gemeenregtelike wyses polisiëring behels en dat die lukrake aanwending van hierdie terminologie die indruk van ’n sogenaamde polisiestaat kan skep.

175 Sawyer *From Roman Britain to Norman England* 3.

176 Hodgkin *A History of Anglo-Saxons* 103.

177 Loyn *The Vikings in Britain* 7. Volgens Loyn het die tydperk van die Vikings gestrek van ongeveer 800nC tot 1100nC en het dit ’n indrukwekkende invloed gehad op Brittanje se vroeë ontwikkeling, sowel as die ontwikkeling in Europa.

178 Oman *England before the Norman Conquest* 651. Sien ook Loyn *Anglo-Saxon England and the Norman Conquest* 316.

179 Green *The Later Plantagenets* 275.

uiteindelik aanleiding gegee het tot die Honderdjaar oorlog.[180] Na afloop van die Honderdjaar oorlog het interne struwelinge tussen koninklike families tot 'n magstryd tussen die Huise van Lancaster,[181] York[182] en Tudor[183] gelei.

Na afloop van die regeringstyd van die Huis van Tudor het Koning James II uit die Huis van Stuart[184] egter Engeland verower. Hy is opgevolg deur Koning Charles I, wat gepoog het om die Parlement se bevoegdhede en mag aan bande te lê. Dit het aanleiding gegee tot die uitbreek van die Britse Burgeroorlog[185] in 1642 wat tot die openbare teregstelling van Koning Charles I gelei het.[186] Die burgeroorlog het gelei tot die daarstelling van die Statebond van Engeland, wat as 'n Parlementêre Republiek ontwikkel het.[187] Dit het egter vinning in 'n militêre diktatorskap ontaard onder die bewind van Oliver Cromwell,

---

180 Die honderdjaar-oorlog het geduur van 1337 tot 1453. De Klerk *Die Opkoms van Europa* 35.

181 Die Huis van Lancaster was 'n kadet-afdeling van die Huis van Plantagenet. Hierdie Huis het drie Konings, naamlik Koning Henry IV (1399-1413), Koning Henry V (1413-1422) en Koning Henry VI (1422-1461 & 1470-1471) aan Engeland gebied. Koning Henry VI het ook as Koning Henry II van Frankryk gedien. Sien Harvey *The Plantagenets* 127.

182 Die Huis van York was 'n kadet-afdeling van die Koningklike Huis van Plantagenet. Hierdie Huis het ook drie Konings aan Engeland gebied, naamlik Edward IV (1461-1470 & 1471-1483), Edward V (April – September 1483) en Richard III (1483-1485). Sien Green *The Later Plantagenets* 403.

183 Die Huis van Tudor was die afstammelinge van Prins Rhys ap Tewdwr en was lojaal aan die Huis van Lancaster. Na die val van die Huis van Lancaster het die ondersteuners van die Huis van Lancaster na die Huis van Tudor gedraai vir leiding. Die Huis van Tudor het ses konings en koninginne opgelewer naamlik Koning Henry VII (1485-1509), Koning Henry VIII (1509-1547), Koning Edward VI (1547-1553), Koningin Jane (1553), Koningin Mary (1553-1558), en Koningin Elizabeth (1558-1603). Sien Williamson *The Tudor Age* 19.

184 Die Huis van Stuart was 'n monargale familie afkomstig uit Skotland. Die Huis van Stuart het ook ses konings en koninginne aan Engeland en later Groot Brittanje gelewer. Hierdie konings en koninginne was Koning James I (1603-1625), Koning Charles I (1625-1649), Koning Charles II (1649-1685), Koning James II (1685-1689), Koningin Mary II (1689-1694) en Koningin Anne (1702-1707). Sien Coward *The Stuart Age* 103.

185 Die Britse Burgeroorlog het geduur van 1642 tot 1651.

186 Ashley *The House of Stuart* 150.

187 Ten tye van hierdie beweging om 'n Parlementêre Republiek te vorm, het Koning Charles II as uitgewekene in die vasteland Europa geskuil tussen 1649-1660. Alhoewel hy amptelik as Koning van Engeland aangewys is, het die Parlement wetgewing uitgevaardig om die bekroning ongeldig te verklaar. Davies *The Restoration of Charles II* 308.

voordat dié Parlementêre Republiek in 1660 onvergewerp is deur die Huis van die Stuarts.

Die uitgeweke Koning Charles II het in 1660 teruggekeer na Engeland om die monargale beheer van Brittanje voort te sit.[188] As opvolger tot Koning Charles II het Koning James II daarin gepoog om stabiliteit in Engeland te verseker, maar dit het nie regtig gerealiseer tot en met die regeringstyd van Koningin Anne, waartydens Engeland, Skotland en Wallis verenig is in Groot Brittanje nie. Teen die aanbreek van die Industriële Revolusie[189] het Brittanje 'n wêreldmoondheid geword.[190] Gedurende die tyd van die Industriële Revolusie het groot stede en metropole tot stand gekom en die grootskaalse saamgroepering van mense ingehou.[191] Na afloop hiervan het dit 'n tydperk van kolonialisering meegebring wat geduur het tot en met die dekolonialisering in die twintigste eeu.[192]

2.2.2.3.2 Die ontwikkeling van polisiëring in Brittanje

Die sosiale en politieke samestelling van die vroeë Engelse samelewing is gevolglik grootliks gebaseer op die Konstitusionele Monargie,[193] wat 'n verwaarloosde en oneffektiewe plaaslike regeringstelsel daargestel

---

188 Ashley *The House of Stuart* 157; Coward *The Stuart Age* 242.

189 Hierdie tydperk het gestrek vanaf die middel sestiende tot laat agtiende-eeu, tot en met die negentiende eeu. Sien Holmes *Britain After the Glorious Revolution* 32; Sien ook Bayley 1972 *Law and Society Review* 99. Bayley dui ook aan dat die Industriële Revolusie 'n moeilik bepaalbare tydperk is.

190 Naidis *The Second British Empire* 1. Hierdie tydperk van die Britse geskiedenis het Britse koloniasie of okkupasie in onder andere Suid-Afrika, Indie, Kanada, Australie en Sjiena daargestel. Hierdie tweede Britse Revolusie het egter amptelik tot 'n einde gekom in 1965.

191 De Klerk *Die Opkoms van Europa* 327.

192 Die dekolonialiseringstydperk is veral aangehits deur die Verenigde Nasies se *Declaration on the Granting of Independence to Colonial Countries and Peoples*, 1960. Sien verder in hierdie verband Dugard *International Law* 35.

193 Holmes *Britain After the Glorious Revolution* 32; Stone *The Causes of the English Revolution* 95. Stone wys daarop dat hierdie belangrike ontwikkeling gepaard gegaan het met die ontwikkeling van die Britse menseregtekonsep, maar dat dit in die vroeë tydperk van die Britse Grondwetlike era 'n staatsregtelike krisis daargestel het deur onstabiliteit in die regering en die algemene arbitrêre toepassing van owerheidsgesag.

het.[194] Die ontwikkeling van polisiëring in Engeland het drie baie pertinente fases deurgegaan. Die vroegste vorm was dat elke individu of groep individue verantwoordelik was vir hulle eie veiligheid.[195] Dit is opgevolg, in die 1500's, deur 'n tydperk waartydens 'n individu aangestel is om namens die inwoners van 'n area veiligheid te verseker. Die laaste fase, wat die klassieke tot laat-moderne era insluit,[196] is die tydperk van professionele polisiëring.[197]

Elkeen van hierdie fases het 'n unieke bydrae gelewer tot die ontwikkeling van die kontemporêre polisiëringsbegrip en sal gevolglik kortliks aangeraak word. Wat opmerklik is, is die feit dat al die genoemde fases steeds behels het dat elke burger verantwoordelik bly om misdaad te help bekamp. In die vroeë Engelse tydperk het hierdie tradisie die uitgangspunt aangeneem dat: *"the police are the public and the public the police".*[198]

2.2.2.3.2.1 Individuele en gesamentlike beveiliging

Die konsep van individuele- en gesamentlike beveiliging het veral gedurende die Anglo-Saksiese tydperk van Engeland voorgekom.[199] Dit

---

194 Emsley *Policing and its Context* 8. Emsley verwys spesifiek na die tekort aan professionaliteit en die beskikbaarheid van opgeleide of gekwalifiseerde individue.

195 Radelet *The Police and the Community* 4. Die owerhede het geen rol gespeel in individuele beveiliging nie en het uitsluitlik op militêre beveiliging teen eksterne bedreigings van ander lande gefokus. Gevolglik is dit oorgelaat aan 'n individu en 'n gemeenskap om interne veiligheid te verseker. Individuele beveiliging het meestal plaasgevind waar afgeleë gebiede deur 'n persoon of gesin bewoon is, terwyl gesamentlike- of gemeenskapsbeveiliging deur 'n samevoeging van individue onderneem is in meer 'n area waar verskeie individue of huisgesinne woonagtig was.

196 In 1737 het Koning George II wagte aangestel en vergoed uit belastingfondse. Van hierdie stadium af het die wagte en die polisie wat hulle plek ingeneem het 'n betaalde funksie in die gemeenskap verrig.

197 Van Heerden *Introduction to Police Science* 21. Die individuele beveiliging is afkomstig van die antieke siening dat elke volwasse manlike persoon verantwoordelik is vir al die minderjarige en vroulike familielede se veiligheid.

198 Van Heerden *Introduction to Police Science* 22.

199 Fisher *Anglo-Saxon Age* 8. Die Anglo-Saksiese tydperk het gestrek vanaf die beëindiging van die Romeinse okkupasie in 410nC, binne die area wat later as Engeland bekend sou staan, tot en met die Normaanse verowering in ongeveer 1066.

is grootliks gebaseer op voorkomende beveiliging[200] in 'n sogenaamde selfondersteunende landverdelingsbeginsel van *tithings.* 'n *Tithing* het verwys na die getal van tien manlike lede bo die ouderdom van twaalf jaar, met insluiting van elke man se gesin,[201] wat funksioneer onder 'n "*Tithing*-hoofman".[202] Elkeen van hierdie mans was verantwoordelik vir sy eie beveiliging, sowel as die beveiliging van die ander lede in die *tithing*.[203] Waar 'n lid van 'n *tithing* egter 'n oortreding begaan het, was dit die plig van die ander lede om hom voor 'n hof of *tithing*-hoofman te bring.[204]

Met die toename van bevolking en gevolglik die aantal *tithings* binne die direkte omgewing van mekaar, is die stelsel heringedeel om voorsiening te maak vir beide *tithings* en sogenaamde *hundreds.*[205] 'n *Hundred* het tien *tithings* ingesluit en op dieselfde prinsiep van individuele en gesamentlike beveiliging gefunksioneer. Die "*tithing*-hoofman" is egter vervang met 'n "*petty constable*", terwyl *hundreds* deur 'n "*head constable*" gelei is.[206] Hierdie was die eerste aanwending van die term konstabel.[207] Ten einde voorsiening te maak vir meervoudige *hundreds*, is 'n verdere klassifikasie naamlik *Shire* gevorm, wat uit 'n aantal

---

200 Van Heerden *Introduction to Police Science* 22.

201 Allen 1888 *Wisconsin Academy of Sciences, Arts and Letters* 152.*Tithings* is afkomstig van die Skandinawiese bewoording vir "tien huishoudings".

202 Wroblreski en Hess *Introduction to Law Enforcement and Criminal Justice* 7. Uiteraard het hierdie sisteem die lede se families ingesluit alhoewel vroue en minderjariges nie aktiewe lede tot die *tithing* kon wees nie.

203 Wroblreski en Hess *Introduction to Law Enforcement and Criminal Justice* 7. Die skrywers verduidelik hierdie opset deur die volgende voorbeeld te gebruik: *"Any victim or person who discovered a crime would put out a 'Hue and Cry', for example, 'Stop, thief'. Anyone who heard the cry would stop whatever he was doing and help capture the suspect."* Sien ook Allen 1888 *Wisconsin Academy of Sciences, Arts and Letters* 152. Allen verwys na die ontstaan van die *tithings* en verduidelik dit is*: "formed for the purpose of enforcing mutual responsibility, as the fundamental principle of the system of the time for the preservation of the peace. The groups would seem at this period to have been strictly organized by tens".*

204 Van Heerden *Introduction to Police Science* 22.

205 Allen 1888 *Wisconsin Academy of Sciences, Arts and Letters* 143.Sien ook Wroblreski en Hess *Introduction to Law Enforcement and Criminal Justice* 7.

206 Bezuidenhout *Die Houdings van Manlike en Vroulike Polisiebeamptes* 37.

207 Die term "konstabel" is afgelei van die Latynse term "*comesstabuli*" of "hoof van die stal". In die Bisantynse ryk is die posisie van die hoof van die stal as baie belangrik geag. Konstabel verwys gevolglik na 'n posisie wat orde daarstel. Sien Van Heerden *Introduction to Police Science* 22.

hundreds saamgestel is. ’n “*Reeve*” het die rol van *petty*- of *head constable* in ’n *Shire* vervul, wat mettertyd saamgevoeg is om die titel *Sheriff* te vorm.[208]

2.2.2.3.2.2 Gesentraliseerde en gedelegeerde beveiliging

Na die Normaanse Verowering en die kroning van Koning William I as heerser in 1066, is afstand gedoen van die *tithing*-gebaseerde plaaslike regering- en beveiligingsisteem.[209] Dit is vervang deur ’n gesentraliseerde en verdrukkende regeringstelsel wat weereens teruggeval het op die gebruik van die weermag ten einde veiligheid en sekuriteit daar te stel.[210] Hierdie sisteem het bekendgestaan as die *Frank pledge* en het behels dat elke burger onderdanigheid aan die koning en die koning se wetgewing belowe.[211] Arbitrêre vervolging en strawwe was aan die orde van die dag. Alhoewel die siening dat elke individu verantwoordelik is vir sy eie veiligheid steeds bestaan het, het die gesamentlike verantwoordelikheid van die *tithing*-stelsel vinnig verdwyn.[212] Die *Shire Reeves* is vervang deur regters wat oor ’n spesifieke jurisdiksie aangestel was en onder plaaslike regeringstrukture geressorteer het, maar wie se bevoegdhede sentraal deur die staat gereguleer is.[213]

Teen 1116 het Koning Henry I egter die problematiek wat met Koning William I se herstrukturering gepaardgegaan het probeer korrigeer deur ’n gedeeltelike herinstelling van die *tithing*-stelsel.[214] Gedurende die daaropvolgende tweehonderd jaar het verskeie veranderinge ten gunste van verkose of aangestelde individue ontstaan ten einde die pligte en

---

208 Van Heerden *Introduction to Police Science* 22.

209 Wroblreski en Hess *Introduction to Law Enforcement and Criminal Justice* 7. Die Normaanse Verowering het plaasgevind in 1066.

210 Van Heerden *Introduction to Police Science* 23. Die land is in vyf- en vyftig militêre areas ingedeel wat onder die beheer van ’n militêre offisier geval het. Die gemeenskap het geensins ’n rol in hierdie vorm van beveiliging gespeel nie.

211 Bezuidenhout *Die Houdings van Manlike en Vroulike Polisiebeamptes* 37. Wroblreski en Hess *Introduction to Law Enforcement and Criminal Justice* 7.

212 Van Heerden *Introduction to Police Science* 23.

213 Lyon *Anglo-Saxon England and Norman Conquest* 224.

214 Van Heerden *Introduction to Police Science* 23.

bevoegdhede van die handhawing van gemeenskapsorde duidelik te definieer en die gesag te struktureer. ŉ Duidelike onderskeid tussen verskillende vorme van misdade of oortredings het tot stand gekom. As ŉ gevolg was dit ook nodig om die individue wat verantwoordelik is vir die bekamping en die polisiëring van elke vorm van misdaad of oortreding te onderskei, ten einde pertinente bevoegdhede en jurisdiksie aan die verantwoordelike persone te kon toeken. ŉ Konstabel is deur die gemeenskap, "Vorstes" of "Edeles"[215] aangewys, afhangende of dit ŉ landelike of meer stedelike area was. Waar die jurisdiksionele area egter baie groot was, is voorsiening gemaak vir die delegasie van bevoegdhede aan ander vredesbeamptes om die konstabel by te staan in sy pligte.[216]

Met die aanbreek van 1166 het hierdie stelsel uitgebrei tot die gebruik van juries ten einde die gemeenskap die geleentheid te bied om deel te neem aan die strafregtelike proses wat geïnisieer is deur die konstabel of Vredesbeamptes.[217] In 1285 het die klem op stadsbeveiliging verder uitgebrei deur Koning Edward I se skepping van ŉ "*Curfew and Night Watch Program*". Ingevolge hiervan is wagte na die sluiting van die stadspoorte in die stad ontplooi met die mandaat om brande, inbrake en rooftogte te bestry.[218] Gedurende dieselfde jaar is die Statuut van

---

215 Hierdie gemeenskapsverteenwoordigers het tot die hoërorde-klasse van die Engelse samelewing behoort. Dit is 'n titel wat familieel toegeskryf is en die Vorstes en Edeles het 'n patriargale rol in die gemeenskap vervul. Hunter 1990 *Police Studies* 122.

216 Gedelegeerde bevoegdhede het behels dat die Konstabel individue kon aanwys om van sy take te verrig. Oor die algemeen is dit met versigtigheid toegepas ten einde te voorkom dat die ondergeskikte uitvoerende konstabels nie 'n oormate van mag bekom en 'n bedreiging vir die Konstabel of gemeenskapsstabiliteit sou inhou nie. Die Konstabel kon dus sy diskresie uitoefen oor die delegering van bevoegdhede en kon uiteraard nie meer bevoegdhede delegeer as waaroor hy self beskik het nie. Van Heerden *Introduction to Police Science* 23.

217 Wroblreski en Hess *Introduction to Law Enforcement and Criminal Justice* 8.

218 Wroblreski en Hess *Introduction to Law Enforcement and Criminal Justice* 8. Hierdie stelsel het baie ooreenkomste getoon met die van die *Vigiles*-stelsel van die Romeine. Tog was hierdie wagte se bevoegdhede en pligte baie duideliker uiteengesit. Hierdie wagte se doel was om vreemdelinge wat in die aand in die stad rondbeweeg vas te trek en voor die Konstabel te bring.

Winchester[219] uitgevaardig om afdelings daar te stel wat elk 'n gefokusde rol moes speel in die beskerming van die stad.[220]

Hierdie vorm van sogenaamde gedelegeerde beveiliging was baie primitief en alhoewel dit nie noodwendig baie effektief was nie, is dit algemeen as voldoende aanvaar tot in die middel sewentiende- en selfs vroeë agtiende eeu. Die term "Police" is vir die eerste keer in 1642 gebruik in 'n boek genaamd "*The Second Part of the Institutes of the Laws of England*".[221]

2.2.2.3.2.3 Professionele polisiëring

Teen die tyd van die Industriële Revolusie in die middel 1700's het die behoefte aan 'n "professionele" polisiemag baie duidelik geraak.[222] Engeland is gedurende hierdie tyd gekenmerk deur 'n toestroming van werksoekers na die stede.[223] Die werkloosheidsyfer, dobbelary en prostitusie was aan die toeneem, terwyl die beskikbaarheid van alkohol die aantal geweldsmisdade laat styg het.[224] Die politieke gevoel was ook van so 'n aard dat optogte en betogings teen werkloosheid en in

---

219 Artikel 3 van die Statute of Winchester of 1285: *"...And henceforth it is commanded that watches be kept as they were accustomed to be formerly, that is to say, from Ascension day to Michaelmas, in each city by six men at each gate, in each borough by twelve men, in each vill in the open country by six men or four according to the number of the inhabitants, and they shall keep watch continually all night from sunset to sunrise. And if any stranger pass by them, let him be arrested until morning: and if nothing suspicious is found he may go free, but if anything suspicious is found let him be handed over to the sheriff forthwith and he shall receive him without making difficulty and keep him safely until he is delivered in due manner. And if they will not suffer themselves to be arrested, let hue and cry be raised against them and those who keep watch shall follow them with the whole vill together with the neighbouring vills with hue and cry from vill to vill until they are taken and handed over to the sheriff as is aforesaid; and for the arrest of such strangers no one shall have legal proceedings taken against him."*

220 Van Heerden *Introduction to Police Science* 23. Dit het onder andere die volgende behels: die *"Watch and Ward"* wat die stadspoorte moes bewaak; die *"Marching Watch"* wat die strate moes patrolleer; *"Bailiffs"* wat vreemdelinge moes identifiseer en dophou.

221 Coke *Institutes of the Lawes of England* 19.

222 Bezuidenhout *Die Houdings van Manlike en Vroulike Polisiebeamptes* 42. Sien ook Van Heerden *Introduction to Police Science* 25.

223 Wroblreski en Hess *Introduction to Law Enforcement and Criminal Justice* 9.

224 Van Heerden *Introduction to Police Science* 25.

opposisie teen die regering aan die orde van die dag was.[225] Gevolglik het die "*Curfew and Night Watch*"-sisteem spoedig onvoldoende geblyk en is die stadsregerings genoodsaak om die hulp van die weermag in te roep. Dit het nie slegs menigte sterftes tot gevolg gehad nie, maar het ook kort voor lank oneffektief geblyk weens die weermag se huiwering om teen hulle landsgenote op te tree.[226]

'n Behoefte aan die regulering van spesifieke fasette van die samelewing, soos prostitusie en die drankbedryf, het toenemend 'n prioriteit geraak.[227] Wetgewing is geredelik gepromulgeer om hierdie kwessies te reguleer, terwyl die praktiese toepassing veel te wense gelaat het.[228] In 1736 het die konsep van "konstabels" herleef in die aanstelling van individue ter regulering van die drankbedryf, terwyl die kontrole oor gemeenskapsedes en -moraal steeds oorgelaat is aan die meer informele "Wagtestelsel". Hierdie gemengde stelsel, met beide formele en informele strukture was egter onwenslik en het tot heelwat wrywing tussen die konstabels en die wagtestelsel gelei.[229]

Die begeerte vir verandering het vreemd genoeg uit uiteenlopende oorde gekom. Die gemeenskap, die magistrate en filosofiese skrywers het almal 'n bydrae gelewer tot die ontwikkeling wat sou volg.[230]

2.2.2.3.3 Leiers in die ontwikkeling van 'n professionele polisiemag

Henry Fielding, 'n magistraat van Bowstraat in Londen, was reeds jare lank 'n uitgesproke opponent van die wagte- en konstabelstelsels wat

---

225 Wroblreski en Hess *Introduction to Law Enforcement and Criminal Justice* 9.

226 Wroblreski en Hess *Introduction to Law Enforcement and Criminal Justice* 9.

227 Bayley *Police and Society* 49. Sien ook Wroblreski en Hess *Introduction to Law Enforcement and Criminal Justice* 9.

228 Van Heerden *Introduction to Police Science* 25.

229 Stead *Pioneers in Policing* 41. Sien ook Wroblreski en Hess *Introduction to Law Enforcement and Criminal Justice* 9. Die "Wagte-stelsel" het van beide vrywilligers en "aangestelde" individue gebruik gemaak, maar hierdie persone het die funksie sonder betaling verrig. Weens die laasgenoemde rede kan dit steeds as 'n informele stelsel beskou word en nie as 'n professionele struktuur nie.

230 Van Heerden *Introduction to Police Science* 25.

algemeen in gebruik was. Hy het dit as oneffektief en korrup bestempel en gesentraliseerde formalisering bepleit. Sy voorstelle is egter met pessimisme begroet en dit is deur die parlement afgemaak as onrealisties en arbeidintensief.[231]

Gedurende 1750 het Fielding, in die geheim, begin om 'n aantal uitgesoekte en betroubare konstabels op te lei in misdaadondersoeke en strafregtelike beginsels. Hierdie groep word algemeen erken as die eerste geformaliseerde speureenheid ter wêreld en het bekend gestaan as die "*Bow Runners*".[232] Na sy dood in 1754 is hierdie werk voortgesit deur sy halfbroer, John Fielding, wat uiteindelik in 'n posisie in die eerste formele polisiemag in Londen sou dien.[233] Ongelukkig het baie min van die Fieldings se voorstelle gerealiseer aangesien 'n professionele polisiemag nie in hulle leeftyd daargestel is nie.[234]

Die nastrewing van die ideologieë van die Fielding-broers het egter nie agterweë gebly nie. As regsgeleerde en besigheidspersoonlikheid het Dr. Patrick Cilquhoun 'n meer diplomatiese, dog gerespekteerde,[235] benadering as sy voorgangers gevolg. Soos die Fielding-broers was hy ook grootliks bekommerd oor die opweeg van gemeenskapsorde teenoor individuele regte wat telkens geskend is deur oormatige optrede deur die veiligheidsmagte.[236] Deur verskeie geskrifte[237] het hy die

---

231 Stead *Pioneers in Policing* 34. Fielding het 'n vernuwende strafregstelsel bepleit wat misdaad sou voorkom en effektief kon bekamp deur middel van formele strukture, naamlik 'n formeel-gestruktureerde polisiemag. Dit is egter afgemaak as onuitvoerbaar en 'n onnodige uitgawe in 'n tyd van grootskaalse armoede.

232 Van Heerden *Introduction to Police Science* 23. Wat opmerklik is omtrent hierdie eenheid, is dat hierdie *Bow Runners* nie formeel vergoed is nie. Henry en John Fielding het hierdie lede self vergoed. Gevolglik is dit moeilik om die formele aard van hierdie speureenheid te onderskryf.

233 Stead *Pioneers in Policing* 42.

234 Emsley *Policing and its Context* 27.

235 Dr Cilquhoun het aansienlik meer aansien ervaar as die Fielding-broers. Dit het voortgespruit uit 'n invloedryke familie asook die invloedryke rol wat hy op ander vlakke van die samelewing vertolk het.

236 Emsley *Policing and its Context* 51.

237 Cilquhoun *Commerce and Police* 253; Cilquhoun *Function and Duties of a Constable* xi; Cilquhoun *Police of the Metropolis* 552. Dit is opvallend dat Cilquhoun deurlopend beding het vir 'n formalisering van die stelsels wat in plek

skepping van 'n mag wat ingevolge statutêre bepalings funksioneer, bepleit. Hy was van mening dat dit die enigste weg tot regmatige strafregtelike optrede en strawwe sou wees.[238] Terwyl hy wêreldwyd gereken word as die vader van die marine-polisie,[239] word Cilquhoun ook meestal as die spreekwoordelike argitek van kontemporêre polisiëring beskou.[240] Dit kan baie sterk waargeneem word uit die werke van Robert Peel, wat op sy beurt weer as die bouer van postmoderne polisiëring gesien word.[241]

Robert Peel, ook bekend as Bobby,[242] kan waarskynlik as die mees invloedryke persoon in die ontwikkeling van moderne polisiëring beskou word. Peel het homself omring met mense wat soortgelyke idees gehuldig het aangaande die behoefte vir 'n formele polisiemag.[243] As politikus het Peel die nodige politieke invloed gehad terwyl hy op Charles Rowan, 'n voormalige kolonel in die weermag,[244] gesteun het vir strategiese opinies en beplanning. Richard Mayne, 'n prokureur en vertroueling van Peel, se fokus was die strewe na vrede en regverdigheid.[245]

Die basis vir Peel se benadering was 'n terugkeer na die Anglo-Saksiese benadering van burgerlike verantwoordelikheid vir beveiliging.[246] In

---

was. Toegang tot fondse en toerusting was 'n merkbare bekommernis vir Cilquhoun, wat gemeen het dat misdaad nooit suksesvol bekamp sou kon word sonder die nodige hulpmiddels en personeel wat voldoende vergoed en beskerm word nie.

238 Cilquhoun *Police of the Metropolis* 42. Sien ook Stead *Pioneers in Policing* 51; Van Heerden *Introduction to Police Science* 23.

239 Stead *Pioneers in Policing* 54.

240 Van Heerden *Introduction to Police Science* 25.

241 Stead *Pioneers in Policing* 82; Van Heerden *Introduction to Police Science* 25; Wroblreski en Hess *Introduction to Law Enforcement and Criminal Justice* 11.

242 Bezuidenhout *Die Houdings van Manlike en Vroulike Polisiebeamptes* 48. Die moderne verwysing na polisiebeamptes as "Bobbies" is afkomstig van die Robert Peel se bynaam "Bobby". Reeds gedurende die vroeë 1800's het die gemeenskap geredelik na 'n Bobby verwys as 'n lid van Peel se polisiemag. Die naam het vasgesteek en vind selfs vandag nog aanwending. Sien ook Emsley *Policing and its Context* 59.

243 Stead *Pioneers in Policing* 82.

244 Van Heerden *Introduction to Police Science* 27.

245 Stead *Pioneers in Policing* 93.

246 Wroblreski en Hess *Introduction to Law Enforcement and Criminal Justice* 10.

teenstelling met hierdie benadering, het Peel egter sterk gesteun op Cilquhoun se redenasie dat 'n formele mag daargestel behoort te word, maar dat dit uit burgerlike personeel moet bestaan om weg te doen met die negatiewe persepsie van militêre onderdrukking.[247] Beide Peel en Mayne se beskouing was dat hierdie voorgestelde mag die Middeleeuse benadering van voorkoming eerder as *ex post facto* bestrawwing moes nastreef.[248] Mayne het voortgegaan deur vertoë oor die rol van so 'n polisiemag in 'n demokratiese samelewing aan die parlement te rig.[249]

Die parlement en staatsowerhede was aanvanklik nie ontvanklik vir hierdie revolusionêre veranderinge nie, maar na verskeie onsuksesvolle pogings en projekte is die voorstel deur Robert Peel vir die daarstelling van 'n polisiemag in Londen, byna sonder teenstand, in Junie 1829 aanvaar as die *Metropolitan Police Act*, 1829.[250] Hierdie wetgewing was baie oorsigtelik van aard. Dit het voorsiening gemaak vir die aanstel van twee regters aan die stuur van hierdie mag, wat later na kommissarisse verander is.[251] Alhoewel Peel steeds van mening was dat dit 'n diens eerder as 'n mag moes behels, was die benadering dat so 'n diens deur opleiding en visie tog sou realiseer. Die Londen Metropolitaanse Polisie, onder leiding van Rowan en Mayne, is positief ontvang deur die gemeenskap en het eindelik ook daarin geslaag om die respek en vertroue van die gemeenskap te wen.[252] Die riglyne soos gestel deur Peel, Rowan en Mayne word steeds in die moderne polisiedienste van

---

247 Van Heerden *Introduction to Police Science* 26. Sien ook Stead *Pioneers in Policing* 83.

248 Wroblreski en Hess *Introduction to Law Enforcement and Criminal Justice* 11.

249 Stead *Pioneers in Policing* 92.

250 *Metropolitan Police Act*, 1829. Robert Peel het gedurende hierdie verwikkelinge as Minister van Binnelandse Sake opgetree, waarvan gemeenskapsbeveiliging 'n onderafdeling was. Sien ook Wroblreski en Hess *Introduction to Law Enforcement and Criminal Justice* 12; Stead *Pioneers in Policing* 87; Van Heerden *Introduction to Police Science* 25.

251 Stead *Pioneers in Policing* 87. Peel het hierdie posisies gevul deur Charles Rowan en Richard Mayne aan te stel. Dit was sy hoop dat die militêre kennis van Rowan en die juridiese benadering van Mayne 'n goed gebalanseerde mag daar sou stel.

252 Stead *Pioneers in Policing* 93.

Brittanje gehuldig as versiende en onderhoudend ten opsigte van ’n gemeenskapgesentreerde polisiëringsbenadering.[253]

2.2.2.4 Franse grondslae

2.2.2.4.1 Staatsregtelike en sosiale samestelling van Frankryk

Soortgelyk aan Brittanje, het die vroeë beskawings in die gebied wat tans Frankryk uitmaak, onder die beheer van die Romeinse Ryk geval.[254] Die Romeine het veral baie waarde geheg aan die stad Gallië wat een van die kernstede van die Romeinse Ryk in die Weste uitgemaak het.[255] Die Franke, onder leiding van Koning Clovis I, het egter in 486nC die laaste oorblyfsels van die Romeinse Ryk verdryf en die Monroviaanse Koninkryk tot stand gebring.[256] Die koninkryk het egter nie Clovis I se dood in 511nC oorleef nie en dit het tot ’n herverdeling van die koninkryk tussen sy kinders gelei.[257]

Hierdie tydperk het grootliks gepaard gegaan met aanslae vanuit die Islamitiese lande in die Ooste. Dit het gevolglik gelei tot ’n fokus op die bedreigings van buite die koninkryke en nie interne veiligheidskwessies nie. Die verdeelde koninkryke is verenig deur Koning Charlemagne in 771, alhoewel die samestelling van die staatstruktuur steeds

---

253 Van Heerden *Introduction to Police Science* 27.

254 De Klerk *Die Opkoms van Europa* 11. De Klerk dui daarop dat die Romeinse Ryk veral ’n houvas gehad het op die territorium wat vandag Noordelike Frankryk uitmaak.

255 Jones *Illustrated History of France* 30. Jones dui aan dat die Romeine daarop gefokus het om die omliggende areas om Gallië te destabiliseer eerder as om Gallië self te ontwikkel tot ‘n gefortifiseerde stad. Dit is geag as ‘n meer effektiewe uitoefening van beheer as om die stad op te bou en ‘n teiken vir verowering daar te stel. Die destabilisering was veral gemik teen die Germaanse volke in die Suide van Frankryk, die Kimbri en die Teutons. Gevolglik het die staatsbestel van Gallië ‘n militaristiese outokrasie behels en het dit geredelik met die onderdrukking van regte en vryhede gepaardgegaan.

256 Tilly *Medieval France* 256.

257 Die verdeling het vier koninryke daargestel naamlik Parys, Orleans, Soissons en Rheims. Sien De Klerk *Die Opkoms van Europa* 19. De Klerk dui aan hoe hierdie verdeling van die koningryk tot ’n verswakking van die Frankiese Ryk gelei het.

gedesentraliseerd was.[258] Hy het groot dele van die hedendaagse Frankryk, Duitsland en Spanje verower en die oorblywende magte van die Romeinse Ryk met groot sukses verdryf. Die fokus het egter steeds op eksterne veiligheid gebly, aangesien aanvalle deur die Vikings ook grootskaalse verwoesting aan die kuslyn van Frankryk gesaai het.[259]

Hierdie gedesentraliseerde staatstruktuur van Frankryk het vir die volgende seshonderd jaar voortbestaan. Die monargale staatsbestel is versterk deur die monargale mag wat beide familiaal en godsdienstig begrond is.[260] Tussen ongeveer 1247 en 1789 het die Franke daarin geslaag om 'n werkende en effektiewe staatstruktuur op die been te bring.[261] Owerhede is grootliks op plaaslike vlak saamgestel en het in die meeste gevalle omvattende en onbeheersde mag gehad.[262] Die eerste sentraal-gestruktureerde weermag is eers onder Koning Charles VII in 1428, geskep wat verreikende gevolge gehad het vir alle veiligheidsmagte in Frankryk.[263]

Plaaslike owerhede het oor quasi-onafhanklike status beskik en was verantwoordelik vir die daaglikse bestuur van dorpe. Die Koning het egter van plek tot plek koninklike gesante afgevaardig om toesig te hou en om sentralisering te bevorder, maar die grootste invloed het egter

---

258 Mckitterick *The Frankish Kingdoms under the Carolingians* 78. Mckitterick meen dat ongeag die vereniging van die koninkryke die oorloggedrewe verowering van ander nasies voortgegaan het en dat hierdie regeringswyse wat reeds vanaf 714nC geheers het, voortgesit is tot en met ongeveer 814nC.

259 Jones *Illustrated History of France* 70.

260 Hallam *Capetian France* 192. Die skrywer benadruk dit dat alhoewel die monargie en godsdienstige groepe nie oor die weg gekom het nie, het die konings Louis VI en Louis VII gepoog om die godsdienstige groepe teen hulle vyande en staatsinmenging te beskerm. Dit het uiteindelik gelei daartoe dat die kerke die monargie ondersteun het, wat teweeg gebring het dat kerke respek vir die koninklike huis gepropageer het.

261 Price *A Concise History of France* 40.

262 Tilly *Medieval France* 141. Tilly dui daarop dat hierdie tydperk een van armoede en oorloë was en dat die staat gevolglik die noodsaaklike verskaf het, maar minimaal ontwikkel het.

263 Hassal *France Mediaeval and Modern* 66. Hierdie herstrukturering van veiligheidsmagte is teweeggebring nadat Koning Charles VII deur 'n goedfunksionerende en gestruktureerde Engelse weermag verslaan is en hy die nodigheid vir die vereniging van al die stamme en onafhanklike koninkryke se weermagte besef het.

steeds vanuit die Katolieke Kerk gekom, wat plaaslike owerhede ook beïnvloed het. Die tydperk tussen 1552 en 1648 is veral gekenmerk deur verskeie oorloë wat die algemene ontwikkeling van die staat en die gemeenskap ernstig gekniehalter het.[264]

Met die aanbreek van die sewentiende eeu het Frankryk 'n tydperk van kolonialisering binnegegaan. Frankryk het dele van Oos-Europa, Noord-Amerika, Indië, Noord-Afrika en verskeie Karibiese-areas beset.[265] Die kolonialisering het die Franse leefwyse en staatsbestel in hierdie lande gevestig, en het Frankryk terselfdertyd 'n wêreld- en seemoondheid gemaak. Frankryk was opnuut gewikkel in oorloë op verskeie fronte, waaronder Nederland, Spanje, Portugal en 'n aantal Britse areas. Teen die laat sewentienhonderds het die Franse Verligting[266] egter posgevat met gemeenskapsteenstand teen die onderdrukkende monargale beheer. Hierdie verligting het die toon aangegee vir wydverspreide ontwikkeling in Frankryk wat sou duur tot in die negetiende eeu met die uiteindelike uitbreek van die Franse Revolusie.[267]

Die onderdrukking van die laer klasse deur monargale beheer is uiteindelik gebreek met die daarstelling van 'n Nasionale Vergadering in 1789.[268] Die poging van monargale magte om die Nasionale Vergadering

---

264 De Klerk *Die Opkoms van Europa* 173. Hierdie oorloë het bekendgestaan as die Godsdiensoorloë.

265 Jones *Illustrated History of France* 163.

266 Acton *Lectures on the French Revolution* 6. Die Franse Verligting verwys na die beweging wat monargale beheer en onderdrukking teengestaan het en konstitusionalisme en 'n gemeenskapsbeheerde regering nagestreef het. Dit het gepaardgegaan met die ontwikkeling en uitbreiding van die beginsel dat alle persone oor regte en vryhede beskik. Jeremy Black beskryf dit soos volg: *"[During the enlightenment] some thinkers, especially Frenchmen and members of some religious minorities, believed that existing authorities were an active restraint on the quest of reason and adopted critical views accordingly.*" Sien Black *Eighteenth Century Europe* 209.

267 Maurois *A History of France* 260. Die sogenaamde Verligting het oor 'n aantal jaar reeds momentum opgebou, maar teen die 1790's het die Franse gemeenskap hulself op die rand van 'n onafwendbare revolusie bevind. Ten einde die dreigende rewolusie te probeer keer, het die staat 'n onderdrukkende benadering tot die Verligtingsbeweging ingeneem, wat uiteraard die gemeenskap se behoefte vir verandering verder aangevuur het.

268 Price *A Concise Historyof France* 93. Dit is teweeg gebring deur grootskaalse konflik en geweld tussen regsgeleerdes wat verandering geeis het en die

omver te werp het tot grootskaalse betoging en geweld gelei. Op 14 Julie 1789 is regerende hooggeplaastes in openbare geweld om die lewe gebring en teen Oktober 1789 het die hele Franse koninklike familie uit die land gevlug.[269]

Die Verklaring van die Regte van die Mens en Burger is deur die Nasionale Vergadering aanvaar, wat die weg gebaan het vir die aanvaarding van die Grondwet van 1791, die daarstelling van die Franse Republiek en 'n omvattende herstrukturering van die staat. Hierdie voorspoed was egter van korte duur. In 1799 het Napoleon 'n staatsgreep uitgevoer en homself as heerser van Frankryk aangekondig.[270] Onder Napoleon het Frankryk verskeie oorloë ervaar terwyl Napoleon homself as Keiser van die Franse Ryk aangewys het en grootskaalse onderdrukking teweeggebring het.[271] Na afloop van Napoleon se leierskap is die Monargie op twee geleenthede weer herstel, alhoewel dit van korte duur was. Teen die middel negentienhonderds is 'n Presidensiële sisteem egter aanvaar, alhoewel die Franse Ryk, met verskeie kolonies, steeds voortbestaan het. Die presidensiële sisteem het stabiliteit verseker en Frankryk in die twintigste eeu ingelei.[272]

2.2.2.4.2 Die ontwikkeling van polisiëring in Frankryk

In navolging van verskeie ander vroeë Middeleeuse samelewings, het Frankryk ook geredelik van militêre mag gebruik gemaak om interne en eksterne bedreigings te beveg. In teenstelling met die stand van sake gedurende dieselfde periode in die konstitusionele monargie van

---

ondersteuners van monargale beheer wat daarin gepoog het om die Koningshuis in stand te hou.

269 Jones *Illustrated History of France* 182.

270 De Klerk *Die Opkoms van Europa* 394.

271 Morris *Napoleon* 106. Morris beskryf die regeringstyd van Napoleon as beide chaoties en welvarend. Die welvaart van Frankryk was egter beperk tot militêre aanslae, terwyl die chaotiese staatstruktuur en plaaslike regerings gesukkel het om stabiliteit te bewerkstellig op die tuisfront.

272 Hayes *Political and Social History of Modern Europe* 331.

Engeland, het Frankryk as 'n funksionerende staatsadministrasie en absolute monargie 'n professionele en gesentraliseerde stelsel daargestel.[273] Die daadwerklike ontwikkeling in die veld van 'n polisiëringsgerigte benadering word egter toegeskryf aan die Napolitaanse tydperk.[274] Alhoewel die polisiebegrip reeds sedert 1667 in gebruik was met Koning Louis XIV se instelling van die amp van Luitenant van Polisie,[275] is hierdie rol gekenmerk deur 'n baie omvattende en wye interpretasie van die polisiebegrip, wat 'n groter mate van verpligtinge as dié van kontemporêre polisie behels het

Die Luitenant van Polisie, as staatsfunksionaris, was onder andere getaak met toesighouding oor die markte, voedselvoorrade, industrieë en die onderdrukking van prostitusie.[276] Teen die middel 1700's het hierdie georganiseerde groep ter regulering van Parys tot 'n kragtige mag ontwikkel.[277] Geklee in militêre uniforms en gewapen, het hierdie eenheid onder 'n streng prosedurele kode gefunksioneer, waarvolgens wangedrag en arbitrêre optrede nie geduld is nie. In 1760 is verskeie van die polisiëringspligte, veral patrollies van hoofweë en stede, weereens oorgedra aan die weermag vanweë kosteoorwegings.[278]

---

273 Emsley *Policing and its Context* 8. Die absolute monargie wat Frankryk tentoongestel het, het behels dat die Koninklike huis absolute beheer oor die regering van die staat uitgeoefen het en gevolglik alle gesag gesentraliseer het. Dit het bygedra tot 'n administratiewe stelsel wat goed gefunksioneer het en effektief was. Dit is wel beskryf as oordrewe burokraties, maar het ongeag absolute beheer oor die werksaamhede van owerhede op alle vlakke uitgeoefen.

274 Stead *Pioneers in Policing* 64.

275 Die Franse term *lieutenant général de police de la ville* het in realiteit verwys na die administrasie van Parys, Frankryk. Sien in hierdie verband Emsley *Policing and its Context* 8.

276 Emsley *Policing and its Context* 8.

277 Miller 1986 *American Bar Foundation Research Journal* 339. Dit word bereken dat hierdie mag so sterk as drieduisend man was, waarvan die oorgrote meerderheid in regulatoriese hoedanigheid opgetree het, eerder as patrollies en misdaadbestryding.

278 Emsley *Policing and its Context* 11.

2.2.2.4.3 Die ontstaan van die professionele Franse polisie

Teen die einde van die laat agtiende eeu, is 'n mag genaamd de *maréchaussée* in die lewe geroep deur 'n koninklike ordonnansie[279] op die vooraand van die Franse Revolusie.[280] Dit het al die verskeie polisiëringsgerigte eenhede en magte verenig onder een naam en is in Februarie 1791 weer hernoem as die *Gendarmerie Nationale*.[281] Wat die instelling van hierdie paramilitêre diens belangrik maak vir die verdere ontwikkeling van polisiëring is die feit dat dit statutêr in die lewe geroep is, met 'n burgerlike beveiligingsdoel en dat die lede, die aanstelling van die lede en hulle optrede ook ooreenkomstig hierdie wetgewing gereguleer is.[282] Dit het onder andere 'n ouderdomsbeperking en 'n voorvereiste van militêre opleiding daargestel, asook 'n duidelike mandaat neergelê.[283]

Napoleon het, met die aanvang van sy regeringstydperk, die *Gendarmerie Nationale* as welgestruktureerd en effektief beleef.[284] Die benadering wat Napoleon gevolg het, is grootliks vergelykbaar met die van Augustus in die Romeinse Ryk. Die Napolitaanse aanslag het reg deur die revolusie steeds die militêre benadering behou.[285] Gevolglik het hierdie mag as 'n politieke wapen in die invordering van politieke

---

279 Koninklike Ordonnansie, 28 April 1778.

280 Die Franse Revolusie het plaasgevind tussen 1789 en 1799.

281 Mousnier *Institutions of France* 108.Emsley *Policing and its Context* 33. Hierdie naam het sedertdien nog verskeie veranderinge ondergaan, om aan die onderskeie politieke regimes se behoeftes te voldoen. Hierdie vorm egter die basis van die moderne gesentraliseerde polisiemag waaroor Frankryk tans beskik. Alhoewel hierdie *Gendarmerie Nationale* deel vorm van die Franse militêre veiligheidsmagte, beskik dit egter oor 'n burgerlike of siviele mandaat in samewerking met die nasionale polisie, die *Police Nationale.*

282 Emsley *Policing and its Context* 33.

283 Stead *Pioneers in Policing* 65. Die bepalings het vereis dat lede van die *Gendarmerie Nationale* strate moes patrolleer en misdadigers moes aankeer. Dit het spesifiek verwys na onder andere moord, roof, diefstal, oproerigheid, vandalisme en sodomie as oortredings wat aangespreek moes word.

284 Stead *Pioneers in Policing* 66. In 'n brief aan sy swaer meen hy dat *"the Gendarmerie* [personifisering van die Gendarmerie Nationale] *is an organisation all on it's own...It is the most efficious way of maintaining the tranquillity of a country; it is surveillance half-civil, half-military, spread over the whole surface, which makes the most precise reports".*

285 Emsley *Policing and its Context* 39.

intelligensie 'n groot rol in stabilisering van interne veiligheidskwessies gespeel. Met die afplatting van die politieke struwelinge het die behoefte rakende polisiëring ook verander.

In 1818 is die *Gendarmerie Nationale* in sy oorspronklike vorm ontbind en onder die Weermag opgeneem as Militêre Polisie.[286] Die burgerlike take van polisiëring is egter deur die *la police générale* voortgesit, wat nie meer deel uitgemaak het van die militêre veiligheidsmagte nie, maar onder die Ministerie van Binnelandse Sake geressorteer het.[287] Dit het die weg gebaan vir die daarstelling van 'n permanente en gestruktureerde burgerlike mag in die vorm van 'n polisiemag, om polisiëring aan die hand van statutêre bepalings te verrig. In Julie van 1966 is 'n addisionele nasionale polisiemag, genaamd *Police Nationale*, egter op die been gebring met die uitsluitlike mandaat om stedelike polisiëring te behartig.[288]

Die *Police Nationale* is so gestruktureer om parallel met die gemilitariseerde *Gendarmerie Nationale* te funksioneer en algemene polisiëringsverpligtinge, misdaadondersoeke en verkeersregulering op veral plaaslike vlak waar te neem.[289] Dit het grootliks van die *Gendarmerie Nationale* verskil deurdat dit spesifiek nie op 'n paramilitêre polisiëringsmodel gebaseer is nie en vir hierdie rede onder die Ministerie van Binnelandse Sake geplaas is.[290] Teen 1983 is hierdie twee nasionale magte aangevul deur Munisipale Polisie wat veral in metropolitaanse gebiede ingestel is.[291]

---

286 Pulling 1962 *Police Journal* 263.

287 Emsley *Policing and its Context* 53.

288 Miller 1986 *American Bar Foundation Research Journal* 341.

289 Bowden 1978 *British Journal on Law and Society* 85; Jammes 1982 *Police Journal* 113. Dit is egter belangrik om te noem dat die *Police Nationale* hoofsaaklik getaak is met polisiëring in stede, terwyl dorpe en landelike gebiede steeds onder die mandaat van die *Gendarmerie Nationale* geval het. Sien in hierdie verband Jammes 1983 *Police Studies* 3.

290 Hunter 1990 *Police Studies* 121.

291 Kania 1989 *Police Studies* 125

In 2002 is die *Gendarmerie Nationale* egter weer met burgerlike polisiëringsverpligtinge getaak en gedeeltelik onder die bevel van die Minister van Verdediging, en gedeeltelik onder die Minister van Binnelandse Sake geplaas.[292] Tans funksioneer die *Gendarmerie Nationale* as 'n spesialiseenheid vir die handhawing van openbare orde en die bestryding van terrorisme, openbare oproerigheid en maritieme operasies, terwyl die *Police Nationale* steeds getaak is met algemene polisiëringsfunksies.[293]

Die belang van die *Gendarmerie Nationale* is veral daarin geleë dat hierdie styl van polisiëring deur die koloniale beheer van Frankryk oor vele state in Europa en Afrika, steeds die grondslag van polisiëring uitmaak in baie ander state. Dit het 'n pertinente invloed op Algerië, Benin, Burkina-Faso, Burundi, Kameroen, Tsjad, Gaboen, Madagaskar, Mali, Mauritanië, Senegal en Togo gehad, en maak steeds vandag die basis van hierdie state se polisiëringstelsel uit.[294] Die invloed van die *Gendarmerie* kan ook duidelik waargeneem word in ander Europese state en het vir die grootste deel van die twintigste eeu die grondslag van Duitsland, Nederland, Griekeland, België en Swede se polisiemagte uitgemaak.[295] Dit het ook as grondslag gedien vir die ontwikkeling van polisiëringsmodelle in Rusland en Italië, alhoewel die toepassing van hierdie sisteem van korte duur was.[296]

---

292 Die *Gendarmerie Nationale* het gevolglik 'n onkonvensionele samestelling in vergelyking met polisiemagte van ander state. Dit vervul 'n tweeledige rol en oorskrei gevolglik die tradisionele onderskeid tussen polisiëring en militêre aktiwiteite. Sien in hierdie verband Gobinet 2008 *International Journal for Police Science and Management* 455.

293 Hunter 1990 *Police Studies* 121. Die aanwending van die *Gendarmerie Nationale* is verder gebaseer op 'n provinsiale en mobiele struktuur. Die provinsiale afdelings van die *Gendarmerie Nationale* ondersteun die onderskeie polisiedienste op plaaslike en provinsiale vlak met die bekamping en ondersoek van misdaad, terwyl die mobiele *Gendarmerie Nationale* gereedheid handhaaf om enige nasionale- of gemeenskapsoproerigheid te behartig. Sien ook Jammes 1983 *Police Studies* 3.

294 Sien in hierdie verband Kania 1989 *Police Studies* 125; Elliot-Bateman 1979 *Police Journal* 179.

295 Pulling 1962 *Police Journal* 264; Fijnaut 1990 *Police Journal* 340; Dilip 1994 *Police Journal* 157.

296 Miller 1986 *American Bar Foundation Research Journal* 342.

Vanuit die bogenoemde kan die invloed van die Franse benadering tot polisiëring duidelik waargeneem word. Dit word gevolglik beskou as een van die belangrikste modelle van polisiëring ter wêreld, en maak steeds die grondslag van verskeie state se benadering tot polisiëring uit.

2.2.2.5 Ander Europese modelle van polisiëring

Dit is opvallend hoe skrywers geredelik die ontwikkeling van die moderne polisiëringsbegrip aan Engeland en Frankryk alleen toeskryf. Waar verwys word na ander Europese lande, word dit kortliks en byna in die verbygaan gedoen.[297] Tog het dieselfde behoeftes tot gemeenskapsordening in ander vroeë beskawings bestaan en het hulle ook dienooreenkomstig 'n oplossing nagestreef. Vanweë die feit dat minimale literatuur in Afrikaans of Engels oor ander state in Europa se polisiëring ontwikkeling bestaan, word hierdie ontwikkelings slegs kortliks hieronder bespreek.

Spanje het op soortgelyke voorbeelde van vroeë munisipale beskerming aan die hand van die *Hermandades* of "broederskap" in die vroeë 12de eeu voortgebou.[298] Dit het ontstaan as gevolg van 'n gebrek aan beskerming deur die veiligheidsmagte van die koning en is daargestel deur die verkiesing van gewapende jong individue ten einde die gemeenskap te beskerm. Die lede van die broederskap het die mandaat van die gemeenskap ontvang en was gesamentlik verantwoordelik vir die beveiliging van die omgewing. Gevolglik het dit bekend geword as 'n "gesamentlike en gedelegeerde" wyse van beveiliging.[299] Alhoewel hierdie inisiatief veronderstel was om van korte duur te wees, het dit

---

297 Bezuidenhout *Die Houdings van Manlike en Vroulike Polisiebeamptes* 41. Sien ook Van Heerden *Introduction to Police Science*; Wroblreski en Hess *Introduction to Law Enforcement and Criminal Justice* en Bayley *Police and Society* wat geensins aandag skenk aan die ontwikkeling of selfs bestaan van die Franse polisie gedurende dieselfde tydperk as dié van Engeland nie.

298 Livermore *A History of Spain* 140.

299 Adams *The Heritage of Spain* 29. Hierdie "broederskappe", alhoewel eintlik gefokus op die beskerming van die dorpe van herkoms, het mettertyd ontwikkel tot weermag-sterkte eenhede wat selfs gereed was om saam met die Spaanse weermag oorlog te voer.

egter ontwikkel om uiteindelik ŉ groot rol in die beskerming van die koninkryk te speel.[300] Die broederskapsbewegings van verskillende dorpe en munisipale areas het saamgespan om groter areas te dek en veral om pelgrimsreisigers en hoofweë te beskerm.[301]

Teen die regeringstyd van Koning Ferdinand en Koningin Isabella,[302] is ŉ sogenaamde *Santa Hermandad* of "Heilige Broederskap" gestig ten einde as amptelike nasionale polisiemag op te tree in samewerking met die munisipale broederskappe. Na die ontbinding van die Heilige Broederskap in 1835[303] het Spanje verskeie aspekte van die Engelse en Franse polisiëringsisteme in gebruik geneem en tot so ŉ mate aangepas om te voldoen aan die behoeftes van die Spaanse regering en gemeenskap. In 1844 is die *Guardia Civil*[304] geskep om die polisiëringsrol in Spanje te vervul. Die invloed van die Franse polisiëringsmodel op die *Guardia Civil* was duidelik sigbaar uit die paramilitêre aard wat dit aangeneem het.[305] In die daaropvolgende vyftig jaar het Spanje ook die Engelse burgerlike polisiebenadering nagevolg deur drie ander polisiemagte, naamlik die *Policia Armanda*,[306] die *Cuerpo Superiour de la Policia*[307] en die *Policia Municipal*[308] te skep.[309] In 1941 is ŉ verdere mag, die *Policia armanda y de trafico*[310] geskep om die *Guardia Civil* te komplimenteer.[311] Deur die daarstelling van soveel magte is ŉ gedesentraliseerde polisiëringstelsel geskep ingevolge

---

300 Livermore *A History of Spain* 188.
301 Merin *Spain* 68.
302 Jackson *The Making of Medieval Spain* 181. Koningin Isabella het die troon bestyg in 1474 enkele jare nadat sy in die huwelik getree het met haar neef, Koning Ferdinand, wat in 1479 die troon van Aragon-Catalonia oorgeneem het. Hierdie word geag as waarskynlik van die magtigste huwelik in die Spaanse geskiedenis.
303 Bertrand en Petrie *The History of Spain* 235.
304 "Siviele wag".
305 Elliot-Bateman 1979 *Police Journal* 179.
306 "Gewapende Polisie".
307 "Klandistiene Polisie".
308 "Munisipale Polisie".
309 Hudson 1988 *Police Journal* 54.
310 "Landelike Gewapende en Verkeerspolisie".
311 Macdonald 1987 *Police Studies* 16.

waarvan almal onafhanklik van mekaar gefunksioneer het.[312] Hierdie sisteem het die Monargale staatstruktuur weerspieël en het met arbitrêre uitoefening van mag gepaardgegaan.

Met die aanvaarding van die Parlementêre Demokrasie in 1978, het Spanje se polisiëringstelsel 'n daadwerklike klemverskuiwing na demokratiese polisiëring gemaak en deur middel van artikel 104 van die *Spaanse Grondwet*, 1978 grondwetlike beskerming aan die nuwe styl van polisiëring verleen. Die *Policia armanda y de trafico* is geherstruktureer om die *Cuerpo Nacional de Policia*[313] te vorm ingevolge waarvan hierdie polisiemag 'n burgerlike polisiediens uitmaak en gevolglik wegbeweeg van die paramilitêre aard van die verlede.[314] Die oorblywende polisiemagte, buiten vir die *Policia Municipal,* is ook opgeneem in die *Guardia Civil* om sodoende in die huidige struktuur voorsiening te maak vir twee gesentraliseerde nasionale polisiemagte wat in samewerking met verskeie munisipale polisiemagte werk.[315] Die *Guardia Civil* het ook sy paramilitêre status behou en bied gevolglik gespesialiseerde openbare orde en teen-terrorisme komponente, terwyl die konvensionele polisiëring deur *Cuerpo Nacional de Policia* en munisipale polisiemagte behartig word.[316]

Alhoewel die Spaanse ontwikkeling van die polisiëringsbegrip deur dieselfde fases as die Engelse stelsel beweeg het, naamlik individuele en groepsbeskerming,[317] was dit van aansienlike korter duur en meestal

---

312 Recasens 1999 *European Journal of Crime, Criminal Law and Criminal Justice* 397. Die outeur dui aan dat Spanje 'n voorbeeld is van hoe die politiese stand van sake in 'n staat die polisiëringsbenadering grootliks beinvloed. Hy dui spesifiek op hoe die demokratisering van Spanje die polisiëringsisteem vernuwe het.

313 "Nasionale Polisie-korps".

314 Macdonald 1987 *Police Studies* 17.

315 Bayley 1979 *Crime & Justice* 124.

316 Recasens 1999 *European Journal of Crime, Criminal Law and Criminal Justice* 406; Das 1995 *Policing International Journal* 160.

317 Sien afdeling 2.2.2.3.2.1 van hierdie proefskrif.

gebaseer op reseptering van ander state se reeds ontwikkelde stelsels.[318]

In Italië is die vroegste verskynsel van polisiëring die sogenaamde *Carabinieri Reali* wat in 1814 op die been gebring is en wat grootliks op die paramilitêre model van die Franse *Gendarmerie Nationale* gefundeer is.[319] Alhoewel hierdie mag as effektief beskou is, het die behoefte egter ontstaan dat 'n professionele en burgerlike mag die stede moet beskerm. Italië het hierdie behoefte aangespreek met die daarstelling van die *Polizia di Stato*[320] in 1848, die *Arma dei Carabinieri*[321] in 1868, en die *Corpo della Regia Guardia di Finanza*[322] in 1881. Elkeen van hierdie magte het op nasionale vlak gefunksioneer, terwyl dit sedert 1949 ondersteun is deur provinsiale polisiemagte,[323] sowel as munisipale polisiemagte.[324]

Italië se nasionale polisiemagte is hoogs gesentraliseerd en militaristies begrond en gebruik beide militêre uniform en rangstelsels, sowel as militêre werkswyses.[325] Die provinsiale en munisipale polisiemagte is egter burgerlik van aard. Dit maak gevolglik voorsiening vir 'n

---

318 Bayley 1992 *Crime and Justice* 519.

319 Dunnage *The Italian Police and the Rise of Fascism* 2. Dit is grootliks gebaseer op die invloed wat Napoleon tydens sy besetting van Italië nagelaat het.

320 "Staatpolisie". Hierdie polisiemag is getaak met algemene polisiëringspligte en is burgerlik van aard. Die *Polizia di Stato* word ook beskou as die polisiedepartement wat toesig oor alle polisieaktiwiteite in Italië uitoefen. Sien in hierdie verband Gounev *et al Better Management of EU Borders Through Cooperation* 286.

321 Die *Arma dei Carabinieri* is 'n Militêre-polisiekorps wat ook getaak is met burgerlike polisieverpligtinge. Hierdie polisiemag ressorteer onder die Italiaanse Departement van Verdediging. Sien ook Pulling 1962 *Police Journal* 264.

322 Bowden 1978 *British Journal on Law and Society* 87. Hierdie polisiemag is getaak met die beskerming van staatsfinansies en enige misdrywe wat daarmee verband hou. Hierdie polisiemag is steeds vandag funksionerend en speel toenemend 'n rol in die bekamping van bedrywighede wat finansieël gedrewe is, byvoorbeeld georganiseerde misdrywe en terrorisme.

323 Pulling 1962 *Police Journal* 267.

324 Roodenburg *Social Control in Europe* 265.

325 Bowden 1978 *British Journal on Law and Society* 87. Die outeur dui daarop dat die polisiemagte nie slegs op militaristiese werkswyses en uniform steun nie, maar dat die *Arma dei Carabinieri* inderdaad onder die Minister van Verdediging ressorteer. Sien ook Hunter 1990 *Police Studies* 120; Recasens 1999 *European Journal of Crime, Criminal Law and Criminal Justice* 397.

uiteenlopende benadering tot polisiëring, terwyl die jurisdiksies van elke polisiemag mekaar oorvleuel.[326] Vir hierdie rede word voorsiening gemaak vir beide territoriale jurisdiksie, sowel as substantiewe jurisdiksie wat elkeen se fokus en bevoegdhede bepaal.[327]

Die Duitse grondslae met betrekking tot polisiëring is hoofsaaklik gebaseer op die Franse *Gendarmerie Nationale* wat ook so nagevolg is as 'n staatsgesentreerde aktiwiteit tot en met die aanbreek van die Nazi era.[328] Tydens die Tweede Wêreldoorlog is die polisiemagte in Duitsland verenig onder 'n enkele polisiemag. Die verdeling van Duitsland na die Tweede Wêreldoorlog het egter tot twee uiteenlopende benaderings tot polisiëring gelei, waarvan die Duitse Demokratiese Republiek, algemeen bekend as Oos-Duitsland, 'n onderdrukkende paramilitêre benadering, gebaseer op Nazi-polisiëring voortgesit het, terwyl die Federale Republiek van Duitsland, ook bekend as Wes-Duitsland, 'n burgerlike benadering met onderskrywing aan fundamentele regte nagestreef het.[329]

Die hereniging van Duitsland as 'n federale republiek in 1990 het 'n indrukwekkende herstrukturering van die polisie ingesluit. Alhoewel die polisiemagte in Duitsland toenemend gestandaardiseer word, bestaan geen nasionale polisiemag nie, en word hierdie verpligting aan elkeen van die sestien state van Duitsland opgedra.[330] Die bevoegdhede, verpligtinge en take word deur elke staat bepaal onderhewig aan nasionale riglyne. Duitsland beskik wel oor 'n Duitse Federale Polisie[331] wat nasionaal werksaam is, maar nie die tradisionele werksaamhede van polisiemagte vervul nie. Dit bied eerder 'n nasionale koördineringskapasiteit om die individuele state se polisiëring[332] aan te

---

326 Bayley 1992 *Crime and Justice* 519.
327 Bayley 1972 *Law and Society Review* 94.
328 Cao 2001 *European Journal of Crime, Criminal Law and Criminal Justice* 167.
329 Pulling 1962 *Police Journal* 268; Fairchild 1984 *Police Studies* 191.
330 Bayley 1979 *Crime & Justice* 129.
331 *Kriminalpolizei.*
332 *Volkspolizei.*

vul, veral met betrekking tot die bekamping van terrorisme en openbare onrus.[333] Die Duitse Federale Polisie beskik dus nie oor 'n toesighoudingsbevoegdheid oor die onderskeie State se polisie nie, maar bied slegs ondersteuning waar nodig.[334] Gevolglik volg Duitsland nie 'n gesentraliseerde federale polisiestelsel op nasionale vlak nie, maar eerder 'n gesentraliseerde staatspolisiestelsel ingevolge waarvan elke onderskeie staat 'n deurslaggewende rol speel in die sentralisering van polisiebeheer en -regulering.[335]

2.2.3 Samevatting: Europese ontwikkeling

Die antieke beskawings het van vroeg af die behoefte getoon om die samelewing te reguleer.[336] Alhoewel die deursnee benadering die aanwending van die weermag was, kan die behoefte om 'n burgerlike oplossing vir 'n burgerlike probleem te vind ook vroeg waargeneem word.[337] Die siening en filosofie aangaande so 'n mag het van beskawing tot beskawing verskil, maar het tog soortgelyke ontwikkeling meegebring. Die behoefte aan selfbeskikking het nie die begeerte tot regulering gedemp nie.

Met die aanvang van die Middeleeue is die staatsgesentreerde benadering op die agtergrond geskuif en die rol van die gemeenskap en individu in die regulering van die gemeenskap ontbloot.[338] Tog is teruggeval op die sentralisering van hierdie verpligting en het dit gou tot onderdrukkende magsbeheptheid gelei.[339]

Die Engelse en Franse se rolle in die daarstelling van die hedendaagse konsep van polisiëring as 'n gestruktureerde staatsgereguleerde

---

333 Fairchild 1984 *Police Studies* 196.
334 Harlan 1997 *International Journal of Police Strategies and Management* 537.
335 Cao 2001 *European Journal of Crime, Criminal Law and Criminal Justice* 170.
336 Sien afdeling 2.1 van hierdie proefskrif.
337 Sien afdeling 2.2.1 van hierdie proefskrif.
338 Sien afdeling 2.2.2.2.1 van hierdie proefskrif.
339 Sien afdeling 2.2.2.2.2 en 2.2.2.2.3 van hierdie proefskrif.

instelling wat onderworpe is aan die reg, is opmerkbaar. Vanuit twee uiteenlopende uitgangspunte het hierdie lande 'n grootskaalse invloed op Europa en Afrika se ontwikkeling van polisiëring gehad.[340] In die kontemporêre tydperk toon die Engelse benadering egter steeds 'n meer burgerlike en gedesentraliseerde aanslag in teenstelling met die Franse gesentraliseerde en paramilitêre benadering. Dit bied dus twee goedgevestigde polisiebenaderings wat die grondslag van meeste lande se polisiestelsels uitmaak.

2.2.4 *Die Suid-Afrikaanse ontwikkeling*

Die ontwikkeling van die polisiëringsbegrip in Suid-Afrika het in 'n groot mate dieselfde roete van ontwikkeling as dié in Engeland gevolg. Tog het pertinente gebeure, soos veral die wisseling van Nederlandse en Britse bewind aan die Kaap, sowel as die Groot Trek hierdie ontwikkeling gediversifiseer en oor 'n tydperk van ongeveer tweehonderd jaar versprei.[341]

2.2.4.1 Wet en orde in die vroeë Kaap

Die ontdekkingsreise en die gevolglike ontwikkeling van 'n halfwegstasie aan die Kaap van Goeie Hoop het nie alleen die Westerse beskawing na die Kaap gebring nie, maar ook verskeie struwelinge.[342] Konflik tussen tradisionele Afrika-stamme en die ontdekkingsreisigers het selfs voor die aankoms van Jan van Riebeeck in 1652 tot spanning en lewensverlies gelei.[343] Hierdie toedrag van sake het aanleiding gegee tot die

---

340 Wroblreski en Hess *Introduction to Law Enforcement and Criminal Justice* 17. Sien ook Bezuidenhout *Die Houdings van Manlike en Vroulike Polisiebeamptes* 41. Meeste Westerse lande, insluitende die Verenigde State van Amerika, Switserland, Spanje, Nieu-Seeland, Australië, Kanada en Duitsland se huidige polisiëringstelsels kan toegeskryf word aan die grondslae wat die Middeleeuse Engeland en Frankryk daargestel het. Sien ook Van Heerden *Introduction to Police Science* 19.

341 Bezuidenhout *Die Houdings van Manlike en Vroulike Polisiebeamptes* 54.

342 Van Jaarsveld *Van Van Riebeeck tot Voster* 158.

343 Van Aswegen *History of South Africa* 68. Sien ook Kruger *Geskiedenis van Suid-Afrika* 35.

daarstelling van Krygswette, soos afgekondig deur Van Riebeeck, in 'n poging om vrede en 'n ordelike samelewing aan die Kaap daar te stel.[344]

Ten tye hiervan het geen gesentraliseerde of georganiseerde polisiemag bestaan nie en was dit die plig van elke individu om sy eie veiligheid te verseker.[345] Die oneffektiwiteit van hierdie sisteem het egter vinnig geblyk en teen Desember 1652 is die eerste staatsfunksionaris vir veiligheid, 'n sogenaamde "geweldiger", aangestel om wet en orde te handhaaf.[346] Alhoewel hierdie aanstelling geredelik geag word as die eerste verskyning van 'n "polisiebeampte" binne die Suid-Afrikaanse konteks,[347] is dit kwalik versoenbaar met die doel en rol van polisiëring.[348] Die omvang van sy pligte het teweeg gebring dat "bandiete",[349] wat uit die Kaap verban is, aangewys is om hom by te staan.[350]

Die situasie het voortdurend versleg en teen 1669 is 'n Fiskaal[351] aangestel om op te tree as regsprekende beampte, sowel as om die

---

344 Van Heerden *Introduction to Police Science* 19.

345 Hierdie situasie stem grootliks ooreen met die stand van sake in Middeleeuse Engeland, waar individuele en kollektiewe beveiliging plaasgevind het.

346 Bezuidenhout *Die Houdings van Manlike en Vroulike Polisiebeamptes* 51. Hierdie benaming verwys na die "verkryging van die oorhand" en is dus dienooreenkomstig aangewend binne die omvang van gemeenskapsordening.

347 Bezuidenhout *Die Houdings van Manlike en Vroulike Polisiebeamptes* 51.

348 Hierdie funksionaris was 'n enkele individu. Alhoewel sy pligte moontlik ooreenkomste ingehou het met dié van die moderne polisiëringsbegrip, was hy 'n enkele individu wat meestal daarop gefokus het om die vrede te handhaaf en voorkomend op te tree.

349 Van Jaarsveld *Van Van Riebeeck tot Voster* 32. Hierdie rol is meestal vervul deur Oosterlinge wat na die Kaap verban is om tronkstraf of selfs permanente verbanning uit te dien.

350 Verskeie ooreenkomste tussen hierdie "geweldiger"-stelsel en die Scythian-slawe kom duidelik na voor. Weereens is individue, wat nie as "vryburgers" geag is nie, aangewend om veiligheid en sekuriteit te verseker. Dit dui op die persepsie van die rol wat vervul moes word. Bezuidenhout *Die Houdings van Manlike en Vroulike Polisiebeamptes* 51.

351 Die Fiskaal het direk onder die Here XVII, die beheerraad van die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie, geressorteer en het gevolglik opgetree aan die hand van die bevoegdhede wat aan hom verleen is deur die Here XVII. Dit moet egter beklemtoon word dat die Fiskaal nie as 'n staatsamptenaar, soos beskou in die kontemporêre konteks, beskou kan word nie, maar eerder slegs 'n afgevaardigde beampte van die Here XVII om 'n bestuursfunksie van die halfwegstasie aan die Kaap op te tree. Sien ook Pauw 1980 *JSAL* 42.

effektiewe administrasie van gemeenskapsbeveiliging te verseker.[352] Hy kon vryburgers aanwys om hom in hierdie take by te staan en hierdie aanstellings is gewoonlik uit die geledere van oudsoldate gemaak. Ter ondersteuning hiervan het die Burgerraad besluit op die instelling van 'n nagwagstelsel en later het 'n hawe-wagstelsel gevolg. Al hierdie sisteme is geïmplementeer op die basis van die "*hue and cry*"-stelsel wat teen hierdie tyd reeds goedgevestigde praktyk in groot dele van Europa was.[353]

2.2.4.2 Die eerste polisie in Suid-Afrika

Die Kaap van Goeie Hoop is gedurende 1795 deur die Britte verower, wat die gedeelde Nederlandse-Franse owerheid van die Kaap vervang het met 'n Britse militêre beheerstruktuur.[354] Teen die einde van 1798 is die Kaap deur Generaal-Majoor Dundas in wyke verdeel. Wyksleiers[355] is aangestel en gevolglik is teruggeval op die kollektiewe benadering tot beveiliging deur die daarstelling van 'n gedesentraliseerde stelsel.[356] Verskeie kleiner groepe[357] het die landelike en dorpsgebiede gepatrolleer, maar op die lang duur is oneffektiewe en onopgeleide groepe vryburgers aangestel, eerder as 'n georganiseerde mag.[358] Dit het

---

352 Weereens word hierdie Fiskaal beskryf as 'n beampte wat oor polisiëringsfunksie en bevoegdhede beskik. Dit word weereens duidelik gestel dat dit nie akkuraat is aan die hand van die moderne polisiëringsbegrip nie. Sien byvoorbeeld Bezuidenhout *Die Houdings van Manlike en Vroulike Polisiebeamptes* 51.

353 Van Heerden *Introduction to Police Science* 29. Sien ook afdeling 2.2.2.2.1 van hierdie proefskrif. Dit het algemeen bekend gestaan as die Burgerwag en het vanaf sonsopkoms tot negeuur saans waak gehou. Die Wag is saamgestel uit Engelse, Hollanders en Maleiers.

354 Du Bruyn en Wessels 2009 *Journal for Contemporary History* 67. In 1795 is Nederland tydens die Napoliaanse-oorlog deur die Franse beset, en as 'n gevolg het Frankryk ook aanspraak gemaak op die Kaap van Goeie Hoop, ten einde 'n halfwegstasie vir hul skepe te verseker. In antwoord hierop het Brittanje daarin gepoog om Frankryk op alle fronte teen te staan, en gevolglik beheer van die Kaap geneem. Sien ook Potgieter 2001 *Historia* 191.

355 "Wyksmeesters".

356 Bezuidenhout *Die Houdings van Manlike en Vroulike Polisiebeamptes* 51. Sien ook Van Heerden *Introduction to Police Science* 29.

357 Die groepe wat hieronder val was onder andere die ratelwag, die burgerwag en die wykmeesters-sisteem.

358 Van Heerden *Introduction to Police Science* 29 en Bezuidenhout *Die Houdings van Manlike en Vroulike Polisiebeamptes* 52 vergelyk albei hierdie

nie verbeter tot en met die promulgasie van Ordonnansie 2 van 1840 deur die Britse owerheid nie. Ingevolge die ordonnansie is 'n Kaapstadse Polisiemag in die lewe geroep.[359] Alhoewel dit steeds 'n gedesentraliseerde mag was, het dit inderwaarheid die weg gebaan vir die skepping van Suid-Afrika se eerste gestruktureerde en amptelike polisiemag.

Op soortgelyke wyse het Natal,[360] as Britse gebied, aanvanklik 'n Wykstelsel genaamd die *Burrough System* gebruik aangesien geen amptelike polisiemag bestaan het nie. Dit het behels dat die wykshoofde of sogenaamde *Burrough Police*, as koördineerder opgetree het vir alle individuele beskermingsaktiwiteite wat die inwoners van die omgewing onderneem het.[361] Tussen 1883 en 1892 is geleidelik weggedoen met hierdie vorm van polisiëring en is dit vervang met 'n aantal gedesentraliseerde polisiemagte, waaronder die *Local Board Police Force*, die Magistraat Bantu Polisie, die Landdros Patrollie Polisie en die Water Polisie.[362] Hierdie sisteem het gefragmenteerd gefunksioneer tot en met die vereniging van al die polisiemagte in 1904 onder 'n enkele mag, genaamd die Natal Polisie.[363]

---

ongeorganiseerde magte met Fielding se "*Bow Street Runners"*. Dit moet genoem word dat die *Bow Street Runners* 'n mate van opleiding in strafregtelike beginsels en ondersoekmetodes toegepas het, terwyl die beweerde eweknieë in die Kaap nie dieselfde vernuf aan die dag gelê het nie.

359 Ordonnansie 2 van 1840. Die mag het bekend gestaan as die *Cape Constabulary of Executive Police of Cape Town.* Dit het ook algemeen bekend gestaan as die *Executive Police of Cape Town.*

360 Natal is in 1497 ontdek deur Vasco de Gama, 'n Portugese seereisiger, waarna 'n Portugese halfwegstasie geskep is. Natal verwys na die portugese begrip vir "Kersfees". In 1839 is 'n Boererepubliek in Natal geskep, maar in 1843 is Natal deur die Britte geanekseer. Die Britse Natal het verskeie aanslae deur die Boere gedurende 1899-1902 deurstaan en het 'n Britse-gebied gebly tot en met die opname van Natal in die Unie van Suid-Afrika. Sien Wassermann 2011 *Scientia Militaria* 26.

361 Bezuidenhout *Die Houdings van Manlike en Vroulike Polisiebeamptes* 56.

362 Van der Merwe 1997 *Servamus* 46.

363 Van Heerden *Introduction to Police Science* 35.

Gedurende die bogenoemde ontwikkelinge in die Kaap, het die Groot Trek reeds die vestiging van die Republiek van die Vrystaat[364] en die Republiek van Transvaal[365] teweeggebring.[366] Alhoewel die Trek self nie gekenmerk is deur misdaad nie, het die ontdekking van grondstowwe in die Vrystaat en Transvaal die daarstelling van gestruktureerde veiligheidsmagte genoodsaak.[367]

In 1880 is die eerste Vrystaatse gestruktureerde polisiemag[368] in die lewe geroep deur Ordonnansie 2 van 1880[369] en teen 1882 is die eerste speurafdeling binne hierdie polisiemag gevestig.[370] Dit was 'n militêr-gebaseerde mag wat bewapen was om alle moontlike gebeurlikhede te kon trotseer. Gedurende die daaropvolgende twintig jaar het 'n verskeidenheid van kleiner groepe egter steeds die diverse behoeftes in die Transvaal probeer bevredig. Dit het tot en met 1900 voortgeduur voordat Transvaal deur middel van Proklamasie 24 van 22 Oktober 1900

---

364 Die Republiek van die Oranje-Vrystaat is in 1854 gevestig as 'n selfregerende gebied, onafhanklik van Britse beheer. Dit het gevolg op ongeveer twee dekades van besetting deur verskeie Britse magte wat gepoog het om die gebied onder Britse bevel te verenig. Die Republiek van die Oranje-Vrystaat het konstante groei beleef na die ontdekking van diamante. In 1900 is die Vrystaat deur Britse magte beset en ingevolge Proklamasie 24 van 22 Oktober 1900 deur Generaal-Majoor Baden-Powell as Britse gebied verklaar. in 1908 het Vrystaat weereens onafhanklikheid verkry en dit is behou tot en met die inlywing van die Oranje-Vrystaat as Provinsie in die Unie van Suid-Afrika, in 1910. Sien Bezuidenhout *Die Houdings van Manlike en Vroulike Polisiebeamptes* 51. Van Heerden *Introduction to Police Science* 55.

365 Transvaal as Republiek, is gedurende die 1850's geskep as 'n gebied wat onafhanklik van Britse beheer kon funksioneer as die Zuid-Afrikaanse Republiek (ZAR). In 1877 is die ZAR egter deur Britse magte geanekseer, maar weereens onafhanklikheid gebied in 1881. Met die ontdekking van goud in Transvaal het die Britse aanslag teen Transvaal opnuut begin, maar Transvaal het onafhanklikheid behou tot en met 1902, toe dit onder Britse beheer geplaas is. Transvaal is uiteindelik as provinsie van die 1910 Unie van Suid-Afrika verklaar. Sien Bergh 1996 *Historia* 12.

366 Die Groot Trek het gestrek van ongeveer 1835 tot 1846. Die spesifieke datums en tydperk van die Groot Trek word geredelik betwis tussen historici, maar die laasgenoemde datum bied die mees omvattende tydperk. Tydens die trek het die gemeenskap van Trekboere nie gebruik gemaak van enige gestandaardiseerde of formele veiligheidsmag nie. Individuele en kollektiewe beskerming het dus gegeld. Sien in hierdie verband De Klerk 2009 *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 658.

367 Van Heerden *Introduction to Police Science* 33.

368 Kimberley Polisie, ook bekend as *Griekwa-Wes Polisie*.

369 *Vrystaatse Ordonnansie* 2 van 1880.

370 Bezuidenhout *Die Houdings van Manlike en Vroulike Polisiebeamptes* 51. Van Heerden *Introduction to Police Science* 33.

'n gestruktureerde polisiemag daargestel het.[371] Hierdie mag het bekendgestaan as die *South African Constabulary* of *de Zuid-Afrikaansche Konstabelmacht.* 'n Aantal sporadiese veranderinge het gevolg met die vestiging van die *Transvaal Police*[372] in 1908 deur die samesmelting van die *Transvaal Town Police*[373] en die *South African Constabulary.*

Die Kaap, Oranje Vrystaat, Natal en Transvaal het elkeen die benadering van gedesentraliseerde polisiëring op jurisdiksionele en institusionele vlak voortgesit tot en met die Uniewording in 1910. Met die aanvaarding van die *Polisiewet* 5 van 1908[374] is die eerste stappe geneem om die verskillende dienste te verenig en in 1913 is dit suksesvol afgehandel met die amptelike skepping van die Suid-Afrikaanse Polisie.[375]

Tot en met die uiteindelike sentralisering van al die provinsiale magte, het Suid-Afrika grootliks 'n voorkomende styl van polisiëring gebruik wat in 'n meerdere mate gebaseer was op die Europese styl van die tyd.[376] Teen die agtergrond van die individuele en kollektiewe beveiligingsbeginsel, het Suid-Afrika tog 'n vinniger ontwikkeling na 'n gestruktureerde mag ondergaan as die Europese sisteme wat reeds ontwikkeld was.[377] Die aanslag was egter steeds baie militêr van aard en alhoewel dit institusioneel en struktureel 'n polisiemag weerspieël het,

---

371 Van Heerden *Introduction to Police Science* 33.

372 *Transvaal Police Act* 5 of 1908.

373 Proklamasie 15 van 1901. Die *Transvaal Town Police* het Pretoria, Johannesburg en die Witwatersrand bedien. Geen polisiediens het op die platteland bestaan nie, en gevolglik is inwoners oorgelaat aan buurtwagstelsels of individuele beskerming. Sien Bezuidenhout *Die Houdings van Manlike en Vroulike Polisiebeamptes* 55.

374 *Polisiewet* 5 van 1908.

375 Proklamasie 18 van 1913.

376 Bezuidenhout *Die Houdings van Manlike en Vroulike Polisiebeamptes* 57.

377 Sien afdeling 2.2 van hierdie proefskrif.

was die aanslag onwetenskaplik[378] en gefokus op die uitbouing van militêre mag[379] sonder 'n polisiëringsbenadering.

Die laasgenoemde benadering het voortgeduur onder die Unie, deur die Republiekwording en Apartheidsera tot en met die demokratiseringsproses. Tydens die grondwetlike herstrukturering van die vroeë 1990s het 'n daadwerklike verskuiwing na 'n diens- en gemeenskapsgesentraliseerde polisiëring plaasgevind.[380]

2.2.5 *Samevatting: Historiese ontwikkeling van die polisiëringsbegrip*

Die geskiedenis van die polisiëringsbegrip lê opgesluit in eeue van ontwikkeling, wat verskeie lande en vroeë samelewings insluit.[381] Dit toon ooreenstemmende ontwikkeling, praktyke en benaderings in die najaging van 'n gemeenskaplike behoefte.

Die meeste antieke en Middeleeuse beskawings is gekenmerk deur 'n oorheersende rol wat die weermag in die handhawing van veiligheid gespeel het. Geen onderskeid is getref tussen bedreigings van buite of dié van binne die gemeenskap nie.[382] Tog toon die Grieke 'n vroeë benadering tot die daarstelling van 'n afsonderlike mag, wat nie militêr van aard is nie. Dié Griekse benadering gaan so ver as om te bepaal dat dit nie eens vanuit burgerlike geledere saamgestel behoort te word nie, ten einde korrupsie en knoeiery te voorkom.[383] Die Romeine se benadering was egter baie meer militaristies en gevolglik ook gestruktureerd. Dit het aanleiding gegee tot 'n goedgestruktureerde

---

378 Van Heerden *Introduction to Police Science* 34.

379 *Politiewet* 14 van 1912; *Zuid Afrika Verdedigingswet* 13 van 1912. Ingevolge hierdie statutêre bepalings kon die nuutgevonde polisiemag gemobiliseer word as militêre ondersteuning indien die behoefte sou opduik. Dit is juis daarop gemik om die staat te beveilig en gevolglik kan hierdie benadering as 'n staatsgesentreerde polisiebenadering geklassifiseer word.

380 Leggett 2003 *ISS* 1.

381 Wroblreski en Hess *Introduction to Law Enforcement and Criminal Justice* 5.

382 Sien afdeling 2.2.1 van hierdie proefskrif.

383 Sien afdeling 2.2.1.1.3 van hierdie proefskrif.

veiligheidsadministrasie, alhoewel die veiligheidsmagte opsigself nie baie effektief geag is nie.

Die Middeleeue is gekenmerk deur individuele en kollektiewe beveiliging. Die staat het geen bydrae gelewer in die alledaagse beveiliging van die gemeenskap nie en het hoofsaaklik gekonsentreer op die militêre beveiliging van die land.[384] In Engeland het gemeenskappe, soortgelyk aan dié in Frankryk, saamgespan om oortreders teen te staan en die onmiddellike gemeenskap te beskerm. Die uitbreiding van die samelewing het egter 'n groter behoefte aan veiligheid meegebring en die staat genoodsaak om in te gryp. Tog het beide Engeland en Frankryk se monargieë die onvermoë getoon om weg te beweeg van die militêre aanslag en kort voor lank het onderdrukkende praktyke gevolg.[385]

Teen die einde van die Middeleeue het die beste belang van die gemeenskap erkenning begin geniet en as 'n gevolg het polisiëring ontwikkel as 'n gemeenskapsgeoriënteerde, eerder as 'n gemeenskapsonderdrukkende strategie. Die ontwikkelinge wat tussen 1700 en 1900 in Europa plaasgevind het, kan algemeen aanvaar word as die grondslae van die vroeë kontemporêre polisiëringsbegrip en dien steeds as maatstaf in die huidige tydsgewrig.

2.3 *Die definisie van die begrippe "polisie" en "polisiëring"*

Die begrippe "polisie" en "polisiëring", alhoewel nou verbonde, omskryf verskillende fasette in die strewe na 'n ordelike samelewing.[386] Beide het direkte betrekking op die veiligheidsmagte wat hiermee getaak is en speel ook 'n ondersteunende rol tot mekaar. "Polisie" verwys na die institusionele samestelling, terwyl polisiëring met verwysing na die

---

384 Sien afdeling 2.2.2.2 van hierdie proefskrif.
385 Sien afdeling 2.2.2.3.1 van hierdie proefskrif.
386 Pakes *Comparative Criminal Justice* 27.

aktiwiteite en prosedurele bedrywighede van die laasgenoemde instelling gebruik word.[387]

Vanuit die voorafgaande historiese bespreking is dit reeds duidelik dat die terminologie aangaande polisiëring, soortgelyk aan die institusionele ontwikkeling, ook 'n lang en diverse ontwikkeling ondergaan het. Vanweë die feit dat polisiëring in die algemeen so nou verbonde is aan die ontwikkeling van die gemeenskap, kan geargumenteer word dat die terminologie voordurend ontwikkel ten einde beste uiting te gee aan die behoefte van die gemeenskap. Gevolglik sou verder aangevoer kon word dat 'n dinamiese en breë interpretasie gevolg behoort te word om voldoende voorsiening te maak vir die diverse aard van polisiëring.

2.3.1 *"Polisie"*

2.3.1.1 Historiese ontwikkeling van die begrip: "Polisie"

Die historiese terminologiese oorsprong van "polisie" is reeds in hierdie hoofstuk teruggespeur na die Griekse en Romeinse antieke kulture.[388] Daar is aangetoon dat al die Griekse terme, naamlik *polis*,[389] *polites*[390] en *politeia*[391] 'n gemeenskapsgeoriënteerde en selfs staatsregtelike grondslag het. Die samevoeging van hierdie konsepte beliggaam die vroeë Griekse gemeenskappe se siening ten opsigte van die belangrikheid van die beskerming van die gemeenskap, sowel as waar hierdie funksie tuishoort. Gevolglik lê dit die klem op die gemeenskap,

---

387 Pakes *Comparative Criminal Justice* 27.*"Police refers to the institution – the force or the service.*"

388 Sien afdeling 2.2.1 van hierdie proefskrif.

389 Wroblreski en Hess *Introduction to Law Enforcement and Criminal Justice* 10. Die woord beteken "stad". Die outeur dui aan dat die bewoording *polis* gedui het op alle vorme van openbare administrasie vanweë die feit dat daar nie 'n onderskeid getref is in terme van spesialisfunksies nie. Emsley *Policing and its Context* 3. Polis kan ook vertaal word as "stadstaat" of "burgerstaat".

390 Bezuidenhout *Die Houdings van Manlike en Vroulike Polisiebeamptes* 4.

391 Emsley *Policing and its Context* 2: *The Greek πολιτεία (politeia) meant all matters affecting the survival and welfare of the polis."* Dit word ook aangewend met verwysing na die Republiek en is die naam van Plato se skriftelike werke oor geregtigheid.

die individue sowel as hul gesamentlike oorlewing. Dit onderskryf dus die belang van individuele en kollektiewe deelname[392] aan die beskerming van die gemeenskap, terwyl die sentrale rol van die staat in versekering van veiligheid bevestig word.

Die grondslae van die gesentraliseerde stelsel is egter meer sigbaar uit die Romeinse ontwikkeling. Alhoewel beide die individuele en kollektiewe beskerming aanwesig was, is die staat se rol in gemeenskapsordening egter so belangrik geag dat terminologie ter beskrywing daarvan ontwikkel het.[393]

Uit die bogenoemde ontleding kan die algemene inhoud van die begrip "polisie" waargeneem word. Dit is duidelik dat dit 'n staatsinstelling moet wees. Dit behoort nie 'n privaat inisiatief te wees nie en moet gereguleer en befonds word as deel van die staatsadministrasie.[394] Tog moet dit terselfdertyd 'n gemeenskapsvriendelike funksionaris wees, met burgerlike of siviele eienskappe, en dus nie van 'n militêre aard nie.[395] Die funksie wat die instelling moet verrig, moet nie net tot die staat se veiligheid beperk wees nie en moet ook elke individu en die gemeenskap as 'n kollektief van individue bedien.

Gevolglik is die konklusie dat die historiese siening behels het dat die begrip polisie 'n siviele diensgerigte staatsinstelling impliseer wat getaak is om die gemeenskap en samelewing as geheel te beskerm.

---

392 Vir individue om effektiewe veiligheid daar te stel, is groepering en kollektiewe optrede essensieël. Die belang is sigbaar in die daarstelling van 'n staatsbestel wat gebaseer is op groepering in die vorm van 'n *polis* wat die vermoë daargestel het om kollektief ondersteunend en beskermend te kan wees.

393 Bezuidenhout *Die Houdings van Manlike en Vroulike Polisiebeamptes* 3. Hierdie begrip word algemeen aanvaar as verwysend na die polisieburokrasie wat uiteindelik in die Romeinse antieke gemeenskappe as "die lang arm van die gereg" bekend gestaan het. Sien ook Van Heerden *Introduction to Police Science* 13. 'n Alternatiewe betekenis vir *politia* is ook "siviele" of "burgerlike" administrasie.

394 Wroblreski en Hess *Introduction to Law Enforcement and Criminal Justice* 10.

395 Emsley *Policing and its Context* 97.

2.3.1.2 Die hedendaagse inhoud van die begrip: “Polisie”

Voor duidelikheid verkry kan word oor ’n definisie van die begrip polisiëring, moet die basiese vorm van hierdie begrip eerstens ondersoek word. Polisie maak deel uit van die alledaagse taal, maar kan in verskeie fasette van die samelewing toepassing vind.[396]

Die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal[397] definieer “polisie” as ’n:

> Afdeling van die staatsdiens belas met die regulering en beheer van sake met betrekking tot die handhawing van openbare veiligheid, wet en orde, en die oplos en voorkoming van misdaad.[398]

Die Verklarende Afrikaanse Woordeboek bevat ’n soortgelyke omskrywing van “polisie” as ’n “Afdeling van die staatsdiens vir die bewaring van die openbare orde”.[399] Die polisie word ook verder as ’n versamelnaam van polisielede beskryf.[400]

Hierdie definisies onderskryf verskeie aspekte van die antieke en Middeleeuse sienings,[401] deurdat dit spesifiek verwys na die polisie as ’n afdeling van die staatsdiens, terwyl die werksaamhede waarna die definisies verwys, dui op die uitsluitlike rol van die polisie om openbare veiligheid te verseker en misdaad te beveg.

Die Engelse vertaling van polisie, of te wel *“police”*, is meer kompleks vanweë die verskillende gebruiksvorme wat dit kan aanneem, afhangende van die konteks.[402] Op institusionele vlak stem dit grootliks

---

396 Van Heerden *Introduction to Police Science* 12.

397 Odendal en Gous *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*.

398 Odendal en Gous *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* 859.

399 Labuschagne en Eksteen *Verklarende Afrikaanse Woordeboek* 931.

400 Labuschagne en Eksteen *Verklarende Afrikaanse Woordeboek* 931: “Gesamentlike naam vir dié amptenare”.

401 Sien afdeling 2.2.1 en 2.2.2 van hierdie proefskrif.

402 Die Engelse begrip *“police”* kan as vertaling van beide “polisie” en “polisiëring” gebruik word, afhangende van die konteks. Dit kan dus as selfstandige naamwoord en werkwoord gebruik word. Vir doeleindes van hierdie hoofstuk

ooreen met die Afrikaanse definisie. Volgens die Oxford English Dictionary[403] kan *police* omskryf word as:

> *The civil force of a state responsible for the prevention and detection of crime and the maintenance of public order.*[404]

Die Oxford English Dictionary verskaf ook verdere verbandhoudende definisies,[405] alhoewel dit nie grootliks van die bogenoemde verskil nie. Wanneer *"police"* egter as werkwoord in 'n meer sosiale konteks aangewend word, kan dit as regulerende handelinge of aktiwiteite geïnterpreteer word.[406] Dit kan dus die regulering van enige faset van die samelewing behels en omskryf dus nie noodwendig slegs aktiwiteite ter bestryding van misdaad nie. Tog het hierdie begrip deur die eeue ontwikkel as sinoniem met die bestryding en bekamping van misdaad.[407] Dit is opmerklik dat die siviele of burgerlike aard van die polisie, sowel as die toeskrywing van hierdie plig aan die staat, weereens pertinent vermeld word.

Die term "polisie" is dus die versamelnaam van die staatsfunksionarisse wat onder 'n staatsdepartement ressorteer en wat daarmee getaak is om gemeenskapsbeveiliging daar te stel, sowel as openbare orde te

---

word die onderskeid tussen die selfstandige naamwoord (die institusionele aard) en die werkwoord (die polisiëringsbedrywighede) beklemtoom.

403 Soanes en Stevenson *Oxford Dictionary of English.*

404 Soanes en Stevenson *Oxford Dictionary of English* 1361. Sien ook Murray *et al The Oxford English Dictionary* 1069: "*The civil force which is entrusted the duty of maintaining public order, enforcing regulations for the prevention and punishment of breaches of the law, and detecting crime"*. Die laasgenoemde definisie is egter moeilik om te vereenselwig met die moderne konsep van die polisie. Alhoewel daar plekke ter wêreld mag voorkom waar die polisie verantwoordelik is vir die straf van veroordeelde oortreders, word dit algemeen aanvaar as buite die pligte van die polisie se mandaat.

405 Soanes en Stevenson *Oxford Dictionary of English* 1361.*"The department of government which is concerned with the maintenance of public order and safety, and the enforcement of the law."; "Any body of men officially instituted or employed to keep order, enforce regulations"; "In extended use as the second element in compounds: a group of people seen as regulating or enforcing rules in a specified aspect of life."; "A department of a government or state concerned with maintaining public order and safety, and enforcing the law".*

406 Soanes en Stevenson *Oxford Dictionary of English* 1362.*"The regulation and control of a community; the maintenance of law and order, provision of public amenities".*

407 Van Heerden *Introduction to Police Science* 12.

verseker. Wat egter nie uit die Afrikaanse omskrywings duidelik afleibaar is nie, is of dit 'n siviele of burgerlike benadering daarstel. Die Engelse omskrywing dui egter ondubbelsinnig op die Europese standaard van 'n siviele mag.[408]

2.3.1.3 *Die inhoud van die begrip "Polisiëring"*

Van Heerden meen dat polisiëring 'n "dwingende aksie" behels ten einde ordelikheid of nakoming te verseker.[409] Uit die voorafgaande bespreking is so 'n opinie maklik regverdigbaar. Die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal[410] verskaf nie 'n definisie van "polisiëring" nie. Die Verklarende Afrikaanse Woordeboek[411] omskryf dit egter as die handhawing van wet en orde, die uitoefening van beheer, of regulering.[412] Die Oxford English Dictionary volg 'n soortgelyke benadering deur dit te definieer as:

> *The action of providing or organizing a police force or similar body for the maintenance of law and order; the maintenance of law and order by means of such a force.*[413]

Dit verwys dus na die aktiwiteite van die polisie en na die daarstelling van 'n mag vir die ordening van die samelewing. Dit kan egter ook beskryf word as *"the ordering, regulation, or administration of a state"*[414]

---

408 Sien afdeling 2.3.1.2 van hierdie proefskrif.

409 Van Heerden *Introduction to Police Science* 13. Die outeur meen: *"In the general sense, policing means coercive action of a certain sort"*. Om te polisieer behels enige mate van regulatoriese aktiwiteite. Met inagneming van die doel van die reg binne 'n samelewing, behels statutêre maatreëls en regspreking ook opsigself 'n mate polisiëring van 'n gemeenskap. Tot 'n mindere mate kan selfs openbare opinie en morele opvattings ordening van 'n gemeenskap behels, wat binne die breë opvatting van polisiëring mag ressorteer.

410 Odendal en Gous *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*.

411 Labuschagne en Eksteen *Verklarende Afrikaanse Woordeboek.*

412 Labuschagne en Eksteen *Verklarende Afrikaanse Woordeboek* 932.

413 Murray *et al The Oxford English Dictionary* 1070. Verdere definisies wat ook verskaf word is: "*the action of furnishing with a police force or the like for maintenance of law and order"; "the fact of being or acting as a policeman".*

414 Soanes en Stevenson *Oxford Dictionary of English* 1361. Sien ook Hornby en Ruse *Oxford Concise Dictionary* 1131: *"the activity of keeping order in a place with police".*

wat natuurlik 'n baie breër trefwydte van staatsbestuur impliseer. Ten einde duidelikheid omtrent die substans en omvang van polisiëring te bekom, behoort die holistiese benadering van David Bayley ook in ag geneem te word, deur vergelykend ondersoek in te stel na wat polisiëring in verskillende state behels. Hy meen:

> *None of these schemes does justice to the richness of police work. Here is a nearly exhaustive list of police functions, specifying at least one country where each is performed: (1) protecting life and property (U.S.); (2) enforcing the criminal law (Britain); (3) investigating criminal offenses (France); (4) patrolling public places (Germany); (5) advising about crime prevention (Canada); (6) conducting prosecutions (Britain); (7) sentencing for minor offenses (Germany); (8) maintaining order and decorum in public places by directing, interrupting, and warning (U.S.); (9) guarding persons and facilities (France); (10) regulating traffic (Norway); (11) controlling crowds (Germany); (12) regulating and suppressing vice (U.S.); (1 3) counseling juveniles (Netherlands); (14) gathering information about political and social life (France); (15) monitoring elections (Italy); (16) conducting counter-espionage (France); (17) issuing ordinances (Germany); (18) inspecting premises (Germany); (19) issuing permits and licenses (Britain); (20) serving summonses (Norway); (21) supervising jails (Norway); (22) impounding animals and lost property (Britain); (23) advising members of the public and referring them to other agencies (Scotland); (24) caring for the incapacitated (US.);(25) promoting community crime-prevention activities (Scotland); and (26) participating in policy councils of government (France).*[415]

Bayley se benadering, alhoewel redelik omvattend, toon uitsluitlik op die aktiwiteite wat deur polisiëring meegebring word. Dit dui egter nie op die onderliggende rede vir polisiëring nie.

Kontemporêre polisiekundiges, soos Adam Crawford,[416] Robert Reiner,[417] Phillip Stenning en Clifford Shearing[418] neem 'n wyer benadering tot polisiëring ten einde alle vorme daarvan te omskryf onder 'n enkele definisie. Crawford omskryf polisiëring uiters vaag wanneer hy meen:

> *'Policing' is defined as intentional action involving the conscious exercise of power or authority (by an individual or organisation) that is*

---

415 Bayley 1979 *Crime & Justice* 111.
416 Crawford *et al Plural Policing* 4.
417 Reiner *The Politics of the Police* 5.
418 Newburn *Policing* 266.

> *directed towards rule enforcement, the promotion of order or assurances of safety.*[419]

In antwoord hierop voer Reiner aan dat:

> *Policing cannot usefully be analysed as coterminous with social control but must be seen as a specific aspect of it. Policing implies the set of activities aimed at preserving the security of a particular social order, or social order in general. What is specific to policing is the creation of systems of surveillance coupled with the threat of sanctions… Policing, however, is arguably a necessity in any social order, which may be carried out by a number of different processes and institutional arrangements. A state-organized specialist 'police' organization of the modern kind is only one example of policing.*[420]

Wat opmerklik is met betrekking tot die twee voorafgaande definisies, is dat die tradisionele beginsels van die staat as sentrale rolspeler in polisiëring nie teenwoordig is nie. Dit verwys ook nie uitdruklik na die bekamping van misdaad nie, maar kies eerder 'n om vae uitdrukkings soos die "toepassing van mag of gesag" aan te wend.[421] Binne die konteks en oogmerk van hierdie proefskrif, kan hierdie benaderings gevolglik nie ondersteun word nie. Dit skep 'n onnodige mate van onduidelikheid, alhoewel dit tog die moontlikheid van differensiële[422] en privaatpolisiëring[423] ooplaat.

Polisiëring behoort, binne hierdie konteks, gevolglik omskryf te word as die samestelling en werksaamhede van 'n professionele instansie, met die uitsluitlike mandaat om openbare orde te handhaaf, misdaad te bekamp en te ondersoek en die veiligheid van die gemeenskap te verseker.

Wetstoepassing word geredelik as sinoniem van polisiëring aangewend. Dit spruit uit die Engelse begrip "*law enforcement*" wat substantief nou verbonde is aan "*policing*". Tog is die omskrywing van wetstoepassing

---

419 Crawford *et al Plural Policing* 4.
420 Reiner *The Politics of the Police* 3.
421 Newburn *Policing* 268.
422 Sien afdeling 3.2.4.1 van hierdie proefskrif.
423 Sien afdeling 3.3.2.4 van hierdie proefskrif.

heelwat meer beperk as dié van polisiëring deurdat dit slegs as die "toepassing van die vereistes van die wet" omskryf word.[424] Uiteraard sou die benadering dat wetstoepassing slegs die implementering van statutêre beginsels behels onpraktiese gevolge daarstel.[425] Myns insiens is die aanwending van die begrip "wetstoepassing" as sinoniem vir polisiëring ontoereikend, en behoort die begrip tot 'n subafdeling van wat polisiëring behels.[426] Die gebruik van "regstoepassing", in plaas van "wetstoepassing" sou waarskynlik 'n inhoudelik meer korrek wees. Gevolglik verwys "regstoepassing", soos *"law enforcement",* na alle fasette van afdwinging van die reg, en gevolglik "polisiëring" en nie slegs na die afdwinging van statutêre maatreëls nie.

2.4 *Samevatting*

Die behoefte om die samelewing te reguleer is so oud soos die vorming van gemeenskappe. Dit spruit histories uit verskeie sosiale, politieke en maatskaplike faktore en gevolglik het die handhawing van orde 'n noodsaaklikheid binne enige gemeenskap geword.[427] Alhoewel verskeie vorme van regulering of handhawing van orde oor 'n tydperk van eeue en talle nasies voorgekom het, was die gevolglike ontwikkeling meestal dieselfde. Die globaliserende aard van die kontemporêre era het hierdie

---

424 Labuschagne en Eksteen *Verklarende Afrikaanse Woordeboek* 1547.

425 Bezuidenhout *Die Houdings van Manlike en Vroulike Polisiebeamptes* 4. Indien die begrip ontleed word, blyk dit dat die trefwydte beperk is tot statutêre maatreëls, hetsy van nasionale, provinsiale of plaaslike aard. Dit sluit gevolglik nie gemeenregtelike regsreëls in nie en sou die insluiting van internasionale reg hieronder feitlik ondenkbaar wees.

426 Met inagneming van die beperkte omvang van die begrip "wetstoepassing", en die onvermoë om te voldoen aan die vereistes vir polisiëring soos hierbo gestel is, moet die letterlike interpretasie gevolg word en wetstoepassing as 'n onderafdeling of selfs werkswyse van polisiëring toegedeel word. Dit dui meer op 'n regulatoriese rol, ooreenstemmend met die vroeë Engelse ontwikkeling, wat meer gefokus was op pertinente regsreëls, as op die algemene handhawing van gemeenskaporde. Sien as voorbeeld vir die vroeë Engelse benadering: Wroblreski en Hess *Introduction to Law Enforcement and Criminal Justice* 10. Sien ook Bezuidenhout *Die Houdings van Manlike en Vroulike Polisiebeamptes* 4: Bezuidenhout meen dat: "...die polisie aan die hand van die funksies van polisiëring omskryf kan word as gemoeid met wetstoepassing, handhawing van wet en orde, insameling van inligting en die uitvoering van diensgeoriënteerde verpligtinge."

427 Robinson en Scaglion 1987 *Law and Society Review* 109.

voortdurende gemeenskaplike behoefte van gemeenskappe verder laat ontwikkel tot ŉ internasionale verskynsel bekend as die polisiewetenskap.[428]

2.4.1 *Ontstaan en ontwikkeling van die polisie*

Selfbeskerming kan as die grondslag van die beginsel van polisiëring beskou word, ingevolge waarvan elke persoon, gesin of area verantwoordelik is vir veiligheid van persone en eiendom.[429] Met die vorming van gestruktureerde gemeenskappe en daarmee saam dorpe en stede, het die behoefte na beskerming deur die staat ook ontwikkel.[430] Die antieke beskawings van Griekeland en Rome het grootliks die grondslag gelê vir die daarstelling van toegewyde veiligheidsmagte om orde in die gemeenskap te handhaaf en die veiligheid van burgers te verseker.[431] Alhoewel die Middeleeue se polisieontwikkeling in Europa vir ŉ tyd lank teruggekeer het na die beginsel van selfbeskerming, is die grondslag van die Grieke en die Romeine teen die aanbreek van die moderne era aangewend om die beginsels van ŉ professionele polisiemag na te streef.[432] Denkers soos Henry Fielding en Robert Peel was instrumenteel in die daarstelling van toegewyde polisiemagte wat die gemeenskap kon beskerm.[433] Alhoewel dit aanvanklik uit ŉ klein groepie vrywilligers bestaan het, het dit stelselmatig ontwikkel en is dit uiteindelik ondersteun deur wetgewing om dit te struktureer en die rol van die polisie te formaliseer.

Alhoewel die moderne polisiëringsbegrip geredelik aan Engeland toegeskryf word, het ander state in Europa soortgelyke ontwikkeling getoon.[434] Spanje, Italië en Duitsland het ook ŉ duidelike verskuiwing

---

428 Van Heerden *Introduction to Police Science* 13.
429 Sien afdeling 2.2.2.2.1 en 2.2.2.5 van hierdie proefskrif.
430 Sien afdeling 2.2.2.2.1 van hierdie proefskrif.
431 Sien afdeling 2.2.1 van hierdie proefskrif.
432 Sien afdeling 2.2.2.2.3 van hierdie proefskrif.
433 Sien afdeling 2.2.2.3.3 van hierdie proefskrif.
434 Sien afdeling 2.2.2.5 van hierdie proefskrif.

weg van selfbeskerming na staatsgereguleerde veiligheidsmagte gemaak, wat tot die uiteindelike daarstelling van polisiemagte gelei het. Hierdie ontwikkeling het ’n groot invloed op die ontwikkeling van die polisie in die Suid-Afrikaanse konteks gehad.[435]

Die ontdekking en vroeë ontwikkeling van die Kaap en Suid-Afrika het geskied aan die hand van Europese state wat ook deur Europese regeringvorms en polisiebeginsels vergesel is.[436] Die vroegste gemeenskappe aan die Kaap, soos later tydens die Groot Trek, was afhanklik van selfbeskerming of kollektiewe beskerming ten einde die veiligheid van hulle eiendom en lewens te verseker, terwyl die onderskeie regerings oor die algemeen hul weermagte aangewend het om veiligheid van die kant van die staat af te voorsien. Die vestiging en ontwikkeling van die infrastruktuur en dorpe het egter die nodigheid vir toegewyde individue gebring wat hierdie funksies namens die owerheid kon vervul en geskille in die gemeenskap kon aanspreek en het uiteindelik in die vorm van die *Fiskaal* gekom.[437] Verder uitbreiding van die gemeenskap het daartoe gelei dat die *Fiskaal* mettertyd opgevolg is deur die Wykstelsel, wat hierdie rol vervul het tot en met 1840, toe die eerste formele Kaapstadse Polisiemag op die been gebring is.[438]

Kort na hierdie ontwikkeling het die Transvaal, Natal en Oranje Vrystaat soortgelyke staatsveiligheidmagte daargestel wat in plek gebly het onder die regering van elke area tot en met die samesmelting van hierdie polisiemagte in 1913.[439] Dit het die eerste gesentraliseerde polisiemag in Suid-Afrika verseker en het die grondslag daargestel vir die kontemporêre polisiestruktuur in Suid-Afrika.

---

435 Sien afdeling 2.2.4 van hierdie proefskrif.
436 Sien afdeling 2.2.4.1 van hierdie proefskrif.
437 Sien afdeling 2.2.4.1 van hierdie proefskrif.
438 Sien afdeling 2.2.4.2 van hierdie proefskrif.
439 Sien afdeling 2.2.4.2 van hierdie proefskrif.

2.4.2 *Die omvang en belang van die begrippe polisie en polisiëring*

In samehang met die strukturele ontwikkeling wat deur die eeue plaasgevind het, het ’n duidelike omskrywing van begrippe soos polisie en polisiëring ook te voorskyn gekom. Uit die voorafgaande hoofstuk is dit duidelik dat ’n onderskeid tussen die institusionele samestelling, naamlik die polisie of polisiestruktuur, asook die werksaamhede van die polisie, naamlik polisiëring, getref moet word. Dit blyk ook verder dat hierdie aspekte interafhanklik is en nie in isolasie beskou kan word nie.[440]

Die polisie kan beskou word as die formele of strukturele formaat van die veiligheidsmagte wat daarmee getaak is om veiligheid en sekuriteit aan ’n gemeenskap te bied.[441] Uit die historiese ontwikkeling kan ’n sogenaamde tradisionele benadering tot die polisie afgelei word. Dit behels dat die polisie onder staatsgesag moet ressorteer en nie ’n vorm van selfbeskerming moet aanneem nie. Die staat moet dus die polisie daarstel en reguleer. Die polisie moet nie paramilitêr van aard wees nie en moet dus ’n burgerlike diens wees.[442] In teenstelling met ’n weermag moet dit daarop gerig wees om die gemeenskap as geheel te beskerm en nie alleenlik die staat nie. Dit moet gevolglik diensgerig wees ten einde ’n ordelike samelewing te verseker. Uiteraard vereis dit dat die polisie ’n toeganklike staatsinstelling moet wees ten einde om te sien na die behoeftes van die gemeenskap. Vanuit die *Scythian*-slawe benadering wat die Grieke gevolg het, kan verder ook aangevoer word dat dit verkieslik is dat die polisie oor ’n mate van onafhanklikheid beskik[443] ten einde onbehoorlike beïnvloeding deur die gemeenskap of staatsamptenare te voorkom.[444]

---

440 Sien afdeling 2.3 van hierdie proefskrif.
441 Sien ook verder hoofstuk 3 van hierdie proefskrif.
442 Sien afdeling 2.3.1.1van hierdie proefskrif.
443 Sien afdeling 3.4.1.4 van hierdie proefskrif.
444 Sien afdeling 2.2.1.1.3 van hierdie proefskrif.

Die tradisionele benadering tot polisiëring sluit baie sterk aan by die strukturele samestelling van die polisie. Dit bied 'n materiële of substantiewe grondslag waarop die polisie gefundeer word.[445] Deur al die stadia van ontwikkeling het polisiëring behels dat gemeenskapsorde gehandhaaf moet word. Dit behels die uitoefening van pligte om te verseker dat die gemeenskap veilig is en dat die samelewing nie in wanorde verval nie.[446] Dit het natuurlik histories die afdwinging van koninklike verordeninge of regsreëls behels en weerspieël in die kontemporêre samelewing 'n ooreenkomstige doel in die toepassing van die reg. Die wyse van polisiëring word ook beïnvloed deur die strukturele aard van die polisie deurdat die bogenoemde vereistes die diensgerigte en siviele aard van die polisie moet weerspieël.[447]

Die historiese ontwikkeling van die polisiëringsbegrip het gevolglik nie slegs strukturele belang gedra nie. Dit het bygedra om die belang en funksie van die polisie te bevestig en terselfdertyd 'n tradisionele benadering tot polisiëring te skep wat in die kontemporêre strukturering van die polisie en die uitoefening van die polisie se funksie steeds sigbaar is. In die hieropvolgende hoofstukke, word die institusionele[448] en substantiewe[449] ontwikkeling van die post 1913 Suid-Afrikaanse polisie ondersoek ten einde 'n kontemporêre relevansie, benadering en toepassing van polisiëring in 'n grondwetlike bedeling te kwalifiseer.

---

445 Sien ook verder hoofstuk 4 van hierdie proefskrif.
446 Sien afdeling 2.3.1.3 van hierdie proefskrif.
447 Sien afdeling 2.3.1.3 van hierdie proefskrif.
448 Sien hoofstuk 3 van hierdie proefskrif.
449 Sien hoofstuk 4 van hierdie proefskrif.

HOOFSTUK 3

3 Die formele aard en struktuur van die polisie in Suid-Afrika

3.1 *Inleiding*

In die voorafgaande hoofstuk is onder meer ondersoek ingestel na die omvang en betekenis van die begrip polisiëring.[450] Dit het duidelik geblyk dat 'n onderskeid getref behoort te word tussen die formele aspekte van polisiëring, naamlik die polisiestruktuur, en die materiële aspekte, in die vorm van die polisiëringsaktiwiteite.[451]

Die polisie in Suid-Afrika het 'n drastiese transformasie ondergaan tydens die demokratiseringsproses van die vroeë 1990s.[452] Dit het 'n indrukwekkende klemverskuiwing aangaande die doel en oogmerk van die polisie tot gevolg gehad, wat 'n rasionalisering van die polisiestruktuur vereis het.[453] Hierdie organisatoriese wysiging het die samestelling en aard van die polisie geraak en het baie nou saamgeloop met die juridiese transformasie wat deur die demokratiese bestel teweeggebring is.[454] Hierdie transformasie het 'n nuwe era van polisiëring in Suid-Afrika ingelui. Daar is gestreef om 'n onderdrukkende politieke mag te omvorm in 'n gemeenskapsgeoriënteerde, demokraties verantwoordbare en professionele polisiediens.[455]

Hierdie hoofstuk fokus gevolglik op die formele aard en die organisatoriese struktuur van die polisie, sowel as hoe dit beïnvloed is deur die transformasieproses. Dit bied 'n historiese perspektief op die

---

450 Sien hoofstuk 2 van hierdie proefskrif.
451 Sien afdeling 2.3 van hierdie proefskrif.
452 Shaw *Crime and Policing in Post-Apartheid South Africa* 22; Prinsloo en Bradshaw 2010 *Acta Criminologica* 85.
453 Artz en De Oliveira 1997 *South African Human Rights Yearbook* 177.
454 Van Graan *Obstacles Impeding the Transformation Process in the South African Police Force* 2.
455 Masiapata *Ethics and Ethos in the SAPS* 2; Van der Spuy 2007 *SACJ* 315.

voormalige bedeling se benadering tot polisiëring deur beide die struktuur en die aard van die onderskeie polisie-instansies te ondersoek, sowel as die lesse in polisiëring wat Suid-Afrika daaruit geleer het. Vervolgens word die invloed van die juridiese beginsels wat aanleiding gegee het tot die transformasie bespreek ten einde die juridiese regverdiging vir die huidige polisiëringstruktuur en aard te bepaal.

3.2 *Die organisatoriese struktuur van die polisie in Suid-Afrika*

3.2.1 *Inleiding*

Die samestelling en struktuur van die polisie weerspieël gewoonlik die behoeftes en werking van die staatsbestel. Weens hierdie rede bestaan daar nie slegs een tipe struktuur in die sfeer van polisiëring nie, en word dit ooreenkomstig die betrokke staat se behoeftes gekonstrueer.[456] Polisiestrukture is ook nie rigied nie en ontwikkel deurgaans om tred te hou met die veranderende omstandighede, hetsy polities of kriminologies.[457] Die struktuur van die polisie is egter deurslaggewend ten opsigte van die effektiwiteit en legitimiteit van die polisie en behoort dus nie bloot onnadenkend vasgestel te word nie.[458]

Die Suid-Afrikaanse polisiegeskiedenis toon voorbeelde van verskeie polisiestruktuurvorme en kan oorhoofs ingedeel word onder gesentraliseerde en gedesentraliseerde struktuurvorme.

3.2.2 *Voormalige gedesentraliseerde struktuur*

'n Gedesentraliseerde polisiestruktuur behels meervoudige polisie-instansies wat verspreid kan wees oor verskillende vlakke of sfere van

---

456 Eldefonso, Coffey en Grace *Principles of Law Enforcement* 133.
457 Van Heerden *Introduction to Police Science* 10.
458 Motala 1996 *Third World Legal Studies* 194.

regering.[459] Dit beskik oor geen sentrale struktuur nie en behels onder andere individuele bevel-, rang- en prosedurele strukture.[460] Soortgelyk aan meeste ander gemeenskappe het Suid-Afrika se polisiestruktuur ook sy ontstaan in die vorm van gedesentraliseerde polisie gehad. Dit kan toegeskryf word aan die feit dat gemeenskappe middele daargestel het om hulself te beskerm en dat dit gevolglik nie noodwendig daargestel is deur die heersers of regering van die tyd nie.[461]

Verskillende vorme van gedesentraliseerde polisiëring kan uit die voormalige Suid-Afrikaanse konteks geïdentifiseer word, naamlik nasionaal-, gebied- en differensiële-gedesentraliseerde polisiestrukture.[462] 'n Nasionaal-gedesentraliseerde polisiestruktuur behels meer as een nasionale polisiemag wat parallel met mekaar funksioneer, maar oor spesialis jurisdiksies beskik.[463] Hierdie vorm van organisatoriese strukture vereis ook dat die onderskeie polisie-instansies in verskillende ministeries of selfs verskillende sfere van regering ressorteer.[464]

'n Gebiedsgedesentraliseerde polisiestruktuur verskaf aan elke betrokke gebied, hetsy munisipaal, streek of provinsiaal, die vermoë om polisiemagte te skep ter voldoening aan hulle behoeftes.[465] In so 'n struktuur ontbreek enige vorm van 'n nasionale polisiemag. Laastens, behels 'n differensiële-gedesentraliseerde polisiestruktuur 'n vermenging

---

459 Henry en Smith *Transformations of Policing* 218. 'n Voorbeeld hiervan is die Verenigde State van Amerika se gedesentraliseerde polisiestruktuur. Dit bied aan elke plaaslike regering, staat, sowel as die federale regering die vermoë om polisiëringsinstansies te skep. Sien ook Paun *Democratization and Police Reform* 16.

460 Burger *White Male Police Officers serving in the SAPS* 38.

461 Bezuidenhout *Die Houdings van Manlike en Vroulike Polisiebeamptes* 54. Sien ook hoofstuk 2 van hierdie proefskrif.

462 Van Heerden *Introduction to Police Science* 35.

463 Prior 1989 *Acta Juridica* 191; Fine 1989 *Acta Juridica* 53.

464 Sien as voorbeeld afdeling 3.2.2.1 en 3.2.2.2 van hierdie proefskrif.

465 Henry en Smith *Transformations of Policing* 218. Sien ook as voorbeeld afdeling 3.2.2.3 van hierdie proefskrif. Die Australiese polisiestruktuur is 'n voorbeeld hiervan deurdat elkeen van die ses provinsies onafhanklike en outonome polisie-instansies daarstel.

van die nasionale en gebiedstrukture en laat dus toe vir polisie-instansies op alle vlakke en sfere van regering.[466]

Verskeie skrywers voer aan dat die voormalige Suid-Afrikaanse polisiestruktuur gesentraliseerd was vanweë die feit dat die Suid-Afrikaanse Polisie so 'n prominente rol tydens Apartheid vervul het.[467] Hierdie siening kan egter nie ondersteun word nie en in die hieropvolgende bespreking sal die gedesentraliseerde polisiestruktuur van die voormalige bedeling kortliks uitgelê word.

3.2.2.1 ZAP/SAP

In hoofstuk 2[468] is aangetoon dat verskeie vroeë gemeenskappe in Suid-Afrika gewapende magte geskep het ten einde gemeenskapsorde en veiligheid te verseker. Voor die Uniewording het Suid-Afrika vier kolonies, genaamd Transvaal, Oranje-Vrystaat, Natal en Kaap beslaan. Elkeen van hierdie onderskeie kolonies het hulle eie gewapende magte, insluitend die polisie, gehad ter beskerming van die gemeenskap sowel as die territoriale area.[469] Kort na Uniewording en die vereniging van die vier kolonies, is die eerste professionele Suid-Afrikaanse polisiemag deur die *Politiewet* 14 van 1912[470] in die lewe geroep. Die oogmerk was

---

466 Van Heerden *Introduction to Police Science* 35. Die Amerikaanse polisiestruktuur is sekerlik die vernaamste voorbeeld hiervan, met verskeie parallel funksionerende nasionale polisie-instansies, sowel as gebiedstrukture wat elke staat, streek, stad en dorp individuele en outonome polisie-instansies bied. Die Britse en Duitse polisiegeskiedenis toon ook voorbeelde hiervan.

467 Haysom 1989 *Acta Juridica* 140: "*…the South African Police force (SAP) is highly centralized, militaristic, and coercive. These features are a consequence of the function of the police in South African society, and they also mediate the efficacy of control mechanisms upon the police. In contrast to police forces elsewhere the SAP is a national force controlled by a single ministry of the central government, having a national jurisdiction in respect of all laws of the land."* Dugard 1989 *Acta Juridica* 245: *"A centralized police force, organized on semi-military lines, is capable of being used as an engine of political oppression, and hence of presenting a threat to freedom. There is much, indeed, in the history of the South African Police, and the manner in which it has been used in the past, that illustrates the reality of this threat".*

468 Sien hoofstuk 2 van hierdie proefskrif.

469 Montesh *Single Public Services versus single Police Service* 5; Mokotedi *Measurement of Police Cynicism* 53. Sien ook 2.2.4.2 van hierdie proefskrif.

470 Artikel 2 van die *Politiewet* 14 van 1912.

om die gefragmenteerde en gedesentraliseerde gewapende magte te vervang.[471] Hierdie polisiemag is die Zuid-Afrikaansche Politie (ZAP) gedoop en is amptelik op 1 April 1913 geopen.[472] Mettertyd is die ZAP omvorm om bekend te staan as die Suid-Afrikaanse Polisie (SAP).

Alhoewel die SAP onder 'n enkele naam, rangstelsel en uniform gefunksioneer het, het die beheer- en bevelstruktuur egter problematies geblyk. Dit is teweeg gebring deur die verspreidheid van die personeel, slegte kommunikasiestelsels en middele, asook die onderhorigheid aan die oorblyfsels van voormalige polisiestrukture.[473] Die ontoeganklikheid van die sentrale beheer van die polisie het die effektiewe bestuur van alledaagse problematiek ondermyn en het onuitvoerbaar geblyk. Dit het plaaslike polisiebestuur genoodsaak om terug te val op die voormalige struktuur waaraan hulle gewoond was en om hulle na die plaaslike owerheid te wend vir leiding. Hierdie polisiestruktuur het grootliks onveranderd gebly tot en met die promulgasie van die *Polisiewet* 7 van 1958.[474]

Dus, alhoewel die formele struktuur van die SAP gesentraliseerd was, het die werksaamhede daarvan steeds gefragmenteerd plaasgevind.[475] Dit is verder gekompliseer deur die feit dat die SAP nie oor eksklusiewe jurisdiksie aangaande polisiëring beskik het nie en in samewerking met die Spoorwegpolisie, Hawepolisie,[476] en in sommige areas, selfs

---

471 Bezuidenhout *Die Houdings van Manlike en Vroulike Polisiebeamptes* 58.

472 Proklamasie 18 van 1913. Ten tye van die totstandkoming het die Zuid-Afrikaansche Politie 'n mag van ongeveer 6000 uitgemaak.

473 Jagwanth 1994 *SACJ* 171: *"Other obstacles include the imbalance of power between the groupings largely due to lack of community empowerment on policing issues, centralized control and inadequacies in the internal communication system of the SAP, lack of unity of command in the SAP and differing perceptions of authentic representivity."*

474 *Polisiewet* 7 van 1958. Hierdie wet is gepromulgeer "*To consolidate the laws providing for the establishment, organization and control of the South African Police."* Sien die aanhef van die *Polisiewet* 7 van 1958.

475 Brogden 1994 *Police Studies* 26: "*With a general staff of some fifty-two Generals (all but four, white), its top heavy bureaucracy ensures that the organizational headquarters in Pretoria has relatively little knowledge of, and control over, the periphery of (mainly) black rank-and-file".*

476 *De Spoorwegen en Havens Reglement, Bestuur en Beheer Wet* 22 van 1916.

munisipale polisie werksaam was. Hierdie voormalige organisatoriese samestelling het dus ŉ gedesentraliseerde aard gehad en daarom moet die formele aspekte van die SAP nie in isolasie beskou word nie. Vervolgens word die plek en rol van, onder andere, die Spoorwegpolisie,[477] Provinsiale en Munisipale polisie,[478] sowel as die Tuislandpolisie[479] hieronder oorweeg.

3.2.2.2 Spoorwegpolisie

In teenstelling met die oogmerk van sentralisering van alle polisiemagte, is die Spoorwegpolisie in 1916 in die lewe geroep.[480] Dit het die eerste vorm van nasionale desentralisering[481] daargestel deurdat dit op nasionale vlak parallel met die ZAP gefunksioneer het, oor dieselfde polisiëringsbevoegdhede beskik het, maar deel uitgemaak het van ŉ ander staatsdepartement.[482] Hierdie polisiëringsinstansie is getaak met die beveiliging van die spoorweë, spoorweginfrastruktuur, hawens en skepe aan wal en het onder die Ministerie van Vervoer geressorteer.[483] Teen 1934 is die spoorwegpolisie amptelik as ŉ onafhanklike polisie-instansie bevestig en geherorganiseer om soortgelyk aan die struktuur van die SAP te funksioneer.[484] Die gefragmenteerde aard van hierdie differensiële polisiëring het egter problematies[485] begin blyk en het aanleiding gegee tot die inlywing van die Spoorwegpolisie by die SAP in

---

477 Sien afdeling 3.2.2.2 van hierdie proefskrif.

478 Sien afdeling 3.2.2.3 van hierdie proefskrif.

479 Sien afdeling 3.2.2.4 van hierdie proefskrif.

480 Van Heerden *Introduction to Police Science* 35. Sien ook artikel 57 van *De Spoorwegen en Havens Reglement, Bestuur en Beheer Wet* 22 van 1916.

481 McIntyre *Harbour Policing* 30. In die Suid-Afrikaanse konteks is die polisiëring van die nasionale vervoerstelsel aan die Suid-Afrikaanse Spoorwegpolisie opgedra. Differensiële polisiëring vestig dus ŉ gedesentraliseerde stelsel op ŉ bepaalde vlak, in hierdie geval nasionaal.

482 Montesh *Single Public Services versus single Police Service* 6.

483 Mokotedi *Measurement of Police Cynicism* 60.

484 Van Heerden *Introduction to Police Science* 35.

485 Die beperkte jurisdiksie van die Spoorwegpolisie het geredelik gelei tot oorskryding van jurisdiksie deur die Spoorwegpolisie en spanning tussen die Spoorwegpolisie en die SAP. Verskeie metodes is aangewend om die jurisdiksionele kwessie op te los, maar uiteindelik is tot die besef gekom dat die jurisdiksie en die misdrywe waarmee hierdie twee parallel polisiemagte getaak is, so inmekaar geweef is dat skeiding van bevoegdhede nie die moeite werd is nie.

1986. Die personeel van die Spoorwegpolisie is tydens hierdie inlywing ook opgeneem in die SAP.[486]

3.2.2.3 Provinsiale en munisipale polisie

Provinsiale en munisipale regerings het op hul beurt die gedesentraliseerde polisiestruktuur benut om hulle eie polisiemagte, in die vorm van verkeerspolisie en munisipale polisie, op die been te bring. Dit het 'n vorm van ondergeskikte polisie-instansies daargestel,[487] deurdat hierdie instansies oor beperkte bevoegdhede beskik het en ook beperkte funksies verrig het.[488]

Verkeersdepartemente het, in die Suid-Afrikaanse konteks, hulle ontstaan op munisipale vlak gehad met die skepping van die eerste verkeerspolisiemagte in 1934.[489] Polisiëring van die paaie binne elke betrokke streek is op hierdie wyse hanteer tot en met die daarstelling van provinsiale verkeersagentskappe in 1956.[490] Hierdie stelsel het die mees gefragmenteerde en gedesentraliseerde mate van polisiëring in Suid-Afrika uitgemaak.[491] Die aard van die werk waarmee verkeersbeamptes getaak was, het egter meegebring dat die verkeerspolisie ideaal geposisioneer was om ook algemene polisiëring te onderneem.[492] Die kommer het egter bestaan dat

---

486 *Transfer of the South African Railways Police Force to the South African Police Act* 83 of 1986. Sien ook Booysen *Specialised Units in the SAPS* 48.

487 Ondergeskikte polisie-instansies behels dat dit in so 'n wyse saamgestel word om in 'n ondersteunende rol tot die SAP te funksioneer, waarin hulle gevolglik jurisdiksie met die SAP deel. Dit behels verder dat die SAP voorkeur geniet ten aansien van bevoegdhede en funksie, terwyl die ondergeskikte diens aan die vereistes, en in sommige gevalle ook die opdragte, van die SAP moet voldoen.

488 Haysom 1989 *Acta Juridica* 141: "*These agencies have a limited jurisdiction and play only a minor function in the policing of South Africa.*" Sien ook Fine 1989 *Acta Juridica* 48.

489 Montesh *Single Public Services versus single Police Service* 6.

490 McIntyre *Harbour Policing* 31.

491 Van Heerden *Introduction to Police Science* 36.

492 Soortgelyk aan die besef wat gelei het tot die integrasie van die spoorwegpolisie by die SAP, is waargeneem dat die werk van 'n verkeersbeampte nie in isolasie van ander polisiëring beskou moet word nie. Van Heerden toon aan dat kriminologiese navorsing getoon het dat meer geringer oortredings, soos verkeersoortredings, direk verband hou met

verkeersdepartemente onder plaaslike regerings geressorteer het, jurisdiksioneel-gebonde was en nie voldoende opgelei was om suksesvol te polisieer nie.[493] Tog het nasionale wetgewing hierdie kwessie aangespreek deurdat beperkte polisiëringsbevoegdhede aan vredesbeamptes, met insluiting van verkeersbeamptes, verleen is om regmatige uitoefening van polisiëringsverwante aktiwiteite te standaardiseer.[494]

Gedurende die 1980's het plaaslike regerings toenemend begin om munisipale polisiemagte te skep om die hoë vlakke van Apartheidsgeweld te onderdruk.[495] Hierdie plaaslike polisiemagte is meestal getaak met die afdwinging van Apartheidswetgewing soos paswetgewing, werkpermitte en die nakoming van aandklokreëls.[496] Dit was 'n ondergeskikte vorm van polisie en het soortgelyk aan verkeerspolisie nie oor dieselfde bevoegdhede as die SAP of die spoorwegpolisie beskik nie.[497]

'n Verdere wyse van fragmentering het in die vorm van "kitskonstabels",[498] 'n onderafdeling van munisipale polisiëring,

---

ernstiger oortredings. Beperkte jurisdiksie aan die kant van verkeersbeamptes kan dus lei daartoe dat gulde geleenthede om verdagtes van ernstige oortredings aan te keer, nie benut kan word nie vanweë die beperkte bevoegdhede en funksies van verkeersbeamptes. Sien in hierdie verband Van Heerden *Introduction to Police Science* 36.

493 Haysom 1989 *Acta Juridica* 141.

494 Artikel 334(1) van die *Strafproseswet* 51 van 1977. Sien as voorbeelde in hierdie verband artikels 23(1) en 40(1) van die *Strafproseswet* 51 van 1977; Artikels 1 en 13 van die *Padverkeerswet* 29 van 1989.

495 Rauch, Shaw en Louw *ISS Monograph* 4: *"During the 1980s one of the South African Police's (SAP) responses to the growing political resistance within the country was to hastily train groups of men who were deployed in the townships as guards and 'policemen'. They were termed 'municipal police' given that they replaced the so-called 'blackjack' police forces run by local administration boards and controlled by local government".*

496 Van Heerden *Introduction to Police Science* 37.

497 Prior 1989 *Acta Juridica* 197.

498 Die benaming "kitskonstabels" is afkomstig van die siening dat hierdie tipe konstabel nie polisiëringsopleiding ontvang het, soveel as wat hulle opleiding ontvang het om te onderdruk en geweld met geweld te begroet, nie. Ten einde te verseker dat die "kitskonstabels" nie later hulle opleiding teen die staat gebruik nie, is aangevoer dat slegs die nodigste opleiding aan hulle verskaf behoort te word.

voorgekom. Hierdie stelsel het behels dat nie-blanke gemeenskapslede[499] met minimale opleiding[500] of bevoegdhede aangewend is om gemeenskapsorde te handhaaf en areas te polisieer wat ontoeganklik was vir blanke polisielede.[501]

Hierdie vorm van polisiëring het sy eerste opwagting gemaak gedurende die 1980's.[502] Dit was daarop gemik om selfpolisiëring van informele nedersettings te bewerkstellig en politieke stabiliteit teweeg te bring.[503] Die regulatoriese en organisatoriese aard van die Kitskonstabels was veral problematies. Wetgewing het geen erkenning of regulering aan hierdie vorm van polisiëring gebied nie.[504] Kitskonstabels is slegs as volwaardige vredesbeamptes binne die informele nedersettings beskou, en gevolglik is Kitskonstabels nie gemagtig om buite die nie-blanke gebied waaraan hulle toegeken is op te tree nie.[505] Die beheer en bestuur van die Kitskonstabelstelsel het gedeeltelik onder die SAP en gedeeltelik onder die munisipale polisie geval. Die opleiding van die Kitskonstabels is deur die SAP behartig terwyl die aanwending van die konstabels grootliks oorgelaat is aan die plaaslike owerhede.[506] Hierdie *quasi* polisiëringstelsel kan dus eerder beskou word as staatsonderskrewe gemeenskapsgeregtigheidsbewegings, [507] waarvan die lede geklee was in uniform, as 'n vorm van polisiëring in die

---

499 Van der Spuy 1989 *Acta Juridica* 282. Van der Spuy beskryf hier wyse van polisiëring as 'n politieke strategie wanneer sy aanvoer: "*The deployment of members of one ethnic group for purposes of policing another is, of course, part of the well-known strategy of divide-and-rule*".

500 Fine 1989 *Acta Juridica* 48: *"These new recruits earned the label 'kitskonstabels' (instant constables) because of their extremely short training period of six weeks before being deployed fully armed".*

501 Weitzer 1993 *Police Studies* 3.

502 Haysom 1991 *South African Human Rights Yearbook* 229.

503 Weitzer 1993 *Police Studies* 3. Weitzer toon egter aan dat hierdie Kitskonstabels egter vinnig as agente van die staat beskou is binne hulle eie gemeenskappe, en dat dit tot grootskaalse lewensverlies onder die Kitskonstabels gelei het.

504 Haysom 1991 *South African Human Rights Yearbook* 231.

505 Van Heerden *Introduction to Police Science* 37.

506 Fine 1989 *Acta Juridica* 44.

507 Fine 1989 *Acta Juridica* 49.

tradisionele sin.[508] Dit is 'n stelsel wat met uitermatige vlakke van geweld afgedwing is en van minimale prosedurele regmatigheid gespreek het.

3.2.2.4 Tuislandpolisie[509]

Die Apartheidstydperk het gepaard gegaan[510] met die skepping van tien selfregerende tuislande[511] waarvan Transkei,[512] Bophuthatswana,[513] Venda[514] en Ciskei[515] oor nominaal onafhanklike regerings beskik het. Die onafhanklikheid het uiteraard ook gepaard gegaan met polisiemagte wat onafhanklik van die SAP gefunksioneer het en onderhewig was aan

---

508 Mokoena *Municipal Policing Model* 87; Van der Spuy 1989 *Acta Juridica* 282; Fine 1989 *Acta Juridica* 84: *"An analysis of the record of kitskonstabels suggests that such violence is better understood as a more complex product, incorporating a deliberate strategy of black on black policing, State collusion and/or non-intervention in the activities of vigilante groups, and the counter violence of communities in response to police and vigilante violence".*

509 Vir doeleindes van hierdie studie verwys die begrip Tuislandpolisie na al die vorme van tuislande wat deel uitgemaak het van die sogenaamde Apartheidsbeleid van interne kolonisasie. Dit is gevolglik nie beperk tot die onafhanklike TBVC-state nie, maar sluit al tien tuislande in, met inbegrip van die selfregerende tuislande.

510 Wiechers *Staatsreg* 502. Die onderskeie tuislande het onafhanklikheid op verskillende tye bekom. Hulle onafhanklikheid is teweeggebring deur die *Wet op Swart Owerhede* 68 van 1951 en die *Wet op die Bevordering van Swart Selfbestuur* 46 van 1959.

511 Hierdie Tuislande was Lebowa, QwaQwa, Transkei, Ciskei, Venda, Gazankulu, Bophuthatswana, KaNgwane, KwaNdebele en KwaZulu.

512 Transkei was die eerste van die tuislande om onafhanklikheid te bekom. Dit het 'n grondgebied tussen die Lesotho-grens en die kus beslaan en hoofsaaklik Xhosa-sprekende nie-blankes ingesluit. Dit het oor 'n ondergeskikte, of nominale, parlement beskik. Sien in hierdie veband Malan en Hattingh *Swart Tuislande in Suid-Afrika* 185.

513 Bophuthatswana het verskeie dele van die Noordwestelike Suid-Afrika ingesluit en het hoofsaaklik Tswana-sprekendes gehuisves. Dit het ook oor 'n ondergeskikte, of nominale, parlement beskik. Bophuthatswana is gekenmerk deur verskeie staatsgrepe. Sien in hierdie verband Malan en Hattingh *Swart Tuislande in Suid-Afrika* 105.

514 Venda was die mees noordelike tuisland en het gegrens aan Zimbabwe. Venda se parlement was ook ondergeskik, maar het geen vorm van Apartheidsregering beoefen nie en het uiteindelik onafhanklikheid in 1979 verwerf. Sien in hierdie verband Malan en Hattingh *Swart Tuislande in Suid-Afrika* 198.

515 Ciskei het die mees suidelike tuisland uitgemaak en aan die suidelike kant van Transkei en die ooskus gegrens. Ciskei het onafhanklikheid in 1972 bekom. Die omkeer van regering was hoog en die laaste regering, onder President Gqozo, het tot diktatorskap gelei. Gqozo het ook uiteindelik geweier om aan die Codesa samesprekings deel te neem. Sien Sisk *Democratization in South Africa* 13.

die tuisland se regering.[516] Dit is egter belangrik om te benadruk dat die tuislande nooit onder die volkereg as onafhanklike state erken is nie en dus steeds onder die Suid-Afrikaanse staatsbestel geressorteer het.[517] Die onafhanklikheid wat aan die tuislande toegeskryf is, was uitsluitlik gebaseer op die Suid-Afrikaanse staatsregtelike, of munisipale, siening van die tyd. Met die aanbreek van die Suid-Afrikaanse grondwetlike bedeling is die tuislande herinkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika, en gevolgliklik word die tuislandpolisie hier behandel as deel van die gedesentraliseerde polisiestruktuur in die Suid-Afrikaanse konteks.

Die polisiestrukture van die tuislandpolisie het van hulle Suid-Afrikaanse eweknieë verskil.[518] 'n Beginsel van separatistiese polisiëring het gegeld.[519] Opleiding is deur die tuislande self behartig en die lede het ook ander uniforms en rangstelsels ontvang.[520] Die verskil in regspleging het ook bygedra tot 'n verwydering tussen die Suid-Afrikaanse polisiëringstelsel en dié van die tuislande.[521] Hierdie stelsel het van krag gebly tot en met die afskaffing van die tuislande tydens die demokratiseringsproses, wat die inlywing van die tuislandpolisie by die Suid-Afrikaanse Polisiediens meegebring het.[522]

3.2.2.5 Buitelandse verskynsels van gedesentraliseerde polisiestrukture

Suid-Afrika is beslis nie die enigste staat ter wêreld waar 'n gedesentraliseerde polisiestruktuur deel van die polisiegeskiedenis of

---

516 Olivier 1995 *SACJ* 310.

517 Dugard *International Law* 452.

518 Mokoena *Municipal Policing Model* 107.

519 Van der Spuy 1989 *Acta Juridica* 282. Die beginsel is geredelik beskryf as "polisie soewereiniteit in eie kring".

520 Montesh *Single Public Services versus single Police Service* 59.

521 Van der Spuy 2008 *Journal of Contemporary History* 42.

522 Van Graan *Obstacles Impeding the Transformation Process in the South African Police Force* 122. Van Graan verwys na die dilemma van herstrukturering van die polisie deur te verwys na die opinie van 'n polisiebeampte wat meen dat die SAPD uit 'n groot aantal beamptes met verskillende agtergronde en opleiding bestaan.

kontemporêre polisiesisteem vorm nie. In Hoofstuk 2[523] is reeds kortliks verwys na die ontwikkeling van enkele buitelandse polisiestrukture en gevolgliklik word die gedesentraliseerde strukture hier ook in oorweging gebring.

Die Noord-Amerikaanse polisiestrukture kan beslis beskryf word as die mees gedesentraliseerde sisteme ter wêreld.[524] Die Verenigde State van Amerika (VSA) maak voorsiening vir munisipale-,[525] streeks- en staatspolisie-instansies,[526] sowel as oorkoepelende polisiëringsinstansies op federale vlak.[527] Soortgelyk hieraan, maar op 'n kleiner skaal, behels Kanada se struktuur ook verskeie vlakke van polisiëring.[528] Terwyl die VSA se struktuur uitsluitlik gedesentraliseerd is, toon die Kanadese benadering, soortgelyk aan die pre-demokratiese Suid-Afrikaanse polisiestruktuur, beide gesentraliseerde en gedesentraliseerde elemente.[529] Kanada beskik ook 'n kleiner hoeveelheid polisiemagte, en is in die proses om verder te konsolideer,[530] terwyl die VSA 'n

---

523 Hoofstuk 2 van hierdie proefskrif.

524 Hunter 1990 *Police Studies* 118. Daar word bereken dat die VSA oor ongeveer dertig-duisend polisiëringsinstansies beskik.

525 Munisipale of plaaslike polisiëring ressorteer onder die plaaslike owerheid van 'n dorp of stad. Dit behels politieke en professionele aanstelling ten einde die polisie te bestuur en is slegs gebonde tot die jurisdiksie van die betrokke plaaslike owerheid.

526 Jones 2009 *International Journal of Police Science & Management* 341. Staatspolisiëringsinstansies word daargestel deur die betrokke staat in die VSA en kan verskeie vorme aanneem. Meeste state beskik oor 'n ondersoekagentskap, sowel as die sogenaamde staatspolisie wat die munisipale gebiede en hoofweë behartig. Elke staat bepaal die werksaamhede van die staatspolisiëring en kan ook kies om spesialiseenhede op die been te bring waar nodig.

527 Hunter 1990 *Police Studies* 118. Die mees bekende federale polisie-instansies is waarskynlik die Federal Bureau of Investigations (FBI), gevolg deur die Drug Enforcement Agency (DEA) en die Alcohol, Tobaco and Firearms Agency (ATF). Hierdie instansies het 'n nasionale mandaat en bied ondersteuning veral in die geval van oorgrensmisdade tussen state en munisipaliteite.

528 Bayley 1992 *Crime and Justice* 511.

529 Murphy 1991 *Canadian Journal of Criminology* 338. Murphy skryf dit toe aan die feit dat baie van die plaaslike polisiëring in veral landelike of nie-stedelike gebiede deur nasionale en provinsiale polisie behartig word. Gevolglik het die nasionale rolspelers 'n plaaslike trefkrag wat van sentralisering spreek, terwyl stede en metropolitaanse areas steeds deur outonome gedesentraliseerde polisiemagte gepolisieer word.

530 Bayley 1979 *Crime & Justice* 126. Bayley dui daarop dat Kanada oor ongeveer sewehonderd beskik, wat munisipale polisiemagte, provinsiale polisiemagte en 'n nasionale polisiemag, naamlik die Canadian Mounted Police, insluit.

omvattende hoeveelheid outonome polisiemagte het en steeds nuwe magte skep soos ontwikkeling dit verlang.[531]

Australië is ŉ verdere voorbeeld van ŉ gedesentraliseerde sisteem, wat aansienlik kleiner is as sy Noord-Amerikaanse eweknieë. Terwyl vasteland Australië oor agt onafhanklike polisiemagte beskik, behels dit sewe staatspolisiemagte, wat hoogs gesentraliseerd is op staatsvlak, maar gedesentraliseerd op nasionale vlak, sowel as ŉ federale polisiemag.[532] Dit bied dus ŉ polisiestruktuur soortgelyk aan Kanada, maar met minder polisiemagte.[533]

In die ontwikkeling van die Amerikaanse, Kanadese en Australiese polisiestrukture is baie tyd gewy aan die gedesentraliseerde benadering se onderskeid tussen sogenaamde strukturele gedesentraliseerdheid, naamlik verskillende outonome polisiemagte, en interne desentralisasie, met meerdere afdelings en eenhede binne ŉ enkele polisiemag.[534] Beide die VSA en Kanada voldoen gevolglik aan die vereistes van ŉ strukturele gedesentraliseerde sisteem deurdat hulle oor ŉ groot aantal outonome polisiemagte beskik. Australië toon daarenteen kenmerke van desentralisasie op nasionale vlak, en interne desentralisasie op staatsvlak vanweë die groot areas wat gedek moet word deur middel van dupliserende eenhede en afdelings in verskillende stede.[535] In teenstelling met die Noord-Amerikaanse benadering het Australië egter duidelike jurisdiksionele riglyne om sodoende ŉ ordelike gedesentraliseerde stelsel te verseker.[536]

---

531 Reiss 1992 *Crime and Justice* 67.

532 Bayley 1992 *Crime and Justice* 511.

533 Wanneer die Kanadese en Australiese strukture vergelyk word kan waargeneem word dat Australië nie oor munisipale polisiemagte beskik nie. Dit is dus ŉ gesentraliseerde polisiemag wat elke staat van Australië bedien, maar wat binne die nasionale sisteem gedesentraliseerd is. In teenstelling hiermee bestaan die grootste deel van Kanada se polisiestruktuur uit plaaslike of munisipale polisiedienste.

534 Hunter 1990 *Police Studies* 118; Reiss 1992 *Crime and Justice* 81.

535 Bayley 1992 *Crime and Justice* 513.

536 Bayley 1979 *Crime & Justice* 124.

Die Europese lande het grootliks weggedoen met gedesentraliseerde polisiemagte.[537] Uitsonderings op hierdie Europese benadering is Duitsland[538] en Nederland,[539] terwyl die oorblywende state oorwegend 'n gesentraliseerde benadering navolg. Alhoewel ander state soos Italië en Brittanje ook plaaslike of munisipale polisiemagte het, is die beheer en struktuur grootliks gesentraliseerd op nasionale vlak.[540]

Die uiteenlopende benaderings ten opsigte van gedesentraliseerde polisiestrukture in die buiteland is opvallend. Tog is dit ook duidelik dat die owerheidstruktuur van elke betrokke staat 'n groot invloed het op die daarstelling van die polisiestruktuur. Alhoewel die pre-demokratiese polisiëringstruktuur in Suid-Afrika gedesentraliseerd was, is dit tog moeilik vergelykbaar met veral die federale stelsels van Noord-Amerika, Duitsland en Australië.[541] Die federale stelsel toon 'n absolute polisiedesentralisasie, ingevolge waarvan beheer en bestuur deur plaaslike of deelstaatsowerhede uitgevoer word en nie op nasionale vlak nie. Die pre-demokratiese benadering in Suid-Afrika het sover moontlik sentrale beheer behou op nasionale vlak, wat bloot aangevul is deur ondergeskikte polisie van provinsiale of plaaslike vlak.[542]

---

537 Pulling 1962 *Police Journal* 266; Bayley 1979 *Crime & Justice* 125.

538 Harlan 1997 *International Journal of Police Strategies and Management* 537. Cao 2001 *European Journal of Crime, Criminal Law and Criminal Justice* 170. Tog dui Cao daarop dat alhoewel die Duitse struktuur gedesentraliseerd is, die beheer en bestuur van die polisie nie berus by die plaaslike owerhede nie, maar elke staat se owerheid.

539 Bayley 1979 *Crime & Justice* 126. Bayley meen dat Nederland se gedesentraliseerde polisiestruktuur uit ongeveer honderd-drie-en-veertig polisiemagte bestaan.

540 Bayley 1992 *Crime and Justice* 517. Bayley onderskryf hierdie siening deur aan te voer dat selfs munisipale polisiemagte in Brittanje en Italië verantwoordbaar is aan die Nasionale Parlement en gevolglik nie slegs aan die plaaslike owerheid nie. Sien ook Jaschke *et al* 2007 *PGEAPS* 17.

541 Sien afdelings 3.2.3.2 en 3.2.4.1 vir 'n bespreking ten opsigte van die kontemporêre verskynsels van desentralisering in die Suid-Afrikaanse konteks.

542 Sien afdeling 3.2.2.3 van hierdie proefskrif.

3.2.2.6 Enkele kwessies aangaande ’n gedesentraliseerde struktuur

Die gedesentraliseerde polisiebenadering is ’n struktuurvorm wat geredelike aanwending vind in die Westerse state en meestal met groot sukses.[543] Dit behoort dus nie spontaan verwerp te word nie, alhoewel enkele knel- en sterkpunte wel beklemtoon kan word.

’n Gedesentraliseerde polisiestruktuur lei maklik tot ’n stelsel wat nie gestandaardiseer is nie en gevolglik polisiedienste wat verskillende benaderings volg.[544] Dit behels meervoudige polisie-instansies met verskillende vlakke van opleiding,[545] diverse bevoegdhede en onafhanklike bevelstrukture.[546] Dit vereis dus omvattende riglyne ten einde elke polisie-instansie se bevoegdhede, jurisdiksie en fokus duidelik te stel. Indien dit nie voldoende geskied nie is die problematiek tweeledig. Eerstens lei so ’n situasie tot jurisdiksionele twis vanweë oorvleuelende bevoegdhede[547] en tweedens skep dit die potensiaal vir leemtes om te ontwikkel vanweë die onduidelikheid aangaande die strekking van jurisdiksie.[548] Daar moet dus geen onsekerheid heers aangaande die omvang en inhoud van elke polisie-instansie se jurisdiksie, verpligtinge en bevoegdhede nie.

---

543 Die mees gedesentraliseerde polisiestelsel ter wêreld is die van die Verenigde State van Amerika. Brittanje, Australië en Kanada eksperimenteer ook al ’n geruime tyd met verskillende vorme van gefragmenteerde polisiestrukture, alhoewel al hierdie state steeds ook ’n oorkoepelende nasionale struktuur inkorporeer. Sien in hierdie verband Paun *Democratization and Police Reform* 8.

544 Henry en Smith *Transformations of Policing* 208.

545 Prior 1989 *Acta Juridica* 197.

546 Van Heerden *Introduction to Police Science* 37. Van Heerden is van mening dat ondergeskikte polisie-instansies as privaatpolisiëringsinstansies beskou behoort te word. Dit kan egter nie ondersteun word nie vanweë die feit dat dit steeds binne ’n staatstruktuur funksioneer. In die Suid-Afrikaanse konteks word hierdie onderskeid baie duidelik getref deur privaatpolisiëring en sekuriteit van publieke polisiëring te onderskei aan die hand van die *Private Security Regulating Act* 56 of 2001 en die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 van 1995. Sien ook Roth *Policing International Journal* 710.

547 Haysom 1989 *Acta Juridica* 141. Sien ook McIntyre *Harbour Policing* 68.

548 Eldefonso, Coffey en Grace *Principles of Law Enforcement* 129.

Die bevelstruktuur binne gedesentraliseerde stelsels is altyd 'n kwessie van kommer. Sonder 'n nasionale beheerstruktuur word die bevelstruktuur aan individuele uitvoerende gesagte oorgelaat om die polisie-instansie daar te stel, te struktureer en beheer daaroor uit te oefen.[549] Dit kan maklik 'n stelsel meebring wat strydig is met nasionale-, provinsiale- of selfs streekbelang en wat magte en bevoegdhede aan hulle eie polisie-instansie toeskryf wat 'n oorskryding van jurisdiksie of bevoegdhede daarstel. Soortgelyk kan die opleiding van polisielede binne 'n gedesentraliseerde struktuur meebring dat polisiebeamptes nie oor 'n standaard opleiding en werkswyse beskik nie, wat regsonsekerheid in die uitvoer van polisiëringsaktiwiteit meebring.[550] Dit vereis dus regulatoriese strukture op nasionale vlak of selfs in die vorm van wetgewing ten einde 'n gestandaardiseerde polisiestelsel te skep. Dit vereis voorts 'n kommunikasienetwerk tussen polisie-instansies wat geïntegreerde polisiëring bevorder[551] en ingesamelde inligting beskikbaar stel, ten einde verbandhoudende gevalle in verskillende jurisdiksionele areas uit te wys.[552]

Tog moet wel daarop gewys word dat 'n gedesentraliseerde polisiestruktuur ook enkele voordele inhou. Vanuit 'n organisatoriese siening vermy gedesentraliseerde polisie-instansies meestal 'n swaar topstruktuur.[553] Die ondersteunende rol wat plaaslike of provinsiale polisie-instansies aan 'n nasionale polisiestruktuur bied kan ook nie ontken word nie.[554] Dit bied die geleentheid vir die skep van spesialiseenhede om spesialiskwessies te behartig, terwyl dit verskillende vlakke van regering die vermoë bied om polisiëring van

---

549 Prior 1989 *Acta Juridica* 197.

550 Haysom 1989 *Acta Juridica* 141.

551 Shaw *Crime and Policing in Post-Apartheid South Africa* 149.

552 Inter-jurisdiksionele misdaad gaan maklik ongemerk vanweë die feit dat polisie-instansies in verskillende jurisdiksies nie noodwendig met mekaar kommunikeer nie en gevolglik nie die verbintenis maak nie. Misdaad moet nooit slegs beskou word vanuit 'n spesifieke jurisdiksie nie.

553 Minnaar 2010 *Acta Criminologica* 191; Brogden 1994 *Police Studies* 26.

554 Van Heerden *Introduction to Police Science* 37.

hulle eie provinsiale wetgewing of plaaslike verordeninge meer effektief ten uitvoer te bring.[555]

Gedesentraliseerde polisiëring het, soos aangetoon, 'n ryk geskiedenis in Suid-Afrika. Die oorsprong daarvan was egter voortspruitend uit 'n tydperk waarin die kommunikasiestelsels te primitief of ontoereikend was om hierdie polisiëringstelsel te rugsteun, en 'n bestel waarin polisiëring polities gedrewe was.[556] Die versameling van gedesentraliseerde polisievorme was tot so 'n mate gefragmenteer dat beheer in effek onmoontlik geword het en tot institusionele wanorde gelei het.[557]

3.2.3 *Die kontemporêre Suid-Afrikaanse polisiestruktuur*

Na die beëindiging van Apartheid het Suid-Afrika 'n omvattende demokratiseringsproses ondergaan wat die polisie in 'n groot mate geraak het.[558] Dié herstrukturering van die polisie het ten doel gehad om die Suid-Afrikaanse persepsie van die polisie, as 'n onderdrukkende politieke wapen, uit die weg te ruim en legitimiteit aan die polisie te gee.[559] Vir hierdie rede het beide die Interim Grondwet[560] en die finale Grondwet[561] uitdruklik voorsiening gemaak vir bepalings aangaande die veiligheidsmagte in die algemeen. Dit het nie slegs beoog om die mandaat van die polisie in Suid-Afrika grondwetlik te begrond nie, maar het ook die problematiek omtrent die gefragmenteerde aard van die polisie aangespreek deur bepalings wat sentralisering as voorvereiste gestel het.[562]

---

555 Eldefonso, Coffey en Grace *Principles of Law Enforcement* 135. Die voordeel wat so 'n sisteem inhou is dat dit nie onderhewig is aan 'n nasionale sisteem se vereistes met betrekking tot wanneer 'n spesialiseenheid geskep kan word nie. Indien 'n plaaslike regering dus van mening is dat 'n spesialis eenheid, ongeag die aard, geregverdig is, mag so 'n plaaslike regering die nodige stappe neem om spesialis personeel in die veld te stoot ter vervulling van die behoefte.

556 Jagwanth 1994 *SACJ* 171.

557 Montesh *Single Public Services versus single Police Service* 13.

558 Shaw *Crime and Policing in Post-Apartheid South Africa* 22.

559 Maguire 1997 *Police Journal* 11; Du Plessis en Louw 2005 *CJCCJ* 429.

560 *Interim Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 200 van 1993.

561 *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

562 Van der Spuy 2008 *Journal for Contemporary History* 47.

Artikel 214 van die Interim Grondwet[563] was die instellings- of stigtingsartikel van 'n nuwe gesentraliseerde polisiebenadering. Die inhoud van artikel 214 van die Interim Grondwet was omvattend[564] en het onder andere pertinent aandag geskenk aan die daarstelling van 'n enkele polisie-instansie.[565] Dit het verder bepaal dat strukturering deur middel van nasionale wetgewing aan die hand van die grondwetlike vereistes moes geskied.

Wat hierdie oorgangsbepaling so belangrik gemaak het, was die fokus op die integrasie van die verskillende polisiemagte ten einde 'n gesentraliseerde polisiestruktuur daar te stel. Dit moes herstrukturering teweegbring, sonder om die werksaamhede van die polisie te ontwrig,[566] terwyl dit ook 'n groot aantal dienste standaardiseer. Vir doeleindes

---

563 Artikel 214 van die *Interim Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 200 van 1993.

564 Artikel 214 van die *Interim Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 200 van 1993.

565 Artikel 214(1) van die *Interim Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 200 van 1993:

214 Establishment

(1) There shall be established and regulated by an Act of Parliament a South African Police Service, which shall be structured at both national and provincial levels and shall function under the direction of the national government as well as the various provincial governments.

(2) The Act of Parliament referred to in subsection (1) shall –

(a) subject to sections 216, 217 and 218, provide for the appointment of a Commissioner of the South African Police Service (hereinafter in this Chapter called the 'national Commissioner') and a Commissioner for each province (hereinafter in this Chapter called a 'Provincial Commissioner');

(b) provide for the establishment and maintenance of uniform standards of policing at all levels regarding –

(i) the exercise of police powers;

(ii) the recruitment, appointment, promotion and transfer of members of the Service;

(iii) suspension, dismissal, disciplinary and grievance procedures;

(iv) the training, conduct and conditions of service of members of the Service;

(v) the general management, control, maintenance and provisioning of the Service;

(vi) returns, registers, records, documents, forms and correspondence; and

(vii) generally, all matters which are necessary or expedient for the achievement of the purposes of this Constitution.

566 Shaw *Crime and Policing in Post-Apartheid South Africa* 29.

hiervan het die Parlement die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens*[567] gepromulgeer ten einde uitvoer te gee aan die eerste grondwetlike bepalings aangaande polisiëring in die geskiedenis van Suid-Afrika.[568] Hierdie bepalings het aanleiding gegee tot die hedendaagse strukturering van die polisie wat vervolgens bespreek word.

3.2.3.1 Die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD)

Die Suid-Afrikaanse Polisiediens word algemeen beskou as die blote opvolger van die voormalige Suid-Afrikaanse Polisie, gehul in 'n demokratiese vorm.[569] So 'n persepsie kan egter nie ondersteun word nie. Die uitgebreide gedesentraliseerde aard van polisie in die pre-1994 bedeling, in samehang met negatiewe sentiment ten opsigte van polisie in Suid-Afrika, het 'n drastiese hervorming vereis om geloofwaardigheid daar te stel.

Soortgelyk aan die klemverskuiwing op staatsregtelike gebied, het die herstrukturering van die SAPD ook op juridiese beginsels gesteun om legitimiteit tot die nuutgevonde polisiëringsbedeling toe te voeg.[570] Artikel 214 van die Interim Grondwet het die grondslag van die herstrukturering uitgemaak. Dit het bepaal dat die SAPD op nasionale, provinsiale en

---

567 *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 van 1995.

568 Die Aanhef van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 van 1995: "AANGESIEN artikel 214 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1993 (Wet 200 van 1993), wetgewing vereis om voorsiening te maak vir die instelling en regulering van 'n Suid-Afrikaanse Polisiediens wat op sowel nasionale as provinsiale vlakke gestruktuur is en wat onder gesag van sowel die nasionale regering as die onderskeie provinsiale regerings funksioneer; EN AANGESIEN daar 'n behoefte bestaan om 'n polisiediens regdeur die nasionale grondgebied te voorsien om –
(a) die veiligheid en sekuriteit van alle persone en eiendom in die nasionale grondgebied te verseker;
(b) die fundamentele regte van elke persoon soos gewaarborg deur hoofstuk 3 van die Grondwet te handhaaf en beskerm;
(c) samewerking tussen die Diens en die gemeenskappe wat dit dien in die bekamping van misdaad te verseker;
(d) respek vir die slagoffers van misdaad en begrip vir hul behoeftes te weerspieël; en
(e) effektiewe burgerlike toesig oor die Diens te verseker".

569 Maguire 1997 *Police Journal* 16.

570 Shaw *Crime and Policing in Post-Apartheid South Africa* 28.

plaaslike vlak gestruktureer moes word,[571] maar slegs onderhewig aan nasionale en provinsiale regerings sou funksioneer.[572] Vir hierdie rede is ook voorsiening gemaak vir nasionale en provinsiale kantore en kommissarisse. Artikel 214(2)(b) het ook pertinent voorsiening gemaak vir die inkorporering van lede van die voormalige SAP en Tuislandpolisie onder ŉ enkele SAPD.[573]

Artikel 220 het verder klem gelê op die samewerking van die verskeie vlakke van polisie en die skepping van ŉ komitee wat daarop gemik is om interaksie, kommunikasie en samewerking tussen die nasionale en provinsiale rolspelers te bevorder.[574] Dit het verder strukture daargestel ten einde deursigtigheid en verantwoordbaarheid van die polisie te realiseer.[575] Die Interim Grondwet het ook die konsep van gemeenskapspolisiëring tot die struktuur van die Suid-Afrikaanse polisiebegrip gevoeg en bepalings aangaande die skepping van gemeenskapspolisiëringsforums neergelê.[576] Met die promulgasie van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens*[577] is hierdie bepalings statutêr aangespreek om sodoende die realisering van die grondwetlike beginsels te bevorder.[578]

---

571 Artikel 214(1) van die *Interim Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 200 van 1993.

572 Motala 1996 *Third World Legal Studies* 176.

573 Artikel 214(2)(b)(ii) van die *Interim Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 200 van 1993: *"the recruitment, appointment, promotion and transfer of members of the Service*". Sien ook artikel 5 van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 van 1995. Sien ook afdelings 3.2.2.2 en 3.2.2.4 van hierdie proefskrif in hierdie verband.

574 Artikel 220 van die *Interim Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 200 van 1993: (1) *"A committee consisting of the Minister referred to in section 216 (1) and the respective members of the Executive Councils referred to in section 217(1) shall be established to ensure the effective co-ordination of the Service and effective co-operation between the various Commissioners".*

575 Minnaar 2010 *Acta Criminologica* 192. Sien ook artikel 25(1)(b) van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 van 1995.

576 Artikel 221(1) van die *Interim Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 200 van 1993.

577 *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 van 1995, hierna "die Wet".

578 Hoofstuk 7 van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 van 1995. Sien spesifiek artikels 199, 205, 206 en 207 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

Hoofstuk 11 van die finale Grondwet[579] volg 'n soortgelyke benadering as die Interim Grondwet. Dit het die strukturering van die SAPD op nasionale, provinsiale en plaaslike vlak bevestig,[580] alhoewel 'n nuwe toevoeging was dat die provinsies se behoeftes in ag geneem moet word.[581] Alhoewel die Interim Grondwet en die Wet ontwyfelbaar die weg gebaan het om die polisie in Suid-Afrika te sentraliseer, kan duidelik uit die Grondwet se bewoording waargeneem word dat die bedoeling is om effektiewe beheer daar te stel en 'n goed gestruktureerde diens te skep, in teenstelling met die historiese gefragmenteerde benadering wat bygedra het tot onregmatige polisie-optrede .[582]

3.2.3.1.1 Verskynsels van Nasionale Polisiedienste in die buiteland

Die Suid-Afrikaanse nasionale polisiestruktuur toon groot ooreenkomste met buitelandse strukturele benaderings in polisiëring, met veral verwysing na Europese modelle.[583] Dit moet egter benadruk word dat polisiëringstelsels met nasionale polisiemagte verskeie vorme kan aanneem en hulle gevolglik ook duidelik onderskei moet word van mekaar. Hierdie klassifikasies kan onder andere verdeel word in enkel nasionale magte;[584] nasionale magte wat gesentraliseerd en gekoördineerd is;[585] sowel as magte wat nasionaal gesentraliseerd is,

---

579 Hoofstuk 11 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

580 Artikel 205(1) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996: "(1) Die nasionale polisiediens moet gestruktureer word om in die nasionale, die provinsiale en, waar gepas, die plaaslike regeringsfere te funksioneer".

581 Artikel 205(2) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996: "(2) Nasionale wetgewing moet die bevoegdhede en funksies van die polisiediens bepaal en moet die polisiediens in staat stel om sy verantwoordelikhede doeltreffend na te kom, met inagneming van die behoeftes van die provinsies".

582 Shaw *Crime and Policing in Post-Apartheid South Africa* 22; Du Plessis en Louw 2005 *CJCCJ* 434; De Vos 1995 *South African Human Rights Yearbook* 194.

583 Hunter 1990 *Police Studies* 120. Hunter dui verder aan dat Oosterse state soos Thailand, Taiwan en Israel ook toenemend nastreef om soortgelyke nasionaal-gesentraliseerde stelsels te implementeer.

584 Voorbeelde hiervan is onder andere Sri-Lanka, Singapoer, Pole, Ierland, en Israel. Sien Bayley 1992 *Crime & Justice* 523.

585 Voorbeelde hiervan is onder andere Frankryk, Finland en Die Verenigde Koninkryke.

maar ongekoördineerd werksaam is.[586] Onder hierdie internasionale klassifikasie sal die Suid-Afrikaanse nasionale diens, die SAPD, gevolglik onder die klassifikasie van "nasionale magte wat gesentraliseerde en gekoördineerd is" ressorteer.[587] Die Franse en Britse polisiestrukture is vergelykbaar met die van Suid-Afrika.

Alhoewel die Franse polisiestruktuur reeds dekades gebruik maak van verskeie nasionale polisiedienste, kan die Franse stelsel van die Suid-Afrikaanse benadering onderskei word deurdat die Franse benadering nie so gesentraliseerd is, as die Suid-Afrikaanse benadering nie en gevolglik gebruik maak van meervoudige polisiemagte,[588] wat ondersteunend en soms dupliserend funksioneer en eerder die vorm van differensiële polisiëring[589] aanneem.[590] Tog maak hierdie nasionale polisiëringsbenadering die fondasie van die Franse polisiestruktuur uit.[591]

Die Britse polisiëringsbenadering, alhoewel meer gefragmenteerd as die Suid-Afrikaanse en Franse benaderings, steun die afgelope twee dekades toenemend op 'n meer gesentraliseerde nasionale polisiëringstruktuur.[592] Outeurs beredeneer reeds sedert die 1980's dat Britse polisiëring toenemend gesentraliseerd word en gevolglik 'n nasionale struktuur vereis om aanspreeklikheid en deursigtigheid te verseker.[593] Dit is egter noemenswaardig dat die Britse stelsel nie eens

---

586 Bayley 1992 *Crime & Justice* 523. Voorbeelde hiervan is onder andere Italië, Rusland, België en Switserland.

587 Sien bespreking in afdeling 3.2.3.1 van hierdie proefskrif.

588 Miller 1986 *American Bar Foundation Research Journal* 341. Sien ook afdeling 2.2.2.4.3 van hierdie proefskrif.

589 Sien afdeling 3.2.4.1 van hierdie proefskrif aangaande wat differensiële polisiëring behels.

590 Ferret 2004 *European Journal of Crime, Criminal Law and Criminal Justice* 195; Gobinet 2008 *International Journal for Police Science and Management* 458.

591 Pulling 1962 *Police Journal* 267; Hunter 1990 *Police Studies* 121; Gobinet 2008 *International Journal for Police Science and Management* 451.

592 Donnelly, Scott en Wilkie 2002 *Police Journal* 287; Joyce 1994 *Police Journal* 119: *"Britain's essentially devolved policing system with its emphasis on local organization, was being superseded. In its place there appeared to be a much more centralized, national police.".*

593 Marenin 1998 *International Journal of Police Strategies and Management* 170; Fijnaut 1990 *Police Journal* 342.

naastenby die nasionale gesentraliseerdheid van Suid-Afrika bereik het nie, maar duidelike pogings aanwend om dit te verwesenlik.[594]

Alhoewel ooreenstemmende elemente van nasionale polisiestrukture ook waargeneem kan word in Kanada en Duitsland, kan hierdie gesentraliseerde nasionale strukture nie as beskrywend van Kanadese en Duitse polisiëring beskou word nie,[595] maar eerder as 'n nasionale stelsel binne 'n gedesentraliseerde of gefragmenteerde polisiëringsisteem.[596] Gevolglik kan die Kanadese *Royal Mounted Police*[597] en die Duitse Federale Polisie[598] nie as vergelykbaar met die SAPD geag word nie.

3.2.3.2 Suid-Afrikaanse Metropolitaanse en Munisipale polisiedienste

Die verwagting was dat die post-1994 polisiesisteem in Suid-Afrika nie 'n gedesentraliseerde polisiestruktuur sou behels nie. Die insluiting van artikel 221 van die Interim Grondwet, wat voorsiening gemaak het vir die skepping van munisipale en metropolitaanse polisiedienste, was gevolglik verrassend. Dit bepaal as volg:

> *3. The Act referred to in section 214 (1) shall make provision for the establishment by any local government of a municipal or metropolitan police service: Provided that –*
>
> *a. such a police service may only be established with the consent of the relevant member of the Executive Council of the province referred to in section 217 (1);*
>
> *b. the powers of such a police service shall be limited to crime prevention and the enforcement of municipal and metropolitan by-laws;*

---

594 Hunter 1990 *Police Studies* 123.

595 Bayley 1979 *Crime & Justice* 124.

596 Hunter 1990 *Police Studies* 123.

597 Redpath 2004 *ISS Monographs* 89: Sien ook Montesh *Crime investigative system within the South African Criminal Justice system* 46; *"The Royal Canadian Mounted Police is the Canadian national police service and an agency of the Ministry of the Solicitor-General of Canada. The RCMP is unique in the world in that it is at the same time a national, federal, provincial and municipal policing body. The RCMP enforces or polices the law throughout Canada."*. De Villiers 2008 *TSAR* 567.

598 Bayley 1992 *Crime and Justice* 511.

c. the said member of the Executive Council of the province shall, subject to paragraph (b) and the provisions of the said Act, determine the powers and functions of such a police service; and

d. the said Act shall provide that its provisions shall, as far as practicable, apply mutatis mutandis *to any such police service.*[599]

Dit is ook weerspieël in artikel 64 van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens.*[600] Hierdie bepalings het strydig voorgekom met die beginsel van 'n enkelvoudige diens, soos geïmpliseer deur artikel 214 van die Interim Grondwet.[601] Alhoewel die bepalings van artikel 64 nie omvattend was in hierdie verband nie, het dit wel enkele bepalings bevat ten einde die strukturering van metropolitaanse polisiedienste, in samehang met die Suid-Afrikaans Polisiediens, te reguleer.[602] Dit het onder andere behels dat die metropolitaanse polisiedienste steeds onder die gesag van die destydse Minister van Veiligheid en Sekuriteit sou ressorteer. Die Minister sou voorts die bevoegdheid hê om die metropolitaanse polisiedienste se onderworpenheid aan die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* te bepaal, en ook om regulasies ten aansien van dié polisiedienste uit te vaardig.[603] Die Nasionale Kommissaris van Polisie is daarmee belas om minimumstandaarde van opleiding daar te stel waaraan die lede van metropolitaanse polisiedienste moes voldoen.[604]

---

599 Artikel 221(3) van die *Interim Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 200 van 1993.

600 Artikel 64 van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 van 1995.

601 Artikel 214 van die *Interim Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 200 van 1993.

602 Artikel 64 van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 van 1995.

603 Artikel 64(2) van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 van 1995:

(2) (a) Die Minister, moet voorskryf watter bepalings van hierdie Wet *mutatis mutandis* op enige munisipale of metropolitaanse polisiediens van toepassing is.

(b) Die Minister kan regulasies uitvaardig betreffende die instelling van munisipale en metropolitaanse polisiedienste, met inbegrip van watter kategorieë plaaslike regerings munisipale polisiedienste en watter kategorieë plaaslike regerings metropolitaanse polisiedienste kan instel.

604 De Vries 2008 *Acta Criminologica* 135. Sien ook. Artikel 64(3) van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 van 1995:

(3) Die Nasionale Kommissaris bepaal die minimumstandaarde van opleiding wat lede van munisipale en metropolitaanse polisiedienste moet ondergaan.

Ten opsigte van die interaksie tussen die metropolitaanse polisiedienste en die Suid-Afrikaanse Polisiediens, het artikel 64(5) uitdruklik bepaal dat die instelling van 'n munisipale of metropolitaanse polisiediens geensins moes inmeng met die werksaamhede van die SAPD nie.[605] Die bepalings van artikel 64 het gevolglik by implikasie 'n hiërargie van polisiedienste daargestel ingevolge waarvan die SAPD 'n verhoogde status teenoor die metropolitaanse polisiedienste geniet het.[606] Op hierdie wyse het dit die ondergeskikte aard van die munisipale polisiemagte van die Apartheidsbedeling laat herleef.[607]

Met die aanvaarding van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996[608] het die beginsel van metropolitaanse polisiedienste verdere grondwetlike verskansing ontvang.[609] Alhoewel artikel 199 van die Grondwet[610] uitdruklik bepaal het dat Suid-Afrika oor 'n "enkele polisiediens" beskik, het artikel 206(7) egter steeds voorsiening gemaak vir addisionele polisiedienste deur te bepaal:

> (7) Nasionale wetgewing moet 'n raamwerk voorsien vir die instelling, bevoegdhede, funksies en beheer van munisipale polisiedienste.[611]

In teenstelling met die Interim Grondwet,[612] het die Grondwet ook nie 'n spesifieke polisiediens geïdentifiseer nie, maar wel in artikel 199(1) na 'n "enkele polisiediens" verwys, deur te bepaal:

---

605 Artikel 64 van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 van 1995:
(5) Die instelling van 'n munisipale of metropolitaanse polisiediens doen nie afbreuk aan die werksaamhede van die Diens of die bevoegdhede, pligte of werksaamhede van 'n lid ingevolge enige wet nie.

606 Alhoewel geen pertinente hiërargie van polisiëring genoem word nie, tref die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* tog 'n duidelike onderskeid tussen die SAPD en metropolitaanse polisiedienste. Dit kan dus aangevoer word dat indien differensiasie nie die bedoeling was nie, beide die Interim Grondwet en die Wet nie 'n onderskeid sou getref het nie en alle polisiedienste eenvoudig gelyk onderhewig gestel het aan dieselfde riglyne, grondwetlike verpligtinge en mandaat.

607 Sien afdeling 3.2.2.3 van hierdie proefskrif.

608 *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

609 Marais 2003 *Acta Criminologica* 145.

610 Artikel 199(1) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

611 Artikel 206(7) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

(1) Die veiligheidsdienste van die Republiek bestaan uit 'n enkele weermag, 'n enkele polisiediens en enige intelligensiedienste wat ingevolge die Grondwet ingestel word.[613]

Ooreenkomstig maak die Grondwet deurgaans melding van “die polisiediens” en is die enigste gebruik van ’n meervoudsvorm in artikel 206(7).[614]

Indien berus moet word op die gees en die strekking van die Grondwet ten einde die formele organisatoriese struktuur van polisiëring in Suid-Afrika te bepaal, sou aangevoer kon word dat die Grondwet voorsiening maak vir ’n gesentraliseerde polisiestruktuur.[615] Artikel 205(1) maak voorsiening vir die strukturering van die “nasionale polisiediens” op nasionale, provinsiale en waar toepaslik, op plaaslike regeringsfere.[616] Hierdie organisatoriese bepaling verwys geensins na metropolitaanse of munisipale polisiedienste nie en indien artikel 205(1) verder saam met artikel 207 gelees word is dit duidelik dat selfs die beheer en bestuur, soos vervat in die grondwetlike teks, uitsluitlik op ’n gesentraliseerde nasionale polisiediens van toepassing is.[617] Dit blyk dus asof die bedoeling van die grondwetskrywers was om ’n gesentraliseerde polisiesisteem daar te stel en nie ’n gedesentraliseerde sisteem wat

---

612 Artikel 214(1) van die *Interim Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 200 van 1993.

613 Artikel 199(1) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

614 Artikel 206(7) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

615 Artikel 199(1) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

616 Artikel 205(1) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

617 Artikels 207(1), (3) en (4) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996:

(1) Die President as hoof van die nasionale uitvoerende gesag moet 'n vrou of 'n man as die Nasionale Kommissaris van die polisiediens aanstel om die polisiediens te beheer en te bestuur.

(3) Die Nasionale Kommissaris moet met die instemming van die provinsiale uitvoerende gesag 'n vrou of 'n man as die provinsiale kommissaris vir daardie provinsie aanstel, maar indien die Nasionale Kommissaris en die provinsiale uitvoerende gesag nie oor die aanstelling kan ooreenkom nie, moet die Kabinetslid wat vir polisiëring verantwoordelik is, tussen die partye bemiddel.

(4) Die provinsiale kommissarisse is verantwoordelik vir polisiëring in hul onderskeie provinsies-

(a) soos deur nasionale wetgewing voorgeskryf; en

(b) behoudens die bevoegdheid van die Nasionale Kommissaris om ingevolge subartikel (2) beheer oor die polisiediens uit te oefen en dit te bestuur.

voorsiening maak vir munisipale polisie nie. Dit skep dus ’n grondwetlike teenstrydigheid tussen artikel 199[618] en artikel 206(7)[619] van die Grondwet en skep die indruk dat die laasgenoemde artikel ’n terloopse byvoeging was.

Die grondwetlikheid van die bestaansreg van metropolitaanse en munisipale polisiedienste is dus uitsluitlik gebaseer op artikel 206(7) van die Grondwet,[620] wat teenstrydig met die ander grondwetlike bepalings aangaande die polisie blyk. Dit skep terselfdertyd die indruk dat die bepalings soos vervat in die Grondwet[621] slegs van toepassing is op die “enkele polisiediens”, dus die SAPD, en dat enige addisionele polisiedienste alleenlik aan die hand van statutêre en ministeriële riglyne bestuur sou word.[622] Dit het nie slegs aanleiding gegee tot ’n her-desentralisering van die polisie in Suid-Afrika nie, maar ook die grondwetlikheid daarvan in geskil geplaas.

Hierdie situasie is enkele jare later bevredigend aangespreek deur die *Wysigingswet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens*.[623] Die wet het die definisie van metropolitaanse polisiedienste geskrap en die omskrywing van munisipale polisiedienste gewysig om ook die voormalige metropolisiedienste in te sluit.[624] Artikel 3 van die Wysigingswet het in effek slegs weggedoen met die onderskeid tussen metropolisiedienste en munisipale polisiedienste, maar geen organisatoriese veranderinge

---

618 Artikel 199(1) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

619 Artikel 206(7) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

620 Artikel 206(7) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

621 Artikel 205 – 208 Artikel 206(7) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

622 Artikel 64(2) van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 van 1995. Die bewoording van artikel 64(2) is van so ’n aard dat dit impliseer dat die Grondwet en die wet nie vanselfsprekend geld vir metropolitaanse polisiedienste nie: “(2)(a) Die Minister, moet voorskryf watter bepalings van hierdie Wet *mutatis mutandis* op enige munisipale of metropolitaanse polisiediens van toepassing is”.

623 *Wysigingswet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 83 van 1998.

624 Artikel 3 van die *Wysigingswet op die Suid-Afrikaanse Polisiedienste* 83 van 1998. Die bewoording “ ‘munisipale polisiediens’ ’n munisipale polisiediens kragtens artikel 64(1)(a) ingestel” is vervang met " ‘munisipale polisiediens’ ’n munisipale polisiediens kragtens artikel 64A ingestel”.

ingehou nie. Artikel 64 is ook gewysig ten einde spesifiek voorsiening te maak vir bepalings aangaande die instelling,[625] bestuur,[626] toesighouding,[627] werksaamhede,[628] bevoegdhede[629] en prosedures[630] van so 'n munisipale diens. Dit het ook bevoegdhede aan die Nasionale Kommissaris opgedra om die munisipale polisiedienste te standaardiseer[631] en deur middel van regulasies die omvang van verpligtinge te bepaal.[632]

Sedert die wysiging van artikel 64 in 1998 het die onderskeie Ministers van Veiligheid en Sekuriteit, en later die Minister van Polisie,[633] regulasies daargestel ten einde die instelling[634] en standaardisering[635] van munisipale polisiedienste te fasiliteer. Dit is opmerklik dat die regulasies uitdruklik onderskeid tref tussen die SAPD en munisipale polisiedienste. Regulasie 1 van die *Regulasies vir Munisipale Polisiedienste* van 1999 bepaal telkens dat die naam,[636] uniforms[637] en

---

625 Artikel 64A van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 van 1995.

626 Artikel 64B, C en D van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 van 1995.

627 Artikel 64J van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 van 1995.

628 Artikel 64E van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 van 1995.

629 Artikel 64F van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 van 1995.

630 Artikel 64H van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 van 1995.

631 Artikel 64L van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 van 1995.

632 Artikel 64M, N, O en P van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 van 1995.

633 Die Ministerie van Veiligheid en Sekuriteit is in 2009 omvorm na die Ministerie van Polisie.

634 GK R710 in GG 20141 van 11 Junie 1999.

635 GK R1131 in GG 30523 van 4 Desember 2007.

636 Regulasie 1(2)(a) van GK R710 in GG 20141 van 11 Junie 1999:
"(a) die naam van die munisipale polisiediens wat ingestel staan te word wat so duidelik onderskeibaar is van dié van die Diens dat dit verwarring sal voorkom".

637 Regulasie 1(2)(b) van GK R710 in GG 20141 van 11 Junie 1999:
"(b) die rangstruktuur wat in die genoemde munisipale polisiediens van toepassing sal wees wat so duidelik onderskeibaar is van dié van die Diens dat dit verwarring sal voorkom…".

rangstruktuur[638] van 'n munisipale polisiediens van so 'n aard moet wees dat dit nie verwarring met dié van die SAPD sal veroorsaak nie.[639]

As deel hiervan word die funksies van 'n munisipale polisiediens ook duidelik van die SAPD se doelstellings onderskei. Dit bepaal die werksaamhede van munisipale polisiedienste as verkeerspolisiëringsdienste,[640] die polisiëring van munisipale verordeninge en regulasies[641] asook misdaadvoorkomingsdienste.[642] Dit wil dus voorkom asof die funksie van munisipale polisiedienste nie algemene polisiëringsfunksies, soos uiteengesit in artikel 205(3) van die Grondwet, insluit nie.[643] Uit die vyf doelstellings van artikel 205(3) onderskryf artikel 64 en die regulasie slegs misdaadvoorkoming.[644] Reaktiewe polisiëring, die ondersoek van misdaad en die handhawing van openbare orde blyk buite die bevoegdhede van die munisipale polisiedienste te val.[645] Die laaste vereiste van artikel 205(3), naamlik die handhawing en toepassing van die reg,[646] word ook nie pertinent genoem in artikel 64 of die regulasie nie, maar kan as inbegrepe by die wye interpretasie van "voorkoming van misdaad" geag word.

---

638 Regulasie 1(2)(c) van GK R710 in GG 20141 van 11 Junie 1999:
"(c) 'n voorstel wat 'n grafiese uitbeelding van die uniforms en insignia van die genoemde munisipale polisiediens bevat wat so duidelik onderskeibaar is van dié van die Diens dat dit verwarring sal voorkom...".

639 Regulasie 1(2) van GK R710 in GG 20141 van 11 Junie 1999. Sien ook Woolman *et al Constitutional Law of South Africa* 23B-11.

640 Artikel 64E(a) van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 van 1995; Regulasie 1(2)(f)(i) van GK R710 in GG 20141 van 11 Junie 1999.

641 Artikel 64E(b) van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 van 1995; Regulasie 1(2)(f)(ii) van GK R710 in GG 20141 van 11 Junie 1999.

642 Artikel 64E(c) van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 van 1995; Regulasie 1(2)(f)(iii) van GK R710 in GG 20141 van 11 Junie 1999.

643 Vuma *Crime Prevention as a core function of the South African Police Service* 29; Marais 2003 *Acta Criminologica* 138.

644 Vergelyk in hierdie verband artikel 205(3) van *die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996 en regulasie 1(2)(f) van GK R710 in GG 20141 van 11 Junie 1999. Sien ook *Glenister v President of the Republic of South Africa and Others* 2011 3 SA 347 (KH) par 73. In hierdie uitspraak word geen melding gemaak van artikel 205(3) wat geld vir alle polisiëringsinstansies nie, maar word die SAPD alleen hierdie grondwetlike pligte toegeskryf.

645 Marais 2003 *Acta Criminologica* 138.

646 Artikel 205(3) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

Dit is egter opmerklik dat addisionele bevoegdhede, soos byvoorbeeld skarebeheer,[647] aan die hand van ministeriële regulasies verleen word en gevolglik ook die voorafgaande mandaat van munisipale polisiedienste uitbrei. Dienooreenkomstig maak regulasie 10 van die *Regulasies vir Munisipale Polisiedienste* van 1999[648] ook voorsiening vir uitgebreide bevoegdhede deurdat enkele bevoegdhede pertinent ingesluit word binne die omvang van munisipale polisiedienste.[649] Dit sluit onder andere in die regulering van vervoer van vee, die uitvoer van arrestasies weens 'n oortreding van die *Wet op Veediefstal,*[650] die inspeksie van fabrieke wat traangas vervaardig,[651] die aanmelding van geestesversteurdes wat ontsnap het of sonder voldoende toesig is,[652] visenteringsbevoegdhede soos in terme van die *Strafproseswet,*[653] die neem van vingerafdrukke en betekening van waarskuwings,[654] ondervraging, visentering en arrestasie in dwelmverwante aangeleenthede[655] en behartiging van gesinsgeweldkwessies en -arrestasies.[656]

Vanuit die voorafgaande is die onsekerheid aangaande die strekking van die funksie en bevoegdhede van munisipale polisiedienste sigbaar. Dit behels nie volwaardige polisiebevoegdhede nie en is as 'n gevolg ook 'n ingeperkte funksie. Hierdie onsekerheid het dus die potensiaal om oorvleueling van bevoegdhede en jurisdiksie tot gevolg te hê.[657] Alhoewel dit plaaslike regerings die kapasiteit bied om plaaslike

---

647 GK R307 in GG 30882 van 20 Maart 2008. Hierdie regulasie stel 'n polisiëringstandaard ten aansien van hoe munisipale polisiedienste openbare-orde funksies moet vervul, sowel as 'n beheerstruktuur vir insluiting van alle belanghebbende departemente.

648 Regulasie 10 van *Regulasies vir Munisipale Polisiedienste* van 1999:
"10. Bevoegdhede van 'n munisipale polisiediens — Die bevoegdhede opgedra aan 'n lid van die Diens deur die wetgewende bepalings waarna in Kolom 1 van Aanhangsel 6 verwys word, kan, tot die mate uiteengesit in Kolom 2 van daardie Aanhangsel, deur 'n lid van 'n munisipale polisiediens uitgeoefen word".

649 Aanhangsel 6 van die *Regulasies vir Munisipale Polisiedienste* van 1999.

650 Artikels 8(1), (3) en 9 van die *Wet op Veediefstal* 57 van 1959.

651 Artikel 4 van die *Wet op Traangas* 16 van 1964.

652 Artikels 14 en 70 van die *Wet op Geestesgesondheid* 18 van 1973.

653 Artikel 21 - 27 van die *Strafproseswet* 51 van 1977.

654 Artikel 37 en 72 van die *Strafproseswet* 51 van 1977.

655 Artikel 11 van die *Wet op Dwelmmiddels en Dwelmsmokkelary* 140 van 1992.

656 Artikel 2 van die *Wet op Gesinsgeweld* 116 van 1998.

657 Olivier 1995 *SACJ* 315; Rauch, Shaw en Louw *ISS Monograph* 13.

regsmiddele en verkeersregulasies af te dwing,[658] moet munisipale polisie nie as die omvattende antwoord tot polisiëring beskou word nie. Dit bied inderwaarheid 'n baie beperkte mate van polisiëring, met betrekking tot beide funksie en bevoegdhede. Hierdie gedesentraliseerde benadering tot polisiëring het die potensiaal om meer hinderlik as behulpsaam te wees vanuit die perspektief van nasionale misdaadbekamping omdat 'n eenvormige benadering ontwyk en jurisduksionele kwessies tussen polisiedienste mag ontstaan.

3.2.3.2.1 Die impak van die *Groenskrif op Polisiëring* op munisipale en metropolitaanse polisiedienste

Die kontroversie aangaande die fragmentering van die huidige polisiëringstruktuur in Suid-Afrika is opnuut geopper met die publikasie van die *Groenskrif op Polisiëring* in Junie 2013.[659] Die *Groenskrif* opper pertinent die verantwoordbaarheid van munisipale en metropolitaanse polisiedienste as 'n bedreiging vir die Suid-Afrikaanse demokrasie vanweë die feit dat hierdie dienste buite die beheer en bestuur van die Suid-Afrikaanse Polisiediens val:

> *The Metropolitan Police on the other hand are less subject to strong accountability measures and this in itself poses serious risks to our democracy. Where you have police accountability, situations may arise that require specific intervention from national government. Police accountability is a cornerstone of any democracy and given our particular history, we have to make sure that all police agencies must be accountable, including the Metro Police agencies. In addition, the philosophical orientation and training of police must be standardised. This is not possible under the current system of fragmented police services operating at both national and local level and where as a result the training and command of such services are not centralised.*[660]

Die *Groenskrif* stel dit ook duidelik dat standaardisering en die bedreiging van 'n fragmenteerde polisiestruktuur nie die enigste relevante faktore is nie en gaan verder deur te stel:

---

658 Regulasie 1(2)(f)(ii) van GK R710 in GG 20141 van 11 Junie 1999.
659 GG 36570 van 18 Junie 2013.
660 GG 36570 van 18 Junie 2013 22.

> *It must be noted that the call for a 'single police service' has been informed by a desire to maximise our capacity for effective, accountable and efficient policing. The primary objective is to address issues relating to the effective functioning of policing in the country. This is guided by the understanding that streamlining command and control, discipline and ensuring uniform standards must result in improved policing.*[661]

Uit die trant van die *Groenskrif* is dit duidelik dat dit poog om die problematiek, soos uiteengesit in die voorafgaande bespreking ten opsigte van munisipale en metropolitaanse polisiedienste,[662] aan te spreek. Die implikasie is egter dat die polisiëringstruktuur in Suid-Afrika weereens onderwerp sal moet word aan 'n samesmelting en herstrukturering van polisiëringsinstansies.[663] Alhoewel 'n sentralisering van beheer en bestuur as moontlikheid bestaan, bevat die *Groenskrif* geen voorstel in dié verband nie. Dit is wel baie duidelik uit die *Groenskrif* se ondubbelsinnige bewoording dat 'n "enkele polisiediens" beoog word, soos vereis deur artikel 199(1) van die Grondwet,[664] en impliseer gevolglik dat munisipale en metropolitaanse polisiedienste in die nabye toekoms ontbind sal word en ingelyf sal word by die SAPD.[665]

Die wyse waarop die *Groenskrif* hierdie kwessie aanspreek, is egter vaag. Alhoewel dit duidelik is oor die nastrewing van artikel 199(1), bied dit geen konkrete benadering tot hoe die enkele diens teweeg gebring sal word of oor die tydskedule wat beoog word nie. Dit maak wel 'n breedvoerige argument uit oor onvoldoende toesighouding oor munisipale dienste en oor die behoefte om beheer en bestuur te

---

661 GG 36570 van 18 Junie 2013 23.

662 Sien afdeling 3.2.3.2 van hierdie proefskrif.

663 Die uitvoerbaarheid van hierdie samesmelting kan uiteraard bevraagteken word. Alhoewel dit wil voorkom asof hierdie proses 'n soortgelyke strukturele transformasie as tydens die demokratiseringsproses sal behels, moet rekening gehou word met die oormatige getalle van addisionele personeel wat in die jurisdiksies van die voormalige munisipale en metropolitaanse polisiedienste sal voorkom. Dit mag 'n oorkonsentrasie van beamptes met soortgelyke verpligtinge meebring wat opsigself daartoe kan lei dat addisionele eenhede of selfs gespesialiseerde eenhede geskep sal moet word ten einde die beamptes te akkommodeer. Vanselfsprekend mag dit ook 'n leemte in die polisiëring van plaaslike verordeninge en verkeer nalaat, wat die uitbreiding van die tradisionele verkeerspolisie sal vereis.

664 Artikel 199(1) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

665 GG 36570 van 18 Junie 2013 21.

sentraliseer.[666] Die *Groenskrif* bevat egter leemtes aangaande problematiek soos:

- die opleiding en heropleiding van munisipale polisiebeamptes voor opname in die SAPD ten einde standardisering van polisiëring te verseker;
- die finansiële implikasie van 'n samesmelting van dienste met betrekking tot personeelvergoeding, toerusting en die oordrag van huidige munisipale hulpbronne aan die nasionale uitvoerende gesag;
- die toekomstige vervulling van die behoefte na polisiëring van munisipale verordeninge en regulasies;
- herontplooiing van die munisipale polisiebeamptes ten einde opeenhoping van polisiebeamptes in voormalige munisipale polisiejurisdiksies te voorkom;
- die herinstelling van toegewyde verkeersdepartemente.

Indien hierdie leemtes nie daadwerklik aangespreek word nie, mag die integrasie van die munisipale polisie by die SAPD 'n uitgerekte en omslagtige proses teweeg bring wat die effektiwiteit van die "nuwe" saamgestelde mag ondermyn en soortgelyke knelpunte blootlê as na die herstrukturering van die polisie tydens die demokratiseringsproses.[667]

3.2.3.2.2 Buitelandse munisipale en metropolitaanse polisiemagte

Beide metropolitaanse en munisipale polisie kan in die buiteland waargeneem word, alhoewel die onderskeid tussen die twee vorme duideliker as in Suid-Afrika vertoon. Die onderskeid tussen hierdie twee vorme van plaaslike polisie word maklik verbind met die vlak van regering waaronder die betrokke polisiemag ressorteer en gevolglik word munisipale polisiedienste aan plaaslike owerhede toegeskryf, terwyl

---

666 GG 36570 van 18 Junie 2013 19.
667 Sien afdeling 3.2.4 van hierdie proefskrif.

metropolitaanse rade oor die bevoegdheid beskik om metropolitaanse polisiemagte, onafhanklik van munisipale polisiedienste, te bestuur.[668]

Munisipale en metropolitaanse polisie is 'n algemene verskynsel in Noord-Amerikaanse polisiëring.[669] Die hoogs gedesentraliseerde aard van die Verenigde State van Amerika se polisiëringstelsel is hoofsaaklik gestruktureer op die interafhanklike aanwending van munisipale polisie,[670] metropolitaanse polisiemagte en staatspolisie.[671] Munisipale polisie polisieer die dorp- of stadsgebiede, terwyl metropolitaanse polisie voorstede en areas tussen die stadsgrense binne die metropool behartig. Die hoofweë en landelike gebiede word gevolglik aan die staatspolisie oorgelaat. Die Kanadese aanslag is egter nie weens 'n afwesigheid van 'n nasionale polisiemag nie. Dit is eerder weens die plaaslike owerhede se ongelukkigheid met die mate van diens deur die laasgenoemde mag,[672] sowel as 'n begeerte om vanuit plaaslike geledere beheer en bestuur oor polisiëring uit te oefen.[673] Beide die VSA en Kanada se plaaslike polisiëring ondervind die toenemende probleem dat die gemiddelde plaaslike polisiemag minder as 'n honderd lede uitmaak,[674] onvoldoende befonds word en aan ongespesialiseerde administratiewe en politieke bestuur onderwerp word.[675]

Soos reeds genoem, volg die Europese state meestal 'n gesentraliseerde benadering. Tog kan munisipale of metropolitaanse polisiemagte van plek tot plek waargeneem word, alhoewel die beheer en bestuur daarvan meestal steeds gesentraliseerd onder nasionale

---

668 Bayley 1992 *Crime & Justice* 516.

669 Jones 2009 *International Journal of Police Science & Management* 341; Bayley 1992 *Crime & Justice* 512.

670 Hunter 1990 *Police Studies* 119.

671 Bayley 1979 *Crime & Justice* 124.

672 Hunter 1990 *Police Studies* 121.

673 Bayley 1979 *Crime & Justice* 124. Bayley toon egter aan dat die Kanadese benadering, alhoewel gedesentraliseerd, nie alle bestuurs- en beheerfunksies aan plaaslike owerhede oorlaat nie. Hierdie bevoegdhede kom eerder die Provinsiale owerhede toe met 'n toesighoudingskapasiteit.

674 Bayley 1992 *Crime & Justice* 516.

675 Montesh *Crime investigative system within the South African Criminal Justice system* 46.

beheer beskou word. Uitsonderings op hierdie benadering kan wel in Frankryk en Brittanje waargeneem word. Die Franse munisipale polisiebenadering, soortgelyk as in Kanada, word gedryf deur ongelukkigheid van plaaslike owerhede met die dienslewering van nasionale polisiemagte.[676] Gevolglik maak die Franse polisiëringstruktuur reeds sedert 1983 voorsiening vir munisipale polisiemagte, maar beskik hierdie plaaslike polisiemagte oor beperkte bevoegdhede en getalle.[677]

Brittanje verwys na hulle munisipale polisiebenadering as 'n geïntegreerde benadering, ingevolge waarvan plaaslike polisiemagte bestaansreg het, maar uitsluitlik funksioneer onder nasionale standaarde.[678] Alhoewel die beheer- en bestuurstrukture van plaaslike polisiëring steeds die verantwoordelikheid van plaaslike owerhede uitmaak, kan gevolglik aangevoer word dat die munisipale polisiebenadering in Brittanje 'n gemengde sisteem van gedesentraliseerde polisiemagte[679] met 'n gesentraliseerde standaard is.[680]

Die bestaansreg van plaaslike polisiëring kan nie ontsê word nie en is 'n wêreldwye verskynsel. Tog ondervind meeste munisipale en metropolitaanse polisiemagte soortgelyke probleme met betrekking tot politieke en administratiewe beheer, onduidelike jurisdiksionele areas en 'n tekort aan standaardisering. In vergelyking met hierdie buitelandse sisteme kan daarop gewys word dat Suid-Afrika se toepassing daarvan ten minste grondwetlik begrond word.[681] Dit dra egter nie by om die problematiek aangaande standaardisering, sowel as beheer en bestuur, te oorkom nie. In vergelyking met buitelandse verskynsels van munisipale en metropolitaanse polisie is die bestaansreg van hierdie

---

676 Ferret 2004 *European Journal of Crime, Criminal Law and Criminal Justice* 209.

677 Hunter 1990 *Police Studies* 121; Sien ook Kania 1989 *Police Studies* 125.

678 Harlan 1997 *International Journal of Police Strategies and Management* 535. Sien ook Hunter 1990 *Police Studies* 122.

679 Zauberman en Levy 2003 *Criminology* 1079.

680 Kania 1989 *Police Studies* 129.

681 Artikel 206(7) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

polisiedienste goed begrond, maar weerspieël dit steeds die ongereguleerdheid wat waargeneem kan word in ander state.

3.2.3.3 Verkeersdepartemente

Vir doeleindes van volledigheid is dit ook belangrik om te noem dat die munisipale en provinsiale verkeersafdelings,[682] as 'n vorm van polisiëring, steeds bestaan. Die uitdruklike onderskeid wat getref word tussen munisipale polisiedienste en verkeersafdelings, sowel as elk se funksie, is opvallend.[683] Tot 'n groot mate het die werkswyse en rol van verkeersafdelings nie veel verandering ondergaan tydens die demokratiseringsproses nie. Waar munisipale polisiedienste daargestel is, is die betrokke verkeersdepartemente hierby geïnkorporeer ten einde kontinuïteit te verseker en jurisdiksionele kwessies uit te skakel.

Hierdie vorm van polisiëring funksioneer onder die bepalings van die *Padverkeerswet*.[684] Dienooreenkomstig word die aanstelling,[685] funksie en bevoegdhede[686] van verkeersbeamptes ook in terme van hierdie wet

---

682 Die Provinsiale Verkeersafdeling funksioneer onder die betrokke Provinsiale Regering. Die plasing van die Provinsiale Verkeersafdeling word bepaal deur die Provinsiale Wetgewer ooreenkomstig artikel 126 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996. Sien ook in hierdie verband Bylae 5 Deel A van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996 wat uitdruklik die regulering van provinsiale verkeersake onder die eksklusiewe bevoegdheid van die Provinsiale Wetgewer plaas. In meeste gevalle vorm die provinsiale verkeersafdelings deel van die provinsiale uitvoerende afdeling getaak met publieke veiligheid. Artikel 3 van die *Padverkeerwet* 93 van 1996 maak egter voorsiening dat hierdie verantwoordelikheid aan enige provinsiale departement wat verantwoordelik is vir padverkeersregulering opgedra kan word. In die Noordwes Provinsie val dit tans onder die LUR vir Openbare werke, Paaie en Vervoer; in die Gauteng Provinsie onder die LUR vir Publieke Veiligheid; in die Vrystaat onder die LUR vir Polisie, Paaie en Vervoer; in die Oos-Kaap Provinsie onder die LUR vir Vervoer en Veiligheid; In KwaZulu Natal onder die LUR vir Vervoer en Gemeenskapsveiligheid; in die Limpopo Provinsie onder die LUR vir Gemeenskapsveiligheid; in Mpumalanga onder die LUR van Paaie en Vervoer; in die Noord-Kaap Provinsie onder die LUR vir Veiligheid en in die Weskaap Provinsie onder die Provinsiale Minister vir Gemeenskapsveiligheid.

683 Regulasie 1(2)(f) en (g) van GK R710 in GG 20141 van 11 Junie 1999.

684 *Padverkeerwet* 93 van 1996.

685 Artikel 3A van die *Padverkeerswet* 93 van 1996.

686 Artikel 3I van die *Padverkeerswet* 93 van 1996. Dit is noemenswaardig dat die bevoegdhede, soos toegeskryf aan 'n verkeersbeampte, nie voorsiening maak vir algemene polisiëringspligte of bevoegdhede nie. Gevolglik word steeds

bepaal en stel dit dus 'n standaard daar waaraan alle verkeersafdelings moet voldoen.[687]

Verkeersdepartemente is nie 'n unieke verskynsel van die Suid-Afrikaanse polisiesisteem nie, maar verkeerspolisiëring maak wel in meeste state deel uit van algemene polisiëringspligte. Daar is dus nie 'n onafhanklike toegewyde mag soos in die Suid-Afrikaanse konteks nie.[688] Die inklusiewe benadering van verkeerspolisiëring as deel van algemene polisiëring kan grootliks ondersteun word as teenvoeter vir 'n oormatig gedesentraliseerde sisteem. Dit behoort nagestreef te word ten einde 'n volronde polisiëring daar te stel, eerder as 'n gefragmenteerde sisteem, soos in Suid-Afrika.[689]

3.2.4 Die impak wat die herstrukturering van die polisiestruktuur op Suid-Afrikaanse polisiëring gehad het

Vanuit die voorafgaande bespreking kan die omvangrykheid van die Suid-Afrikaanse polisiestruktuur waargeneem word. Dit is dus ondenkbaar dat die herstrukturering nie 'n groot invloed gehad het op die werkswyse, effektiwiteit en legitimiteit van polisiëring in Suid-Afrika nie.

Van Graan[690] illustreer die persepsie van polisielede aangaande die transformasieproses deur 'n opinie van 'n polisiebeampte wat aanvoer:

---

staatgemaak op die uitoefening van bevoegdhede soos voortspruitend uit die voormalige bedeling.

687 Artikel 3D van die *Padverkeerswet* 93 van 1996.

688 Bayley 1992 *Crime & Justice* 516. Bayley voer aan dat verkeersverpligtinge uitgevoer behoort te word deur sogenaamde "algemene polisie" en nie 'n veld op sy eie behoort te wees nie. Dit kan toegeskryf word aan die feit dat polisiëring van verkeersoortredings en polisiëring in die algemeen nou verbonde is.

689 Reiss 1992 *Crime and Justice* 84. Die VSA, Kanada, Duitsland, Frankryk, Spanje, Italië, Australië en New Zeeland maak almal gebruik van geïntegreerde misdaad- en verkeerspolisiëring. Dit is uiteraard 'n logiese benadering vanweë die feit dat verkeersoortreders en misdadigers moeilik onderskeibaar is. Sien ook Paoline en Sloan 2003 *International Journal of Police Strategies and Management* 620.

690 Van Graan *Obstacles Impeding the Transformation Process in the South African Police Force.*

> *….As we are seated here there is no one who is actually an employee of the SA police because we've got different agencies hence we've got a new services today but if you were looking we've got the formal municipality police that were trained as the municipal police. We've got the APLA members that are incorporated into the police we've got the MK's we've got the Railways there is no specific of forming that was given to us all as members of the SA police services so in other words the only members that belong to the SAPS are members that is been appointed in the two or three past years because they are the people that are serve under the new banner of the SAPS the others we all don't belong here.*[691]

Die herstrukturering van die polisiëringsisteem in Suid-Afrika het vinnig en met verreikende gevolge plaasgevind.[692] Dit het op bykans elke vlak van polisiëring 'n invloed gehad. Die rede wat uiteraard hiervoor aangevoer is, was dat die onderdrukkende polisiëringstrukture van die verlede legitimiteit ontbreek het en dat die nuwe nasie onder die beskerming van 'n nie-politiese diensgerigte polisiestruktuur tot stand moes kom.[693]

Die samesmelting van die Suid-Afrikaanse Polisie en die tien voormalige Tuislandpolisiemagte het daartoe gelei dat 'n versameling van strukture,[694] differensiële standaarde in opleiding en werkswyses in 'n enkele Suid-Afrikaanse Polisiediens vervat is. Bykans oornag is die elf voormalige militaristiese styl polisiemagte omskep in 'n enkele gemeenskapsgerigte polisiediens, met 'n nuwe embleem en 'n grondwetlike mandaat.[695]

---

691 Van Graan *Obstacles Impeding the Transformation Process in the South African Police Force* 122. Die bostaande aanhaling is 'n direkte aanhaling voortspruitend uit 'n onderhoud tussen Van Graan en 'n polisiebeampte. Dit weerspieël die frustrasie en onsekerheid van polisiebeamptes na afloop van die transformasieproses.

692 Shaw *Crime and Policing in Post-Apartheid South Africa* 24.

693 Maguire 1997 *Police Journal* 11; Du Plessis en Louw 2005 *CJCCJ* 433.

694 De Vos 1995 *South African Human Rights Yearbook* 194; Mokotedi *Measurement of Police Cynicism* 95.

695 Dixon 2000 *SACJ* 70. Sien artikel 214 van die *Interim Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 200 van 1993; *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 van 1995. Sien ook Montesh *Crime investigative system within the South African Criminal Justice system* 112.

Die vraag het ontstaan of die herstrukturering hoofsaaklik gemik was op die aanvaarbaarheid daarvan vir die gemeenskap,[696] of op die effektiwiteit van die polisiëring. Ander het gemeen dat dit tot 'n ongespesialiseerde mag aanleiding gegee het.[697] Dit het die siening onderskryf dat die herstrukturering bloot simbolies was en nie funksioneel nie.[698] Daar is geredelik klem geplaas op die spesialisafdelings en die rol wat dit in die nuwe polisiestruktuur sou vervul. Alhoewel dit een van die doelstellings van die transformasieproses was om spesialiseenhede te skep, het dit egter gelei tot die sluiting van verskeie spesialiseenhede, die inlywing van bestaande eenhede in nuwe oorkoepelende spesialiseenhede en die herontplooiing van spesialiseenhede op plaaslike, streeks-, provinsiale en nasionale vlak.[699] In hierdie opsig is daar ook 'n onderskeid getref tussen operasionele spesialiseenhede, wat voortaan nie meer as spesialiseenhede geag sou word nie,[700] en spesialis-ondersoekeenhede.

Die gedesentraliseerde speurdienste, wat vyfhonderd-en-drie spesialiseenhede landwyd ingesluit het,[701] is deur die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* gekonsolideer na slegs vier spesialis-ondersoekeenhede,[702] terwyl ander spesialiseenhede ontbind en die lede herontplooi is.[703] Die eenhede wat ontbind is, het onder andere ingesluit die Moord- en Roofeenheid, die Motorkapingseenheid, die teen-

---

696 Van Graa n *Obstacles Impeding the Transformation Process in the South African Police Force* 2.

697 Jagwanth 1994 *SACJ* 166.

698 Prinsloo en Bradshaw 2010 *Acta Criminologica* 86.

699 Omar 2007 *ISS Monographs* 25; Booysen *Specialised Units in the SAPS* 31.

700 Die eenhede wat hierdeur geraak is, is geherstruktureer asook geherklassifiseer as nie-spesialiseenhede. Gevolglik is eenhede soos die Suid-Afrikaanse Taakmag, die Watervleuel, Honde-eenheid, Bomopruimingseenheid, Gyselaar-onderhandelaarseenhede en Openbare-orde polisie se spesialis-status verwyder. Dit het beteken dat hierdie eenhede en hul lede nie meer 'n toegewyde funksie verrig nie en aangewend kan word in alternatiewe posisies, terwyl die "spesialis funksie" bloot 'n sekondêre rol vervul. Sien in hierdie verband Omar 2006 *SA Crime Quarterly* 31.

701 Booysen *Specialised Units in the SAPS* 21; Prinsloo en Bradshaw 2010 *Acta Criminologica* 86.

702 Hoofstuk 6 van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 van 1995. Hoofstuk 6 het klem gelê op georganiseerde misdaad sowel as polisiëring van openbare orde.

703 De Vries 2008 *Acta Criminologica* 133.

Sataniese eenheid, die Goud en Diamandeenheid, die Voertuigdiefstaleenheid, die Narkotika Buro, en die Eenheid vir die Beskerming van Bedreigde Spesies.[704] Hierdie eenhede se verpligtinge is opgeneem in die vyf nuwe spesialiseenhede, genaamd die Georganiseerde Misdaadeenheid, Ernstige Geweldsmisdrywe-eenheid, Kommersiële Misdrywe-eenheid en die Eenheid vir Gesinsgeweld, Kinderbeskerming en Seksuele misdrywe.[705]

Die eenhede wat gekonsolideer is, het vereis dat lede wat 'n gespesialiseerde funksie onder die voormalige bedeling vervul het, nou 'n groter werkingssfeer moes bedien. Vandaar is hierdie spesialiste aangewend op gebiede buite hulle spesialisveld, met min of geen opleiding vir hulle nuwe funksie nie.[706] Prinsloo en Bradshaw voer aan dat:

> *…the survey found that specialist investigators have been inundated with general crime dockets and had neither the time nor the motivation to probe cases properly, even when this fell within their field of expertise.*[707]

Die Kinderbeskermingseenheid, as voorbeeld, is opgeneem in die nuwe Eenheid vir Gesinsgeweld, Kinderbeskerming en Seksuele misdrywe (GKS), waar gevolglik van die lede verwag is om ook seksuele misdrywe en gesinsgeweld te ondersoek.[708] Dit het daartoe gelei dat lede nuwe spesialisvelde moes bemeester sonder voldoende opleiding.[709] Volgens Montesh het dit aanleiding gegee tot veelsydige polisiëring, eerder as spesialis polisiëring.[710]

---

704 Rauch 1991 *CSVR* 3; Govender 2010 *Acta Criminologica* 77; Adeleye *Police and Policing in West Africa* 72.

705 Frank en Waterhouse 2009 *SA Crime Quarterly* 25.

706 Burger *White Male Police Officers serving in the SAPS* 59.

707 Prinsloo en Bradshaw 2010 *Acta Criminologica* 85.

708 Frank en Waterhouse 2009 *SA Crime Quarterly* 26.

709 Redpath 2002 *ISS Monograph* 34; Prinsloo en Bradshaw 2010 *Acta Criminologica* 86.

710 Montesh *Crime investigative system within the South African Criminal Justice system* 71.

Die nuutgeskepte spesialiseenhede het omvattende spesialisvelde gedek. Die Georganiseerde Misdaadeenheid het die werksaamhede van die voormalige Narkotika Buro, Voertuigdiefstaleenheid, die Eenheid vir die Beskerming van Bedreigde Spesies en die Goud en Diamandeenheid ontvang, asook verpligtinge met betrekking tot bedrog, teen-korrupsie, vuurwapenmisdade en bendebedrywighede.[711] Die Ernstige Geweldsmisdrywe-eenheid het egter ŉ soortgelyke mandaat, deurdat enige geweldsmisdaad, insluitende vuurwapensmisdade en bendegeweld,[712] onder hulle ressorteer, solank as wat dit nie as georganiseerd geag word nie.

Op strukturele vlak het kommer ook geheers. Die herstrukturering is uitdruklik aangepak om die gedesentraliseerde aard van die voormalige polisiebedeling te hervorm tot ŉ gesentraliseerde polisiestruktuur. Vanuit die voorafgaande bespreking kan waargeneem word dat dit onsuksesvol was en, ten minste ‘n mate van desentralisasie veroorsaak het deurdat spesialiseenhede nou op nasionale, provinsiale en plaaslike vlak voorkom en ooreenstemmende misdade deur verskillende eenhede aangespreek word.[713] Dit is nie slegs in teenstelling met sentralisering van eenhede en bevoegdhede nie, maar ondermyn terselfdertyd ook die effektiwiteit van polisiëringsaktiwiteite.[714]

In teenstelling met die voormalige bedeling moet egter genoem word dat die gefragmenteerdheid van die kontemporêre gedesentraliseerde struktuur blyk minder te wees.[715] Die huidige gesag en beheerstruktuur van die Ministerie van Polisie sentraliseer die beheer en bevel ten einde

---

711 Gastrow 2001 *ISS Monographs* 103.

712 Kinnes 2009 *SACJ* 181.

713 Schutte *Development of a Strategic Management Model for the South African Police Service* 21; Van Graan *Obstacles Impeding the Transformation Process in the South African Police Force* 201; Jagwanth 1994 *SACJ* 166; Dixon 2000 *SACJ* 79.

714 Palmer 1996 *South African Human Rights Yearbook* 13.

715 Die voormalige polisiestruktuur het gefragmenteerd vertoon vanweë die onvermoë om effektief te kommunikeer en die magte voldoende te bestuur. Verder het dit ŉ mate van onbeheerbaarheid ingehou wat in terme van toesighouding, beheer en bestuur riskant was. Sien afdeling 3.2.2.1 van hierdie proefskrif.

standaardisering van polisiedienste moontlik te maak.[716] Die Nasionale Kommissaris van Polisie se taak aangaande standaardisering van beide die SAPD en munisipale polisiedienste dra hiertoe by,[717] terwyl die Koördineringskomitee[718] van polisiëring poog om kommunikasie tussen en effektiewe aanwending van die onderskeie gedesentraliseerde polisie-instansies te verbeter.[719]

3.2.4.1 Differensiële polisie-instansies in Suid-Afrika[720]

Post-transformasie polisiëring was nie immuun teen die versoeking om differensiële polisiëringsinstansies daar te stel nie. Dit is meestal gedryf deur die behoefte na gespesialiseerde en toegewyde eenhede wat spesifieke kwessies, soos korrupsie en georganiseerde misdaad, aanspreek, en die SAPD en munisipale dienste in hierdie verpligtinge ondersteun.[721] Die doel was om spesialiskennis aan te wend buite die normale polisiëringstrukture en verhoogte sukses in die vervolging van sekere misdrywe te verseker.

---

716 De Vos 1995 *South African Human Rights Yearbook* 196. Sien ook artikel 206(1) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996; Hoofstuk 2 van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 van 1995.

717 Artikel 207 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996; artikel 64L van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 van 1995.

718 Die polisiëringskoördineringskomitee is in die lewe geroep deur artikel 4(1) van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 van 1995 in terme van artikel 220(1) van die *Interim Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 200 van 1993. Artikel 206(8) van die Grondwet van die *Republiek van Suid-Afrika*, 1996 het ook die bestaan van die koördineringskomitee bevestig. Die koördineringskomitee is daarop gemik om die verskillende fasette van polisiëring, met insluiting van die nasionale en provinsiale polisiestrukture, kabinetslede en lede van die uitvoerende rade, te koördineer. Dit bied die forum om nasionale en provinsiale kwessies aan te spreek en om strategiese beplanning te doen.

719 Artikel 64K van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 van 1995; Artikel 206(8) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996

720 Differensiële polisie-instansies verwys na polisie-instansies wat buite die tradisionele polisiestrukture val, maar ook ’n vorm van polisiëring uitvoer. Hierdie instansies vervul spesialis polisiëringsfunksies en funksioneer parallel met konvensionele of tradisionele algemene polisiëringsinstansies. In die Suid-Afrikaanse konteks funksioneer hierdie differensiële polisie-instansies op nasionale vlak met ’n nasionale jurisdiksie en ’n nasionale mandaat.

721 Berning en Montesh 2012 *SA Crime Quarterly* 4.

3.2.4.1.1 Direktoraat van Spesiale Operasies van die Nasionale Vervolgingsgesag

Die mees kontroversiële en bekende van hierdie differensiële polisiëringsinstansies was sekerlik die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) se Direktoraat vir Spesiale Operasies (DSO), beter bekend as die Skerpioene.[722] Op 1 September 1999 is die Skerpioene deur voormalige president Thabo Mbeki geopen en bekendgestel as 'n onafhanklike vervolgingsgerigte ondersoekeenheid.[723] Van ontstaan af was die DSO egter in omstredenheid gehul vanweë die onsekerheid wat geheers het aangaande die organisatoriese struktuur, die plasing, die mandaat van die DSO en die jurisdiksie waarmee dit beklee is.[724] Geen wetgewing is gepromulgeer wat die DSO in die lewe roep nie en dit is aangevoer dat die mandaat grootliks gebaseer is op die *Wet op Voorkoming van Georganiseerde Misdaad*[725] en die *Wet op Voorkoming van Korrupsie.*[726] Die Skerpioene is egter goed ontvang deur die Suid-Afrikaanse gemeenskap,[727] asook politieke partye,[728] alhoewel die voorafgenoemde kwessies as bekommernisse geopper is.

Operasionele werksaamhede het aanvang geneem gedurende Oktober 1999 en het vinnig opspraak gemaak met die aankondiging van 'n ondersoek na die kontroversiële wapentransaksies wat vroeër dieselfde jaar afgehandel is.[729] Op legaliteitsvlak het onsekerheid egter steeds voortbestaan vanweë verskeie oponthoude in die promulgasie van magtigende wetgewing ten opsigte van die DSO. Ongelukkigheid oor die tekort aan publieke insae in die stigting van die DSO,[730] sowel as onenigheid aangaande, en ingewikkeldheid van die wetsontwerp het

---

722 Mashele 2006 *SA Crime Quarterly* 25.
723 De Villiers 2008 *TSAR* 558.
724 Berning en Montesh 2012 *SA Crime Quarterly* 4; Redpath 2004 *ISS Monographs* 13.
725 *Wet op die Voorkoming van Georganiseerde Misdaad* 121 van 1998.
726 *Wet op die Voorkoming van Korrupsie* 94 van 1992.
727 Minnaar 2008 *SA Crime Quarterly* 25.
728 Redpath 2004 *ISS Monographs* 13.
729 Berning en Montesh 2012 *SA Crime Quarterly* 3.
730 De Villiers 2008 *TSAR* 559.

daartoe gelei dat die wetsontwerp ongeveer vyftien maande na die aanvang van operasionele werksaamhede van die DSO eers parlementêre goedkeuring ontvang het.[731]

Op organisatoriese vlak het die Skerpioene onder die NVG, en gevolglik die Minister van Justisie en Grondwetlike Ontwikkeling, geressorteer.[732] Dit het dus buite die normale polisiëringstrukture geval en 'n differensiële polisiëringsinstansie daargestel wat parallel met die SAPD sou funksioneer.[733] Die vervolgingsgerigte ondersoekmandaat het dit egter duidelik van die SAPD onderskei deurdat dit nie algemene polisiëringsfunksies bevat het nie, maar beperk was tot die insameling van inligting, ondersoek en vervolging van misdade.[734] Tog het die *Wet op die Nasionale Vervolgingsgesag* omvattende jurisdiksie aan die Skerpioene verleen,[735] wat daartoe sou aanleiding gee dat dit met dié van ander polisiëringsinstansies sou oorvleuel. Soortgelyk aan die munisipale polisiedienste se afwyking van die grondwetlike beginsel van

---

731 *Wysigingswet op die Nasionale Vervolgingsgesag* 61 van 2000. Hierdie wysigingswet het 'n hoofstuk 3A tot die bestaande *Wet op die Nasionale Vervolgingsgesag* 32 van 1998 bygevoeg wat die daarstelling en mandaat van die Direktoraat van Spesiale Operasies uiteengesit het.

732 Berning en Montesh 2012 *SA Crime Quarterly* 7.

733 Sien in hierdie verband die verduideliking oor differensiële polisiëringsinstansies soos vervat in afdeling 3.2.2 van hierdie proefskrif.

734 Artikel 7(1) van die *Wet op die Nasionale Vervolgingsgesag* 32 van 1998:

"(a) Daar word hierby in die Kantoor van die Nasionale Direkteur 'n Ondersoekdirektoraat, wat bekend staan as die Direktoraat vir Spesiale Operasies, ingestel, met die doel om —
  (i) ondersoek in te stel, en om enige werksaamhede bykomstig tot ondersoeke te verrig;
  (ii) informasie in te samel, by te hou en te ontleed; en
  (iii) waar van toepassing, strafregtelike verrigtinge in te stel en enige nodige werksaamhede bykomstig tot die instel van strafregtelike verrigtinge te verrig, betreffende —
    (aa) misdrywe of enige misdadige of onwettige aktiwiteite wat op 'n georganiseerde wyse gepleeg word; of
    (bb) sodanige ander misdrywe of kategorieë van misdrywe wat die President by proklamasie in die Staatskoerant bepaal.

(b) Vir doeleindes van subparagraaf (aa), beteken "georganiseerde wyse" ook die beplande, voortdurende, ononderbroke of herhaalde deelname aan, betrokkenheid by of meedoen aan ten minste twee voorvalle van misdadige of onwettige optrede wat dieselfde of soortgelyke bedoelinge, gevolge, medepligtiges, slagoffers of metodes van pleging het of wat andersins deur kenmerkende eienskappe verwant is".

735 Reeves 2012 *SA Crime Quarterly* 25. Sien ook Artikel 7(1) van die *Wet op die Nasionale Vervolgingsgesag* 32 van 1998. Artikel 7 se vae bewoording laat gevolglik toe daarvoor dat die DSO enige misdryf mag ondersoek en vervolg.

'n enkele polisiediens, het die daarstelling van die Skerpioene verdere desentralisering meegebring.

In grondwetlike terme het dit egter 'n unieke situasie daargestel vanweë die feit dat die NVG onder 'n aparte grondwetlike mandaat funksioneer[736] en nie soos die SAPD en munisipale polisiedienste onderhewig is aan die bepalings van artikel 205[737] nie. Soortgelyk is die Skerpioene ook nie gereguleer deur die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens*[738] nie. Dit het uiteraard beteken dat die DSO nie aan die grondwetlike beskouing van polisiëring, met inbegrip van gemeenskapspolisiëring, misdaadvoorkoming, of die handhawing van openbare orde hoef te voldoen het nie[739] en ook klaarblyklik nie verantwoordbaar was aan die bestaande polisiëringstrukture nie.[740] Ingevolge die instellingsrede deur President Mbeki het dit geblyk dat die DSO direk aan die President sou rapporteer om sodoende politieke inmenging te voorkom.[741]

Alhoewel die voorafgaande dui op 'n instansie wat nie binne die omvang van polisiëring tuishoort nie, kan die ondersoek van misdaad as sentrale fokus kwalik van polisiëring geskei word.[742] Addisioneel hiertoe het die Skerpioene ook oor uitvoerende magte beskik om polisiëringaktiwiteite te onderneem.[743] Dit is gemagtig deur artikel 30 van die *Wet op die Nasionale Vervolgingsgesag* wat bepaal het:

---

736 Artikel 179 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

737 Artikel 205 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996. Sien ook artikel 199 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996. Die Nasionale Vervolgingsgesag word nie in terme van artikel 199 as 'n veiligheidsdiens beskou nie.

738 *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 van 1995.

739 Vergelyk die mandaat van die NVG met artikel 205(3) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

740 Berning en Montesh 2012 *SA Crime Quarterly* 4. Vanweë die feit dat die DSO onder die NVG ressorteer en nie onder die Ministerie van Polisie nie, het die Onafhanklike Klagte Direktoraat geen jurisdiksie oor die DSO gehad nie. Daar is ook nie voorsiening gemaak vir 'n klagte direktoraat om toesig oor die DSO te hou nie en gevolglik is dit oorgelaat aan die Minister van Justisie en Grondwetlike ontwikkeling.

741 Minnaar 2008 *SA Crime Quarterly* 24.

742 Redpath 2004 *ISS Monographs* 69. Sien ook artikel 205(3) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

743 Artikel 30 van die *Wet op die Nasionale Vervolgingsgesag* 32 van 1998.

(1) ’n Spesiale ondersoeker kan, behoudens die beheer en voorskrifte van die hoof van die Direktoraat vir Spesiale Operasies, die bevoegdhede uitoefen en moet die pligte verrig wat kragtens hierdie Wet of enige ander wet aan hom of haar verleen of opgedra is en moet alle wettige opdragte uitvoer wat hy of sy van tyd tot tyd ontvang van ’n persoon met die gesag om sodanige opdragte te gee.
(2) ’n Spesiale ondersoeker het die bevoegdhede soos bepaal in die Strafproseswet, 1977 (Wet No. 51 van 1977), wat aan ’n vredesbeampte of polisiebeampte verleen word, betreffende —
    (a) die ondersoek van misdrywe;
    (b) die vasstelling van liggaamlike kenmerke van ’n beskuldigde persoon;
    (c) die betreding en deursoeking van persele;
    (d) die beslaglegging op en beskikking oor voorwerpe;
    (e) arrestasies;
    (f) die uitvoering van lasbriewe; en
    (g) die bywoning van ’n beskuldigde persoon in die hof.

Die werksaamhede van die DSO het gevolglik vinnig tot jurisdiksionele twis met die SAPD gelei, wat ondersteuning bied aan die argument dat die DSO steeds ’n polisiëringsmandaat openbaar het.[744] Kritici het egter tereg aangevoer dat die DSO ’n mate van intelligensie-insameling onderneem het, maar soortgelyk aan die uitoefening van hulle polisiebevoegdhede, nie onderhewig was aan intelligensiewetgewing of strukture nie.[745] Inderwaarheid het die DSO dus onder vervolgingsgeoriënteerde uitvoerende gesag gefunksioneer, maar polisiëring en intelligensie-insameling beoefen.[746]

Alhoewel die Skerpioene die gemeenskap se goedkeuring weggedra het, en tot ’n toename in vertroue gelei het in die staat se vermoë om veral korrupsie en georganiseerde misdaad te beveg,[747] het die Skerpioene klaarblyklik legitimiteit kortgekom. Van vroeg af is aangevoer dat die DSO die beginsels van die skeiding van magte oorskry deurdat

---

744 De Villiers 2008 *TSAR* 562; Redpath 2004 *ISS Monographs* 44; Minnaar 2008 *SA Crime Quarterly* 25.

745 Redpath 2004 *ISS Monographs* 13. Hiermee word aangevoer dat die DSO nie onder die intelligensiestrukture, soos gemagtig deur die Grondwet en nasionale wetgewing, geplaas kan word nie en dat die DSO ook nie ’n mandaat, hetsy grondwetlike of statutêr, het om intelligensiebedrywighede te onderneem nie. Sien ook Berning en Montesh 2012 *SA Crime Quarterly* 4.

746 Minnaar 2008 *SA Crime Quarterly* 23; Mashele 2006 *SA Crime Quarterly* 27.

747 Berning en Montesh 2012 *SA Crime Quarterly* 3.

dit beide regsprekende en uitvoerende rolle vervul het.[748] Dit is aangevoer dat dié ondersoekkomponent van regsprekende bevoeghede spreek vanweë die feit dat die DSO onder die NVG ressorteer.By implikasie verbreek dit die bepalings van artikels 165[749] en 179[750] van die Grondwet. So ŉ opinie kan natuurlik met gemak verwerp word as ŉ blote verwarring van die regsprekende aard van die howe en die uitvoerende aard van die NVG.[751]

Die ontbinding van die Skerpioene in Januarie 2009 kan uiteindelik nie toegeskryf word aan dié verwarring nie, maar eerder aan die organisatoriese uitleg,[752] dupliserende jurisdiksie,[753] die onduidelikheid van die mandaat en vermeende politieke opgeruimdhede.[754] Die feit dat die DSO aan die President gerapporteer het, het die indruk geskep dat dit ŉ eksklusiewe politieke polisiemag daarstel, met die kapasiteit om te spioeneer en politieke opponente spreekwoordelik uit die weg te ruim.[755] Die kontroversiele poging om Jacob Zuma te vervolg, het die politieke beïnvloeding en inmenging met die werksaamhede DSO blootgelê, en die persepsie van ŉ onafhanklike ondersoekeenheid ongedaan

---

748 Redpath 2004 *ISS Monographs* 70.

749 Berning en Montesh 2012 *SA Crime Quarterly* 5.

750 Artikel 165 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996. Die Grondwet bepaal dat die regsprekende gesag in die howe berus en dat hierdie funksie sonder hindernis vervul moet word. By implikasie matig die Skerpioene, ingevolge die opinie, hulself magte aan wat grondwetlik in die howe gestel is en ondermyn dit dus die howe se funksie en die grondwet.

751 Artikel 179(2) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996: "(2) Die vervolgingsgesag het die bevoegdheid om strafregtelike verrigtinge namens die staat in te stel en om enige funksies te verrig wat in verband met die instel van strafregtelike verrigtinge nodig is." Die opinie deur kritici meen gevolglik dat die NVG hulle grondwetlike mandaat oorskry en regsprekend optree in plaas van binne die riglyn gestel deur artikel 179(2).

752 Faull en Mtsolongo 2009 *SA Crime Quarterly* 18. Die bevraagtekenbare verantwoordbaarheid wat die onafhanklike struktuur daargestel het groot kommer by kritici gewek. "*By April 2008 closure of the Scorpions took on momentum as allegations were made of it being a rogue structure among the state's security apparatus."* Wat verder hiertoe bygedra het, is die sogenaamde botsing van verpligtinge tussen die ondersoek van misdaad en die vervolgingsverpligtinge wat gewoonlik gepaard gaan met die NVG se grondwetlike mandaat. Sien in hierdie verband Mashele 2006 *SA Crime Quarterly* 26.

753 Montesh en Dintwe 2008 *Acta Criminologica* 172.

754 Bruce 2008 *SA Crime Quarterly* 12; Mashele 2006 *SA Crime Quarterly* 26.

755 Redpath 2004 *ISS Monographs* 14.

gemaak.[756] Die behoefte na groter verantwoordbaarheid is hierdeur versterk. Dit het uiteindelik aanleiding gegee tot die ontbinding van die DSO en die inlywing daarvan by die SAPD as die Direktoraat van Prioriteitsmisdaadondersoeke in 2009[757] aan die hand van die *Wysigingswet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens*.[758]

Die ontbinding van die DSO het egter 'n leemte gelaat met betrekking tot 'n onafhanklike liggaam wat korrupsie ondersoek en beveg.[759] Die inlywing van die Skerpioene by die SAPD strook egter grootliks met die sentraliseringsbegrip, alhoewel die gewenstheid daarvan, in die huidige Suid-Afrikaanse klimaat, met spesifieke verwysing na korrupsie, bevraagteken moet word.[760] Dit was egter nie die bedoeling van die herstrukturering gewees nie en het gelei tot die verlies van gemeenskapsvertroue ten aansien van die bekamping van korrupsie en georganiseerde misdaad.[761] Dit het egter wel weggedoen met die problematiek van oorvleuelende jurisdiksies, botsende belange en onvoldoende toesighouding aangaande hierdie vorm van polisiëring.[762]

---

756 Op 19 Augustus 2005 is die kantore van Jacob Zuma sowel as die kantore van Zuma se prokureurs in 'n klopjag deursoek. Dit het gepaardgegaan met die beslaglegging van dokumentasie wat vertroulike kommunikasie tussen mnr. Zuma en sy prokureurs ingesluit het. In 'n dringende aansoek aan die Witwatersrand Afdeling deur die prokureurs, word bevind dat die visenteringslasbriewe en die visentering onregmatig uitgevoer is en inbreuk maak op die privilegie tussen Zuma en sy prokureurs. Sien in hierdie verband Keyser *Mail & Guardian* 1.

757 Minnaar 2008 *SA Crime Quarterly* 23.

758 Artikel 3 van die *Wysigingswet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 57 van 2008.

759 Lewis en Stenning 2012 *SA Crime Quarterly* 11; Reeves 2012 *SA Crime Quarterly* 23.

760 Kinnes en Newham 2012 *SA Crime Quarterly* 38. Die huidige polisiëringbenadering in Suid-Afrika word geredelik beskryf as oortrek met korrupsie en politieke inmenging. Dit is dus gewens dat 'n polisiëringsinstansie, wat beklee is met voldoende onafhanklikheid, daargestel word ten einde hierdie persepsie van die polisie te oorkom en die bestaande korrupsie te beveg.

761 *Glenister v President of the Republic of South Africa and Others* 2011 3 SA 347 (KH) par 207: *"We say merely that public confidence in mechanisms that are designed to secure independence is indispensable. Whether a reasonably informed and reasonable member of the public will have confidence in an entity's autonomy-protecting features is important to determining whether it has the requisite degree of independence."* Faull en Mtsolongo 2009 *SA Crime Quarterly* 18; Kinnes en Newham 2012 *SA Crime Quarterly* 33.

762 Reeves 2012 *SA Crime Quarterly* 25.

Die bogenoemde voor- en nadele van die herstrukturering is breedvoerig aangeraak in die reeks Glenister-gewysdes,[763] wat pertinent die herstrukturering se grondwetlikheid bevraagteken het. In 'n reeks gedinge voer mnr. Hugh Glenister voor die Transvaalse Provinsiale Afdeling onder andere aan dat die voortbestaan van 'n onafhanklike teen-korrupsie eenheid, soos die DSO, in openbare belang is,[764] en dat enige beleidsbesluite deur die uitvoerende gesag wat dit ondermyn, gevolglik ongrondwetlik is.[765] In 'n opvolg aansoek voor die Kaapse Afdeling van die Hooggeregshof, meen Glenister op soortgelyke wyse, dat enige wetgewende proses ter sluiting vir die DSO ook ongrondwetlik is vanweë verskeie lede van die wetgewer wat weens ondersoeke deur die DSO geïmpliseer is by korrupsie.[766] Hierdie aansoek faal weens substansiële gebreke in die aansoek.[767] In 'n direkte aansoek na die Konstitusionele Hof, gebaseer op dieselfde aansoek as voor die Transvaalse Provinsiale Afdeling, verwerp die Konstitusionele Hof ook die argument aangaande die beleidsoorweging van die Uitvoerende gesag, gebaseer op die beginsel van skeiding van magte.[768]

---

763 *Glenister v President of the Republic of South Africa (Amicii curiae: ACDP)* 2008 JDR 0569 (T); *Glenister v The Speaker of the National Assembly* 2009 JDR 0037 (K); *Glenister v President of the Republic of South Africa and Others* 2009 1 SA 287 (KH); *Glenister v President of the Republic of South Africa and Others* 2011 3 SA 347 (KH).

764 *Glenister v President of the Republic of South Africa (Amicii curiae: ACDP)* 2008 JDR 0569 (T) par 7.

765 *Glenister v President of the Republic of South Africa (Amicii curiae: ACDP)* 2008 JDR 0569 (T) par 40.

766 *Glenister v The Speaker of the National Assembly* 2009 JDR 0037 (K) par 47: *"[47] The applicant obviously believes that more Members are implicated in the "Travelgate" matter, hence his desire that each and every Member of the National Assembly and the National Council of Provinces make a declaration of conflict of interest."*

767 *Glenister v The Speaker of the National Assembly* 2009 JDR 0037 (K) par 53: *"[53] When a litigant seeks relief, in a matter such as the one before me, which would have an effect of bringing to a halt a parliamentary legislative process, albeit temporarily, such a litigant will have to adduce cogent evidence justifying the granting of such a relief. The relief, such as the one sought by the applicant in a matter such as the one before me, can only be granted on clear prima facie evidence of a likelihood that the legitimacy of a parliamentary legislative process will be significantly contaminated if the legislative process were to be allowed to proceed. No such evidence has been adduced in the instance of this matter."*

768 *Glenister v President of the Republic of South Africa and Others* 2009 1 SA 287 (KH) par 57: *"[57] In conclusion, then, I find that the applicant has not established that it is appropriate for the court to intervene in the affairs of*

Die tweede aansoek van Glenister voor die Konstitusionele Hof oorweeg egter vir die eerste keer die gepromulgeerde wetgewing. Alhoewel die hof van die opinie is dat die rasionaliteit van die wetgewing irrelevant is[769] en dat die sluiting van die DSO nie ongrondwetlik was nie,[770] skenk die hof wel baie oorweging aan Suid-Afrika se volkeregtelike verpligting om 'n teen-korrupsie eenheid daar te stel. Die hof meen in hierdie verband:

> *[248] For these reasons we conclude that the statutory structure creating the DPCI offends the constitutional obligation resting on Parliament to create an independent anti-corruption entity, which is both intrinsic to the Constitution itself and which Parliament assumed when it approved the relevant international instruments, including the UN Convention. We do not prescribe to Parliament what that obligation requires. In summary, however, we have concluded that the absence of specially secured conditions of employment, the imposition of oversight by a committee of political executives, and the subordination of the DPCI's power to investigate at the hands of members of the executive, who control the DPCI's policy guidelines, are inimical to the degree of independence that is required. We have also found that the interpretive admonition in s 17B(b)(ii) of the SAPS Act is not sufficient to secure independence.*[771]

Die hof kom gevolglik tot die konklusie dat die Direktoraat van Prioriteitsmisdaadondersoeke nie oor voldoende onafhanklikheid beskik om korrupsie effektief te beveg nie en dat Hoofstuk 6A van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* dus strydig is met die Grondwet.[772]

Parliament in this case. He has not shown that material and irreversible harm will result if the court does not intervene. In the circumstances, both the application for leave to appeal (in Part A) and the application for direct." Sien ook in hierdie verband afdeling 3.4.1 van hierdie proefskrif.

769 *Glenister v President of the Republic of South Africa and Others* 2011 3 SA 347 (KH) par 69.

770 *Glenister v President of the Republic of South Africa and Others* 2011 3 SA 347 (KH) par 82.

771 *Glenister v President of the Republic of South Africa and Others* 2011 3 SA 347 (KH) par 248.

772 *Glenister v President of the Republic of South Africa and Others* 2011 3 SA 347 (KH) par 251.

3.2.4.1.1.1 Buitelandse eweknieë van die Direktoraat van Spesiale Operasies

Die DSO is geredelik vergelyk met buitelandse instansies soos die VSA se *Federal Bureau of Investigations* (FBI) en die Britse *Scotland Yard*.[773] Hierdie vergelyking is waarskynlik eerder vanweë die gespesialiseerde aard van die DSO wat ooreenstem met die van die FBI en *Scotland Yard,*[774] as die differensiële polisiëringsaard daarvan. Bydraend hiertoe is baie klem ook gelê op die goeie samewerkingsverhouding wat bestaan het tussen die laasgenoemde instansies en die DSO.[775]

Die uniekheid van die DSO maak dit egter moeilik om dit effektiewelik met enige ander diens ter wêreld te vergelyk. Die plasing van die DSO onder die Ministerie van Justisie en Grondwetlike Ontwikkeling is soortgelyk aan die plasing van die FBI onder die VSA se Departement Justisie, alhoewel die FBI heeltemal onafhanklik van die Federale Vervolgingsdiens funksioneer.[776] In Suid-Afrika het die DSO inderdaad deel uitgemaak van die NVG en 'n integrale rol vervul in die ondersoek en vervolging van spesifieke misdrywe. Die mandaat van die FBI, in teenstelling met dié van die DSO, is goed gedefinieerd op nasionale, staat en plaaslike vlak,[777] en handel uitsluitlik met sogenaamde federale oortredings.[778] Dit voorkom die oorskryding van mag en botsing van jurisdiksie, en bevorder gevolglik 'n samewerkende benadering met ander polisie-instansies waartoe dit adviserend optree. In vergelyking hiermee is die DSO gekenmerk deur unilaterale optrede en 'n

---

773 Redpath 2004 *ISS Monographs* 18.

774 De Villiers 2008 *TSAR* 560.

775 Montesh *Crime investigative system within the South African Criminal Justice system* 14.

776 De Villiers 2008 *TSAR* 569.

777 Paun *Democratization and Police Reform* 16. Die FBI maak voorsiening vir verteenwoordiging op nasionale vlak deur middel van gesentraliseerde beheer, op staatsvlak deur middel van staats-hoofkantore wat dan toesighou oor die plaaslike kantore van die FBI se sogenaamde veld-kantore. Dit vergemaklik die interaksie en koördinering met plaaslike en staatspolisiedienste.

778 Redpath 2004 *ISS Monographs* 75; Bayley 1992 *Crime and Justice* 517.

onduidelike mandaat wat uitsluitlik onder politiese toesighouding geheers het.[779]

In vergelyking met ander buitelandse dienste van soortgelyke kaliber, kan aangevoer word dat die differensiële polisiëringsaard van die DSO deurslaggewend toon en gevolglik nie vergelykbaar is met ander meer tradisionele polisiëringsinstansies nie. *Scotland Yard*, tans bekend as die *New Scotland Yard*,[780] stel 'n ondersoekafdeling daar wat in samewerking met tradisionele polisiëringsdienste in die metropolitaanse area van Londen werksaam is.[781] Die beheer en bestuurstruktuur is egter gekompliseerd deurdat *New Scotland Yard* direk aan die Britse Parlement rapporteer en nie aan 'n staatsdepartement of minister nie.[782] Gevolglik is dit eerder 'n verskynsel van 'n metropolitaanse of munisipale polisie-instansie met tradisionele verpligtinge, as 'n differensiële polisie-instansie, maar met verantwoordbaarheid op nasionale vlak.[783] Dit het nie 'n vergelykbare mandaat of werkswyse as wat die DSO gehad het nie en is uitsluitlik verbonde aan die DSO vanuit die opleiding wat lede van die DSO by *Scotland Yard* ontvang het.[784]

'n Vergelyking tussen die Australian Federal Police (AFP) en die DSO, kan op soortgelyke wyse as tussen die DSO en die FBI gemaak word.[785] Soos reeds genoem[786] vervul die AFP ook 'n oorhoofse federale funksie

---

779 Minnaar 2008 *SA Crime Quarterly* 26.

780 Montesh *Crime investigative system within the South African Criminal Justice system* 14. *Scotland Yard* is die sogenaamde kriminele ondersoek afdeling (*Criminal Investigation Division*) van die Metropolitaanse Polisie van Londen.

781 Parker 1981 *Police Journal* 19. Vanuit Parker se navorsing wil dit egter blyk dat onduidelikheid met betrekking tot die jurisdiksie van die *Scotland Yard* bestaan en dit tot wrywing met ander polisie-instansies lei.

782 Bayley 1992 *Crime and Justice* 517. Bayley lê egter klem op 'n baie belangrike uitsondering in die mandaat van *New Scotland Yard.* Hy toon aan dat *New Scotland Yard* 'n parlementêre mandaat gebied mag word om spesifieke situasies te ondersoek, of selfs nasionale ondersoeke te loots. Hierdie parlementêre mandaat bied *New Scotland Yard* dan 'n buitengewone mandaat wat buite die normale jurisdiksie van hierdie polisie-instansie val.

783 Joyce 1994 *Police Journal* 119.

784 Redpath 2004 *ISS Monographs* 22.

785 Bayley 1992 *Crime and Justice* 517.

786 Sien afdeling 3.2.2.5 van hierdie proefskrif.

ter bekamping van misdaad wat nasionale, of federale, relevansie het.[787] Dit word ook op nasionale vlak aangewend en ressorteer ook onder die Ministerie van Justisie.[788] Die AFP het egter sy ontstaan vanuit algemene polisiewetgewing gehad[789] en word onderwerp aan dieselfde standaardisering en statutêre beginsels as die polisiedienste van elke staat.[790] Gevolglik kan die AFP ook eerder as 'n tradisionele nasionale polisie-instansie, met 'n federale en informasie-regulerende rol beskou word as 'n differensiële polisie-instansie.[791]

Ter volledigheid kan genoem word dat 'n vergelyking van die DSO en die *Royal Canadian Mounted Police*;[792] die Meksikaanse Federale Polisie[793] of die Brasiliaanse Federale Polisie[794] soortgelyk ontoereikend sou wees. Hierdie polisiëringsinstansies vertolk 'n soortgelyke rol as die FBI of die AFP en is op dieselfde struktuur gefundeer onder die Minister van Justisie, maar vervul 'n meer tradisionele polisierol.[795] Dit kan dus nie onder die begrip van differensiële polisiëring tuisgebring word nie.

Vanuit die voorafgaande bespreking kan waargeneem word dat die Nasionale Vervolgingsgesag se Direktoraat van Spesiale Operasies enig in sy soort was en nie as tradisionele polisie-instansie beskou kan word nie, maar eerder tot die sfeer van differensiële polisiëring hoort.

---

787 Redpath 2004 *ISS Monographs* 22.
788 Bayley 1992 *Crime and Justice* 517.
789 *Australian Federal Police Act* of 1979.
790 Lafferty en Fleming 2000 *International Journal for Police Science and Management* 155.
791 Montesh en Dintwe 2008 *Acta Criminologica* 170. Sien ook Bylaag V van die *Australian Federal Police Act* of 1979.
792 Bayley 1992 *Crime and Justice* 517.
793 *Policía Federal de México.* Sien in hierdie verband Brown, Benedict en Wilkinson *International Journal for Police Science and Management* 161.
794 *Departamento de Policía Federal Brasileña.*
795 Johnson, Mendelson-Forman en Bliss 2012 *Strategic and International Studies* 25.

3.2.4.1.2 Doeanepolisiëring

Die regulering en polisiëring van doeane en aksyns word internasionaal as 'n gespesialiseerde vorm van polisiëring beskou. Vir hierdie rede word gespesialiseerde eenhede, of selfs polisiëringsinstansies, geskep om hierdie kwessie te behartig. Dit bied 'n toegewyde diens en gespesialiseerde kennis om sodoende die betrokke departemente se magte tot uitvoer te bring.[796]

Die toepassing van doeane- en aksynswetgewing val in die Suid-Afrikaanse konteks binne die mandaat van sogenaamde doeanebeamptes, of *customs officials*.[797] Hierdie beamptes ressorteer onder die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID), wat 'n staatsafdeling van die Ministerie van Finansies behels.[798] Die doeanebeamptes vervul die rol wat histories gedeeltelik deur die SAP en die Suid-Afrikaanse Spoorwegpolisie uitgevoer is en fokus uitdruklik op die afdwinging van belasting-, doeane- en aksynsverwante kwessies.[799] Artikel 1 van die *Doeane-en Aksynswet* 91 van 1964,[800] soos gewysig in 1990,[801] omskryf 'n beampte van hierdie diens as:

> ...iemand wat onder opdrag of met die instemming van die Kommissaris [van die SAID] enige plig in verband met doeane en aksyns uitvoer, hetsy die opdrag gegee of instemming betuig is voor of na die verrigting van bedoelde plig.[802]

Alhoewel hierdie definisie onduidelik vertoon, gaan artikel 4 van die wet verder deur die status van vredesbeampte aan hierdie beamptes toe te

---

796 Hennop, Jefferson en McLean 2001 *ISS Monograph* 73.

797 Artikel 2 van die *Doeane- en Aksynswet* 91 van 1964. Hierdie artikel bepaal dat die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens, as verteenwoordiger van die Minister van Finansies, getaak is met die uitvoer van die bepalings van die wet. Sien hiermee saam die omskrywing van kommissaris soos in artikel 1 van die *Doeane- en Aksynswet* 91 van 1964.

798 Artikels 1 en 4 van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Inkomstediens* 34 van 1997.

799 McIntyre *Harbour Policing* 63.

800 *Doeane- en Aksynswet* 91 van 1964.

801 *Wysigingswet op Doeane- en Aksyns* 59 van 1990.

802 Artikel 4 van die *Doeane- en Aksynswet* 91 van 1964.

skryf.[803] Dit bepaal ook uitdruklik dat die gepaardgaande bepalings van die *Strafproseswet*[804] van toepassing is op beamptes en die uitvoering van hulle pligte. Ingevolge die wet beskik doeanebeamptes oor visentering[805] en beslagleggingsbevoegdhede,[806] arrestasiemagte[807] en die bevoegdheid om wapens aan te wend in die uitvoer van hulle pligte.[808]

Die polisiëringsfunksies van doeanebeamptes kan dus kwalik ontken word. Beide die mandaat en werkswyse van hierdie beamptes weerspieël dié van polisiëringsinstansies. Alhoewel hierdie beamptes nie oor algemene polisiëringspligte beskik nie,[809] word hulle aangewend om binne die sfeer van belastingwetgewing oortredings te voorkom, te bekamp en te ondersoek, wat uiteraard gepaardgaan met die oogmerk van die Grondwet ten opsigte van handhawing en toepassing van die reg.[810]

Dit dui egter op 'n verdere desentralisering deur 'n differensiële vorm van polisiëring vanweë die feit dat die doeanediens nasionaal, parallel met die SAPD, funksioneer en onder 'n ander staatsdepartement werksaam is as die SAPD en munisipale polisiedienste.[811] Die interafhanklikheid

---

803 Artikel 4A(2) van die *Doeane- en Aksynswet* 91 van 1964:
"(2) By die uitoefening van die arrestasiebevoegdhede in subartikel (1) beoog, word 'n beampte geag 'n vredesbeampte te wees soos omskryf in artikel 1 van die Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977), en sodanige beampte is onderhewig aan enige relevante bepaling in Hoofstuk 5 van daardie Wet wat op 'n vredesbeampte van toepassing is".

804 *Strafproseswet* 51 van 1977. Sien ook Artikel 4A(2) van die *Doeane- en Aksynswet* 91 van 1964.

805 Artikels 4(6)(a); 4(9)(ii); 4(10) en 64C; van die *Doeane- en Aksynswet* 91 van 1964.

806 Artikels 4(4)(a)(iv); (8)(d); (4C)(3)(b) en 43 van die *Doeane- en Aksynswet* 91 van 1964.

807 Artikel 4A van die *Doeane- en Aksynswet* 91 van 1964.

808 Artikel 4B van die *Doeane- en Aksynswet* 91 van 1964.

809 Hiermee word verwys na die polisiëringspligte soos opgelê deur artikel 205(3) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

810 Artikel 205(3) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

811 Uiteraard behou die SAPD en munisipale-polisiedienste steeds hul oorhoofse bevoegdhede ten aansien van die toepassing van die reg. Die bekamping van oortredings ten aansien van doeane- en aksyns is dus nie eksklusief die mandaat van die doeanebeamptes nie en moet steeds in interafhanklikheid

van die doeanediens en die SAPD word egter deur die bewoording van die *Doeane- en Aksynswet*[812] weerspieël.

3.2.4.1.2.1 Buitelandse eweknieë van die Suid-Afrikaanse Doeanepolisiëring

Die Suid-Afrikaanse benadering tot doeanepolisiëring stem grootliks ooreen met die algemene buitelandse benadering daartoe. Dit is algemene praktyk vir doeane- en aksynswetgewing om deur differensiële polisie-instansies gepolisieer te word, vanweë die gespesialiseerde aard daarvan en ook die verbondenheid van doeane- en aksyns aan belasting- of inkomstedienste.

In Noord-Amerika word hierdie funksie verrig deur die *Canadian Border Service Agency* (CBSA)[813] van Kanada en die Verenigde State van Amerika se *U.S. Immigration and Customs Enforcement Agency* (ICE).[814] Die CBSA is in 2003 geskep deur die samesmelting van die voormalige *Canada Customs and Revenue Agency (CCRA), Citizen and Immigration Canada (CIC)* en *Canadian Food Inspection Agency* (CFIA).[815] Gevolglik behartig die CBSA nou 'n omvattende rol, selfs meer omvattend as die van die SAID. Die CBSA stel gevolglik 'n differensiële polisie-instansie daar wat parallel met die tradisionele polisiedienste

---

met ander polisiëringsinstansies plaasvind. Sien in hierdie verband ter voorbeeld artikels 4(4)(b) en 4(6) van die *Doeane- en Aksynswet* 91 van 1964.

812 *Doeane- en Aksynswet* 91 van 1964.

813 Noble 2005 *Law and Business Review of the Americas* 492.

814 Harris 2012 *Homeland Security Review* 237.

815 Kerwin 2005 *Georgetown Immigration Law Journal* 223: *"The CBSA, in turn, consolidates: (1) customs functions that were previously located in the Canada Customs Revenue Agency (CCRA); (2) intelligence, interdiction, and border enforcement functions formerly handled by CIC; and (3) the passenger and initial import inspection services formerly with the Canadian Food Inspection Agency. This restructuring largely mirrors DHS. However, in a deliberate attempt to de-couple national security and immigration, the CBSA does not handle immigration benefits and services."* Hier tref Kerwin 'n vergelyking tussen die CBSA en die VSA se *Homeland Security* (DHS) in 'n poging om 'n Noord-Amerikaanse standaard ten toon te stel.

funksioneer, maar uitsluitlik getaak is met kwessies wat betrekking het op belasting, voedselinvoere en immigrasie.[816]

Die VSA se benadering het 'n drastiese verandering ondergaan na die terreuraanvalle van 2001.[817] Sedert 2002 funksioneer ICE as 'n afdeling van die federale agentskap *Homeland Security* (DHS).[818] Die ICE bestaan uit verskeie gespesialiseerde vertakkings waarvan die sogenaamde *U.S. Customs and Border Protection* (CBP) die polisiëringsrol vir immigrasie sowel as doeane- en aksysns vervul.[819] Die polisiëring van belastingverwante kwessies word deur 'n onafhanklike federale agentskap, genaamd die *Internal Revenue Service* (IRS) behartig en ressorteer onder die *Department of the Treasury.*[820] Beide hierdie federale agentskappe kan geklassifiseer word as differensiële polisiëringsinstansies vanweë die feit dat dit parallel met die tradisionele polisiemagte of plaaslike, staats- en nasionale vlak funksioneer en 'n toegewyde en gespesialiseerde mandaat het.[821]

Die Europese benadering stem grootliks ooreen met die Amerikaanse benadering. In Brittanje behartig die *United Kingdom Border Agency* (UKBA) 'n afdeling van die *Home Office* kwessie met betrekking tot immigrasie, asook die beveiliging van die landsgrense.[822] Die UKBA vervul ook doeane- en aksynsverpligtinge[823] en beskik oor omvattende

---

816 Doering 2003 *Canada-United States Law Journal* 194; Brunet-Jailly 2012 *International Journal* 970.

817 Brunet-Jailly 2012 *International Journal* 963.

818 Grashoff 2012 *Canada-United States Law Journal* 527; Noble 2005 *Law and Business Review of the Americas* 468; Brunet-Jailly 2012 *International Journal* 970.

819 Cocksedge 2003 *Canada-United States Law Journal* 146; Alden 2012 *Cato Journal* 108; Harris 2012 *Homeland Security Review* 219.

820 Rettig 2006 *Journal of Tax Practice & Procedure* 47: "*The IRS is organized to carry out the responsibilities of the Secretary of the Treasury under Code Sec. 7801. The Secretary has full authority to administer and enforce the internal revenue laws and has the power to create an agency to enforce these laws. The IRS was created based on this legislative grant… The IRS is a Bureau of the Department of the Treasury and one of the world's most efficient tax administrators.*".

821 Davis en Ashby 2009 *Houston Business and Tax Law Journal* 241.

822 Artikel 1 van die *Border, Citizenship and Immigration Act,* 2009.

823 Artikels 6 en 7 van die *Border, Citizenship and Immigration Act,* 2009.

arrestasie- en visenteringsbevoegdhede.[824] Die UKBA word ook ondersteun deur die *HM Revenue and Customs* agentskap (UKRC) wat daarmee getaak is om belastingsaangeleenthede te polisieer.[825] Hierdie agentskappe funksioneer parallel met mekaar, sowel as met die tradisionele polisie-instansies en gevolglik maak dit ook differensiële polisie-instansies uit.[826]

In Frankryk word die grensbeskermingsverpligtinge aan beide die *Direction Centrale de la Police aux Frontières*[827] (DCPF) sowel as die *Gendarmerie Nationale*[828] opgedra. Doeane en aksynspolisiëring word in Frankryk behartig deur *Ministère de l'Économie, des Finances et de l'Industrie*[829] (MEFI), wat spesifiek voorsiening maak vir doeane afdeling genaamd *Direction générale des douanes et droits indirects*, algemeen bekend as *Douanes.*[830] Die *Douanes* behels ook 'n nasionale diens met die uitsluitlike mandaat om doeane en aksyns te reguleer. Die beamptes van *Douanes* beskik egter nie oor polisiebevoegdhede nie en gevolglik kan hierdie agentskap nie tuisgebring word onder die breë begrip van polisiëring nie en ressorteer hierdie agentskap gevolglik nie onder differensiële polisiëring nie.[831] Die *Douanes* is gevolglik afhanklik van die

---

824 Artikel 23 van die van die *Border, Citizenship and Immigration Act,* 2009.

825 Gounev *et al Better Management of EU Borders Through Cooperation* 25.

826 UKBA *Protecting Our Border, Protecting Our Public* 8. Sien ook UKBA *Protecting Our Border, Protecting Our Public* 5 vir 'n uiteensetting van die samewerkende en interafhanklike aard van UKBA en die UKRC.

827 Sentrale Direktoraat vir Grenspolisie. Sien Makaremi 2009 *Canadian Law Journal and Society* 415.

828 Gounev *et al Better Management of EU Borders Through Cooperation* 22. Die outeurs dui aan dat die Franse-stelsel erg gefragmenteerd is en dat die DCPF grootliks afhanklik is van die *Gendarmerie Nationale* ten einde polisiëringbevoeghede uit te oefen. Sien ook afdeling 2.2.2.4.3 van hierdie proefskrif.

829 Ministerie vir Ekonomie, Finansies en Industrieë.

830 MEFI *Brief Introduction to French Customs* 3. Hierdie Ministeriële dokument identifiseer die doelstellings van die *Douanes* as om adviserend op te tree ten opsigte van prosedures van doeane en aksynspraktyke, om ekonomiese ontwikkeling in Frankryk te beskerm, om deursigtigheid te verseker, Europese en Franse reëls ten aansien van doeane af te dwing en om Frankryk teen onregmatige mededinging en vervalste produkte te beskerm.

831 Gounev *et al Better Management of EU Borders Through Cooperation* 22.

DCPF, wat wel oor polisiëringsbevoegdhede beskik en dus as differensiële polisie-instansie beskou kan word.[832]

Die Australiese benadering tot doeanepolisiëring en grensbeheer weerspieël ook die algemene internasionale benadering. Dit word egter vervat in 'n enkele polisiëringsagentskap genaamd die *Australian Customs and Border Protection Service (*ACBPS)*.*[833] Hierdie agentskap beskik oor algemene polisiëringsbevoegdhede, alhoewel die agentskap se mandaat tot doeane en grenspolisiëring beperk is. Die ACBPS ressorteer onder die Prokureur Generaal van Australië en funksioneer op nasionale vlak, parallel met staatspolisiedienste en die AFP.[834] Algemene belastingkwessies word aangespreek en gepolisieer deur die *Australian Tax Office* (ATO) wat ook op federale vlak, en dus parallel met die ACBPS en ander polisiëringsinstansies, funksioneer.[835] Beide die ACBPS en die ATO kan gevolglik as differensiële polisie-instansies beskou word met 'n gespesialiseerde en gefokusde mandaat.[836]

Vanuit die voorafgaande kan waargeneem word dat Suid-Afrika se doeanepolisiëring grootliks ooreenstem met die van ander buitelandse stelsels. Dit word ook duidelik dat 'n internasionale standaard bestaan

---

832 Nogala 2001 *European Journal of Crime, Criminal Law and Criminal Justice* 139.

833 ACBPS *Blueprint for Reform* 10. Voor 2008 het die ACBPS bekendgestaan as die *Australian Customs Service* (ACS). in 2008 is die diens geherstruktureer ten einde spesifiek voorsiening te maak vir 'n uitgebreide grensbeskermingskomponent, wat as belangrik vir die beskerming teen terreur en onwettige immigrasie geag is.

834 Artikel 1 van die *Customs Act* 6 of 1901. Sien ook artikel 183UA van die *Customs Act* 6 of 1901. Sien ook artikel 220 van die *Customs Act* 6 of 1901. Ingevolge hierdie statutêre bepalings beskik enige doeane-beampte, polisiebeampte of sekere gemagtigde militêre-personeel oor die bevoegdheid om die betrokke wetgewing tot uitvoer te bring, visenterings te behartig, beslag te lê op verbode items en oortreders of onwettige immigrante in hegtenis te neem. Dit bied dus omvattende bevoegdhede aan doeanebeamptes en bied terselfdertyd ook 'n immuniteit teen vervolging aan die beamptes.

835 Bylaag 1 van die *Land Tax Act* 21 of 1910. Die ATO het in 1910 ontstaan ten einde grondbelasting, asook vervoer van goedere tussen die federale state van Australië te reguleer.

836 De Silva *et al* 2007 *Australian Year Book of International Law* 290. Die outeurs wys daarop dat omvattende wetgewing die ACBPS, parallel met ander polisiëringsinstansies, omvattende bevoegdhede gee, maar dat die eersgenoemde steeds oor die spesialis mandaat beskik.

ingevolge waarvan differensiële polisiëringsinstansies aangewend word om doeanepolisiëring, grensbeheer en belastingafdwinging te verseker. Die strukturele posisionering van die verskillende state se differensiële magte is egter opvallend, aangesien dit ten spyte van hulle polisiëringsfunksie, in ministeries buite tradisionele polisiëring gesetel word.

3.2.4.1.3 Omgewingsbestuur-inspektoraat

In 1999 het die langverwagte *Wet op Nasionale Omgewingsbestuur*[837] in werking getree. In 2003 is die wet gewysig om deel 2 van hoofstuk 7[838] by te voeg,[839] ten einde voorsiening te maak vir omgewingsbestuurinspekteurs en sodoende die toepassing en afdwinging van die wet te verseker.[840] Hierdie inspektoraat het informeel gou as die Groen Skerpioene bekend geword, alhoewel dit oor geen verwantskap tot die DSO beskik het nie. Die wet het omvattende bevoegdhede aan hierdie inspektoraat verleen alhoewel die samestelling van hierdie direktoraat onduidelik en problematies was.

Die wet het onder andere bepaal dat die Minister van Omgewingsake enige persoon kan aanstel wat deel uitmaak van die Departement van Omgewingsake en Toerisme, of enige ander staatsorgaan.[841] In 2008 is 'n verdere wysiging[842] ingesluit ingevolge waarvan die Minister van Waterwese en Bosbou soortgelyke aanstellings kom maak.[843] Die

---

837 *Wet op Nasionale Omgewingsbestuur* 107 van 1998.

838 Deel 2 van Hoofstuk 7 van die *Wet op Nasionale Omgewingsbestuur* 107 van 1998.

839 Artikel 4 van die *Wysigingswet op Nasionale Omgewingsbestuur* 46 van 2003.

840 Artikel 31A(1) van die *Wet op Nasionale Omgewingsbestuur* 107 van 1998.

841 Artikels 31B(1)(a)(i) en (ii) van die *Wet op Nasionale Omgewingsbestuur* 107 van 1998:
"(1) Die Minister kan –
(a) as 'n omgewingsbestuursinspekteur aanwys enige persoon wat 'n personeellid is van –
(i) die Departement; of
(ii) enige ander staatsorgaan".

842 Artikel 4 van die *Wysigingswet op Nasionale Omgewingsbestuur* 44 van 2008.

843 Artikel 31BA(1) van die *Wet op Nasionale Omgewingsbestuur* 107 van 1998:
"(1) Die Minister van Waterwese en Bosbou kan –

aanstellingsproses is verder gekompliseer deur aan elke LUR verantwoordelik vir omgewingsake, soortgelyke bevoegdhede te bied.[844] Dit het uiteraard daartoe gelei dat die inspektoraat gedesentraliseerd saamgestel is deurdat beide die aanstelling en bestuurstruktuur op nasionale, provinsiale en plaaslike vlak behartig word.[845]

Die wetgewer het egter gepoog om hierdie inspektoraat te standaardiseer deurdat artikel 31D 'n duidelike mandaat neergelê het vir uitoefening van bevoegdhede namens die betrokke departement.[846] Op soortgelyke wyse het artikel 31E die Minister die bevoegdheid verleen om voorgeskrewe standaarde neer te lê ten einde die opleiding en kwalifikasies van inspekteurs te standaardiseer.[847] Die werksaamhede en

---

(a) enige personeellid van –
(i) die Departement van Waterwese en Bosbou; of
(ii) enige ander staatsorgaan, as 'n omgewingsbestuursinspekteur aanwys".

844 Artikel 31C(1) van die *Wet op Nasionale Omgewingsbestuur* 107 van 1998:
"(1) 'n LUR kan –
(a) as 'n omgewingsbestuursinspekteur aanwys enige persoon wat 'n personeellid is van –
(i) die departement verantwoordelik vir omgewingsbestuur in die provinsie;
(ii) enige ander provinsiale staatsorgaan; of
(iii) enige munisipaliteit in die provinsie".

845 *National Environmental Compliance and Enforcement Report* 7. Ingevolge hierdie verslag het die inspektoraat gedurende 2010/2011 uit die volgende rolspelers bestaan: SANParke, Isimangaliso Vleiland Parkeraad, Kaap Natuur, Ezemvelo KZN Wildbewaring, asook die nege provinsiale regerings. Dit is dus duidelik dat die inspektoraat uit beide staats- en semi-staatsinstelings bestaan.

846 Artikel 31D(1) van die *Wet op Nasionale Omgewingsbestuur* 107 van 1998:
(1) Wanneer 'n persoon as 'n omgewingsbestuursinspekteur aangewys word, moet die Minister, die Minister van Waterwese en Bosbou of LUR, na gelang van die geval, behoudens subartikel (2), bepaal of die betrokke persoon aangewys word vir die afdwinging van –
(a) hierdie Wet;
(b) 'n spesifieke omgewingsbestuurswet;
(c) spesifieke bepalings van hierdie Wet of 'n spesifieke omgewingsbestuurswet;
(d) hierdie Wet en alle spesifieke omgewingsbestuurswette; of
(e) enige kombinasie van daardie Wette of bepalings van daardie Wette.
(2) 'n LUR kan 'n persoon as 'n omgewingsbestuursinspekteur aanwys vir die afdwinging van slegs daardie bepalings van hierdie Wet of enige spesifieke omgewingsbestuurswet.

847 Artikel 31E(1) van die *Wet op Nasionale Omgewingsbestuur* 107 van 1998:
(1) Die Minister kan–
(a) kwalifikasiekriteria vir omgewingsbestuursinspekteurs voorskryf; en
(b) opleiding voorskryf wat omgewingbestuursinspekteurs moet ondergaan.

bevoegdhede wat deur die wet aan inspekteurs gebied word, het egter die verwantskap tot polisiëring daargestel. Dit maak spesifiek voorsiening vir inspekteurs om die bepalings van die wet af te dwing en te moniteer, en waar nodig ondersoek in te stel na oortredings.[848] Dit word ook weerspieël in die bevoegdhede wat 'n inspekteur in staat stel om persone te ondervra,[849] kennisgewings van oortredings uit te reik[850] en enige perseel of rekords, wat verband hou met die wet, te inspekteer.[851] Dit sluit ook in die neem van monsters[852] en foto's[853] of sogenaamde voorbeelde.[854]

Artikel 31I bepaal verder dat beslag gelê mag word op items, voertuie of vaartuie wat redelik regverdigbaar is ingevolge die omvang van die *Wet op Omgewingsbestuur*.[855] Die wet maak egter nie uitdruklik voorsiening vir die uitvoer van arrestasies of selfs die betreding van persele nie, alhoewel artikel 31H van die wet wel inspekteurs as vredesbeamptes klassifiseer en die gepaardgaande bevoegdhede aan die inspekteurs verleen.[856]

Uit die omvattendheid van die bevoegdhede en funksie wat hierdie wet daarstel, kan min twyfel bestaan dat die doel van die wetgewer was om voorsiening te maak vir 'n polisiëringstyl liggaam ten einde omgewingswetgewing af te dwing. Dit sou redelik eenvoudig oor dieselfde kam geskeer kon word as doeanepolisiëring, deurdat dit 'n

---

848 Artikel 31G(1)(a) van die *Wet op Nasionale Omgewingsbestuur* 107 van 1998.
849 Artikel 31H(1)(a) van die *Wet op Nasionale Omgewingsbestuur* 107 van 1998.
850 Artikel 31H(1)(b) van die *Wet op Nasionale Omgewingsbestuur* 107 van 1998.
851 Artikel 31G(1)(c) van die *Wet op Nasionale Omgewingsbestuur* 107 van 1998.
852 Artikel 31G(1)(f) van die *Wet op Nasionale Omgewingsbestuur* 107 van 1998.
853 Artikel 31G(1)(g) van die *Wet op Nasionale Omgewingsbestuur* 107 van 1998.
854 Artikel 31G(1)(i) van die *Wet op Nasionale Omgewingsbestuur* 107 van 1998.
855 Artikel 31I(3) van die *Wet op Nasionale Omgewingsbestuur* 107 van 1998.
856 Artikel 31H(5) van die *Wet op Nasionale Omgewingsbestuur* 107 van 1998:
(5) Benewens die bevoegdhede uiteengesit in hierdie Deel word 'n omgewingsbestuursinspekteur geag 'n vredesbeampte te wees en kan alle bevoegdhede uitoefen wat aan 'n vredesbeampte, of aan 'n polisiebeampte wat nie 'n offisier is nie, ingevolge Hoofstukke 2, 5, 7 en 8 van die Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977), toegewys is–
(a) om te voldoen aan sy of haar mandaat ingevolge artikel 31D; en
(b) binne die regsgebied waarvoor hy of sy aangewys is.

vorm van gespesialiseerde polisiëring uitmaak en die SAPD en munisipale polisiedienste ondersteun, maar tog nie onthef word van verpligtinge binne die veld van omgewingbeskerming nie. Die struktuur wat in hierdie verband aangeneem is, is egter kommerwekkend gedesentraliseerd,[857] sonder voldoende regulering, en mag tot onbehoorlike praktyke en korrupsie aanleiding gee.

3.2.4.1.3.1 Buitelandse eweknieë van die Suid-Afrikaanse omgewingsbestuur-inspektoraat

'n Vergelyking tussen die Suid-Afrikaanse benadering tot omgewingspolisiëring en buitelandse stelsels word bemoeilik deur die feit dat hierdie behoefte oor die algemeen vervul word deur konvensionele polisiemagte en nie deur spesialiseenhede soos in die Suid-Afrikaanse konteks nie.[858] Alhoewel verskeie toegewyde instansies wat behulpsaam is in die polisiëring van omgewingsreg in die buiteland voorkom, is hierdie instansies hoofsaaklik getaak met suiwer natuurbewaring of alternatiewelik koördinering, advisering en intelligensie-insameling. Gevolglik kan dit nie onder die begrip van polisiëring tuisgebring word nie en ook nie as 'n vorm van differensiële polisiëring beskou word nie.

Verskynsels wat wel vergelykbaar is, kan waargeneem word in die Verenigde State van Amerika en Kanada. In die VSA word hierdie verpligting hoofsaaklik deur elke staat gereguleer,[859] maar op federale vlak word wel voorsiening gemaak vir twee agentskappe naamlik die *National Park Service*,[860] wat ingedeel is in die *National Park Ranger*

---

857 *National Environmental Compliance and Enforcement Report* 9.

858 Sien afdeling 3.2.4.1.3 van hierdie proefskrif.

859 Kohn en Eves 2007 *Environs* 259. Die outers dui aan dat die VSA grootliks gebruik maak van tradisionele polisiëring, sowel as sogenaamde *"civil protection"* en "*self policing*" deur die onderskeie beskermde gebiede ten einde polisiëring van omgewingsreg te verseker.

860 Coggins 1987 *Land and Water Law Review* 1.

Service[861] en die *National States Park Police.*[862] Parallel hiermee vervul die *US Fish & Wildlife Service Office of Law Enforcement* 'n polisiëringsrol ten opsigte van wetgewing aangaande wildhandel, wildstropery en hengel.[863] Hierdie polisiëringsinstansies funksioneer parallel en ondersteunend tot tradisionele polisie-instansies en ressorteer onder die *US Department of the Interior*, maar het volle polisiebevoegdhede.[864] Gevolglik behoort dit tot die klassifikasie van differensiële polisie-instansies.[865]

Op soortgelyke wyse maak Kanada ook voorsiening vir nasionale polisie-instansies ter afdwinging van Kanadese omgewingsreg. Algemene omgewingspolisiëring word uitgevoer deur die *Environment Canada,*[866] terwyl afsonderlik voorsiening gemaak word vir die visbedryf en parke deur die daarstelling van *Parks Canada*[867] en *Fisheries and Oceans Canada*.[868] Die beamptes getaak met hierdie verpligtinge het beperkte polisiebevoegdhede, soos van toepassing op hulle verpligtinge, maar word nie noodwendig as volwaardige polisiebeamptes beskou nie, buiten indien die beampte 'n polisiebeampte is met spesifieke omgewingsbeskermingsverpligtinge.[869] Dit stel dus 'n beperkte mate van differensiële polisie daar, maar wat as sulks beskou word vanweë die spesialis en parallelle funksie wat in samewerking met ander polisie-instansies vervul word.

---

861 Falcone 2003 *International Journal of Police Strategies and Management* 56.

862 Larsen 1975 *Environmental Law* 517.

863 Warchol, Zupan en Clack 2003 *International Criminal Justice Review* 8; Kosloff en Trexler 1987 *Boston University International Law Journal* 334.

864 Coggins 1987 *Land and Water Law Review* 8; Coggins en Ward 1981 *Oregon Law Review* 78.

865 Flannagan 1973 *United States Environmental Protection* 4.

866 Dè 2002 *Canada-United States Law Journal* 116. Sien ook artikel 2 van die *Environmental Protection Act* s.c 1999, c33.

867 Artikel 3 van die *Parks Cananda Agency Act* s.c. 1998, c.31; Artikel 18 van die *Canada National Parks Act* s.c. 2000, c.32.

868 Campbell en Thomas 2002 *Ocean and Costal Law Journal* 225. Sien ook artikel 1 van die *Fisheries Act* R.S.C 1985 C F-14.

869 Artikel 19 van die *Canada National Parks Act* s.c. 2000, c.32.

Vanuit die voorafgaande wil dit dus blyk dat die Suid-Afrikaanse benadering taamlik uniek is en dat die polisiëring van omgewingsreg baie onontwikkeld is in ander state.[870] Die gespesialiseerdheid en omvattendheid van hierdie veld vereis egter groter ontwikkeling wat huidiglik ontbreek en internasionaal aangespreek moet word.

3.2.5 *Samevatting: Struktuur van die polisie*

Die organisatoriese samestelling van die polisiestruktuur het 'n groot invloed op die effektiewe daarstelling van polisiëring. Die voormalige bedeling in Suid-Afrika het 'n gefragmenteerde stelsel nagelaat wat nie gestandaardiseerd was nie, en wat gevolglik 'n daadwerklike hervorming vereis het.[871] Hierdie kwessie is aangespreek in die transformasieproses, maar het egter ook gelei tot 'n her-desentralisering van die polisiestruktuur. Dit het die kwessies van gefragmenteerde strukture, ongestandaardiseerde polisiedienste en onduidelikhede aangaande die pligte en bevoegdhede van elk laat herleef en die Suid-Afrikaanse polisiesisteem opnuut in organisatoriese onsekerheid gedompel.[872]

In vergelyking met buitelandse polisiestelsels vertoon die Suid-Afrikaanse stelsel egter gematigd. Alhoewel Suid-Afrikaanse polisiëring as gedesentraliseerd beskou kan word,[873] is dit nie uitsluitlik gebaseer op gedesentraliseerde polisiemagte soos die oormatige gedesentraliseerde VSA- en Kanadese sisteme, en tot 'n mindere mate Brittanje, nie.[874] Die laasgenoemde stelsels het egter 'n bydrae te lewer in die Suid-Afrikaanse konteks. Die noord-Amerikaanse polisiemagte beskik oor 'n groter mate outonomie en verantwoordbaarheid vanweë die gedesentraliseerde aard van die polisiestelsel. In teenstelling hiermee

---

870 Die afwesigheid van buitelandse instansies dui daarop dat meeste state dit nie as 'n polisiëringskwessie beskou nie, maar eerder kies om dit deur middel van wetgewing en tradisionele polisie aan te spreek.

871 Sien afdeling 3.2.2.5 van hierdie proefskrif.

872 Sien afdeling 3.2.3 en 3.2.4.1 van hierdie proefskrif.

873 Sien afdeling 3.2.4 van hierdie proefskrif.

874 Hunter 1990 *Police Studies* 119.

bied die Europese benadering van sentralisering 'n beskouing van hoe gesentraliseerde polisiemagte die effektiewe aanwending van hulpbronne verseker en 'n holistiese benadering tot polisiëring bied.[875]

Suid-Afrika sukkel gevolglik om 'n werkbare balans te bekom en beskik tans oor 'n kommerwekkende hoeveelheid munisipale en differensiële vorme van polisiëring. Alhoewel die *Groenskrif op Polisiëring*[876] klaarblyklik poog om hierdie kwessie aan te spreek, moet aangevoer word dat die ongestandaardiseerde aard van polisiedienste 'n groter mate van kommer vir effektiewe polisiëring inhou.

Teen hierdie agtergrond kan dus aangevoer word dat die kontemporêre Suid-Afrikaanse polisiestruktuur organisatories gedesentraliseerd is,[877] maar dat die beheer- en bestuursfunksie tog 'n gesentraliseerde aard toon.[878] Dit sou gevolglik aangevoer kon word dat Suid-Afrika, as waardegedrewe samelewing, met 'n samewerkende regeringsplatvorm, 'n gemengde stelsel met beide gesentraliseerde en gedesentraliseerde fasette daarstel. Dit kombineer die sterk punte van beheer, bestuur en standaardisering van 'n gesentraliseerde sisteem met die organisatoriese voordele van 'n gedesentraliseerde polisiëringstruktuur.[879] Daar moet egter gewaak word teen die moontlikheid dat oormatige gesentraliseerde bestuur die behoeftes en gespesialiseerdheid van grondvlakpolisiëring mag ondermyn.

---

875 Sien afdeling 3.2.3.2.2 van hierdie proefskrif.

876 GG 36570 van 18 Junie 2013.

877 Dixon 2000 *SACJ* 79.

878 Brogden 1994 *Police Studies* 29. Sien ook Artikel 206(1) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

879 Henry en Smith *Transformations of Policing* 204. Die mees waarskynlike persepsie sou wees dat die Grondwet en statutêre bepalings beheer en bestuur sentraliseer deur die bevoegdhede wat aan die Minister en die onderskeie Kommissarisse toegeskryf word. Die klem wat egter gelê word op provinsiale en plaaslike polisiëring kan moontlik die argument regverdig dat die verskillende vlakke van regering steeds 'n invloed uitoefen oor polisiëring, met veral inagneming van munisipale polisiedienste. Sien in hierdie verband artikel 64J van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 van 1995. Dus, alhoewel prosedurele en organisatoriese beheer uitgeoefen word op 'n gesentraliseerde wyse, het die verskeie vlakke van regering tog 'n indirekte invloed op die polisiëringsfunksie.

3.3 *Die organisatoriese aard van polisiëring in Suid-Afrika*

Die aard van polisiëring verwys na die styl van polisiëring wat in 'n betrokke staatsbestel geld. Uiteraard word dit ook grootliks bepaal en beïnvloed deur die waardes en oogmerke van die samelewing, sowel as die politieke prerogatiewe van die staat.[880] Die ontwikkeling van polisiëring in die Suid-Afrikaanse konteks bied 'n unieke voorbeeld van die invloed wat 'n gemeenskap en staatsbestel op polisiëring en die aard daarvan uitoefen, en word gevolglik kortliks bespreek.[881]

3.3.1 *Voormalige militaristiese aanslag van polisie*

3.3.1.1 Die aard van polisiëring voor Republiekwording

Die paramilitêre[882] aanslag wat polisiëring onder die voormalige staatsbestel in Suid-Afrika geopenbaar het, is 'n goed gedokumenteerde feit. Dit is 'n benadering wat weerspieël is deur die aanwending van militêre-styl uniforms, rangstrukture en bowenal, militêre dissipline.[883]

---

880 Elke gemeenskap het 'n eiesoortige staatsbestel deurdat die kultuur, geskiedenis en politiek 'n daadwerklike invloed het op die samestelling van die gemeenskap en die waardes wat dit najaag. So ook beïnvloed dit die betrokke regstelsel ten einde waardes en moraliteit te bepaal wat die gemeenskap as toepasbaar beskou. Sien Wiechers *Staatsreg* 12.

881 Suid-Afrika het 'n drastiese omvorming van die samelewing as geheel ervaar gedurende die vroeë 1990's. Dit het 'n nuwe politieke bedeling, herstrukturering van die samelewing en reg gesien wat alle vlakke van die samelewing beïnvloed het. Dit het voortgespruit uit jare van koloniale en Apartheidsbewind wat die behoefte tot demokrasie daargestel het. Sien Currie en De Waal *Bill of Rights Handbook* 4.

882 'n Paramilitêre samestelling verwys na 'n siviele mag, hetsy binne of buite die staatstruktuur, wat in 'n militêre wyse saamgestel is en militêre-styl operasies onderneem ter ondersteuning van 'n staat se weermag. Dit behels in die algemeen 'n rang- en bevelstruktuur, militêre uniforms, militêre wapens en taktieke. Paramilitêre groepe behels hoofsaaklik magte wat ter ondersteuning van die staat funksioneer en nie milisies, huursoldate of insurgente nie. Sien Odendal en Gous *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* 832.

883 Van der Spuy 1989 *Acta Juridica* 267: *"Military discipline in fact seems to have provided the central mechanism through which institutional loyalty and organizational unity were assured. As Dippenaar argues: 'the factor which eventually saved the Police Force of South Africa from total destruction was undoubtedly the unpopular policy of absolute discipline which Colonel de Villiers insisted in instilling into policemen at that time... (thus) the SAP*

Ooreenkomstig het polisie-opleiding en werkswyses onderskryf aan krygsteorieë wat meer van oorlogvoering gespreek het as tradisionele polisiëring en polisiëringtegnieke soos ons dit vandag ken.[884]

Die oorsprong van hierdie paramilitêre aanslag kan teruggespeur word na voor die ontstaan van die eerste professionele polisiemag in Suid-Afrika.[885] Soos reeds aangetoon het die vroeë gemeenskappe van die Kaap, en later van Natal, die Oranje-Vrystaat en Transvaal hoofsaaklik op die beskerming van die kolonie se weermag staatgemaak. Mettertyd is selfbeskermingsgroepe of eenhede daargestel om spesifieke areas of gemeenskappe te beskerm, maar ook hierdie groepe het 'n militêre aanslag geopenbaar.[886] Alle meerderjarige manspersone is as skutters opgelei met die oog op militêre diens en gevolglik is die klem hoofsaaklik op militêre mag geplaas en nie op polisiëring nie.

Met die daarstelling van die eerste polisiemagte in Suid-Afrika, is grootliks staatgemaak op die kundigheid van oudsoldate ter vervulling van die rol.[887] Die wapens en uniforms wat aangewend is, het ooreengestem met dié van die weermag en die onervare en meestal onopgeleide polisielede het ook gemaklik teruggeval op hulle militêre opleiding.[888] Enkele jare later is die *Politiewet*[889] en die *Zuid-Afrika Verdedigings Wet*[890] gepromulgeer met die oog op die formalisering van die twee veiligheidsmagte.[891] Dié twee stukke wetgewing het egter 'n duidelike interafhanklikheid tussen die twee magte geskep wat daarop

---

managed to survive as an intact and disciplined body of men prepared to serve South Africa'".

884 Minnaar 2010 *Acta Criminologica* 191.

885 Maguire 1997 *Police Journal* 11; Van der Spuy 1989 *Acta Juridica* 264.

886 Van Heerden *Introduction to Police Science* 32.

887 Brogden 1994 *Police Studies* 8.

888 Cooper 1929 *Police* 256: *"The force is armed with the short .303 rifle (1907 pattern) with bayonets, and .45 Webley revolvers. A certain number are also trained as machine and Lewis gunners at the training depot just outside Pretoria"*.

889 Artikel 2 van die *Politiewet* 14 van 1912.

890 Artikel 12 van die *Zuid-Afrika Verdedigings Wet* 13 van 1912.

891 Manzi *The Role and Image of the Police in a Post-Apartheid Era* 25.

gemik was om die twee magte so te struktureer dat dit mekaar kon ondersteun in die uitvoer van pligte.[892]

'n Militêre eenheid genaamd die Zuid-Afrikaansche Bereden Schutters (ZABS) is deur die *Zuid-Afrika Verdedigings Wet*[893] geskep. Alhoewel hierdie eenheid hoofsaaklik in 'n weermagkapasiteit aangewend sou word, is dit ook getaak met beperkte polisiëringsrolle ter ondersteuning van die Zuid-Afrikaansche Politie.[894] Hierdie twee magte moes mekaar komplimenteer, wat daartoe gelei het dat die ZABS aangevul kon word deur lede van die ZAP gedurende tye van konflik of oorlog.[895]

Die interafhanklike aard van die polisie en weermag het uitgekristaliseer tydens die mynwerkerstakings van 1913 en 1922. In 1913 is beide die Weermag (ZAUVM)[896] en die ZABS gemobiliseer ter ondersteuning van die steeds jong en oneffektiewe ZAP ter onderdrukking van gewelddadige betogings, waartydens die staking doeltreffend onderdruk is deur die aanwending van militêre taktieke.[897] In April van 1920 is die ZABS ingelyf by die ZAP,[898] waarna hierdie ervare soldate hulle plek in 'n polisiëringstruktuur probeer vind het.[899] Twee jaar later, met die stakings

---

892 Vuma *Crime Prevention as a core function of the South African Police Service* 25.

893 *Zuid-Afrika Verdedigings Wet* 13 van 1912.

894 Bezuidenhout *Die Houdings van Manlike en Vroulike Polisiebeamptes* 58. Pligte in hierdie verband het veral die polisiëring van landelike aard behels, asook areas wat hoofsaaklik deur nie-blankes bewoon is. Die ZABS sou alleenlik tydens vredestyd in 'n polisiëringsrol aangewend word en tydens oorlog hul normale verdedigingsrol inneem.

895 Artikel 25 van die *Zuid-Afrika Verdedigings Wet* 13 van 1912. Sien ook artikel 8 *Politiewet* 14 van 1912: *"The Governor General may, in case of war or other emergency, deploy the force or any part thereof to assist in the Defence of the Union within or outside South Africa, and may place the force or any part thereof, while so employed, under the orders and directions of such person as the Governor General may appoint. The force or part thereof shall, while so deployed, be subject to the law and regulations governing the discipline, command, and control when on active or military service of the permanent Defence forces of the Union."* Sien ook Van der Spuy 1989 *Acta Juridica* 267; Mokotedi *Measurement of Police Cynicism* 53.

896 Zuid-Afrikaansche Unie-Veiligheidsmag (ZAUVM). In 1958 is die ZAUVM hernoem na die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW).

897 Cooper 1929 *Police* 253; Moran 1997 *Third World Legal Studies* 155.

898 Bezuidenhout *Die Houdings van Manlike en Vroulike Polisiebeamptes* 58. Sien ook Van der Spuy 1989 *Acta Juridica* 267.

899 Mokotedi *Measurement of Police Cynicism* 53.

van 1922, is die ZAUVM weereens gemobiliseer.[900] Tydens dié operasie, wat meer van oorlogvoering as polisiëring gespreek het, het die voormalige lede van die ZABS gemaklik teruggeval op hulle oorlogservaring om die linies saam met die weermag te beman en die onrus te knel.[901]

Met die toetrede van die Unieregering tot die Eerste Wêreldoorlog, is die ZAP gemobiliseer ter voldoening aan hul militêre verantwoordelikhede.[902] So ook het die SAP tydens die Tweede Wêreldoorlog diens gedoen in veral die onderdrukking van die Duitse aanslag op Afrika.[903] Alhoewel beide hierdie voorbeelde van oor-en-weer interdissiplinêre mobilisering kortstondig van aard was of beperk is tot die voldoening aan essensiële behoeftes, het dit tog verreikende gevolge gehad met betrekking tot opleiding en uitoefening van bevoegdhede van polisielede.[904] Dit het 'n polisiemag daargestel wat wel meerdoelig aangewend kon word, maar wat geensins 'n professionele polisiemag weerspieël het nie.[905] Dit het met oormatige gebruik van geweld gepaard gegaan sowel as militêre dissipline ingevolge waarvan opdragte sonder bevraagtekening uitgevoer moes word.[906] Hierdie styl van interafhanklike magsuitoefening het bly voortbestaan[907] tot en met Republiekwording en is ook in artikel 7

---

900 Bing *Unmaking the Torture* 34; Moran 1997 *Third World Legal Studies* 153.

901 Visser 2004 *International Review of Social History* 47: *"The 1922 general strike took a heavy toll on human lives. The official figures are that 43 soldiers, 86 policemen and 81 civilians were killed, while 133 soldiers, 86 policemen and 315 civilians were wounded in the skirmishes."* Sien ook Conradie 1982 *Scientia Militaria* 80.

902 Van der Spuy 1989 *Acta Juridica* 269.

903 Moran 1997 *Third World Legal Studies* 155.

904 Die ZAP, ZABS en die ZAW het almal ooreenkomstige vorme van militêre opleiding ontvang. Ook die wapens en taktieke het ooreengestem, juis vanweë die behoefte dat die magte interafhanklik en komplimenterend aangewend kon word. Dit het gevolglik ingehou dat die ZAP 'n minimaal polisiëringgerigte aanslag gehad het en dat geweld en hardhandige optrede meestal aan die orde van die dag was. Sien afdeling 3.2.2 van hierdie proefskrif aangaande die kenmerkende militaristiese benadering wat hieruit voortgespruit het.

905 McIntyre *Harbour Policing* 26.

906 Brogden 1994 *Police Studies* 3.

907 Oosthuizen 2004 *Historia* 135. Sien ook Schoombee 1984 *SALJ* 687; McDougall 1989 *American Society of International Law Proceedings* 351; Oosthuizen 2006 *Journal for Contemporary History* 187; Moran 1997 *Third World Legal Studies* 155.

van die *Polisiewet* bevestig, met spesifieke verwysing na noodtoestande.[908]

Op 28 Maart 1960, na afloop van die Sharpeville-slagting,[909] is die eerste noodtoestand in die geskiedenis van die Unie afgekondig. Dit het die verbanning van die ANC[910] en die PAC[911] tot gevolg gehad en die aanwending van die polisie sowel as die weermag om wet en orde te handhaaf.[912] Hierdie situasie het voortgeduur tot en met Republiekwording gedurende die daaropvolgende jaar.

3.3.1.2 *Die aard van polisiëring onder die Republiek van Suid-Afrika*

Die aanslag van die polisie het nie veel verskil onder die staatsbestel na republiekwording nie. In 1964 is die militêre aanwending, en by implikasie die militêre aanslag van die SAP, versterk deur die wysiging[913] van artikel 7 van die Polisiewet.[914] Hierdie wysiging het opnuut voorsiening gemaak vir die interafhanklike aanwending van die polisie en die SAW tydens noodtoestande, wat ook ingesluit het dat die lede van die onderskeie magte tydelik onder die bevel van ander veiligheidsmagte aangewend word ter stabilisering van enige situasie wat nasionale veiligheid bedreig.[915]

---

908 Artikel 7 van die *Polisiewet* 7 van 1958.

909 Die Sharpeville-slagting het plaasgevind op 21 Maart 1960. 69 mense is dood in polisie-optrede ter onderdrukking tydens 'n staking teen paswetgewing.

910 African National Congress.

911 Pan Africanist Congress.

912 Moran 1997 *Third World Legal Studies* 159.

913 Artikel 5 van die *Wysigingswet op Polisie* 64 van 1964.

914 Artikel 7 van die *Polisiewet* 7 van 1958.

915 Olivier 1995 *SACJ* 311. Sien ook Artikel 7 van die *Polisiewet* 7 van 1958:

"(1) Die Staatspresident kan in geval van oorlog of ander noodtoestand, die Mag of enige deel daarvan gebruik om in verband met die verdediging van die Republiek te dien, hetsy binne of buite die Republiek, en kan die Mag of 'n deel daarvan wat aldus dien onder die bevel en beheerstel van 'n persoon wat die Staatspresident daartoe aanstel.

(2) Die Mag of die deel daarvan is, terwyl hy aldus dien, onderworpe aan die wetsbepalings op dissipline, bevel en beheer wat vir die staande verdedigingsmag van die Republiek tydens aktiewe of militêre diens geld, maar word nie daardeur van die toepassing van hierdie Wet onthef nie: Met dien verstande dat geen lid van die Mag sowel ingevolge hierdie Wet as ingevolge die wetsbepalings op die dissipline van en bevel en beheer

Die Apartheidsbewind het hierdie interafhanklike aanwending van die veiligheidsmagte ten volle benut ten einde politieke oproerigheid met die volle mag van die polisie en weermag te begroet.[916] Dit was selfs nie beperk tot die grondgebied van Suid-Afrika nie. Die sogenaamde "kommunistiese aanslag"[917] op Suider-Afrika het die regerings van die voormalige Rhodesië en Suidwes-Afrika bedreig en daartoe gelei dat die Suid-Afrikaanse veiligheidsmagte ter bestryding hiervan aangewend is.[918]

In 1967 is lede van die SAP ontplooi na Rhodesië om die Rhodesiese magte by te staan in die stuiting van ANC en ZAPU[919] guerrilla-aanvalle.[920] Hierdie operasies is deur die Suid-Afrikaanse regering, onder artikel 7,[921] geregverdig as sogenaamde teen-terrorisme operasies wat ook die nasionale veiligheid van Suid-Afrika bedreig.[922] Gedurende dieselfde jaar is lede van die SAP na die Namibië-Angola grens ontplooi om soortgelyke operasies te onderneem, ter ondersteuning van die Suidwes-Afrikaanse Polisie (SWAPOL) wat reeds sedert 1966 sporadiese kontak met insurgente beleef het.[923] Hierdie teen-insurgensie optrede deur die SAP het voortgeduur tot en met 1973 toe die SAW uiteindelik op so 'n sterkte was dat die verantwoordelikhede oorgeneem

---

oor die staande verdedigingsmag van die Republiek ten opsigte van 'n misdryf gestraf kan word nie".

916 Van der Spuy 1989 *Acta Juridica* 288.

917 Scholtz 2006 *Scientia Militaria* 20: *"All the revolutionary movements in the region, from the MPLA in Angola, Frelimo in Mozambique, Zanu/Zapu in Rhodesia to the ANC in South Africa, wanted to overthrow the white-dominated minority governments in order to replace them with socialist states, representing the black majorities. However, although Swapo too wanted a socialist state, it had no interest in completely destroying Apartheid South Africa, and in contrast to the ANC never presented its aims in that way."* Sien ook Howe 1971 *Foreign Affairs* 160.

918 Maguire 1997 *Police Journal* 12; Moran 1997 *Third World Legal Studies* 156.

919 Zimbabwe African People's Union.

920 Haysom 1989 *Acta Juridica* 142.

921 Artikel 7 van die *Polisiewet* 7 van 1958.

922 Volgens intelligensieverslae is aangetoon dat die ANC en ZAPU ook beplan het om Suid-Afrikaanse teikens in veral Pretoria en Johannesburg aan te val en dat van die guerrillas wat aangekeer is in Rhodesië inderdaad oppad was na die Suid-Afrikaanse grens.

923 Mokotedi *Measurement of Police Cynicism* 56.

kon word.[924] Alhoewel die SAP grootliks onttrek het, is die teen-insurgensie eenheid van die polisie, genaamd Koevoet,[925] egter op grensdiens gelaat vanweë die eenheid se effektiwiteit.[926]

Die terugkeer van die SAP-lede na Suid-Afrika het die onderdrukking van politieke onrus op plaaslike vlak verskerp. Dit het egter 'n mag daargestel wat enkele maande van tevore onderwerp is aan bosoorlog-omstandighede om nou polisiëringsrolle te vervul.[927] 'n Militêre benadering, die gebruik van krygstaktieke en maksimum geweld was aan die orde van die dag.[928] Dit is verder tentoongestel deur 'n organisatoriese struktuur wat gebruik gemaak het van kleiner militaristiese-styl eenhede.[929] Die reaksiemagkonsep, waarvan Koevoet ook deel uitgemaak het, het 'n slaankrag aan die SAP gebied om vinnig, effektief, en meestal kovert, toe te slaan op enige vorm van politieke aktiwiteite of insurgensie.[930] Die oorgrote meerderheid van spesialiseenhede in Suid-Afrika het eienskappe van die reaksiemagkonsep geopenbaar, terwyl die ander eenhede op intelligensiegebaseerde polisiëring gefundeer was. Dit het onder andere die Staatsveiligheidsburo,[931] Nasionale Intelligensie,[932]

---

924 Moran 1997 *Third World Legal Studies* 156.Tussen 1967 en 1973 is besef dat die SAW nie oor voldoende middele beskik het om hierdie insurgensie te beveg nie. Militêre diensplig is ingestel en het gelei tot die uitbreiding van die SAW se staande mag met ongeveer vyf-en-sestig persent. Sien in hierdie verband Berat 1989 *Vanderbilt Journal for Transnational Law* 139.

925 Koevoet is beskou as die effektiefste teen-insurgensie eenheid van al die veiligheidsmagte in Suid-Afrika. Dit het deel uitgemaak van die "*South African Police Counter Insurgent Unit"* (SAP COIN). Die naam Koevoet het simbolies ingehou dat hierdie eenheid daarmee getaak is om die insurgente oop te breek en te vernietig. Sien in hierdie verband Mokotedi *Measurement of Police Cynicism* 60; Durand *Zulu Zulu Golf* 299; Prior 1989 *Acta Juridica* 198.

926 Haysom 1989 *Acta Juridica* 141. Sowat tagtig persent van alle insurgensie-sterftes word aan Koevoet toegeskryf.

927 Mokotedi *Measurement of Police Cynicism* 57.

928 Van der Spuy 1989 *Acta Juridica* 289.

929 Haysom 1989 *Acta Juridica* 142; Mokotedi *Measurement of Police Cynicism* 57.

930 Burger *White Male Police Officers serving in the SAPS* 37; Maguire 1997 *Police Journal* 15; Motala 1996 *Third World Legal Studies* 195.

931 Bing *Unmaking the Torture* 36. Die Staatsveiligheidsburo, of BOSS (*Bureau of State Security*) soos dit algemeen bekendstaan, het 'n interne intelligensiemandaat gehad ter bestryding van enige aspek wat nasionale veiligheid en stabiliteit in gedrang kon stel. Dit is in 1969 op die been gebring en is in 1980 gesluit.

Veiligheidspolisie[933] en Militêre Intelligensie[934] ingesluit. Die fokus het totaal en al verskuif na 'n teen-insurgensie polisiemag en algemene polisiëringspligte het 'n klein deel van polisie-aktiwiteite uitgemaak. Tot 'n groot mate het die SAP meer as 'n weermag voorgekom as 'n polisiemag.[935]

Die 1980s het weereens noodtoestande en politieke onrus meegebring.[936] Dit het die ontplooiing van die SAW ter ondersteuning van die SAP en ander polisie-instansies teweeggebring. Dit is gemagtig deur die *Verdedigingswet*[937] en het landswyd op groot skaal plaasgevind.[938] Op politieke en internasionale vlak is hierdie praktyk geregverdig deur aan te voer dat die politieke protesoptrede terrorisme, en gevolglik 'n bedreiging van staatsveiligheid, daarstel en dus 'n militêre kwessie eerder as 'n polisiëringprobleem behels.[939] Dit het die

---

932 Maguire 1997 *Police Journal* 12. Nasionale Intelligensie het die Staatsveiligheidsburo opgevolg en ooreenkomstige bevoeghede en verpligtinge gehad. Dit is gesien as deel van die onderdrukkende staatsveiligheidsmagte.

933 Mokotedi *Measurement of Police Cynicism* 65. Veiligheidspolisie het beide uitvoerende- en intelligensieverpligtinge gehad, binne en buite die grense van Suid-Afrika. Lede van hierdie eenhede was hoogs gevrees en het bekendgestaan daarvoor dat hulle geredelik inbreuk gemaak het op regte van individue.

934 Prior 1989 *Acta Juridica* 200. Die Departement van Militêre Intelligensie was veral getaak met die insameling van strategiese intelligensie, ter versterking van teen-insurgensie operasies in Namibië en Rhodesië.

935 Van der Spuy 1989 *Acta Juridica* 288; Prior 1989 *Acta Juridica* 199: *"The traditional division between the military task (that of maintaining territorial integrity), and police task (maintaining internal stability) has largely fallen away in South Africa. The need for the government to control a strong internal extra-parliamentary opposition, which has taken to street demonstrations, rioting, and attacks on state targets, has given the SAP a para-military function."*.

936 Haysom 1989 *Acta Juridica* 146; Moran 1997 *Third World Legal Studies* 159.

937 Artikel 3 van die *Verdedigingswet* 44 van 1957, soos gewysig deur artikel in die *Wysigingswet op Verdediging* 12 van 1963.

938 Prior 1989 *Acta Juridica* 199: "*In 1984 continued and widespread opposition in the townships forced the government to call up 7 000 troops and to mount a massive display of force in support of the police. In 1985 a total of 35 372 SADF members were deployed in 96 African townships nationwide in support of the SAP in the prevention or suppression of internal disorder. These numbers peaked to about 40 000 in 1986 but dropped significantly after that*".

939 Haysom 1989 *Acta Juridica* 142: "*In the new perspective however, civil rights, protests and labour strikes accompanied by violence and urban terrorism are seen as guerilla actions aimed at military, political, economic or psychological objectives as part of the overall assault. . . . The role of the armed forces and the maintenance of national security would therefore appear to be a simple extension of their classical role in national defence".*

staatsgesentreerde aanslag van al die veiligheidsmagte blootgelê en die legitimiteit van die SAP as polisiëringsinstansie ondermyn.[940]

Hierdie interafhanklike styl van polisiëring gedurende die Apartheidsbedeling is ook weerspieël deur die polisie se toepassing van 'n militaristiese rangstruktuur en uniforms.[941] Alhoewel die SAP 'n blou uniform gebruik het, het die reaksiemag-styl eenhede van groen kamoefleerpatroon uniforms gebruikgemaak. Die SAP het dieselfde wapens en gepantserde voertuie aangewend as die SANW en 'n soortgelyke vlak van militêre dissipline gehandhaaf.[942] Dit het teweeggebring dat polisiëring per opdrag plaasgevind het en nie vanuit regmatige opgelegde bevoegdhede nie.[943] Dit het van 'n onderdrukkende mag gespreek wat die politieke prerogatiewe van die staat afgedwing het en nie die gemeenskap gepolisieer het nie. Die aanwending van die SAP in beide polisiëring en oorlogvoering het tot verwarring onder die lede en onbehoorlike vlakke van geweld gelei.[944]

Die voorafgaande bespreking toon duidelik dat polisiëring in die pre-demokratiese Suid-Afrika militaristies van aard was. Die wetgewing wat aangewend is om hierdie doel te bereik, toon verder dat die militêre aard nie 'n gevolg van blote ontwikkeling was nie, maar dat dit doelbewus so gekonstrueer is om die beskerming van die staatsbestel te verseker en nie soseer die veiligheid van die gemeenskap nie.[945]

---

940 Haysom 1989 *Acta Criminologica* 193; Johnson 1979 *Harvard International Law Journal* 922; Moran 1997 *Third World Legal Studies* 155: *"It had the worst human rights record. Its members would torture or kill those unlucky enough to fall into their hands. The entire branch was shrouded in secrecy; its members were rarely exposed and never prosecuted for their reign of terror."* Sien ter voorbeeld ook Van der Vyver 1985 *SAJHR* 165; Foster 1986 *SAJHR* 297.

941 Maguire 1997 *Police* 12.

942 Prior 1989 *Acta Juridica* 196; Van der Spuy 1989 *Acta Juridica* 283.

943 Polisiëring per opdrag verwys na polisie-optrede wat nie aan die legaliteitsbeginsel voldoen nie en nie plaasvind vanweë 'n oortreding wat ingevolge geldende reg erken word nie. Dit behels polisie-optrede in opdrag van 'n hoër rang polisiebeampte, of selfs vanuit politieke geledere, en gee aanleiding tot onderdrukkende polisiëring.

944 Foster en Luyt 1986 *SAJHR* 301; Haysom 1989 *Acta Juridica* 143.

945 Haysom 1989 *Acta Juridica* 193.

3.3.1.3 Die aard van polisiëring in die Tuislande

Die veiligheidsmagte van die voormalige tuislande het baie ooreenkomste getoon met dié van Suid-Afrika. Alhoewel die rangstruktuur en opleiding van hierdie polisie- en weermagte verskil het, was dit almal gebaseer op 'n militêre aanslag.[946] Militêre dissipline, rang- en bevelstrukture, asook operasionele taktieke het dié van 'n weermag weerspieël.[947]

Die rede hiervoor word meestal toegeskryf aan die feit dat beide die weermagte en die polisiemagte van die tuislande op die been gebring is en opgelei is deur hul Suid-Afrikaanse eweknieë.[948] Gevolglik is dié veiligheidsmagte as 'n verlengstuk van die Suid-Afrikaanse veiligheidsmagte beskou en is dieselfde benadering tot polisiëring, aard en gewelddadigheid geopenbaar.[949]

3.3.2 *Kontemporêre diensgerigte polisie*

3.3.2.1 Die transformasieproses van die Suid-Afrikaanse Polisiediens

Die demokratiseringsproses het 'n ommeswaai teweeggebring in die uitoefening van owerheidsgesag en die vertikale verhouding tussen die staat en die gemeenskap.[950] Dit is ook weerspieël in die klemverskuiwing wat binne die sfeer van polisiëring plaasgevind het, waartydens wegbeweeg is van 'n staatsgesentreerde veiligheidsbenadering na 'n gemeenskapsgeoriënteerde diensgerigtheid.[951] Hierdie herstrukturering het as teenvoeter vir die voormalige parlementêre soewereine bestel

---

946 Van Heerden *Introduction to Police Science* 32.
947 Manzi *The Role and Image of the Police in a Post-Apartheid Era* 27.
948 Malan 1999 *ISS Monographs* 3.
949 Bing *Unmaking the Torture* 60.
950 Currie en De Waal *Bill of Rights Handbook* 42.
951 Olivier 1995 *SACJ* 322; Du Plessis en Louw 2005 *CJCCJ* 434; Minnaar 2010 *Acta Criminologica* 192.

gedien[952] en gevolglik is die polisie, wat histories as politieke wapen van die staat beskou is,[953] genoodsaak om drastiese transformasie te ondergaan.

Die transformasieproses is van stapel gestuur aan die hand van die vereistes wat gestel is deur die Interim Grondwet[954] en die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens.*[955] Hierdie twee laasgenoemde instrumente het pertinent die fokus geplaas op areas wat die voormalige polisiestelsel onderdrukkend van aard gemaak het.[956] Die militaristiese karakter van die Apartheidspolisie,[957] die polities-gedrewe ideologie[958] en die staatsgesentreerdheid van die veiligheidsmagte tydens Apartheid, het eerste aandag geniet.[959] Wantroue in die polisie het op hierdie stadium hoogty gevier en het bygedra tot die legitimiteitskrisis waarin die polisie verkeer het.[960] Die siening was dat hierdie aspekte bygedra het tot die bevolking se negatiewe persepsie van die polisie en dat, indien dit suksesvol hersien kon word, dit deurslaggewend sou wees om die publiek se mening oor die polisie te verander.[961]

---

952 Artikel 59(1) van die *Republiek van Suid-Afrika Grondwet* 32 van 1961: "*59. (1) Parliament shall be the sovereign legislative authority in and over the Republic, and shall have full power to make laws for the peace, order and good government of the Republic."*Sien ook Dugard 1969 *SALJ* 203. Die Parlement se onafhanklikheid het aanleiding gegee tot die daarstelling van parlementêre soewereiniteit wat die hoogste gesag in Suid-Afrika uitgemaak het. Dit het 'n ongebalanseerde magsverdeling daargestel en was as 'n gevolg ook teenstrydig met die *trias politica*-leerstuk. Bydraend hiertoe het die regsprekende gesag oor geen toetsingsbevoegdheid ten aansien van die wetgewende gesag se handelinge beskik nie. Sien ook Wiechers *Staatsreg* 51.

953 Du Plessis en Louw 2005 *CJCCJ* 437; Minnaar 2010 *Acta Criminologica* 189; Motala 1996 *Third World Legal Studies* 191.

954 *Interim Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 200 van 1993.

955 *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 van 1995.

956 Steinberg *Crime Wave* 15.Klug 2000 *Law and Social Inquiry* 663.

957 Olivier 1995 *SACJ* 317; Minnaar 2010 *Acta Criminologica* 195.

958 Mokotedi *Measurement of Police Cynicism* 53; Manzi *The Role and Image of the Police in a Post-Apartheid Era* 172.

959 Artz en De Oliveira 1997 *South African Human Rights Yearbook* 182; Minnaar 2010 *Acta Criminologica* 193.

960 Maguire 1997 *Police Journal* 11; Du Plessis en Louw 2005 *CJCCJ* 433; Fine 1989 *Acta Juridica* 84.

961 Burger *White Male Police Officers serving in the SAPS* 38. Van der Spuy 1989 *Acta Juridica* 288.

Die staatsgesentreerde benadering en militêre karakter van polisiëring was egter nou verbonde en interafhanklik. Wysiging van die een het uiteraard die ander aspekte beïnvloed. Dit is veral duidelik met betrekking tot die demilitarisering van die polisie in Suid-Afrika. Dit het 'n sogenaamde sub-kultuur van polisiëring uitgemaak en het dus 'n organisatoriese ideologie daargestel in die polisie.[962] So ook het die polities gedrewe ideologie in die polisie verreikende gevolge gehad met betrekking tot die militarisering van die polisie, sowel as die strukturele samestelling daarvan. Die transformasieproses het 'n totale skuif in ideologie vereis, waarvan die naamsverandering 'n enkele aspek uitgemaak het.[963]

Die eerste stap in die demilitariseringsproses was sekerlik die wysiging van die naam van die polisie.[964] Artikel 214 van die Interim Grondwet[965] het bepaal dat die Suid-Afrikaanse Polisie toekomstig die Suid-Afrikaanse Polisiediens sou heet.[966] Dit het die skuif gemaak vanaf 'n polisiemag na 'n polisiediens ten einde die militaristiese aanslag van die polisie te vervang. Dit het uiteraard ook nou verband gehou met die afstanddoening van 'n militêre dissipline en rangstruktuur,[967] militêre taktieke, die gebruik van militêre wapens en die aanneming van die minimumgeweld beginsel.[968] Vanweë die indrukwekkende verandering wat hierdie skuif in beleid sou meebring, was dit gevolglik ook nodig om die mandaat van die polisie duidelik uit te spel ten einde die onregmatige aanwending van die polisie, soos in die verlede, te voorkom.[969]

---

962 De Vries 2008 *Acta Criminologica* 125.

963 Shaw *Crime and Policing in Post-Apartheid South Africa* 27.

964 Olivier 1995 *SACJ* 317; Burger *White Male Police Officers serving in the SAPS* 40.

965 Artikel 214 van die *Interim Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 200 van 1993.

966 De Vos 1995 *South African Human Rights Yearbook* 194.

967 Maguire 1997 *Police Journal* 12.

968 Burger *Crime and Policing* 62.

969 Sien in hierdie verband artikel 215 van die *Interim Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 200 van 1993; artikel 205(3) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996; artikel 13 van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 van 1995.

Die rangstruktuur is gewysig om ’n siviele diens te weerspieël. Dit moes toeganklikheid teenoor die gemeenskap bewerkstellig en die negatiewe stigma van outoritêre mag vervang. Vir hierdie doeleindes is die Britse rangstruktuur, wat gedurende die 1980’s met groot sukses die transformasie van die Britse polisie verseker het,[970] geïnkorporeer in die SAPD, gepaardgaande met die aanvaarding van ’n nuwe embleem. Die gesagstruktuur is ook gewysig om die polisie se siviele aard te weerspieël, terwyl die uniform basies onveranderd gebly het.[971] Burgerlike en politieke toesig het verseker dat die gemeenskap op verskeie maniere verteenwoordiging ontvang saam met die versekering dat die polisie nie weer, soos in die vorige bedeling, ’n geslote militêre mag sou uitmaak nie.[972]

Op organisatoriese vlak het die demilitarisering van die polisie verskeie pertinente aspekte beklemtoon. Die gevreesde voormalige Interne Stabiliteitseenhede[973] en Betogingbeheereenhede[974] is omvorm in ’n nasionale Openbare Orde Polisie-eenheid,[975] met ’n gesentraliseerde gesagstruktuur en ’n nuwe benadering ten einde te voldoen aan demokratiese waardes.[976] Daar is ook weggedoen met reaksiemag-styl

---

970 Mokotedi *Measurement of Police Cynicism* 94.

971 Burger *White Male Police Officers serving in the SAPS* 40. Van Graan *Obstacles Impeding the Transformation Process in the South African Police Force* 53. Die SAPD het ’n uniform soortgelyk aan dié van die SAP aangewend en enkele byvoegings gemaak. Die woord “Police” is op die linker hempsak van die uniform aangebring en die naam van die betrokke beampte om die regterkant van die hempsak. Uiteraard het hierdie uniform ’n groot verandering vir die lede van die voormalige tuislandpolisiemagte daargestel. Dit is egter noemenswaardig dat die styl van die uniform steeds militaristies is. Dit behels steeds ’n weermagontwerp en die aanwending van weermagstewels, wat gepaard gaan met militêre dragreëls.

972 Sien die hieropvolgende bespreking in afdeling 3.4 van hierdie proefskrif.

973 Motala 1996 *Third World Legal Studies* 193.

974 Mokotedi *Measurement of Police Cynicism* 63. Die betogingsbeheereenhede, beter bekend as die *Riot Control Units* het deel uitgemaak van die tuislande se polisiemagte. Hierdie eenhede het nou saamgewerk saam met die sogenaamde selfbeskermingseenhede van die tuislande en het bekendheid verwerf deur die hardhandige en brutale wyse waarop hul betogings onderdruk het.

975 *Wet op Reëling van Byeenkomste* 205 van 1993.

976 Van der Spuy 2008 *Journal for Contemporary History* 39. Sien ook artikel 218(1)(k) van die *Interim Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 200 van 1993; Artikel 17 van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 van 1995.

eenhede wat geïnkorporeer is by ander afdelings.[977] Die berugte Veiligheidstak, of Veiligheidspolisie, is ontbind en die lede is verdeel onder nuutgevormde of bestaande speurafdelings.[978] Hierdie was 'n verdere poging om die militêre en intelligensiegedrewe polisiestrategie van die voormalige Apartheidsbedeling te vervang met 'n siviele polisie.

As teenvoeter vir 'n onderdrukkende, burokratiese en militaristiese stelsel is die ideologie van dienslewering deur middel van gemeenskapspolisiëring aanvaar.[979] Die SAPD het grootskaalse projekte geloods ten einde gemeenskapspolisiëring te vestig. Betrokkenheid by gemeenskapspolisiëringsforums is ingesluit by die pligte van die SAPD en munisipale polisiedienste.[980] Die doel was om sigbare polisiëring daar te stel,[981] met die samewerking en insae van die gemeenskap, terwyl dit ook deursigtigheid en verantwoordbaarheid op grondvlak verseker.[982] Dit het gepoog om die onaantasbare en verwyderde aard van militaristiese polisiëring te vervang met 'n toeganklike en diensgerigte benadering wat op gemeenskapsbetrokkenheid gebou is.[983] As deel van hierdie nuwe

---

977 Die begrip "reaksiemag" is oorspronklik toegeskryf aan die voormalige betogingsbeheereenheid (BBE), wat gedurende die laat 1990's omvorm is na die reaksiemag (SAP RM). Na verskeie hoë profiel insidente is die eenheid weereens hernoem na Binnelandse Stabiliseringseenheid (BSE). Na die naamsverandering het verskeie ander eenhede, soos die kommandostelsel, die watervleuel en lugvleuel, en provinsiale kantore reaksiemagte op die been gebring om spesifieke kwessies van 'n ernstige aard te hanteer. Sien in hierdie verband Omar 2007 *ISS Monographs* 5.

978 Shaw *Crime and Policing in Post-Apartheid South Africa* 26; Booysen *Specialised Units in the SAPS* 31; Prinsloo en Bradshaw 2010 *Acta Criminologica* 84.

979 Van Graan *Obstacles Impeding the Transformation Process in the South African Police Force* 16; Masiapata *Ethics and Ethos in the SAPS*2: "*... since 1994, the SAPS adopted community policing strategies which aim to enhance the accountability of individual police officers to members of the public and improve co-operation among them"*.

980 Aanhef en Hoofstuk 7 van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 van 1995; artikel 206(3)(c) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996; artikel 219(1)(b) an die *Interim Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 200 van 1993. Sien ook regulasie 6 van die GK R710 in GG 20141 van 11 Junie 1999.

981 De Vos 1995 *South African Human Rights Yearbook* 195.

982 Artz en De Oliveira 1997 *South African Human Rights Yearbook* 190.

983 Masiapata *Ethics and Ethos in the SAPS* 108.

benadering, is die tradisionele reaktiewe polisiëring met proaktiewe polisiëring deur middel van misdaadvoorkoming vervang.[984]

Die mandaat van die nuwe polisiediens was egter baie breër as bloot 'n siviele diens en gemeenskapspolisiëring. Dit het 'n vernuwende denkwyse vereis wat die polisie objektief, apolities en diensgerig sou laat funksioneer.[985] Die Interim Grondwet, die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* en die Grondwet het elkeen 'n bydrae in hierdie verband gelewer. Die toevoeging van die Handves van Regte[986] tot die Suid-Afrikaanse reg en die grondwetlike verskansing daarvan het 'n waardegedrewendheid daargestel waaraan die polisie intern[987] en ekstern[988] gemeet kon word.[989]

---

984 Du Plessis en Louw 2005 *CJCCJ* 430. Sien ook die doelstellings van die SAPD soos vervat in artikel 205(3) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

985 Artikel 46(1) van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 van 1995:
"(1) Geen lid –
(a) betoon of betuig openlik ondersteuning vir of assosieer homself of haarself met 'n politieke party, organisasie, beweging of liggaam nie;
(b) beklee enige pos of amp in 'n politieke party, organisasie, beweging of liggaam nie;
(c) dra enige kenteken of identifikasiemerk ten opsigte van enige politieke party, organisasie, beweging of liggaam nie; of
(d) bevorder of benadeel op enige ander wyse partypolitieke belange nie".
Sien ook Weitzer 1993 *Police Studies* 1; Masiapata *Ethics and Ethos in the SAPS* 109.

986 Hoofstuk 2 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

987 Artikel 13(1) van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 van 1995 bepaal dat die respektering van die Grondwet en fundamentele regte elke lid se verpligting is en die uitoefening van polisiebevoegdhede met inagneming daarvan moet geskied. Hoofstuk 10 van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 van 1995 maak ook voorsiening vir 'n onafhanklike klagtesdirektoraat ten einde die werksaamhede van die SAPD te evalueer.

988 Dixon 2000 *SACJ* 77; Masiapata *Ethics and Ethos in the SAPS* 101. Eksterne evaluasie van die polisie en die polisie-optrede kan op verskeie wyses plaasvind. Die Grondwet maak voorsiening vir staatsinstellings ter ondersteuning van grondwetlike demokrasie. Gevolglik is hierdie instansies, met 'n grondwetlike mandaat, goed geposisioneer om objektiewe en onpartydige evaluasie van die SAPD, sy lede en funksionering te verseker. Die Openbare Beskermer en die Menseregtekommissie is spesifiek relevant hiertoe. Sien Hoofstuk 9 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996. Uiteraard maak die onafhanklikheid van die howe ook 'n forum uit waar die polisie verantwoordbaar gestel kan word. Sien artikel 165 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996. Die publiek se rol in evaluasie en verantwoordbaarstelling, onder 'n demokratiese bestel, moet ook nie oorgesien word nie. Sien artikels 1(d) en 199(8) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996 in hierdie verband.

'n Grondwetlike mandaat het ook die omvang van die polisie se verpligtinge neergelê en gevolglik die fondasie van alle polisiefunksies uitgemaak.[990] Dit het verder bygedra om die polisie se rol duidelik van dié van die weermag te onderskei.[991] Die fokus van die grondwetlike bestel op deursigtigheid, verantwoordbaarheid en responsiwiteit[992] het verder verseker dat die polisiediens nie voortaan slegs aan die staat verantwoording sou doen nie, maar ook aan die gemeenskap.[993] Die onaantasbare staatsgerigte veiligheidsmagte van die verlede moes dus 'n ommeswaai maak om as dienaars van die gemeenskap op te tree terwyl dit die nuwe grondwetlike demokrasie beskerm, bevorder en realiseer.[994]

3.3.2.2 Transformasie problematiek

Die herstrukturering van elf polisiemagte,[995] die demilitarisering van 'n goedgevestigde mag en die saambring van uiteenlopende ideologieë was uiteraard nie 'n eenvoudige taak nie.[996] Die problematiek in die transformasie van die polisie was meervoudig en het interne en eksterne faktore behels. Op interne vlak het dit eerstens vereis dat 'n verskeidenheid van polisiemagte en voormalige politieke vryheidsmagte, wat almal militaristies gebaseerd was, 'n siviele aard moes aanneem.[997] Die verskillende magte, met teenstrydige polisiëringsbeskouings, moes ook geheroriënteer word om 'n gemeenskaplike doel van 'n demokratiese samelewing na te streef, terwyl 'n sisteem van verantwoordbare polisiëring gevestig moes word.[998]

---

989 Dixon 2000 *SACJ* 77.
990 Artikel 205(3) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.
991 Artikels 199 en 200(2) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.
992 Artikel 1(d) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.
993 Motala 1996 *Third World Legal Studies* 191; Mokotedi *Measurement of Police Cynicism* 61; De Vries 2008 *Acta Criminologica* 129.
994 Du Plessis en Louw 2005 *CJCCJ* 428.
995 Moran 1997 *Third World Legal Studies* 169.
996 Van Graan *Obstacles Impeding the Transformation Process in the South African Police Force* 179.
997 Maguire 1997 *Police Journal* 17.
998 Marks, Shearing en Wood 2009 *Police Practice and Research* 146.

Hiermee saam moes die lede afstand doen van die beskouing dat die gemeenskap die spreekwoordelike vyand is en hulle eerder aanvaar as die kliënt.[999]

Op eksterne vlak was die realiteit egter dat die Suid-Afrikaanse samelewing en die samelewing se persepsie van die polisie nie so 'n drastiese verandering sou ondergaan as die polisie op interne vlak nie.[1000] Die SAPD is grootliks beskou as 'n voortsetting van die voormalige SAP, wat net geklee is in 'n nuwe uniform, rang en embleem.[1001] Soortgelyk het die gemeenskap en die sosiale knelpunte nie oornag verander nie. Hoë vlakke van misdaad en geweld, met insluiting van politieke geweld, het voortgeduur.[1002] Die dinamika van die Suid-Afrikaanse pluralistiese samelewing het geen tekens van verandering getoon nie en misdaadstatistiek het die hoogtes ingeskiet. Die SAPD is getaak daarmee om dieselfde probleme met 'n nuwe aanslag te beveg.[1003] Dit het egter gelei tot 'n terugval op tradisionele polisiëringswyses wat geredelik tot 'n herhaling van apartheidsvergrype, menigte sterftes van polisielede en 'n verswakte gemeenskapspersepsie van die polisie gelei het.[1004]

Die stand van misdaad is voor die deur van transformasie gelê.[1005] Die demokratiese bestel en die fokus op fundamentele regte is blameer vir die toename in misdaad,[1006] terwyl die afskaffing van die militêre benadering blameer is vir die tekort aan sukses aan die kant van die polisie.[1007] Die toename in polisiesterftes is op interne vlak geblameer op

---

999 Manzi *The Role and Image of the Police in a Post-Apartheid Era* 1; Das 1995 *Policing International Journal* 616. Die problematiek was egter nie slegs beperk tot die polisie-gemeenskap verhouding nie. Dit het ook op interne vlak wrywing veroorsaak deurdat voormalige vyande nou saam 'n nuwe polisiediens moes beman.

1000 Burger *White Male Police Officers serving in the SAPS* 38.

1001 Shaw *Crime and Policing in Post-Apartheid South Africa* 29.

1002 Berg en Scharf 2004 *SACJ* 57.

1003 Burger *Crime and Policing* 101.

1004 Du Plessis en Louw 2005 *CJCCJ* 438; Minnaar 2010 *Acta Criminologica* 198.

1005 Weitzer 1993 *Police Studies* 9.

1006 Burger *White Male Police Officers serving in the SAPS* 47.

1007 Minnaar 2003 *Acta Criminologica* 14.

die diensgerigtheid wat met die nuwe polisiebenadering gepaardgegaan het.[1008] Die polisie se misdaadwaarnemingskapasiteit het verder problematies vertoon. Die gemeenskap het steeds die polisie met agterdog bejeën terwyl polisielede steeds hul voete probeer vind het buite die voormalige koverte intelligensiebenadering.[1009] Onsekerheid het dus by polisielede geheers aangaande die hoeveelheid mag, indien enige, wat aangewend kon word in die uitvoer van polisiëringspligte. Dit kan aangevoer word dat 'n vrees onder polisielede geheers het aangaande hulle pligte, hulle beperkinge en hulle rol in die samelewing.[1010]

Oorkoepelend het die polisie dus die opleiding en heropleiding van polisielede in die gesig gestaar om sodoende al die voormalige polisiemagte te standaardiseer en die ideologie van die nuutgevonde SAPD gemeenskapsgerig te maak.[1011] Dit is egter iets waarby die lede individueel nie noodwendig ingekoop het nie, wat gelei het tot 'n menigte lede wat die polisiediens verlaat het. Dit kan dus gemeen word dat alhoewel die transformasieproses in lyn met die suiwer interpretasie van tradisionele polisiëring was, dit steeds veel te wense gelaat het. Suid-Afrika het gevolglik gepoog om die mees basiese vorm van 'n polisiediens[1012] aan die hand van internasionale beginsels[1013] daar te stel,

---

1008 Minnaar 2010 *Acta Criminologica* 190. Minnaar verduidelik dat die gemeenskappe steeds nie die diensgerigte polisiëring toegelaat het nie, en dat polisielede genoodsaak is om 'n reaktiewe wyse van polisiëring aan te neem ten einde nie konfrontasie met die publiek uit te lok nie.

1009 Artz en De Oliveira 1997 *South African Human Rights Yearbook* 184; Weitzer 1993 *Police* 7; Burger *White Male Police Officers serving in the SAPS* 121.

1010 Van Graan *Obstacles Impeding the Transformation Process in the South African Police Force* 43: *"To back up his statement, the Commissioner cited SAPS research that suggested that in 60 percent of police killings the police member did not offer any resistance. Members might not be drawing their weapons in time under circumstances that merit the use of deadly force; therefore, delays in reaction time caused by the confusion, and the lack of training, might pose a serious risk to lives".*

1011 Van Graan *Obstacles Impeding the Transformation Process in the South African Police Force* 88.

1012 Marks, Shearing en Wood 2009 *Police Practice and Research* 147.Die SAPD het egter hierin misluk deurdat selfs die mees basiese vereistes van polisiëring nie nagekom word nie. Sien ook Hoofstuk 2 van hierdie proefskrif.

1013 Das 1995 *Policing International Journal* 610. Volgens Das behels internasionale beginsels van polisiëring in 'n demokratiese bestel: " *rule of law,*

terwyl die res van die wêreld reeds die tydperk van wetenskaplik- en tegnologiesgedrewe polisiëring binnegegaan het.[1014] Die transformasieproses het dus 'n nuwe, maar ongespesialiseerde polisiediens geskep om die een-en-twintigste-eeu binne te gaan.[1015]

3.3.2.3 Die aard van polisiëring in Suid-Afrika na afloop van die transformasieproses

Die amptelike proses van transformasie van die polisie in Suid-Afrika word grootliks bestempel as suksesvol afgehandel.[1016] Aan die hand van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens*[1017] is gemeenskapspolisiëring omvattend geïmplementeer,[1018] demilitarisering is voltooi, terwyl die skuif in ideologie gepropageer word as grondwetlik en demokraties.[1019] Tog bied die huidige Suid-Afrikaanse polisiesisteem verskeie voorbeelde van wat eenvoudig bestempel kan word as oorblyfsels, of selfs herverskynsels van die voormalige polisiëringsbestel.[1020]

Dit word geredelik aangevoer dat die SAPD, sowel as munisipale polisiedienste, nie hoog aangeskryf word onder die Suid-Afrikaanse bevolking nie.[1021] In die algemeen word dit as 'n korrupte afdeling van die

---

accountability to the public, transparency of decision making, popular participation in policing, minimum use of force, creating an organization that facilitates learning of civil and human rights, and internal democracy in the organization".

1014 Booysen *Specialised Units in the SAPS* 145. Wetenskaplike en tegnologiesgedrewe polisiëring behels nie slegs forensiese wetenskap nie. Die aanwending van kriminologiese en sosiologiese wetenskap verseker dat misdaadtendense geïdentifiseer kan word, ten einde misdaad te voorkom. Tegnologie maak 'n belangrike deel hiervan uit, vanweë die feit dat kriminaliteit ook meer en meer tegnologies gevorderd raak.

1015 Jagwanth 1994 *SACJ*166.

1016 Die amptelike transformasie proses het plaasgevind tussen 1991 en 1997. Dit wil egter voorkom asof dit intussen ontaard het in 'n nimmereindigende transformasie wat gekenmerk word deur 'n "*trial and error*" prinsiep.

1017 *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 van 1995.

1018 Woolman *et al Constitutional Law of South Africa* 23B-41.Sien ook Hoofstuk 7 van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 van 1995.

1019 Aanhef van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 van 1995.

1020 Marks, Shearing en Wood 2009 *Police Practice and Research* 145.

1021 Mattes 2006 *SA Crime Quarterly* 9; Louw 2006 *SA Crime Quarterly* 7.

staat beskou, wat steeds oor 'n mate van onaantasbaarheid beskik.[1022] Alhoewel die Suid-Afrikaanse reg groot vooruitgang getoon het in die verantwoordbaarstelling van die polisie en die neerlegging van die polisie se grondwetlike doel, bestaan daar ander aspekte wat onveranderd blyk of selfs agteruitgang toon.[1023]

Die oormatige en soms onregmatige gebruik van geweld is steeds 'n kommerwekkende kwessie.[1024] Die eerste dekade na transformasie weerspieël in 'n groot mate steeds die militaristiese aanslag met betrekking tot die gebruik van geweld soos tydens apartheidspolisiëring.[1025] Artikel 49(2) van die *Strafproseswet*[1026] blyk opsigself problematies vanweë verskeie wysigings wat nie uitsluitsel gee ten aansien van die riglyne vir regmatige gebruik van geweld nie.[1027] Dit is noemenswaardig dat artikel 49 tans, vir die derde maal sedert demokratisering, in die proses van wysiging is en ironies genoeg op die dag van die Marikana-slagting[1028] aanvaar is in die Nasionale Vergadering.[1029] Dit behels egter weereens 'n uitbreiding van bevoegdhede in die gebruik van geweld tydens arrestasie, eerder as 'n inperking daarvan.

1022 Faull 2007 *ISS Paper* 2; Benson 2008 *Acta Criminologica* 68; Faull 2008 *ISS Paper* 1.

1023 Steyn en De Vries 2007 *Acta Criminologica* 2; Maguire 1997 *Police Journal* 17; Das 1995 *Policing International Journal* 612.

1024 Minnaar en Mistry 2006 *Acta Criminologica* 30; Du Plessis 2004 *Acta Criminologica* 2.

1025 Lambrechts en Prinsloo 2002 *Acta Criminologica* 132.

1026 Artikel 49(2) van die *Strafproseswet* 51 van 1977.

1027 Artikel 49 soos dit tans in die *Strafproseswet* 51 van 1977 verskyn, is egter 'n wysiging aan die hand van die *Tweede Wysigingswet op Geregtelike Aangeleenthede* 122 van 1998. In teenstelling met sy voorganger, is hierdie gewysigde artikel nog nie in sy geheel aan grondwetlike toetse onderwerp nie. Uitspraak ten aansien van die voormalige artikel 49, is in 2003 deur die Konstitusionele Hof gelewer in *Ex parte Minister of Safety and Security and Others: In re S v Walters and Another* 2002 4 SA 613 (KH), enkele maande voordat die gewysigde artikel 49 in werking getree het. Die gewysigde artikel 49 het nie die beginsels, soos neergelê in die Walters-gewysde weerspieël nie, en het inderwaarheid die bevoegdheid om geweld te gebruik tydens 'n arrestasie uitgebrei, in plaas van ingeperk. Sien ook Bruce 2011 *SA Crime Quarterly* 5.

1028 16 Augustus 2012.

1029 *Strafproseswysigingswet* 9 van 2012. Sien ook Botha en Visser 2012 *PER* 363.

Die beroep deur politici en bestuur van die polisie om “eers te skiet en dan vrae te vra” lê ’n ideologiese probleem bloot wat van ondemokratiese waardes spreek.[1030] Taalgebruik soos die “oorlog teen misdaad”[1031] word gebruik om die siviele aktiwiteite van die polisie te beskryf, wat nie slegs ’n militaristiese ondertoon daaraan toeskryf nie, maar ook tot aanstigting van gewelddadige polisie-optrede kan lei. Hierdie problematiek is egter nie tot die staat en polisie beperk nie maar word ook weerspieël in ’n gewelddadige gemeenskapsbeskouing waarin insidente soos die dood van Andries Tatane[1032] en die Marikana Lonmin mynslagting[1033] uiteenlopende gemeenskapsopvattings ontlok.

Polisie-uniform en rangstelsel toon soortgelyke onsekerheid in Suid-Afrika. In 2010 is ’n drastiese stap terug na militarisme geneem met die herinstelling van die militêre rangstruktuur in die SAPD[1034] aan die hand van Regulasie 8 van die *Wysiging van die Regulasies van die Suid-Afrikaanse Polisiediens*.[1035] Die argument is gehuldig dat dit daarop gemik is om die opeenhoping in die polisiestrukture te verlig, terwyl dit ook dissipline sou meebring.[1036] By implikasie is dus aangevoer dat militêre-styl dissipline die militêre range sou vergesel. Die uniform, wat onveranderd gebly het tydens transformasie en militaristies van aard was, sou dus nou weer saam met ’n militêre rangstruktuur en militêre dissipline aangewend word om ’n siviele diens daar te stel.[1037] Dit blyk

---

1030 Mashele 2008 *Acta Criminologica* 11. Sien ook Mshabane *Citizen* 6; Hartley *Weekend Post* 6; Goldstone *Saturday Star* 1; Padayachee *The Star* 19; Mhlongo *Daily News* 1. Die ideologiese probleem wat hieruit voortspruit is dat die politieke en burgerlike toesig oor die polisie nou deel uitmaak van die terugbeweging na militaristiese en maksimum-geweld optrede. Hierdie probleem is kort na die transformasie op alle vlakke van die polisie beveg, maar maak nou ’n terugkeer tot op hoogste vlakke van die polisie in Suid-Afrika.

1031 Das 1995 *Policing International Journal* 623; Berning en Masiloane 2011 *Acta Criminologica* 60; Booysen *Specialised Units in the SAPS* 32.

1032 Mahabane *Business Day* 1.

1033 James *Rapport* 3; Van der Westhuizen *Star* 10; Van Schie *Star* 5.

1034 Berning en Masiloane 2011 *Acta Criminologica* 60. Sien ook Anon *Annual Report 2010/2011 on the South African Police Service* 200.

1035 Regulasie 8 van GK R254 in GG 33068 van 1 April 2010.

1036 Hawker *The Sunday Independent* 1.

1037 Die gebruik van militêre range en dissipline is nie uniek tot Suid-Afrika nie en kan geredelik waargeneem word in Europese polisiemagte. Dit moet dus nie

onwaarskynlik dat die diensgerigte en siviele ideologie wat polisiëring nastreef, nie ook beïnvloed sal word deur die her-militarisering nie.[1038]

In teenstelling hiermee het die munisipale polisiedienste baie moeite gedoen om hulle nie slegs van die SAPD te onderskei nie,[1039] maar heeltemal weg te beweeg van militêre-styl uniforms. Die Amerikaanse uniformstyl van 'n groot embleem, met 'n siviele uniform en minimale verwysing na range is aangeneem ten einde 'n nie-militaristiese aanslag te bevorder.

Wat wel uit die transformasieproses voortgespruit het, is die pertinente onderskeid wat in die grondwetlike bedeling tussen die weermag en polisie-instansies gehandhaaf word, soos neergelê deur artikel 199 van die Grondwet.[1040] Die demokratiese bestel toon minimale interafhanklike aanwending van die polisie en weermag en beperk samewerking tot situasies wat veiligheid behels en nie polisiëring nie. Alhoewel die gemeenskap en politici dikwels 'n beroep doen op die staat om die weermag in misdaadgeteisterde gebiede, soos die landswye xenofobiese geweld,[1041] die bendegeweld in die Wes-Kaap,[1042] wildstropery[1043] en die Lonmin mynstakings, te ontplooi, het die Suid-Afrikaanse regering tot dusver die skeiding tussen polisiëring en militêre optrede gehoorsaam.

---

alleenlik aangevoer word as 'n vorm van her-militarisering nie, alhoewel die ideologie wat hiermee gepaardgaan tog kommerwekkend is. Sien in hierdie verband Gobinet 2008 *International Journal for Police Science and Management* 448; Recasens 1999 *European Journal of Crime, Criminal Law and Criminal Justice* 401; Bowden 1978 *British Journal on Law and Society* 85. Die outers lei geredelik die gebruik van paramilitêre polisiëring terug na die belang wat die *Gendarmerie Nationale* gespeel het in die ontwikkeling van kontemporêre polisiemagte.

1038 Kingshott en Prinsloo 2004 *Acta Criminologica* 7. In hierdie artikel meen die skrywers dat die rang en uniform van 'n polisiebeampte 'n sterk bydrae lewer in die wyse waarop hy polisieer. Dit dra by tot die seining dat die kultuur, wat in die polisiediens heers, onafskeidbaar is van die etos wat geopenbaar word. Sien ook Marks, Shearing en Wood 2009 *Police Practice and Research* 147.

1039 Shaw 1997 *ISS Monograph* 10.

1040 Artikel 199 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

1041 In 2008 het 'n vlaag van xenofobiese geweld deur die land gevaar waarin nie-burgers in informele nedersettings aangeval is vanweë hulle afkoms.

1042 Williams *The Times* 5.

1043 Phillips *Farmers Weekly* 17.

Die uitsondering op hierdie skeiding is egter die beveiliging van die Suid-Afrikaanse grens. Alhoewel die grense ook gedemilitariseer is tydens die transformasieproses,[1044] het die staat gedurende 2011 besluit om hierdie verpligting terug te skuif na die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag (SANW) vanweë die weermag se plig om die soewereiniteit van die Suid-Afrikaanse territorium te beskerm.[1045] Die aanwending van die SANW is aan die hand van die *Ministerial Employment Notice* 1 of 2010[1046] gemagtig in terme van artikel 18(1)(d) van die *Defence Act.*[1047] Dit moet egter opgemerk word dat polisiëring van grense en die verdediging daarvan in benadering en doel verskil en dat die mislukking van die SAPD in suksesvolle vervulling van grenspolisiëring toegeskryf kan word aan 'n tekort aan opleiding, spesialiskennis en tegnologie.[1048] Die aanwending van die SANW in die uitvoer van hierdie taak oorskry die skeiding tussen polisiëring en verdediging en ondermyn die diensgerigte polisiëringsbenadering.[1049]

3.3.2.4 Privaatpolisiëring

Die wantroue in die publieke of staatsveiligheidsmagte het daartoe gelei dat die privaatsekuriteitbedryf 'n toenemende rol in die lewering van veiligheid en sekuriteit begin speel het.[1050] Aanvanklik is die privaatsektor se deelname in misdaadvoorkoming deur die staat verwelkom en selfs

---

1044 Du Plessis en Louw 2005 *CJCCJ* 442. Sien ook Geldenhuys *Servamus* 16.

1045 Artikel 18 van die *Defence Act* 42 of 2002.

1046 *Ministerial Employment Notice* no 1 of 2010.

1047 Artikel 18(1)(d) van die *Defence Act* 42 of 2002.

(1) In addition to the employment of the Defence Force by the President as contemplated in section 201(2) of the Constitution, the President or the Minister may authorise the employment of the Defence Force for service inside the Republic or in international waters, in order to –

(d) effect national border control.

1048 Die verdediging van grense behels militêre optrede ingevolge waarvan enige mate van geweld aangewend mag word om die integriteit van die Suid-Afrikaanse grondgebied te beskerm, wat met militêre operasies en taktieke gepaard mag gaan. Polisiëring vereis die gebruik van die minimum-geweld prinsiep en die nastrewing van polisiëringtaktieke, die aankeer van verdagtes, die ondersoek van misdade en oortredings en die voorkoming van verdere misdrywe.

1049 Sien afdeling 3.3.1 van hierdie proefskrif.

1050 Minnaar *et al* 2004 *ISS Monographs* 39; Potgieter, Ras en Neser 2008 *Acta Criminologica* 33.

aangemoedig deur die insluiting van privaat sekuriteitsdiensverskaffers as deel van gemeenskapspolisiëringsforums en sogenaamde vennootskappe in die stryd teen misdaad.[1051] Sedertdien het die werkswyse en ongereguleerde aard van die privaatsekuriteitbedryf kommer begin wek. ’n Sisteem van privaatpolisiëring het begin posvat en daartoe gelei dat gemeenskappe die rol van publieke polisiëringsinstansies, soos die SAPD en munisipale polisiedienste, aan privaat rolspelers begin opdra het.[1052]

Die privaatpolisiëringsbenadering verskil grootliks van die tradisionele sekuriteitsbedryf. In die laasgenoemde benadering is die privaatsekuriteit gebaseer op ’n kontraktuele verhouding tussen die diensverskaffer en die kliënt.[1053] Dit is beperk tot die beskerming van eiendom en was meestal gemik op die voorkoming van diefstal, huisbraak en vandalisme.[1054] Die privaatpolisiëringsbenadering het egter ’n soortgelyke funksie as die van publieke polisiëringsinstansies ingeneem. Alhoewel die konvensionele kontraktuele benadering ook steeds aangewend is, het gemeenskappe geredelik gebruik gemaak van hierdie konsep om beide proaktiewe en reaktiewe veiligheidsmaatreëls daar te stel wat nie slegs gemik is op die beskerming van eiendom nie.[1055] Privaatdiensverskaffers het hullself so geposisioneer om gespesialiseerde diens te verskaf ten einde die klaarblyklike leemtes wat deur polisiëringsinstansies geskep is, te vul.[1056]

Die gevolg hiervan is dat staatspolisiëringsinstansies nie meer die primêre bestryder van misdaad is nie, en dat privaat rolspelers ’n polisiëringsrol vervul waarvoor hul nie noodwendig voldoende opgelei of

---

1051 Marias 2003 *Acta Criminologica* 146; Schönteich *Unshackling the crime fighters* 9; Minnaar 1999 *African Security Review* 3.
1052 Minnaar en Ngoveni 2004 *Acta Criminologica* 42; Spies *The Herald* 4.
1053 Pillay 2001 *Acta Criminologica* 69.
1054 Potgieter, Ras en Neser 2008 *Acta Criminologica* 33.
1055 Pillay 2001 *Acta Criminologica* 69.
1056 Goodenough 2007 *SA Crime Quarterly* 8.

gemagtig is nie.[1057] Alhoewel 'n regulatoriese liggaam in die vorm van die Private Security Industry Regulating Authority (PSIRA),[1058] aan die hand van die *Private Security Industry Regulating Authority Act*[1059] daargestel is om hierdie industrie te reguleer en te standaardiseer, maak geen wetgewing voorsiening vir uitgebreide bevoegdhede vir privaatsekuriteitsbeamptes nie.[1060] Die *Strafproseswet* tref geen onderskeid tussen arrestasies deur privaat individue en deur privaat sekuriteitsbeamptes nie,[1061] en skryf ook geen bevoegdhede toe aan sekuriteitsbeamptes rakende visentering of betreding van persele nie. Die juridiese en jurisdiksionele kwessies[1062] wat gevolglik hieruit voortgespruit dui daarop dat die privaatsekuriteitsbedryf se bereidwilligheid ernstig ondermyn is deur die tekort aan bevoegdhede om op 'n regmatige wyse 'n polisiëringsfunksie te verrig.[1063] Dit het verder getoon dat privaat sekuriteitsbeamptes slegs werksaam kon wees binne die persele wat deur 'n kontraktuele verhouding aan hul toevertrou is.

Wanneer privaatpolisiëring teen die tradisionele beginsels van polisiëring, soos bespreek in hoofstuk 2,[1064] opgeweeg word, is dit

---

1057 Potgieter, Ras en Neser 2008 *Acta Criminologica* 39.

1058 Visser 2005 *TSAR* 587.

1059 *Private Security Industry Regulating Authority Act* 56 van 2001.

1060 Berg 2008 *Acta Criminologica* 88.

1061 Artikel 42(2) van die *Strafproseswet* 51 van 1977.

1062 Die juridiese en jurisdiksionele kwessies verwys hoofsaaklik na strafprosesregtelike problematiek. Die werksaamhede van privaat-instansies val binne die privaatregtelike sfeer en behels gevolglik 'n kontraktuele verbintenis tussen twee partye. Die brieër gemeenskap kan nie hierby ingesluit, of daaraan onderwerp word nie, en aangesien misdaad nie tot 'n enkele perseel of verhouding beperk is nie, blyk so 'n verhouding gevolglik oneffektief. Dit bring mee dat privaatdiensverskaffers geredelik daarmee gekonfronteer word om buite hul kontraktuele verpligtinge op te tree, deur byvoorbeeld die betreding van 'n derdeparty se perseel of uitvoering van pligte in publieke areas, wat nie onder die kontraktuele verpligting gedek word nie. Sodra hierdie voorbeelde realiseer tree 'n privaatdiensverskaffer toe tot privaat-polisiëring en weg van blote privaat-sekuriteit. Waar afgebakende *"boom-gate"* gemeenskappe kollektief gebruik maak van privaatsekuriteit te beskerming van die area, verval die area se publieke aard ook nie en kan gemeenskaplike areas, soos paaie en parke nie onderhewig gestel word aan 'n privaatregtelike kontraktuele verhouding met privaatsekuriteit nie. Terselfdertyd ontneem dit ook nie die verpligtinge van publieke polisiëringsinstansies nie. Sien in hierdie verband Dixon 2000 *SACJ* 79; Murphy 1998 *CJLS* 15; Masiloane 2007 *SACJ* 335.

1063 Potgieter, Ras en Neser 2008 *Acta Criminologica* 39.

1064 Sien hoofstuk 2 van hierdie proefskrif.

ondenkbaar dat privaat sekuriteitsdiensverskaffers tot die begrip van polisiëring toegevoeg kan word. Polisiëring is tradisioneel 'n staatsfunksie, wat deur grondwetlike verskansing in die Suid-Afrikaanse reg bevestig is.[1065] Dit is onwenslik om polisiebevoegdhede aan privaatrolspelers toe te skryf en is in die lig van die bepalings van artikels 199[1066] en 205[1067] van die Grondwet, ook ondenkbaar.

Dit is egter nie 'n unieke verskynsel tot Suid-Afrika nie. Meeste Europese lande, spesifiek Duitsland[1068] en Brittanje,[1069] sowel as die Verenigde State van Amerika,[1070] Kanada[1071] en Australië[1072] toon tekens dat privaat sekuriteit 'n toenemende privaatpolisiëringsrol inneem. Dit word egter met versigtigheid bejeën vanweë die ontbreking van demokratiese deursigtigheid en verantwoordbaarheid wat daaruit mag ontstaan.[1073] Die potensiaal bestaan dat demokraties-verkose regeringstrukture beheer oor veiligheidsmagte verloor en uiteindelik moet terugval op staatsgesentraliseerde polisiëring ten einde hierdie privaat magte te reguleer.[1074]

Dit is nie die rol van privaatsekuriteit om 'n polisiëringsrol te vervul nie en sou 'n verdere desentralisering in polisiëring meebring. Die wyse waarop privaatsekuriteit tans in Suid-Afrika funksioneer is reeds sleg gereguleerd[1075] en sal slegs tot verdere ondermyning van legitimiteit in

---

1065 Hoofstuk 11 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

1066 Artikel 199 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

1067 Artikel 205 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

1068 Visser 2001 *De Jure* 587.

1069 Shearing 2000 *Journal of Law and Society* 392.

1070 Chambliss *Police and Law Enforcement* 144. Chambliss toon aan dat die belangstelling in privaat-polisiëring in die VSA fluktueer, aangesien die publiek meestal ongemaklik is om polisiëringsmag aan privaat-instansies toe te staan. Sien ook Walsh 1999 *International Journal of Police Strategies and Management* 19; Rosky 2004 *Connecticut Law Review* 881.

1071 Murphy 1998 *CJLS* 2.

1072 Joh 2005 *Utah Law Review* 607.

1073 Dixon 2000 *SACJ* 79.

1074 Murphy 1998 *Policing Postmodern Canada* 14.

1075 Alvorens die Suid-Afrikaanse privaat-sekuriteitbedryf 'n daadwerklike bydra kan maak in die stryd teen misdaad, hetsy as privaat-sekuriteit of privaatpolisiëring, sal omvattende statutêre-riglyne benodig word om regulering moontlik te maak. Dit sal meer as slegs politieke toesighouding deur die Ministerie van Polisie

polisiëring in Suid-Afrika aanleiding gee. Alhoewel die rol van privaatsekuriteit in voorkoming van misdaad nie ontken kan word nie,[1076] behoort dit nie tot die sfeer van polisiëring nie. Gevolglik kan die privaat polisiëringsbenadering vir doeleindes van hierdie studie nie onderskryf word nie en vorm dit gevolglik nie deel van die polisiëringbegrip in die Suid-Afrikaanse konteks nie.

3.3.2.5 Samevattend: Aard van polisiëring in Suid-Afrika

Die oorsprong van militaristiese polisiëring is 'n wêreldwye historiese verskynsel,[1077] maar so ook is die demilitarisering van polisiëring in die kontemporêre samelewing.[1078] Die apartheidspolisiëringstelsel se militaristiese aanslag en die interafhanklike aanwending van die veiligheidsmagte het polisiëring in Suid-Afrika in 'n krisis van legitimiteit gedompel.[1079] Alhoewel die transformasieproses gepoog het om die polisie te demilitariseer, wil dit egter voorkom asof die ideologie van gemeenskapspolisiëring en die onderliggende militêre aanslag in die huidige Suid-Afrikaanse konteks steeds kompeterende uitgangspunte daarstel.[1080] In effek veroorsaak dit 'n terugslag op ideologiese vlak, wat die legitimiteit van die grondwetlike polisiëringsbeginsel in gevaar stel.

Hierdie problematiek is egter 'n kwessie wat in verskeie ander state reeds suksesvol aangespreek is.[1081] Deur middel van 'n volhoubare en

---

vereis, en sal prosedurele en substantiewe kwessies soos arrestasiebevoegdhede, verhouding met publieke polisie-instansies, gestruktureerde rolle in gemeenskapspolisiëring en 'n effektiewe stelsel van regulering en toesighouding moet aanspreek. Sien in hierdie verband Siebrits *Regulation of the Private Security Industry* 125; Visser 2001 *De Jure* 592.

1076 Goodenough 2007 *SA Crime Quarterly* 8.

1077 Sien afdeling 3.3.1.1 van hierdie proefskrif vir 'n verduideliking van hierdie begrip.

1078 Burger *Crime and Policing* 61.

1079 Maguire 1997 *Police Journal* 11; Du Plessis en Louw 2005 *CJCCJ* 433; Fine 1989 *Acta Juridica* 84.

1080 Burger *Crime and Policing* 66. Burger verwys hierna as 'n vorm van "institutional schizophrenia" wat meegebring word deur die verskil tussen die "omgee" van gemeenskapspolisiëring en die "beheer" van misdaadbekamping.

1081 Bowling en Sheptycki *Global Policing* 18; Sinclair *Globalising British Policing* 385.

legitieme polisiestruktuur kan dit gedeeltelik bewerkstellig word. Dit behels gevolglik dat die formele strukture die transformasie-ideaal moet weerspieël en nie slegs fokus op die wegbeweging van pre-demokratiese strukture nie.[1082] Waarlike demilitarisering vereis 'n volronde aanslag ten einde alle fasette van polisiëring daaraan te onderwerp. Die gemeenskap se persepsie van die polisie, sowel as die ervaring van interaksie met die polisie, speel 'n groot rol in die evaluasie van 'n sukses van demilitarisering.[1083] 'n Positiewe beskouing aan die kant van die gemeenskap kan gevolglik slegs bewerkstellig word indien daadwerklike aandag geskenk word aan die diensgerigtheid,[1084] professionaliteit[1085] en gebruik van geweld[1086] wat die polisie openbaar. Verder moet die vertroue bestaan dat die polisie hul grondwetlike mandaat sal vervul, maar onderhewig is aan voldoende en deursigtige verantwoordbaarheid.[1087] Dit sal die huidige verwydering tussen die gemeenskap en die polisie oorbrug en vertroue in die polisie daarstel.

3.4 *Juridiese beginsels wat die formele struktuur van polisie in die Suid-Afrikaanse konteks beïnvloed*

Die reg, polisiëring en gemeenskap maak almal integrale dele van enige staatbestel uit. Dit is dus ondenkbaar dat hierdie drie fasette van die samelewing in isolasie beskou kan word, of dat dit nie interafhanklik van aard is nie. Veral in die grondwetlike demokratiese Suid-Afrika kan die juridiese invloed op die samelewing as geheel nie ontken word nie, en beïnvloed dit ooreenkomstig ook polisiëring en die wyse waarop die polisie gestruktureer word.

1082 Olivier 1995 *SACJ* 322.

1083 Newham 2005 *South African Review of Sociology* 165; Van Graan *Obstacles Impeding the Transformation Process in the South African Police Force* 135.

1084 Sien afdeling 4.7 van hierdie proefskrif.

1085 Sien afdeling 4.7.3 van hierdie proefskrif.

1086 Sien afdeling 3.3.2.3 van hierdie proefskrif.

1087 Sien afdeling 4.4.1.2 van hierdie proefskrif.

Vervolgens word oorsigtelik aandag geskenk aan juridiese beginsels wat 'n pertinente invloed op die ontwikkeling en daarstelling van die organisatoriese polisiestruktuur getoon het.

3.4.1 *Polisiëring en die skeiding van magte*[1088]

3.4.1.1 Inleiding

Die *trias politica* of skeiding van magte-leerstuk[1089] is 'n juridiese beginsel wat gemik is op die begrensing van owerheidsgesag deur die gelyke verdeling van staatsgesag tussen drie sogenaamde sfere van owerheidsgesag.[1090] Alhoewel die skeiding van magte 'n outonome staatsregtelike beginsel daarstel in die reg, is dit opmerklik hoe interafhanklik die bestaan daarvan met ander juridiese beginsels soos regstaatlikheid,[1091] konstitusionalisme en grondwetlikheid is. Dit vorm gevolglik 'n integrale deel van die kontemporêre Westerse en Suid-Afrikaanse staatsreg.[1092]

1088 Direk vertaal beteken *trias politica* die "drietal politiek" alhoewel die argument bestaan dat 'n meer korrekte interpretasie eerder "beleid van beproewing" behoort te wees.

1089 Die skeiding van magte, as magsbeperkende beginsel, het soos konstitusionalisme sy oorsprong in teenstand van monargale beheer gehad. Alhoewel dit geredelik aan Montesquieu toegeskryf word, het John Locke enkele jare vantevore 'n soortgelyke benadering voorgestel. Die kontemporêre benadering tot skeiding van magte verteenwoordig egter eerder Montesquieu se standpunt as dié van Locke. Hierdie teorie is ontwikkel as teenvoeter vir die oormatige hoeveelheid gesag wat in die staat gevestig is en het, soortgelyk aan konstitusionalisme, die beperking van gesag en begrensing van konsentrasie van owerheidsgesag nagestreef. Labuschagne 2006 *Politeia* 19. Currie en De Waal *The New Constitutional and Administrative Law* 91. Montesquieu het hierdie konsep gepubliseer in sy werk *L'Esprit des Lois*, of "Die Gees van die Wette". Locke se teorie het 'n skeiding tussen uitvoerend, wetgewend en buitelandse-betrekking daargestel, terwyl Montesquieu die verdeling tussen uitvoerend, wetgewend en regsprekend nagestreef het. Sien ook Currie en De Waal *Bill of Rights Handbook* 18; Wiechers *Staatsreg* 48; Venter *Global Features of Constitutional Law* 24.

1090 Woolman *et al Constitutional Law of South Africa* 12-1; Currie en De Waal *The New Constitutional and Administrative Law* 95.

1091 Rautenbach en Malherbe *Constitutional Law* 85.

1092 Devenish *A Commentary on the South African Constitution* 13.

Die skeiding van magte, as magsbeperkende beginsel, het sy oorsprong in teenkanting van monargale beheer gehad.[1093] Alhoewel dit geredelik aan Montesquieu[1094] toegeskryf word, het John Locke[1095] enkele jare vantevore 'n soortgelyke benadering voorgestel. Die kontemporêre benadering tot skeiding van magte verteenwoordig egter eerder Montesquieu se standpunt as dié van Locke.[1096] Hierdie teorie is ontwikkel as teenvoeter vir die oormatige hoeveelheid gesag wat in die staat gevestig is en het, soortgelyk aan konstitusionalisme, die beperking van gesag en begrensing van konsentrasie van owerheidsgesag nagestreef.[1097]

Skeiding van magte behels, in 'n neutedop, dat die onderskeie bene van die staat, naamlik die uitvoerende gesag,[1098] die wetgewende gesag[1099] en die regsprekende gesag,[1100] elkeen sy funksie individueel verrig, vry van inmenging deur die ander.[1101] Dit skep gevolglik 'n beginsel bekend as kruiskontrole of "*checks and balances*"[1102] ingevolge waarvan die verskillende bene van staatsgesag mekaar verantwoordbaar hou vir die onderskeie funksies wat verrig word. Dit voorkom 'n oormatige konsentrasie van owerheidsgesag, asook die duplisering van

---

1093 Labuschagne 2006 *Politeia* 19.

1094 Currie en De Waal *The New Constitutional and Administrative Law* 91. Montesquieu het hierdie konsep gepubliseer in sy werk *L'Esprit des Lois*, of "Die Gees van die Wette".

1095 Wiechers *Staatsreg* 48.

1096 Locke se teorie het 'n skeiding tussen uitvoerend, wetgewend en buitelandsebetrekking daargestel, terwyl Montesquieu die verdeling tussen uitvoerend, wetgewend en regsprekend nagestreef het.

1097 Currie en De Waal *Bill of Rights Handbook* 18.

1098 Die uitvoerende gesag verwys hoofsaaklik na die president, adjunkpresident, ministers van die kabinet, sowel as hul adjunkministers. Hierby word uiteraard ook die verskillende departemente en staatsorgane wat elkeen van hierdie ministers en adjunkministers verteenwoordig gereken.

1099 Die wetgewende gesag verwys na die onderskeie parlemente. Op nasionale vlak is dit die Parlement, soos gesetel in Kaapstad, terwyl elke provinsie ook oor 'n provinsiale wetgewer beskik.

1100 Die regsprekende gesag verwys na die howe binne die Republiek van Suid-Afrika, met die Konstitusionele Hof wat uiteraard die beskermer van hierdie howe en die onafhanklikheid daarvan, binne die grondwetlike bedeling, is.

1101 De Vries 2006 *Politeia* 43: *"In democracy these functions should be vested in three independent structures as seen as distinct".*

1102 Khumalo *A Exploratory study into Crime Prevention* 5.Currie en De Waal *Bill of Rights Handbook* 18.

verpligtinge of bevoegdhede.[1103] Die skeiding van magte bewerkstellig dus begrensing van owerheidsgesag deur institusionele en funksionele strukturering.

3.4.1.2 Polisiestrukture en die skeiding van magte voor 1994

Die Suid-Afrikaanse staatsbestel voor 1994 is gekenmerk deur die gebruik van die Westminster-stelsel.[1104] Onder koloniale beheer van Brittanje is Suid-Afrika aan hierdie stelsel bekendgestel en is dit grootliks behou ná Republiekwording in 1961. Die Westminster-stelsel het gevolglik 'n groot invloed gehad op die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse staatsreg en ook, indirek, op die voltrekking van die grondwetlike bedeling na 1994.

Die Suid-Afrikaanse toepassing van die Westminster-stelsel was gebaseer op parlementêre soewereiniteit.[1105] Dit het die wetgewende gesag in 'n magsposisie geplaas wat bykans onaantasbaar[1106] was deur die ander sfere van die *trias politica.* Dit het uiteraard 'n ongebalanseerde magsverdeling daargestel,[1107] in teenstelling met die beginsels van die skeiding van magte.[1108] Alhoewel die organisatoriese samestelling van die staat wel die *trias politica*-leerstuk weerspieël het,

---

1103 Labuschagne 2004 *Politeia* 85; O'Regan 2005 *PER* 4.

1104 Coniglio 2012 *Boston University International Law Review* 501.

1105 May *The South African Constitution* 10. In die vroeë Suid-Afrikaanse konteks was parlementêre soewereiniteit teenwoordig by die Parlement van Engeland terwyl Suid-Afrika se parlement as 'n ondergeskikte wetgewende liggaam gefunksioneer het. Onder hierdie soewereiniteit was die Suid-Afrikaanse parlement onderhewig aan die goedkeuring van die Britse parlement, ten aansien van aangeleenthede wat jurisdiksionele integriteit van die Unie raak of die Britse Ryk in geheel geraak het. Sien Kennedy en Schlosberg *The Law of the South African Constitution* 93. Dold en Joubert *Union of South Africa* 53; Licht en De Villiers *South Africa's Crisis of Constitutional Democracy* 25.

1106 Artikel 59 van die *Republiek van Suid-Afrika Grondwet* 32 van 1961. Sien ook Currie en De Waal *The New Constitutional and Administrative Law* 50.

1107 Langa 2006 *SAJHR* 3.

1108 Wiechers *Staatsreg* 51. Sien ook Wiechers *Staatsreg* 335.

het die ongebalanseerde magsverdeling in die Suid-Afrikaanse reg die effektiewe werking daarvan ondermyn.[1109]

Polisiëring het ook nie die effek van hierdie wanfunksionerende *trias politica*-stelsel vrygespring nie. Die soewereiniteit van die wetgewer het uiteraard behels dat omvattende en onbevraagtekenbare bevoegdhede aan polisie-instansies toegeskryf is[1110] ten einde die uitvoerende gesag die vermoë te bied om sonder inmenging die apartheidsbewind se polities gedrewe polisiesisteem toe te pas.[1111] Dit het onder andere behels dat die regsprekende gesag minimaal tot geen toetsingsbevoegdheid gehad het nie.[1112] Die beperking van regsprekende bevoeghede, op hierdie wyse, het dus aanleiding gegee

---

1109 Basson en Viljoen *Staatsreg* 178. Parlementêre soewereiniteit behels volgens Basson en Viljoen: "Eerstens, die bevoegdheid om reëls te maak wat bestaande reg verander; en, tweedens, die onvermoë van enige orgaan, anders as die bekleër van die soewereiniteit, om hierdie reëls te verontagsaam of te verander".

1110 Wiechers *Staatsreg* 250. Wiechers voer aan dat dit 'n algemene verskynsel was ten opsigte van bevoegdhede wat aan uitvoerende departemente toegeskryf is. Sien ook Berat 1989 *Vanderbilt Journal of Transnational Law* 134.

1111 Du Plessis 2011 *SACJ* 420.

1112 Klug 1989 *Hastings International & Comparative Law Review* 180. Onder die Unieregering het onsekerheid in hierdie verband telkens ontstaan vanweë die onduidelikheid van artikel 98(4) van die *South Africa Act* 1 of 1909: *"(4) Unless and until Parliament shall otherwise provide, the said superior courts shall,* mutatis mutandis*, have the same jurisdiction in matters affecting the validity of elections of members of the House of Assembly and provincial councils as the corresponding courts of the Colonies have at the establishment of the Union in regard to parliamentary elections in such Colonies respectively."*. Dit is egter duideliker gestel in artikel 59(2) van die *Republiek van Suid-Afrika Grondwet* 32 van 1961: "*59(2) No court of law shall be competent to enquire into or to pronounce upon the validity of any Act passed by Parliament, other than an Act which repeals or amends or purports to repeal or amend the provisions of section one hundred and eight or one hundred and eighteen.".* Gevolglik het artikel 118(1) van die *Republiek van Suid-Afrika Grondwet* 32 van 1961 ook bepaal:*"(1) Parliament may by law repeal or alter any of the provisions of this Act: Provided that no repeal or alteration of the provisions contained in this section or in section one hundred and eight shall be valid unless the Bill embodying such repeal or alteration is passed by the Senate and the House of Assembly sitting together, and at the third reading is agreed to by not less than two-thirds of the total number of members of the Senate and the House of Assembly."* Sien ook artikel 68(2) van die *Republiek van Suid-Afrika Grondwet* 110 van 1983. *Sachs v Minister of Justice* 1934 AD 11, 37: *"In the present case we were referred to many decisions dealing with the exercise of discretionary powers. In this division, at all events, no decision affirms the right of a Court to interfere with the honest exercise of a duly conferred discretion."* Sien ook in hierdie verband Currie en De Waal *The New Constitutional and Administrative Law* 50.

tot verreikende gevolge vir die beskerming van die regte van individue wat met uitvoerende optrede, soos dié van die polisie, gekonfronteer is.[1113]

Die Suid-Afrikaanse geskiedenis bied verskeie voorbeelde aangaande die disfunksie van die skeiding van magte-beginsel in die pre-demokratiese staatsbestel.[1114] Dit ontbloot geredelik die problematiek wat so 'n wanfunksie teweegbring deurdat soewereiniteit aan die kant van een been van staatsgesag die balans onomkeerbaar versteur.[1115] Wiechers voer egter aan dat soewereiniteit nie absoluut kan wees nie, maar dat dit egter net oorkom kan word indien 'n meer soewereine gesag daargestel word, wat opsigself die voortsetting van *trias politica* wanfunksie inhou.[1116] Dit impliseer gevolglik nie verskillende grade van soewereiniteit nie, maar dui wel aan hoe 'n gebalanseerde *trias politica*-sisteem die enigste oplossing vir 'n ongebalanseerde owerheidsgesagstruktuur is.[1117] In die voormalige bedeling het die onbevraagtekenbaarheid van die wetgewende gesag enige mate van regsprekende toetsingsbevoegdheid oneffektief gemaak. Hierdie parlementêre soewereiniteit het die howe se ongeldigverklaring van wetgewende en uitvoerende handelinge onafdwingbaar gemaak het.[1118]

Vir die sfeer van polisiëring behels dit dus 'n ontbreking in legitimiteit. Haynie voer tereg aan:

1113 Wiechers *Staatsreg* 51.

1114 Ingevolge die *Wet op die Hoë Hof van die Parlement* 35 van 1952, is die Hoë Hof van die Parlement daargestel om die Appèl-afdeling se beslissings oor die geldigheid, regskrag en bestaan van parlementêre wetgewing te hersien. Die samestelling van dié hof het uitsluitlik uit politici bestaan het dus die *trias politica* verbreek deur aan die parlement regsprekende bevoegdhede te bied. In die gewysde *Minister of the Interior v Harris* 1952 4 SA 769 (A) verwerp die Appèl-afdeling die bestaanreg van hierdie hof en bevestig dit ook die skending van die skeiding van magte-beginsel, maar voer ook aan dat die soewereiniteit van die wetgewende gesag, slegs deur 'n ander soewereine gesag oorkom sou kon word. Sien in hierdie verband *Minister of the Interior v Harris* 1952 4 SA 769 (A) 793.

1115 Basson en Viljoen *Staatsreg* 188.

1116 Wiechers *Staatsreg* 335.

1117 Woolman *et al Constitutional Law of South Africa* 12-4.

1118 Leonard-Taitz 1992 *Christian Law Review* 72.

> *However, legitimacy does not focus so much on whether the activities of government are lawful as whether they accord with what are generally perceived to be or what have for long been held up to be, the fundamental principles, to which government is or ought to be conducted. Governments can act lawfully without acting legitimately.*[1119]

Sonder effektiewe en afdwingbare hersiening van polisie-optrede, kan oormatige uitvoerende bevoegdhede,[1120] in teenstelling met geregtigheid, op wetgewende wyse aan die polisie verleen word, sonder dat enige vorm van verantwoordbaarheid geëis kan word. Dit het dus voortgebou op die onaantasbare aard van polisiëring soos wat blyk uit die voorgaande bespreking.[1121] Dit het aanleiding gegee tot kreatiewe regspleging[1122] deur die regbank, deurdat alternatiewe geskilpunte, waaroor die hof wel toetsingsbevoegdheid het, beklemtoon word ten einde die beperking van jurisdiksie te oorkom.[1123]

1119 Haynie 1997 *Justice System Journal* 168.

1120 Klug 2000 *Law and Social Inquiry* 658.

1121 Sien in hierdie verband afdelings 3.2.1 en 3.3.1 van hierdie proefskrif.

1122 Met kreatiewe regspleging word verwys na die howe se aanslag om geregtigheid na te streef terwyl terselfdertyd ten volle voldoen word aan die statutêre beginsels van die soewereine wetgewer. Dit het onder andere behels dat howe aspekte wat relevant was tot die betrokke sake, maar nie die kruks daarvan uitgemaak het nie, aangeraak en ondersoek het ten einde te verseker dat die geheelbeeld van inbreukmakings aangespreek word, sonder dat die sogenaamde verbode terrein van regspreeklike hersiening aangeraak word. Dit het dikwels in die vorm van fundamentele vryhede of administratiewe optrede voorgekom, wat sekondêr tot die feitlike kwessie voor die hof gestaan het. Sien in hierdie verband ook Coniglio 2012 *Boston University International Law Review* 505.

1123 *Schermbrucker v Klindt NO* 1965 4 AD 606 (A) 619. In die Schermbrucker-gewysde het die hof alternatiewe ondersoek tot die primêre kwessie van oënskynlike onregmatige aanhouding, van 'n verdagte, sonder verhoor. Aangesien die artikel 17 van die *Algemene Regswysigingswet* 37 van 1963 aanhouding sonder verhoor gemagtig het, en die howe gevolglik nie oor die bevoegdheid tot regsprekende hersiening in die verband beskik het nie, het die hof alternatiewe wyses ter regstelling van die aangeleentheid ondersoek. Die hof meen onder andere dat 'n bevel van die hof vir 'n verdagte om voor die hof te verskyn om vrae te beantwoord, nie van regsprekende hersiening spreek nie en gevolglik nie parlementêre soewereiniteit skend nie. Die hof meen:
"Now it seems to me that, if a detainee were to be required to comply with an order by a Court requiring his personal attendance before it, the manner of his detention as prescribed by sec. 17 would be interfered with in more ways than one, and the purposes of the section may be defeated… The prohibition against access to the detainee can, having regard to the provisions of sec. 17 (2), be effectively enforced only while he is being detained in isolation from contact with the outside world… Finally, it seems to me that compliance by a detainee with an order requiring his personal attendance in a Court would result in an interruption of his detention and interrogation designed to induce him to speak. Such interruptions, especially lengthy interruptions, may

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die skeiding van magte-beginsel, alhoewel dit formele aanwending geniet het in die pre-demokratiese bestel, veel te wense nagelaat het.[1124] Alhoewel regspleging hierdie situasie probeer medieer het, het die soewereiniteit van die parlement die uitvoerende gesag tot so 'n mate bemagtig en beskerm dat dit polisiestrukture en -aktiwiteite bykans onaantasbaar gemaak het. Gemeet teen die tradisionele polisiëringsbenadering het hierdie wyse van strukturering van staatsgesag die legitimiteit van polisiëring ernstig ondermyn.[1125]

3.4.1.3 Polisiëring en skeiding van magte in die grondwetlik demokratiese bestel

Teen die agtergrond van die Apartheidsbedeling, was die beginsel van skeiding van magte uiteraard 'n konsep wat pertinente aandag geniet het.[1126] In die kontemporêre staatsreg maak die skeiding van magte 'n essensiële deel van enige demokrasie uit en was dit gevolglik onontbeerlik om Suid-Afrika te omvorm in 'n legitieme demokrasie.

Alhoewel beide die 1993 en 1996 grondwetlike tekste nie pertinent verwys na die skeiding van magte-konsep of die beginsel van "*checks and balances*" nie, is dit duidelik uit die Konstitusionele Hof se uitspraak in *South African Association of Personal Injury Lawyers v Heath*[1127] dat die gees en die strekking van die Grondwet wel hierdie beginsels by implikasie beliggaam.[1128] Die Grondwet maak uitdruklik voorsiening vir 'n

---

therefore clearly defeat the purpose of the section." Sien ook verder as voorbeeld *Gumede v Minister of Law and Order* 1984 4 SA 915 (N) 922.

1124 Coniglio 2012 *Boston University International Law Review* 510.

1125 Madala 2001 *North Carolina Journal of International Law* 749.

1126 Maduna 1990 *Columbia Human Rights Law Review* 76.Sien ook O'Regan 2005 *PER* 120. O'Regan verwys na grondwetlike beginsel VI van die veelparty onderhandelinge wat bepaal het: *"There shall be a separation of powers between the legislature, executive and judiciary, with appropriate checks and balances to ensure accountability, responsiveness and openness."*

1127 *South African Association of Personal Injury Lawyers v Heath* 2001 1 SA 883 (KH).

1128 *South African Association of Personal Injury Lawyers v Heath* 2001 1 SA 883 (KH) par 21: "*The doctrine of separation of powers as applied in the United*

wetgewende,[1129] uitvoerende[1130] en onafhanklike regsprekende gesag,[1131] sowel as vir die interaksie tussen die sfere.[1132] Die onafhanklikheid en interafhanklikheid van die drie sfere was egter nie sonder problematiek nie en is weens hierdie rede spesifiek ondersoek tydens die Eerste Sertifiseringsuitspraak.[1133] Die Konstitusionele Hof maak, tydens die oorweging van die grondwetlike teks, melding van die problematiek aangaande die feit dat lede van die uitvoerende gesag ook betrokke is by die wetgewende proses van die Parlement. Tog word aangevoer dat die skeiding tussen die uitvoerende gesag en die wetgewende gesag, soos in ander regstelsels, 'n buigbare een behoort te wees, vanweë die interafhanklike aard van die twee staatsbene.[1134]

Die grondwetlik verskanste toetsingskompetensie[1135] van die regbank was sekerlik een van die mees kardinale toevoegings in die strewe na legitimiteit in die Suid-Afrikaanse reg.[1136] Terwyl die wetgewende gesag, as verteenwoordigers van die gemeenskap, wetgewing daarstel vir die ordening van die samelewing deur die uitvoerende gesag, bied die regsprekende gesag 'n stelsel van verantwoordbaarheid.[1137] Die rol van

---

States is based on inferences drawn from the structure and provisions of the Constitution, rather than on an express entrenchment of the principle. In this respect, our Constitution is no different." Sien ook verder *First Certification* par 113, *Executive Council, Western Cape Legislature and Others v President of the Republic of South Africa and Others* 1995 4 SA 877 (KH) par 204.

1129 Hoofstuk 4 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

1130 Hoofstuk 5 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

1131 Hoofstuk 8 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996. Sien ook spesifiek artikel 165 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

1132 Rautenbach en Malherbe *Constitutional Law* 88. Sien as voorbeeld artikels 54, 58(1), 85(2)(a), 92(2), 165(3), 165(4),165(5) en 177(2) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

1133 *Ex parte Chairperson of the Constitutional Assembly: in re Certification of the Constitution of the Republic of South Africa*, 1996 1996 4 SA 744 (KH) par. 111.

1134 *Ex parte Chairperson of the Constitutional Assembly: in re Certification of the Constitution of the Republic of South Africa*, 1996 1996 4 SA 744 (KH); Currie en De Waal *Bill of Rights Handbook* 21; *Van Rooyen v S* 2002 5 SA 246 (KH) par 34.

1135 Artikels 165(2) en 172 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

1136 Schwella en Ketel 2008 *International Journal of Police Science & Management* 154.

1137 Rautenbach en Malherbe *Constitutional Law* 85.

die regbank, as deel van die *trias politica*, verseker nie slegs die beperking van magskonsentrasie nie,[1138] maar ook die verwesenliking van grondwetlikheid, regstaatlikheid en die uitlewing van die demokratiese waardes.[1139] Hierdie mening word ook gehuldig deur Ackermann R, in sy uitspraak in die gewysde *Bernstein v Bester NO,*[1140] waarin hy die verhouding tussen die "*rule of law*"-begrip, die reg op toegang tot die howe en die onafhanklikheid van die regbank, aangaande die beskerming van individuele regte, oorweeg.[1141]

Ten aansien van die organisatoriese struktuur van die polisie in Suid-Afrika, het die onafhanklikheid van die regsprekende gesag, en by implikasie die skeiding van magte in geheel, 'n groot bydrae in die transformasie van die polisie gelewer.[1142] Buiten vir die substantiewe bydrae wat dit gelewer het,[1143] het die howe ook 'n belangrike rol gespeel ten opsigte van die formele struktuur van polisiëring. Die mees prominente bydrae het plaasgevind met betrekking tot die omvorming

---

1138 Currie en De Waal *The New Constitutional and Administrative Law* 95.

1139 Artikel 1 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

1140 *Bernstein v Bester NO* 1996 2 SA 751 (KH).

1141 *Bernstein v Bester NO* 1996 2 SA 751 (KH) 105: *"The Constitution as a whole, and s 22 in particular, appears to be workable and to realise the ostensible legislative intention, without the implication the appellants seek to rely upon. When s 22 is read with s 96(2), which provides that '(t)he Judiciary shall be independent, impartial and subject only to this Constitution and the law', the purpose of s 22 seems to be clear. It is to emphasise and protect generally, but also specifically for the protection of the individual, the separation of powers, particularly the separation of the Judiciary from the other arms of the State. Section 22 achieves this by ensuring that the courts and other fora which settle justiciable disputes are independent and impartial. It is a provision fundamental to the upholding of the rule of law, the constitutional State, the 'regstaatidee', for it prevents legislatures, at whatever level, from turning themselves by acts of legerdemain into 'courts'".*

1142 Schwella en Ketel 2008 *International Journal of Police Science & Management* 154.

1143 Die substantiewe aard van polisiëring verwys na die inhoudelike reëls van die reg aangaande polisie-optrede en die wyse waarop die polisiebevoegdhede en pligte uitgeoefen word. Sien hoofstuk 4 van hierdie proefskrif in hierdie verband. Voorbeelde hiervan is, onder andere, *Carmichele v Minister of Safety and Security* 2001 4 SA 938 (KH); *Van Eeden v Minister of Safety and Security* 2003 1 SA 389 (HHA); *Minister of Safety and Security v Van Duivenboden* 2002 6 SA 431 (HHA); *Ex Parte Minister of Safety and Security: In Re S v Walters* 2002 4 SA 613 (KH).

van die Skerpioene (DSO) na die Valke en die gevolglike inlywing by die Direktoraat vir Prioriteitmisdaadondersoeke (DPO).[1144]

Die belang van die Glenister-saga[1145] is nie soseer geleë in die juridiese substantiewe bydrae wat gelewer is nie,[1146] maar wel in die feit dat die grondwetlike demokratiese bestel die regbank toetsingsbevoegdheid verleen in hierdie verband.[1147] Teen die agtergrond van die Apartheidsera parlementêre soewereiniteit, bevestig die Glenister-gewysde die howe se jurisdiksie om selfs die strukturering van veiligheidsmagte onder die loep te neem. Dit onderskryf verder die howe se rol in die verantwoordbaarstelling van die wetgewende en uitvoerende gesagte ter nastrewing van legitimiteit.[1148]

Dit is egter toevallig dat hierdie bydra juis gehandel het oor die *trias politica*, die hersieningsbevoegdheid van die regsprekende gesag, sowel as die onafhanklikheid van 'n staatsdepartement. Tog moet hierdie gewysde nie verkeerdelik aangesien word as die regsprekende gesag se geleentheid om die organisatoriese samestelling van uitvoerende staatsdepartemente voor te skryf nie. Die Transvaalse Provinsiale

---

1144 Berning en Montesh 2012 *SA Crime Quarterly* 3.

1145 Die proses wat die ontbinding van die Skerpioene meegebring het, het uit verskeie fasette bestaan en het verskeie aansoeke, voor verskillende howe, deur Hugh Glenister ingesluit. Gevolglik word oorhoofs na hierdie proses as die Glenister-saga verwys. Sien in hierdie verband Redpath 2004 *ISS Monographs* 11.

1146 Die hof het verskeie juridiese vraagstukke aangeraak. Dit het onder andere ingesluit die jurisdiksie van hooggeregshowe om kwessies met betrekking tot wetgewende proses aan te hoor, of die regsprekende gesag kan ingryp in 'n onafgehandelde wetgewende proses, 'n aansoek om direkte toegang tot die Konstitusionele Hof en uiteindelik die bevoegdheid van die regsprekende gesag om uitspraak te lewer oor regmatige besluite en handelinge van ander sfere wat oor eksklusiewe bevoegdhede beskik. Sien dus in hierdie verband *Glenister v President of the Republic of South Africa (Amicii curiae: ACDP)* 2008 JDR 0569 (T); *Glenister v The Speaker of the National Assembly* 2009 JDR 0037 (K); *Glenister v President of the Republic of South Africa and Others* 2009 1 SA 287 (KH); *Glenister v President of the Republic of South Africa and Others* 2011 3 SA 347 (KH).

1147 Sien in teenstelling met afdeling 3.4.1.2 van hierdie proefskrif.

1148 Die rol van die skeiding van magte in die Suid-Afrikaanse grondwetlike bedeling word nie alleen deur die Glenister-saga bevestig nie, maar ook op die proef gestel met betrekking tot organisatoriese besluite van die staat. Dit bied duidelikheid aangaande die rol van die howe en die bevoegdhede van die wetgewende en uitvoerende gesagte.

Afdeling van die Hooggeregshof beslis uitdruklik dat die regsprekende gesag slegs in die mees uitsonderlike geval mag inmeng in die werksaamhede van die wetgewer of die uitvoerende gesag.[1149] Die Konstitusionele Hof gee ook die respondente gelyk in hul argument dat die beleidvorming die grondwetlike voorreg en bevoegheid van die uitvoerende gesag uitmaak,[1150] terwyl die daarstelling van wetgewing by die wetgewende gesag ressorteer. Ngcobo R lê veral klem op die feit dat die regsprekende gesag se hersieningsbevoegdheid, ingevolge die Grondwet, beperk is tot die grondwetlikheid van die proses en werksaamhede van die uitvoerende en wetgewende gesagte en die *trias politica*-beginsel moet respekteer, insover dit regmatig plaasvind.[1151]

Op soortgelyke wyse verwerp die hof die applikant se argumente aangaande die rasionaliteit[1152] en die ondermyning van die effektiwiteit van die Skerpioene se inlywing by die SAPD.[1153] Die hof bied geen opinie in dié verband nie en bevestig dat dit inderdaad die staat se plig is om situasies met oorvleueling van bevoegdhede en tweedrag tussen uitvoerende liggame aan te spreek en korrektiewe stappe in die verband te neem.[1154] Die hof bevestig verder ook die regmatigheid van die Khampepe Kommissie[1155] se rol, sowel as die regerende party se reg om

---

1149 *Glenister v President of the Republic of South Africa (Amicii curiae: ACDP)* 2008 JDR 0569 (T) par 40.

1150 *Glenister v President of the Republic of South Africa and Others* 2011 3 SA 347 (KH) par 65.Sien ook artikel 85(2)(d) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

1151 *Glenister v President of the Republic of South Africa and Others* 2011 3 SA 347 (KH) par 55.Artikel 167(4) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

1152 *Glenister v President of the Republic of South Africa and Others* 2011 3 SA 347 (KH) par 59.

1153 *Glenister v President of the Republic of South Africa and Others* 2011 3 SA 347 (KH) par 120.

1154 *Glenister v President of the Republic of South Africa and Others* 2011 3 SA 347 (KH) par 122.

1155 In April 2005 is ’n kommissie deur die presidensie op die been gebring met die doel om die rasionaliteit, mandaat en organisatoriese samestelling van ’n onafhanklike eenheid, soos die DSO, te ondersoek. Die voorsitter van die kommissie was regter Khampepe en gevolglik het dit gou bekend gestaan as die Khampepe Kommissie. Die uitslag van die ondersoek het gemeen dat die onafhanklikheid en posisionering van die DSO in die NVG aanvaarbaar is, maar dat friksie tussen die DSO en SAPD bestaan, wat moontlik die werksaamhede van albei mag beïnvloed. Verder het die kommissie ook die

beleidsbesluite te baseer op besluite deur die party se openbare kongres.[1156]

Die Glenister-gewysde dien gevolglik meervoudige doele met betrekking tot die rol van die skeiding van magte-beginsel in polisiëring. Dit bevestig nie alleenlik die uitvoerende en wetgewende gesagte se verpligtinge en magte aangaande die strukturering van die veiligheidsdienste nie,[1157] maar bevestig ook die rol van die regsprekende gesag om die ander sfere van owerheidsgesag te kontroleer en grondwetlike nakoming te verseker.[1158]

Die versigtigheid waarmee die Konstitusionele Hof die howe se rol in hierdie verband benader moet egter benadruk word. Die hof beperk dit pertinent tot die Wetgewer en Uitvoerende gesagte se nakoming van hul grondwetlike mandaat, en respekteer die skeiding van magte gevolglik hierdeur.[1159] Hierdie benadering word ook later bevestig in *National Treasury and Others v Opposition to Urban Tolling Alliance and Others*[1160] deurdat die Konstitusionale Hof, deur Moseneke AHR meen:

> *The common-law annotation to the Setlogelo test is that courts grant temporary restraining orders against the exercise of statutory power only in exceptional cases and when a strong case for that relief has been made out. Beyond the common law, separation of powers is an*

---

tekort aan politieke toesig as problematies bestempel en voorgestel dat die toesigshoudingsfunksie oorgedra word aan die Minister van Veiligheid en Sekuriteit, terwyl die DSO binne die NVG voortbestaan. Sien in hierdie verband *Glenister v President of the Republic of South Africa and Others* 2011 3 SA 347 (KH) par 6; De Villiers 2008 *TSAR* 557; Berning en Montesh 2012 *SA Crime Quarterly* 7.

1156 *Glenister v President of the Republic of South Africa and Others* 2011 3 SA 347 (KH) par 62: *"This does not render the scheme unconstitutional. As this court recognised in Glenister I, 'there is nothing wrong, in our multiparty democracy, with Cabinet seeking to give effect to the policy of the ruling party. Indeed it may well be the central role of a political party to formulate policy recommendations with the intention that they be implemented, and there is nothing untoward in the Cabinet taking up such recommendations".*

1157 Reeves 2012 *SA Crime Quarterly* 23.

1158 *Glenister v President of the Republic of South Africa and Others* 2011 3 SA 347 (KH) par 146.

1159 *Glenister v President of the Republic of South Africa and Others* 2011 3 SA 347 (KH) par 89.

1160 *National Treasury and Others v Opposition to Urban Tolling Alliance and Others* 2012 6 SA 223 (KH).

> *even more vital tenet of our constitutional democracy. This means that the Constitution requires courts to ensure that all branches of government act within the law. However, courts in turn must refrain from entering the exclusive terrain of the executive and the legislative branches of government unless the intrusion is mandated by the Constitution itself.*[1161]

Die Howe se rol in die skeiding van magte word verder bevestig in dié hof se uitspraak in *Democratic Alliance v President of the Republic of South Africa.*[1162] Die hof ondersoek die verband tussen die skeiding van magte en die ondersoek na die rasionaliteit van die uitvoerende gesag se besluite deur aan te voer:

> *If executive decisions are too easily set aside, the danger of courts crossing boundaries into the executive sphere would loom large... The separation of powers has nothing to do with whether a decision is rational. In these circumstances, the principle of separation of powers is not of particular import in this case. Either the decision is rational or it is not.*[1163]

Die mening kan dus gehuldig word dat die onafhanklike regsprekende gesag binne die skeiding van magte legitimiteit aan polisiëring bied deur ’n outonome evaluasie daarvan uit te voer, sonder om in te meng met die daarstelling en uitvoering van staatsbeleid.[1164] Dit bevestig die magsbeperkende en kruiskontrolerende ideaal van die skeiding van magte en verseker terselfdertyd regsekerheid.[1165]

3.4.1.4 Onafhanklikheid van die polisie

In die huidige Suid-Afrikaanse staatstruktuur, funksioneer die polisie-instansies as deel van die uitvoerende gesag.[1166] Beide op historiese en

---

1161 *National Treasury and Others v Opposition to Urban Tolling Alliance and Others* 2012 6 SA 223 (KH) par 44.

1162 *Democratic Alliance v President of the Republic of South Africa* 2013 1 SA 248 (KH). In die gewysde ondersoek die hof die regmatigheid van die aanstelling van die Nasionale Direkteur van die Nasionale Vervolgingsgesag, as ‘n geskikte en bevoegde person, deur die President.

1163 *Democratic Alliance v President of the Republic of South Africa* 2013 1 SA 248 (KH) par 41.

1164 Haynie 1997 *Justice System Journal* 172.

1165 Labuschagne 2006 *Politeia* 19.

1166 Sien afdeling 3.2.3 van hierdie proefskrif.

hedendaagse vlak gaan dit gepaard met bewerings van politieke inmenging en korrupsie,[1167] wat effektiewe polisiëring ondermyn asook die polisie se objektiwiteit en onpartydigheid kniehalter.[1168] Hierdie uitgangspunt maak Glenister se onderliggende argumente uit in sy pogings om die onafhanklikheid van 'n teenkorrupsie-eenheid te behou.[1169]

Nico Steytler[1170] het reeds twee dekades gelede aangevoer dat die behoefte aan professionele en effektiewe polisiëring, die daarstelling van 'n onafhanklike polisiestruktuur, soortgelyk aan die regsprekende gesag, regverdig.[1171] Hy word ondersteun deur Phillip Stenning, wat soos Steytler, die Kanadese polisiëringmodel gebruik om aan te voer dat solank as wat die polisie nie 'n onafhanklike sfeer van die staat uitmaak nie en nie outonoom van die uitvoerende gesag optree nie, daar geen sprake van verantwoordbare polisiëring binne 'n staatsbestel kan wees nie.[1172] Walsh en Conway beskryf die belang van onafhanklike polisiëring deur te meen:

> *Given the sensitive nature of aspects of the police function, it is easy to appreciate why there should be a concern to protect the police against the full rigours of democratic governance and accountability as applied to the executive generally. The failure to do so would run the risk of politicising safety, security and justice. The prospect of the police being required, whether directly or indirectly, to apply vindictive or preferential law enforcement treatment to distinct groups or individuals for politically partisan ends, is clearly intolerable in any liberal democracy based on respect for human rights.*[1173]

1167 De Villiers 2008 *TSAR* 571; Kinnes en Newham 2012 *SA Crime Quarterly* 35; Newham en Fuall 2012 *ISS Monograph* 24.

1168 Fuall 2011 *ISS Paper* 38.

1169 *Glenister v President of the Republic of South Africa and Others* 2011 3 SA 347 (KH) par 59.

1170 Steytler 1992 *Legal Studies Forum* 163.

1171 Steytler 1992 *Legal Studies Forum* 162: "*The arguments for police independence rest on claims to the values of impartiality and professionalism. The only way to secure impartial policing, it is said, is to distance the police from government because of the partisanness of party politics.*" Sien ook in hierdie verband Shearing "Police Deviance and Accountability".

1172 Stenning 2011 *Flinders Law Journal* 244.

1173 Walsh en Conway 2011 *Crime, Law and Social Change* 61.

Steytler waarsku egter dat dit die polisie buite die demokratiese stelsel van verantwoordbaarheid mag plaas.[1174]

Dit moet ook beklemtoon word dat polisie-onafhanklikheid nie slegs bekom kan word deur 'n toevoeging van 'n vierde sfeer tot die *trias politica* nie. Die onafhanklikheid van die Nasionale Vervolgingsgesag, soos verskans in die Grondwet,[1175] bewys dat onafhanklikheid nie noodwendig gekoppel is aan die skeiding van magte-leerstuk nie en dat strukturele onafhanklikheid, soos in die geval van die regbank,[1176] nie 'n vereiste is nie. Voorts sou aangevoer kon word dat die Grondwet 'n duidelike plig van verantwoordbaarheid, deursigtigheid en responsiwiteit toeskryf aan alle fasette van die staat en dat die polisie dus nie 'n uitsondering is nie.[1177] Alhoewel organisatoriese skeiding tussen die polisie en die twee polities-verkose sfere, naamlik die uitvoerende- en wetgewende gesagte, uiteraard 'n apolitiese polisiëring sal bevorder en die vrese van politieke inmenging[1178] of aanwending[1179] sal verminder, kan dieselfde vlak van onafhanklikheid bekom word deur die grondwetlike verskansing van die polisie se onafhanklikheid.

Die belang van polisie-onafhanklikheid is geleë in die vermoë om, soos die howe, die NVG, of selfs die hoofstuk 9 instellings ter ondersteuning van grondwetlike demokrasie,[1180] werksaam te wees sonder vrees,

---

1174 Steytler 1992 *Legal Studies Forum* 163: "*It is argued that the state's attempts to present the SAP as an apolitical, impartial and professional police force may also involve making the police unaccountable to a future government.*" Sien ook Walsh en Conway 2011 *Crime, Law and Social Change* 61: "*On the other hand, to insulate the police too heavily against democratic direction and accountability will only lay the foundations for the worst excesses of a police state. The open-ended challenge, therefore, is to devise methods which strike a reasonable accommodation between these conflicting tensions*".

1175 Artikel 179(4) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

1176 Artikel 165 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

1177 Steytler 1992 *Legal Studies Forum* 163. Artikel 1 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996 lê waardes neer waarop die Suid-Afrikaanse demokrasie gefundeer is en geld vir alle sfere, vlakke en departemente van die staat.

1178 Sien as voorbeeld Minnaar 2008 *SA Crime Quarterly* 27; Reeves 2012 *SA Crime Quarterly* 24.

1179 Sien as voorbeeld Bruce 2008 *SA Crime Quarterly* 12.

1180 Hoofstuk 9 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

begunstiging of voordeel.[1181] Dit sal 'n toename in die verantwoordbaarheid van die ander sfere bewerkstellig vanweë die afwesigheid van politieke inmenging in die bevegting van korrupsie en magsmisbruik.[1182] Dit sal dus die polisie onderhewig maak aan die reg alleen en steeds, ingevolge normale strukture, onderwerp aan kruiskontrole deur die wetgewende gesag, die uitvoerende gesag,die regsprekende gesag en hoofstuk 9 instellings.[1183]

'n Benadering van hierdie aard, waarin die polisie onderhewig is aan die reg alleen, sou ook 'n daadwerklike bydrae kon bied om die verontagsaming van hofbevele[1184] deur die uitvoerende gesag te voorkom.[1185] Soortgelyk aan die regsprekende gesag, vervul die polisie 'n belangrike rol in die beskerming van die demokratiese en grondwetlike bedeling van Suid-Afrika. Versekering van 'n onafhanklike polisiediens sal 'n belangrike toevoeging wees tot die uitbou van die gees en die

---

1181 Artikel 165(2) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996 bepaal dat die onafhanklikheid van die regsbank, in die uitvoer van die regsprekende mandaat, onder andere behels: "(2) Die howe is onafhanklik en onderworpe slegs aan die Grondwet en die reg, wat hulle onpartydig en sonder vrees, begunstiging of vooroordeel moet toepas." Verder bepaal Artikel 179(4) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996 dat die NVG op soortgelyke wyse beskerm word: "(4) Nasionale wetgewing moet verseker dat die vervolgingsgesag sy funksies sonder vrees, begunstiging of vooroordeel verrig." Die onafhanklikheid van die polisie sou dus hiermee ooreen kon stem om te verseker dat geen inmenging met polisiëring plaasvind nie.

1182 Die afgelope dekade het reeds die moontlikheid van inmenging op hierdie wyses getoon deur, onder andere, die beweerde inmenging deur voormalige Nasionale Kommissaris Jackie Selebi, voormalige Nasionale Kommissaris Bheki Cele en voormalige president Thabo Mbeki.

1183 Steytler 1992 *Legal Studies Forum* 164. Die konsep van skeiding van magte behels die beginsel van kruiskontrole ingevolge waarvan die uitvoerende gesag verantwoordbaar is aan die wetgewende gesag en aan hersiening onderwerp kan word deur die regsprekende gesag. Soortgelyk sou 'n politieke onafhanklike polisie-sfeer ook verantwoordbaar wees aan die wetgewende gesag en onderworpe wees aan die howe. Die verhouding tot die uitvoerende gesag sou op verskillende wyses bewerkstellig kon word, deur byvoorbeeld die aanstelling van die nasionale kommissaris deur die president, koördineringskomitees op polisiëring, intelligensie en verdediging, of 'n onafhanklike klagtedirektoraat wat binne die uitvoerende gesag ressorteer.

1184 Roos 2006 *SALJ* 744; Malherbe en Van Eck 2009 *TSAR* 191.

1185 Die veronagsaming van regsprekende bevel kom veral voor in bevele teen die staat. Sonder afdwinging deur die polisie, is 'n hofbevel van hierdie aard onafdwingbaar en maak dit inbreuk op die beginsels van gelykheid voor die reg en die heerskappy van die reg. Sien artikel 1 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996

strekking van die Grondwet en demokrasie.[1186] In teenstelling met die grootskaalse grondwetwysiging wat die byvoeging van 'n onafhanklike polisiesfeer tot die skeiding van magte-leerstuk mag vereis, bewerkstellig 'n verskansing van onafhanklikheid, soortgelyk aan artikel 179(4),[1187] 'n voortsetting van die huidige organisatoriese struktuur, met 'n groter mate van onafhanklikheid.

Polisie-onafhanklikheid is essensieel vir effektiewe en professionele polisiëring van 'n demokratiese bestel. Dit bevorder die legitimiteit van 'n strafregstelsel en kweek vertroue by die gemeenskap wat dit dien.

3.4.2 *Polisiestrukture voortspruitend uit demokrasie*

Demokrasie as staatsvorm word sedert 1994 aangewend as hoeksteen van die kontemporêre Suid-Afrikaanse staatsbestel. Dit maak egter 'n sleggedefinieerde begrip uit en dra gevolglik verskillende interpretasies. Ten opsigte van polisiëring vind demokrasie aanwending in beide die organisatoriese struktuur van die polisie, sowel as in die substantiewe inhoud van polisiëring. Dit beïnvloed dus die samestelling, aard en werkswyse van die polisie en vertolk ook 'n kardinale rol in die kontemporêre staatsreg.

Hierdie bespreking fokus op die invloed wat demokrasie op die formele aspekte van die polisie uitoefen, terwyl hoofstuk 4 die substantiewe kwessies sal toelig. Op organisatoriese vlak beïnvloed demokrasie die politieke en siviele toesig, sowel as die juridiese beginsels wat daarmee verband hou.

1186 Devenish *A Commentary on the South African Constitution* 287; Manzi *The Role and Image of the Police in a Post-Apartheid Era* 491.

1187 Artikel 179(4) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996:
"(4) Nasionale wetgewing moet verseker dat die vervolgingsgesag sy funksies sonder vrees, begunstiging of vooroordeel verrig."

3.4.2.1 Demokrasie

Demokrasie word algemeen beskryf as 'n politieke ideaal of konsep,[1188] eerder as 'n juridiese beginsel.[1189] Meer pertinent verwys dit na 'n vorm van regering binne die politieke sfeer van 'n gemeenskap[1190] en neem dit gevolglik sosiologiese relevansie aan deurdat dit 'n impak op die strukturering van die samelewing tot gevolg het.[1191]

In sy mees basiese vorm behels demokrasie dat die regering van die staat gebaseer moet wees op die "wil van die burgers"[1192] en dat dit gevolglik 'n *"government of the people, by the people, for the people"* behels.[1193] Daar bestaan egter nie uitsluitsel oor wat die term demokrasie behels nie en vanweë hierdie feit word dit algemeen as problematies beskou.[1194]

In beide die historiese en kontemporêre tydperk het filosowe pertinente waardes aan demokrasie toegeskryf. Uiteraard was die onderliggende vereiste daarvan die verkiesing van gemeenskapsverteenwoordigers[1195]

1188 Birch *The Concepts and Theories of Modern Democracy* 1. Birch verduidelik die begrippe hieraan verbonde deur aan te voer: *"A political concept is an abstract idea about politics and people who discuss political matters use political concepts all the time. They cannot avoid doing so, because, as a British philosopher has said, 'our idea of what belongs to the realm of reality is given for us in the language that we use'".*

1189 Kant *Democratic Values* 18.

1190 Pennock *Democratic Political Theory* 3.*"Both etymology and history suggest that the primary meaning of democracy – certainly at least its original meaning – relates to a form of government".*

1191 Cawthra *et al Security and Democracy in Southern Africa* 1.

1192 Woolman *et al Constitutional Law of South Africa* 10-1; Currie en De Waal *Bill of Rights Handbook* 15.

1193 Die frase *"by the people, for the people",* deur Theodore Parker, is bekendgemaak deur President Abraham Lincoln in sy toespraak op 19 November 1863 te Gettysburg in die VSA.

1194 Currie en De Waal *Bill of Rights Handbook* 15. Sien ook Kant *Democratic Values* 14.

1195 Pericles (495-429 vC) verwys na demokrasie wanneer hy aanvoer: "*Our constitution does not copy the laws of neighbouring states; we are rather a pattern to others than imitators ourselves. Its administration favours the many instead of the few; this is why it is called a democracy."* Thucydides *History of the Peloponnesian War* 2.8. Sien ook Held *Models of Democracy* 13. Volgens Machiavelli behels demokrasie die regering *"by the favour of his fellow citizens"*

ten einde die regering te vorm, sowel as die insae van die gemeenskap in die doen en late van die regering.[1196] Dit is mettertyd onderskryf deur die beginsels van deursigtigheid,[1197] wat die gemeenskap insae gee in die uitoefening van owerheidsgesag, en verantwoordbaarheid,[1198] wat owerheidsgesag inperk deur sogenaamde gemeenskaptoesighouding. In die kontemporêre beskouing van demokrasie word hierdie verskynsels van gemeenskapsbetrokkenheid en die verkiesing van verteenwoordigers duidelik in deelnemende demokrasie[1199] en verteenwoordigende demokrasie weerspieël.[1200]

Ten einde die bogenoemde beginsels van stemreg, insae, deursigtigheid en verantwoordbaarheid te kon bewerkstellig, het filosowe geredelik regte aan die burgers en stemgeregtigdes toegeskryf. Dit het onder andere gelyke en vrye stemreg,[1201] sowel as voldoende inligting omtrent

---

en lê hy klem op die feit dat gemeenskap die regering daarstel en dat die staat gevolglik mag vanaf die burgers bekom. Sien Machiavelli *The Prince* 43.

1196 Blaug en Schwarzmantel *Democracy* 158.

1197 Hyland *Democratic Theory* 186. John Mill (1806-1873) het veral baie klem hierop gelê. Dit was meestal gebaseer op sy siening dat die staatsoptrede voldoende of regmatig is solank as wat dit in die beste belang van die gemeenskap is. Gevolglik moet die gemeenskap kennis dra van hierdie aksies ten einde 'n oordeel te kan verg. Sien in hierdie verband Birch *The Concepts and Theories of Modern Democracy* 98.

1198 Held *Models of Democracy* 80. Hierdie was ook 'n voortvloeisel van Mill se benadering. Hy meen onder andere "*the rights and interest of every or any person are only as secure from being disregarded when the person interested is himself able, and habitually disposed, to stand up for them… Human beings are only secure from evil at the hand of others in proportion as they have the power of being, and are, self-protecting."* Sien in hierdie verband Hyland *Democratic Theory* 186.

1199 Deelnemende demokrasie behels die insae van die stemgeregtigdes en burgers tot regering en sake wat hulle aangaan, maar hulle doen dit nie deur verteenwoordiging nie. Woolman *et al Constitutional Law of South Africa* 10-4; Booysen 2009 *Politeia* 3.

1200 Verteenwoordigende demokrasie kan beskryf word as die beginsel dat burgers deur middel van verkose verteenwoordigers deelneem aan die politieke aktiwiteite van 'n betrokke staat. Die gebruik van verteenwoordigers in die uitoefening van politieke regte, in teenstelling met direkte betrokkenheid, soos voortspruitend uit die vroeë gemeenskappe, is egter die mees kontemporêre vorm van demokrasie en kan teruggespeur word na die tweede helfte van die negentiende eeu. Masango 2009 *Journal of Public Administration* 123; Woolman *et al Constitutional Law of South Africa* 10-11.

1201 Pericles, Aristoteles, Locke en Rousseau het almal gelykheid van burgers, binne die politieke arena, as 'n kenmerk van demokrasie geïdentifiseer. Sien in hierdie verband Lipson *The Democratic Civilization* 25; Aristotle *Politics* 87: *"Of forms of democracy first comes that which is said to be based strictly on equality. In such a democracy the law says that it is just for the poor to have no*

die staat se funksionering ingesluit.[1202] Alhoewel hierdie regte in die kontemporêre staatsreg as politieke regte bekendstaan,[1203] vorm dit deel van die meer oorhoofse menseregtebegrip van demokrasie wat na die Tweede Wêreldoorlog in Westerse lande ontwikkel het.[1204]

Hierdie beginsels, waardes en regte word ook in die Suid-Afrikaanse demokrasie weerspieël.[1205] As bevestiging van Suid-Afrika as 'n demokratiese bestel, bepaal artikel 1 van die Grondwet[1206] dat Suid-Afrika "een soewereine en demokratiese staat is". Vanweë die ongedefinieerdheid van demokrasie in die algemeen, sluit die grondwetskrywers waardes in wat, binne die Suid-Afrikaanse konteks, aan demokrasie toegeskryf word.[1207] Artikel 1 bevestig die menseregtekonsep, met klem op menswaardigheid, vryheid en gelykheid,[1208] terwyl regstaatlikheid, aan die hand van *rule of law* ook bevestig word.[1209] Die beginsels wat histories aan demokrasie toegeskryf is word saamgegroepeer in artikel 1(d) deur die bevestiging van stemreg, gereelde verkiesing, die deursigtigheid en

---

more advantage than the rich; and that neither should be masters, but both equal. For liberty and equality, as is thought by some, are chiefly to be found in democracy, they will be best attained when all persons alike share in the government to the utmost.". Lindsay *The Modern Democratic State* 122. *"Locke's society is a society of equals in that all have equal moral right. His government is founded on consent. All must agree to the setting up of the government; but their unanimous consent is, for Locke, consent to abide by the decision of a majority."* Scott *Political Philosophers* 8 *"freedom is the obedience to a law which we prescribe to ourselves".*

1202 Jürgen Habermas (gebore 1929) is veral 'n baie groot voorstander hiervan. Hy is van mening dat die volk voldoende inligting omtrent die doen en late van die staat behoort te hê, en dat die staat dit teweeg moet bring deur 'n "taal" en "prosedure" te skep wat dit verseker. Hyland *Democratic Theory* 156. Habermas verwys hierna as die "ideal speech" situasie. Sien ook Otto en Fourie 2009 *Koers* 230; Davis *Democracy and Deliberation* 8; Specter *Habermas* 64.

1203 Artikel 19 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

1204 De Ville 2006 *Acta Juridica* 66; Currie en De Waal *The New Constitutional and Administrative Law* 22; McCormick *Comparative Politics in Transition* 22.

1205 Venter *Constitutional Comparison* 138.

1206 Artikel 1 van *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

1207 Currie en De Waal *Bill of Rights Handbook* 14.

1208 Artikel 1(a) van *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

1209 Rautenbach en Malherbe *Constitutional Law* 9; Artikel 1(c) van *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996. Sien ook in hierdie verband die bespreking in hoofstuk 4 van hierdie proefskrif.

verantwoordbaarheid van die regering.[1210] Die artikel gaan verder deur ŉ addisionele beginsel, naamlik responsiwiteit,[1211] hierby te voeg om die voorafgaande waardes te ondersteun.

In teenstelling met meeste Westerse demokrasieë, is Suid-Afrika bevoorreg om ŉ grondwetlike verskansing van demokrasie te bevat. Uiteraard raak demokrasie en die onderliggende waardes, alle sfere en vlakke van regering, met insluiting van polisiëring.[1212] Moseneke verduidelik die belang hiervan as volg:

> *In other words, for us, democracy is more than a mathematical game. It is a veritable vehicle for the realisation of a cluster of foundational values and social goals that ought to inform the kind of society that we seek to create. Even a democratic majority is not enough to rubbish these selected core values and objects that we have collectively chosen to immunise from populism.*[1213]

3.4.2.2 Demokrasie in die Suid-Afrikaanse polisiestruktuur

Buiten die algemene bepalings aangaande die staat se plig om verantwoordbaarheid, deursigtigheid en ŉ responsiewe ingesteldheid te verseker,[1214] bepaal artikel 199 van die Grondwet uitdruklik dat alle veiligheidsdienste, met insluiting van die polisie, op hierdie wyses gereguleer moet word.[1215] Dit dien as onderliggende beginsel van alle daaropvolgende bepalings aangaande die veiligheidsmagte, en lê ŉ plig op die staat om die realisering daarvan te verseker. Die Grondwet

---

1210 Artikel 1(d) van *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996. Sien ondersteunend hiertoe ook Artikel 19 van *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

1211 Currie en De Waal *The New Constitutional and Administrative Law* 90.

1212 Sien onder andere artikels 57, 61, 70, 116, 160(8) en 199(8) van *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

1213 Moseneke 2012 *SALJ* 18.

1214 Cawthra *et al Security and Democracy in Southern Africa* 5.Sien ook Artikels 1, 36(1), 39(1)(a), 59, 72, 118, 160(7) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

1215 Artikel 199(8) van *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996:
"(8) Ten einde uitvoering te gee aan die beginsels van deursigtigheid en verantwoordingspligtigheid moet veelparty-komitees van die Parlement toesig hou oor alle veiligheidsdienste op ŉ wyse wat deur nasionale wetgewing of, die reëls en orders van die Parlement bepaal word".

bewerkstellig hierdie vereistes op vyf wyses, naamlik politieke toesig, interne toesig, wetgewende toesig, burgerlike toesig en gemeenskapspolisiëring.

3.4.2.2.1 Politieke toesig

Artikel 206 bepaal dat politieke toesig deur die aanstelling van 'n minister verantwoordelik vir die polisie behartig moet word.[1216] Dit maak egter uitdruklik voorsiening daarvoor dat die polisie nie slegs deur 'n enkele politieke afgevaardigde op nasionale vlak gereguleer word nie, maar dat elke provinsie daarop geregtig is om 'n lid van die uitvoerende gesag aan te wys vir hierdie doel.[1217] Hierdie bepalings het meervoudige implikasies met betrekking tot demokrasie. Dit verseker, in die eerste plek, dat die polisie nie 'n ontoeganklike entiteit behels wat vervreemd van die gemeenskap funksioneer nie,[1218] terwyl insae deur middel van verkose verteenwoordigers bewerkstellig word.[1219] Voorts bepaal artikel 206(3) dat polisie-optrede[1220] en doeltreffendheid[1221] deur politieke toesig gemonitor mag word, wat verantwoordbaarheid verseker, terwyl die gemeenskapsbelang en insae verseker word deur middel van gemeenskapspolisiëring,[1222] sigbare polisiëring[1223] en interaksie van nasionale en provinsiale regerings.[1224]

1216 Artikel 206(1) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996:
"(1) 'n Lid van die Kabinet moet vir polisiëring verantwoordelik wees en moet na oorleg met die provinsiale regerings en met inagneming van die polisiëringsbehoeftes en -prioriteite van die provinsies soos deur die provinsiale uitvoerende gesagte bepaal, die nasionale polisiëringsbeleid bepaal."

1217 Artikel 206(3) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

1218 Paun *Democratization and Police Reform* 35.

1219 Alhoewel hierdie verteenwoordigers nie direk verkies is tot die posisie nie, is hulle wel verkose lede tot die onderskeie wetgewende gesagte en aangestel as verkose lede van die gemeenskap. Gevolglik word hul geag as gemeenskapsverteenwoordigers.

1220 Artikel 206(3)(a) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

1221 Artikel 206(3)(b) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

1222 Artikel 206(3)(c) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

1223 Artikel 206(3)(d) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

1224 Artikel 206(3)(e) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

3.4.2.2.2 Interne toesig

Toesig op interne vlak word uitgeoefen deur Nasionale[1225] en Provinsiale Kommissarisse.[1226] Die Grondwet maak voorsiening vir beheer oor die polisie deurdat die President 'n persoon moet aanstel om die polisie te beheer en te bestuur.[1227] Hierdie wyse van toesig het toenemend problematies vertoon vanweë die politieke aard wat dit die laaste dekade aangeneem het.[1228] Tydens die transformasieproses is hierdie posisie vanuit ervare polisiegeledere gevul met die aanstelling van George Fivaz deur President Nelson Mandela.[1229] Sedertdien word hierdie posisie egter deur politieke aanstellings gekenmerk met onder andere Jackie Selebi,[1230] Bheki Cele[1231] en die huidige nasionale kommissaris Riah

---

1225 Masiapata *Ethics and Ethos in the SAPS* 47; Artikel 207(1) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

1226 Artikel 207(3) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

1227 Dixon 2000 *SACJ* 74.

1228 Bruce 2008 *SA Crime Quarterly* 14.

1229 Burger *White Male Police Officers serving in the SAPS* 40. Die voormalige Generaal George Fivaz, 'n voormalige Apartheidspolisie-generaal, is aangewys vanweë die behoefte na in-diepte kennis van die Suid-Afrikaanse polisiekultuur en vereistes. Die ondersoek wat tot die aanstelling van Fivaz gelei het, het beoog om 'n individu uit polisiegeledere aan te stel wat bo verdenking was en nie deelgehad het aan Apartheidsoortredings nie.

1230 Jackie Selebi, wat deel uitgemaak het van die ANC se anti-Apartheidsbeweging, was 'n hoogaangeskrewe lid en verteenwoordiger van die ANC tydens die apartheidsjare. Na 1994 en voor sy aanstelling as Nasionale Kommissaris van die SAPD (2000-2008) het Selebi as die Suid-Afrikaanse ambassadeur aan die Verenigde Nasies gedien (1995-1998), waarna hy as Direkteur-Generaal van Departement Buitelandse Sake aangestel is. Hy het hierdie posisie beklee tot en met sy aanstelling as kommissaris in 2000. Hy het oor geen polisie-opleiding, ervaring of professionele kwalifikasie in polisiëring beskik nie. In 2008 is hy op spesiale verlof geplaas en later as Nasionale Kommissaris geskors. Vervolging is in 2008 teen hom ingestel op klagtes van korrupsie, vanweë sy vriendskap met 'n sogenaamde misdaadbaas Glenn Agliotti. Op 2 Julie 2010 is Selebi skuldig bevind aan korrupsie en tot vyftien jaar gevangenisstraf gevonnis. Sien in hierdie verband *Selebi v S* 2012 1 All SA 332 (HHA); De Villiers 2008 *TSAR* 558; Newham en Fuall 2012 *ISS Monograph* 23.

1231 Bheki Cele, wat as Nasionale Kommissaris van die SAPD gedien het tussen Julie van 2009 en Oktober van 2011, het ook 'n politieke loopbaan in aanloop tot polisiekommissaris gehad. Cele het ook geen polisie-opleiding of ervaring gehad nie, maar het wel as Lid van die Uitvoerende Raad vir Vervoer, Veiligheid en Sekuriteit in KwaZulu-Natal gedien tussen 2004 en 2009. As lid van die ANC het hy aandeel gehad in die skepping van die Nasionale Onderwys Unie van Suid-Afrika. In 2011 is Cele onthef van sy verpligtinge as Nasionale Kommissaris van die SAPD, vanweë 'n ondersoek wat geloods is na sy wanbesteding van R1.7 miljoen belastinggeld. Sien in hierdie verband Kinnes en Newham 2012 *SA Crime Quarterly* 35; Faull 2011 *ISS Paper* 19.

Phiyega.[1232] Dit kan aangevoer word dat hierdie interne toesighoudende aanstelling van 'n politieke aard slegs die politieke toesighouding versterk en wegdoen met gespesialiseerde interne kennis van polisiëringsbestuur.[1233] Vir hierdie doeleindes moet dit as 'n interne politieke toesighouding beskou word en nie as professionele polisie toesighouding nie. Die huidige funksie van die Suid-Afrikaanse interne toesighouer, die Kommissaris, het dus vervaag tot die dag-tot-dag bestuur van die polisie ooreenkomstig die opdragte en beleid deur politieke toesigstrukture, en is nie daarop gemik om 'n professionele, selfs wetenskaplike benadering tot polisiëring, te neem nie.[1234] Die interne en eksterne polisiebestuurstrukture is gevolglik polities van aard en op hulle beurt ook verantwoordbaar aan die politieke strukture van die wetgewende gesag.[1235]

3.4.2.2.3 Wetgewende toesig

Wetgewende toesig kom voor in die vorm van beide veelparty portfoliokomitees[1236] en die verantwoordingstelling van die Minister van Polisie voor die Parlement.[1237] Die portfoliokomitee evalueer die

---

1232 Riah Phiyega is aangestel as Nasionale Kommissaris van die SAPD in 2012. Sy beskik oor kwalifikasies in maatskaplike werk en word gesiene geag in die korporatiewe wêreld. Haar bestuurservaring sluit veral posisies in vervoer- en hawebeheer in. Sy het ook omvattende ervaring in staatsbestuurkomitees, onderrigverwante komitees en in die sfeer van nie-regeringsorganisasies. Ten tye van die afhandeling van hierdie proefskrif was Genl. Riah Phiyega die Nasionale Kommissaris van die SAPD,maar daar heers wel 'n kontroversie oor haar bevoegdheid om as Nasionale Kommissaris te dien, terwyl 'n ondersoek van regsverydeliking deur die Onafhanklike Klagtedirektoraat teen haar hangend is. Sy word verder ten sterkste gekritiseer oor haar hantering van die Marikana-slagting en het haar tekort aan polisiëringskennis op verskeie geleenthede laat blyk tydens die Farlam Kommissie. Sien Moloto *Star* 3; Tau *Star* 1; Nhlabathi *Sowetan* 4.

1233 Bruce 2008 *SA Crime Quarterly* 14; Burger *White Male Police Officers serving in the SAPS* 63.

1234 Olivier 1995 *SACJ* 313.

1235 Dixon 2000 *SACJ* 76. Dixon argumenteer egter dat omvattende politieke toesig 'n positiewe aspek is van die bepalings van die Grondwet in die sin dat dit die polisie se rigiedheid beperk, en dat dit 'n belangrike verskynsel van demokrasie voorstel. So 'n opinie kan egter nie ondersteun word met betrekking tot die fisiese polisiëringbestuur deur kommissarisse nie.

1236 Artikel 199(8) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

1237 Artikel 92(2) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

werksaamhede van beide die polisie en toesighoudende strukture en is by magte om enige persoon te dagvaar om getuienis voor ’n komitee te lewer of verantwoording te doen vir enige wanpraktyke of wanbestuur. Dienooreenkomstig oefen die Nasionale Vergadering en Nasionale Raad van Provinsies gesamentlik toesig uit oor die politieke en bestuurstrukture van die polisie, deur verantwoording van hierdie strukture te eis vir enige aspek van polisiëring wat toeligting vereis.[1238]

3.4.2.2.4 Toesig deur Burgerlike Sekretariaat

Die Grondwet maak in artikel 208 voorsiening vir ’n Burgerlike Sekretariaat vir die Polisie deur te bepaal:

> **208 Burgerlike sekretariaat vir Polisie**
> 'n Burgerlike sekretariaat vir die polisiediens moet deur nasionale wetgewing ingestel word om te funksioneer in opdrag van die Kabinetslid wat vir polisiëring verantwoordelik is.[1239]

Ooreenkomstig die bepaling van artikel 208, bring artikel 2 van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* die Burgerlike Sekretariaat tot stand.[1240] Dit het ’n verpligting op die voormalige Minister van Veiligheid en Sekuriteit geplaas om die Sekretariaat op beide nasionale en provinsiale vlak te struktureer in oorleg met die Provinsiale Regerings en die Sekretariaat tot so ’n mate te bemagtig om sy of haar funksie effektief te vervul.[1241] Deur middel van ’n omvattende bepaling in artikel 3 van die

---

1238 Manzi *The Role and Image of the Police in a Post-Apartheid Era* 43; Masiapata *Ethics and Ethos in the SAPS* 70.

1239 Artikel 208 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996: “’n Burgerlike sekretariaat vir die polisiediens moet deur nasionale wetgewing ingestel word om te funksioneer in opdrag van die Kabinetslid wat vir polisiëring verantwoordelik is.”

1240 Artikel 2 van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 van 1995. Artikel 2 is sedertdien geskrap deur die *Civilian Secretariat for Police Service Act* 2 of 2011.

1241 Artikel 2 van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 van 1995:
(1) (a) Die Minister moet 'n sekretariaat instel wat die Sekretariaat vir Veiligheid en Sekuriteit genoem word.
(b) 'n Provinsiale regering kan 'n provinsiale sekretariaat instel wat die Provinsiale Sekretariaat vir Veiligheid en Sekuriteit genoem word: Met dien verstande dat die datum waarop 'n provinsiale sekretariaat in

laasgenoemde wet, stel dit ook die funksie en bevoegdhede van die Sekretariaat duidelik:

> (1) Die sekretariaat-
> *(a)* adviseer die Minister in die uitoefening van sy of haar bevoegdhede en die verrigting van sy of haar pligte en werksaamhede;
> *(b)* verrig die werksaamhede wat die Minister nodig of dienstig ag om burgerlike toesig oor die Diens te verseker;
> *(c)* bevorder demokratiese verantwoordbaarheid en deursigtigheid in die Diens;
> *(d)* bevorder en vergemaklik deelname deur die Diens aan die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram;
> *(e)* voorsien die Minister van regsdienste en advies oor konstitusionele aangeleenthede;
> *(f)* voorsien die Minister van kommunikasie-, ondersteunings- en administratiewe dienste;
> *(g)* moniteer die implementering van beleid en voorskrifte deur die Minister uitgereik en doen aan die Minister verslag daaroor;
> *(h)* doen navorsing oor enige polisiëringsaangeleentheid ooreenkomstig die opdragte van die Minister en doen aan die Minister verslag daaroor;
> *(i)* verrig die werksaamhede wat van tyd tot tyd deur die Minister aan die sekretariaat opgedra word; en
> *(j)* evalueer die funksionering van die Diens en doen aan die Minister verslag daaroor.[1242]

Sedert 2011 word die Burgerlike Sekretariaat nie meer aan die hand van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens*[1243] gereguleer nie, maar eerder deur middel van die *Civilian Secretariat for Police Service Act* (hierna *Civilian Secretariat Act*).[1244] Alhoewel die bogenoemde artikel 3 van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* klaarblyklik steeds van krag bly, en grootliks ooreenstem met artikel 6(2) van die *Civilian*

---

werking tree, deur 'n provinsiale regering in oorleg met die Minister bepaal word.
(2) Behoudens die wette op die Staatsdiens, kan die Minister 'n persoon in die amp van Sekretaris aanstel wat verantwoordelik is vir
(a) die verrigting van die werksaamhede van die sekretariaat; en
(b) die bestuur en administrasie daarvan:
(3) Behoudens die wette op die Staatsdiens, kan die Sekretaris in oorleg met die Minister die personeel aanstel wat nodig is om die Sekretaris, behoudens sy of haar beheer en voorskrifte, by te staan met die verrigting van enige werksaamheid van die sekretariaat.

1242 Artikel 3(1) van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 van 1995.
1243 *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 van 1995.
1244 *Civilian Secretariat for Police Service Act* 2 of 2011.

Secretariat Act, bepaal artikel 6(1) van die laasgenoemde wet ook die doel, funksies en bevoegdhede van die Sekretariaat. Dit is opmerklik hoe die *Civilian Secretariat Act* se benadering verskil van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* deur 'n groter mate van verantwoordbaarheid en deursigtigheid na te streef. Artikel 6 van die *Civilian Secretariat Act* is amper uitsluitlik gemik op die ondersoek en vervolging van polisie-oortredings.[1245]

Alhoewel dit uiteraard die oogmerk van die Sekretariaat is om die polisiediens se werksaamhede te bevorder,[1246] bepaal die Sekretariaat se mandaat pertinent dat dit eerder in 'n toesighoudende kapasiteit oor die Ministerie van Polisie funksioneer.[1247] Die samestelling van die

---

1245 Artikel 6 van die *Civilian Secretariat for Police Service Act* 2 of 2011:
(1) The Civilian Secretariat must, in order to achieve its objects-
(a) monitor the performance of the police service and regularly assess the extent to which the police service has adequate policies and effective systems and to recommend corrective measures;
(b) monitor the utilisation of the budget of the police service to ensure compliance with any policy directives or instructions of the Minister;
(c) monitor and evaluate compliance with the Domestic Violence Act, 1998 (Act 116 of 1998);
(d) make recommendations to the police service on disciplinary procedures and measures with regard to non-compliance with the Domestic Violence Act, 1998;
(e) consider such recommendations, suggestions and requests concerning police and policing matters as it may receive from any source;
(f) conduct or cause to be conducted any research as it may deem necessary;
(g) enter into either memoranda of understanding or agreements or both, in consultation with the Minister, with civilian oversight groups and other parties and engage such groups and parties to strengthen co-operation between the various roleplayers;
(h) advise and support the Minister in the exercise of his or her powers and the performance of his or her functions;
(i) provide the Minister with regular reports with regard to-
(i) the performance of the police service; and
(ii) implementation of and compliance by the police service with policy directives issued or instructions made by the Minister; and
(j) assess and monitor the police service's ability to receive and deal with complaints against its members.

1246 Artikel 6(1) van die *Civilian Secretariat for Police Service Act* 2 of 2011.

1247 Artikel 8(2) van die *Civilian Secretariat for Police Service Act* 2 of 2011; Artikel 3(1) van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 van 1995. Die bewoording van artikel 3 is van so 'n aard dat die ministerie van polisie sentraal staan tot alle verpligtinge van die sekretariaat. Alhoewel die polisie opsigself onder die ministerie ingelees kan word, wil dit voorkom asof al die verpligtinge van die sekretariaat administratief van aard is. Olivier 1995 *SACJ* 321 voer aan

sekretariaat poog om liggame op nasionale en provinsiale vlak[1248] te skep met ’n groter mate van onafhanklikheid deurdat dit direk aan die Minister van Polisie, of die betrokke LUR, rapporteer. Tog bly die aanstellings en verwydering van die sekretariaat onderhewig aan die goedkeuring van die Minister, wat die moontlikheid daarstel vir politiesgedrewe aanstellings.[1249]

Alhoewel die sekretariaat oor die algemeen as effektief bestempel word, kan tog aangevoer word dat die sekretariaat gereeld wanaangewend of selfs opsy geskuif word.[1250] Teoreties gesproke vervul die Sekretariaat ’n edel rol in die toesighoudende kapasiteit oor die polisie, maar is dit tog vatbaar vir politieke inmenging.

3.4.2.2.5 Toesig deur Onafhanklike Polisie-ondersoek Direktoraat

Waarskynlik die mees omstrede wyse van toesighouding verskyn in die vorm van die Onafhanklike Polisie-ondersoek Direktoraat (OPOD), beter bekend as IPID.[1251] OPOD is die opvolger van die Onafhanklike Klagtedirektoraat (OKD),[1252] en voorsien in die behoefte wat gestel is deur artikel 206 van die Grondwet wat bepaal dat:

> (6) By ontvangs van 'n klagte wat deur 'n provinsiale uitvoerende gesag ingedien is, moet 'n onafhanklike klagteliggaam vir die polisie deur nasionale wetgewing ingestel, ondersoek instel na enige beweerde wangedrag van, of oortreding begaan deur, 'n lid van die polisiediens in die provinsie.[1253]

---

dat een van die belangrikste grondwetlike beginsels in polisiëring die daarstelling van burgerlike kontrole was: “*The emphasis on civilian control (by means of the establishment of a civilian secretariat, inter alia responsible for monitoring and policy advice to the national minister of safety and security).”.*

1248 Van Graan *Obstacles Impeding the Transformation Process in the South African Police Force* 35; Artikel 3(3) van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 van 1996.

1249 Artikels 7 en 10 van die *Civilian Secretariat for Police Service Act* 2 of 2011.

1250 Dixon 2000 *SACJ* 78.

1251 *Independent Police Investigative Directorate*

1252 Vawda en Mtshali 2013 *Law, Democracy and Development* 137.

1253 Artikel 206 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

OPOD is deur artikel 3 van die *Independent Police Investigative Directorate Act*[1254] in die lewe geroep en buite die struktuur van die SAPD geskep ten einde 'n groter mate van onafhanklikheid te verseker.[1255] Die onafhanklikheid word selfs op begroting en finansiële vlak verseker deurdat die Wetgewer OPOD befonds ten einde onbehoorlike inmenging te voorkom.[1256] Die OPOD is op Nasionale en Provinsiale vlak gestruktureer en word deur 'n bestuurskomitee[1257] onder die leiding van die Uitvoerende Direkteur bestuur.[1258] Artikel 28 van die van die *Independent Police Investigative Directorate Act* bepaal die funksie van OPOD deur te bepaal:

> *(1) The Directorate must investigate-*
> *(a) any deaths in police custody;*
> *(b) deaths as a result of police actions;*
> *(c) any complaint relating to the discharge of an official firearm by any police officer;*
> *(d) rape by a police officer, whether the police officer is on or off duty;*
> *(e) rape of any person while that person is in police custody;*
> *(f) any complaint of torture or assault against a police officer in the execution of his or her duties;*
> *(g) corruption matters within the police initiated by the Executive Director on his or her own, or after the receipt of a complaint from a member of the public, or referred to the Directorate by the Minister, an MEC or the Secretary, as the case may be; and*
> *(h) any other matter referred to it as a result of a decision by the Executive Director, or if so requested by the Minister, an MEC*

1254 Artikel 3 van die *Independent Police Investigative Directorate Act* 1 of 2011:
3 Establishment
(1) The Independent Police Investigative Directorate, to be structured at national level, with provincial offices, is hereby established.
(2) The Directorate must exercise its functions in accordance with this Act and any other relevant law.
(3) The Directorate is financed from money that is appropriated by Parliament.

1255 Artikel 4 van die *Independent Police Investigative Directorate Act* 1 of 2011:
4 Independence and impartiality
(1) The Directorate functions independently from the South African Police Service.
(2) Each organ of state must assist the Directorate to maintain its impartiality and to perform its functions effectively.
Sien ook in hierdie verband Vawda en Mtshali 2013 *Law, Democracy and Development* 143 vir 'n onvattende bespreking aangaande die onafhanklikheid van toesighoudende ondersoekeenhede.

1256 Artikel 3(3) van die *Independent Police Investigative Directorate Act* 1 of 2011.

1257 Artikel 11 van die *Independent Police Investigative Directorate Act* 1 of 2011.

1258 Artikel 6 van die *Independent Police Investigative Directorate Act* 1 of 2011.

or the Secretary as the case may be, in the prescribed manner.

(2) The Directorate may investigate matters relating to systemic corruption involving the police.

Die wet maak verder voorsiening vir die OPOD om alle polisie-instansies, insluitend munisipale polisiedienste, op hierdie wyse te ondersoek.[1259] Dit bied gevolglik 'n omvattende rol aan OPOD ten opsigte van enige polisie-ongeruimdhede. Dit verseker verder dat ondersoeke sonder politieke of uitvoerende inmenging sal plaasvind en poog gevolglik om 'n groter mate van legitimiteit aan toesighouding oor die polisie te verseker.[1260]

3.4.2.2.6 Gemeenskapstoesig

Laastens kan Gemeenskapspolisiëringsforums (GPFs) ook beskou word as 'n mate van publieke toesig.[1261] GPF's is in artikel 221 van die *Interim Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, as vereiste gestel. Ingevolge artikel 221(2) word die funksie van die GPF's uiteengesit as

a. the promotion of accountability of the Service to local communities and co-operation of communities with the Service;
b. the monitoring of the effectiveness and efficiency of the Service;
c. advising the Service regarding local policing priorities;
d. the evaluation of the provision of visible police services, including
  i. the provision, siting and staffing of police stations;
  ii. the reception and processing of complaints and charges;
  iii. the provision of protective services at gatherings;
  iv. the patrolling of residential and business areas; and
  v. the prosecution of offenders; and
e. requesting enquiries into policing matters in the locality concerned.[1262]

Die belang hiervan word ook bevestig in artikel 206 van die finale Grondwet, alhoewel dit nie so omvattend gestipuleer word nie. GPF's

---

1259 Artikel 2(g) van die *Independent Police Investigative Directorate Act* 1 of 2011

1260 Faull 2011 *ISS Paper* 5.

1261 Dixon 2000 *SACJ* 77; Minnaar 2010 *Acta Criminologica* 192.

1262 Artikel 221(2) van die *Interim Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 200 van 1993.

kan op plaaslike,[1263] area[1264] of provinsiale vlak[1265] saamgestel word en moet deur die betrokke vlak van die SAPD daargestel en verteenwoordig word. Dit staan gevolglik enige individu vry om deel te vorm van so ŉ GPF. Die instelling van GPFs val onder die verpligting van die provinsiale polisie,[1266] maar word behartig deur die plaaslike polisiestrukture ten einde beter samewerking tussen die polisie en die gemeenskap te bewerkstellig.[1267]

Die doelstelling is om te verseker dat die polisie en gemeenskap goeie kommunikasiemiddele ontwikkel terwyl die inwoners van ŉ betrokke area insae het in die werksaamhede van die polisie en gevolglik ŉ mate van toesig daarstel.[1268] Dit bevorder dus die beginsels van die deursigtigheid en verantwoordbaarheid op grondvlak.[1269] Die verpligting van die staat tot ŉ responsiewe ingesteldheid word hier die beste ervaar deurdat daadwerklike probleme van die gemeenskap direk aangespreek word deur die operasionele personeel op grondvlak.[1270] Hierdie vorm van polisiëring bevorder polisie-gemeenskapsverhoudinge deurdat dit

---

1263 Artikel 19 van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 van 1995: "(1) 'n Provinsiale Kommissaris is, behoudens die voorskrifte van die lid van die Uitvoerende Raad, verantwoordelik vir die instelling van gemeenskapspolisieforums by polisiestasies in die provinsie wat, behoudens subartikel (3), in die algemeen verteenwoordigend van die plaaslike gemeenskap moet wees."

1264 Artikel 20 van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 van 1995: "(1) 'n Provinsiale Kommissaris is, behoudens die voorskrifte van die lid van die Uitvoerende Raad, verantwoordelik vir die instelling van areagemeenskapspolisierade in alle areas binne die provinsie."

1265 Artikel 21 van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 van 1995: "(1) 'n Provinsiale Kommissaris is, behoudens die voorskrifte van die lid van die Uitvoerende Raad, verantwoordelik vir die instelling van 'n provinsiale gemeenskapspolisieraad."

1266 Artikel 19(3) van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 van 1995.

1267 Minnaar 2010 *Acta Criminologica* 192.

1268 Mokotedi *Measurement of Police Cynicism* 71.

1269 Minnaar 2010 *Acta Criminologica* 192.

1270 Marks, Shearing en Wood 2009 *Police Practice and Research* 148; Benit-Gbaffou 2008 *Journal of South African Studies* 95: "*At the same time, CPF policing principles as a whole are undergoing an important shift, from 'bandit catching' to 'problem-solving approaches': the various security stakeholders are encouraged to prevent crime from occurring – not so much through social welfare and educational measures (preventing residents from becoming criminals), but mainly through changes in environmental design and forms of neighbourhood watch (preventing the crime from being committed at a specific place and at a specific time).*

toeganklik is vir die publiek en nie so verwyderd is van die gemeenskap soos op nasionale en provinsiale vlak nie.

3.4.2.3 Demokrasie in buitelandse polisiestrukture

Die aanwending van demokrasie in buitelandse polisiëringstelsels is op strukturele vlak gefokus op verantwoordbaarheid teenoor die gemeenskap. Hunter meen hierdie toepassing van demokrasie kan in drie klassifikasies vervat word, naamlik gefragmenteerde demokratiese polisiestrukture; gesentraliseerde demokratiese polisiestelsels en geïntegreerde demokratiese polisiestrukture.[1271] Hy deel state soos Kanada en die VSA, met hoogsgedesentraliseerde polisiestelsels, onder die gefragmenteerde demokratiese polisiestelsel vanweë die plaaslike vlak van politieke toesighouding.[1272] Dit weerspieël 'n direkte vorm van demokrasie, met politieke en professionele polisietoesig. Die direkte vorm van demokrasie verseker dat die polisie, sowel as die professionele en politieke toesighouers direk verantwoordbaar is aan die gemeenskap wat hulle dien.[1273]

Die gesentraliseerde demokratiese polisiestelsels funksioneer uiteraard onder nasionale owerheidstrukture, soortgelyk aan die SAPD.[1274] Lande wat voorbeelde hiervan uitmaak is uiteraard Frankryk en Italië.[1275] Dit behels polisiëring wat direk aan 'n sentrale liggaam, soos byvoorbeeld 'n Parlement, verantwoordbaar is, of alternatiewelik 'n staatsdepartement. Beide hierdie laasgenoemde voorbeelde beliggaam strukture wat daargestel word deur verteenwoordigende demokrasie.[1276] Soortgelyk aan die Suid-Afrikaanse toepassing van demokrasie in polisiestrukture,

---

1271 Hunter 1990 *Police Studies* 118.

1272 Sung 2005 *International Journal of Police Strategies and Management* 361.

1273 Angell 1976 *Criminal Justice Review* 41. "*Such a philosophical perspective in the United States is not new - it is a basic element which helps distinguish policing that is supportive of democracy from policing of more authoritarian, totalitarian forms of government.*"

1274 Sien afdeling 3.2.3.1 van hierdie proefskrif.

1275 Hunter 1990 *Police Studies* 120.

1276 Bayley 1972 *Law and Society Review* 93; Das 1994 *Police Journal* 160.

word die politieke toesighouers demokraties verkies, terwyl die professionele polisietoesighouers, in die vorm van 'n Polisiehoof, Polisiekommissaris, Hoofkonstabel of Hoofprefek, deur die staatshoof aangewys word.[1277] Dit behels dus ook nie demokratiese verkiesing nie, maar is 'n voortvloeisel van die demokratiese proses.

Geïntegreerde demokratiese polisiestrukture, soos in die geval van Brittanje, Duitsland en Australië,[1278] maak voorsiening vir 'n kombinasie van gefragmenteerde en gesentraliseerde demokratiese polisiestrukture. Owerheidsgesag word gevolglik gedeel deur nasionale en plaaslike regerings, elk met sy eie vorm van demokratiese verantwoordbaarheid, maar is verder ook verantwoordbaar teenoor mekaar.[1279] Dit sluit in politieke toesighoudingskomitees, interne of eksterne ondersoekeenhede om polisie-oortredings te bekamp en verkose polisiekommissarisse. Dit sorg vir plaaslike- en nasionaal verkose polisietoesighouding. Dit verseker uiteraard die grootste mate van deursigtigheid en verantwoordbaarheid deurdat meervuldige politieke en professionele toesighouding daargestel word.[1280]

Demokrasie in polisiestrukture is gevolglik 'n internasionale verskynsel Die aanwending van demokrasie in polisiëring kom duidelik na vore wanneer die kontemporêre strukturering van polisiëring in ag geneem word. Tog moet in gedagte gehou word dat alle state se toepassing van demokrasie nie dieselfde is nie, en dat dit ook 'n invloed het op die toepassing van demokrasie in polisiestrukture.[1281] Hierdie verskillende vorme van toesig versterk beide die beginsels van skeiding van magte en demokrasie deurdat verskillende staatsfere, staatsinstellings en die gemeenskap, kruiskontrole en toesig uitoefen. Dit word verder op alle

---

1277 Das 1994 *Police Journal* 159; Bowden 1978 *British Journal on Law and Society* 79; Hill 2007 *Journal of Modern African Studies* 1.

1278 Hunter 1990 *Police Studies* 122.

1279 Linnan 1984 *Law and Contemporary Problems* 207.

1280 Fairchild 1984 *Police Studies*; 193; Das 1994 *Police Journal* 160.

1281 Mueller en Kruger 1961 *Journal of Criminal Law, Criminology and Police Science* 262.

vlakke van regering daargestel ten einde verantwoordbaarheid, deursigtigheid en responsiwiteit te verseker.[1282]

In Suid-Afrika blyk die effektiwiteit en onafhanklikheid van hierdie toesighoudende middele onvoldoende. Dit vertoon 'n struktuur van politieke toesig wat moontlik demokrasie bevorder, maar nie noodwendig professionele grondwetlike polisiëring nie.

3.5 *Samevatting*

Die omvattende en verreikende aard van die polisietransformasieproses in Suid-Afrika kan nie ontken word nie.[1283] Dit was daarop gemik om 'n polisiemag, wat 'n onderdrukkende politieke wapen daargestel het, te omvorm tot 'n professionele en demokraties gerigte veiligheidsdiens wat gemeenskapgesentreerd is en vreedsaamheid en gemeenskapsorde nastreef.[1284] Alhoewel die transformasieproses grootliks as afgehandel beskou word, blyk dit egter dat dit steeds 'n voortdurende proses is, met verskeie knelpunte wat onvoldoende verandering openbaar.[1285]

Die struktuur van die voormalige bedeling was gefundeer op nasionale veiligheid en het kwalik gestrook met die tradisionele oogmerk van polisiëring. Die militêre aard daarvan het dit omskep in 'n ontoeganklike mag wat gemeenskapsorde deur krygstegnieke probeer bewerkstellig het.[1286] Die wyse waarop die polisie as paramilitêre mag opgelei en aangewend is, het 'n struktuur, aard en polisiekultuur gekweek wat nie met die beginsels van polisiëring vereenselwig kan word nie.

Die doelstelling van die transformasieproses was juis om hierdie struktuur, aard en kultuur aan te spreek en te vernuwe ingevolge die

---

1282 Dixon 2000 *SACJ* 81.
1283 Du Plessis en Louw 2005 *CJCCJ* 437.
1284 Maguire 1997 *Police Journal* 17.
1285 Sien afdeling 3.3.2.3 van hierdie proefskrif.
1286 Sien afdeling 3.2.2 van hierdie proefskrif.

vereistes van 'n demokratiese samelewing.[1287] Die persepsie was dat die legaliteit, gemeenskapvertroue en effektiwiteit 'n gevolg sou wees van 'n drastiese omvorming van die polisie se aard en struktuur.[1288] Dit was egter nie die gevolg nie en is grootliks beskou as bloot 'n voortsetting van die voormalige polisiëringsbestel. Alhoewel dit tereg gemeen word dat die transformasie van 'n staat se totale polisiebenadering nie 'n eenvoudige taak was nie, het hierdie verandering nie slegs gefaal in die regstelling van die problematiek wat uit die ou polisiebenadering gespruit het nie, maar het dit verder ook nuwe problematiek geskep.[1289]

Verskillende sienings bestaan aangaande die voormalige en huidige bedelings se polisiestrukture. Terwyl sommige meen dat die voormalige bedeling 'n gedesentraliseerde benadering gevolg het vanweë die groot verskeidenheid polisiemagte, is daar dié wat aanvoer dat dit oormatig outoritêr en gevolglik streng gesentraliseerd was.[1290] Die laasgenoemde siening moet egter verwerp word deurdat die struktuur van desentralisasie voorsiening gemaak het vir polisiemagte op alle vlakke van regering, asook die daarstelling van tuislandpolisiemagte. Die herstrukturering van hierdie gedesentraliseerde struktuur was een van die grootste uitdagings tydens die transformasieproses.

Die huidige polisiestruktuur in Suid-Afrika vertoon 'n gemengde struktuur met beide gesentraliseerde en gedesentraliseerde eienskappe.[1291] Alhoewel tereg gemeen kan word dat die beheer- en bestuurstelsel van die polisie meer gesentraliseerd vertoon, kan geen twyfel bestaan omtrent die gedesentraliseerde aard van die polisie sedert 1994 nie. Die verskynsels van polisiedienste op verskillende vlakke van regering, sowel as die differensiële polisiëringsinstansies op nasionale vlak, toon 'n voortsetting van die voormalige gedesentraliseerde

---

1287 Sien afdeling 3.3.1 van hierdie proefskrif.
1288 Shaw *Crime and Policing in Post-Apartheid South Africa* 28.
1289 Sien afdeling 3.2.4 en 3.3.2.2 van hierdie proefskrif.
1290 Sien afdeling 3.2.2 van hierdie proefskrif.
1291 Sien afdeling 3.2.3 van hierdie proefskrif.

apartheidsbenadering. Tog is die oorvleueling van bevoegdhede en jurisdiksie problematies en veroorsaak dit onsekerheid aangaande die omvang van pligte en bevoegdhede van elke polisiediens.[1292] Suid-Afrika se polisiestruktuur vertoon gevolglik tans net so gefragmenteerd as voor die transformasieproses. Dit het die geleentheid geskep vir grootskaalse korrupsie en polisiewanpraktyke en het die doelstellings van 'n demokraties georiënteerde polisiestelsel uit die oog verloor.[1293]

Die paramilitêre aard van die voormalige polisiebenadering het ook grootliks aanleiding gegee tot die gemeenskapspersepsie van die polisie. Dit was nie die gebruikersvriendelike diens wat tradisionele polisiëring vereis nie en het met oormatige gebruik van mag en geweld gepaardgegaan. Dit het as 'n gevolg polisiëring in Suid-Afrika van legitimiteit ontneem.[1294] Die benadering wat tydens die transformasie geïnkorporeer is, het klem gelê op die bou van die gemeenskap se vertroue in die polisie. Dit het egter met hoë vlakke van geweld gepaard gegaan wat opsigself 'n swaarhandige polisie antwoord vereis het en wat gevolglik as 'n voortsetting van die paramilitêre aard van apartheidspolisie beskou is.[1295] Die gemeenskapsopvatting was dus dat die polisietransformasie beduidende veranderinge, soos 'n naamsverandering en 'n nuwe struktuur, behels het en dus net 'n blote voortsetting van die voormalige SAP was. Die aanwending van militêre-styl uniforms en wapens is opnuut weer onderskryf deur die herinstelling van militêre range in April 2010. Alhoewel die doel was om dissipline op te skerp, het dit eerder die negatiewe paramilitêre siening van die polisie herbevestig.[1296]

Polisiestrukture word wêreldwyd begrond en ondersteun deur die juridiese beginsels van verantwoordbaarheid en legitimiteit. Soortgelyk

---

1292 Jagwanth 1994 *SACJ* 166.
1293 Basdeo 2010 *SACJ* 385.
1294 Sien afdeling 3.3.2 van hierdie proefskrif.
1295 Sien afdeling 3.3.2.2 van hierdie proefskrif.
1296 Sien afdeling 3.3.2.2 van hierdie proefskrif.

het die Suid-Afrikaanse staatsbestel juridiese beginsels daargestel. Dit het die samestelling van die polisie ook beïnvloed en strukture in plek gestel wat voorheen ongekend was in die polisie. Demokrasie en die skeiding van magte het waarskynlik die grootste invloed in dié verband, gehad. Die voormalige bedeling se soewereine parlement was onaantasbaar en kon enige mate van mag aan die uitvoerende gesag, insluitend die polisie, toeskryf.[1297] In teenstelling hiermee het die skeiding van magte in die kontemporêre era 'n gebalanseerde staatsbestel verseker, sonder 'n onbehoorlike konsentrasie van gesag in 'n enkele owerheidsgesag. Dit het ook 'n onafhanklike regbank verseker om die staatsfere se doen en late te hersien en sodoende verantwoordbaar voor die gemeenskap te hou. Die soewereine parlement is dus vervang met 'n soewereine regstelsel wat nagejaag en beskerm word deur 'n oppergesagtelike grondwet.[1298]

Ten aansien van polisiestrukture los dit egter nie die problematiek aangaande politieke inmenging op nie. Die polisie vorm steeds deel van die uitvoerende gesag wat polities gedrewe is. Die enigste wyse waarop hierdie kwessie waarlik oorkom kan word, is met die daarstelling van 'n onafhanklike polisiestruktuur, soortgelyk aan dié van die Nasionale Vervolgingsgesag. Dit sou daarop gemik wees om geregtigheid na te streef, sonder vrees van inmenging en die legitimiteit aan die polisie bied wat tans ontbreek. In teenstelling met toevoeging van 'n vierde gesag tot die *trias politica*, naamlik 'n onafhanklike polisiesfeer, sal so 'n onafhanklike polisiediens nie omvattende grondwetwysiging vereis nie en bloot grondwetlike verskansing.[1299]

Die demokratiese waardes wat saam met die demokratiseringsproses as deel van die Suid-Afrikaanse bestel aanvaar is,[1300] was juis daarop gemik om hierdie vorm van onbehoorlike inmenging in die uitvoering van die

---

1297 Sien afdeling 3.4.1.2 van hierdie proefskrif.
1298 Sien afdeling 3.4.1.3 van hierdie proefskrif.
1299 Sien afdeling 3.4.1.4 van hierdie proefskrif.
1300 Artikel 1 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

staat se bevoegdhede teen te werk en die staat se optrede aan die gemeenskap verantwoordbaar te stel. Omvattende polisiestrukture is deur grondwetlike verskansing daargestel, maar skiet klaarblyklik te kort. Dit wil toenemend voorkom asof die oorgrote meerderheid van hierdie toesighoudende strukture verpolitiseer, en dat dit 'n opeenhoping van politieke toesighouding daarstel. Alhoewel dit uiteraard die gemeenskap, hetsy direk of deur verkose verteenwoordigers, die geleentheid bied om die polisie verantwoordbaar te stel, moet die effektiwiteit van die strukture eerder as die blote teenwoordigheid daarvan beoordeel word.

Op laagste vlak bied die gemeenskapspolisiëringsforums die inwoners van 'n betrokke area die vermoë om direkte kontak met die plaaslike strukture van polisiëring op te bou.[1301] Hierdie strukture bewerkstellig slegs kommunikasie en interaksie op grondvlak en ontbreek aan gesaghebbende toesighouding deur provinsiale of nasionale rolspelers. Die interne toesighouding, op Nasionale en Provinsiale vlak, blyk toenemend oneffektief vanweë die politieke aard daarvan.[1302] Dit is wel verantwoordbaar aan die Minister van Polisie, alhoewel die Minister opsigself 'n vorm van politieke toesighouding daarstel en ook verantwoordbaar is aan die politiekgedrewe wetgewende toesighoudende strukture. Die Sekretariaat van Polisie is juis daarop gemik om 'n onafhanklike toesighoudende struktuur daar te stel, wat nie polities benader word nie, maar vanuit 'n burgerlike perspektief toesig hou. Dit is egter kommerwekkend dat die Sekretariaat, as onafhanklike toesighouer, deur die Minister aangestel word en ook verslag doen aan die Minister, sowel as die Parlement. Die Sekretariaat behels gevolglik 'n toesighoudingsinstansie, sonder uitvoerende bevoegdhede, wat aan politieke strukture rapporteer.[1303]

Vanuit die buitelandse perspektiewe in hierdie hoofstuk, kan die verdere konklusie bereik word dat Suid-Afrika die transformasie en

---

1301 Woolman *et al Constitutional Law of South Africa* 23B-41.
1302 Sien afdeling 3.4.2.2 van hierdie proefskrif.
1303 Sien afdeling 3.4.2.2 van hierdie proefskrif.

herstrukturering van die polisie baie konserwatief en onwetenskaplik benader het en dat die gevolge daarvan voortleef. Die klem het klaarblyklik op effektiewe beheer geval, eerder as op professionele polisiëring. Vanuit die Noord-Amerikaanse en Britse stelsels is dit duidelik dat 'n nie-militaristiese, diensgerigte en professionele polisiemag moontlik is binne 'n gedesentraliseerde polisiestelsel. Op soortgelyke wyse bewys Australië dat 'n gefragmenteerde, dog gesentraliseerde, vorm van gedesentraliseerde polisiëring deur middel van effektiewe toesighouding 'n meer holistiese en omvattende polisiediens daar kan stel. Wat al die bogenoemde stelsels egter onderskryf is die belang van politieke, burgerlike en professionele toesighouding. Sonder beide burgerlike en politieke verantwoordbaarheid is 'n demokratiese polisiestelsel bykans ondenkbaar, maar sonder professionele toesighouding en leiding kan polisiëring nie plaasvind nie. Demokratiese en professionele toesighouding is gevolglik onontbeerlik vir die daarstelling van 'n legitieme demokratiese polisiestruktuur.

Hierdie hoofstuk het gefokus op die omvattende strukture wat op alle vlakke daargestel is om 'n demokratiese transformasie van die polisie te verseker. Die bespreking toon egter dat dit deur politieke inmenging en oneffektiwiteit belemmer word en opnuut in 'n legitimiteitskrisis gedompel is. Sonder 'n indrukwekkende herstrukturering staar die polisiedienste in Suid-Afrika 'n toekoms in die gesig wat van onsekerheid, oneffektiwiteit en 'n tekort aan legitimiteit sal spreek.

HOOFSTUK 4

4 Die substantiewe aspekte van polisiëring in die Suid-Afrikaanse konteks

4.1 *Inleiding*

In die voorafgaande hoofstukke is die onderskeid getref tussen die formele aspekte van polisiëring, naamlik die organisatoriese struktuur van die polisie, en die materiële aspekte, naamlik die polisiëringsaktiwiteite.[1304] Die materiële, of substantiewe, aard van polisiëring verwys na die beginsels wat die bevoegdhede en pligte om te polisieer daarstel, sowel as die maatstawwe waarteen polisiëringsaktiwiteite gemeet word.[1305] Die formele en materiële aspekte van polisiëring is egter interafhanklik en kan nie van mekaar losgemaak word nie. Alhoewel die invloed van die substantiewe aspekte op die daarstelling van die organisatoriese struktuur van die polisie nie genoeg benadruk kan word nie,[1306] moet ook ondersoek ingestel word na die belang van substantiewe inhoud op die uitoefening van die polisie se take.

Hierdie hoofstuk is daarop gemik om die begronding van die polisie se aktiwiteite op juridiese leerstukke en beginsels, soos voortspruitend uit die Suid-Afrikaanse grondwetlike bedeling, te ondersoek. Suid-Afrika beskik oor 'n unieke en toonaangewende benadering tot grondwetlike demokrasie en is dus, met betrekking tot die betrokke tema, moeilik vergelykbaar met buitelandse stelsels. Gevolglik sal oorweging geskenk word aan ander state se benadering tot substantiewe polisiëring, waar en tot die mate dat dit vergelykbaar en toepasbaar is tot die Suid-Afrikaanse grondwetlike bedeling.

1304 Sien afdelings 2.3 en 3.1 van hierdie proefskrif.
1305 Van Heerden *Introduction to Police Science* 22.
1306 Burger *Crime and Policing* 62.

4.2 *Substantiewe polisiëring in die voormalige bedeling*

Polisiëring in die voormalige bedeling kan kwalik beskryf word as waardegedrewe van aard.[1307] Dit was onderhewig aan die Westminster parlementêre soewereiniteit, wat uiteraard behels het dat die materiële aard van polisiëring deur die wetgewer bepaal en gemagtig is.[1308]

Die benadering van apartheidspolisiëring was daarop gemik op die politieke doelstellings van die staat bereik. Dit het onder andere die beskerming van die staat en die onderdrukking van die nie-blanke meerderheid behels.[1309] Alhoewel die reg hierdie magtiging verskaf het, het dit beslis nie legitieme polisiëring verseker nie.[1310] Dit het die polisie en die gemeenskap van mekaar vervreem.[1311] Die polisie het gevolglik deur vrees en geweld polisieer en nasionale veiligheid in plaas van gemeenskapsorde nagestreef.[1312]

Die mees kommerwekkende aspek van apartheidspolisiëring was egter die absolute gebrek aan verantwoordbaarheid en die ondeursigtigheid waarmee die staat polisiëring onderneem het. Die brutale aard van polisiëring het onverstoord voortgegaan vanweë die tekort aan toesighoudende liggame wat die bevoegdheid gehad het om die polisie verantwoordbaar te stel en die beperkte vermoë van die howe om polisiëringsaktiwiteite te hersien.[1313] Dit het daartoe gelei dat die polisie

---

1307 Dixon 2000 *SACJ* 73.

1308 Sien hoofstuk 3 van hierdie proefskrif. Alhoewel daar nie uitdruklike bepalings aangaande die substantiewe aard van die polisie bestaan het nie, het die gees van die wetgewing van die pre-1994 bedeling genoegsame voorbeelde bevat aangaande die rol wat die polisie in die gemeenskap moes vervul. Sien onder andere artikel 5 van die *Polisiewet* 7 van 1958; artikel 7 van die *Polisiewysigingswet* 70 van 1965. Die genoemde Polisiewet het bepalings bevat omtrent die aanwending van die polisie op burgerlike en militêre vlak, sowel as ter versekering van nasionale veiligheid. Hierdie verpligtinge is verder uitgebrei deur die wysigingswet ten einde die polisie enige bevoegdhede te gun wat die uitvoerende gesag nodig ag vir effektiewe polisiëring.

1309 Shaw *Crime and Policing in Post-Apartheid South Africa* 10.

1310 Haysom 1989 *Acta Criminologica* 193.

1311 Shaw 2002 *Transformation* 19.

1312 Van der Spuy 1989 *Acta Juridica* 289.

1313 Sien hoofstuk 3 van hierdie proefskrif.

onder die voormalige Apartheidsregering, as 'n onverskrokke en onderdrukkende mag met 'n politieke polisiëringsmandaat beskou is, waarvan die substantiewe aard deur die wil van 'n minderheidsregering en soewereine parlement bepaal is.

4.3 *Die waardegedrewe grondwetlike demokrasie*

Met die aanvaarding van die grondwetlike demokratiese bestel het Suid-Afrika 'n waardegedrewe staatsbestel betree.[1314] Die nuwe bedeling het gepoog om weg te breek van alle diskriminerende en rasgebaseerde beginsels om sodoende 'n vreedsame gemeenskap daar te stel waaraan elke Suid-Afrikaner kon deel hê.[1315]

Beide die Interim Grondwet[1316] en die Grondwet[1317] het reuse bydraes gelewer in die daarstelling van 'n normatiewe samelewing. Beide dié regsinstrumente het onderliggende beginsels van die nuutgevonde staatsbestel behartig en het pertinent voorsiening gemaak vir nastrewing van demokrasie,[1318] regstaatlikheid, skeiding van magte, sowel as die insluiting van Suid-Afrika se eerste amptelike Handves van Regte.[1319] Dit het owerheidsgesag begrens ten einde 'n herhaling van die onregmatighede van die verlede te voorkom.[1320] Vir hierdie doeleindes inkorporeer die Suid-Afrikaanse reg leerstukke soos konstitusionalisme,[1321] skeiding van magte,[1322] die "*rule of law*"[1323] en die

---

1314 Mokotedi *Measurement of Police Cynicism* 21.

1315 Van Graan *Obstacles Impeding the Transformation Process in the South African Police Force* 37.

1316 *Interim Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 200 van 1993.

1317 *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

1318 Aanhef van die *Interim Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 200 van 1993; artikel 1 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996. Sien ook die Konstitusionele Hof se opinie in hierdie verband, in *Minister of Health and Another NO v New Clicks South Africa (Pty) Ltd and Others (Treatment Action Campaign and Another as Amici Curiae)* 2006 2 SA 311 (KH) par 111.

1319 Hoofstuk 3 van die *Interim Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 200 van 1993; Hoofstuk 2 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

1320 Mahao 2008 *Law, Democracy & Development* 4; Blaauw 1990 *SALJ* 77.

1321 Konstitusionalisme is 'n juridiese beginsel wat daarop gemik is om owerheidgesag te beperk en die regte van individue te beskerm. Suid-Afrika

"*rechtsstaat*"-idee.[1324] Konstitusionalisme en die *trias politica*-leerstuk het grootliks bygedra tot die strukturele samestelling van die polisie, [1325] en dit het ongetwyfeld ook 'n groot invloed op substantiewe polisiëring gehad.[1326] Die transformasieproses van die vroeë 1990's moes dan juis die polisie omvorm om dienooreenkomstig hierdie leerstukke en beginsels gestruktureer te word en ook in polisie-aktiwiteite aan te pas.[1327] Gevolglik word die normatiewe invloed van elkeen van hierdie waardegedrewe beginsels, soos van toepassing op polisiëring, kortliks ondersoek. Die interafhanklikheid en oorvleueling van hierdie beginsels vorm deel van die bespreking.

4.4 *Polisiëring en die grondwetlik verskanste demokratiese waardes*

By die voltrekking van die nuwe Suid-Afrikaanse staatsbestel is baie sterk gesteun op die beginsels van demokrasie.[1328] Die organisatoriese

---

toon 'n vermenging tussen die Westminster-stelsel van konstitusionalisme en die meer liberale Amerikaanse konstitusionalisme. Die strukturele grondbeginsels van die Westminster-stelsel, naamlik skeiding van magte en verteenwoordigende regering, is saamgevoeg met die Amerikaanse benadering van 'n Handves van Regte, grondwetlike oppergesag en 'n onafhanklike regsprekende gesag, om uiteindelik een van die mees liberale benaderings tot konstitusionalisme ter wêreld daar te stel. Sien Motala en Ramaphosa *Constitutional Law* 55; Devenish *A Commentary on the South African Constitution* 13; Currie en De Waal *The New Constitutional and Administrative Law* 22: "*The new South African Constitution is, in part, an attempt not to repeat the mistakes of a constitutional history dominated by the Westminster model of constitutionalism. For this reason it draws on aspects of American constitutionalism and on the international wave of constitutional development during the latter part of the twentieth century."* Basdeo *A Constitutional Perspective of Police Powers of Search and Seizure in the Criminal Justice System* 5: "*It is an imperative incident to constitutionalism that citizens must be protected from unjustified intrusions on their privacy and property by agents of the state*".

1322 Sien afdeling 3.4.1 van hierdie proefskrif.

1323 Sien afdeling 4.5.1 van hierdie proefskrif.

1324 Sien afdeling 4.5.2 van hierdie proefskrif.

1325 Devenish *A Commentary on the Bill of Rights* 13.

1326 Currie en De Waal *Bill of Rights Handbook* 7: "*The principles nevertheless are all justiciable in the sense that any law or conduct inconsistent with them may be declared invalid. But the basic principles do more work than this. They tie the provisions of the Constitution together and shape them into a framework that defines the new constitutional order."*

1327 Burger *White Male Police Officers serving in the SAPS* 2.

1328 Rautenbach en Malherbe *Constitutional Law* 19.

struktuur, soos bespreek in hoofstuk 3,[1329] is egter die gevolg van die normatiewe beginsels van demokrasie en nie die oorsprong daarvan nie.[1330]

Die Grondwet het hierdie historiese beginsels van deursigtigheid en verantwoordbaarheid baie goed, dog oorsigtelik, vasgevang in artikel 1 van die Grondwet, wat bepaal:

> Die Republiek van Suid-Afrika is een, soewereine, demokratiese staat gegrond op die volgende waardes:
> (a) Menswaardigheid, die bereiking van gelykheid en die uitbou van menseregte en vryhede.
> (b) Nie-rassigheid en nie-seksisme.
> (c) Die oppergesag van die grondwet en die heerskappy van die reg.
> (d) Algemene stemreg vir volwassenes, 'n nasionale gemeenskaplike kieserslys, gereelde verkiesings en 'n veelparty-stelsel van demokratiese regering, om verantwoordingspligtigheid, 'n responsiewe ingesteldheid, en openheid te verseker.[1331]

Die uitleg van artikel 1 weerspieël die historiese belang van die bepalings wat daarin vervat is deur aandag te skenk aan spesifieke knelpunte uit die pre-demokratiese bedeling. Die waardegedrewenheid van die nuwe bedeling word dus reeds in die eerste artikel van die Grondwet bevestig.[1332] Dit skep 'n spreekwoordelike normatiewe fondasie, waarteen al die daaropvolgende bepalings gemeet kan word.[1333]

Die groepering van die heerskappy van die reg en die oppergesag van die Grondwet, is ook nie toevallig so bewerkstellig nie. Die beginsels ondersteun mekaar deurdat dit onder andere die oppergesag van die reg en die grondwet bevestig en dus pertinent wegdoen met die voormalige

---

1329 Sien hoofstuk 3 van hierdie proefskrif.

1330 Die strukture is gebaseer op die behoeftes wat geïdentifiseer is ter bevrediging van die normatiewe beginsels. Gevolglik is die strukture daargestel om te verseker dat die norme tot uitvoer gebring kan word en die norme nie na bevrediging van die bestaande strukture daargestel is nie.

1331 Artikel 1 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

1332 Venter *Constitutional Comparison* 138.

1333 Woolman *et al Constitutional Law of South Africa* 10-25.

parlementêre soewereiniteit. Die daaropvolgende subartikel[1334] identifiseer verder die tradisionele demokratiese waardes en brei dit ook uit ter voldoening aan die behoeftes van hierdie nuutgevonde demokratiese bestel.[1335]

Venter voer aan dat artikel 1[1336] so gekonstrueer is om demokratiese waardes te bevestig, maar ook daarop gemik is om die waardegedrewe bestel tot uitvoer te bring deur die aanwending van verskillende juridiese leerstukke.[1337] Die waardegedrewe aard van die demokratiese bestel is nie slegs in artikel 1 van die Grondwet geleë nie en moet nie in isolasie beskou word nie. Dit bepaal egter wel die gees en die strekking van die daaropvolgende grondwetlike bepalings en dra by tot die interpretasie daarvan.[1338]

Uiteraard geld hierdie bepalings ook binne die sfeer van polisiëring. Dit kan aangevoer word dat die legitimiteit van polisiëring binne die Suid-Afrikaanse demokratiese bestel direk eweredig is aan die respektering en uitlewing van hierdie demokratiese waardes.[1339] Teen die agtergrond van die totalitêre en militaristiese benadering van polisie voor 1994,[1340] bied hierdie beginsels belangrike riglyne vir waardegedrewe polisiëring. Dienooreenkomstig onderskryf dit ook die formele aspekte soos bespreek in hoofstuk 3,[1341] en kan aangevoer word dat hierdie beginsels 'n plig op elke staatsorgaan en funksionaris plaas om die uitlewing daarvan te verseker.[1342]

1334 Artikel 1(d) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

1335 Woolman *et al Constitutional Law of South Africa* 10-29.

1336 Artikel 1 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

1337 Venter *Constitutional Comparison* 142; Devenish *A Commentary on the South African Constitution* 29.

1338 Currie en De Waal *Bill of Rights Handbook* 7.

1339 Joubert *Toegepaste Reg vir Polisiebeamptes* 10.

1340 Van der Spuy 1989 *Acta Juridica* 289. Sien ook hoofstuk 2 en hoofstuk 3 van hierdie proefskrif.

1341 Sien hoofstuk 3 van hierdie proefskrif. Die formele aspekte van demokrasie maak verskeie vorme van toesig uit. Dit maak onder andere voorsiening vir politieke toesig, siviele toesig, interne beheer en bestuur, wetgewende toesig en regsprekende hersiening. Dit stel gevolglik voldoende strukture daar ten einde verantwoordbaarheid op alle vlakke van regering te verseker.

1342 Cawthra *et al Security and Democracy in Southern Africa* 5.

4.4.1 *Demokratiese polisiëring*

Die begrip "demokratiese polisiëring" word algemeen aangewend om die hedendaagse polisiëringsisteem te beskryf.[1343] Jonny Steinberg verduidelik hierdie begrip as volg:

> *The most important precondition for policing in a democratic society is the consent of the general population to be policed. A people that is policed is one that lives in a condition of civil peace. Collectively, it understands that disputes and conflicts do arise... It accepts too that a state agency must exist to deal with these breaches of the peace, and in order to do so, this agency must have a licence to use asymmetrical force over others… To put it another way: a precondition of democratic policing is that there is a demand for it among the general population.*[1344]

Steinberg se siening kom egter baie eng voor.[1345] Dit blyk dat sy opinie eerder gebaseer is op die formele aspekte van polisiëring deur op die oorsprong van polisiegesag te fokus. Om die toestemming van die gemeenskap te vereis ten einde legitiem te polisieer sou behels dat die daarstelling van die polisie, die organisatoriese struktuur daarvan, sowel as die operasionele aktiwiteite van die polisie onderhewig gestel sou kon word aan die toestemming van die gemeenskap.[1346] Dit bied die potensiaal vir 'n absolute verwerping van polisiëring deur die gemeenskap,[1347] wat tot die ondermyning van die gemeenskapsorde sou

---

1343 Sien as voorbeeld Masiapata *Ethics and Ethos in the SAPS* 42; De Vries 2008 *Acta Criminologica* 125; Benit-Gbaffou 2008 *Journal of South African Studies*93, Masuku 2005 *CSVR* 1.

1344 Steinberg *Thin Blue* 20.

1345 Hierdie siening weerspieël John Locke se benadering dat demokrasie regering deur die toestemming van die gemeenskap behels. Sien Goold en Emmanuel *Modern Philosophy* 155.

1346 Alhoewel die strukturele aspekte van demokratiese polisiëring uiteraard belangrik is, bied Steinberg se benadering nie 'n materiële grondslag hiervoor nie. Die historiese ontwikkeling van die begrip bied nie 'n substantiewe bydrae nie en regverdig slegs die strukturele demokratiese polisiëring. Dit alleen kan nie die kruks van demokratiese polisiëring uitmaak nie.

1347 Currie en De Waal *Bill of Rights Handbook* 14. Currie en De Waal voer aan dat die "*consent of the governed*" uitgangspunt nie 'n voldoende maatstaf daarstel vir enige mate van demokratiese wyse van regering nie. So ook bied dit nie voldoende uiting aan die begrip demokratiese polisiëring nie. Sien ook Kant *Democratic Values* 144. Sien ook Stone en Heather 2010 *Policing and Society* 13.

lei of tot ’n terugbeweging na outoritêre polisiëring.[1348] Dit kan kwalik geargumenteer word dat dit die oogmerk van demokrasie is, of die bedoeling van die demokratiese waardes soos vervat in die Grondwet.[1349] Moseneke voer in hierdie verband aan:

> *On this view, democracy should not simply be equated with majority rule… Individuals should enjoy legal protections in the form of a written constitution robust enough to withstand even change by an elected parliament or, in some jurisdictions, by a simple majority in such a parliament. Moreover, on this view, an entrenched constitution effectively enforced through judicial review is not undemocratic, but rather should be understood as reconcilable with majority rule.*[1350]

Demokratiese polisiëring is nie slegs van toepassing op die formele samestelling van die polisie nie, maar bied ook kernbeginsels van substantiewe aard.

4.4.1.1 Buitelandse perspektiewe op demokratiese polisiëring

Die huidige Suid-Afrikaanse benadering tot demokratiese polisiëring bied geen bevredigende omskrywing nie. Gevolglik kan buitelandse sieninge aangaande demokratiese polisiëring ontleed word ten einde ’n werkbare definisie te vind, wat ook toepasbaar is in die grondwetlike demokratiese bestel van Suid-Afrika. Die Europese en Noord-Amerikaanse persepsies aangaande demokratiese polisiëring volg beide ’n materiële of substantiewe benadering tot demokratiese polisiëring. Die formele

---

1348 Soortgelyk aan die ander fasette van die staat, maak demokrasie voorsiening vir verkose verteenwoordigers om namens die gemeenskap op te tree. Om van die veronderstelling af uit te gaan dat die polisie direk gebonde is aan die goedkeuring van die gemeenskap, sou beteken dat die gemeenskapsiening die reg oorskadu en dus deurslaggewend is. Sien in hierdie verband *S v Makwanyane and Another* 1995 6 BCLR 665 (KH) par 155, waarin die Konstitusionele Hof daarop wys dat die gemeenskapsgevoel nie belangriker as die reg en die grondwet geag kan word nie.

1349 Artikel 1 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996 maak uitdruklik voorsiening vir beide die heerskappy van die reg en die oppergesag van die Grondwet. Alhoewel artikel 1 nie ’n definisie vir demokrasie bied nie, kan die bedoeling daarvan wel afgelei word uit die waardes wat artikel 1 daaraan toeskryf.

1350 Moseneke 2012 *SALJ* 18.

struktuur van die laasgenoemde polisiestelsels is ook so saamgestel om die demokratiese aard daarvan te ondersteun.[1351]

Die Noord-Amerikaanse persepsie van demokratiese polisiëring is grootliks gebaseer op deursigtigheid en verantwoordbaarheid. Vir hierdie rede onderskryf die gedesentraliseerde struktuur, met verantwoordbaarheid aan 'n plaaslike owerheid, hierdie benadering. Uiteraard is die voortvloeisel hiervan die beste belang van die gemeenskap aan wie die plaaslike polisie deur demokratiese waardes verantwoordelik is. Skolnick verduidelik hierdie uitgangspunt as volg:

> *Democratic policing is always in a tension among the touchstones of public safety, openness, and accountability. As the police enforce the laws of democratic governments in a free society, the balance among these touchstones should be properly maintained to reflect democratic values.*[1352]

Dit wil dus blyk dat die polisie in 'n demokratiese polisiëringstelsel nie verwyderd moet wees van die gemeenskap nie, maar toeganklik en 'n voortvloeisel van die gemeenskap moet wees.[1353]

Volgens die *Geneva Centre for Democratic Control of Armed Forces* (DCAF)[1354] en die *Organization for Security and Co-Operation in Europe*

1351 Stone en Heather 2010 *Policing and Society* 13: "*These are all mechanisms of democratic control, but they are not themselves sufficient to produce democratic policing. Effective democratic control over policing, or indeed over any government function, requires a civic culture that values democratic governance, social structures that support democratic practice among the citizenry, and political will among civilian leaders to hold officials to account. When these conditions are present, the structures and strategies described here can all promote democratic policing".*

1352 Skolnick 1999 *Police Foundation* 7.

1353 Hunter 1990 *Police Studies* 118: "*The above features were incorporated into American policing to protect citizens from abuse at the hands of a strong state or federal government. Limited authority remains as an appropriate protection today just as it did when the United States was founded. Local control and fragmented authority, which were appropriate within a fragmented frontier society, have become less so within a populous and complex modern society*.".

1354 *Geneva Centre for Democratic Control of Armed Forces* is 'n internasionale organisasie wat daarop fokus om alle veiligheidsektore te ondersteun in die daarstelling van veiligheidsmagte wat aan die behoeftes van demokrasie voldoen.

(OSCE)[1355] behels demokratiese polisiëring 'n drieledige benadering, naamlik die uitlewing van demokratiese waardes, die bevordering van die "*rule of law*" en die beskerming van fundamentele regte.[1356] Dit baseer dié omvattende benadering op die feit dat polisiëring die mees sigbare manifestasie van staatsmag behels en dus omvattende begrensing vereis.[1357] Gebaseer op hierdie uitgangspunt meen die DCAF en OSCE dat demokratiese polisiëring 'n diensgerigte polisie-instansie inhou wat responsief is in die beste belang van die gemeenskap.[1358] Verder behels dit dat die polisie slegs onderhorig is aan die reg en in so 'n mate die "*rule of law*" uitleef.[1359] Dit vereis voorts dat duidelike riglyne gestel word ten opsigte van polisiëring en dat dit met akkuraatheid aan beide polisielede en die gemeenskap gekommunikeer moet word.[1360]

Die strewe na professionalisme en respek vir fundamentele regte gaan, volgens die Europese benadering, hand aan hand. Dit behels voorts dat gemeenskapsaanvaarding van die polisie slegs bereik kan word indien polisie se uitoefening van bevoegdhede integriteit, legitimiteit en respek vir regte weerspieël.[1361] Laastens omvat demokratiese polisiëring ook die tradisionele waardes van demokrasie deur te verseker dat die werkswyse van die polisie die verantwoordbare en deursigtige oogmerk van demokrasie weerspieël.[1362]

Beide die Noord-Amerikaanse en Europese benadering is gebaseer op demokratiese waardes. Alhoewel die Noord-Amerikaanse benadering

---

1355 *Organization for Security and Co-Operation in Europe* is 'n regionale nie-regeringsinstansie wat die Europese veiligheidsektor bystaan om oorgrens riglyne daar te stel vir polisiëring en ander sekuriteitverwante kwessies.

1356 Carty *et al Guidebook on Democratic Policing* 15.

1357 Aepli *et al International Police Standards Guidebook on Democratic Policing* 8.

1358 Carty *et al Guidebook on Democratic Policing* 39.

1359 Aepli *et al International Police Standards Guidebook on Democratic Policing* 12.

1360 Die oogmerk hiervan is dat die gemeenskap eerstens waarneem dat die polisie pertinente riglyne het vir die uitvoer van hul funksie, maar ook dat die gemeenskap besef dat dit samewerking van hul vereis ter nakoming van hierdie riglyne. Sien ook Carty *et al Guidebook on Democratic Policing* 19.

1361 Joubert *Toegepaste Reg vir Polisiebeamptes* 10.

1362 Aepli *et al International Police Standards Guidebook on Democratic Policing* 7.

meer formalisties is as die Europese waardegedrewe benadering, is die beginsels wat in elkeen se omskrywing van demokratiese polisiëring vervat word dieselfde. Dit onderskryf openheid, verantwoordbaarheid en professionalisme deur die nastrewing van die *rule of law* en respek vir fundamentele regte.[1363] Omvattend lei dit tog weer terug na die onderliggende demokratiese waardes en weerspieël dit ook die waardes soos vervat in die Suid-Afrikaanse Grondwet.

4.4.1.2 Die demokratiese polisiëringskonsep in die Suid-Afrikaanse konteks

Ten einde die voorafgaande benadering van demokratiese polisiëring toe te pas op die Suid-Afrikaanse demokratiese bestel, is dit nodig om 'n grondwetlike begronding hiervoor te vind.

Vir doeleindes van polisiëring sou artikel 1 van die Grondwet,[1364] argumentsonthalwe, in twee kategorieë waardes gedeel kon word. In die eerste plek sou aangevoer kon word dat die fundamentele regte en vryhede,[1365] saam met die heerskappy van die reg en die oppergesag van die Grondwet, die grondslag lê vir die daarstelling van 'n demokratiese samelewing.[1366] Dit verseker dat alle persone gelyke toegang tot polisiëring het,[1367] wat die waardigheid en vryheid van elke

---

1363 Skolnick 1999 *Police Foundation* 2.

1364 Artikel 1 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

1365 Artikels 1(a) en (c) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

1366 Currie en De Waal *The New Constitutional and Administrative Law* 81. Currie en De Waal lê ook klem op die interafhanklikheid van die substantiewe beginsels deur aan te voer: "*Respect for human dignity, equality and freedom are repeatedly emphasised in the Bill of Rights. It seems logical that these ought also to be the rights protected by the rule of law. This inclusion of the rule of law in the founding provisions (s 1) therefore super-entrenches a 'mini-constitution'".*

1367 Schwikkard 2004 *SALJ* 291; Devenish *A Commentary on the South African Constitution* 282: "*The new South African Police Service has the exacting task of maintaining law and order in a society undergoing a traumatic process of political and social transformation. Its members are charged with upholding the law and fighting crime for the benefit of all people of South Africa*.". Sien ook in hierdie verband artikel 9 saamgelees met 205(3) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

individu onderskryf.[1368] Die belang van die "*rule of law"* en die oppergesag van die Grondwet sou ook hierby ingedeel kon word om sodoende te verseker dat owerheidsgesag beperk word en uiting gegee word aan fundamentele regte.[1369]

Die tweede kategorie waardes kan as die tradisionele waardes van demokrasie bestempel word.[1370] Reeds uit antieke en Middeleeuse bronne word deursigtigheid en verantwoordbaarheid van die staat teenoor die gemeenskap as fundamenteel tot demokrasie beskryf.[1371] Gevolglik kan aangevoer word, dat demokratiese polisiëring die uitlewing van hierdie beginsels behels.[1372] Met verantwoordbaarheid is die oogmerk uiteraard dat die polisie verantwoordelik gehou moet kan word vir onregmatige optrede,[1373] of die skending van die bogenoemde grondslagwaardes. Ten einde dit moontlik te maak, moet deursigtigheid egter bestaan om voldoende insae in die werksaamhede van die polisie te bekom.[1374] Dit verhoed dat onbehoorlike gedrag toegesmeer word en verseker dat die gemeenskap deur middel van die demokratiese strukture verantwoording kan eis.[1375]

'n Responsiewe ingesteldheid is 'n tradisionele beginsel van demokrasie. Die insluiting van hierdie bepaling bevorder die oogmerk van deursigtigheid en verantwoordbaarheid deurdat blote kennisname van 'n

---

1368 Currie en De Waal *Bill of Rights Handbook* 13.

1369 Wolf en Blaauw-Wolf 1996 *SALJ* 270; Currie en De Waal *The New Constitutional and Administrative Law* 81.

1370 Currie en De Waal *Bill of Rights Handbook* 14. Sien ook artikel 1(d) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

1371 Blaug en Schwarzmantel *Democracy* 158; Held *Models of Democracy* 80; Hyland *Democratic Theory* 186. Sien ook afdeling 3.4.2.1 van hierdie proefskrif.

1372 Dixon 2000 *SACJ* 72; Carty *et al Guidebook on Democratic Policing* 13; Shaw *Crime and Policing in Post-Apartheid South Africa* 144; artikels 206 en 207 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996. Sien ook afdeling 3.4.2.2 van hierdie proefskrif.

1373 Mokotedi *Measurement of Police Cynicism* 66; Weitzer 1993 *Police Studies* 3.

1374 Olivier 1995 *SACJ* 321; Minnaar 2010 *Acta Criminologica* 192; artikel 199(8) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996; artikel 18(1)(e) van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 van 1995.

1375 Van Graan *Obstacles Impeding the Transformation Process in the South African Police Force* 47; Masiapata *Ethics and Ethos in the SAPS* 4.

oortreding nie kan geskied nie,[1376] maar dat die staat daadwerklike stappe moet neem om probleemareas aan te spreek, en waar nodig reg te stel.[1377]

Die waardegedrewenheid van die Suid-Afrikaanse demokratiese bestel word dus duidelik deur artikel 1 van die Grondwet neergelê.[1378] Alhoewel dit nie omvattend is nie, fundeer dit die waardes waarop die Grondwet deur middel van die Handves van Regte uitbou.[1379] Uit slegs ŉ ontleding van hierdie eerste artikel van die Grondwet kan dus aangevoer word dat die waardes van die demokratiese samelewing ook aanleiding gee tot ŉ demokratiese, en waardegedrewe, polisiëringsisteem wat gebaseer is op die beskerming van fundamentele regte, die uitleef van regstaatlikheid en die respek vir demokratiese waardes.[1380]

Indien hierdie benadering as teenvoeter vir Steinberg se omskrywing van demokratiese polisiëring aangewend word, kan ŉ juridiese begronding van polisiëring in ŉ demokratiese samelewing bereik word. Gebaseer op die internasionale persepsies aangaande demokratiese polisiëring, sou aangevoer kon word dat die grondwetlike verskansing van ŉ waardegedrewe demokratiese bestel ŉ unieke toevoeging van die betrokke beginsels tot polisiëring daarstel. Die waardegedrewenheid en juridiese beginsels wat dit onderskryf en beskerm, moet dus ook aan polisiëring toegeskryf word. Dit sal ŉ Suid-Afrikaanse grondwetlike demokratiese polisiëringsbenadering daarstel wat die unieke behoeftes van die Suid-Afrikaanse grondwetlike bedeling bevredig.

1376 Montesh *Crime investigative system within the South African Criminal Justice system* 64.

1377 Salojee 2000 *Law, Democracy and Development* 185.

1378 Iles 2007 *SAJHR* 79; Dixon 2000 *SACJ* 69.

1379 O'Regan 2005 *PER* 5.

1380 Van Graan *Obstacles Impeding the Transformation Process in the South African Police Force* 4. Artikel 13 van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 van 1995 maak spesifiek voorsiening vir polisiëring met inagneming van fundamentele regte. Indien artikel 1 van die Grondwet saam met artikel 205(3) gelees word, kan daar geen twyfel in hierdie verband wees nie.

Dit neem die fokus weg van die formele aspekte van owerheidsamestelling en fokus op die materiële en waardegedrewe dimensie van demokrasie.[1381] Eerder as onderhewigheid aan die gemeenskap, behels dit respek en diensbaarheid aan die samelewing.[1382] Dit beklemtoon regstaatlikheid en die rol van die Grondwet as die hoogste reg en stel beide die polisie en die gemeenskap onderworpe aan die reg. In hierdie mate bied dit 'n suiwer mate van verantwoordbaarheid deurdat die onafhanklike hersieningsbevoegdheid van die regbank, eerder as politieke strukture, die fokus uitmaak.[1383]

Uit hierdie perspektief kan dus tot die gevolgtrekking gekom word dat die waardes van demokrasie, soos vervat in die Grondwet, 'n voorvereiste van demokratiese polisiëring uitmaak en nie die toestemming van die gemeenskap nie.[1384] Dit bied dus 'n objektiewe waardegedrewe maatstaf waarteen polisie-aktiwiteite gemeet kan word ten einde te verseker dat alle individue in gelyke mate geregtig is op die beskerming wat daaruit voortspruit,[1385] terwyl dit verantwoordbaarheid aan die kant van die staat verseker.[1386] Dit bied ook riglyne vir die interaksie tussen die polisiebeampte en die gemeenskap, en stel regsekerheid daar.

1381 Devenish *A Commentary on the South African Constitution* 287.

1382 Burger *Crime and Policing* 61; Salojee 2000 *Law, Democracy and Development* 183; Hicks *Ensuring Service Excellence by Realising the Full Potential of Police Officials* 13.

1383 Bruce 2007 *SA Crime Quarterly* 16; Sauerman 2008 *Acta Criminologica* 23.

1384 Burger 2011 *SA Crime Quarterly* 14; Manzi *The Role and Image of the Police in a Post-Apartheid Era* 30; Carty *et al Guidebook on Democratic Policing* 42.

1385 Artikel 9 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

1386 Aepli *et al International Police Standards Guidebook on Democratic Policing* 13.

4.4.2 *Gevolgtrekking: Polisiëring aan die hand van demokratiese waardes*

Demokrasie is daarop gemik om owerheidsgesag te begrens deurdat die gemeenskap verantwoordbaarheid van die staat kan eis.[1387] Ten einde dit te doen, moet deursigtigheid insae in die staat se werking verseker. Demokrasie is baie nou verbonde aan fundamentele regte en regstaatlikheid ter begronding van die waardes wat daarin bevat is.[1388] Op 'n soortgelyke wyse behels polisiëring aan die hand van demokratiese waardes, of demokratiese polisiëring, dat die gemeenskap voldoende insae het in die doen en late van die polisie,[1389] en dat die polisie die beskerming van fundamentele regte en die reg nastreef.[1390] Dit skep 'n verbondenheid tussen die polisie en die gemeenskap en voorkom dat die polisie arbitrêre gesag uitoefen. Waar dit egter wel voorkom, bied demokratiese waardes die geleentheid vir die gemeenskap om die polisie verantwoordbaar te hou vir sulke oortredings en om regstelling daarvan te gelas.[1391] Uiteraard is dit eenvoudig in teorie, maar ontbreek hierdie toepassing dikwels in praktyk.[1392] Die formele strukture, soos bespreek in hoofstuk 3, moet dus in plek wees om sodoende die gemeenskap te beskerm en die polisie te reguleer. Die omvattendheid van juridiese beginsels is irrelevant indien dit nie praktiese afdwinging geniet nie.

Die Grondwet maak voorsiening vir voldoende ondersteuning van demokrasie deur addisionele juridiese leerstukke en waardes, soos onder andere regstaatlikheid en fundamentele regte, en dus moet die

---

1387 Birch *The Concepts and Theories of Modern Democracy* 118. Sien ook Cottingham *Western Philosophy* 641.

1388 Held *Models of Democracy* 209. Sien ook Artikel 1(a) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996:
"(a) Menswaardigheid, die bereiking van gelykheid en die uitbou van menseregte en vryhede".

1389 Minnaar 2010 *Acta Criminologica* 192.

1390 Henry en Smith *Transformations of Policing* 159.

1391 Skolnick 1999 *Police Foundation* 7; Dixon 2000 *SACJ* 71.

1392 Dixon 2000 *SACJ* 78.

toepassing van demokratiese polisiëring altyd met inagneming hiervan uitgeoefen word.

4.5 *Polisiëring en regstaatlikheid*

Die demokratiese staatbestel van Suid-Afrika word algemeen beskryf as ŉ regstaat, of ŉ staat wat met regstaatlikheid beklee is.[1393] Terwyl die regstaat-idee na afloop van die Tweedewêreldoorlog ontwikkel het,[1394] het Suid-Afrika eers hierdie beginsel tydens die demokratiseringsproses aanvaar.[1395] Die klassifikasie van regstaatlikheid is nie eenvoudig nie. Dit behels nie ŉ staatsvorm nie,[1396] maar eerder ŉ versamelnaam van juridiese benaderings ter begrensing van owerheidsgesag.[1397] In die Suid-Afrikaanse konteks vertolk regstaatlikheid ŉ essensiële rol in die persepsie van demokrasie en word dit inderwaarheid in die Grondwet vertolk as een van die waardes van die Suid-Afrikaanse demokratiese bestel.[1398]

Soortgelyk aan demokrasie bevat regstaatlikheid ook formele en substantiewe, of materiële, aspekte.[1399] Dit word egter verder

---

1393 Die Engelse vertaling is *"constitutional state"* en word ook geredelik in hierdie wyse aangewend. Sien *Modderklip Boerdery v President van die RSA en Andere* 2003 (6) BCLR 638 (T) par 21; *Janse van Rensburg en ŉ Ander v Minister van Handel en Nywerheid en ŉ Ander* 1998 JOL 4129 (T) 43; *Phakati and Another v S* [2004] JOL 13052 (W) par 4; *S v Makwanyane and Another* 1995 6 BCLR 665 (KH) par 155; *Findevco v Faceformat SA* [2000] JOL 7258 (E); *Pharmaceutical Manufacturing Association of SA and Others: In Re Ex Parte Application of President of the RSA and Others* 2000 3 BCLR 241 (KH) par 84.

1394 Blaauw 1990 *SALJ* 76: *"The term 'Rechtsstaat' is a German expression made up of the words 'Recht' (law) and 'Staat' (state). This term translates easily into some languages, for instance 'regstaat' (Afrikaans) or 'rechtsstaat' (Dutch); a similar combination of 'law' and 'state' is more difficult to achieve in others. However, the concept itself is expressed to a certain extent by the phrases 'rule of law' in English, 'regne de la loi' or 'limitation des gouvernants' in French and 'stato di diritto' in Italian".*

1395 Aanhef van die *Interim Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 200 van 1993. Die aanhef verwys spesifiek na Suid-Afrika as ŉ "soewereine demokratiese regstaat". Sien ook Ackermann 2004 *PER* 1; Venter 1998 *PER* 1.

1396 Kruger 1994 *Stell LR* 16.

1397 Venter 1998 *PER* 11.

1398 Artikel 1 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

1399 Wolf en Blaauw-Wolf 1996 *SALJ* 269; De Waal 1995 *SAJHR* 5; Henning 2000 *TSAR* 222; Erasmus en De Waal 1997 *Stell LR* 43.

gekompliseer deurdat die Suid-Afrikaanse regstaatlikheid gebaseer is op die ideale vervat in twee uiteenlopende juridiese leerstukke, naamlik die "*rule of law*"[1400] en die "*rechtsstaat*"–idee.[1401] Albei hierdie leerstukke bevat formele en substantiewe aspekte, terwyl die Suid-Afrikaanse demokratiese benadering grootliks die materiële bepalings onderskryf.[1402] Alhoewel die Grondwet slegs voorsiening maak vir die "*rule of law*" kan die invloed van die "*rechtsstaat*"-idee nie ontken word nie. Vir doeleindes van hierdie proefskrif, word regstaatlikheid gevolglik as 'n versamelnaam gebruik, wat beide die "*rule of law"* en die "*rechtsstaat*"-idee omvat.

4.5.1 *Rule of law*

Die "*rule of law*" het sy oorsprong in die Engelse Westminster-stelsel,[1403] wat 'n Parlementêre Soewereiniteit behels het,[1404] en word aan Albert Venn Dicey toegeskryf.[1405] Hierdie leerstuk het in teenreaksie op die outokratiese monargie ontwikkel.[1406] Dicey het gevolglik drie beginsels neergelê ter regulering van die staat se interaksie met sy burgers.[1407] Dit het pertinent betrekking op strafregpleging, en by implikasie polisiëring, deurdat hy eerstens bepaal dat 'n individu slegs aanspreeklik kan wees vir 'n wandaad indien 'n regsreël bestaan om dit te verbied.[1408] Tweedens meen hy dat alle individue gelyke behandeling moet ontvang en derdens

---

1400 Sien afdeling 4.5.1 van hierdie proefskrif.

1401 Sien afdeling 4.5.2 van hierdie proefskrif.

1402 Hiemstra 1985 *TSAR* 3; Kruger 1994 *Stell LR* 17; Van Wyk 1980 *TSAR* 155; Venter 1998 *PER* 7.

1403 Ferreira en Ferreira-Snyman 2005 *THRHR* 31.

1404 Sien afdeling 3.4.1.2 van hierdie proefskrif.

1405 AV Dicey was 'n Britse juris gedurende die laat 1800's. Hy het hom veral toegespits op staatsregtelike studie en was ook 'n professor in Engelse Reg aan die Universiteit van Oxford tussen 1882 en 1909.

1406 Dicey *Introduction to the Law of the Constitution* i.

1407 Woolman *et al Constitutional Law of South Africa* 11-1.

1408 *Dicey Introduction to the Law of the Constitution* 188: "*We mean, in the first place, that no man is punishable or can be lawfully made to suffer in body or goods except for a distinct breach of law established in ordinary legal manner before the ordinary courts of the land.*" Sien ook Van der Vyver 1977 *SALJ* 297; Ferreira en Ferreira-Snyman 2005 *THRHR* 192.

dat die regbank dit moet verseker.[1409] Alhoewel hierdie drie beginsels die formele aspekte van "*rule of law*" uiteensit, voer Blaauw tog aan dat die substantiewe kern daarvan, naamlik die beskerming van individue se regte, duidelik hieruit voortspruit.[1410] Hierdie beginsels word ook weerspieël in die legaliteitsbeginsels en artikel 35 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996. Ingevolge hierdie beginsel mag geen individu skuldig bevind word aan 'n misdryf wat nie ten tye van die handeling as 'n misdaad beskou is nie, mag so 'n regsreël nie terugwerkend wees nie, en mag die regsreël wat toepassing vind, nie vaag of onduidelik wees nie. Gevolglik bepaal die legaliteitsbeginsel dat die regsreëls eng uitgelê behoort te word. Selfs al sou 'n skuldigbevinding steeds, ten spyte van die voorafgaande beginsel bekom word, mag geen straf egter opgelê word indien dit nie ook aan die bogenoemde vereistes voldoen nie.[1411]

Addisioneel tot die waardegedrewe beskerming van regte, sou ook aangevoer kon word dat, wanneer die bepalings saamgelees word, dit die belang van die reg en regsekerheid onderskryf.[1412] Dit bevestig die belang van gelyke behandeling en onderhewigheid aan die reg en sluit terselfdertyd sterk aan by die substantiewe aard van demokrasie. Die "*rule of law*" staaf dus ook die uitgangspunt van demokratiese polisiëring deur die oppergesag van die reg te bevestig.[1413]

1409 Devenish *Commentary on the South African Bill of Rights* 14, *Dicey Introduction to the Law of the Constitution* 193: "*We mean in the second place, when we speak of the "Rule of Law" as a characteristic of our country, not only that with us no man is above the law, but (what is a different thing) that here every man, whatever be his rank or condition, is subject to the ordinary law of realm and amenable to the jurisdiction of ordinary tribunals*".

1410 Blaauw 1990 *SALJ* 93.

1411 Snyman *Strafreg* 41; Almqvist *Human Rights, Culture and Rule of Law* 195. Sien ook die beginsels soos uiteengesit in *Affordable Medicines Trust and Others v Minister of Health and Another* 2006 3 SA 247 (KH) par 108.

1412 Woolman *et al Constitutional Law of South Africa* 11-37.

1413 Aepli *et al International Police Standards Guidebook on Democratic Policing* 11.

4.5.2 *Rechtsstaat*

Die "*rechtsstaat*"-idee is afkomstig uit die Duitse reg,[1414] en behoort gevolglik nie bloot as sinoniem van "*rule of law*" aangewend te word nie.[1415] Die "*rechtsstaat*"-idee is meer substantief gerig as die "*rule of law*". Die formele aspekte van die "*rechtsstaat*" is die skeiding van magte; die onafhanklikheid van die regbank met hersieningsbevoegdheid; gelykheid van partye voor die reg; die beskerming van fundamentele regte; staatsgesag voortspruitend uit wetgewing; 'n regmatig verkose verteenwoordigende wetgewer; die oppergesag van die reg en die proporsionaliteit en nie-terugwerkendheid van staatsoptrede.[1416] Die materiële benadering behels nie bloot net 'n toevoeging van 'n morele standaard by die uitoefening van die formele elemente nie.[1417] Die materiële benadering van die "*rechtsstaat*" behels 'n waardegedrewe aanslag ingevolge waarvan 'n normatiewe regsinstrument of *grundnorm*,[1418] in die vorm van 'n geskrewe grondwet, die grondslag uitmaak.[1419] Dit bied dus 'n waardesisteem waarteen alle fasette van die reg gemeet kan word, selfs dié waarvoor daar nie pertinent voorsiening gemaak word in die "*rechtsstaat*" se formele elemente nie.

Die *rechtsstaat*-beginsel verseker, meer omvattend as die *"rule of law"*, ook beskerming vir alle individue se politieke en fundamentele regte, poog om die lewenskwaliteit van individue te verhoog en bied terselfdertyd 'n maatstaf vir die staat om besluite en optrede substantief

---

1414 Die "*rechtsstaat*"-idee se ontstaan word toegeskryf aan drie regsfilosowe wat elk verantwoordelik geag word vir 'n spesifieke fase in die ontwikkeling van die ideaal. Immanuel Kant het die oorspronklike kernbeginsels van hierdie regsteorie neergelê, Adam Müller het die term "*rechtsstaat*" geskep , en Robert von Mohl het die beginsel en die term gekombineer. Sien in hierdie verband Van Wyk 1980 *TSAR* 153; Kruger 1994 *Stell LR* 16.

1415 De Haan, Silvis en Thomas 1991 *Journal of Law and Society* 350.

1416 Venter 2012 *McGill Law Journal* 742; Blaauw 1990 *SALJ* 80.

1417 Wolf en Blaauw-Wolf 1996 *SALJ* 269; Blaauw 1990 *SALJ* 85.

1418 Barber 2003 *University of Toronto Law Journal* 451.

1419 Henning 2000 *TSAR* 222; De Ville 2006 *Acta Juridica* 66.

te begrond.[1420] Die grootskaalse ooreenkomste tussen hierdie substantiewe benadering en die waardegedrewe aard van die Suid-Afrikaanse Grondwet is die rede hoekom die invloed van die "*rechtsstaat*" op die Suid-Afrikaanse demokratiese bedeling so hoog geag word.

Die argument kan dus aangevoer word dat die "*rechtsstaat*"-idee 'n normatiewe grondslag daarstel in regstaatlikheid wat nie so pertinent afleibaar is uit die materiële benadering van die "*rule of law*" nie.[1421] Dit sluit baie goed aan by die inhoud van artikel 1 van die Grondwet en bied maatstawwe wat universeel geld, selfs in die afwesigheid van pertinente bepalings. Teen die agtergrond van die polisietransformasie[1422] en die ideologiese probleme wat daaruit voortgespruit het, kan aangevoer word dat leerstukke van hierdie soort onontbeerlik is vir professionele polisiëring.[1423] Dit bied 'n nuwe denkwyse wat gekoppel is aan waardegedrewe riglyne waarteen beide die formele en materiële aspekte van polisiëring gemeet kan word. Dit verseker dat die hele gemeenskap daaraan gebonde is en dat verantwoording deur die reg geëis word.[1424]

Daar kan dus tot die slotsom gekom word dat regstaatlikheid die oogmerke van die demokratiese waardes bevestig en onderskryf.[1425] Dit begrens die uitoefening van owerheidsgesag deur die beskerming van individuele regte. Die klem op die oppergesagtelike aard van die reg en die onafhanklikheid van die howe verseker dat verantwoording gedoen moet word vir oortredings of lates wat begaan word om sodoende 'n deursigtige en responsiewe polisiëring daar te stel.[1426]

1420 Van der Schyff 2008 *PER* 12.

1421 Van Wyk 1991 *Stell LR* 189; Kruger 1994 *Stell LR* 17. Dit is belangrik om in hierdie verband in gedagte te hou, dat regstaatlikheid 'n versamelnaam vir beide die *"rule of law"* en die *"rechtsstaat"*-idee behels. Sien afdeling 4.5 van hierdie proefskrif.

1422 Sien hoofstuk 3 van hierdie proefskrif.

1423 Venter 1995 *SALJ* 43.

1424 Blaauw 1990 *SALJ* 87; Stern 1981 *TSAR* 245.

1425 Rautenbach en Malherbe *Constitutional Law* 6.

1426 Currie en De Waal *The New Constitutional and Administrative Law* 21; artikel 1 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

4.5.3 *Polisiëring onder die beginsel van regstaatlikheid*

Die invloed van regstaatlikheid op polisiëring is onvermydelik, veral met inagneming van die formele en materiële aspekte wat direkte aanwending geniet ter beperking van owerheidsgesag. Die grondwetlike verskansing beklemtoon die invloed van regstaatlikheid as grondliggende beginsel vir die uitoefening van staatsregtelike bevoegdhede en gesag, en so ook polisiëring.[1427]

Op materiële vlak ondersteun regstaatlikheid die normatiewe maatstaf van grondwetlikheid[1428] wat riglyne daarstel ter regulering van enige faset van die staatsregtelike bestel. Dit bied die vermoë om waardegedrewe owerheidsoptrede te verseker, selfs in die afwesigheid van pertinente regsreëls.[1429] Die grondwetlike verskansing van hierdie normatiewe maatstaf onderskryf soveel te meer die toegewydheid aan waardegedrewe begrensing van owerheidsgesag in die Suid-Afrikaanse bestel. Hierdeur bied regstaatlikheid 'n materiële regsekerheid ten aansien van wat as aanvaarbare polisiëring beskou kan word. Dit bied normatiewe sekerheid en begrensing aan polisiebeamptes in die uitvoering van hul pligte, beskerming van individue in die interaksie met polisiëringsfunksionarisse en 'n objektiewe maatstaf vir evaluering deur regsprekende kruiskontrole.[1430] Gevolglik kan dus aangevoer word dat materiële regstaatlikheid normatiewe legaliteit aan polisiëring bied.

Regstaatlikheid stel dus die hele gemeenskap, met insluiting van die polisie, onderhewig aan die reg.[1431] Dit beteken gevolglik dat die formele

---

1427 Joubert *Toegepaste Reg vir Polisiebeamptes* 9.

1428 Boshoff 2001 *TSAR* 761.

1429 De Wet 1995 *SAJHR* 46; Van Wyk 1991 *Stell LR* 187; Erasmus en De Waal 1997 *Stell LR* 33; Kruger 1994 *Stell LR* 17.

1430 Die regsprekende gesag is daarmee getaak om die interpretasie van die Grondwet met betrekking tot staatsoptrede te behartig. Sien artikel 172 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996. Die Grondwet verskaf ook 'n "inherente bevoegdheid" ter ontwikkeling van die reg aan die hand van die Grondwet wat die howe die ideale forum maak ter bepaling van legitieme owerheidsoptrede.

1431 Rautenbach en Malherbe *Constitutional Law* 6.

strukturele samestelling en plasing van die polisie nie 'n invloed behoort te hê op die onderhewigheid van die polisie aan die reg nie.[1432] Die polisie bly onderhewig aan die reg ongeag of dit onder die uitvoerende gesag ressorteer, of 'n mate van outonomie ontvang.[1433] Soos die polisie, moet die toesighoudende strukture van die polisie ook onderhewig wees aan die reg wat sodoende vir die verantwoordbaarheidstrukture 'n waardegedrewe grondslag bied.[1434] Gevolglik is die polisiëringsaktiwiteite sowel as die toesighouding normatief onderhewig aan die reg en uiteraard die Grondwet.

Die Engelse reg se beskouing van die interaksie tussen die "*rule of law*" en polisiëring bied 'n verdere perspektief deurdat dit die substantiewe beskerming wat gebied word deur die "*rule of law*" ook in die vorm van 'n regsplig ter realisering daarvan interpreteer.[1435] Bayley gaan sover as om aan te voer dat "*political responsibility and the rule of law intersects at the police."* Hierdeur voer hy aan dat polisiëring daarop gemik is om die gemeenskap, sowel as die reg, te beskerm deur die toepassing van die reg.[1436] Hierdie siening word ook in die Amerikaanse stelsel weerspieël, deurdat regstaatlikheid 'n geïmpliseerde plig oplê teenoor die polisie om die eerste linie van legitieme regspleging daar te stel.[1437]

Deur die polisie as 'n belangrike rolspeler in die daarstelling van geregtigheid te beskou, onderskryf dit nie slegs die rol van die polisie in

---

1432 Newham 2005 *South African Review of Sociology* 167: *"In essence, however, the challenge of police accountability is one of ensuring that the police use their powers and resources to promote the rule of law within prescribed parameters. For this to occur, mechanisms must be established to ensure that police autonomy is kept in check without completely tying the hands of the police to tackle criminals".*

1433 Sien afdeling 3.4.1.4 van hierdie proefskrif.

1434 Van der Spuy 2008 *Journal for Contemporary History* 39; Artikel 13(1) van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 van 1995; Masiapata *Ethics and Ethos in the SAPS* 101.

1435 Miller 1986 *American Bar Foundation Research Journal* 343.

1436 Bayley 1979 *Crime & Justice* 133.

1437 Sung 2005 *International Journal of Police Strategies and Management* 354. Sung voer verder aan dat geen polisiëringstelsel waarlik legitiem kan funksioneer sonder die toepassing van "*rule of law*" nie. In die Suid-Afrikaanse konteks kan dit uiteraard geïnterpreteer word om gevolglik ook regstaatlikheid in te sluit.

beskerming van individuele vryhede nie, maar beïnvloed ook die rol wat die polisie in die gemeenskap vertolk as 'n liggaam ter afdwinging van die reg en nie politieke wil nie. Die Duitse polisiëringsisteem is 'n toonbeeld hiervan deurdat polisiëring aan die hand van regstaatlikheid, en die element van konsekwentheid,[1438] uitsluitlik gemik is op die afdwinging en toepassing van die reg.[1439]

Met inagneming van hierdie perspektief op die aanwending van regstaatlikheid in polisiëring, kan die Suid-Afrikaanse benadering tot die interaksie tussen regstaatlikheid en polisiëring verskeie formele en substantiewe vorme van magsregulering en beskerming aanneem. In die nastrewing van beskerming van regte, regulering van polisie-optrede en die objektiewe toepassing van die reg teenoor alle fasette van die staat, sal regstaatlikheid 'n onontbeerlike rol speel in die daarstelling van legitieme polisiëring en uiting gee aan die waardes van die Grondwet.

4.6 *Polisiëring en Menseregte*

Die menseregtebeginsel word beskou as een van die belangrikste aspekte van polisiëring wat internasionaal geld. Strukturele aspekte, soos bespreek in hoofstuk 3, behoort nie 'n invloed op die teenwoordigheid, of selfs die toepassing, van menseregte binne 'n bepaalde polisiesisteem te hê nie.[1440] Menseregte is grootliks afhanklik van substantiewe onderskrywing in 'n betrokke polisiestelsel ten einde respek en realisering daarvan te verseker. Die menseregtebeginsel binne polisiëring word gevolglik as 'n universele vereiste van legitieme polisiëring geag, ten einde die regte en vryhede van individue te

---

1438 Griswold en Massey 1989 *American Journal of Police* 126.

1439 Cao 2001 *European Journal of Crime, Criminal Law and Criminal Justice* 169.

1440 Bayley 1992 *Crime and Justice* 539. As voorbeelde hiervan verwys Bayley spesifiek na Australië, Brittanje, Kanada, Indië en die VSA. Elkeen van die genoemde state het verskillende regstelsels en polisiesisteme, alhoewel die polisie in elkeen van die lande die universele benadering tot menseregte onderskryf.

beskerm.[1441] Dit vereis gevolglik nie slegs die respek vir menseregte nie, maar ook 'n verpligting om hierdie regte, ingevolge die betrokke staat se reg, te beskerm.[1442] Effektiewe beskerming van regte kan egter nie bereik word sonder effektiewe regulatoriese maatreëls nie.[1443] In *Coetzee v National Commissioner of Police and Others* meen Du Plessis R dat die Handves van Regte 'n belangrike magsbeperking daarstel wat die gemeenskap teen oordrewe owerheidsgesag beskerm:

> *[45] The courts should therefore jealously guard these rights and act decisively upon the infringement thereof. Furthermore, it is important that those who act with impunity, and who think that they can do as they please, simply because they have the force of the whole law-enforcement system behind them, should be brought to book and restrained. The whole wrath of the legal system, the rule of law, the courts and the public should be brought upon such officials.*[1444]

Die *Universal Declaration of Human Rights,*[1445] die *International Covenant on Civil and Political Rights*[1446] en die *International Covenant on Economic, Social and Cultural Rights*[1447] word algemeen aanvaar as die basis vir alle menseregte, asook die volkeregtelike beskou daarvan.[1448] Regionale regsinstrumente sluit in die *African Charter on Human and Peoples' Rights*,[1449] die *European Convention on Human Rights*,[1450] *American Convention on Human Rights*,[1451] die *Charter of the Organization of American States*,[1452] asook die *American Declaration on*

1441 Marenin 1998 *International Journal of Police Strategies and Management* 159.
1442 Das 1995 *Policing International Journal* 229; Alderson 1989 *Police Journal* 241; Gobinet 2008 *International Journal for Police Science and Management* 459.
1443 Sung 2005 *International Journal of Police Strategies and Management* 348; Wood en MacAlister 2005 *International Journal of Police Strategies and Management* 200.
1444 *Coetzee v National Commissioner of Police and Others* 2011 2 SA 227 (GNP) par 45.
1445 *Universal Declaration on Human Rights*, 1948.
1446 *International Covenant on Civil and Political Rights*, 1966
1447 *International Covenant on Economic, Social and Cultural Rights*, 1966.
1448 Rautenbach en Malherbe *Constitutional Law* 316; Mawby en Wright *Police Accountability in the United Kingdom* 3.
1449 *African Charter on Human and Peoples's Rights*, 1981.
1450 *European Convention on Human Rights*, 1950.
1451 *American Convention on Human Rights*, 1969.
1452 *Charter of the Organization of American States*, 1948.

the Rights and Duties of Man.[1453] Wat opvallend is vanuit die teks van die hierdie menseregte-instrumente, is dat dit geensins verwys na polisiëring ter beskerming of inperking van regte nie.[1454] Die regte wat gevolglik deur dié instrumente beskerm word, plaas 'n negatiewe verpligting op die staat om in alle vorme van owerheidsgesag, die regte te respekteer, met insluiting van polisiëring. Teen hierdie agtergrond bied die Suid-Afrikaanse Grondwet 'n meer holistiese benadering met inagneming van fundamentele regte, asook die rol van polisiëring in Suid-Afrika.[1455]

4.6.1 *Polisiëring onder die Handves van Regte in Suid-Afrika*

Soos reeds genoem, simboliseer fundamentele regte,[1456] soos vervat in hoofstuk 2 van die Grondwet,[1457] vir baie mense die regte en vryhede wat gepaard gaan met 'n demokratiese sisteem.[1458] Dit is daarop gemik om die individu teen die staat te beskerm en sodoende owerheidsgesag in te perk.[1459] Dit is ook baie nou verbonde aan die beginsels van regstaatlikheid en demokrasie wat beide die beskerming van regte

---

1453 *American Declaration on the Rights and Duties of Man*, 1948. Hierdie regsinstrument word geag as die eerste menseregte-instrument op volkeregtelike gebied. Dit is deur lidlande onderteken in April van 1948 en het dus die ondertekening van die *Universal Declaration of Human Rights* voorafgegaan.

1454 Die onderskeie menseregte-instrumente verwys wel telkens die sekerheid van persoon wat nagestreef moet word, asook die regte van beskuldigde persone. Vanuit hierdie benadering is beginsels, relevant tot polisiëring, dus afleibaar, alhoewel dit nie uitdruklik aangespreek word nie. Sien artikels I en XXVIII van die *American Declaration on the Rights and Duties of Man*, 1948; artikels 7(1); 13(2) en 32(2) van die *American Convention on Human Rights*, 1969; artikels 6, 11 en 27 van die *African Charter on Human and People's Rights*, 1981.

1455 Artikel 205(3) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika,* 1996; Hoofstuk 2 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika,* 1996, Die grondwet moet uiteraard in geheel geïnterpreteer word. Artikel 205(3) behoort dus teen die agtergrond van hoofstuk 2 geïnterpreteer te word.

1456 Vir doeleindes van hierdie proefskrif word 'n onderskeid getref tussen fundamentele regte, as 'n grondwetlike of staatsregtelike begrip, en menseregte as 'n volkeregtelike begrip. In die konteks van hierdie proefskrif, verwys fundamentele regte na hoofstuk 2 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996. Sien in hierdie verband Venter *Constitutional Comparison* 129; Mubangizi 2004 *TSAR* 324.

1457 Hoofstuk 2 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika,* 1996. Die Handves van Regte strek vanaf artikel 7 tot artikel 39.

1458 Van der Westhuizen 2004 *Acta Criminologica* 103; Cawthra *et al Security and Democracy in Southern Africa* 2.

1459 Sien hoofstuk 3 van hierdie proefskrif.

onderskryf.[1460] Die toevoeging van die Handves het egter die beskerming van regte tot een van die mees omvattende[1461] ter wêreld uitgebrei.[1462] Vanweë die insluiting van die Handves van Regte in die Grondwet, behoort dit nie in isolasie beskou te word nie.[1463] Die grondwetlike verskansing ondersteun die toepaslikheid van die Handves op die totale reg aan die hand van die oppergesag van die Grondwet.[1464] Die Grondwet bied dus interafhanklike beginsels wat grondwetlike beskerming aan die fundamentele regte van individue verseker. Dit waarborg dus die realisering van fundamentele regte en verseker dat fundamentele regte nie tot papierwaardes beperk is nie, maar tot grondwetlik verpligte uitvoering gebring kan word.[1465]

Met die aanvaarding van die demokratiese bestel het Suid-Afrika fundamentele regte, wat ook beïnvloed is deur die ANC se "*African*

1460 De Ville 2006 *Acta Juridica* 65; Blaauw 1990 *SALJ* 87; Els 2006 *TSAR* 265.

1461 Die Handves van Regte bied beskerming ten opsigte van sosiale, politieke en individuele regte ter beskerming van onder andere fisiese, psigiese en materiële aard.

1462 Kollapen 2006 *SAHRC* 29. Jody Kollapen meen: *"The 1996 Constitution, and the Bill of Rights which it incorporates, has been hailed as one of the most progressive, far-reaching and courageous commitments to advancing human rights."* Sien ook Kgosimore 2000 *CRISA* 1: *"The Constitution of South Africa, which has been hailed as the most ambitious piece of document by the international community, seeks to re-order both the social and legal reality of our country".*

1463 Els 2006 *TSAR* 262: "Dit is vanweë interafhanklikheid van die regte in die handves asook die oorvleueling wat bestaan tussen regte." Els lei hierdie standpunt af van die gewysde *Government of the Republic of South Africa v Grootboom* 2000 11 BCLR 1169 (KH) par 23: *"All the rights in our Bill of Rights are interrelated and mutually supporting.*" Sien ook in hierdie verband die gewysde *Carmichele v Minister of Safety and Security* 2001 4 SA 938 (KH) par 54, waar die Konstitusionele Hof aan die hand van Ackermann R se uitspraak bepaal: *"Our Constitution is not merely a formal document regulating public power. It also embodies, like the German Constitution, an objective, normative value system".*

1464 Devenish *A Commentary on the South African Constitution* 36. Sien ook artikel 2 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika,* 1996:
"Hierdie Grondwet is die hoogste reg van die Republiek; enige regsvoorskrif of optrede daarmee onbestaanbaar, is ongeldig, en die verpligtinge daardeur opgelê, moet nagekom word."

1465 *In re Certification of the Constitution of the Republic of South Africa, 1996* 1996 10 BCLR 1253 (KH) par 194: *"The fact that they are declared to be subject to the New Text merely underlines the point that in a constitutional state, no-one exercises power or authority outside of the constitution."*

Claims in South Africa" en Vryheidsmanifes,[1466] geïnkorporeer as deel van die Suid-Afrikaanse Handves van Regte.[1467] Die insluiting daarvan in die Interim Grondwet[1468] en die Grondwet[1469] het nie slegs grondwetlike verskansing beteken nie, maar ook erkenning as die figuurlike boustene van die Suid-Afrikaanse grondwetlike demokrasie.[1470]

In polisiegeledere en die strafregpleging was die geesdrif aangaande fundamentele regte egter uiteenlopend. Terwyl regsgeleerdes fundamentele regte verwelkom het, was die gevoel van die gemeenskap dat dit 'n hindernis vir die bestryding van misdaad is en oortreders meer beskerm as die publiek.[1471] Alhoewel hierdie studie nie daarop gemik is om die meriete van sulke uiteenlopende beskouinge te ondersoek nie, moet tog aanvaar word dat die gemeenskap se opvatting aangaande fundamentele regte en die polisie se beskerming daarvan bydra tot die gemeenskapsbeskouing van polisiëring en die legitimiteit daarvan in die kontemporêre staatsregtelike bedeling.

4.6.2 *Interpretasie van die Handves van Regte*

Enige regsbeginsel is oop vir interpretasie. Vanweë hierdie feit is dit belangrik dat aandag geskenk word aan die interpretasie van die regte en van die Handves ten einde regsekerheid en die korrekte uitlewing van die waardes van die demokratiese bestel te verseker.[1472] Die verskillende regte is van toepassing op die hele reg en 'n verskeidenheid van

---

1466 *African Claims in South Africa*, 1945; *Vryheidsmanifes,* 1955. Die *African Claims in South Africa* is op 16 Desember 1945 aanvaar deur die *African National Congress* en het die eerste voorstel tot menseregtelike-bestel bevat. Vryheidsmanifes is op 25 Junie 1955 aanvaar by die Kongres van die Mense te Kliptown. Dit het die strewe na 'n demokratiese bestel en die behoefte na fundamentele regte, wat vir alle individue en rasse geld, beklemtoon. Sien ook Currie en De Waal *The New Constitutional and Administrative Law* 57; Van Wyk 1991 *Stell LR* 198; Kruger 1994 *Stell LR* 23; Haysom 1991 *SAJHR* 102.

1467 Rautenbach en Malherbe *Constitutional Law* 316.

1468 *Interim Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 200 van 1993.

1469 *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

1470 Sien artikel 1 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

1471 Sarkin 2000 *Law, Democracy & Development* 151; Pigou 2000 *Law, Democracy & Development* 139; Mokgoro *South African Law Commission* 50.

1472 Dzingwa *Constitutional Interpretation* 5.

verskillende regskwessies.[1473] Dit vereis dus duidelikheid omtrent die uitleg van beginsels om dit toeganklik te maak vir alle fasette van die samelewing.

Interpretasie van fundamentele regte word nie net tot die howe beperk nie. Ten einde die beskerming van regte na te kan streef moet alle sfere en vlakke van regering, alle staatsfunksionarisse sowel as alle regspersone en individue die vermoë gebied word om die regte voldoende te interpreteer om 'n vreedsame en geordende samelewing daar te stel.[1474] Aan die hand van hierdie uitgangspunt moet die rol van die polisie in die uitleg van regte beklemtoon word. Die polisie kom in kontak met 'n verskeidenheid tipes dispute, in meeste gevalle teenstrydige belange, en maak dikwels die eerste linie van interaksie tussen die staat en die individu uit. Sonder 'n goeie begrip ten aansien van fundamentele regte en die uitleg daarvan kan polisiëringspligte nie voldoende vervul word nie.

Die uitleg van regte behels beide die interpretasie van die onderliggende waardes, sowel as die betrokke reg.[1475] Dit behels dus nie slegs 'n oordeel van wat die beste oplossing sou bied nie en verskil uiteraard grootliks tussen die regsprekende en uitvoerende sfere.[1476] Hierdie problematiek word kortliks ondersoek deur 'n onderskeid te tref tussen regsprekende interpretasie en die uitleg van regte deur uitvoerende polisiebeamptes.

1473 Artikel 8(1) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996. Sien ook Woolman 2007 *SALJ* 773; Dzingwa *Constitutional Interpretation* 491.

1474 Devenish *A Commentary on the South African Constitution* 96.

1475 Currie en De Waal *Bill of Rights Handbook* 133: *"Interpretation therefore involves two enquiries: first the meaning or scope of a right must be determined, then it must be determined whether the challenged law or conduct conflicts with the right".*

1476 Currie en De Waal *Bill of Rights Handbook* 133.

4.6.2.1 Regsprekende interpretasie van regte

Ter regulering van die uitlegproses voorsien die Grondwet die interpretasieklousule in die vorm van artikel 39.[1477] Artikel 39 bepaal dat enige hof of tribunaal eerstens gevolg moet gee aan die fundamentele waardes van menswaardigheid, gelykheid en vryheid.[1478] Subartikel 39(1)(b) en (c) bepaal ook dat die Volkereg in ag geneem moet word, terwyl buitelandse reg in ag geneem kan word by die interpretasie van die Handves van Regte.[1479] Deur die aanwending van artikel 39(1) het grondwetuitleg, sedert die inwerkingtreding van die grondwetlike bedeling, omvattende ontwikkeling beleef deur die toepassing van volkeregtelike beginsels en die buitelandse reg.[1480]

Die interpretasieklousule is daarop gemik om voldoende uitleg van die Handves van Regte te verseker, en dit sodoende moontlik te maak om die Handves van Regte van toepassing te kan maak op alle geskille.[1481] Hierdie artikel bepaal as volg:

1477 Artikel 39 *van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

1478 Dit bevestig natuurlik die waardes soos uiteengesit in artikel 1(a) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996, asook artikel 7(1) van die Handves van Regte.

1479 Dugard *International Law* 25. Dugard verwys na die belang van volkereg in die interpretasieproses met die woorde: *"South Africa's new constitutional order, which requires courts to interpret all legislation, and particularly the Bill of Rights, to accord with International Law, and the nation's commitment to the rule of law and human rights, sets the scene for a renaissance of International Law both in South Africa's foreign policy and in the jurisprudence of it's courts."* Artikel 39(1)(b) en (c) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

1480 Currie en De Waal *Bill of Rights Handbook* 147; *S v Makwanyane and Another* 1995 3 SA 391 (KH) par 36; *Government of the Republic of South Africa v Grootboom* 2001 1 SA 46 (KH) 75; *Minister of Health v Treatment Action Campaign* 2002 5 SA 721 (KH) 15. Dit moet egter benadruk word dat die toepassing van artikel 39(1)(b) en (c) nie onnadenkend moet geskied nie en slegs tot so 'n mate as wat versoenbaar is met die Suid-Afrikaanse reg.

1481 Wessels *My Regte, Jou Regte* 50.

39 Uitleg van Handves van Regte

(1) By die uitleg van die Handves van Regte –

(a) moet 'n hof, tribunaal of forum die waardes wat 'n oop en demokratiese samelewing gebaseer op menswaardigheid, gelykheid en vryheid ten grondslag lê bevorder;

(b) moet 'n hof, tribunaal of forum die volkereg in ag neem; en

(c) kan 'n hof, tribunaal of forum buitelandse reg in ag neem.

(2) By die uitleg van enige wetgewing, en by die ontwikkeling van die gemene reg of gewoontereg, moet elke hof, tribunaal of forum die gees, strekking en oogmerke van die Handves van Regte bevorder.

(3) Die Handves van Regte ontken nie die bestaan van ander regte of vryhede wat deur die gemenereg, gewoontereg of wetgewing erken of verleen word nie, in die mate waarin daardie regte of vryhede met die Handves bestaanbaar is.[1482]

Dit onderskryf ook die rol van die Handves van Regte by die uitleg en interpretasie van ander regsmiddele, soos wetgewing, die gemenereg en gewoontereg ten einde integrasie van die onderskeie bronne van die Suid-Afrikaanse reg te verseker en die interafhanklike aard daarvan te bevorder.[1483]

Dit beoog in elke geval om twee kwessies te beantwoord, naamlik die omvang en die doel van die fundamentele reg, en tweedens of die fundamentele reg teenstrydig met enige ander reg of bepaling is.[1484]

Sedert die aanvaarding van die Interim Grondwet[1485] en die Grondwet[1486] het twee spesifieke wyses van grondwetlike interpretasie uitgekristalliseer, naamlik die doelgebonde interpretasie en ruim interpretasie. Die begrip "doelgebonde interpretasie" word aangewend as Afrikaanse vertaling van die "*purposive*" interpretasie benadering. Die doelgerigte benadering is daarop gemik om 'n pertinente doel aan 'n spesifieke fundamentele reg toe te skryf. Dit maak gebruik van die onderskrywende waardes van die Grondwet, naamlik gelykheid, vryheid en menswaardigheid, om die bedoeling van die betrokke reg in 'n oop en

---

1482 Artikel 39 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

1483 Malherbe 2003 *TSAR* 436.

1484 Currie en De Waal *Bill of Rights Handbook* 133.

1485 *Interim Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 200 van 1993.

1486 *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

demokratiese samelewing te bepaal.[1487] Dit bied terselfdertyd ook beskerming aan die grondwetlike waardes en die demokratiese bestel, deur 'n interpretasie wat in die beste belang van die Suid-Afrikaanse reg is. Dit behels dus 'n waarde-oordeel deur die regsprekende gesag ten aansien van die beskerming wat die betrokke fundamentele regte daarstel, sowel as die doel wat dit vervul.[1488] Die begrip "ruim-interpretasie" word aangewend as Afrikaanse vertaling van die "*generous*" interpretasie. Die ruim-uitlegbenadering is gemik op die interpretasie van 'n reg ten gunste van die beskerming wat daarmee beoog word, en gevolglik ter vermyding van 'n inbreukmaking op die reg. Dit bring dus mee dat 'n hof wel geneig mag wees om eerder te bevind dat inbreuk gemaak is op 'n reg vanweë die breë interpretasie van die beskerming wat verleen word deur die reg, as dat 'n reg onvoldoende beskerming daarstel.[1489]

Albei hierdie tegnieke van uitleg is daarop gerig om uiting te gee aan die onderliggende waardes van die Handves van Regte, en die Grondwet in die algemeen.[1490] Tog waarsku Kentridge R in *S v Zuma*[1491] dat die onderliggende waardes van die Grondwet nie alleen gebruik moet word tydens die interpretasieproses nie, deur aan te voer:

> *While we must always be conscious of the values underlying the Constitution, it is nonetheless our task to interpret a written instrument… If the language used by the lawgiver is ignored in favour of a general resort to 'values' the result is not interpretation but*

1487 Dzingwa *Constitutional Interpretation* 30.

1488 Lenta 2005 *Stell LR* 274; Currie en De Waal *Bill of Rights Handbook* 131; *Ex parte Attorney-General, Namibia: In Re Corporal Punishment by Organs of State* 1991 3 SA 76 (NmSC) 91. Sien ook Ellmann 2009 *Constitutional Court Review* 106: "*But the idea of a tight textual boundary on meaning becomes even less tenable once we decide to read words in light of their underlying purposes. If texts are to be interpreted purposively, then their purposes must be discerned — a process likely to involve imputation or infusion as well as perception.*"

1489 Currie en De Waal *Bill of Rights Handbook* 138. Currie en De Waal beskryf dit as uitleg "*in favour of rights and against their restrictions*"; Devenish *A Commentary on the South African Constitution* 103; Cheadle, Davis en Haysom *The Bill of Rights* 6; Dzingwa *Constitutional Interpretation* 25. Lenta 2005 *Stell LR* 283.

1490 Devenish *A Commentary on the South African Constitution* 147.

1491 *S v Zuma* 1995 2 SA 642 (KH).

divination… I would say that a constitution 'embodying fundamental principles should as far as its language permits be given broad construction'.[1492]

Suid-Afrikaanse grondwetlike interpretasie maak ook voorsiening vir 'n letterlike interpretasie en 'n interpretasie met inagneming van die historiese konteks. Die letterlike interpretasie maak gebruik van 'n eng uitleg deur na die bewoording van die teks kyk.[1493] Die historiese konteks, veral met inagneming van die pre-demokratiese bedeling, neem die gebeure wat aanleiding gegee het tot die daarstelling van die grondwetlike teks in ag.[1494] Rautenbach en Malherbe dui daarop dat verskeie ander faktore ook in ag geneem moet word by interpretasie, waaronder die geskiedenis van die land, onderliggende waardes en selfs internasionale waardes wat duidelikheid kan bied.[1495] Die uitleg moet egter, met inbegrip van onder andere faktore soos die geskiedenis, die konteks van die teks en die onderliggende waardes van die Grondwet geskied.[1496] Gevolglik kan aangevoer word dat die uitleg van fundamentele regte nie 'n enkele konkrete benadering behels nie. Alle relevante faktore en regte, soos van toepassing op die betrokke situasie, moet dus in ag geneem word ten einde 'n suiwer uitleg van 'n reg te verseker.

Alhoewel die wye en doelgebonde benaderings verskillende uitgangspunte verteenwoordig, is beide se doel wel om die suiwerste juridiese uitleg van die betrokke beginsels daar te stel.[1497] By die

---

1492 *S v Zuma* 1995 2 SA 642 (KH) par 17-18.

1493 Lenta 2005 *Stell LR* 274: "*When legal interpreters justify in textual terms results that appear to deviate from the ``plain'' or ``literal'' meaning of the Constitution, such interpreters are reprimanded by adherents of the ``plain meaning'' approach on the grounds that the interpretations they advance are not interpretations at all, but concealed acts of legislation. This approach worries about the threat to democracy posed by permitting judges the discretion to interpret the Constitution in accordance with their subjective, value-laden preferences at the expense of the ``plain'' or ``literal'' meaning of the text, which reflects the lawmaker's intentions."* Sien ook Currie en De Waal *Bill of Rights Handbook* 143; Dzingwa *Constitutional Interpretation* 24.

1494 Currie en De Waal *Bill of Rights Handbook* 141.

1495 Rautenbach en Malherbe *Constitutional Law* 42.

1496 Carpenter *Suprema Lex* 58.

1497 Cheadle, Davis en Haysom *The Bill of Rights* 6.

beoordeling van polisie-optrede, bied hierdie metodes van uitleg 'n hof die riglyne waarvolgens 'n waarde-oordeel gemaak kan word om te bepaal of inbreuk gemaak is op die regte van 'n individu en of so 'n inbreukmaking geregverdig of onregverdigbaar is. Dit behels egter steeds 'n teoretiese benadering wat nie bydra tot die interpretasie van regte by die uitvoer van polisiëringsaktiwiteite nie, maar stel wel presedente waarvolgens polisiëring kan geskied.

4.6.2.1.1 Interpretasie deur uitvoerende funksionarisse

Die interaksie tussen polisiëring en fundamentele regte is 'n daaglikse verskynsel. Suksesvolle polisiëring vereis die uitleg, aanwending en beskerming van fundamentele regte in die uitvoer van bevoegdhede en algemene polisie-aktiwiteite. Dit sou gevolglik kortsigtig wees om die interpretasie van die Handves van Regte slegs aan die regbank toe te skryf.[1498] Artikels 7 en 8 van die Grondwet[1499] onderskryf die plig van alle sfere van die staat om die Handves van Regte te eerbiedig, te beskerm, te bevorder en te verwesenlik. Ten einde dit moontlik te maak moet 'n mate van interpretasie tog geskied alvorens die betrokke bepaling toepasbaar gemaak kan word op 'n pertinente geskil of kwessie.[1500] Woolman meen in hierdie verband:

> *The lack of precision and almost casuistic approach to constitutional norm setting means that it is difficult for any actor – another lower court, a government official or a private actor – to anticipate future forms of law or conduct that would or would not satisfy the basic law's general norms. If there is no rule of law to which a state actor or private actor knows that she must conform her behaviour, then it would be*

1498 Die bewoording van artikel 39 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika,* 1996 verwys na die interpretasie-proses met alleenlike verwysing na die regsprekende gesag. Alhoewel geen verwysing na ander sfere van die staat voorkom nie, kan die handves van regte nie as irrelevant tot hul werksaamhede geag word nie. Andrews en Ellmann *Post-Apartheid Constitutions* 457: "*… there is no legal questions left in South Africa to which the Bill of Rights (is) simply and inherently irrelevant"*.

1499 Artikels 7(2) en 8(1) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika,* 1996.

1500 Pigou 2000 *Law, Democracy & Development* 137; Klug *The Constitution of South Africa* 117. Uiteraard geld hierdie benadering vir alle staatsfunksionarisse in die uitvoer van hul pligte.

surprising to find her attempting to conform her behaviour to some unarticulated and inchoate sense of a 'rule' that is consistent with the Constitutional Court's understanding of what the Final Constitution permits.[1501]

Binne die sfeer van polisiëring behels byna elke faset van die polisie se werksaamhede 'n fundamenteelregtelike kwessie, hetsy met betrekking tot die afdwing van bevoegdhede, die regte van 'n slagoffer of die aantasting van 'n verdagte persoon se regte.[1502] 'n Polisiebeampte, as uitvoerende funksionaris, het egter nie noodwendig die regskundige begronding om die beginsels van 'n ruim- of doelgerigte benadering voldoende aan te wend nie.[1503] Gevolglik is 'n polisiebeampte gebonde aan die interpretasie wat die regsprekende gesag bied en mag selfs dit 'n uitdaging blyk indien onvoldoende kennis aan die kant van die beampte bestaan om die implikasie van so 'n interpretasie te verstaan. Dit kan dus aangevoer word dat alhoewel 'n omvattende uitvoerende interpretasiebevoegdheid nie noodwendig gewens is nie, kan die ontbreking van 'n interpretasiemetode in polisiëring 'n kommerwekkende leemte daarstel en polisiëring kniehalter.[1504]

1501 Woolman 2010 *SAPL* 534.

1502 Die toepassing van fundamentele regte in hierdie verband kan beskryf word as beide direkte en indirekte toepassing. Sien Currie en De Waal *Bill of Rights Handbook* 56; Rautenbach *General Provisions of the South African Bill of Rights* 80. Rautenbach voer verder aan dat: *"There is no need to rewrite our private law in this particular regard: it will remain the main source of the resolution of private disputes between equals, even when both applicants and respondents rely on constitutionally protected rights."*

1503 Ten aansien van die interpretasie van fundamentele regte in die uitvoer van polisiëringaktiwiteite, is dit dikwels 'n besluit wat vinnig en onder druk van 'n noodsituasie gemaak moet word. Alhoewel dit uiteraard 'n waardebepaling van die polisiebeamptes wat teenwoordig is verg, beskik polisiebeamptes meestal slegs oor die mees basiese kennis aangaande strafprosesregtelike-aangeleenthede en basiese grondwetlike beginsels. Sien Omar 2007 *ISS Monographs* 55. Dit moet ook in ag geneem word dat, veral in minder bevoorregte gemeenskappe, die polisie die enigste vorm van beregting bied vanweë die ontbreking van regsprekende middele. Dit beteken dat die gemeenskap vertrou dat die polisie oor voldoende kennis beskik om dispute op te los.

1504 Alhoewel hierdie uiteraard 'n kwessie ten aansien van alle uitvoerende staatsfunksionarisse is, is slegs die funksionarisse wat getaak is met polisiëring van belang vir hierdie studie en sal die bespreking dus dienooreenkomstig hiertoe beperk word. Sien as voorbeeld Mayoyo, Potgieter en Ras 2011 *Inkanyiso* 87; Combrinck en Wakefield 2010 *SA Crime Quarterly* 30.

Uiteraard staan faktore soos opleiding,[1505] ervaring en insig in die reg sentraal tot hierdie kwessie. Dit vereis dat intreevlak opleiding[1506] voldoende kennis bied aangaande basiese grondwetlike beginsels, insluitend fundamentele regte en die interpretasie daarvan, sowel as die praktiese toepassing daarvan in verskillende tipes gebeurlikhede. Addisioneel hiertoe moet basiese beginsels neergelê word in die interpretasie en toepassing van grondwetlike beginsels.[1507] Indien hierdie basiese vaardighede nie in die polisie gekweek word nie, sal interpretasie en toepassing van fundamentele regte nie effektief kan geskied nie. Dit kniehalter opsigself die polisiebeampte in die uitvoering van sy pligte en effektiewe polisiëring.[1508]

In die interpretasie moet 'n polisiebeampte eerstens besef dat sy uitleg van 'n grondwetlike bepaling nie finaal is nie en nie regsprekend van aard is nie.[1509] Die interpretasie moet met voldoende inagneming van die onderliggende grondwetlike waardes van gelykheid, vryheid,

---

1505 Pertinente opleiding in fundamentele regte, asook die interpretasie en toepassing daarvan, word benodig ten einde 'n polisiebeampte die vermoë te bied om 'n korrekte, en waardegedrewe, interpretasie te maak. Ingevolge die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie Outoriteit se standardisering van polisieopleiding, behels die huidige opleiding, met betrekking tot die Reg, 'n skamele 36 krediete uit 'n totaal van 150 krediete. Dit sluit egter strafprosesreg, privaatreg en gemenereg in. Dit maak nie pertinent voorsiening vir opleiding in fundamentele regte of die Grondwet nie. Sien in hierdie verband SAQA *National Certificate: Policing* Qualification 20496.

1506 Intreevlak, of grondslag, opleiding verwys na die basiese opleiding wat elke polisiebeampte deurgaan ten einde tot die polisiediens toegelaat te word. Prakties gesproke verskil die opleiding ten aansien van permanente lede en reservis-polisiebeamptes, maar word hier vanaf die veronderstelling uitgegaan dat dieselfde basiese beginsels in opleiding oorgedra moet word.

1507 Polisie-optrede wat lei tot nadelige gevolge, soos die dood van Andries Tatane, tydens 'n diensleweringstaking in Ficksburg 13 April 2011, sowel as die massa sterftes tydens die Lonmin Marikana mynstaking, lê klem op die behoefte vir duidelikheid in die uitvoer van polisiebevoegdhede. Sien in hierdie verband Wasserman en Jacobs *Daily Maverick* 1; Mahabane *Business Day* 1.

1508 Joubert *Toegepaste Reg vir Polisiebeamptes* 17; *Ntamo and Others v Minister of Safety and Security* 2000 JOL 7151 (Tk) par 27.

1509 Die polisiebeampte moet dus die insig toon dat hersiening van enige polisiehandelinge aan die hand van die regsprekende gesag tot die beskikking van die partye betrokke is. Dit sluit in dat die polisiebeampte die situasie fasiliteer binne sy bevoegdhede en verwys na die gepaste forum, hetsy regspraak of ander bevoegde liggaam, ten einde die situasie voldoende te remedieer. Sien Igor "Summary justice in and out of court" 5.

menswaardigheid, demokrasie en regstaatlikheid plaasvind.[1510] Die beskermende aard van 'n reg moet oorweging geniet, in samehang met die feit dat die onvoldoende interpretasie van 'n reg tot liggaamlike leed van individue wat geregtig is op beskerming, kan lei.[1511] Terselfdertyd kan die verkeerdelike of onregverdigbare beskerming van een individu se regte bo dié van 'n ander, ook die onredelike beperking van regte daarstel. Dit is die polisie se funksie om beskerming en openbare orde daar te stel.[1512] Dit geld nie slegs vir een party tot 'n misdaadsituasie of dispuut nie, maar vir alle partye.[1513] Gevolglik kan aangevoer word dat 'n polisiebeampte, by die interpretasie van fundamentele regte, die verantwoordelikheid het om die beste belang vir alle partye te bewerkstellig[1514] tot tyd en wyl die geskil geregtelike aandag kan geniet.[1515]

So 'n benadering kan as 'n soort "situasionele interpretasie" beskryf word. Dit sou 'n polisiebeampte die bevoegdheid bied om 'n spesifieke situasie wat 'n opweeg van belange vereis, doelmatig te beredder met inagneming van alle partye se fundamentele regte, met voldoende oorweging van grondwetlike, statutêre en ander regsbeginsels.[1516] Die interpretasie van opponerende regte mag egter lei tot die beperking van

---

1510 Carpenter *Suprema Lex* 63. Die bedoeling van enige interpretasie moet altyd wees om uiting en uitbouing van alle partye se regte te wees. Tydens interpretasie mag die besef ontwikkel dat ten einde uiting te gee aan een, inperking van 'n ander mag nodig wees. Indien dit egter op die basis van bevordering van die grondwetlike demokratiese bestel geskied, gee dit steeds uiting aan die waardes van die Grondwet.

1511 Pigou 2000 *Law, Democracy & Development* 137.

1512 Artikel 205(3) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996. Sien ook die aanhef en artikel 13 van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 of 1995.

1513 Wessels *My regte, Jou regte* 49.

1514 Klug *The Constitution of South Africa* 117.

1515 Artikel 25(1)(b) van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 of 1995. Die polisie is statutêr verplig om 'n objektiewe inslag ten aansien van dispute te neem. Soos reeds genoem moet enige uitvoerende beampte van die staat in ag neem dat sy optrede nie van 'n geregtelike aard is nie en dit enige party vrystaan om die regsprekende gesag te nader ten einde artikel 38 af te dwing.

1516 Shaw *Crime and Policing in Post-Apartheid South Africa* 39; sien ook artikel 36 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

'n party se regte en moet dus objektief geskied.[1517] Die doel is gevolglik om 'n onbillike of ongebalanseerde verhouding tussen die partye se regte te vermy.[1518]

Die interpretasie moet op so 'n wyse geskied dat die beskerming wat deur die Handves van Regte gebied word, wel gerealiseer word, maar nie op so 'n wyse dat dit onnodige benadeling van die opponerende party behels nie.[1519] Dit is egter eenvoudig in teorie, maar moeilik uitvoerbaar in 'n gemeenskap waar wraaksugtigheid teen misdadigers bestaan in samehang met 'n siening dat die reg wit en swart is en geregtigheid dus vergelding regverdig. Die polisiebeampte se rol in enige misdaad- of dispuutsituasie behels dus 'n mate van dié van 'n mediator. In veral informele gemeenskappe moet ook in gedagte gehou word dat die polisie toegang tot die reg weerspieël wat dus ook mag vereis dat polisiebeamptes as onderrigters van die gemeenskap ten aansien van die reg kan dien.

'n Situasionele interpretasie sou bydra om die gemeenskap se vertroue in die reg en polisiëring te verbeter en om 'n oop en demokratiese samelewing na te streef deur middel van onpartydige en professionele polisiëring.[1520] Dit sou egter gepaard moes gaan met voordurende opleiding ten einde hierdie wyse van interpretasie te vernuwe, ooreenkomstig regspraak en grondwetlike ontwikkeling.

Hierdie wyse van interpretasie vereis uitleg en toepassing van regte op 'n wyse wat die beste, veiligste en vreedsaamste uitkoms vir 'n betrokke situasie bied binne die omvang van die reg. Die oogmerk is dus om 'n

---

1517 *Victoria & Alfred Waterfront and Another v Police Commissioner, Western Cape and Others* 2004 4 SA 444 (K) 453.

1518 *Body Corporate-Montpark Drakens v Smuts* 2007 JOL 19484 (W) par 19: "*Where a balancing of rights is required, 'the value whose protection most closely illuminates the constitutional scheme to which we have committed ourselves should receive appropriate protection'".* Sien ook *Holomisa v Argus Newspaper* 1996 1 All SA 478 (W) 494.

1519 Currie 2010 *SAPL* 411

1520 Burger *Crime and Policing* 51; Du Plessis en Louw 2005 *CJCCJ* 434; Jagwanth 1994 *SACJ* 165.

tussentydse oplossing te bied, sowel as die geleentheid vir regsprekende interpretasie van fundamentele regte.[1521] Die rol van polisiëring in die bereddering van dispute moet eerder op hierdie wyse uitgebou as onderdruk word ten gunste van eksklusiewe regsprekende beregting. Dit sal terselfdertyd die legitimiteit van die polisie versterk in die handhawing van orde, en misdrywe weens frustrasie aan die kant van die gemeenskap beperk.[1522]

Ter illustrasie van die buitelandse perspektief meen Lindholt[1523] dat die Amerikaanse en Europese benadering tot die toepassing van menseregte in polisiëring onafskeidbaar verbind is met die toepassing van die regstaatlikheid. Hy regverdig die benadering deur dit in die volgende konteks te plaas:

> *The fundamental issues that may arise here is whether or not police shall enforce the laws as they stand, or engage in a process of interpretation – in other words, should the police follow the law, or the standards relating to human rights and policing? Clearly, a situation where an individual police officer is given liberal allowance to question the existing laws, and to choose which of them he wants to enforce, is intolerable. Such a situation would endanger the principle of rule of law in any society because it would introduce a margin of uncertainty with respect to the law, its application and consequently introduce the danger of arbitrariness.*[1524]

Hierdie mening opper 'n kwessie wat wêreldwyd 'n invloed het op die interpretasie en toepassing van menseregte. Indien statutêre maatreëls en menseregtebeginsels nie ondersteunend tot mekaar is nie, bemoeilik dit nie alleenlik die interpretasie van menseregte nie, maar vereis dit die uitoefening van diskresie aan die kant van die polisiebeampte ten einde 'n waardeoordeel te maak met betrekking tot die nodige regsmiddele wat

---

1521 Woolman 2010 *SAPL* 543. Dit mag egter aangevoer word dat grondvlak interpretasie en regsprekende interpretasie wat verskil inderwaarheid tot regsonsekerheid kan lei. Hierdie "situasionele interpretasie" is egter nie daarop gemik om permanent van aard te wees nie, maar om die geleentheid daar te stel vir regsprekende interpretasie. Sien Joubert *et al Criminal Procedure* 17.

1522 Du Plessis en Louw 2005 *CJCCJ* 429; Jagwanth 1994 *SACJ* 165; Minnaar 2010 *Acta Criminologica* 190; Benit-Gbaffou 2008 *Journal of South African Studies* 101.

1523 Lindholt *et al Human Rights and The Police in Transitional Countries* 15.

1524 Lindholt *et al Human Rights and The Police in Transitional Countries* 16.

aangewend moet word. Die effektiwiteit van interpretasie en toepassing van menseregte is gevolglik grootliks gebaseer op die onderliggende sosiale norme en die menseregtekultuur wat die betrokke polisiemag onderskryf.[1525]

Teen die agtergrond van die Suid-Afrikaanse en buitelandse sieninge, moet egter besef word dat geen eenvoudige of kitsoplossing vir fundamenteelregtelik-gedrewe polisiëring bestaan nie. Alhoewel die basiese opleiding, voordurende opskerping en toegang tot adviseurs in hierdie verband 'n deurslaggewende rol speel in die vorming van polisiebeamptes, moet 'n menseregtekultuur in polisiëring neergelê en onderhou word ten einde 'n waardegedrewe polisiëringsisteem te verseker.

4.6.3 *Beskerming van fundamentele regte*

Vanuit die historiese konteks was dit 'n voorvereiste dat die regte van elke individu beskerming moet ontvang[1526] alvorens 'n suksesvolle demokrasie voltrek kon word.[1527] Ten einde die voorafgaande vereiste te bevredig, is dié beskerming in die vorm van 'n Handves van Regte voorsien, en verskans in die soewereine Grondwet.

Fundamentele regte impliseer ook gepaardgaande verpligtinge vir die staat, sowel as individue.[1528] Gelukkig laat die Grondwet geen onduidelikheid in hierdie verband nie en bepaal artikel 7:

1525 Rawe 2005 *Human Rights Quarterly* 946: *"Issues of attitude and subculture are key to the success of integrating human rights norms in the culture of policing. Leaving a positive human rights culture to develop organically is both shortsighted and generally unsuccessful. What is taught in an academy setting is only as important as how it is taught, and that experience is further tempered and distilled by exposure to policing on the streets. In many subtle ways, training cannot claim to be benign in its sphere of influence."*

1526 Dzingwa *Constitutional Interpretation* 9; Stuart 1998 *SACJ* 328.

1527 Calland en Masuku 2000 *Law, Development & Democracy* 122*;* Shaw *Crime and Policing in Post-Apartheid South Africa* 38.

1528 Ten einde vir 'n reg om afdwingbaar te wees, moet 'n verpligting tot nakoming aan 'n ander partye, hetsy die staat of 'n individu, toegskryf kan word. Gevolglik kan aangevoer word dat fundamentele regte 'n verpligting by ander partye skep

(2) Die Staat moet die regte in die Handves van Regte eerbiedig, beskerm, bevorder en verwesenlik.[1529]

Artikel 8(1) van die Grondwet bepaal dat die hele reg, die drie sfere van staatsgesag, sowel as alle staatsorgane deur artikel 7(2) gebind word.[1530] Op die oog af wil dit voorkom asof die grondwetlike afdwinging van fundamentele regte slegs van toepassing is op die staat en dus 'n vertikale verhouding tussen die staat en die individu daarstel.[1531] Die Grondwet gaan egter verder deur in artikel 8(2) te bepaal dat die Handves ook natuurlike persone en, in toepaslike situasies, selfs regspersone bind. Dit breek dus weg van 'n suiwer vertikale benadering tot die beskerming en afdwinging van fundamentele regte en verskans ook 'n horisontale afdwinging van regte tussen privaat partye.[1532]

Dit is egter belangrik om artikel 8(2) met inagneming van artikel 7 te interpreteer. Die Grondwet maak voorsiening dat beskerming en afdwinging van 'n individu se regte deur 'n hof behartig moet word deurdat artikel 8(3) bepaal:

(3) By die toepassing van 'n bepaling van die Handves van Regte op 'n natuurlike of regspersoon ingevolge subartikel (2)
   (a) moet 'n hof, ten einde gevolg te gee aan 'n reg in die Handves die gemenereg toepas, of indien nodig ontwikkel, in die mate waarin wetgewing nie aan daardie reg gevolg gee nie; en
   (b) kan 'n hof reëls van die gemene reg ontwikkel om die reg te beperk, mits die beperking in ooreenstemming met artikel 36(1) is.[1533]

---

ter versekering van die respektering en afdwinging daarvan. Sien Currie en De Waal *Bill of Rights Handbook* 34.

1529 Artikel 7(2) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

1530 Artikel 8(1) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996: "(1) Die Handves van Regte is van toepassing op die totale reg en bind die wetgewende, die uitvoerende en die regsprekende gesag en alle staatsorgane".

1531 Tradisioneel het die toepassing van fundamentele regte in meeste lande slegs vertikaal plaasgevind. Sien in hierdie verband Currie en De Waal *Bill of Rights Handbook* 41; Devenish *A Commentary on the South African Constitution* 24.

1532 Chirwa 2008 *African Human Rights Law Journal* 299; Dzingwa *Constitutional Interpretation* 491. Sien ook Van der Walt 2003 *SAJHR* 517; Chirwa 2006 *Law, Democracy & Development* 21.

1533 Artikel 8(3) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

Alhoewel die Grondwet nie uitdruklik voorsiening maak vir die rol van polisiëring in die beskerming van fundamentele regte nie, sou dit kwalik ontken kan word en kan geargumenteer word dat die beskerming van fundamentele regte as sentraal tot suksesvolle en effektiewe polisiëring beskou kan word.[1534] Uiteraard bied dit nie aan die polisie 'n mandaat om regsprekend op te tree nie, maar eerder om fundamentele regte in gedagte te hou in die toepassing van die gemene en statutêre reg.[1535]

Gebaseer op die voorafgaande benadering ten aansien van algemeen geldende reg, kan dus aangevoer word dat die pligte wat artikels 7[1536] en 8[1537] van die Grondwet aan die staat opdra, ook behels dat die staat middele daar moet stel ten einde hierdie grondwetlike verpligting ter beskerming van fundamentele regte te realiseer.[1538] Wetgewing sou in hierdie verband oorbodig geag kon word, aangesien die Grondwet, in samehang met die *Strafproseswet*[1539] en die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens*[1540] reeds voldoende riglyne stel.[1541] Die toepassing en praktiese uitvoerbaarheid van die laasgenoemde wetgewende instrumente moet egter verseker word deur die uitvoerende owerhede, deur die daarstelling van nasionale instruksie en beleid, operasionele

---

1534 Amnesty International *Policing to Protect Human Rights* 1; Joubert *Toegepaste Reg vir Polisiebeamptes* 22. Sien ook artikel 13(1) van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 van 1995.

1535 Currie en De Waal *Bill of Rights Handbook* 34. Sien ook artikel 39(3) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika,* 1996: "(3) Die Handves van Regte ontken nie die bestaan van ander regte of vryhede wat deur die gemene reg, gewoontereg of wetgewing erken of verleen word nie, in die mate waarin daardie regte of vryhede met die Handves bestaanbaar is."

1536 Artikel 7 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

1537 Artikel 8 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

1538 Artikel 7(2) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996: "(2) Die Staat moet die regte in die Handves van Regte eerbied, beskerm, bevorder en verwesenlik".

1539 *Strafproseswet* 51 van 1977.

1540 *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 van 1995.

1541 Sien as voorbeelde in hierdie verband gesamentlik: Artikel 8(1) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996. Artikel 9(2) en (4) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996; Artikel 24(b)(i) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996; Artikel 25(5) en (9) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996; Artikel 26(1) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996; Artikel 27(2) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

prosedures en kontrolemaatstawwe.[1542] Sonder hierdie voldoende riglyne in die verband, laat dit polisiebeamptes twyfel aangaande hul rol en bevoegdhede.

Die beskerming van fundamentele regte behels dus nie 'n blote fisiese afdwinging daarvan deur die gebruik van owerheidsgesag, of selfs gewapende mag nie. Dit behels 'n inklusiewe deelname deur alle staatsfere, departemente, staatsfunksionarisse en selfs privaat partye.[1543] Die grondwetlike bepalings bied omvattende verpligtinge in hierdie verband en dwing die staat om voldoende middele in plek te stel ter verwesenliking van hierdie grondwetlike pligte.[1544]

Dit is egter belangrik om tussen die negatiewe en positiewe verpligtinge van die staat met betrekking tot fundamentele regte te onderskei. Negatiewe verpligtinge op die staat met betrekking tot die beskerming van fundamentele regte behels die verpligting van die staat om nie inbreuk te maak op die regte van 'n individu nie.[1545] Dit sou, vanuit die grondwetlike teks, as die "eerbiediging van regte" geïdentifiseer kon word.[1546] Die positiewe verpligtinge is staatsverpligtinge ter versekering dat die regte gerealiseer word.[1547] Ingevolge artikel 7 van die Grondwet

---

1542 Sien in hierdie verband Artikel 83(2) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996; Artikel 85(2)(a) en (e) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996; Artikel 199(5) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996; Artikel 205(2) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996: "(2) Nasionale wetgewing moet die bevoegdhede en funksies van die polisiediens bepaal en moet die polisiediens in staat stel om sy verantwoordelikhede doeltreffend na te kom, met inagneming van die behoeftes van die provinsies." Sien ook artikel 13 van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 van 1995.

1543 Currie en De Waal *Bill of Rights Handbook* 41.

1544 Basdeo 2009 *SACJ* 404.

1545 Van Aardt *State Responsibility for Human Rights;* Currie en De Waal *Bill of Rights Handbook* 568.

1546 *Certification of the Constitution of the Republic of South Africa, 1996* 1996 4 SA 744 (KH) par 78; Artikel 7(2) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

1547 *Glenister v President of the Republic of South Africa and Others* 2011 3 SA 347 (KH) par 105. Sien ook Currie en De Waal *Bill of Rights Handbook* 570.

kom dit neer op die bevordering en verwesenliking van regte, wat 'n gevolglik positiewe optrede van die staat verg.[1548]

Die verskil in beskerming van regte in Suid-Afrikaanse en die buiteland is juis hierop gefundeer. Die Suid-Afrikaanse Grondwet verseker 'n baie meer omvattende mate van beskerming van regte as buitelandse menseregte-instrumente,[1549] aangesien meeste buitelandse instrumente uitsluitlik op negatiewe beskerming fokus en gevolglik slegs teen inbreukmaking op vertikale vlak beskerm.[1550] Tog word die beskerming van menseregte as 'n sentrale beginsel van demokratiese polisiëring geag. Die *Organization for Security and Co-Operation in Europe* en die *Geneva Centre for Democratic Control of Armed Forces*[1551] onderskryf juis hierdie standpunt deur aan te voer dat die polisie se legitimiteit en etiek direk verbonde is aan die wyse waarop menseregte eerbiedig en beskerm word.[1552] Die Amerikaanse polisiebenadering weerspieël ook hierdie siening deurdat die sukses van demokratiese polisiëring grootliks gebaseer is op die daarstelling van verantwoordbaarheidsmeganismes om menseregte te respekteer en te beskerm.[1553]

4.6.3.1 Polisiëring en die beskerming van fundamentele regte

Die beskerming van die gemeenskap en beskerming van fundamentele regte gaan hand aan hand. Inbreukmaking op die algemene gemeenskapsorde beïnvloed fundamentele regte, hetsy direk of

---

1548 Artikel 7(2) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

1549 Chirwa 2006 *Law, Democracy & Development* 29.

1550 Newburn *Policing* 29. Newburn meen juis, vanweë die vertikale negatiewe toepassing van menseregte in Europa, dat polisiëring hierdeur gekniehalter word en gevolglik daarna moet streef om ook 'n meer horisontale en positiewe benadering te volg. Hy voer aan dat respek vir menseregte nie genoegsaam is om 'n gemeenskap waarlik te orden deur polisiëring nie, en dat 'n positiewe verpligting, tot realisering van menseregte, in polisiëring benodig word.

1551 Sien afdeling 4.4.1.1 van hierdie proefskrif.

1552 Carty *et al Guidebook on Democratic Policing* 7; Aepli *et al International Police Standards Guidebook on Democratic Policing* 4.

1553 Marenin 1998 *International Journal of Police Strategies and Management* 166. *"Democratic policing falls under the first goal of strengthening the rule of law and the respect of human rights";* Gobinet 2008 *International Journal for Police Science and Management* 459.

indirek.[1554] Sonder die betrokkenheid van die polisie by die beskerming van fundamentele regte, bestaan die potensiaal vir gemeenskapswanorde of die onregmatige afdwinging van regte deur die gemeenskap.[1555] In hierdie konteks verskil die Suid-Afrikaanse benadering van die buitelandse sienings deurdat buitelandse polisiestelsels slegs tot die respek vir regte, dus negatiewe verpligtinge, beperk is.[1556]

Beskerming van fundamentele regte op uitvoerende vlak kan egter nie slegs aan die polisie toegeskryf word nie. Elke uitvoerende departement, soos elke sfeer van die staat, beskerm 'n sekere faset van regte wat die omvattende instandhouding van fundamentele regte daarstel.[1557] Terselfdertyd moet besef word dat ook nie alle regte noodwendig vatbaar is vir beskerming deur polisiëring nie en dat die betrokke

---

1554 Direkte inbreukmaking behels die inbreukmaking op 'n individu se regte deurdat die individu 'n slagoffer van misdaad is. Indirekte inbreukmaking plaas die gemeenskap as geheel onder druk van misdaad, skep onveiligheid sowel as 'n gevoel van onveiligheid. Dit kan aangevoer word dat die blote gevoel van onveiligheid aanleiding gee tot inbreukmaking op fundamentele regte soos menswaardigheid. Sien ook Bekink 2005 *African Human Rights Law Journal* 408; Lumina 2007 *African Human Rights Law Journal* 37; Basdeo 2009 *SACJ* 414.

1555 Van Heerden *Introduction to Police Science* 42. Van Heerden wys daarop dat die polisie inderdaad die gevolg van 'n behoefte tot gemeenskapsorde is en dus die fondasie daarvan uitmaak: "*The process of keeping order involves the police in a great variety of situations which tend to disturb mutual relationships or in which conflict is inherent. If we remember that laws are the instrument society uses to preserve mutual relationships, it is clear that the fundamental task of the police is the creation and upholding of laws."* Uiteraard moet verseker word dat die polisie, soos in die voormalige staatsbestel van Suid-Afrika, nie deel uitmaak aan die verval van gemeenskapsorde nie. Vir hierdie rede is dit gevolglik nodig dat duidelikheid bestaan omtrent die omvang van bevoegdhede aan die kant van die polisie met betrekking tot die fundamentele regte van individue. Sien ook hoofstuk 2 van hierdie proefskrif.

1556 Carty *et al Guidebook on Democratic Policing* 26; Aepli *et al International Police Standards Guidebook on Democratic Policing* 7; Newburn *Policing* 29; Marenin 1998 *International Journal of Police Strategies and Management* 159.

1557 Currie en De Waal *The New Constitutional and Administrative Law* 323. Dit geld op alle vlakke van regering. Sien as voorbeelde: Artikel 13 van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 van 1995; *Private Security Industry Regulation Act* 56 of 2001; Artikel 32 van die *Wet op die Nasionale Vervolgingsgesag* 32 van 1998; *Wet op die Burgerlike Sekretariaat van die Polisiediens* 2 van 2011; Artikel 25(1)(a) *Promotion of equality and prevention of unfair discrimination Act* 4 of 2000; artikel 23 van die *Wet op Plaaslike Owerhede* 32 van 2000; aanhef van die *National Education Policy Act* 27 of 1996; artikel 2 van die *Defence Act* 42 of 2002; aanhef van die *Wet op beheer van Tabak Produkte* 83 van 1993.

departement of sfeer van die staat wat daarmee getaak is, verantwoordelikheid daaroor moet uitoefen. Die afdwing van regte kan dus strafregtelik of deliktueel plaasvind, afhangende van die aard van die reg.[1558]

4.6.3.1.1 Polisiëringsbevoegdhede ter beskerming van fundamentele regte in Suid-Afrika

Die eerste dekade na die aanvaarding van die grondwetlike bedeling het baie regsprekende toetsing aangaande die afdwinging van fundamentele regte beleef. Dit het duidelikheid gebied aangaande die wyse en mate waarin beskerming afdwingbaar is en gevolglik die omvang wat die beskerming moet behels.[1559] Dit bevestig onder andere:

- Dat die staat, ongeag die polisie se grondwetlike mandaat van artikel 205(3) van die Grondwet, nie aanspreeklik gehou kan word vir alle nadeel voortspruitend misdaad nie;[1560]
- Dat die polisie die regsplig het om die grondwetlike mandaat op so ŉ wyse uit te oefen ten einde nadeel aan die gemeenskap te voorkom;[1561]
- Dat die polisie ŉ regsplig het om voorkomend op te tree om nadeel tot die gemeenskap te voorkom indien die polisie oor voldoende inligting beskik het in hierdie verband.[1562]

1558 Currie en De Waal *Bill of Rights Handbook* 200; Woolman *et al Constitutional Law of South Africa* 12-73.

1559 *Carmichele v Minister of Safety and Security* 2001 4 SA 938 (KH); *Minister of Safety and Security v De Lima* 2005 5 SA 575 (HHA); *Rail Commuter Action Group v Transnet Ltd t/a Metrorail* 2005 2 SA 359 (KH); *Minister of Safety and Security v Carmichele* 2004 3 SA 305 (HHA); *Minister of Safety and Security v Hamilton* 2004 2 SA 216 (HHA); *Minister van Veiligheid en Sekuriteit v Geldenhuys* 2004 1 SA 515 (HHA); *Van Eeden v Minister of Safety and Security* 2003 1 SA 389 (HHA); *Minister of Safety and Security v Van Duivenboden* 2002 6 SA 431 (HHA); *Mpongwana v Minister of Safety and Security* 1999 2 SA 794 (K).

1560 *Saaiman v Minister of Safety and Security* 2003 3 SA 496 (O) 504; *Mpongwana v Minister of Safety and Security* 1999 2 SA 794 (K) 805; *Rail Commuter Action Group v Transnet Ltd t/a Metrorail* 2005 2 SA 359 (KH) 411.

1561 *Carmichele v Minister of Safety and Security* 2001 4 SA 938 (KH) 943; *Minister of Safety and Security v Van Duivenboden* 2002 6 SA 431 (HHA) 441.

1562 *Minister of Safety and Security v Hamilton* 2004 2 SA 216 (HHA) 241; *Minister of Safety and Security v Van Duivenboden* 2002 6 SA 431 (HHA) 459

'n Staatsdepartement soos die polisie is baie goed geposisioneer om fisiese beskerming van bykans enige aard te verskaf.[1563] Dit beteken egter nie dat alle fundamentele regte binne hulle bestek van verantwoordelikhede val nie. Dit kan wel aangevoer word dat die polisie steeds 'n rol het om te vervul om die betrokke staatsdepartement, wat wel daarmee getaak is om die betrokke reg te realiseer, te ondersteun in die nakoming van die verpligting. Dit behels uiteraard nie 'n toesighoudende funksie aan die kant van die polisie oor ander staatsfunksionarisse nie, maar slegs bystand in die voltrekking van hulle pligte.[1564]

In die gewysde *Minister of Safety and Security v Rudman*[1565] is ondersoek ingestel na die regsplig van die Suid-Afrikaanse Polisiediens in die verskaffing van nood mediese behandeling.[1566] Tydens die ondersoek maak Van Heerden WnAR die opmerking:

> *In my opinion, there are, in the circumstances of this case, compelling public policy considerations which militate against imposing upon policemen such as Becker any positive duty to save people from drowning or to administer CPR on near-drowning victims.*
> *Unlike the situation in Van Duivenboden and in Minister of Safety and Security v Hamilton, the recognition of a legal duty on the police to save people from drowning or to attempt to resuscitate near-drowning victims would indeed, to my mind, have the potential to disrupt the effective functioning of the police and would require the provision of substantial additional training and resources. In my view, while the imposition of such a duty upon policemen in the position of Becker and Sergeant Pienaar might possibly be in accordance with the moral convictions of the community (upon which question I express no opinion one way or the other), the legal convictions of the community do not demand that Becker's failure to attempt to perform CPR on Roald ought to be regarded as unlawful.*[1567]

1563 Artikel 14 van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 van 1995.

1564 Die toesighoudende funksie in hierdie verband ressorteer by die wetgewende gesag terwyl die hersieningsfunksie steeds by die regsprekende gesag ressorteer. Sien artikel 55(2)(b) en 165(1) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

1565 *Minister of Safety and Security and Another v Rudman and Another* 2005 2 SA 16 (HHA).

1566 Neethling 2006 *Obiter* 369.

1567 *Minister of Safety and Security and Another v Rudman and Another* 2005 2 SA 16 (HHA) par 63.

Van Heerden WnAR se uitspraak beklemtoon die feit dat grondwetlike en statutêre regspligte nie neergelê moet word sonder dat oorweging geskenk word aan die druk wat dit op die staat mag plaas nie.[1568] Die funksies en pligte van die Suid-Afrikaanse Polisiediens word uitdruklik bepaal in artikel 205(3) van die Grondwet[1569] en die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens*.[1570] Wanneer artikel 205(3) en artikel 7 van die Grondwet saam gelees word, word die omvang van die Polisiediens se pligte duidelik deurdat die verpligting van artikel 7 wat op die polisie rus, deur artikel 205(3) begrens word. Teen hierdie agtergrond kan die bepalings van artikel 13 van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens*[1571] binne dié riglyne geïnterpreteer word.[1572] Artikel 13 van die laasgenoemde wet bepaal die pligte en bevoegdhede van lede van die SAPD en moet ingevolge artikel 13(1) met inagneming van die grondwetlike mandaat van artikel 205(3) en fundamentele regte geinterpreteer word.[1573]

Neethling[1574] is egter van mening dat so 'n eng uitleg van die polisie se grondwetlike- en statutêre pligte onder die grondwetlike bedeling nie gewens is nie en juridies kortsigtig is, deurdat die polisie 'n wyer rol in die gemeenskap vervul as slegs misdaadbekamping.[1575] Ter ondersteuning

---

1568 *Minister of Safety and Security and Another v Rudman and Another* 2005 2 SA 16 (HHA) par 63.

1569 Artikel 205(3) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996:
"(3) Die doelstellings van die polisiediens is om misdaad te voorkom, te bestry en te ondersoek, die openbare orde te handhaaf, die inwoners van die Republiek en hul eiendom te beskerm en te beveilig, en die reg te handhaaf en toe te pas".

1570 Artikel 13 en 14 van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 van 1995. Artikel 14 van die wet maak egter voorsiening vir 'n breë bestek van verpligtinge wanneer dit die volgende bepaal "Die Nasionale of Provinsiale Kommissaris kan lede ter behoud van lewe, gesondheid of eiendom in diens stel." Dit laat wel die ruimte om hierby in te lees dat gesondheidsorg 'n statutêre regsplig is en dat middele daargestel moet word om hieraan te voldoen.

1571 Artikel 13 van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 van 1995.

1572 *Carmichele v Minister van Veiligheid en Sekuriteit* 2001 4 SA 938 (KH) par 61; *City of Cape Town v Yawa and Others* 2004 2 All SA 281 (K) 283; *Dersley v Minister van Veiligheid en Sekuriteit* 2000 1 All SA 484 (T) 485.

1573 Artikel 13(1) van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 van 1995.

1574 Neethling 2006 *Obiter.*

1575 Neethling 2006 *Obiter* 374.

hiervan verwys Neethling na die 1992 gewysde *Kadir v Minister of Law and Order*[1576] waartydens Conradie R gemeen het:

> *The duties of the police are laid down in s 5 of the Act in very broad outline. The section itself makes it clear that the duties stated therein are not exhaustive. We all know that it is not all the police do. They help people escape from swollen rivers, they pluck stranded mountaineers off mountain tops, they search for the bodies of drowned sailors on the seashore, and they notify parents if they happen to come across their runaway children. In short, in spheres determined, one supposes, largely by police standing orders and regulations, they, in general, seek to promote order and stability in the community.*[1577]

Hierdie siening is op sy beurt gebaseer op dié van Centlivres AR in ander pre-grondwetlike gewysde, *Sibiya v Swart,*[1578] waarin hy van mening is dat:

> *…when a policeman is performing his duties, whether statutory or non-statutory, his relationship to the Crown is that of a servant.*[1579]

Dit moet beklemtoon word dat die opinies uitgespreek in *Kadir*[1580] en *Sibiya*[1581] die grondwetlike bedeling voorafgegaan het en nie 'n interpretasie van die beskerming van fundamentele regte in 'n demokratiese bestel behels het nie. Tog moet die opinie van die Appèlhof in *Kadir*[1582] ook in ag geneem word. Hefer AR voer aan:

> *Viewed objectively, society would take account of the fact that the functions of the police in terms of the Police Act relate to criminal matters and were not designed for the purpose of assisting civil litigants and that therefore society would baulk at the idea of holding policemen*

1576 *Kadir v Minister of Law and Order* 1992 3 SA 737 (K). Die gewysde het finansiële verlies aan die hand van 'n polisie-late ondersoek na aanleiding van 'n motorongeluk waartydens die bywonende polisiebeamptes gefaal het om die skuldige party se besonderhede af te neem en gevolglik die eiser verhoed het om 'n skadevergoedingsaksie teen die skuldige party in te stel. Dit het aanleiding gegee tot 'n eis teen die Minister ten einde die skadevergoeding te verhaal. In die uitspraak meen die Hof dat die polisie inderwaarheid nalatig opgetree het en gevolglik aanspreeklik is, wees 'n versuim om 'n regsplig uit te voer.

1577 *Kadir v Minister of Law and Order* 1992 3 SA 737 (K) 739.

1578 *Sibiya v Swart* 1950 4 SA 515 (A).

1579 *Sibiya v Swart* 1950 4 SA 515 (A) 521.

1580 *Kadir v Minister of Law and Order* 1992 3 SA 737 (K) 739.

1581 *Sibiya v Swart* 1950 4 SA 515 (A) 521.

1582 *Minister of Law and Order v Kadir* 1995 1 SA 303 (A).

personally liable for damages arising from what was a relatively insignificant dereliction of duty.[1583]

Vanweë die versigtigheid waarmee regspligte toegeken word,[1584] sou aangevoer kon word dat die Hoogste Hof van Appèl in *Rudman*[1585] korrek was, veral in die afwesigheid van pertinente grondwetlike of statutêre bepalings in dié verband. Alhoewel die Grondwet vir die ontwikkeling van die gemenereg voorsiening maak,[1586] sou die uitbreiding van bevoegdhede en die gevolglike daarstelling van addisionele regspligte, verreikende gevolge vir polisiëring in Suid-Afrika inhou.[1587]

Die benadering van die appèlhofuitsprake in *Kadir* en *Rudman* skep duidelikheid omtrent die rol van die polisie. Dit beklemtoon egter ook 'n leemte in die Suid-Afrikaanse reg aangaande die afdwinging van fundamentele regte. Die Grondwet en Handves van Regte bevat geen bepaling wat die skending van fundamentele regte kriminaliseer nie en gevolglik ook geen strafsanksie nie. Dit behels dat strafprosesregtelike beginsels ook slegs sou geld indien die skending van 'n fundamentele reg binne die elemente van gemeenregtelike of statutêre oortredings val.[1588]

1583 *Minister of Law and Order v Kadir* 1995 1 SA 303 (A) 321. Sien ook Neethling en Potgieter 1996 *THRHR* 333.

1584 *Van Eeden v Minister of Safety and Security* 2003 1 SA 389 (HHA) par 22.Sien ook *Minister of Law and Order v Kadir* 1995 1 SA 303 (A) 318; *Carmichele v Minister of Safety and Security* 2001 4 SA 938 (KH) par 42.

1585 *Minister of Safety and Security and Another v Rudman and Another* 2005 2 SA 16 (HHA).

1586 Artikels 39(2) en 173 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

1587 Addisionele regspligte sal uiteraard gepaardgaan met addisionele opleiding, toerusting en beleid. Dit mag lei tot die daarstelling van spesialiseenhede, wat uiteindelik nie getaak is met ware tradisionele polisiëring nie en, vanuit 'n bestuursperspektief, die polisie blootstel vir verdere regsaanspreeklikheid. Dit kan ook lei tot duplisering van funksies en bevoegdhede deurdat ander staatsdepartemente of -instellings ook voorsiening maak vir dergelike situasies.

1588 Die Suid-Afrikaanse gemeenregtelike strafreg het 'n ryk geskiedenis en is gedeeltelik geresepteer uit die Romeins-Hollandse reg en die Engelse reg. Die ontwikkeling hiervan het dus lank voor die ontwikkeling van fundamentele regte plaasgevind en het deur regspraak uitgekristaliseer tot wat dit vandag behels. Dit maak voorsiening vir 'n wye verskeidenheid van misdrywe en bevat oor die algemeen min onduidelikheid ten aansien van die vereistes of elemente

Die nie-strafbare aard van sommige fundamentele regte laat egter nie die benadeelde party sonder remedie slegs omdat die regte nie vatbaar is vir polisiëring nie. Artikel 38 van die Grondwet maak uitdruklik voorsiening dat enige persoon 'n gepaste hof mag nader ten einde 'n inbreukmaking of dreigende inbreukmaking te besleg.[1589] Dit sou wel geargumenteer kon word dat tydsbeperking of onmiddellike bedreiging nie altyd toelaat vir regsprekende beregting nie,[1590] maar daar moet gelykgegee word dat die kriminalisering van alle grondwetlike inbreukmakings ook absurde gevolge mag hê.[1591]

---

waaraan elke misdryf moet voldoen. Sien Snyman *Strafreg* 10. Die *Strafproseswet* 51 van 1977 maak uitdruklik voorsiening vir die bevoegdhede, sowel as prosedures ter uitvoer van bevoegdhede, waaroor 'n polisiebeampte beskik. Dit word geredelik aangevul en uitgebrei deur ander wetgewing wat spesifieke oortredings, prosedures en strafsanksies daarstel en gevolglik reguleer. Sien artikels 19 van die *Strafproseswet* 51 van 1977: "Die bepalings van hierdie Hoofstuk doen nie afbreek nie aan 'n bevoegdheid by 'n ander wet verleen om 'n perseel te betree of om 'n persoon, houer of perseel te visenteer of om op iets beslag te lê, iets verbeurd te verklaar of oor iets te beskik.". Sien ook artikels 25, 37, 41 en 52 van die *Strafproseswet* 51 van 1977; artikel 13 van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 van 1995.

1589 Artikels 34 en 38 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996. Sien ook Currie en De Waal *Bill of Rights Handbook* 713; Rautenbach en Malherbe *Constitutional Law* 391; Smit en Naudé *Law, Government and People* 57.

1590 Alhoewel die Suid-Afrikaanse regstelsel voorsiening maak vir dringende hofaansoeke en prosedures, mag sekere situasies van so 'n aard wees dat dit nie vatbaar is vir regsprekende beregting nie. Skade mag binne enkele oomblikke intree en mag selfs tot lewensverlies of langtermyn skade aanleiding gee. Situasies soos hierdie vereis dus een of ander mate van staatsberegting wat, in meeste gevalle, tot die betrekking van die polisie mag lei, maar vanuit hierdie bespreking buite hulle bevoegdhede mag blyk. Ter illustrasie, sou aangevoer kon word, dat 'n dispuut aangaande die reg op gelyke behandeling, wat nie 'n strafregtelike kwessie daarstel nie, die potensiaal het om in geweldpleging te ontaard, indien dit nie deur die polisie bemiddel kan word nie.

1591 Om alle fundamentele regte deur die dreigement van strafregtelike vervolging te beskerm, is nie gewens nie. Dit bied 'n verhewe mate van beskerming aan belange wat in die strafreg of deliktereg beskerming geniet. Dit lei dus tot duplisering van remedies en verdere druk op die regstelsel. Sien ook *Van Eeden v Minister of Safety and Security* 2003 1 SA 389 (HHA) par 23. Viviers AR meen dat die gemenereg slegs ontwikkel moet word indien dit onvoldoende uiting gee aan die grondwetlike demokratiese waardes anders *"to do so would mean that the common law does not adequately reflect the spirit, purport and objects of the Bill of Rights".* Dieselfde opinie kan gehuldig word met betrekking tot kriminalisering van inbreukmakings op fundamentele regte. Indien die gemenereg en statutêre bepalings nie voldoende beskerming verleen aan belang wat in fundamentele regte beliggaam word nie, kan die reg ontwikkel word ten einde uiting te gee aan die gees en strekking van die Grondwet. Tot en met die tyd dat so 'n kwessie sy opwagting maak, sou die kriminalisering daarvan egter onnodig wees.

Gebaseer op die voorafgaande is dit duidelik dat die polisie getaak is met die bestryding en voorkoming van misdaad en verwante aangeleenthede, en nie met die algemene realisering van fundamentele regte nie.[1592] Waar 'n individue se fundamentele regte dus bedreig word deur handelinge van ander regsubjekte wat aan die misdaadvereistes voldoen, sou 'n regsplig aan die kant van die polisie bestaan om die situasie te hanteer.[1593]

Indien dieselfde benadering toegepas word op 'n situasie waar 'n staatsfunksionaris of -departement aktief verhoed word om uitvoering te gee aan fundamentele regte, sou die bystand van die polisie slegs verkry kan word indien die optrede wat die uitvoering van die staat se plig verhoed, inderdaad 'n misdryf daarstel.[1594] Realisering van regte wat buite hierdie omvang van pligte val sal egter nie aan die polisie toegeskryf kan word nie.[1595]

Die polisie se mandaat is dus beide die beskerming en afdwinging van fundamentele regte ten aansien van misdaadverwante aangeleenthede. Dit vervul 'n ondersteunende rol in die ordelike realisering van fundamentele regte in die algemeen.[1596] Myns insiens moet hierdie mandaat egter eng geïnterpreteer word ten einde die polisie nie onnodig te belas met aangeleenthede wat irrelevant is in terme van die grondwetlike mandaat van polisiëring nie.[1597]

1592 Artikel 205(3) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996; *Minister of Law and Order v Kadir* 1995 1 SA 303 (A) 321; *Minister of Safety and Security and Another v Rudman and Another* 2005 2 SA 16 (HHA) 63.

1593 Artikel 13 van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 van 1995; Artikel 205(3) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996; *Minister of Law and Order v Kadir* 1995 1 SA 303 (A) 321.

1594 Dit sou egter 'n voorvereiste van onregmatigheid moet behels. Indien optrede nie statutêr verbied word nie, sal dit nie noodwendig 'n misdryf daarstel nie en sal die polisie ook nie bevoegdheid hê nie. Gevolglik sou regsprekende beregting in so 'n situasie vereis word.

1595 *Minister of Law and Order v Kadir* 1995 1 SA 303 (A) 321; *Minister of Safety and Security and Another v Rudman and Another* 2005 2 SA 16 (HHA) par 63.

1596 Artikel 13 van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 van 1995; Artikel 205(3) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

1597 Die Kadir-gewysde toon ook duidelik aan dat indien die polisie wel betrokke raak by situasies wat nie grondwetlik of statutêr aan hulle toegeskryf kan word

4.6.4 *Beperking van fundamentele regte*

Met inagneming van die belangrikheid van fundamentele regte in die kontemporêre Suid-Afrikaanse bestel, is geen fundamentele reg egter absoluut van aard nie.[1598] Vir hierdie rede maak die Grondwet voorsiening vir 'n beperkingsklousule in artikel 36[1599] wat daarop gemik is om enige beperkings met behulp van die waardes van 'n oop en demokratiese samelewing te reguleer.[1600]

Artikel 36[1601] het ook 'n ekwivalent in die Interim Grondwet gehad in die vorm van artikel 33.[1602] Tog bevat hierdie twee artikels nie identiese bepalings ten aansien van die faktore wat in ag geneem moet word by die beperking van regte nie.[1603] Die vereistes gestel deur artikel 33 van die Interim Grondwet stem minimaal ooreen met dié wat uiteindelik vervat is in die 1996 Grondwet, en vereis onder andere addisioneel dat

---

nie, maar slegs ten einde prosedurele- en gemeenskapsorde te verseker, dit nie terugwerkend 'n regsplig op die polisie plaas nie, maar eerder as 'n algemene rol in die handhawing van "wet en orde" beskou moet word. Sien *Minister of Law and Order v Kadir* 1995 1 SA 303 (A) 321.

1598 Kollapen 2004 *SAHRC* 21. Sien ook Devenish *A Commentary on the South African Constitution* 89. Sien ook Malherbe 2005 *TSAR* 723. Prof Malherbe stel dit soos volg: "Dit is gemenesaak dat geen reg wat in die grondwet verskans word, absoluut geld nie en enige reg mag vir 'n wettige doel beperk word... Die doel van artikel 36 is om te verseker dat beperkings op fundamentele regte verantwoordbaar is binne 'n demokratiese regstaatlike bedeling. Wanneer die staat of enige ander instelling iemand se reg beperk, moet dit seker maak dat dit die beperking op 'n wettige manier kan verantwoord." Sien ook Devenish *A Commentary on the South African Constitution* 90.

1599 Artikel 36 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

1600 Meyerson *Rights Limited* xxiv. Meyerson dui egter daarop dat dit 'n kommerwekkende situasie skep dat regte beperk word onder die naam van die spesifieke waardes wat daargestel is om vryhede en waardes te beskerm. Sy meen*: "...the Bill also recognizes rights to equality, dignity and to particular freedoms and it is difficult to understand how infringements of these rights could be justified in the name of the same values which the rights function to protect. Thus, while a limitation on the right to dignity could obviously be justifiable in a society based on freedom and equality, it is not clear how it could be justifiable in a society based on dignity".*

1601 Artikel 36 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

1602 Artikel 33 van die *Interim Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 200 van 1993.

1603 Els 2006 *TSAR* 253.

die inbreukmaking op regte wesenlik noodsaaklik moes wees.[1604] Tog, tydens die uitspraak in *S v Makwanyane,*[1605] het die Konstitusionele Hof soortgelyke faktore as dié van artikel 36 van die Grondwet in ag geneem ter bepaling tot die mate wat die beperking van regte mag voorkom.[1606] Die argument kan dus gehuldig word dat die beskermers van die Handves van Regte, die hoogste hof in die land, 'n daadwerklike bydrae gelewer het tot die finalisering van artikel 36.[1607] Dit maak die beperkingsklousule waarlik enig in sy soort en onderskryf weereens die rol wat die regsprekende gesag gespeel het in die ontwikkeling van die grondwetlike bedeling.[1608]

Alhoewel die bepaling van die regverdigbaarheid van inbreukmakings of beperkings by die regsprekende gesag lê, skep die Grondwet die basis vir die beperking, sowel as die opweeg van regte. Artikel 36[1609] is dus daarop gemik om riglyne daar te stel waaraan inbreukmakings en beperkings gemeet moet word.[1610] Die howe gebruik 'n sogenaamde "twee stadia-benadering" om hierdie vasstelling te maak,[1611] ingevolge waarvan beide die teenwoordigheid van 'n inbreukmaking op regte,

---

1604 Artikel 33(1)(b)(aa) en (bb) van die *Interim Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 200 van 1993. Sien ook verder in hierdie verband Els 2006 TSAR 537 en Devenish *A Commentary on the South African Constitution* 90.

1605 *S v Makwanyane and Another* 1995 3 SA 391 (KH) par 104.

1606 Els 2006 *TSAR* 254.

1607 Volgens Els, *supra* 243, kan dus aanvaar word dat die grondwetskrywers die *dictum* van die Konstitusionele Hof in ag geneem het by die formulering van artikel 36 soos wat dit tans daarna uitsien.

1608 Meyerson *Rights Limited* xxiv. Meyerson gaan verder deur te verduidelik hoe die enigste soortgelyke bepaling voorkom in artikel 1 van die Kanadese Grondwet, wat slegs uiteensit dat beperkings mag voorkom *"to such reasonable limits prescribed by law as can be demonstrably justified in a free democratic society".* Soortgelyk hieraan bepaal die Europese Konvensie ook dat regte onder sommige omstandighede beperk mag word waar inmenging deur die reg voorgeskryf moet word, waar *"In accordance with the law", en "necessary in a democratic society"*. Sien ook verder artikel 8 tot 11 van die Europese Konvensie.

1609 Artikel 36 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

1610 Currie en De Waal *Bill of Rights Handbook* 152; Rautenbach *General Provisions of the South African Bill of Rights* 91.

1611 Woolman 2007 *SALJ* 780; Rautenbach en Malherbe *Constitutional Law* 348; Currie en De Waal *Bill of Rights Handbook* 152; *S v Zuma and Others* 1995 4 BCLR 401 (KH) par 21; *Khosa v Minister of Social Development* 2004 6 SA 505 (KH) par 115.

sowel as moontlike regverdiging vir so 'n beperking ondersoek word.[1612] Hierdie vasstelling word gemaak aan die hand van die riglyne van die beperkingsklousule, wat bepaal:

> (1) Die regte in die Handves van Regte kan slegs kragtens 'n algemeen geldende regsvoorskrif beperk word in die mate waarin die beperking redelik en regverdigbaar is in 'n oop en demokratiese samelewing gebaseer op menswaardigheid, gelykheid en vryheid, met inagneming van alle tersaaklike faktore, met inbegrip van
>
> (a) die aard van die reg;
> (b) die belangrikheid van die doel van die beperking;
> (c) die aard en omvang van die beperking;
> (d) die verband tussen die beperking en die doel daarvan; en;
> (e) 'n minder beperkende wyse om die doel te bereik.
>
> (2) Behalwe soos in subartikel (1) of in enige ander bepaling van die Grondwet bepaal, mag geen regsvoorskrif enige reg wat in die Handves van Regte verskans is, beperk nie.[1613]

Buiten vir die neerlegging van die vyf faktore wat oorweging moet geniet, bied die artikel ook spesifieke inagneming van ander geldende wetgewende voorskrifte wat van toepassing mag wees.[1614] Dit beklemtoon verder die belang van die demokratiese waardes soos vervat in artikel 1 van die Grondwet by die beperking van fundamentele

---

1612 Currie en De Waal *Bill of Rights Handbook* 151. Dit is dan ook die vereiste wat gestel word deur artikel 36(1) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996. Van Aardt *State Responsibility for Human Rights* 371. Van Aardt meen dat hierdie twee-stadia benadering veral van belang is waar die staat inbreukmakings in die uitvoer van die regsproses moet regverdig.

1613 Artikel 36 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

1614 Currie en De Waal *Bill of Rights Handbook* 155. In breë trekke behels algemeen geldende regsvoorskrifte reg wat van toepassing is op die gemeenskap in sy geheel, sowel as die staat. Van Aardt voer aan dat gemenereg en wetgewing as algemeen geldende regsvoorskrifte aanvaar moet wees voordat enige inbreukmaking deur artikel 36 geregverdig kan word. Sien ook Van Aardt *State Responsibility for Human Rights* 372: "*If government action, legislation or common law rule does not qualify as a 'law of general application', then a violation of a fundamental human right cannot be saved, no matter how reasonable or justifiable*." Tog meen Kriegler R: "*Law of general application is not there for the preservation of executive acts of government but to allow certain rules of law to be saved."* Sien in hierdie verband die gewysde *President of the Republic of South Africa v Hugo* 1997 6 BCLR 708 (KH).

regte.[1615] Dit bied dus die hof die vermoë om elke individuele kwessie op meriete te beoordeel met inagneming van alle geldende regsreëls.[1616]

Tog moet 'n onderskeid getref word tussen die beperking van regte, en die ontneming daarvan. Beperking van regte behels tog 'n mate van 'inbreukmaking', wat waarskynlik as sinoniem vir 'beperking' kan dien. Currie en De Waal[1617] verwys hierna as 'regmatige inbreukmaking'. Aan die teenkant sou ontneming van regte 'n beperking van 'n ernstiger aard behels.[1618] Hierdie is uiteraard 'n onbehoorlike inbreukmaking op regte of waardes en is dus hoogs onwenslik.[1619] Soos reeds genoem, vind die beperkingsklousule aanwending by die opweeg van regte deur middel van regspraak. Met betrekking tot die kwessie van beperking van

---

1615 Joubert *Toegepaste Reg vir Polisiebeamptes* 23. Hierdie tweede vereiste word slegs aangewend waar reeds voldoen is aan die vereiste met betrekking tot algemeen geldende regsvoorskrifte. Die eerste deel van die tweede vereiste, redelikheid en regverdigbaarheid, behels 'n ondersoek na wat aanvaarbaar geag word binne die grondwetlike bedeling. Dit word verder ondersteun deur die daaropvolgende bewoording wat verwys na 'n demokratiese samelewing ter ondersteuning van grondwetlikheid. Dit kan dus hier aanvaar word dat die belang van die onderskeie regte gesien moet word binne die hele gemeenskap, en nie slegs met betrekking tot die individu nie. Sien in hierdie verband Van Aardt *State Responsibility for Human Rights* 17; Currie en De Waal *Bill of Rights Handbook* 163; Botha *et al Rights and Democracy* 15.

1616 Rautenbach en Malherbe *Constitutional Law* 345. Sien ook *President of the Republic of South Africa and Another v Hugo* 1997 4 SA 1 (KH) par 96: "*The phrase 'by law of general application' has not been interpreted in detail by this Court, but a broad view was taken of 'law' by Kentridge AJ in* Du Plessis and Others v De Klerk and Another*. In holding that the words 'all law in force' in s 7(2) of the Constitution encapsulate common law as well as statute law, in part because the broad term 'reg' is used in the Afrikaans text, Kentridge AJ noted: 'The term "reg" is used in other parts of chap 3 as the equivalent of "law", for example in s 8 ("equality before the law") and s 33(1) ("law of general application")'".*

1617 Currie en De Waal *Bill of Rights Handbook* 151. Hulle is van die volgende opinie: *"'Limitation' is a synonym for 'infringement' or, perhaps, 'justifiable infringement'. A law that limits a right infringes the right. However, the infringement will not be unconstitutional if it takes place for a reason that is accepted as a justification for infringing rights in an open and democratic society...".*

1618 Wessels *My regte, Jou regte* 51.

1619 Basson *Regterlike Konkretisering* 520. Sien ook *S v Makwanyane and Another* 1995 3 SA 391 (KH) 511. Sachs R meen tydens sy afsonderlike uitspraak: *"Section 9 states: 'Every person shall have the right to life.' These unqualified and unadorned words are binding on the State (ss 4 and 7) and, on the face of it, outlaw capital punishment. Section 33 does allow for limitations on fundamental rights; yet, in my view, executing someone is not limiting that person's life, but extinguishing it."* Die problematiek is spesifiek geleë in die reg op lewe. Ontneming of beperking van hierdie reg behels in elke geval die absolute ontneming daarvan sonder die vermoë om dit te herstel. Vir hierdie rede is dit so 'n hoogsberedeneerde kwessie.

fundamentele regte, in teenstelling met die ontneming daarvan, is artikel 36 daarop gemik om riglyne daar te stel vir die regmatige beperking van regte, en nie die ontneming daarvan nie.[1620]

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die Suid-Afrikaanse reg nie lukraak omgaan met die inperking van fundamentele regte nie. Die wyse waarop artikel 36 die beperking van regte benader dien as die grondslag vir enige beperking op opweging van regte, maar vereis wel regsprekende beregting. Die aanwending van artikel 36 in polisiëringsaktiwiteite mag egter ontoereikend wees. Artikel 36 behels 'n *ex post facto* "regstelling" of die hersiening van polisie-optrede, eerder as die oorwegende faktore wat die polisiebeampte in ag moet neem tydens 'n geskil tussen partye. Dit sou van 'n polisiebeampte vereis dat hy of sy 'n betrokke situasie behartig deur te antisipeer wat die hof se benadering tot die kwessie sou wees, gebaseer op objektiewe en genoegsame inligting. Gevolglik blyk die effektiewe toepassing van artikel 36 deur 'n polisiebeampte in hierdie verband onrealisties, veral in situasies waar leidende regspraak nog nie bestaan nie. Hierdie kwessie bemoeilik dus die rol van die polisie in die beskerming of beperking van fundamentele regte, en bring mee dat die effektiewe aanwending van artikel 36 uitsluitlik tot die howe beperk word.

4.6.4.1 Polisiëring en die beperking van fundamentele regte

Een van die sentrale kwessies wat hierdie studie blootlê is die potensiële impak wat owerheidsoptrede, met inbegrip van polisiëringaktiwiteite, op individuele regte het.[1621] Vir hierdie rede maak die Grondwet voorsiening vir die regmatige uitoefening van polisiebevoegdhede ten einde die regte

---

1620 Devenish *A Commentary on the South African Constitution* 91. "*The limitation of fundamental rights as sanctioned by section 36 involves a judicious weighing up of competing societal and ethical values, using an assessment based proportionality".*

1621 Joubert *Toegepaste Reg vir Polisiebeamptes* 23.

van verdagte of beskuldigde persone regmatig in te perk.[1622] Ongeoorloofde beperking van fundamentele regte mag ŉ verskeidenheid van vorme aanneem, hetsy deur die onregmatige uitoefening van bevoegdhede[1623] of deur die late om ŉ regsplig uit te voer.[1624] Vanweë die benadeling wat so ŉ inbreukmaking tot gevolg kan hê, moet die uitoefening van owerheidsgesag met die doel van realisering van die betrokke fundamentele regte geskied.[1625]

Die skending van fundamentele regte deur die polisie is rede tot kommer in Suid-Afrika.[1626] Die regmatige beperking van fundamentele regte maak wel ŉ kardinale deel van polisiëring uit, maar waar dit onredelik en onregverdigbaar geskied het dit nie slegs ongrondwetlikheid tot gevolg nie, maar knou dit ook die legitimiteit van polisiëring, sowel as die uitgebreide strafregstelsel.[1627] Dit ondermyn ook die gemeenskapspersepsie van die polisie tot ŉ spreekwoordelike vyand van die gemeenskap, eerder as diensgerigte beskermers van die reg en

---

1622 Artikel 35 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996. Sien ook Currie en De Waal *Bill of Rights Handbook* 749.

1623 Tydens die ongeoorloofde uitoefening van polisiëringsbevoegdhede ontbreek die grondwetlike of statutêre magtiging vir die inperking van fundamentele regte. Dit mag insluit onregmatige visentering, weens ŉ tekort aan redelike vermoede, onregmatige arrestasies, weens magsmisbruik of ŉ tekort aan bewyse, of selfs gewelddadige optrede, wat nie aan die vereistes van die artikel 49(2) van die *Strafproseswet* 51 van 1977 voldoen nie. Gevolglik is optrede van hierdie aard onbestaanbaar met die beginsels van die Grondwet en dus ongrondwetlik. Sien Bruce 2003 *SA Crime Quarterly* 26; Pigou 2000 *Law, Democracy & Development* 139.

1624 Sien in hierdie verband afdeling 4.6.3.1.1 van hierdie proefskrif. By die nalating van die uitvoer van regspligte, soos grondwetlik of statutêr opgedra aan die polisie, word ŉ *omissio* of late gepleeg, wat kan lei tot onvoldoende optrede ter beskerming van fundamentele regte van slagoffers of ander individue. Dus word fundamentele regte onregmatig beperk deur die nalate van die staat om die regsplig te vervul ter beskerming daarvan. Sien *Carmichele v Minister of Safety and Security* 2001 4 SA 938 (KH); *Minister of Safety and Security v De Lima* 2005 5 SA 575 (HHA); *Rail Commuter Action Group v Transnet Ltd t/a Metrorail* 2005 2 SA 359 (KH); *Minister of Safety and Security v Carmichele* 2004 3 SA 305 (HHA); *Minister of Safety and Security v Hamilton* 2004 2 SA 216 (HHA); *Minister van Veiligheid en Sekuriteit v Geldenhuys* 2004 1 SA 515 (HHA); *Van Eeden v Minister of Safety and Security* 2003 1 SA 389 (HHA); *Minister of Safety and Security v Van Duivenboden* 2002 6 SA 431 (HHA).

1625 Joubert *Toegepaste Reg vir Polisiebeamptes* 22; Bassiouni *et al Democracy* 78; Calland en Masuku 2000 *Law, Development & Democracy* 130. Sien ook artikel 36 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

1626 Burger 2011 *SA Crime Quarterly* 13; Singh 2004 *Acta Criminologica* 86.

1627 Redpath 2012 *ISS Monographs* 41; Schönteich 2003 *SA Crime Quarterly* 29; Scott 2009 *Obiter* 725.

individuele regte.[1628] Hoë profiel insidente soos die dood van Andries Tatane,[1629] die Marikana Lonmin myners[1630] en die verwonding van die sanger Khuli Chana[1631] in polisie-optrede, skep die persepsie dat die polisie nie respek toon vir die fundamentele regte van individue nie en terugval op apartheidstyl polisiëring.[1632]

Hierdie is nie 'n onoorkombare problematiek nie, maar wel 'n kwessie wat endemies van aard kan word indien dit nie aangespreek word nie.[1633] Tans bestaan geen Nasionale Instruksie in hierdie verband nie, en is polisiebeamptes uitsluitlik afhanklik van artikel 35 van die Grondwet[1634] en die Strafproseswet.[1635] Vanuit die demokratiese polisiëringsperspektief is die oplossing tweeledig, en behels dit die opskerping van 'n fundamenteelregtelike bewussyn wat van integriteit en legitimiteit spreek. In die eerste plek behels dit die daarstelling van voldoende riglyne, regulasies en standaarde van optrede waarteen elke polisiebeampte sy eie optrede kan meet, en ook ingevolge waarvan 'n polisiebeampte verantwoordbaar gehou kan word. Indien die polisie nie interne riglyne of maatstawwe daarstel nie, ondermyn dit 'n polisiebeampte se vermoë om voldoende uiting te kan gee aan die Handves van Regte.

Addisioneel tot die bogenoemde riglyne, vereis dit in die tweede plek ook voldoende opleiding in die toepassing van so 'n stel riglyne, met inbegrip van die Handves van Regte, sowel as die invloed daarvan op die

---

1628 Stone en Heather 2010 *Policing and Society*39; Carty *et al Guidebook on Democratic Policing* 26.

1629 Mahabane *Business Day* 1.

1630 James *Rapport* 3; Van der Westhuizen *Star* 10; Van Schie *Star* 5.

1631 Botes *Beeld* 1.

1632 Die problematiek van so 'n siening is geleë in die feit dat, uit historiese ondervinding, dit tot teenstand van die polisie lei, wat uiteindelik 'n sneeubal-effek toon in die vlak waarin die gemeenskap en polisie bots. Die gevolg is gewoonlik opstandigheid, betoging en geredelike aanwending van geweld deur albei kante van die spektrum.

1633 Mayoyo, Potgieter en Ras 2011 *Inkanyiso* 80; Burger 2011 *SA Crime Quarterly* 13.

1634 Artikel 35 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

1635 *Strafproseswet* 51 van 1977.

strafproses.[1636] Dit vereis die vermoë om 'n waarde-oordeel te kan maak oor fundamentele regte, sowel as die beskerming en die beperking daarvan. Hierdie riglyne moet uiteraard ook prakties toepasbaar gemaak word in die uitoefening van polisiebevoegdhede.[1637] 'n Kultuur van fundamentele regte moet geskep word waarbinne dit die oogmerk van elke polisiebeampte word om legitimiteit in polisiëring na te streef en te verstaan dat 'n gemeenskap grootliks gefundeer is op die regte van individue.[1638]

Hierdie tekortkoming vuur die gevoel van hulpeloosheid onder polisiebeamptes aan in 'n polisiediens wat reeds onderbeman en sleg toegerus is.[1639] As 'n gevolg mag dit inderdaad lei tot wanaanwending of oorskryding van bevoegdhede ten einde 'n mate van beheer te behou.

Vanuit 'n demokratiese polisiëringsoogpunt, is dit hier waar verantwoordbaarheid egter 'n deurslaggewende rol vervul. Sonder voldoende verantwoordbaarheidsmeganismes bestaan geen effektiewe

---

1636 Hierdie vereiste verlang opleiding ten aansien van die Suid-Afrikaanse grondwet en fundamentele regte. Die historiese belang, doel, omvang en beskerming wat die regte simboliseer moet bemeester word alvorens dit moontlik is vir 'n polisiebeampte om optimaal op te tree ten aansien van hierdie problematiek. Hierdie opleiding moet deel uitmaak van die grondslag-opleiding of basiese opleiding. Sien Steyn en De Vries 2007 *Acta Criminologica* 11; Govender 2010 *Acta Criminologica* 75: "*To overcome this problem, training should reflect on local community requirements and focus on the day to day aspects of policing together with knowledge of the local community".*

1637 Konkrete reëls vir die uitoefening van polisiebevoegdhede mag van tyd tot tyd onvoldoende blyk in 'n situasie waarvoor òf nie voorsiening gemaak word nie, òf van so 'n aard is dat uitoefening van bevoegdhede meer inbreukmakend mag wees as weerhouding van optrede. Dit vereis dus dat polisiebeamptes voldoende ontwikkeling van 'n regsgevoel moet ondergaan ten einde 'n waardebepaling moontlik te maak aan die hand van grondwetlike waardes en hul rol en verpligtinge te besef. Sien Combrinck en Wakefield 2010 *SA Crime Quarterly* 28; Omar 2007 *ISS Monographs* xi.

1638 'n Groot mate van inbreukmaking kom voor in die uitoefening van polisiebevoegdhede. Dit mag voorkom in die vorm van oormatige gebruik van geweld in die onderdrukking van geweld, uitvoer van arrestasies of selfs onwelvoeglike optrede tydens visentering. Dit mag verder voorkom in die besluitnemingsproses ten aansien van die optrede om te volg wat lei tot inbreukmaking op fundamentele regte. Gevolglik moet riglyne en prosedures daargestel word ten einde sekerheid aan polisiebeamptes te verskaf. Hierdie operasionele riglyne moet ook deel uitmaak van die grondslag-opleidingfase en toepassing moet gevolglik afgedwing word.

1639 Marks, Shearing en Wood 2009 *Police Practice and Research* 147.

wyse waarop polisiebeamptes ontmoedig word om vergrype te pleeg nie.[1640] Uiteraard is die ideaal dat hierdie gedrag deur middel van professionalisme, etiek en 'n menseregte-gerigtheid bewerkstellig word. Sonder 'n goed gevestigde polisiekultuur wat gebaseer is op die laasgenoemde waardes, is dit egter die staat se plig om die verantwoordbaarheid van die polisie te verseker.[1641] Soos reeds genoem beskik Suid-Afrika oor die Onafhanklike Polisie-ondersoek Direktoraat (OPOD), wat spesifiek hiermee getaak is, sowel as 'n funksionerende dissiplinêre stelsel.[1642] Dit is egter belangrik om in gedagte te hou dat onafhanklike ondersoeke, dissiplinêre optrede of geregtelike hersiening van polisie-optrede na afloop van die skendende gedrag plaasvind.[1643] Alhoewel sekere vorme van polisievergrype deur 'n interdik of selfs 'n *ex post facto* benadering geremedieer kan word, is daar optrede wat tot permanente skade of lewensverlies lei wat nie op hierdie wyse geremedieer kan word nie.[1644]

'n Voorkomende benadering moet deur middel van voldoende riglyne en afdwinging daargestel word ten einde 'n menseregte kultuur te skep. Deur polisiebeamptes op hierdie wyse te bemagtig, sal die nodigheid vir dissiplinêre optrede of strafregtelike vervolging verminder.

1640 Marenin 1998 *International Journal of Police Strategies and Management* 166; Sung 2005 *International Journal of Police Strategies and Management* 350;

1641 Jones 2009 *International Journal of Police Science & Management* 341; Dixon 2000 *SACJ* 69; Marks, Shearing en Wood 2009 *Police Practice and Research* 147; Masiapata *Ethics and Ethos in the SAPS* 3.

1642 Sien afdeling 3.4.2.2.5 van hierdie proefskrif.

1643 Fokazi *Cape Times* 1. Dit is belangrik om aan te toon dat die Suid-Afrikaanse Polisiediens tans 'n ernstige toename in polisie-oortredings, veral met betrekking tot die skending van fundamentele regte, ervaar. Sedert 2000 het die klagtes van polisie-wanoptrede en polisie-brutaliteit met driehonderd persent toegeneem. Gedurende 2012 is 'n duisend-sewehonderd sake aangemeld en siviele eise ter waarde van agthonder miljoen rand aan hangig gemaak teen die Ministerie van Polisie.

1644 Newham 2001 *CSVR* 11.

4.6.5 *Polisiëring en fundamentele regte in verskillende verhoudings*

Polisiëring aan die hand van fundamentele regte is nie 'n eenvoudige konsep nie. Terwyl oorhoofs gefokus kan word op die beskerming en beperking van fundamentele regte, behels dit op polisiëringsvlak 'n komplekse verhouding tussen die staat, die individu, slagoffers en oortreders. Dit maak die praktiese uitvoering van fundamentele regte kompleks en vereis 'n fyn balans.

Soos reeds genoem, fokus die volkeregtelike en buitelandse benadering tot menseregte hoofsaaklik op die respek vir menseregte deur middel van negatiewe verpligtinge.[1645] Dit behels dat staatsfunksionarisse moet waak teen inbreukmakings op menseregte en nie noodwendig die plig het om menseregte inbreukmakings, veral op horisontale vlak, te polisieer nie.

Polisiëring aan die hand van fundamentele regte behels die opweeg van regte en belange ten einde 'n ordelike samelewing daar te stel.[1646] Die grens tussen inbreuk en beskerming is in die praktyk nie altyd so duidelik nie en gee gevolglik aanleiding tot 'n situasie wat beskryf kan word as meervoudige interaksie van regte. Hierdie omstandighede behels die opweeg van regte van privaat individue, regspersone, staatsfunksionarisse en die gemeenskap wat daardeur geraak word ter remediëring van dispute.[1647] Dit skep dus 'n meervoudige toepassing van elke betrokke fundamentele reg en moet met inagneming van alle partye se grondwetlike regte sowel as pligte geïnterpreteer word.[1648] Dit geskied

---

1645 Sien afdeling 4.6.3 van hierdie proefskrif.

1646 Mayoyo, Potgieter en Ras 2011 *Inkanyiso* 81. Sien ook Artikel 13(1) en (2) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

1647 Snyman *Strafreg* 6. "'n Misdaad tas altyd, of in elk geval meestal, die openbare belang aan".

1648 Tradisioneel word aanvaar dat die regte en vryhede soos vervat in 'n Handves van Regte daarop gemik is om individue, of onderdane van die staat, teen staatsmag of inmenging te beskerm. Met inagneming van artikel 8 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996, se omvang en uitbreiding van afdwinging van die Handves van Regte teenoor natuurlike persone, kan

dus op beide horisontale en vertikale wyse en kan meervoudige partye behels.

Vanuit 'n polisiëringperspektief sou drie prominente verhoudings in hierdie verband geïdentifiseer kon word. Die eerste is die polisie-slagofferverhouding, gevolg deur die polisie-oortrederverhouding en laastens die polisie-gemeenskapverhouding.[1649] Die omvang van interaksie tussen partye is egter nie beperk tot hierdie drie verhoudings nie, aangesien onderlinge verhoudings tussen die partye ook kan bestaan. Dit kan beskryf word as die slagoffer-oortrederverhouding, slagoffer-gemeenskapverhouding, die oortreder-gemeenskapverhouding en die daaropvolgende verhoudings naamlik die staat-oortreder-, staat-slagoffer- en die staat-gemeenskapverhoudings. Alhoewel die bedoeling van hierdie bespreking geensins is om die problematiek van groepregte aan te spreek nie, moet wel daarop gelet word dat polisiëring in Suid-Afrika grootliks beïnvloed word deur die gemeenskap se verhouding met die polisie, Nasionale Vervolgingsgesag, die slagoffer en die oortreder.[1650] Gevolglik word enkele kenmerke van hierdie verhoudings kortliks bespreek.[1651]

Die polisie-slagofferverhouding ontstaan by die aanmelding van 'n misdryf.[1652] Ten aansien van fundamentele regte behels hierdie verhouding die reg van die slagoffer om beskerm te word,[1653] terwyl die staat die plig het om beskerming te bied. Terselfdertyd moet daarteen

---

die tradisionele benadering nie meer voldoende geag word nie. Sien ter voorbeeld Steinberg *Thin Blue* 19.

1649 Sien onder andere O'Donovan 2008 *ISS Paper* 2; Joubert *Criminal Procedure* 9; Felson, Messner en Hoskin 1999 *Criminology* 931; Clark 2003 *The Police Journal* 319; Block 1981 *Journal for Criminal Law and Criminology* 743; Jones 1983 *Police* 277; Quinney 1972 *Criminology* 315.

1650 Redpath 2012 *ISS Monographs* vii.

1651 Die oorhoofse verhoudings, soos dit betrekking het op hierdie proefskrif, naamlik die polisie-slagofferverhouding, die polisie-oortrederverhouding en slagoffer-oortrederverhouding.

1652 Joubert *Criminal Procedure* 63. Joubert *Toegepaste Reg vir Polisiebeamptes* 219.

1653 *Carmichele v Minister of Safety and Security* 2001 4 SA 938 (KH) par 111.

gewaak word om die individue wat reeds te na gekom is, nie verder aan skending van regte te onderwerp nie.[1654]

Die polisie-oortrederverhouding is meer kompleks. Dit behels die uitoefening van grondwetlike opgelegde pligte deur die polisie, die regmatige begrensing van regte van die oortreder, soos vereis en gemagtig deur strafprosesregtelike beginsels, terwyl die oortreder verder ook beskerm moet word teen die wraaksugtigheid van die slagoffer of die gemeenskap.[1655] Dit behels dus beide die beperking en beskerming van regte en die meegaande verpligtinge.

Die slagoffer-oortrederverhouding is opsigself ook ingewikkeld, veral waar sprake is van wedersydse inbreukmaking op regte.[1656] Dit vereis van die polisie om 'n waarde-oordeel deur die opweging van regte te maak, vanselfsprekend met inagneming van die ernstigheidsgraad van die betrokke situasie. In *Victoria & Alfred Waterfront and Another v Police Commissioner, Western Cape and Others* meen die hof dat sulke kompeterende regte ook altyd in oorleg met die waardes van die Grondwet geïnterpreteer moet word.[1657] Vanweë hierdie komplekse verhouding word 'n situasionele interpretasiebenadering tot fundamentel regte, soos vroeër bespreek,[1658] vereis ten einde verdere oortredings te voorkom en die reeds bestaande dispuut of misdryf effektief op te los.[1659]

1654 Artikel 1 van die *Dienshandves vir slagoffers van misdaad in Suid-Afrika*. Hierdie dienshandves ontvang sy bestaansreg uit artikel 234 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996: "Ten einde die kultuur van demokrasie deur die Grondwet ingestel, te versterk, kan die Parlement Handveste van Regte aanneem wat met die bepalings van die Grondwet bestaanbaar is".

1655 Artikel 35 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996; Currie en De Waal *Bill of Rights Handbook* 749.

1656 Quinney 1972 *Criminology* 315.

1657 *Victoria & Alfred Waterfront and Another v Police Commissioner, Western Cape and Others* 2004 4 SA 444 (K) 453.

1658 Sien afdeling 5.2.1.2.2 van hierdie proefskrif.

1659 Steinberg *Thin Blue* 19. Nie alle aangeleenthede wat deur die polisie aangespreek word behels noodwendig misdaadsituasies nie. Dit kan 'n verskeidenheid vorme aanneem, insluitend interpresoonlike-dispute, algemene riskante gedrag, sivielregtelike aangeleenthede of selfs kwessies wat openbare veiligheid bedreig. In meeste gevalle behels dit egter 'n mate van konflik wat die potensiaal bevat om te ontwikkel in 'n gevaarlike situasie of misdadige optrede.

Hierdie bogenoemde getuies moet egter nie in isolasie beskou word nie. Die wyse waarop die polisie die bogenoemde verhoudings hanteer is deurslaggewend vir die sukses van die strafregtelike verrigtinge en die meegaande verhouding tussen alle betrokke partye.[1660] Die polisie is afhanklik van die kweek van goeie verhoudings ten einde te verseker dat potensiële getuies, die gemeenskap en selfs toekomstige slagoffers, 'n positiewe persepsie het ten opsigte van hoe die polisie met die gemeenskap omgaan.

Met betrekking tot die verskeie verhoudings tussen die gemeenskap en die ander betrokke partye wat nie hierbo aangeraak is nie, kan wel genoem word dat negatiewe gemeenskapsentiment na aanleiding van misdaadsituasies bydra tot grootskaalse gemeenskapsonordelikheid. Suid-Afrika word geteister deur gemeenskappe wat, weens 'n wantroue in die polisie en die regstelsel,[1661] die reg in eie hande neem en misdadigers aankeer en selfs teregstel in sogenaamde "*vigilantism justice*".[1662] Die belang van die gemeenskap in die onderskeie polisiëringsverhoudings kan dus geensins ontsê word nie vanweë die merkwaardige invloed wat vigilante optrede op die fundamentele regte van beide skuldige en onskuldige verdagte en beskuldigde persone het.

Waar so 'n moontlikheid bestaan ondermyn dit gemeenskapsorde en maak gevolglik deel uit van die polisie se bevoegdhede.

1660 O'Donovan 2008 *ISS Paper* 2.

1661 Singh 2004 *Acta Criminologica* 91; Woolman 2007 *SALJ* 778. Woolman dui daarop dat regte soos die reg op toegang tot howe bydra tot ordelikheid in die gemeenskap. Hy meen: "*The right of access to court is indeed foundational to the stability of an orderly society. It ensures the peaceful, regulated and institutionalised mechanisms to resolve disputes without resorting to self-help. The right of access to court is a bulwark against vigilantism, and the chaos and anarchy which it causes...".*Sien ook Schönteich 2003 *SA Crime Quarterly* 23; Pigou 2000 *Law, Democracy & Development* 142.

1662 Swanepoel en Duvenhage 2007 *Acta Academica* 123: *"Vigilantism describes the action of citizens who take the law into their own hands, making use of violent methods, in the context of inadequate law enforcement by the state and the collapse of public order. In an environment of political instability, lack of public order and related security problems, groups such as People Against Gangsterism and Drugs (PAGAD), Mapoga-a-Mathamaga and "people's courts" have come into being as vigilante organisations".*

Die legitimiteit van polisiëring en die regstelsel ly onder gemeenskapswantroue. Dit spruit voort uit twyfel ten aansien van die afdwinging van fundamentele regte en die persepsie dat die fundamentele regte gerig is op die beskerming van die oortreders en nie die gemeenskap nie.[1663] Alhoewel dit duidelik is dat die grondwetlike bedeling gelyke beskerming van alle individue se fundamentele regte nastreef, kan aangevoer word dat die wyse van beskerming van fundamentele regte steeds veel te wense laat weens 'n tekort aan opleiding en kennis in hierdie verband aan die kant van die polisie.[1664]

4.6.6 *Fundamentele regte en intelligensiegedrewe polisiëring*

Intelligensiegedrewe polisiëring, of misdaadintelligensie, het 'n negatiewe konnotasie vanweë die politieke oorsprong daarvan. Veral die Franse het nog altyd grootliks op metodes van politieke monitering en intelligensie gesteun ten einde politieke- en gemeenskapstabiliteit te verseker.[1665] Op soortgelyke wyse het die Apartheidsregering verskeie vorme van veiligheidsintelligensie onder die dekmantel van proaktiewe polisiëring aangewend om 'n politieke doel te vervul.[1666] In die kontemporêre era word monitering en intelligensie-bedrywighede geredelik bestempel as skendend teenoor mense- en fundamentele regte en bestaan die siening dat dit, weens hierdie rede, nie binne die werksaamhede van die polisie tuishoort nie.[1667]

So 'n siening is nie slegs kortsigtig nie, maar teen die agtergrond van veral georganiseerde misdaad, ontneem dit die polisie van die vermoeë

1663 Makiwane *Rights and constitutionalism* 87; Bekink 2005 *African Human Rights Law Journal* 422.

1664 Pigou 2000 *Law, Democracy & Development* 142; Swanepoel en Duvenhage 2007 *Acta Academica* 132.

1665 Miller 1986 *American Bar Foundation Research* 341; Bayley 1972 *Law and Society Review* 106; Jammes 1983 *Police Studies* 121.

1666 Maguire 1997 *Police Journal* 12; Shaw 1997 *ISS Monograph* 14; Van Graan Van Graan *Obstacles Impeding the Transformation Process in the South African Police Force* 2.

1667 Kinnes 2009 *SACJ* 187.

om effektief te polisieer.[1668] Intelligensiegedrewe polisiëring behoort nie so wyd gedefinieer te word om politieke doelstellings in te sluit nie. Dit moet eerder beskou word as polisiëring aan die hand van intelligensie wat betrekking het op misdaad.[1669] Misdaadintelligensie moet vir die laasgenoemde rede duidelik van ander tipes intelligensie onderskei word. Artikel 1 van die *National Strategic Intelligence Act*[1670] definieer misdaadintelligensie soos volg:

> ***'crime intelligence'*** *means intelligence used in the prevention of crime or to conduct criminal investigations and to prepare evidence for the purpose of law enforcement and the prosecution of offenders*[1671]

Die laasgenoemde wet gaan ook verder deur in artikel 2 te bepaal wat die funksie van die SAPD se misdaadintelligensie is:

> *(3) It shall be the function of the South African Police Service-*
> *(a) to gather, correlate, evaluate, co-ordinate and use crime intelligence in support of the objects of the South African Police Service as contemplated in section 205 (3) of the Constitution;*
> *(b) to institute counter-intelligence measures within the South African Police Service;*
> *(c) to supply crime intelligence relating to national strategic intelligence to NICOC.*[1672]

Gevolglik behels misdaadintelligensie uitsluitlik die invordering van inligting wat betrekking het op polisiëringsaktiwiteite en is dit beperk tot dieselfde jurisdiksie as die Suid-Afrikaanse Polisiediens, naamlik die landsgrense van Suid-Afrika.

Ratcliffe definieer die Australiese opvatting van intelligensie-gedrewe polisiëring soos volg:

1668 O'Conner 2006 *JIJIS* 233.

1669 Schoeman 2010 *Acta Criminologica* 82. Reaktiewe polisiëring alleen voldoen nie aan die vereistes van grondwetlike demokratiese polisiëring nie. Voorkoming speel 'n belangrike rol in die bevegting van misdaad en gevolglik word voldoende inligting en intelligensie benodig ten einde waarlik proaktief te kan optree. Sien ook artikel 205(3) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

1670 *National Strategic Intelligence Act* 39 of 1994.

1671 Artikel 1 van die *National Strategic Intelligence Act* 39 of 1994.

1672 Artikel 2(3) van die *National Strategic Intelligence Act* 39 of 1994.

> *Intelligence-led policing is the application of criminal intelligence analysis as an objective decision-making tool in order to facilitate crime reduction and prevention through effective policing strategies and external partnership projects drawn from an evidential base.*[1673]

Hierdie definisie word verder gekwalifiseer deur Osborne en Wernicke, vanuit 'n Amerikaanse en Kanadese oogpunt, wanneer hulle aanvoer dat misdaadintelligensie die "*use of intelligence products for decision-making at the tactical and strategic level*" behels.[1674]

Die Britse siening volg eerder 'n vier-element benadering waarin misdaadintelligensie in 'n uitkomsgebaseerde wyse gedefinieer word as:

> *The targeting of offenders (especially the targeting of active criminals through overt and covert means); the management of crime and disorder hotspots; the investigation of linked series of crimes and incidents; and the application of preventative measures, including working with local partnerships to reduce crime and disorder.*[1675]

Dit behels 'n wetenskaplike benadering tot polisiëring[1676] ingevolge waarvan inligting ingesamel en verwerk word ten einde misdaad gefokus te beveg. Dit is wel opmerklik dat die voorafgaande definisies verwys na die belang van die rol van die gemeenskap in intelligensie-gedrewe polisiëring.[1677] Sonder voldoende inligting kan polisiëring nie effektief wees nie, en kan dit nie as gespesialiseerd beskou word nie.[1678] Terselfdertyd is die insameling van inligting 'n moeilike taak indien die gemeenskap nie 'n bydrae lewer nie.[1679]

Soos met alle fasette van polisiëring, is die uitoefening van bevoegdhede uiteraard 'n potensiële bedreiging vir individue se regte. Intelligensie-gedrewe polisiëring is gevolglik nie 'n uitsondering nie. Die

---

1673 Ratcliffe 2003 *Trends and Issues in Crime and Criminal Justice* 2.
1674 Osborne en Wernicke *Introduction to Crime Analysis* 3.
1675 NCIS 2000 *The National Crime-Intelligence Model* 12.
1676 Newham en Dissel 2010 *ISS Monograph* 17.
1677 O'Conner 2006 *JIJIS* 233.
1678 Jaschke *et al* 2007 *PGEAPS* 64.
1679 Minnaar 2010 *Acta Criminologica* 201; Adeleye *Police and Policing in West Africa* 15.

onderskeid tussen misdaadintelligensie en algemene, politieke en militêre intelligensie, is dat misdaadintelligensie steeds onderworpe is aan die regsbeginsels van die strafprosesreg, en uitsluitlik gemik is op die rekordhouding, monitering en evaluering van misdaad verwante kwessies.[1680] Dit bied die polisie die vermoë om 'n holistiese benadering tot polisiëring te neem. Dit is dus belangrik om te benadruk dat intelligensie-gedrewe polisiëring steeds onderworpe is aan alle mense- en fundamenteelregtelike beginsels en van regmatigheid en legitimiteit moet spreek. Dit moet ook onderwerp word aan dieselfde mate van verantwoordbaarheid en toesighouding as konvensionele polisie-aktiwiteite.[1681]

Misdaadintelligensie, of intelligensie-gedrewe polisiëring, is dus bloot 'n gestruktureerde en informasie-gebaseerde benadering tot polisiëring, sonder 'n politieke of onderdrukkende doel. Alle afdelings van die polisie moet hiermee getaak wees, ongeag die toegewyde of gespesialiseerde aard daarvan, ten einde ware intelligensie-gedrewe polisiëring te kan verseker.[1682] Dit moet nie losgemaak word van algemene polisiëring nie en moet so gestruktureer word ten einde te verseker dat gewaak word teen politieke inmenging.[1683] Sou dit egter hierdie oogmerk oorskry, voldoen dit nie meer aan die polisiëringsaspek van intelligensie-gedrewe polisiëring nie.

1680 Schoeman 2010 *Acta Criminologica* 82: *Even though the interpretation of intelligence-led policing appears to be broadening in scope, the central notion still remains, namely for police officers to avoid getting caught up in reactive, individual case investigations, but move to an approach where greater emphasis is placed on information-sharing and collaborative, strategic solutions to crime problems on local and regional level.*

1681 Minnaar 2005 *Acta Criminologica* 92.

1682 Steinberg 2004 *ISS Monographs* 24.

1683 Leggett *et al* 2003 *Criminal Justice in Review* 23.

4.6.7 *Gevolgtrekking: Polisiëring en fundamentele regte*

Fundamentele regte sluit sterk aan by die leerstukke wat die beperking van owerheidsgesag nastreef.[1684] Dit onderskryf 'n normatiewe benadering tot die regulering van staatsbevoegdhede ter realisering van die behoeftes van die gemeenskap en die uitvoering van grondwetlike bepalings.[1685]

Die Suid-Afrikaanse grondwetlike demokrasie word gerugsteen deur die verskansing van 'n Handves van Regte in die oppergesagtelike Grondwet.[1686] Gevolglik onderwerp dit die reg in sy geheel aan die beginsels van fundamentele regte en beskerm dit die gemeenskap teen 'n herhaling van die vergrype uit Suid-Afrika se verlede. Dit waarborg terselfdertyd aan elke individu die beskerming van die mees basiese behoeftes, vryhede en regte.[1687] Die grondwetlike verskansing verplig die afdwinging van die beskerming en verseker dat beskerming van regte tot uitvoer gebring word en nie slegs as papierwaarborg dien nie.[1688]

In die buitelandse en volkeregtelike konteks word menseregte as 'n negatiewe verpligting teen inbreukmaking aangewend. In terme van polisiëring verhoed dit gevolglik arbitrêre uitoefening van gesag en inbreukmaking op regte, waar dit nie deur die reg gemagtig word nie. Polisiëring word dus beperk tot weerhouding van skendende gedrag eerder as positiewe optrede ter realisering.[1689]

Die sentrale rol wat fundamentele regte in Suid-Afrikaanse polisiëring speel kan ook nie ontken word nie. Die nakoming van grondwetlike beginsels bevorder die legitimiteit van die polisie en polisiëringsaktiwiteite deur die regulering van polisie-optrede en 'n

---

1684 Sien hoofstuk 4 van hierdie proefskrif.
1685 Sien afdeling 4.4.3.3 van hierdie proefskrif.
1686 Currie en De Waal *The New Constitutional and Administrative Law* 319.
1687 Devenish *A Commentary on the South African Constitution* 44.
1688 Van Aardt *State Responsibility for Human Rights* 2.
1689 Sien afdeling 4.6 van hierdie proefskrif.

begrensing van bevoegdhede wat grondwetlik uitgeoefen mag word.[1690] Terselfdertyd bied dit die versekering dat indien fundamentele regte geskend word, regmatige middele tot die beskikking van die benadeelde bestaan ten einde die situasie te remedieer. Fundamentele regte dra dus grootliks by tot regsekerheid waarop uitvoerende beamptes van die veiligheidsmagte, soos polisiebeamptes, kan steun in die uitvoer van hul take. Dit is nie beperk tot rigiede gekodifiseerde regsreëls wat blindelings nagevolg moet word nie en bied dus 'n maatstaf waarteen enige misdaadverwante gebeurlikheid gemeet kan word.[1691]

Die interpretasie en toepassing van fundamentele regte in Suid-Afrika is problematies. Dit blyk asof onvoldoende opleiding en riglyne die polisie in hierdie verband strem in die uitvoer van hulle pligte vanweë ontoereikende kennis ten aansien van die omvang en toepassing van fundamentele regte. Daar bestaan dus 'n leemte wat deur basiese onderrig en opleiding geremedieer kan word ten gunste van professionele, legitieme en intelligensie-gedrewe polisiëring. Dit sal terselfdertyd ook help om die persepsie dat oortreders meer regte as die deursnee individu het, in die kiem smoor. Fundamentele regte is veronderstel om die samelewing en die wyse waarop regsubjekte met mekaar omgaan te reguleer en 'n gevoel van regsekerheid en veiligheid daar te stel. Gelyklopend moet dit ook as afskrikmiddel dien vir individue wat op ander se regte inbreuk maak deurdat die implementering daarvan vertroue in die effektiwiteit daarvan by die gemeenskap bewerkstellig.

Suid-Afrika beskik oor 'n omvattende Handves van Regte, wat nie alleen die fundamentele regte grondwetlik verskans nie, maar ook die afdwinging daarvan.[1692] Die polisie toon egter tans 'n onvermoë om die Handves van Regte, sowel as die howe se interpretasie daarvan, effektief te interpreteer en af te dwing. Dit ondermyn effektiewe

---

1690 Burger 2011 *SA Crime Quarterly* 13; Findlay 1994 *Current Issues in Criminal Justice* 30.

1691 Currie en De Waal *Bill of Rights Handbook* 65.

1692 Artikels 34 en 38 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

polisiëring aan die hand van fundamentele regte, asook die gemeenskap se vertroue in die polisie. In teenstelling met die beginsels van begrensing van owerheidsgesag, soos reeds bespreek in hierdie proefskrif, bied fundamentele regte beide vertikale en horisontale beskerming aan die inwoners van Suid-Afrika.[1693] Alhoewel aangevoer kan word dat dit redelik suksesvol blyk in die beskerming teen magsmisbruik deur staatsfunksionarisse, blyk dit onvoldoende in die regulering van die horisontale verhouding tussen regsubjekte vanweë onsekerheid en onduidelikheid aangaande die trefwydte daarvan.[1694]

4.7 *Die plig, bevoegdheid en diskresie om te polisieer*

4.7.1 *Inleiding*

Beide hoofstuk 3, sowel as die voorafgaande bespreking in hierdie hoofstuk, toon die omvattende strukturele en materiële aspekte van polisiëring in 'n grondwetlik demokratiese samelewing. Dit toon dat professionaliteit en legitimiteit sentrale vereistes in polisiëring is alvorens effektiwiteit en gemeenskapsgoedkeuring verseker kan word.

Die samestelling van die polisiestruktuur en toepassing van substantiewe beginsels is egter bepalend ten opsigte van die effektiwiteit van 'n polisiëringsisteem. Die substantiewe beginsels kan gevolglik gemeet word aan die plig wat aan die polisie opgelê word om te polisieer, die daadwerklike en regmatige uitoefening van polisiebevoegdhede en die mate waarin diskresie 'n rol hierin speel. Gevolglik word hierdie beginsels bespreek soos van toepassing in Suid-Afrika.

1693 Artikel 8(2) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.
1694 Van Aardt *State Responsibility for Human Rights* 459.

4.7.2 *Die plig om te polisieer*

Geen algemene plig om te polisieer bestaan op internasionale vlak nie. Die pligte van die polisie en polisielede word deur elke betrokke staat,[1695] of in die geval van 'n gedesentraliseerde stelsel deur die plaaslike owerheid bepaal.[1696] Die betrokke staat kan verder kies om die plig deur middel van wetgewing, ondergeskikte wetgewing, of polisieprosedures aan te spreek.[1697] Dit stel die betrokke polisiëringsisteem in staat om spesifieke kwessies of behoeftes aan te spreek en om dit te doen ooreenkomstig die betrokke owerheid se regstelsel.[1698]

Polisiëring word histories as 'n belangrike deel van die staat se verpligting geag. Voor 1994 is hierdie plig in Suid-Afrika deur wetgewing gereguleer. Vanweë die sentrale rol wat polisiëring gespeel het in die afdwinging van onderdrukkende apartheidspraktyke, is die nuwe bedeling genoodsaak om die omvang en rol van die polisie in die Suid-Afrikaanse gemeenskap grondwetlik te begrond om sodoende 'n herhaling van die ongeregtighede van die verlede te voorkom.[1699]

Ten aansien van hierdie plig van die polisie, laat die Grondwet geen onduidelikheid nie wanneer bepaal word dat:

> (3) Die doelstellings van die polisiediens is om misdaad te voorkom, te bestry en te ondersoek, die openbare orde te handhaaf, die inwoners van die Republiek en hul eiendom te beskerm en te beveilig, en die reg te handhaaf en toe te pas.[1700]

1695 Newburn *Policing* 221.

1696 Die polisiëringstelsel van die VSA en Australië is 'n goeie voorbeeld hiervan. Elke deelstaat beskik oor polisie-standaarde wat binne die plaaslike-owerhede van die staat afdwingbaar is. Die regspraak, deur middel van die presedente-stelsel, bind gevolglik ook hierdie plaaslike-owerhede, alhoewel die plaaslike-owerhede, deur middel van verordeninge en plaaslike polisiebeleid, die plig en rol van die polisie self mag bepaal. Sien in hierdie verband Hunter 1990 *Police Studies* 118; Bayley 1992 *Crime and Justice* 523; Angell 1976 *Criminal Justice Review* 43.

1697 Clark 2003 *The Police Journal* 308; Adeleye *Police and Policing in West Africa* 23.

1698 Stone en Ward 2010 *Policing and Society* 15.

1699 Woolman *et al Constitutional Law of South Africa* 23B-21.

1700 Artikel 205(3) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika,* 1996.

Onder die magtiging verleen deur artikel 205(2) van die Grondwet[1701] bepaal artikel 13 van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens*[1702] dat die plig om te polisieer nie alleenlik in die kollektiewe sin van die woord geïnterpreteer moet word nie, maar dat dit elke individuele lid van die polisie bind. Artikel 13(1) bepaal onder andere

> (1) Behoudens die Grondwet en met behoorlike inagneming van die fundamentele regte van elke persoon, kan 'n lid die bevoegdhede uitoefen en moet 'n lid die pligte en werksaamhede verrig wat by wet aan 'n polisiebeampte verleen of opgedra word.[1703]

Hierdie bepaling word ook verder ondersteun deur artikel 13(3), wat inhou dat:

> (3)(a) 'n Lid wat verplig is om 'n amptelike plig te verrig, moet met behoorlike inagneming van sy of haar bevoegdhede, pligte en werksaamhede, so 'n plig verrig op 'n wyse wat redelik is in die omstandighede.[1704]

Met die gesamentlike interpretasie van artikel 205(3) van die Grondwet en artikel 13 van die wet, kan gevolglik afgelei word dat elke individuele polisiebeampte en die polisie as 'n kollektief die plig dra om misdaad te voorkom, te bestry en openbare orde te handhaaf en dat dit insluit om ook die burgers teen misdaad te beskerm. Alhoewel die bogenoemde artikels klem op hierdie mandaat van die polisie plaas, is dit reeds 'n goedgevestigde regsplig van die polisie in Suid-Afrika. Dit geld sedert die promulgasie van die *Polisiewet* 7 van 1958[1705] en het ook toeligting

---

1701 Artikel 205(2) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika,* 1996:
"(2) Nasionale wetgewing moet die bevoegdhede en funksies van die polisiediens bepaal en moet die polisiediens in staat stel om sy verantwoordelikhede doeltreffend na te kom, met inagneming van die behoeftes van die provinsies".

1702 Artikel 13 van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 van 1995.

1703 Artikel 13(1) van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 van 1995.

1704 Artikel 13(3)(a) van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 van 1995.

1705 Artikel 5 van die *Polisiewet* 7 van 1958:
"Die werksaamhede van die Suid-Afrikaanse Polisie is, onder meer
(a) die bewaring van die binnelandse veiligheid van die Republiek;
(b) die handhawing van wet en orde;
(c) die ondersoek van enige misdryf of beweerde misdryf; en
(d) die voorkoming van misdaad".

ontvang in *Minister van Polisie v Ewels.*[1706] Die verskansing van hierdie pligte in die Grondwet[1707] het die regsplig van die polisie in hierdie verband slegs bevestig en gestruktureer.

Sedert die aanvang van die demokratiseringsproses is voortgebou op hierdie bestaande regspligte. Regsprekende interpretasie van beide die Interim Grondwet[1708] en die Grondwet[1709] se bepalings in hierdie verband bied verdere regsekerheid.[1710]

4.7.2.1 Die omvang van die plig om te polisieer in Suid-Afrika

Die kwessie aangaande die omvang van die plig om te polisieer spruit uit verskillende besprekings vervat in hierdie studie. Soortgelyk aan enige reg is daar ook beperkinge op die omvang van pligte.[1711] Dit kan dus nie gesê word dat die plig om te polisieer absoluut geld nie, alhoewel begrensings uiteraard goed vasgelê moet word.

Die omvang van die begrip polisiëring, en so ook die plig om te polisieer, word nie in enige wetgewing omskryf nie. In *Kadir v Minister of Law and Order*[1712] is polisiëring beperk tot werksaamhede wat verband hou met misdaadbekamping, voorkoming en ondersoek. Dit stem ooreen met die mandaat wat artikel 205(3) van die Grondwet aan die polisie stel en is

---

1706 *Minister van Polisie v Ewels* 1975 3 SA 590 (A) 592: “In die onderhawige geval het ons te doen met ’n aantal polisiemanne wat diens doen in ’n polisiekamer, ’n gebou waaroor die polisie beheer het en waarheen ’n gewone burger, onder andere, kan en moet gaan om ’n klagte te lê. Luidens die bepalings van artikel 5 van die Polisiewet is een van die werksaamhede van die polisie die voorkoming van misdaad. Vir sover dit ’n gewone burger betref, sou daar dus tussen hom en ’n polisieman wat diens doen, ’n ander verhouding kan ontstaan as dié tussen hom en ’n belangelose vreemdeling”.

1707 Artikel 205(3) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

1708 Artikel 215 van die *Interim Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 200 van 1993.

1709 Artikel 205(3) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

1710 Devenish *A Commentary on the South African Constitution* 282.

1711 Joubert *Toegepaste Reg vir Polisiebeamptes* 20.

1712 *Kadir v Minister of Law and Order* 1992 3 SA 737 (K). Sien ook in hierdie verband afdeling 4.6.3.1.1 van hierdie proefskrif.

sodoende bevestig in *Minister of Safety and Security v Rudman.*[1713] Die bepaling aangaande die handhawing van openbare orde is egter onduidelik ten opsigte van wat dit insluit, en word gevolglik in hierdie saak geïnterpreteer om te verwys na algemene misdaadbekamping.[1714]

Dit is egter van belang om te bepaal tot watter mate die plig om te polisieer geld. Vir hierdie rede is dit nodig om aandag te skenk aan die mate wat die plig om te polisieer beïnvloed word deur die gevaarelement wat inbegrepe van polisiëring geag word. Die oorblywende kwessies aangaande die omvang van die plig om te polisieer is onder andere die polisie se plig om fundamentele regte te realiseer,[1715] die betrokkenheid van die polisie by nie-misdaadverwante situasies[1716] en die verskillende pligte van die onderskeie polisie-instansies in Suid-Afrika.[1717] Hierdie kwessies is reeds voldoende in hierdie studie aangeraak en word dus nie verder hier bespreek nie.

4.7.2.1.1 Bestaan daar 'n plig om gevaar te trotseer?

Polisiëring, ook in die Suid-Afrikaanse konteks, word beskou as 'n gevaarlike professie vanweë die liggaamlike-, psigiese en lewensgevaar waaraan polisiebeamptes blootgestel word.[1718] Die gemeenskapverwagting is dat die polisie gevare namens die gemeenskap sal aanspreek ten einde die gemeenskap daarteen te beskerm. Vanuit hierdie gemeenskapsperspektief kan die rol van die polisie gevolglik as staatsplig geag word waarbinne die trotsering van

---

1713 *Minister of Safety and Security and Another v Rudman and Another* 2005 2 SA 16 (HHA) par 63. So "n benadering sien egter eng daarna uit en mag byvoorbeeld verkeerspolisiëring buite die omvang van algemene polisiëring plaas. Gevolglik kan aangevoer word dat 'n ruim omskrywing van hierdie begrip eerder gewens sou wees.

1714 Die wye interpretasie van "openbare orde" behels die handhawing van gemeenskapsorde, soos dit uit die tradisionele rol van polisiëring voortspruit. Dit word dus nie eng uitgelê as slegs van toepassing op openbare oproerigheid of stakings nie.

1715 Sien afdeling 4.6.2 van hierdie proefskrif.

1716 Sien afdeling 4.6.2.1 van hierdie proefskrif.

1717 Sien hoofstuk 3 van hierdie proefskrif.

1718 Steyn en De Vries 2007 *Acta Criminologica* 25.

gevaar as implisiet beskou kan word.[1719] Indien hierdie benadering inderwaarheid gehuldig sou word, plaas dit 'n gewigtige plig op die individuele polisiebeampte, sowel as die polisiediens as geheel, wat potensieel tot die nadeel van polisielede kan strek. Indien dié benadering verwerp word, bestaan geen dergelike plig nie en laat dit die gemeenskap sonder enige aanspraak op beveiliging in die mees gevaarlike situasies.

Dit behoort egter aangevoer te word dat dit geensins die bedoeling van die reg sou wees om 'n individu 'n plig op te lê wat waarskynlik tot sy eie fisiese nadeel, of selfs dood, mag strek nie.[1720] As teenvoeter vir die laasgenoemde argument, sou sekerlik aangevoer kon word dat 'n individu wat homself vrywilliglik blootstel aan 'n beroep wat inherent gevaarlik is, homself nie sou kon beroep op die voorafgaande argument nie.[1721] Die opweeg van 'n persoon se reg op beskerming teenoor dié van 'n polisiebeampte se lewe[1722] of fisiese integriteit[1723] stel 'n moeilik beantwoordbare vraag. Geen individu se fisiese welstand of lewe kan hoër as dié van 'n ander geag word sonder dat die reg vereis dat die twee regte teen mekaar opgeweeg moet word nie.[1724]

1719 Bruce en Neild *The Police We Want* 33.

1720 Die Grondwet maak uitdruklik voorsiening vir elke individu se reg op liggaamlike integriteit. Alhoewel hierdie reg ook nie absoluut van aard is nie, sal 'n beperking 'n verpligte afstanddoening daarvan, ter beskerming van andere, nie geregverdig kan word onder die beginsels van die beperkingsklousule nie. Sien Currie en De Waal *Bill of Rights Handbook* 286; Artikel 12(1)(c) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996:

"(1) Elkeen het die reg op vryheid en sekerheid van die persoon, waarby inbegrepe is die reg om –

(c) vry te wees van alle vorme van geweld van hetsy openbare hetsy private oorsprong".

1721 Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg* 111. So 'n redenasie sou egter 'n uitdruklike of implisiete toestemming vereis. In so 'n geval sou ook aangevoer kon word dat afstand gedoen word van die beskerming verleen deur artikel 12 *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996. In die huidige grondwetlike bedeling kan so 'n benadering egter nie geregverdig word nie.

1722 Artikel 11 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

1723 Artikel 12 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

1724 Currie en De Waal *Bill of Rights Handbook* 261. Sien ook artikel 49(2) van die *Strafproseswet* 51 van 1977 in hierdie verband. 'n Beperking van hierdie aard op 'n individu se reg sal slegs regverdigbaar wees indien dit in die situasie van 'n aggressor teenoor 'n slagoffer voorkom. In so 'n geval is dit maklik opweegbaar indien 'n onregmatige aanvaller se lewe of liggaamlike integriteit ingeperk word ter afweer van die aanval. Om 'n polisiebeampte se reg op

So ’n redenasie ontneem egter nie die staat, met inbegrip van die polisie, van die voorafbespreekte pligte nie.[1725] Ten einde ’n geordende samelewing te verseker moet die polisie oor die alleenmandaat beskik om veiligheid en sekuriteit te voorsien.[1726] Dit ontneem nie die burger van die reg om selfbeskermend op te tree nie,[1727] maar voorkom die neem van reg in eie hande. Vir hierdie rede kan die mandaat van handhawing van openbare orde wyd geïnterpreteer word.[1728] Handhawing van openbare orde verwys nie slegs na gevalle van protesoptrede of stakings wat tot openbare geweld aanleiding gee nie. Enige vorm van misdaad is ’n bedreiging vir openbare orde. Onvoldoende optrede ter bekamping van oortredings lei tot wantroue in die polisie en regstelsel, wat lei tot gemeenskapsgeregtigheidsoptrede en ’n verdere versteuring van openbare orde. ’n Misdryf, ongeag in die privaat of publiek gepleeg, is ’n misdryf teen die gemeenskap as geheel en versteur die ordelike funksionering van die samelewing.[1729]

Dit plaas gevolglik ’n plig op die polisie om voldoende middele daar te stel, hetsy deur spesialiseenhede, voldoende opgeleide en toegeruste beamptes of getalle personeel, ten einde situasies van ’n ernstige aard op ’n beheerde wyse aan te spreek.[1730] Dit behoort benadruk te word dat die suksesvolle bekamping van misdaad nie direk eweredig is tot die gebruik van geweld nie. Die polisie behoort ’n mag daar te stel wat onoorkombaar vertoon vir die misdadigers, sonder dat geweld of ander maguitoefening plaasvind. Dit dien as ’n afskrikmiddel en bied legitimiteit in die wyse waarop polisie misdaad bestry

---

liggaamlike integriteit of lewe te beperk ter beskerming van ’n slagoffer, stel inderwaarheid twee slagoffers daar. ’n Regsplig in hierdie verband is dus ondenkbaar.

1725 Sien afdeling 4.7.2 van hierdie proefskrif.

1726 Steinberg *Thin Blue* 20.

1727 Snyman *Strafreg* 111.

1728 Newham 2005 *South African Review of Sociology* 161.

1729 Snyman *Strafreg* 6.

1730 Sien Marks, Shearing en Wood 2009 *Police Practice and Research* 147.

Steinberg is van mening dat moderne polisiëring die balans tussen oormatige mag en demokratiese polisiëring moet nastreef,[1731] om die gemeenskap die gerusstelling te bied dat die staat enige situasie van geweld en misdaad kan hanteer op legitieme wyses, sonder om outoritêr of onderdrukkend van aard te wees.[1732] Die plig van polisiëring vereis dus 'n fyn onderskeid tussen optrede wat regmatig en effektief is, en optrede wat effektief maar onregmatig is. Dit kan slegs deur voldoende opleiding, regsmiddele en toesighoudende strukture gerealiseer word.[1733]

4.7.2.1.2 Wanneer geld die plig om te polisieer?

Die plig om te polisieer behels 'n regsplig op die staat, die polisie en uiteraard ook die individuele lede van die polisiediens.[1734] Vanweë die verreikende gevolge wat 'n regsplig op die staat mag inhou, word regspligte oordeelkundig neergelê. Dit moet uiteraard nie onredelike gevolge teenoor die staat of die staatsfunksionaris wat daarmee getaak is hê nie.[1735] Alhoewel dit in ag geneem word dat 'n regsplig aan die polisie, ook 'n regsplig aan individuele polisielede meebring, moet in ag geneem word dat indien 'n regsplig aan 'n individu toegeskyf word, dit meer onredelik kan wees, vanweë sy beperkte vermoëns, as wanneer 'n soortgelyke regsplig aan 'n staatsdepartement opgelê word.[1736] Artikel 13(3), saamgelees met artikel 13(2), neem redelikheid in ag by die opleg van pligte aan polisielede deur te bepaal:

1731 Steinberg *Thin Blue* 44.

1732 Berning en Masiloane 2011 *Acta Criminologica* 67; Carty *et al Guidebook on Democratic Policing* 17; Burger 2011 *SA Crime Quarterly* 16: *"…if people do not trust that the police have their interests at heart and believe there is a wide gap between the values of the two parties – very possibly because they themselves or people they know have been treated unfairly by officers in the past – they may withdraw from engagement and fail to offer assistance."*

1733 Lumina 2006 *African Security Review* 95; Quesada 2004 *Unisa Report* 93.

1734 Artikel 13 van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 van 1995; artikel 205(3) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

1735 So 'n plig word nie slegs aan 'n individu opgedra nie. Die polisie beskik oor 'n groot hoeveelheid personeel waarvan nie een alleen getaak is met 'n regsplig in sy individuele kapasiteit nie. Gevolglik is die polisie kollektief verantwoordelik vir die uitvoer van die regsplig.

1736 *Carmichele v Minister van Veiligheid en Sekuriteit* 2001 4 SA 938 (KH) par 61.

(2) Waar 'n lid bewus raak dat 'n voorgeskrewe misdryf gepleeg is, moet hy of sy so spoedig moontlik sy of haar bevelvoerende offisier daarvan verwittig.
(3) *(a)* 'n Lid wat verplig is om 'n amptelike plig te verrig, moet met behoorlike inagneming van sy of haar bevoegdhede, pligte en werksaamhede, so 'n plig verrig op 'n wyse wat redelik is in die omstandighede.[1737]

Indien ŉ polisiebeampte dus gekonfronteer word met ŉ gewelddadige situasie wat van so ŉ omvang is dat hy of sy dit nie alleen kan behartig nie, kan die omstandighede dit regverdig om die kwessie aan te meld,[1738] vir bystand te wag en die situasie te monitor.

Die argument is verder dat so ŉ regsplig die individue slegs toekom wanneer die genoemde individu in sy kapasiteit namens die staat optree.[1739] In polisieterme sou dit uiteraard behels dat die regsplig om te polisieer ŉ polisiebeampte slegs toekom indien hy amptelik aan diens is. Die afwesigheid van ŉ statutêre bepaling in hierdie verband blyk egter kommerwekkend. Artikel 1[1740] en artikel 48[1741] van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* het betrekking op hierdie kwessie vanweë die onderskeid wat uitdruklik getref word tussen lede wat permanent deel uitmaak van die polisiediens, en lede van die sogenaamde reserwe-polisiediens. Artikel 48 van die wet bepaal uitdruklik dat:

(6) 'n Lid van die Reserwe word, terwyl aan diens, geag in diens van die Diens te wees ondanks die feit dat sodanige lid nie deur die Diens vergoed word nie.[1742]

Gevolglik word ŉ reservis-polisiebeampte dieselfde bevoegdhede en pligte opgelê sodra hy of sy vir diens aanmeld, maar nie buite die dienstyd nie. Die pertinente onderskeid wat getref word tussen die lede van die reserwe-polisiediens en die permanente lede van die diens,

---

1737 Artikels 13(2) en (3)(a) van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 van 1995.
1738 Artikel 2 van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 van 1995.
1739 Marks, Shearing en Wood 2009 *Police Practice and Research* 150.
1740 Artikel 1 van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 van 1995.
1741 Artikel 48 van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 van 1995.
1742 Artikel 48(6) van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 van 1995.

impliseer egter dat hierdie benadering nie geld vir permanente polisiebeamptes nie. Die afleiding wat hieruit voortspruit is dat permanente lede se bevoegdhede en pligte nie beperk is tot die beampte se dienstyd nie, maar dat dit deurgaans geld. Permanente polisiebeamptes se bevoegdhede en pligte is dus nie gekoppel aan dienstyd, uniform of direkte aanwending deur die polisiestruktuur nie, maar geld ten alle tye.[1743]

Ten aansien van die plig om te polisieer moet die redelikheid daarvan teenoor die polisiebeamptes egter opgeweeg word. Die deurlopende plig om te polisieer, selfs buite dienstyd, sonder 'n identifiserende uniform en wapen mag in 'n gevaarlike werksomgewing tot nadeel van die beampte strek. Tog bestaan geen uitdruklike opdrag ten aansien van optrede buite dienstyd nie en maak dit 'n ernstige ongereguleerde faset van die rol van 'n polisiebeampte uit. Indien die sterftesyfer van polisiebeamptes wat nie aan diens is nie hierby ingereken word,[1744] wil dit voorkom asof so deurlopende plig om te polisieer nie geregverdig kan word nie.

Die bewoording van artikel 13 van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* bied tog leiding in hierdie verband. Dit verwys telkens na die amptelike verrigting van pligte wat uiteraard nie met insluiting van 'n plig buite dienstyd geïnterpreteer kan word nie.[1745] Artikel 13 bepaal verder dat 'n polisiebeampte wel die plig het, met implikasie van 'n omvattende aard, om enige misdaad so gou moontlik aan te meld aan die lid se bevelvoerende offisier.[1746] Dit vereis geensins dat 'n polisiebeampte fisies toetree tot so 'n situasie nie, maar slegs 'n aanmelding- en moniteringsrol

---

1743 Die uitgangspunt is dus dat 'n polisiebeampte oor die bevoegdhede beskik soos opgedra deur die wet en dat hierdie bevoegdhede ook geld buite normale dienstye. Artikel 13(1) van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 van 1995 se plig om enige kennisname van 'n misdryf aan te meld, maar die ontbreking van 'n uitdruklike plig om op te tree, bied egter ondersteuning vir die siening dat 'n polisiebeampte wat van diens af is, verplig is om ten minste hulp te ontbied, maar nie noodwendig om tussenbeide te tree nie.

1744 Bruce 2002 *SA Crime Quarterly* 14.

1745 Artikels 13(3)(a) en (b) van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 van 1995.

1746 Artikel 13(2) van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 van 1995.

vervul. Gevolglik moet duidelik onderskeid getref word tussen die plig om te polisieer wanneer die beampte aan diens is, en wanneer die beampte nie aan diens is nie. Die deurlopende plig om te polisieer is dus geldend teenoor die staat, maar nie die individuele polisiebeampte nie. Wanneer 'n polisiebeampte aan diens is, is die beampte aan hierdie plig gebonde, maar daar bestaan 'n diskresie aan die kant van 'n polisiebeamptes wat nie aan diens is nie om die plig na te kom. In die geval van 'n reservis is hierdie plig beperk tot die beampte se amptelike dienstyd en word so 'n beampte as 'n burgerlike beskou wanneer hy of sy nie aan diens is nie.

Samevattend moet opgemerk word dat die grondwetlike demokratiese bestel van Suid-Afrika 'n diensgerigte polisiëringsisteem aangeneem het en gevolglik hierdie diensgerigtheid moet weerspieël.[1747] Die polisie gaan reeds swaar gebuk onder 'n tekort aan personeel en middele en moet dus nie onnodig aangewend word in nie-misdaadverwante kwessies nie. Dit vereis 'n doelgerigte benadering tot die pligte soos opgelê deur die Grondwet en wetgewing en moet ondersteun word deur voldoende riglyne om enige kwessie binne hulle mandaat suksesvol te kan behartig.[1748]

4.7.3 *Die bevoegdheid en diskresie om te polisieer*

In teenstelling met die plig om te polisieer, voer verskeie skrywers aan dat demokratiese polisiëring 'n bevoegdheid en diskresie aan die polisie verleen ten aansien van die uitvoering van hulle funksie.[1749] Nie alle

---

1747 Schutte *Development of a Strategic Management Model for the South African Police Service* 91; Burger *Crime and Policing* 62.

1748 Die Suid-Afrikaanse polisie-instansies beleef 'n tekort aan opgeleide personeel en aan personeel met spesialiskennis. Boonop sien dit meer burokraties as operasioneel daarna uit, wat daartoe lei dat die fisiese polisiëringsaktiwiteite agterweë gelaat word. Die gevolg hiervan is dat Suid-Afrika grootliks gefaal het in misdaadvoorkoming en terugbeweeg het na 'n reaktiewe polisiestyl. Sien Burger *Crime and Policing* 148.

1749 Dixon 2000 *SACJ* 76; Berning en Masiloane 2011 *Acta Criminologica* 62: *"…police work involves a greater use of discretion such as giving a warning or arresting a person, and ignoring or investigating a certain incident".*

kwessies van gemeenskapswanorde verg polisiëring nie en ’n plig om te polisieer is te ongekwalifiseerd van aard. Die bevoegdheid en diskresie om te polisieer word gevolglik die demokratiese teenvoeter van die sogenaamde rigiede plig om te polisieer.[1750]

Polisiëringsbevoegdhede verwys na die magtiging om polisiefunksies te verrig. Indien dit saam met diskresie geïnterpreteer word, behels dit gevolglik dat die polisie oor die magtiging en die vermoë beskik om te polisieer, maar ’n keuse het oor die aanwending van die bevoegdhede. Die besluit van die polisiebeamptes om polisiebevoegdhede uit te oefen kan gebaseer word op die aard van ’n situasie, die ernstigheidsgraad van ’n oortreding, sowel as die moontlike nadeel wat uit ’n oortreding of gewelddadige optrede mag spruit. Dit behels dus ’n waarde-oordeel deur ’n polisiebeampte. Hoewel onduidelik, blyk dit of die diskresie van ’n polisiebeampte slegs betrekking het op sekere aspekte van polisiëring en of ’n diskresie en ’n plig om te polisieer saam teenwoordig kan wees.

Teen die agtergrond van regspraak soos in *Minister van Polisie v Ewels,*[1751] wil dit voorkom asof die plig om te polisieer nie totaal en al afwesig kan wees nie. Die geïmpliseerde regsplig om positief op te tree om die gemeenskap teen misdaad te beskerm is baie duidelik.[1752] In die grondwetlike bestel word hierdie regsplig verder uitgebrei deur die onderskeie relevante regte van individue, voortspruitend uit die Handves van Regte. Die grondwetlike plig van die staat om regte te beskerm beperk gevolglik die diskresie van ’n polisiebeampte in die geval waar die beampte kennis dra of selfs waarneem dat ’n individu se fundamentele regte geskend word.[1753] As staatsfunksionaris kom so ’n grondwetlike plig elke individuele polisiebeampte toe en word van die beampte vereis om dié plig uit te voer.

1750 Marks, Shearing en Wood 2009 *Police Practice and Research* 151.
1751 *Minister van Polisie v Ewels* 1975 3 SA 590 (A).
1752 *Carmichele v Minister van Veiligheid en Sekuriteit* 2001 4 SA 938 (KH) par 111.
1753 *Minister van Polisie v Ewels* 1975 3 SA 590 (A).

Die grondwetlike plig om te polisieer moet gevolglik opgeweeg word teen die diskresie om te polisieer. Om alle verpligtinge aangaande polisiëring onderhewig te stel aan die diskresie van 'n polisiebeampte, maak die bestaan van 'n regsplig in hierdie verband oorbodig. Dit ondermyn ook die verantwoordbaarheid van die staat in hierdie verband. Die bestaan van 'n omvattende diskresie om te polisieer kan dus nie ondersteun word nie. Die toeskrywing van 'n diskresie aan 'n polisiebeampte moet dus duidelik in wetgewing vervat en omskryf word ten einde te verhoed dat die polisie as 'n kollektief nie hulle grondwetlike plig om te polisieer versuim nie.[1754]

Dit is vanweë hierdie problematiek dat polisiediskresie in buitelandse polisiestelsels baie aandag geniet het die afgelope twee dekades.[1755] Reiss voer vanuit 'n Amerikaanse perspektief aan dat polisiediskresie 'n noodsaaklike, maar onwenslike deel van polisiëring uitmaak.[1756] Hy meen onder andere dat dit 'n subjektiewe wyse van polisiëring is wat in stryd is met die objektiewe en onpartydige rol wat die polisie moet vervul, en dat dit gevolglik 'n groot mate van regsonsekerheid skep.[1757] Reiss word ondersteun deur Angell, wat op sy beurt aanvoer dat die betrokke staat se reg baie uitdruklik moet voorsiening maak vir polisiediskresie, en dat dit op spesifieke situasies van toepassing moet wees, en nie in die algemeen moet geld nie.[1758] Daar moet egter daarteen gewaak word dat polisiediskresie nie verantwoordbaarheid ondermyn en die polisie onreguleerbaar maak nie.[1759]

Die Europese benadering tot polisiediskresie volgens Clark is dat beter polisie-desentralisasie 'n groter mate van verantwoordbaarheid

---

1754 Die *Strafproseswet* 51 van 1977 maak van plek tot plek voorsiening vir die uitvoer van 'n diskresie tydens polisiëringaktiwiteite.
1755 Bayley 1979 *Crime & Justice* 121.
1756 Reiss *Crime and Justice* 74.
1757 Reiss *Crime and Justice* 75.
1758 Angell 1976 *Criminal Justice Review* 41.
1759 Radelet *The Police and the Community* 25.

daarstel,[1760] wat 'n beter verhouding tussen die polisie en die gemeenskap meebring en die polisie noodsaak om 'n meer etiese, professionele en waardegedrewe benadering tot die uitoefening van bevoegdhede te neem.[1761] Dit is pertinent van toepassing op ontwikkelende polisiesisteme waar 'n oorgang van 'n outoritêre stelsel na 'n demokratiese polisiesisteem plaasvind.[1762] Hierdie gedesentraliseerde benadering vereis egter dat 'n balans geskep moet word waarbinne polisiebeamptes 'n waardegedrewe en professionele aanslag tot die uitoefening van bevoegdhede openbaar, maar steeds voldoende verantwoordbaar aan effektiewe toesighoudingstrukture is vir die uitoefening van diskresionêre bevoegdhede. Wood en MacAlister voer aan dat so 'n gebalanseerde polisiediskresie alleenlik bereik kan word indien polisiëring deur middel van die toepassing van die reg, eerder as magsuitoefening, plaasvind.[1763] Hierdie wyse van polisiëring sal legitieme uitkomste deur middel van legitieme optrede en regsgefundeerde besluitneming verseker en wegbeweeg van die "dwingende" aard van polisiëring waarna Van Heerden verwys.[1764]

4.8 *Professionele polisiëring*

Die Middeleeuse of sogenaamde tradisionele siening van professionele polisiëring het behels dat die individue amptelike take teen vergoeding moes verrig.[1765] Die kontemporêre benadering tot professionele polisiëring beskou die voorvereiste van 'n betaalde individu wat 'n polisiëringsfunksie verrig as implisiet, maar brei die vereistes uit tot polisiëring wat geskied aan die hand van wetgewing, gefokusde opleiding, reëls, prosedures, onderhewigheid aan 'n professionele

---

1760 Clark 2005 *International Journal of Police Strategies and Management* 651.

1761 Jones 2009 *International Journal of Police Science & Management* 340.

1762 Recasens 1999 *European Journal of Crime, Criminal Law and Criminal Justice* 405.

1763 Wood en MacAlister 2005 *International Journal of Police Strategies and Management* 199.

1764 Sien afdeling 2.3.1.3 van hierdie proefskrif.

1765 Pulling 1962 *Police Journal* 269. "*The village constable became the marshal; the county peace officer became the sheriff. Professional policing came when they employed paid patrolmen to assist them."*

liggaam of regulatoriese instansie[1766] en met inagneming van die Polisiewetenskap.[1767]

Vanuit die bepreking in hierdie hoofstuk[1768] kan dus aangevoer word dat professionele polisiëring grootliks gebaseer is op die substantiewe aspekte van polisiëring en dat die formele aspekte van die polisie, soos bespreek in hoofstuk 3,[1769] so gestruktureer moet word om dit te help verwesenlik. Professionele polisiëring kan gevolglik gedefinieer word as 'n formele polisiëringsisteem wat begrond is op 'n wetenskaplike benadering tot die voorkoming, bekamping en ondersoek van misdaad, onderhewig aan die substantiewe beginsels van demokratiese polisiëring, polisiëring met inagneming van fundamentele regte en regstaatlikheid.[1770] Dit onderskryf gevolglik die substantiewe behoeftes wat regulering en legitimiteit bied en fokus die werksaamhede deur aanwending van regswetenskap, polisiewetenskap en kriminologie.[1771]

Professionele polisiëring kan, in die kontemporêre samelewing, as 'n voorvereiste vir elke polisie-instansie en polisiebeampte van alle vlakke en werksaamhede geag word. Dit is daarop gemik om polisiëring in geheel as 'n spesialiteit in misdaadbekamping te vestig. Peirson meen in hierdie verband:

> *There is an increasing recognition that successful law enforcement by police requires not only scientific technology but also a sociological approach to the understanding op people's problems and the underlying reasons for criminality.*[1772]

Dit verg 'n doelgerigte benadering waarbinne alle operasionele-, administratiewe- en bestuursposisies aan die vereistes van professionele polisiëring onderwerp word.

1766 Masuku 2005 *CSVR* 31.
1767 Weisburd en Neyroud 2011 *NIJ* 6.
1768 Hoofstuk 4 van hierdie proefskrif.
1769 Hoofstuk 3 van hierdie proefskrif.
1770 Becker *Issues in Police Administration* 19
1771 Lewis *A Force for the Future* 285.
1772 Peirson *Police Operations* 1.

4.8.1 *Polisie-opleiding en onderrig in Suid-Afrika*

Polisie-opleiding, sowel as polisie-onderrig, speel 'n kardinale rol in die vorming van 'n professionele polisiebenadering.[1773] Sonder voldoende en doelmatige kennis, kan geen vlak van polisiëring effektief funksioneer nie. Polisie-opleiding in Suid-Afrika word geredelik gekritiseer as 'n stelsel wat voldoen aan die minimum vereiste om operasionele polisiebeamptes te kweek,[1774] en geld ook uitsluitlik vir operasionele polisiebeamptes en bied geen alternatief vir lede in bestuurs- of toesighoudende posisies nie. Voormalige Nasionale Polisiekommissaris, Bheki Cele, stel die problematiek as volg:

> *The South African police are recruited from the South African society and community. If we say what is the situation of education in the Republic of South Africa ... You don't get the cream of what you complain about. You get the worst of that. We've been a zama zama (try your luck) organization. We have not been big on quality, we have been big on quantity. People have been thrown in by chasing quantity rather than quality.*[1775]

4.8.1.1 *Basiese polisie-opleiding in Suid-Afrika*

Die Suid-Afrikaanse Kwaliteit Outoriteit (SAKO) skryf 'n standaard vir die basiese opleiding van polisiebeamptes voor. Kwalifikasie 20496, 'n Nasionale Sertifikaat in Polisiëring, is 'n 150 krediet kwalifikasie en is in 2012 goedgekeur vir aanbieding en sal vir heroorweging dien in 2016.[1776] Die uitkomste van die sertifikaatkursus bepaal dat elke leerder met voltooiing van die kursus oor die vermoë sal beskik om die volgende te kan doen:

- *Balance constitutional and legal rights of individuals with the competence to legally infringe those rights in the service of maintaining a safe and secure society.*

1773 Mark *Policing a Perplexed Society* 11. Mark verwys na opleiding as die hoeksteen van uitnemendheid. Hy meen verder, dat sonder uitnemende opleiding, kan polisiëring nie professionaliseer nie.

1774 Mabuza en Ensor *Busines Day* 3; Anon *The Citizen* 8.

1775 Anon *Witness* 8.

1776 Steyn en De Vries 2007 *Acta Criminologica* 4.

- *Evaluate policing principles and their application in relation to crime prevention.*
- *Conduct a criminal investigation by gathering information and evidence.*
- *Evaluate situations and select the tactical techniques and skills needed to execute policing duties and maintain safety of self and others.*
- *Support criminal prosecutions by preparing documentation and giving evidence in a court of law.*
- *Apply the principles of operation and service delivery within a Client Service Centre in a policing environment.*[1777]

Die uitkomste van die kursus is baie vaag. In hierdie verband bied die uiteensetting van krediete 'n duideliker beeld van wat met die kursus beoog word.[1778] Kwalifisering vir basiese polisie-opleiding vereis slegs 'n goeie gesondheid, die afwesigheid van 'n kriminele rekord en 'n matrieksertifikaat.[1779] Die Basiese Polisie-opleidingsprogram duur ses maande en word beskou as voldoende vir 'n polisiebeampte om operasioneel werksaam te wees in die SAPD.[1780] Die uiteensetting van die krediete wys 'n ongebalanseerde kursus. 'n Groot hoeveelheid van die kursus word aan basiese lewens- en kommunikasievaardighede bestee, sowel as aan wapenopleiding en selfverdediging. Gevolglik wil dit voorkom asof die basiese polisiëringsvaardighede agterweë bly.

1777 SAQA *National Certificate: Policing* Qualification 20496.

1778 SAPD *Nasionale Instruksie vir Opleiding* 15.
Introduction to the South African Police Service(2); Orientation to Policing Framework(2); South African Police Service Culture(2); Organized Group Activities(2); HIV / Aids Awareness(1); Substance Dependency Program(2); Managing Stress Effectively(2); Be Money Wise(1); Life Skills(2); Oral Communication(3); Occupational Communication(3); Reading and Viewing Skills(3); Writing Skills(3); Criminal Procedure(5); Law and Policing(5); SA Criminal Law(5); Specific Crimes(5); Statutory Law(5); System Literacy(3); Introduction to Windows(2); Netview Access Services (Netvas)(2); Introduction to Internet Explorer(3); Crime Administration System(3); Practical Docket(5); Crime Scene Management(3); Tracing Techniques(1); Statements(3); Giving Evidence(3); Investigative Interviewing(3); Fingerprints(2); Hints for Investigation(2); Fire Fighting and First Aid(2); Crime Intelligence(1); Accident Scene Attendance for the SAPS(2); A Mandate for Democratic Policing(2); Defining Crime Prevention(2); Principles of Policing(3); Approaches and Techniques(6); Move Tactically in Pairs(5); Physical Fitness(2); Use of Force(12); Physical Control of Suspects(12); Use of Firearms in a Policing Environment(12).

1779 De Vries 2008 *Acta Criminologica* 130.

1780 SAQA *National Certificate: Policing* Qualification 20496.

Die Suid-Afrikaanse basiese polisie-opleiding kan gevolglik nie beskou word as opleiding wat professionele begronding daarstel nie. Om 'n professionele polisiebeampte te skep, vereis kandidate van 'n hoë gehalte wat reeds oor 'n voldoende kennis in terme van basiese lewens- en kommunikasievaardighede beskik.[1781] Dit vereis gevolglik 'n keuringsproses waarin fiksheid, numeriese kennis, sowel as taal en skryfvaardighede geasseseer word en dien as voorvereiste vir opleiding. Dit sal beteken dat meer tyd aan die ontwikkeling van professionele kundigheid spandeer kan word, wat uiteindelik sal lei tot volronde kandidaat-polisiebeamptes.[1782] Dit vereis verder ook 'n klemverskuiwing, weg van uitsluitlike teoretiese kennis, na prakties toepasbare regsvaardighede wat legitimiteit aan polisie-aktiwiteite verleen en aan demokratiese polisiëring onderskryf.[1783]

Myns insien bestaan verskeie leemtes in die huidige basiese polisie-opleiding. Dit bied geen opleiding aangaande polisiëring van diverse kulture en gemeenskappe, gemeenskap-georiënteerde polisiëring,[1784] of die grondwetlike mandaat van die polisie nie.[1785] Verder bestaan geen module in die huidige kursus ten opsigte van probleemoplossing aan die hand van die reg of die rolspelers in probleemoplossing in die gemeenskap nie.[1786] Ontbrekings in opleiding van hierdie aard lei daartoe

---

1781 Mark *Policing a Perplexed Society* 117. Die keuring van polisiebeamptes moet daarvoor toelaat dat polisiebeamptes ge-evalueer word op basiese-vaardighede, ten einde 'n vastelling te maak ten opsigte van hoe die individue verder ontwikkel kan word. Uiteraard is die ideaal dat candidate gekies word, wat reeds basiese vaardighede magtig is, sodat daarop gebou kan word. Polisie-opleiding is gevolglik nie veronderstel om basiese onderwys of basiese sosiale vaardighede te kweek nie, maar eerder op bestaande kennis te bou ten einde professionele polisiebeamptes te skep.

1782 Van Graan *Obstacles Impeding the Transformation Process in the South African Police Force* 86.

1783 De Vries 2008 *Acta Criminologica* 133; Kingshott en Prinsloo 2004 *Acta Criminologica* 6; Peirson *Police Operations* 6. Sien ook afdeling 4.4.1.2 van hierdie proefskrif.

1784 Gossmann *Basic Training in the SAPS* 38.

1785 Steyn en De Vries 2007 *Acta Criminologica* 5.

1786 Jonsson, Moosa en Jeenah 2009 *SAJP* 37. Die outeurs toon aan dat polisiebeamptes nie opgewasse is of genoegsame opleiding ontvang om statutêre verpligtinge met betrekking tot die *Wet op Geestesgesondheid* uit te voer nie. Dit toon verder aan dat polisiebeamptes nie eens bewus is van die

dat polisiebeamptes nie voldoende bemagtig is om 'n ingeligte besluit ten opsigte van basiese problematiek te neem nie en gevolglik oneffektief in terme van dienslewering is.[1787]

Die basiese polisie-opleiding bied gevolglik geen grondslag waarop 'n professionele polisiestelsel gebaseer kan word nie.[1788] Dit vereis dat deurlopende ontwikkeling en opleiding onderneem sal moet word ten einde polisiebeamptes die basiese funksies magtig te maak.[1789] In hierdie opsig kan die *Health Professions Council of South Africa* en die *South African Institute of Professional Accountants* se aanslag tot *Continous Professional Development* (CPD) nagevolg word. CPD poog om alle betrokke professionele persone aan deurlopende ontwikkeling te onderwerp ten einde hulle kwalifikasies in stand te hou en 'n standaard in dienslewering te verseker.[1790] Deur 'n CPD benadering in polisiëring te bewerkstellig sal voordurende ontwikkeling, standardisering van polisiepraktyke en deurlopende regsonderrig onderneem kan word. Indien 'n beampte nie aan CPD vereistes voldoen nie, moet heropleiding of aanwending in 'n nie-noodsaaklike rol oorweeg word ten einde 'n standaard operasionele vlak van personeel te handhaaf. Die wyse waarop hierdie opleiding geskied moet ook gereeld hersien word ten

---

statutêre bepalings wat suksesvolle hantering van sekere kwessie in Geestegesondheid onderhewig stel aan die betrokkenheid van die SAPD nie.

1787 Bruce 2010 *Open Society Foundation* 32.

1788 Govender 2010 *Acta Criminologica* 79; Grobler en Prinsloo 2012 *Acta Criminologica* 46: "*If their training is inadequate, they are not familiar with the force of these powers and this leads to abuse. There is conscious abuse of power and there is also the abuse of power through ignorance. The latter often manifests in unacceptable practices such as wrongful arrest. If a police officer is not properly trained he/she will not have the necessary confidence with which to do their work.*"

1789 Minnaar 2003 *Acta Criminologica* 5. Minnaar voer aan dat meeste polisie-sterftes toegeskryf kan word aan 'n tekort aan opleiding, of aan opleiding wat reeds verval het. Hy voer in hierdie verband aan: "*Therefore a logical conclusion would be that specialised training should be extended not only to new recruits but also to members operating at grassroots level and performing basic policing duties.*"

1790 Sien in hierdie verband Ngwenya 2011 *Professional Accountant* 24. *"Continuing Professional Development refers to learning activities that develop and maintain capabilities to enable Professional Accountants to perform competently within their professional environments."* Sien ook in hierdie verband Hudson 1988 *Police Journal* 173.

einde die veranderlike aard van die reg, misdaad en sosiale omstandighede aan te spreek.[1791]

4.8.1.2 *Spesialis opleiding*

'n Wetenskapgerigte benadering tot polisiëring vereis uiteraard personeel met spesialiskennis.[1792] Dit kan deur interne spesialisopleiding, sowel as tersiêre opleiding bereik word, maar vereis in albei die laasgenoemde gevalle 'n goed gefundeerde basiese polisie-opleiding waarop voortgebou kan word.

Spesialis-opleiding fokus hoofsaaklik op uitbouing van die operasionele en ondersoekwerksaamhede van die polisie.[1793] Dit sluit in spesialiteit in spesifieke tipes misdrywe of operasionele werksaamhede soos duikers, vlieëniers, gyselaarsonderhandelinge, taakmag en forensiese personeel. Hierdie lede word uit polisiegeledere geïdentifiseer en aan addisionele spesialis opleiding onderwerp, met die mandaat om 'n spesifieke funksie te verrig.[1794] Soos reeds bespreek in hierdie hoofstuk, ondervind Suid-Afrika 'n tekort aan spesialis-polisiepersoneel, spesialis-opleiding sowel as spesialiseenhede.[1795] Dit ondermyn die beginsel van professionele polisiëring, asook die effektiwiteit van die polisie in Suid-Afrika.[1796]

Professioneel gekwalifiseerde polisiebeamptes beskik oor tersiêre kwalifikasies wat relevant is tot die polisiëringsdoelwit. Dit sluit beide operasionele en administratiewe polisiepersoneel in en word aangewend om professionele leiding te bied aan polisiebeamptes of om 'n funksie te verrig wat die kwalifikasie vereis.[1797] Dit sluit onder andere regsgeleerdes, forensiese sielkundiges en kriminoloë in wat 'n

---

1791 Swanepoel *Coping, Stress and Suicide Ideation in the SAPS* 65.
1792 Stevens *Training and Selection of Police Officers* 151.
1793 Booysen *Specialised Units in the SAPS* 20.
1794 Van Graan 2012 *Child Abuse Research in South Africa* 35.
1795 Minnaar 2003 *Acta Criminologica* 7.
1796 Masiapata *Ethics and Ethos in the SAPS* 15.
1797 Jaschke *et al* 2007 *PGEAPS* 22.

wetenskaplike benadering en ondersteuning aan polisie-aktwiteite bied.[1798] Dit verseker dat die polisie 'n gefokusde en wetenskaplike benadering neem tot die voorkoming en bekamping van misdaad en onderskryf professionele polisiëring.

4.8.1.3 *Opleiding van polisiebestuur*

Soos reeds genoem in hierdie hoofstuk, gee die interne toesighouding in Suid-Afrikaanse polisie-instansies rede tot kommer. Dit het aanleiding gegee tot die ontwikkeling van 'n begrip, die sogenaamde "*plastic cops*" wat gereserveer word vir polisiebestuurslede sonder polisie-opleiding of polisiekwalifikasies. Kinnes voer aan:

> *You are a cop only if you have gone through the college. You are a plastic cop if you have not gone through the college.*[1799]

Die kwessie aangaande polisiebestuur sonder polisie-opleiding, ondermyn nie slegs die beginsel van professionele polisiëring nie, maar skep wantroue en twyfel in ondergeskikte polisiebeamptes, sowel as die publiek.[1800] Polisiebestuur is juis veronderstel om die toon aan te gee in professionele polisiëring. Indien 'n kultuur nie gekweek word waar polisiebeamptes aan die hand van professionele bestuur en toesighouers ontwikkel word nie, sal professionele polisiëring nie realiseer nie.

Vir hierdie rede is standaardisering van posvlakke so belangrik.[1801] Dit moet sorg vir minimum kriteria, ouderdom, opleiding en ervaring wat relevant is tot die polisie. Bestuurslede kan nie leiding verskaf aan polisiebeamptes indien hulle nie oor basiese polisie-opleiding, aangevul deur spesialiskennis, 'n polisiebestuurskwalifikasie of relevante tersiêre

---

1798 Omar 2008 *SA Crime Quarterly* 34.
1799 Kinnes 2009 *SACJ* 186.
1800 Mark *Policing a Perplexed Society* 119.
1801 Becker *Issues in Police Administration* 13.

onderrig beskik nie. Alleenlik dan kan professionaliteit in Suid-Afrikaanse polisiëring bewerkstellig word.[1802]

4.8.1.4 *Samevatting: Professionele polisiëring*

Sonder 'n goed begronde basiese polisie-opleiding, sowel as spesialis opleiding, sal die standaard van die deursnee polisiebeampte en die effektiwiteit van die polisie op 'n vlak bly wat nie as professioneel geag word nie. Deur die skepping van 'n "Polisie-Universiteit" in Paarl, poog die SAPD duidelik om hierdie kwessie aan te spreek. Soos reeds genoem is dit egter nie 'n kwessie wat 'n kitsoplossing het nie en sal 'n langtermyn doelwit benodig word om dit realiseer. Suid-Afrika benodig gevolglik 'n benadering van werknemer-onderrig, eerder as opleiding, ten einde 'n professionele diens te skep.[1803] Deur die daarstelling van professionele polisiëring sal 'n institusionele kultuur geskep word wat voldoen aan die vereistes van 'n grondwetlike polisiëringsisteem[1804] wat gestandaardiseerd funksioneer en makliker verantwoordbaar is.[1805]

4.9 *Samevatting*

Substantiewe of materiële polisiëring is 'n omvattende begrip wat betrekking het op die werksaamhede van die polisie, sowel as die aard en die omvang daarvan. Dit is baie nou verbonde aan die formele struktuur van polisiëring en speel dus 'n groot rol in die strukturering van die polisie asook die aanwending van die polisie.[1806]

1802 Cohn *The Future of Policing* 64. Cohn voer aan dat senior polisie-beamptes 'n tweeledige taak het. Die taak sluit beide die bestuur van polisiebeamptes, sowel as die bestuur van polisiëring in die gemeenskap in. Dit behels gevolglik omvattende kennis van polisiëring, sodat die gemeenskap onderrig kan word, en die vermoë om leiding, op professionele vlak, aan polisiebeamptes te bied.

1803 Masiapata *Ethics and Ethos in the SAPS* 13. Masiapata voer aan dat die enigste wyse waarop 'n standardisering van funksionaliteit, etiek en werksverrigting bereik kan word is deur werknemer onderrig, wat spesifieke uitkomste identifiseer vir elke individu.

1804 De Vries 2008 *Acta Criminologica* 136.

1805 Klinger 2012 *St Louis University Public Law Review* 111; De Vries 2008 *Acta Criminologica* 133

1806 Sien afdeling 4.1 van hierdie proefskrif.

Die voormalige bedeling se substantiewe polisiëring kan duidelik van die hedendaagse grondwetlike toepassing daarvan onderskei word. Dit het 'n politieke benadering tot polisiëring behels en was onderhewig aan 'n soewereine parlementêre stelsel. Dit het gevolglik die beskerming van die staat en politieke stabiliteit nagestreef eerder as die beskerming van die gemeenskap en die individu. Die substantiewe polisiëring van die voormalige bedeling het dus nie 'n normatiewe benadering tot polisiëring gevolg nie, wat 'n tekort aan legitieme polisiëring meegebring het.[1807]

Met die aanvaarding van die waardegedrewe grondwetlike bestel, het Suid-Afrika se substantiewe polisiëring ook vernuwing vereis. Die onderliggende grondwetlike en demokratiese waardes word uiteraard aan alle fasette van die samelewing en die staat toegevoeg en gevolglik aan polisiëring.[1808] Dit vereis dat staatsfunksionarisse wat 'n gemeenskapsregulerende rol vervul, verantwoordbaar moet wees en legitieme owerheidsgesag moet uitoefen in die beste belang van die gemeenskap. Die Suid-Afrikaanse grondwetlike bedeling maak van verskeie juridiese leerstukke gebruik om die waardes van die gemeenskap daar te stel, sowel as tot uitvoer te bring. In dié verband speel leerstukke soos demokrasie, regstaatlikheid en die Handves van Regte sentrale en interafhanklike rolle.[1809] Dit gee aanleiding tot polisiëringsmodelle, soos demokratiese polisiëring en polisiëring onder fundamentele regte, wat bepalend is ten opsigte van die wyse waarop polisiëringsaktiwiteite uitgeoefen word.[1810]

Die Suid-Afrikaanse toepassing van demokrasie in die grondwetlike bedeling bied 'n omvattende normatiewe benadering tot hierdie politieke ideaal.[1811] Die waardes wat die Grondwet aan demokrasie toeskryf dien as toonbeeld van die Suid-Afrikaanse grondwetlike bedeling terwyl dit

---

1807 Sien afdeling 4.2 van hierdie proefskrif.
1808 Sien afdeling 4.3 van hierdie proefskrif.
1809 Sien afdeling 4.3 van hierdie proefskrif.
1810 Sien afdeling 4.4 van hierdie proefskrif.
1811 Sien afdeling 4.4.1 van hierdie proefskrif.

alle fasette van owerheidsgesag onderskryf en reguleer. Demokratiese polisiëring weerspieël die materiële aard van demokrasie en inkorporeer die formele aspekte van demokrasie om dit tot uitvoer te bring.[1812] Vanuit die buitelandse benadering is dit duidelik dat demokratiese polisiëring nie as 'n politieke manifestasie van gemeenskapskontrole beskou moet word nie. Dit behels eerder 'n magsregulerende benadering ten opsigte van polisiëring. Verder streef demokratiese polisiëring deursigtigheid en verantwoordbaarheid na en is dit gemik op die daarstelling van 'n veiligheidsdiens wat legitiem van aard is in die oë van die gemeenskap, maar tog nie onderhewig is aan die toestemming van die populasie om hulle te polisieer nie. Die demokratiese onderskrywing moet gevolglik nie te eng tradisioneel geïnterpreteer word om sodoende die toestemming van die gemeenskap om gepolisieer te word te vereis nie.[1813] Die voorafgaande Suid-Afrikaanse benadering tot demokratiese polisiëring onderskryf ook die buitelandse aanslag ten opsigte van polisiëring in demokratiese gemeenskappe wat die legitimiteit van polisiëring in Suid-Afrika bevorder.[1814]

Op soortgelyke wyse bied die grondwetlike demokratiese waarde van regstaatlikheid in die vorm van die verwysing na die heerskappy van die reg ook 'n addisionele waardegedrewe benadering tot begrensing van owerheidsgesag.[1815] Alhoewel die voorafgaande bespreking aandui dat Suid-Afrika se benadering tot regstaatlikheid meer berus op die *Rechtsstaat*-idee as op Dicey se *"Rule of Law"*,[1816] onderskryf dit wel die waardegedrewe aanslag wat ook deur demokrasie en die grondwet benadruk word. Op hierdie wyse kan die Engelse siening ondersteun word, wat bepaal dat dit regsekerheid ten aansien van die staat se aanwending van owerheidsgesag bied en die individu beskerm teen arbitrêre staatsoptrede. Gevolglik begrens dit die wyse waarop

---

1812 Sien afdeling 4.4.2 van hierdie proefskrif.
1813 Sien afdeling 4.4.2 van hierdie proefskrif.
1814 Sien afdeling 4.4.1.1 van hierdie proefskrif.
1815 Sien afdeling 4.5 van hierdie proefskrif.
1816 Sien afdeling 4.5.2 van hierdie proefskrif.

polisiëring plaasvind en streef dit dus legitimiteit in beide staatsoptrede en polisiëring na.[1817]

Die demokratiseringsproses het veral baie klem gelê op die beskerming van fundamentele regte soos dit ook spruit uit die demokratiese polisiëringsbenadering. Buitelandse stelsels is meestal gefokus op die eerbiediging van menseregte, eerder as die beskerming daarvan.[1818]

Suid-Afrika beskik egter oor een van die mees omvattende handveste van regte[1819] ter wêreld en is die belang van fundamentele regte, ten aansien van polisiëring, tweeledig. Op vertikale vlak begrens die Handves van Regte deur negatiewe verpligtinge die staat se gesag om sodoende die gemeenskap teen onregmatige, oormatige en arbitrêre uitoefening van die owerheidsgesag te beskerm. Die owerheidsgesag waarmee die polisie beklee is stel die potensiaal daar vir ingrypende inbreukmakings op die regte van 'n individu, indien voldoende beskerming van regte nie bestaan nie. Vir hierdie rede is die beskerming wat deur die fundamentele regte gebied word van kardinale belang ten einde 'n geordende en vreedsame samelewing daar te stel, wat deur regmatige en legitieme owerheidsgesag gereguleer word.[1820]

Vanuit die bespreking in hierdie hoofstuk blyk dit egter dat alhoewel die Handves van Regte voldoende beskerming bied, die Suid-Afrikaanse polisiëringskultuur nog nie genoegsame ontwikkeling toon om hierdie waardes te weerspieël nie. Dit vereis gevolglik dat 'n fundamenteelregtelike polisiëringskultuur gekweek word ten einde elke individuele polisiebeampte voldoende opleiding en kennis te bied om op 'n waardegedrewe wyse sy funksie as beskermer van die gemeenskap uit te leef, selfs in die uitvoer van sy regsplig om te polisieer. Slegs indien so 'n kultuur van fundamenteelregtelikgedrewe polisiëring

---

1817 Sien afdeling 4.5.3 van hierdie proefskrif.
1818 Sien afdeling 4.6 van hierdie proefskrif.
1819 Hoofstuk 2 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.
1820 Sien afdeling 4.6.1.1 van hierdie proefskrif.

daargestel word, sal die legitimiteit van polisiëring in 'n demokratiese bestel waarlik bereik word.[1821]

Die tweede faset van die fundamenteelregtelike benadering tot polisiëring is op horisontale vlak, ingevolge waarvan die Handves van Regte beskerming bied teen ongrondwetlike inbreukmakings.[1822] Uiteraard is nie alle vorme van inbreukmakings op fundamentele regte vatbaar vir polisiëring of strafregtelike vervolging nie en word dit aan die hand van die deliktereg geremedieer. Die voorafgaande bespreking dui egter op die onduidelikheid wat bestaan ten aansien van die polisie se rol in die polisiëring van fundamentele regte in die algemeen. Vanuit die bewoording van wetgewing en regspraak kan egter aangevoer word dat polisiëring slegs geskied waar 'n inbreukmaking op fundamentele regte 'n misdryf daarstel.[1823] Sogenaamde polisiëring van fundamentele regte behels gevolglik nie die afdwing van nie-misdaadverwante inbreukmakings nie en skryf gevolglik nie 'n algemene plig ter realisering van die Handves van Regte toe aan die polisie nie. Hierdie hoofstuk dui wel aan dat die beskerming wat deur die Grondwet verskaf word omvattend en voldoende is, maar dat die toepassing daarvan ernstig tekort skiet.[1824] Dit vereis gevolglik voldoende riglyne en 'n gefokusde strategie ten einde polisiebeamptes te bemagtig om die volle omvang van die beskerming wat die Handves van Regte bied tot uitvoer te bring deur die uitoefening van positiewe verpligtinge.

Die substantiewe of materiële benadering tot polisiëring in Suid-Afrika is gevolglik grootliks gebaseer op die juridiese leerstukke, beginsels en waardes soos voortspruitend uit die grondwet, demokrasie, regstaatlikheid en fundamentele regte. Dit plaas 'n regsplig op die polisie ten aansien van polisiëring van die Suid-Afrikaanse gemeenskap, en bied gevolglik voldoende riglyne en waardes waarteen dit gemeet kan

---

1821 Sien afdeling 4.6.1.1.1 van hierdie proefskrif.
1822 Sien afdeling 4.6.2 van hierdie proefskrif.
1823 Sien afdeling 4.6.2.1.1 van hierdie proefskrif.
1824 Sien afdeling 4.6.5 van hierdie proefskrif.

word.[1825] Die klaarblyklike diskresie of keuse ten opsigte van polisiëring wat vanuit hierdie hoofstuk se bespreking voortvloei moet egter met versigtigheid bejeën word en behoort as afkeurenswaardig beskou te word.[1826] Die Grondwet laat geen twyfel oor die plig van die staat om te polisieer nie en om die uitoefening daarvan in 'n keuse te omskep ondermyn regsekerheid, konsekwentheid en uiteindelik legitimiteit. Die regspligte en beginsels voortspruitend uit substantiewe polisiëring is nie daarop gemik om die individuele polisiebeampte onnodig te belas met blindelingse uitoefening van polisiebevoegdhede nie, maar om die reg op 'n regmatige en legitieme wyse af te dwing om sodoende gemeenskapsorde te bevorder.[1827]

Polisiëring is uiteraard 'n essensiële plig van die staat. Dit word onderskryf deur die juridiese beginsels, waardes en leerstukke, soos bespreek in hierdie hoofstuk, en gevolglik ook deur die reg. Die wyse waarop polisiëring egter plaasvind is deurslaggewend om legitimiteit daaraan te verskaf en aan die hand van die onderskrywing deur die Grondwet en die reg as geheel, kan aangevoer word dat polisiëring in die Suid-Afrikaanse grondwetlike bedeling ook grondwetlikheid moet weerspieël. Die juridiese begronding van grondwetlike polisiëring bied dus die nodig gesag en bevoeghede om misdaad suksesvol te bekamp, maar verseker terselfdertyd ook voldoende begrensing om die gemeenskap teen onbehoorlike uitoefening van owerheidsgesag te beskerm. Die wyse waarop hierdie grondwetlike polisiëring egter uitgeoefen word kniehalter legitieme polisiëring en loop die risiko om hierdie goed-gefundeerde vorm van polisiëring te ondermyn.

1825 Sien afdelings 4.6.4 en 4.7.2 van hierdie proefskrif.
1826 Sien afdeling 4.7.3 van hierdie proefskrif.
1827 Sien afdeling 4.6.4 van hierdie proefskrif.

HOOFSTUK 5

5 Samevatting en aanbevelings

5.1 *Algemeen*

Die stabiliteit van die kontemporêre samelewing word grootliks bedreig deur misdaad en die potensiaal vir gemeenskapswanorde wat daarmee gepaard gaan.[1828] Dit is ŉ realiteit wat die gemeenskappe van die geskiedenis ook ervaar het en wat aanleiding gegee het tot die ontwikkeling van die polisiëringsbegrip.[1829]

Die polisiëringsbegrip het ontstaan vanuit die behoefte om gemeenskapsorde daar te stel, sonder om dit oor te laat aan die gemeenskap self of militêre magte te gebruik om dit te bewerkstellig.[1830] Hierdie ontwikkeling het ‘n aanvang geneem in Antieke Griekeland en Rome en oor ŉ tydperk van eeue gestrek.[1831] Met die skepping van onafhanklike state in Europa het elke staat voortgebou op die antieke polisiebegrip ten einde hulle eie unieke benadering te ontwikkel. Deur middel van kolonialisering is hierdie benadering tot gemeenskapsorde ook aan ander dele van die wêreld bekendgestel.[1832]

Die staatgesentraliseerde polisiebegrip het egter van vroeg af geredelik aanleiding gegee tot wanaanwending van die polisie deur die staat en die oorskryding van bevoegdhede deur die polisie. In Suid-Afrika het soortgelyke wanpraktyke ŉ negatiewe konnotasie aan polisiëring toegeskryf, ingevolge waarvan ŉ vyandige verhouding tussen die polisie en die gemeenskap ontwikkel het.[1833] Die progressiewe agteruitgang van hierdie verhouding en toename in gemeenskapsteenstand het

---

1828 Burger *Crime and Policing* 19.
1829 Sien afdeling 2.2 van hierdie proefskrif.
1830 Sien afdeling 2.2.2.2.1 van hierdie proefskrif.
1831 Sien afdeling 2.2.2.1 van hierdie proefskrif.
1832 Sien afdeling 2.2.1 van hierdie proefskrif.
1833 Sien afdeling 3.3.1 van hierdie proefskrif.

meegebring dat beide openbare- en gemeenskapswanorde 'n groot deel van die samelewing in Suid-Afrika uitgemaak het.

Misdaad en geweld het dus deel gevorm van die Suid-Afrikaanse kultuur en is deur politieke, sosiale en maatskaplike kwessies aangevuur.[1834] Voor die demokratiseringsproses is hierdie geweld meestal oor die boeg van staatsveiligheid en 'n vryheidstryd gegooi. Tans beleef die demokrasie die voortvloeisels en voortbestaan van hierdie gewelddadige kultuur en word dit aangevuur deur die finansiële, maatskaplike en sosiale omstandighede weens armoede en werkloosheid.[1835]

5.1.1 *Historiese ontwikkeling van polisiëring*

Die ontwikkeling van die polisiëringsbegrip is afkomstig uit die antieke kulture. Alhoewel die strukturering daarvan meestal informeel was, is die nodigheid daarvoor wel geïdentifiseer. Selfbeskerming, as gemeenskapsgeïnisieerde polisiëring, het egter grootliks die behoefte vir staatsregulering blootgelê en daartoe gelei dat die ontwikkeling van die moderne staatsbestelle in Europa vergesel is deur die ontstaan van polisiemagte.[1836] Die vroeë polisiemagte is gebaseer op paramilitêre opleiding, werkswyses en ervaring vanweë die ontbreking van grondbeginsels in polisiëring. Dit het egter ook tot wanpraktyke aan die kant van die polisie gelei vanweë die fokus op die handhawing van orde en die ontbreking van diensgerigtheid.[1837] Dit het die gevare van magsmisbruik getoon en die betrokke state genoodsaak om magsbeperkende regulering tot stand te bring.

In Suid-Afrika het die ontwikkeling 'n soortgelyke verloop ervaar. Die aanwending van die onderskeie koloniale veiligheidsmagte is gewysig om 'n meer gefokusde polisie daar te stel, maar is in sy vroeë dae

---

1834 Shaw *Crime and Policing in Post-Apartheid South Africa* 1.
1835 Marais 2003 *Acta Criminologica* 139.
1836 Sien afdeling 2.2.2 van hierdie proefskrif.
1837 Sien afdeling 3.3 van hierdie proefskrif.

gekonfronteer deur misdaadtipes en militêre aanslae wat, in die historiese perspektief, nie polisieerbaar was nie.[1838] Gevolglik is ook teruggeval op paramilitêre praktyke en opleiding ten einde die handhawing van orde te verseker. Die mag wat gepaardgegaan het met die aanwending van hierdie paramilitêre optrede het egter effektief getoon ten einde gemeenskapsorde te handhaaf en gevolglik is effektiwiteit bo legitimiteit nagestreef.[1839] Dit is op alle vlakke van polisiëring weerspieël en het gevolglik ook die grondslag gevorm vir beide die formele en substantiewe aspekte van polisiëring.

5.1.2 *Tradisionele begrip van polisiëring*

Die eeue van ontwikkeling op die veld van polisiëring het wel enkele kenmerke tentoongestel van wat beskou kan word as ideale polisiëring.[1840] Dit staan algemeen as die tradisionele benadering tot polisiëring bekend en het grootliks die basis gevorm van kontemporêre polisiëring, alhoewel politieke en sosiale oorwegings die uitlewing daarvan ondermyn het.[1841] Dit vorm uiteraard ook die basis van grondwetlike polisiëring en vir dié rede is dit van belang om tradisionele polisiëring duidelik te omskryf.

Ooreenkomstig die benadering wat hierdie studie volg kan tradisionele polisiëring in strukturele[1842] en substantiewe[1843] fasette verdeel word. Op organisatoriese vlak vereis tradisionele polisiëring dat die polisie ŉ staatsfunksionaris moet wees wat deur die staat befonds, beheer en gereguleer moet word.[1844] Alhoewel dit in die hedendaagse staatsvorms onder die uitvoerende gesag ressorteer, is dit nie ŉ voorvereiste in die tradisionele sin nie. Ten aansien van beheer- en bestuurstrukture vereis

---

1838 Sien afdeling 3.3.1 van hierdie proefskrif.
1839 Van der Spuy 1989 *Acta Juridica* 267.
1840 Sien hoofstuk 2 van hierdie proefskrif.
1841 Sien afdeling 2.4.2 van hierdie proefskrif.
1842 Sien hoofstuk 3 van hierdie proefskrif.
1843 Sien hoofstuk 4 van hierdie proefskrif.
1844 Sien afdeling 2.2.4.2 van hierdie proefskrif.

tradisionele polisiëring 'n professionele aanslag.[1845] Dit behels gevolglik individue wat oor 'n stewige kennis van polisiëring beskik en dus vanuit 'n professionele en wetenskaplike benadering beheer oor die polisie uitoefen. Alhoewel die bestuur van die polisie verantwoordelik is teenoor die staat, bied hierdie wyse van bestuur 'n mate van onafhanklikheid aan die polisie om die polisiëringsmandaat te vervul onderhewig aan die land se wetgewing en reg. Die polisie moet verder 'n siviele of burgerlike veiligheidsmag daarstel en duidelik onderskei word van die weermag. Dit vereis dat die polisie 'n diensgerigte benadering moet volg en moet weerhou van paramilitêre praktyke.[1846]

Op substantiewe of materiële vlak sluit die vereistes van tradisionele polisiëring sterk aan by die organisatoriese samestelling van die polisie. Die feit dat die polisie 'n staatsdepartement is, bied dit die owerheidsgesag en bevoegdhede wat dit nodig het om effektief te funksioneer. Dit stel verder 'n polisie daar wat alleen-bevoegdheid het om te polisieer, sodat selfpolisiëring deur die gemeenskap nie nodig is nie en die gemeenskap nie die reg in eie hande neem nie.[1847] Dit stel uiteraard 'n plig op die staat om wel effektief te polisieer vanweë die alleenmandaat wat die staat in hierdie verband het. Met die ontwikkeling van die regstaat- en menseregte-begrippe het hierdie leerstukke ook aanleiding gegee tot uitbreiding van die tradisionele benadering van polisiëring ten einde arbitrêre en onredelike owerheidsgesag in die uitoefening van polisiëring te voorkom.[1848] Gevolglik vereis die substantiewe benadering van tradisionele polisiëring dat die reg alleen gevolg behoort te word in polisiëring en dat die polisie deur verantwoordbaarheid en deursigtigheid gereguleer moet word.[1849]

1845 Sien afdelings 2.4.2 en 3.3.2.5 van hierdie proefskrif.
1846 Sien afdelings 2.3.1.2 en 3.3 van hierdie proefskrif.
1847 Sien afdeling 4.4.1 van hierdie proefskrif.
1848 Sien afdelings 4.4, 4.5 en 4.6 van hierdie proefskrif.
1849 Sien afdelings 3.3.2 en 4.4.1.2 van hierdie proefskrif.

5.2 *Grondwetlike polisiëring*

Ten einde te bepaal wat grondwetlike polisiëring is, moet die vereistes van beide Suid-Afrikaanse grondwetlikheid en tradisionele polisiëring oorweeg word. Die blote teenwoordigheid van beide in die Suid-Afrikaanse konteks beteken uiteraard nie dat grondwetlike polisiëring teenwoordig is nie.[1850]

In die hieropvolgende afdelings word die beginsels van tradisionele polisiëring met relevante grondwetlike beginsels verenig om duidelikheid omtrent die vereistes en omvang van grondwetlike polisiëring te bewerkstellig. Alleenlik hierop sal 'n oordeel gevel kan word omtrent die teenwoordigheid van grondwetlike polisiëring in die Suid-Afrikaanse konteks, al dan nie.

5.2.1 *Die vereistes van grondwetlike polisiëring*

Grondwetlike polisiëring verwys gevolglik na die Suid-Afrikaanse benadering tot polisiëring onder die grondwetlike demokratiese bedeling. Dit behels 'n uitgeboude vorm van die tradisionele benadering tot polisiëring, gebaseer op grondwetlike bepalings en demokratiese elemente.[1851] Elkeen van die elemente wat hieronder bespreek word, word as voorvereiste vir 'n waarlike grondwetlike benadering tot polisiëring beskou en weerspieël die suiwerste vorm van polisiëring wat nagestreef word in die Suid-Afrikaanse grondwetlike bedeling.

1850 Sien afdeling 4.3 van hierdie proefskrif.
1851 Sien hoofstuk 3 en hoofstuk 4 van hierdie proefskrif.

5.2.1.1 *Die staatsfunksie van polisiëring as formele vereiste van grondwetlike polisiëring*

5.2.1.1.1 Omvang

Polisiëring het veral uit die tradisionele benadering grootliks as 'n staatsfunksie ontwikkel.[1852] Die opvatting is dat die staat so geposisioneer is om owerheidsgesag uit te oefen ten einde die gemeenskap en individue te beskerm en dat selfbeskerming afkeuringswaardig is vanweë die potensiaal dat gemeenskapswraak tot wanorde in die samelewing kan lei.[1853] Gevolglik word polisiëring as die eksklusiewe bevoegheid van die staat geag in 'n poging om gemeenskapsorde te handhaaf.

5.2.1.1.2 Huidige stand van polisiëring as 'n staatsfunksie in Suid-Afrika

Alhoewel polisiëring in Suid-Afrika grootliks as 'n staatsfunksie daarna uitsien,[1854] het die wantroue van die gemeenskap, soos aangevuur deur die staat se klaarblyklike onvermoë om misdaad effektief te bekamp, verskeie vorme van selfbeskerming tot die huidige Suid-Afrikaanse bestel gevoeg.[1855] Twee vorme hiervan kan duidelik geïdentifiseer word, naamlik die kontraktuele aanwending van privaat sekuriteitsinstellings om veiligheidsdienste te verskaf; en tweedens die samegroepering van privaat individue in sogenaamde gemeenskapspolisiëring- of veiligheidsgroepe.[1856] Albei hierdie voorbeelde van selfbeskerming ondermyn die beginsel van polisiëring as 'n staatsfunksie en dit het die potensiaal dat die gemeenskap die reg in eie hande neem. Dit is gevolglik nodig om hierdie kwessie duidelik te reguleer, of indien nodig

---

1852 Sien hoofstuk 2 van hierdie proefskrif.
1853 Sien afdeling 4.7.2 van hierdie proefskrif.
1854 Sien afdelings 2.2.4 en 3.2.2.1 van hierdie proefskrif
1855 Sien afdeling 3.3.2.4 van hierdie proefskrif.
1856 Sien afdeling 3.3.2.4 van hierdie proefskrif.

absoluut te voorkom, ten einde regmatige en legitieme polisiëring te verseker.[1857]

5.2.1.1.3 Aanbevelings

Die vereiste ten aansien van polisiëring as staatsfunksie, kan as volg bewerkstellig of versterk word:

- ’n Duidelike onderskeid moet getref word tussen polisiëring en privaat sekuriteit ten einde die doel, funksie en bevoegdhede van elk te kwalifiseer. Die rol van privaat sekuriteit in algemene misdaadbestryding word nie ontsê nie, maar hoort nie tot die sfeer van polisiëring onder die vaandel van privaat polisiëring nie. Gevolglik word die begrip polisiëring uitsluitlik tot staatsveiligheidsdienste met ’n polisiëringsmandaat beperk.[1858]
- Die huidige statutêre riglyne aan die hand van die *Private Security Industry Regulating Authority Act* is vaag en onvoldoende. Dit bied nie duidelikheid omtrent die publieke rol, indien enige, van privaat sekuriteit nie en kwalifiseer nie die pligte of bevoegdhede van privaat sekuriteitsbeamptes nie. Ten einde onduidelikheid in hierdie verband te voorkom, vereis dit ’n wysiging van die huidige wetgewing wat duidelikheid bied ten aansien van die jurisdiksionele begrensing van privaat rolspelers, die bevoegdhede wat hierdie privaat diensverskaffers mag uitoefen, die rol van privaat sekuriteit in gemeenskapspolisiëring en die verhouding van privaatdiensverskaffers met die polisie.[1859]
- Alhoewel hierdie proefskrif nie pertinent die privatisering van polisiepligte onder die loep neem nie, moet duidelikheid ook bekom word oor die pligte wat wel vatbaar is vir privatisering, hetsy vir administrasie- of operasionele doeleindes. Met inagneming van artikel 205(3) van die Grondwet[1860] se mandaat vir die staat om te

---

1857 Sien afdeling 3.3.2.4 van hierdie proefskrif.
1858 Sien afdeling 3.3.2.4 van hierdie proefskrif.
1859 Sien afdeling 3.3.2.4 van hierdie proefskrif.
1860 Artikel 205(3) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika,* 1996.

polisieer, is dit ondenkbaar dat operasionele polisiëring geprivatiseer kan word. Dit vereis ook 'n groter mate van verantwoordbaarheid aan die kant van polisie se topbestuur, waar die polisie faal in die voldoening aan die grondwetlike mandaat, wat die aanwending van privaat sekuriteit nodig maak.

5.2.1.2 *Siviele benadering tot polisiëring as formele vereiste van grondwetlike polisiëring*

5.2.1.2.1 Omvang van siviele polisiëring

Soos reeds genoem kan dit as voorvereiste van tradisionele polisiëring bestel word dat die polisie nie paramilitêr van aard moet wees nie.[1861] 'n Siviele benadering tot polisiëring vereis dat die polisie verskeie beginsels weerspieël, naamlik 'n nie-militêre hiërargie, nie-militêre klerasie, die aanwending van nie-militêre wapens, die onderskrywing aan 'n diensgerigte en gemeenskapsvriendelike benadering en die aanvaarding van die minimum-geweld beginsel.[1862] Beide die Grondwet sowel as die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens*[1863] bevestig hierdie benadering implisiet deurdat 'n duidelike onderskeid tussen die Nasionale Weermag en die polisie getref word en die inhoudelike bepalings van die voorafgaande vereistes grootliks weerspieël word.[1864]

Vanuit 'n buitelandse perspektief kan waargeneem word dat verskeie state, waaronder die VSA, Australië en meeste Europese lande, reeds vir ten minste die laaste drie dekades die siviele polisiëringsbeginsel onderskryf as deel van die demokratiese ideale wat nagestreef word. Dit bevorder gemeenskapsbetrokkenheid in polisiëring en oorbrug die negatiewe of afwesige verhouding tussen die polisie en die gemeenskap.

1861 Sien afdelings 2.4.1 en 3.3.1.1 van hierdie proefskrif.
1862 Sien afdeling 4.4.1 van hierdie proefskrif.
1863 Aanhef van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 van 1995.
1864 Hoofstuk 11 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

5.2.1.2.2 Huidige stand van siviele polisiëring

Na afloop van die polisietransformasieproses is algemeen aangevoer dat die voormalige Suid-Afrikaanse Polisiemag 'n suksesvolle ommeswaai na 'n siviele polisiediens gemaak het, gebaseer op die bogenoemde vereistes.[1865] Sedertdien het hierdie posisie egter verswak met die her-militarisering van die polisierange, die gebruik van militêre-styl uniforms en die geredelike aanwending van militêre wapens en maksimumgeweld.[1866] Die problematiek is ook grootliks gebaseer op die feit dat lede van die onderskeie polisiedienste van die voormalige bedeling die grootste deel van die huidige polisiemag uitmaak. Alhoewel 'n nuwe benadering aanvaar is, het dit nie daarin geslaag om die voormalige polisiekultuur te oorkom nie.[1867]

Die wetgewer se pogings om die gebruik van geweld deur middel van die *Strafproseswet*[1868] te reguleer, het opsigself ook vaag en oneffektief geblyk en die siviele karakter van die nuutgevonde SAPD 'n ernstige knou gegee. Die meegaande militaristiese retoriek deur polisiebestuur en politici het opsigself onsekerheid in die polisie aangaande die aard van die polisie en hulle werkswyse meegebring.[1869] Terwyl die SAPD tekens van her-militarisering toon, weerspieël die munisipale en differensiële polisie-instansies steeds 'n siviele benadering. Munisipale en differensiële polisie-instansies maak egter 'n beduidende deel uit van polisiëring in Suid-Afrika, en gevolglik kan geargumenteer word dat die oorgrote meerderheid van polisiëring in Suid-Afrika steeds 'n paramilitêre aard weerspieël.[1870]

1865 Sien afdeling 3.3.2.1 van hierdie proefskrif.
1866 Sien afdeling 3.3.2.3 van hierdie proefskrif.
1867 Sien afdeling 4.8 van hierdie proefskrif.
1868 *Strafproseswet* 51 van 1977.
1869 Sien afdeling 3.3.2.3 van hierdie proefskrif.
1870 Sien afdeling 3.2.4.1 van hierdie proefskrif.

5.2.1.2.3 Aanbevelings

Geen kitsoplossing bestaan vir die daarstelling van 'n waarlik siviele polisie benadering nie. Dit behels die vernuwing van beide strukturele en substantiewe aspekte van die Suid-Afrikaanse polisiesisteem en moet met voldoende inagneming van die historiese paramilitêre agtergrond en die siviele ideaal onderneem word.

- 'n Siviele benadering in polisiëring kan nie bloot as inbegrepe tot die Suid-Afrikaanse grondwetlike bedeling aanvaar word nie.[1871] Dit vereis 'n doelgerigte en wetenskaplike begronding wat die unieke uitdagings en behoeftes van die Suid-Afrikaanse grondwetlike bedeling aanspreek.[1872] Gevolglik word 'n definisie van wat 'n siviele benadering behels benodig ten einde dit waarlik na te streef. Die definisie sou as volg gestruktureer kon word: Siviele polisiëring behels 'n nie-militêre veiligheidsmag onderhewig aan politieke en burgerlike toesig,[1873] met 'n dienslewering smandaat ter voorkoming, bekamping en ondersoek van misdaad.
- In terme van die laasgenoemde definisie, moet die gebruik van militêre-styl uniforms en rangstelsel heroorweeg word as 'n potensiale hindernis wat 'n wig tussen die polisie en die gemeenskap kan dryf.[1874] Dit het 'n indrukwekkende invloed op die polisiekultuur in Suid-Afrika en gevolglik moet weggedoen word met die beskouing dat die polisie die rol van 'n soldaat vervul in die spreekwoordelike oorlog teen misdaad. Dit dra by tot 'n paramilitêre selfbeskouing deur polisiebeamptes wat die paramilitêre polisiekultuur verdiep.[1875]
- Onderskrywend tot die voorafgaande aanbeveling, behels opleiding ten opsigte van 'n siviele benadering tot polisiëring 'n ernstige knelpunt. Dit vereis dat die kultuur van gebruik van geweld vervang

---

1871 Sien afdeling 3.3.2.3 van hierdie proefskrif.
1872 Sien afdeling 4.8 van hierdie proefskrif.
1873 Sien afdeling 3.4.2.2 van hierdie proefskrif.
1874 Sien afdeling 3.3.2.3 van hierdie proefskrif.
1875 Sien afdeling 3.3.2.3 van hierdie proefskrif.

moet word met ‘n kultuur van probleemoplossing.[1876] Dit moet daarop gemik wees om beide misdaad en nie-misdaad verwante kwessies aan te spreek ten einde die sfeer van problematiek waarmee die polisie gekonfronteer word, te dek. Deur ’n polisiebeampte op hierdie wyse te bemagtig, sal dit ook bydra om die individuele beamptes se eie persepsie van sy of haar rol in die gemeenskap aan te spreek en sodoende ’n gemeenskapsgerigte, eerder as ’n paramilitêre, kultuur skep. Terselfdertyd sal dit ook die gemeenskapspersepsie van die polisie verander na ’n simbool van regspleging eerder as onderdrukking. Deur ’n siviele benadering word vertroue in polisiëring geskep, wat gemeenskapsbetrokkenheid bevorder en so neem polisiëring ’n proaktiewe rol in die gemeenskap in vanweë die probleemoplossende rol wat dit vervul voordat misdaad ontstaan.[1877]

- Bydraend tot die voorafgaande klemverskuiwing in polisiekultuur, word voldoende wetgewing ten aansien van die gebruik van fisieke en dodelike geweld vereis. ’n Onderskeid tussen fisieke geweld en dodelike geweld behoort getref te word om die minimum-geweld beginsel te bevorder.[1878] Dit vereis egter dat die polisie in Suid-Afrika opgelei en toegerus moet word in nie-dodelike of minimum-geweld tegnieke en toerusting, ten einde die gebruik van dodelike geweld as laaste uitweg te benadruk.[1879] Voldoende riglyne moet daargestel word ten aansien van die wyse en mate van geweld wat onder individuele omstandighede regverdigbaar geag kan word om sodoende die polisiebeamptes en die gemeenskap se veiligheid in ag te neem. Voldoende opleiding, alternatiewe nie-dodelike toerusting en duidelikheid omtrent toelaatbare aanwending daarvan sal bydra om polisiesterftes aan te spreek, regsekerheid daarstel en ’n grondslag vir verantwoordbaarheid daarstel. Dit is veral nodig

---

1876 Sien afdeling 4.8.1.1 van hierdie proefskrif.
1877 Sien afdeling 4.6.1 van hierdie proefskrif.
1878 Sien afdelings 3.3.2.3 en 4.6.4.1 van hierdie proefskrif.
1879 Sien afdeling 3.3.2.3 van hierdie proefskrif.

ten aansien van die bestryding van openbare wanorde en gewelddadige betogings wat deur middel van strategiese tegnieke en vernuf, eerder as fisieke en dodelike geweld, beveg moet word.

5.2.1.3 *'n Gesentraliseerde struktuur van die polisie as formele vereiste van grondwetlike polisiëring*

5.2.1.3.1 Omvang van gesentraliseerde polisiëring

Die gesentraliseerde of gedesentraliseerde aard van polisiëring is al vir eeue reg oor die wêreld in dispuut.[1880] Die tradisionele benadering tot polisiëring is egter duidelik omtrent die gevare van 'n gedesentraliseerde polisiestruktuur, en stel gevolglik 'n gesentraliseerde benadering as vereiste.[1881] Vanuit vroeë antieke en Middeleeuse kulture is aangevoer dat 'n sentralisering van gesag in die polisie die beheer en bestuur van so 'n veiligheidsmag vergemaklik en dat standaardisering eenvoudig is. Sentralisering perk verder ook 'n omslagtige administrasie in en verhoed dat 'n ongebalanseerde topstruktuur ontwikkel. Dit bied meer funksionaliteit, alhoewel dit 'n groter mate van formaliteit behels ten einde regulering van laer vlakke te vergemaklik.[1882]

5.2.1.3.2 Huidige stand van gesentraliseerde polisiëring in Suid-Afrika

Die polisietransformasieproses het ten doel gehad om die gedesentraliseerde aard van polisiëring in die voormalige Suid-Afrikaanse bedeling te verenig onder 'n enkele nasionale polisiediens. Vir hierdie rede het die Interim Grondwet en Grondwet in enkelvoudige terme verwys na die Suid-Afrikaanse Polisiediens wat saamgestel is uit elf polisiemagte.[1883] Die Grondwet bevat egter 'n weersprekende bepaling wat plaaslike owerhede die bevoegdheid bied om sogenaamde

---

1880 Sien afdelings 3.2.3.2.2, 3.2.4.1.1.1, 3.2.4.1.2.1 en 3.2.4.1.3.1.
1881 Sien afdeling 3.2.5 van hierdie proefskrif.
1882 Sien afdeling 3.2.3 van hierdie proefskrif.
1883 Sien afdeling 3.2.3.2 van hierdie proefskrif.

munisipale polisiedienste te skep. Dit het gelei tot 'n her-fragmentering van die polisiesisteem in Suid-Afrika en desentralisasie as outomatiese gevolg geopenbaar.[1884]

Op soortgelyke wyse het differensiële polisiëring ook te voorskyn gekom enkele jare ná die polisietransformasieproses, wat verskeie uitvoerende gesagte die vermoë gebied het om spesialispolisiëring-inisiatiewe van stapel te stuur wat in effek parallel met die nasionale SAPD funksioneer. Alhoewel die kontroversiële teen-korrupsie eenheid, die Skerpioene, onder die vaandel van sentralisering ingelyf is by die SAPD, bestaan verskeie ander voorbeelde steeds en daarmee saam die gedesentraliseerde aard van polisiëring in Suid-Afrika.[1885]

5.2.1.3.3 Aanbevelings

Die gedesentraliseerde polisiestruktuur bied verskeie jurisdiksionele en operasionele uitdagings wat op die volgende wyses aangespreek kan word:

- Die plek en rol van munisipale polisiedienste moet heroorweeg word. Alhoewel hierdie dienste plaaslike owerhede die vermoë bied om die jurisdiksionele gebied te polisieer, is die huidige beperkings wat aan so 'n polisiediens toegeskryf word van so 'n aard dat dit effektiewe polisiëring ondermyn. Die jurisdiksionele kwessies belemmer verder ook polisiëring in die munisipale opset. In hierdie verband kan die *Groenskrif op Polisiëring*[1886] 'n groot bydrae lewer. Dit vereis egter dat die Groenskrif duideliker geformuleer moet word om daadwerklike stappe te neem ter verwesenliking hiervan.[1887] Die munisipale polisiedienste moet ingelyf word by die SAPD en so geherstruktureer word om eerder aandag te skenk

---

1884 Sien afdeling 3.2.3.2 van hierdie proefskrif.
1885 Sien afdeling 3.2.4.1 van hierdie proefskrif.
1886 GG 36570 van 18 Junie 2013.
1887 Sien afdeling 3.2.3.2.1 van hierdie proefskrif.

aan die behoeftes van gemeenskapspolisiëring. Gevolglik kan hierdie polisielede aangewend word met inagneming van die behoeftes van die streek en nie slegs ŉ munisipale gebied nie. ŉ Skeiding tussen die tradisionele verkeerspolisie en munisipale polisiedienste moet daargestel word met ŉ duidelike statutêre onderskeid tussen verkeersregulering en algemene polisiëring.[1888]

- Die huidige koördineringskomitees wat die onderskeie werksaamhede van die munisipale polisiedienste koördineer, kan as ŉ gevolg dan as deel van gesentraliseerde dienskoördinering tussen verskillende streke waarneem om sodoende ŉ holistiese perspektief ten opsigte van misdaadvoorkoming en polisiëring te bekom. Die gebalanseerde aanwending van personeel, toerusting en hulpbronne kan slegs bewerkstellig word deur ŉ gesentraliseerde benadering.[1889]
- Ten aansien van ŉ differensiële benadering, moet die problematiek aangaande jurisdiksie, bevoegdhede en standaardisering pertinent aangespreek word. Deur hierdie differensiële polisiëringsinstansies by die SAPD in te lyf, sal ŉ groter mate van spesialisasie aan die nasionale, provinsiale en streeksgebaseerde polisiëring gebied word.[1890] Deur die onderskeie instansies in spesialis SAPD-eenhede te vervat, sal die standaardisering van polisiëringsbevoegdhede teweegbring om sodoende die afdwinging van wetgewing meer effektief te maak. Daar moet egter gewaak word teen die wanaanwending van spesialispersoneel, in velde waarin hul nie spesialiskennis het nie, wat uiteindelik die konsep van spesialiseenhede ondermyn en die effektiwiteit van sulke personeel strem. Voorts moet ook besef word dat heropleiding op ŉ groot skaal onderneem sal moet word ten einde te verseker dat voormalige differensiële polisiebeamptes oor voldoende kennis van

---

1888 Sien afdeling 3.2.3.2.1 van hierdie proefskrif.
1889 Sien afdeling 3.2.3.2 van hierdie proefskrif.
1890 Sien afdeling 3.2.4.1 van hierdie proefskrif.

algemene polisiëring en werkswyses, sowel as prosedures, wapens en die gebruik van geweld, beskik.

5.2.1.4 *Outonomie van die polisie as formele vereiste van grondwetlike polisiëring*

5.2.1.4.1 Omvang van polisiëring outonomie

Die onafhanklikheid of outonomie van die polisie is 'n vereiste wat meer implisiet as pertinent geld in tradisionele polisiëring.[1891] Die handhawing van gemeenskapsorde vereis dat die polisie tot so 'n mate onafhanklik van ander fasette van die staatsowerheid moet funksioneer ten einde dit moontlik te maak om orde op 'n effektiewe en objektiewe wyse te handhaaf.[1892] Dit verwys gevolglik nie na 'n suiwer strukturele onafhanklikheid nie, maar eerder 'n funksionele onafhanklikheid wat die polisie in staat stel om sy funksie sonder vrees van politieke of ander inmenging, begunstiging of vooroordeel te kan verrig. Uit die proefskrif kan die uitgangspunt gevolg word dat die polisie slegs onderhewigheid aan die reg moet toon, en nie aan politici of die regering van die dag nie. Dit ontneem egter nie die polisie van die verantwoordbaarheidsplig teenoor die gemeenskap of die staat nie, maar voorkom wel inmenging.[1893]

5.2.1.4.2 Huidige stand van polisie outonomie in Suid-Afrika

Polisie outonomie het nie deel uitgemaak van die voormalige bedeling in Suid-Afrika nie, en maak ook gevolglik nie deel uit van die grondwetlike demokratiese bestel nie.[1894] Die Grondwet bepaal dat die polisie, op strukturele vlak, onderhewig aan die uitvoerende gesag funksioneer deurdat 'n minister verantwoordelik is vir die werksaamhede van die

---

1891 Sien afdeling 3.4.1.4 van hierdie proefskrif.
1892 Sien afdeling 3.4.1.4 van hierdie proefskrif.
1893 Sien afdeling 3.5 van hierdie proefskrif.
1894 Sien afdeling 3.4.1.4 van hierdie proefskrif.

polisie. Geen bepaling ten aansien van onafhanklikheid van die polisie kom in die Grondwet of nasionale wetgewing voor nie en maak vir alle praktiese en teoretiese doeleindes nie deel uit van die Suid-Afrikaanse polisiëring nie.[1895]

Vir hierdie doeleindes word toesighouding oor die polisie op verskeie interne en eksterne wyses onderneem om verantwoordbaarheid te verseker. Voortspruitend uit hierdie proefskrif blyk dit egter dat hierdie toesighouding toenemend verpolitiseer word en die vorm van politieke inmenging aanneem. Dit kom voor op beide eksterne en interne vlak en ondermyn die beginsel van objektiewe polisiëring. Alhoewel politieke toesighouding vanselfsprekend nodig is, wil dit egter voorkom asof alle vorme van toesighouding tans polities daarna uitsien.[1896] Toesighouding op interne vlak in die vorm van die nasionale en provinsiale kommissarisse, behels politieke aanstellings en nie professionele polisie benoemings nie. Gevolglik word die interne politieke toesighouding onderwerp aan politieke toesighouding deur die uitvoerende gesag en 'n politieke toesighouding deur die portfoliokomitee vir polisiëring op wetgewende vlak. Daar kan dus kwalik geargumenteer word dat die polisie sonder politieke inmenging of druk funksioneer en as 'n gevolg kan die polisie gevolglik nie as onafhanklik beskou word nie. Sonder die nodige grondwetlike verskansing van polisie outonomie, soos in die geval van die Nasionale Vervolgingsgesag, of selfs Hoofstuk 9 instellings, is onafhanklike polisiëring 'n onwaarskynlike moontlikheid.[1897]

5.2.1.4.3 Aanbevelings

Die funksionele onafhanklikheid van die polisie kan op die volgende wyses bewerkstellig word:

1895 Sien afdeling 3.4.1.4 van hierdie proefskrif.
1896 Sien afdeling 3.4.2 van hierdie proefskrif.
1897 Sien afdeling 3.4.1.4 van hierdie proefskrif.

- Polisie outonomie vereis nie 'n wysiging in die organisatoriese samestelling van die polisiestruktuur nie. Dit vereis eerder grondwetlike verskansing wat die polisie vry van politieke inmenging of druk maak en dit moontlik maak vir die polisie om sonder vrees of bevoordeling te funksioneer. Dit behoort soortgelyk aan artikel 179 van die Grondwet[1898] daarna uit te sien en op soortgelyke wyse in wetgewing weerspieël te word ten einde die outonomie tot uitvoer te bring. Dit behels nie omvattende verandering aan Hoofstuk 11 van die Grondwet nie en beïnvloed geensins die strukturele samestelling van polisie-toesighouding soos neergelê deur die Grondwet nie.[1899]
- Die outonomie van die polisie kan ook nie bewerkstellig word indien die polisie onderhewig aan 'n politiese aanstelling funksioneer nie. Dit is gevolglik van belang dat die posisies van nasionale en provinsiale kommissarisse professionele polisie aanstellings moet wees ten einde die polisie te beskerm teen politieke inmenging.[1900] Dit vereis egter dat Hoofstuk 4 van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens*[1901] gewysig word ten einde hierdie vereiste te weerspieël. Artikel 6 van die wet kan gevolglik 'n minimumvereiste vir kwalifisering vir die posisie daarstel ten einde te verseker dat professionele polisiekennis deel uitmaak van die aanstelling, ongeag die feit dat die aanstelling steeds deur die President gemaak word. Uiteraard sou dit ideaal wees om artikel 207 van die Grondwet[1902] ook ooreenkomstig te wysig om hierdie vereiste te weerspieël ten einde toekomstige wysiging van die wetgewende beginsel te beperk.[1903]

1898 Artikel 179 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.
1899 Sien afdeling 3.4.1.4 van hierdie proefskrif
1900 Sien afdelings 3.4.1.4 en 3.4.2.2.1 van hierdie proefskrif
1901 Hoofstuk 4 van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens*, 68 van 1995.
1902 Artikel 207 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.
1903 Sien afdeling 3.4.1.4 van hierdie proefskrif.

5.2.1.5 *Onderskrywing aan demokratiese polisiëringsvereistes as substantiewe vereiste in grondwetlike polisiëring*

5.2.1.5.1 Omvang van demokratiese polisiëringsvereistes

Demokratiese polisiëringsvereistes omskryf 'n aantal beginsels, leerstukke en waardes wat elk ook individueel as vereistes van grondwetlike polisiëring, soos uiteengesit in hierdie proefskrif, beskou kan word. Uiteraard word die beskouing van demokratiese polisiëring deur elke staat se beskouing van demokrasie beïnvloed en moet dit dus in die Suid-Afrikaanse konteks toegelig word.[1904] Die Suid-Afrikaanse benadering van demokratiese polisiëring is 'n waardegedrewe benadering ingevolge waarvan vryheid, gelykheid en menswaardigheid die grondslag vorm.[1905] Dit onderskryf dus die belang van fundamentele regte en word tot uitvoer gebring deur die nastrewing van regstaatlikheid.[1906] Hierdie benadering weerspieël ook die buitelandse benadering tot demokratiese polisiëring en behels gevolglik 'n waardegedrewe aanslag met respek en onderskrywing aan fundamentele regte en regstaatlikheid. Gevolglik moet demokratiese polisiëring nie as 'n politieke manifestasie van gemeenskapskontrole beskou word nie, maar eerder 'n magsregulerende benadering ten opsigte van polisiëring.

5.2.1.5.2 Huidige stand van demokratiese polisiëringsvereistes in Suid-Afrika

Die verskansing van demokrasie in die Grondwet bevestig die waardegedrewe benadering van die kontemporêre Suid-Afrikaanse staatsbestel. Dit word verder onderskryf deur die pertinente verwysing na die "*Rule of Law"*-begrip en die daarstelling van 'n Handves van

---

1904 Sien afdeling 4.4.1.2 van hierdie proefskrif.
1905 Sien afdeling 4.4 van hierdie proefskrif.
1906 Sien afdeling 4.5 van hierdie proefskrif.

Regte ter versekering van fundamentele regte.[1907] Die uitlewing hiervan in polisiëring in Suid-Afrika is egter bevraagtekeningswaardig. Uit die proefskrif blyk dit dat die waardegedrewe aanslag van die polisiëring in Suid-Afrika ten sterkste belemmer word deur 'n onvermoë om dit tot uitvoer te bring vanweë 'n verwronge begrip van wat dit behels, of alternatiewelik, 'n onvermoë om hierdie waardes en regte te interpreteer en toe te pas. Ter ondersteuning van 'n siviele en diensgerigte aanslag tot polisiëring, vereis 'n demokratiese polisiëringbenadering ook die daarstelling van 'n polisiekultuur wat dit weerspieël. Dit behels dat 'n denkwyse gekweek word wat die waardes en beginsels van demokratiese benadering bevorder en regstaatlikheid nastreef.[1908]

Die uitlewing van fundamentele regte sien veral kommerwekkend daaruit. Die bespreking in hoofstuk 4 van hierdie proefskrif toon dat die balans tussen die inperking van regte en die beskerming daarvan ernstig versteur is deurdat die gemeenskap geredelik aanvoer dat kriminele meer regte as slagoffers het en dat die polisie hardhandige taktieke gebruik om orde te probeer handhaaf.[1909] Dit het tot 'n wantroue in beide polisiëring en fundamentele regte gelei en gevolglik die legitimiteit van die polisie se werkswyse ernstig aangetas. Die polisie toon die onvermoë om die regte van individue te beskerm, asook om te polisieer sonder die skending van regte. Dit ondermyn die legitimiteit van polisiëring, en soveel te meer die legitimiteit van demokratiese polisiëring.[1910]

5.2.1.5.3 Aanbevelings

Die daarstelling van, en onderskrywing aan, 'n demokratiese polisiëringbenadering vereis 'n verandering in denkwyse wat deur middel van die volgende teweeg gebring kan word:

1907 Sien afdeling 4.4.1 van hierdie proefskrif.
1908 Sien afdeling 4.5 van hierdie proefskrif.
1909 Sien afdeling 4.6.2 van hierdie proefskrif.
1910 Sien afdeling 4.6.5 van hierdie proefskrif.

- Opleiding blyk die grootste problematiek te wees ten opsigte van die waardegedrewe aanslag tot polisiëring.[1911] Die opleiding van polisiebeamptes moet so gestruktureer word om meer aandag te skenk aan die juridiese vereistes van polisiëring. Die vereistes van demokratiese polisiëring moet as maatstaf vir elke polisiebeampte dien in die uitvoering van sy plig. Die interpretasie en substans van fundamentele regte moet op 'n toepasbare wyse as riglyn vir polisiëring aan polisiebeamptes bekendgestel word ten einde 'n polisiekultuur te skep ingevolge waarvan die substantiewe waardegedrewe aanslag van demokratiese polisiëring die middelpunt van polisiëring uitmaak. Polisiebeamptes moet bemagtig word om ook die gemeenskap te ondersteun en onderrig ten aansien van fundamentele regte, om sodoende vertroue in die polisie en die reg te kweek.[1912]
- 'n Groter mate van verantwoordbaarheid ten aansien van die beskerming van fundamentele regte moet bewerkstellig word. Die polisie as geheel moet responsief wees ten opsigte van die behoeftes tot beskerming van die gemeenskap en moet aan die grondwetlike plig om te polisieer gehou word. Die individuele polisiebeampte moet dissiplinêr verantwoordbaar gehou word vir die nalating om die plig uit te oefen, om sodoende 'n kultuur van diskresionêre polisiëring te voorkom. Die uitbouing van onafhanklike regulering, soos die Onafhanklike Polisie-ondersoek Direktoraat,[1913] moet opgeskerp word ten einde die kultuur van onaantasbaarheid te oorkom ten einde ware verantwoordbaarheid na te streef.[1914]

1911 Sien afdeling 4.8 van hierdie proefskrif.
1912 Sien afdeling 4.9 van hierdie proefskrif.
1913 Sien afdeling 3.4.2.2.5 van hierdie proefskrif.
1914 Sien afdeling 3.4.2.2 van hierdie proefskrif.

5.2.1.6 *Diensgerigte polisiëring as substantiewe vereiste van grondwetlike polisiëring*

5.2.1.6.1 Omvang van diensgerigte polisiëring

'n Diensgerigte benadering onderskryf die siviele benadering tot polisiëring deurdat die polisie 'n toeganklike veiligheidsdiens daarstel wat tot die beste belang van die gemeenskap en die individu optree.[1915] Diensgerigtheid is uiteraard die teenvoeter vir die uitsluitlike fokus op staatsveiligheid. Dit bied die gemeenskap die versekering dat die polisie ten doel het om in die beste belang van die gemeenskap op te tree en nie daarop gemik is om die publiek te onderdruk nie.[1916] Dit vereis, soos reeds bespreek, 'n probleemoplossingsbenadering om sodoende hulp te verleen aan die gemeenskap in 'n verskeidenheid van misdaadverwante sowel as sosiale en maatskaplike kwessies. Alhoewel dit nie die polisiëring van hierdie sosiale of maatskaplike kwessies impliseer nie, bied dit wel 'n uitoefening van staatsgesag om die gemeenskap te help orden. Hierdie wyse van diensgerigtheid moet uiteraard versigtig omskryf word om nie die polisiëringsfunksie van die polisie te ondermyn ten gunste van maatskaplike en sosiale regulering nie.[1917]

5.2.1.6.2 Huidige stand van diensgerigte polisiëring in Suid-Afrika

Die diensgerigte benadering van Suid-Afrikaanse polisiëring word enger toegepas as die algemene opvatting van diensgerigte polisiëring. Die transformasieproses het 'n polisiediens daargestel om as teenvoeter vir die onderdrukkende polisiëringstyl van die voormalige bedeling te dien, maar het nie noodwendig die sosiale en maatskaplike benadering daartoe gevolg nie.[1918] Dit is op funksionele wyse tot bekamping van misdaad beperk en blyk deur regspraak, aan die hand van *Minister of*

1915 Sien afdelings 3.3.2.3 en 4.3 van hierdie proefskrif.
1916 Sien afdeling 3.3.2 van hierdie proefskrif.
1917 Sien afdeling 4.8 van hierdie proefskrif.
1918 Sien afdeling 4.6 van hierdie proefskrif.

Safety and Security and Another v Rudman[1919] en *Kadir v Minister of Law and Order*,[1920] dat 'n sosiale en maatskaplike benadering die polisie tot so 'n mate kan belaai met nie-misdaadverwante kwessies dat die polisiëring van misdaad agterweë sal bly.[1921] Gevolglik word diensgerigtheid in Suid-Afrika tot misdaadvoorkoming en -bekamping beperk en maak 'n algemene sosiale en maatskaplike diensgerigtheid nie deel uit van die Suid-Afrikaanse grondwetlike polisiemandaat nie.[1922]

Tog staan die polisie-instansies in Suid-Afrika nie bekend vir effektiewe en diensgerigte polisiëring nie en word hierdie situasie geredelik voor die deur van 'n tekort aan personeel, toerusting en hulpbronne gelê. Alhoewel gemeenskap- en sektorpolisiëring tans deel vorm van polisiëring in Suid-Afrika, blyk dit toenemend ontoereikend en oneffektief.[1923] Polisiëring in Suid-Afrika bied gevolglik 'n beperkte mate van diensgerigtheid, teen verlaagte effektiwiteit. Dit ondermyn die polisie se grondwetlike plig om te polisieer en daarmee saam die geïmpliseerde reg van die gemeenskap om gepolisieer te word.

5.2.1.6.3 Aanbevelings

Diensgerigtheid is 'n essensiële vereiste van tradisionele en demokratiese polisiëring en word grondwetlik verskans in Suid-Afrika. Daadwerklike heroorweging van die huidige diensgerigte benadering van die Suid-Afrikaanse polisie-instansies word benodig ten einde waarlik uiting te gee aan die ideaal van 'n diensgerigte, en dus gemeenskapsgeorienteerde, polisiëringsisteem. Die onderstaande aspekte is daarop gemik om dit te help bewerkstellig.

- Die omvang van diensgerigheid as polisiëringsbeginsel moet deur wetgewing, nasionale regulasie of nasionale instruksie

---

1919 *Minister of Safety and Security and Another v Rudman and Another* 2005 2 SA 16 (HHA).
1920 *Minister of Law and Order v Kadir* 1995 1 SA 303 (A).
1921 Sien afdeling 4.6.1 van hierdie proefskrif.
1922 Sien afdeling 4.6.2 van hierdie proefskrif.
1923 Sien afdeling 3.3.2.1 van hierdie proefskrif.

gekwalifiseer word. Diensgerigtheid kan nie bloot gebaseer word op die bewoording van artikel 13 van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens*,[1924] artikel 205(3) van die Grondwet[1925] of ooreenkomstig die *batho pele*-beginsels nie. Dit vereis duidelike omskrywing van wat diensgerigtheid nastreef en tot hoe 'n mate die polisie beide 'n mandaat en bevoegdheid het om sosiale en maatskaplike kwessies te behartig. Dit moet daarop gemik wees om die polisie te bemagtig om misdaad op hierdie wyse te voorkom en die betrokkenheid van die polisie in dergelike kwessies te reguleer. Dit moet egter met inagneming van ander staatsfunksionarisse en rolspelers, wat op sosiale en maatskaplike vlak werksaam is plaasvind en die rol van elk duidelik stipuleer. Hierdie benadering is daarop gemik om hulp te verleen aan die gemeenskap, en nie om op dwingende wyse betrokke te raak in privaat aangeleenthede nie.[1926] Gevolglik word die probleemoplossingsbenadering, soos vereis deur siviele polisiëring, hier benodig ten einde dienslewerend van aard te wees. Die volgende aspekte moet duidelik aangespreek word:

  - Die rol van die polisie in algemene, nie-misdaadverwante dispute, met inagneming van die potensiaal van so 'n dispuut om aanleiding te gee tot die pleeg van misdrywe;
  - Die rol van die polisie in ondersteuning van ander staatsdepartemente in die uitvoering van hul grondwetlike mandaat;
  - Die plig van die polisie in aanmelding of realisering van fundamenteelregtelike kwessies in die gemeenskap.

- Die laasgenoemde kwalifikasie van diensgerigtheid moet egter met inagneming van huidige hulpbronne en met insluiting van menslike hulpbronne plaasvind. Dit vereis gevolglik dat bestaande middele op so 'n wyse bestuur moet word as om die effektiwiteit daarvan te verseker, terwyl die progressiewe realisasie van beter

---

1924 Artikel 13 van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 van 1995.
1925 Artikel 205(3) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.
1926 Sien afdelings 4.6.1 en 4.6.2 van hierdie proefskrif.

diensgerigtheid deur 'n holistiese benadering en beplanning nagestreef word. Deur die gedesentraliseerde aard van polisiëring in Suid-Afrika te heroorweeg, sal 'n groter mate van operasionele polisiebeamptes beskikbaar kan wees indien minder lede aan koördinering en administrasie gewy word om die gedesentraliseerde sisteem te ondersteun.[1927] Dit sal 'n groter polisieteenwoordigheid in die gemeenskap verseker en sigbare polisiëring verskerp. Dit sal die huidige sisteem, wat grootliks op reaktiewe polisiëring steun, 'n groter mate van gemeenskapspolisiëring bied en gevolglik interaksie tussen die gemeenskap en die polisie verbeter.

- Die opleiding van polisiebeamptes in die diensgerigte polisiëring is 'n noodsaaklikheid wat beide siviele en diensgerigte polisiëring onderskryf.[1928] Dit vereis insig in die behoeftes van die gemeenskap, sowel as kennis aangaande die knelpunte wat die gemeenskap op sosiale en maatskaplike vlak ervaar en voldoende kennis aangaande die verskillende rolspelers wat tot die beskikking van die gemeenskap is. Dit behels gevolglik kennis en 'n stel vaardighede wat suksesvolle uitkomste sal verseker in polisiëring en wat vertroue in die polisie sal kweek. Dit sal ook aanleiding gee tot 'n beter mate van samewerking tussen die verskillende rolspelers en 'n interafhanklikheid in die daarstelling van gemeenskapsorde kweek. Opleiding is egter 'n deurlopende vereiste na mate die behoeftes van die gemeenskap verander en moet vanuit 'n wetenskaplike benadering onderneem word.[1929]

1927 Sien afdeling 3.2.3.2 van hierdie proefskrif.
1928 Sien afdeling 3.3.2. van hierdie proefskrif.
1929 Sien afdeling 4.8 van hierdie proefskrif.

5.2.1.7 *Professionele polisiëring as substantiewe vereiste van grondwetlike polisiëring*

5.2.1.7.1 Omvang van die professionele polisiëringsvereistes

Professionele polisiëring behels uiteraard 'n interafhanklikheid tussen al die voorafgaande vereistes van grondwetlike polisiëring soos geïdentifiseer in hierdie studie.[1930] Dit behels dat polisiëring op 'n professionele wyse moet geskied, maar dat die polisiëring 'n spesialiteit in die bekamping van misdaad en die handhawing van gemeenskapsorde moet wees. Dit is gevolglik grootliks gebaseer op die aanwending van spesialispersoneel en -eenhede ten einde die oorsake en betrokke verskynsels van verskillende tipes misdrywe aan te spreek. Gevolglik behoort professionele polisiëring tot beide die strukturele en substantiewe aspekte van polisiëring vanweë die organisatoriese oorwegings wat hierdie wyse van polisiëring moontlik maak.[1931]

Die aanwending van spesialiseenhede is nie 'n nuwe verskynsel in polisiëring nie en het saam met die polisie in die vroeë moderne era in Engeland ontwikkel. Dit roem daarop dat dit verbandhoudende misdade weens spesialiskennis maklik identifiseer, verskillende insidente verbind en in-diepte polisiëring moontlik maak.[1932] Dit breek dus weg van blote oppervlakkige bestryding van misdade wat waargeneem word of aangemeld word en verbeter ook die polisie se vermoë om spesifieke tipes misdade te voorkom. Spesialis of professionele polisiëring behoort egter nie slegs aan elite-eenhede toegeskryf te word nie en vereis dat elke faset van polisiëring gespesialiseerd daarna uitsien ten einde 'n waarlik professionele vorm van polisiëring daar te stel.

1930 Sien afdelings 2.3.1 en 4.7 van hierdie proefskrif.
1931 Sien afdeling 4.8 van hierdie proefskrif.
1932 Sien afdeling 3.2.2.5 van hierdie proefskrif.

5.2.1.7.2 Huidige stand van die professionele polisiëringsvereistes in Suid-Afrika

Tydens die polisietransformasieproses, en in 'n poging om weg te doen met die gedesentraliseerde aard van polisiëring in Suid-Afrika, is spesialiseenhede grotendeels ontbind. Dit het wel die instelling van 'n nuwe struktuur van gefokusde eenhede meegebring wat daarop gemik was om misdrywe wat as 'n prioriteit geag word binne 'n spesifieke area aan te spreek.[1933] Gevolglik het spesialiskennis ten opsigte van verskillende tipe misdrywe verenig om 'n groot aantal verskillende tipes prioriteitsmisdrywe te bekamp.[1934] Enkele nuwe spesialiseenhede is wel op die been gebring en het met groot sukses te werk gegaan, terwyl die saamgegroepeerde eenhede sukkel om effektief te polisieer weens 'n tekort aan misdaadspesifieke spesialiskennis. Ten einde hierdie klaarblyklike krisis aan te spreek, is oorgegaan na die daarstelling van taakspanne in gevalle waar meer gefokusde aandag aan spesifieke insidente gewy moes word. Dit het daartoe gelei dat die lede wat tot hierdie taakspanne verkies is, se normale verpligtinge agterweë gebly het. Dit het gevolglik tot 'n de-spesialisering van die polisie gelei en dus ook die vereiste van 'n professionele aanslag ondermyn.[1935]

5.2.1.7.3 Aanbevelings

Die herinstelling van spesialiseenhede sal 'n groot bydrae lewer tot die nastrewing van 'n professionele mag. Dit vereis egter 'n uitgebreide mate van spesialisering wat op die volgende wyses bewerkstellig kan word:

- Die struktuur van die prioriteitsmisdaadeenhede moet heroorweeg word ten gunste van spesialiseenhede wat verbandhoudende misdaad ondersoek en bestry. Die uitsluitlike fokus op die prioriteitsmisdade van elke area is onvoldoende om die verbintenis

1933 Hoofstuk 6A van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 van 1995.
1934 Sien afdeling 3.2.4 van hierdie proefskrif
1935 Sien afdeling 3.2.3 van hierdie proefskrif.

tussen verbandhoudende tendense uit te wys en lei tot ontoereikende polisiëring.[1936] Vir hierdie rede is dit belangrik dat geweldsmisdade soos roof en moord gesamentlik ondersoek en bekamp word, terwyl bendebedrywighede, dwelm- en drankverwantemisdrywe in samehang met smokkelary van wapens en vervalste goedere polisieer word. Ooreenkomstig behoort huisbraak, inbraak in motorvoertuie en motordiefstal gesamentlik aangepak te word vanweë die area gebondenheid wat dit tentoonstel. Hierdie eenhede moet soortgelyk aan die Gesinsgeweld, Kinder- en Seksuele Misdrywe-eenheid en die Georganiseerde Misdaadeenheid gestruktureer word om spesialiskennis aan te wend ten einde spesifieke misdrywe aan te spreek en hierdie herstrukturering moet gevolglik in wetgewing vervat word.[1937]

- Vir hierdie rede is dit belangrik dat streeks- en provinsiale misdaad koördineringskantore in plek gestel word ten einde die misdaadtendense te bespeur en die relevante kriminologiese data aan die betrokke spesialiseenhede beskikbaar te stel. Dit sal wetenskapsgerigte polisiëring daarstel wat spesialispolisiëring sal ondersteun en 'n professionele aanslag tot polisiëring sal bevorder.[1938]
- Professionele polisiëring moet ook nie slegs tot reaktiewe polisiëring in die vorm van *ex post facto* ondersoek van misdaad beperk word nie. Elke afdeling van polisiëring behoort tot spesialiskomponent verhef te word ten einde effektiewe en legitieme polisiëring te verseker. Misdaadvoorkomingseenhede moet ook onderskei word van reaktiewe eenhede en hulle aandag vestig op die wen van die vertroue van die gemeenskap en polisiëring van sosiale en maatskaplike kwessies.[1939] Deur hierdie werkswyse te volg, word misdaad nie eenvoudig verplaas deur

---

1936 Sien afdeling 3.2.4 van hierdie proefskrif.
1937 Sien afdeling 3.2.4 van hierdie proefskrif.
1938 Sien afdeling 3.2.4 van hierdie proefskrif.
1939 Sien afdeling 4.6.2.1.1 van hierdie proefskrif.

sigbare polisiëring nie, maar hou die polisie tred met die gemeenskapsomstandighede en kan 'n samewerking- en vertrouensverhouding tussen die gemeenskap en die polisie bewerkstellig word. Dit vereis egter dat hierdie styl van polisiëring duidelike riglyne en opleiding ontvang ten aansien van hulle rol in die gemeenskap en die wyse waarop hulle te werk moet gaan. Dit moet nie gepaard gaan met arbitrêre uitoefening van mag nie, maar met 'n respekvolle benadering tot handhawing van orde.

- Professionele polisiëring met 'n wetenskaplike gerigtheid vereis egter die voldoende inwinning, bestuur en analise van inligting en statistiek. Dit benodig dus 'n klemverskuiwing in polisiëring in Suid-Afrika vanaf reaktiewe polisiëring na 'n intelligensie-gedrewe polisiëringsmodel[1940] ingevolge waarvan alle polisielede toegerus word met die vaardighede om misdaadintelligensie in te win, sowel as om die waarde en rol daarvan te waardeer. 'n Holistiese benadering tot diensgerigtheid en wetenskaplikheid kan nie sonder hierdie faset van professionele polisiëring beryk word nie.[1941]

5.3 *Samevattend*

Die doelstelling van hierdie proefskrif was om polisiëring in die Suid-Afrikaanse konteks aan die hand van grondwetlike beginsels te beoordeel. Die benadering wat gevolg is, het ondersoek ingestel na beide die strukturele samestelling van die polisie, sowel as die substantiewe werkswyse van polisiëring in Suid-Afrika. Gevolglik is gepoog om 'n volronde beskouing van polisiëring onder die grondwetlike bestel te bewerkstellig ten einde die vereistes van grondwetlike polisiëring, sowel as die voldoening daaraan binne die Suid-Afrikaanse grondwetlike demokratiese bestel, te bepaal.

1940 Sien afdeling 4.6.6 van hierdie proefskrif.
1941 Sien afdeling 4.8 van hierdie proefskrif.

Die studie bevind dat grondwetlike polisiëring ŉ waardegedrewe benadering volg wat in beide die strukturele en substantiewe aspekte van polisiëring weerspieël moet word. Dit vereis gevolglik dat die strukturele aspek van die polisie op ŉ siviele benadering gebaseer moet word en onder die staat moet ressorteer. Dit moet diensgerig teenoor die gemeenskap wees en nie slegs fokus op die daarstelling van staatsveiligheid nie. Ten einde effektiwiteit te verseker moet die polisie op ŉ gesentraliseerde mate gestruktureer word om regulering, verantwoordbaarheid, sowel as outonomie te verseker. Hierdie vereistes kan slegs teenwoordig geag word indien dit vasgestelde beginsels van die staatsbestel uitmaak en vereis verkieslik grondwetlike verskansing. Dit vereis verder dat juridiese leerstukke en beginsels die basis van die organisatoriese samestelling uitmaak en ook dienooreenkomstig gereguleer en geëvalueer word.

Op substantiewe vlak behels grondwetlike polisiëring ŉ waardegedrewe benadering wat die organisatoriese samestelling riglyne bied ten aansien van die uitvoering van die grondwetlike polisiëringmandaat. Dit moet die juridiese beginsels en waardes van die regstelsel weerspieël en deursigtigheid en verantwoordbaarheid verseker. Gevolglik vereis grondwetlike polisiëring die onderskrywing van demokratiese polisiëringvereistes in samehang met respek vir fundamentele regte, die nastrewing van regstaatlikheid beginsels en die daarstelling van ŉ professionele polisiebenadering. Alleen deur die navolging van hierdie vereistes kan ŉ polisiestelsel substantief grondwetlik geag word.

Soos voortspruitend uit die voorafgaande bespreking in hierdie hoofstuk, is dit duidelik dat die Suid-Afrikaanse grondwetlike bestel voldoende juridiese begronding bied vir die daarstelling van grondwetlike polisiëring in Suid-Afrika. Die toepassing van hierdie beginsels skiet egter tekort en lei daartoe dat die legitimiteit sowel as die effektiwiteit van polisiëring in Suid-Afrika ernstig gekniehalter word. Die huidige polisiëring in Suid-Afrika kan, ondanks grondwetlike verskansing, strukturering en ŉ omvattende substantiewe juridiese begronding, nie as ŉ waarlike

grondwetlike vorm van polisiëring geag word nie. Ingrypende hersiening van die huidige Suid-Afrikaanse polisiesisteem word vereis op beide strukturele en substantiewe vlakke ten einde die legitimiteitskrisis wat dit tans beleef te oorkom. Sonder daadwerklike veranderinge sal polisiëring in Suid-Afrika voortgaan om agteruitgang te toon en sal die verwydering tussen die gemeenskap en die polisie slegs vergroot. Hierdie kwessie is gevolglik 'n ware bedreiging vir die grondwetlike demokratiese bestel van Suid-Afrika, wat verreikende gevolge vir hierdie jong demokratiese nasie inhou.

BIBLIOGRAFIE

Literatuur

A

Ackermann 2004 *PER*

Ackermann LWH "Menswaardigheid na Tien Jaar van Regstaatlikheid in Suid-Afrika" 2004 *PER* 1-15

ACBPS *Blueprint for Reform*

ACBPS *Blueprint for Reform of Australian Customs and Border Police Service* (Sydney Fedprint 2013)

Adams *The Heritage of Spain*

Adams NB *The Heritage of Spain: An Introduction to Spanish Civilization* (Holt London 1946)

Adeleye *Police and Policing in West Africa*

Adeleye K *Police and Policing in West Africa* (Cleen Lagos 2008)

Aepli *et al Guidebook on Democratic Policing*

Aepli P *et al International Police Standards Guidebook on Democratic Policing* (DCAF Geneva 2009)

Alden 2012 *Cato Journal*

Alden E "Immigration and Border Control" 2012 *Cato Journal* 107-124

Alderson 1989 *Police Journal*

Alderson J "Are Border Controls Necessary?" 1989 *Police Journal* 238-242

Allen 1888 *Wisconsin Academy of Sciences, Arts and Letters*

Allen WMF "Town, Townships and Tithings" 1888 *Transactions of the Wisconsin Academy of Sciences, Arts and Letters* volume VII 141-154

Almqvist *Human Rights, Culture and the Rule of Law*

Almqvist J *Human Rights, Culture and the Rule of Law* (Hart Publishers Oxford 2005)

Altbeker *A Country at War with Itself*

Altbeker A *A Country at War with Itself: South Africa's Crisis of Crime* (Jonathan Ball Johannesburg 2007)

Amnesty International *Policing to protect Human Rights*

Amnesty International *Policing to Protect Human Rights* (Amnesty International Publishing London 2002)

Andrewes *The Greeks*

Andrewes A *The Greeks* (Hutchinson London 1967)

Andrews en Ellmann *Post-Apartheid Constitutions*

Andrews P en Ellmann S *Post-Apartheid Constitutions: Perspectives on South Africa's Basic Law* (Wits Johannesburg 2001)

Angell 1976 *Criminal Justice Review*

Angell JE "Organizing Police for the Future: An Update of the Democratic Model" 1976 *Criminal Justice Review* 35-51.

Aristotle *Politics*

Aristotle *Politics* soos vertaal deur Jowett (Batoche Kitchener 1999)

Artz en De Oliveira 1997 *South African Human Rights Yearbook*

Artz L en De Oliveira B "Policing" 1997 *South African Human Rights Yearbook* 177-205

Ashley *The House of Stuart*

Ashley M *The House of Stuart* (Dent Londen 1980)

B

Barber 2003 *University of Toronto Law Journal*

Barber NW "The *Rechtsstaat* and the Rule of Law" 2003 *University of Toronto Law Journal* 443-454

Basdeo 2009 *Acta Criminologica*

Basdeo V "A Critical Analysis of Police Powers of Search and Seizure: A Constitutional Challenge" 2009 *Acta Criminologica* 74-86

Basdeo 2009 *SACJ*

Basdeo V "A Constitutional Perspective of Police Powers of Search and Seizure: The Legal Dilemma of Warrantless Searches and Seizures" 2009 *SACJ* 403-418

Basdeo 2010 *SACJ*

Basdeo V "The Curse of Corruption in the South African Police: A Rot from Within" 2010 *SACJ* 385-400

Basdeo *A Constitutional Perspective of Police Powers of Search and Seizure in the Criminal Justice System*

Basdeo V *A Constitutional Perspective of Police Powers of Search and Seizure in the Criminal Justice System* (UNISA LLM Verhandeling 2009)

Bassiouni *et al Democracy*

Bassiouni C *et al Democracy: Its Principles and Achievements* (Atar Geneva 1998)

Basson en Viljoen *Staatsreg*

Basson D en Viljoen H *Suid-Afrikaanse Staatsreg* (Juta Kaapstad 1986)

Basson *Regterlike konkretisering*

Basson JHE *Regterlike konkretisering van Fundamentele Regte: 'n Vergelykende Ondersoek van Grondwetlike Hermeneutiek* (PU vir CHO LLD Proefskrif 1999)

Baughman *The Scythian Archers*

Baughman E (red) *The Scythian Archers: Policing Athens* (Blackwell London 2003)

Bayley 1972 *Law and Society Review*

Bayley DH "The Police and Political Change in Comparative Perspective" 1972 *Law and Society Review* 91-112

Bayley 1979 *Crime & Justice*

Bayley DH "Police Functions, Structure and Control in Western Europe and North America: Comparative and Historical Studies" 1979 *Crime & Justice* 109-143

Bayley 1992 *Crime and Justice*

Bayley DH “Comparative Organization of the Police in English-speaking Countries” 1992 *Crime and Justice* 509-545

Bayley 2006 *Criminology and Public Policy*

Bayley DH “Law Enforcement and the Rule of Law: Is there a Trade-off?” 2006 *Criminology and Public Policy* 133-154

Bayley *Police and Society*

Bayley DH *Police and Society* (Sage London 1976)

Beard en Crawford *Rome in the Late Republic*

Beard M en Crawford M *Rome in the Late Republic* (Duckworth London 1989)

Becker *Issues in Police Administration*

Becker HK *Issues in Police Administration* (Scarecrow-Press New York 1970)

Bekink 2005 *African Human Rights Law Journal*

Bekink B “A Dilemma of the Twenty-first Century State: Questions on the Balance between Democracy and Security” 2005 *African Human Rights Law Journal* 406-423

Benit-Gbaffou 2008 *Journal of South African Studies*

Benit-Gbaffou C “Community Policing and Disputed Norms for Local Social Control in Post-Apartheid Johannesburg” 2008 *Journal of South African Studies* 93-109

Benson 2008 *Acta Criminologica*

Benson B “Analysing Police Corruption and it’s Possible Causes” 2008 *Acta Criminologica* 68-78

Berat 1989 *Vanderbilt Journal of Transnational Law*

Berat L “Conscientious Objection in South Africa: Governmental Paranoia and the Law of Conscription” 1989 *Vanderbilt Journal of Transnational Law* 127-186

Berg 2008 *Acta Criminologica*

Berg J "Holding South Africa's Private Security Industry Accountable" 2008 *Acta Criminologica* 87-96

Berg en Scharf 2004 *SACJ*

Berg J en Scharf W "Crime Statistics in South Africa 1994-2003" 2004 *SACJ* 57-78

Bergh 1996 *Historia*

Bergh JS "Die Veranderende Grense van Transvaal" 1996 *Historia* 11-17

Berning en Masiloane 2011 *Acta Criminologica*

Berning J en Masiloane D "Police Militarisation: Is South Africa Disproving or Failing to Learn from Police History" 2011 *Acta Criminologica* 60-71

Berning en Montesh 2012 *SA Crime Quarterly*

Berning J en Montesh M "Countering Corruption in South Africa: The Rise and Fall of the Scorpions and Hawks" 2012 *SA Crime Quarterly* 3-10

Bertrand en Petrie *The History of Spain*

Bertrand L en Petrie C *The History of Spain* (Eyre & Spottiswoode London 1952)

Bezuidenhout *Die Houdings van Manlike en Vroulike Polisiebeamptes*

Bezuidenhout C *Die Houdings van Manlike en Vroulike Polisiebeamptes* (UP DPhil 2001)

Bing *Unmaking the Torture*

Bing E *Unmaking the Torture: Re-establishing Meaning and Identity after Committing Atrocities* (Unisa DLitt et Phill Sielkunde Proefskrif 2009)

Birch *The Concepts and Theories of Modern Democracy*

Birch AH *The Concepts and Theories of Modern Democracy* (Routledge London 1993)

Blaauw 1990 *SALJ*

Blaauw LC "The Rechtsstaat Idea Compared with the Rule of Law as a Paradigm for Protecting Rights" 1990 *SALJ* 76-96

Black *Eighteenth Century Europe*

Black J *Eighteenth Century Europe 1700-1789* (St Martin's New York 1990)

Blaug en Schwarzmantel *Democracy*

Blaug R en Schwarzmantel J *Democracy: A Reader* (Edinburgh Cambridge 2001)

Block 1981 *Journal for Criminal Law and Criminology*

Block R "Victim-Offender Dynamics in Violent Crime" 1981 *Journal for Criminal Law and Criminology* 743-761

Booysen 2009 *Politeia*

Booysen S "Public Participation in Democratic South Africa: From Popular Mobilisation to Structured Co-optation and Protest" 2009 *Politeia* 1-27

Booysen *Specialised Units in the SAPS*

Booysen R *Specialised Units in the SAPS – A Case Study of the Waterwing in Gauteng* (Unisa MTech Polisiëring Verhandeling 2009)

Boshoff 2001 *TSAR*

Boshoff A "Grondwetinterpretasie, Identiteit en Diversiteit" 2001 *TSAR* 747-764

Botha en Visser 2012 *PER*

Botha R en Visser J "Forceful Arrests: An Overview of Section 49 of the Criminal Procedure Act 51 of 1977 and its Recent Amendments" 2012 *PER* 346-379

Botha *et al Rights and Democracy*

Botha H *et al* (red) *Rights and Democracy* (Sun Press Stellenbosch 2003)

Bowden 1978 *British Journal on Law and Society*

Bowden T "Guarding the State: The Police Response to Crisis Politics in Europe" 1978 *British Journal on Law and Society* 69-88

Bowling en Sheptycki *Global Policing*

Bowling B en Sheptycki J *Global Policing* (Sage Londen 2012)

Brooke *Europe in the Central Middle Ages*

Brooke C *Europe in the Central Middle Ages* (Longman Londen 1975)

Brown en Morgan *Arming Slaves*

Brown CL en Morgan PD *Arming Slaves: From Classical Times to the Modern Age* (Yale London 2006)

Bruce 2002 *SA Crime Quarterly*

Bruce D "Stopping Cop Killing. Lessons and Limitations of South African Research" 2002 *SA Crime Quarterly* 13-17

Bruce 2003 *SA Crime Quarterly*

Bruce D "Gripes or Grievances? What the ICD Statistics Tell Us (Or Not)" 2003 *SA Crime Quarterly* 25-30

Bruce 2007 *SA Crime Quarterly*

Bruce D "Good Cops? Bad Cops? Assessing the South African Police Service" 2007 *SA Crime Quarterly* 15-20

Bruce 2008 *SA Crime Quarterly*

Bruce D "Without Fear or Favour: The Scorpions an the Politics of Justice" 2008 *SA Crime Quarterly* 11-15

Bruce 2010 *Open Society Foundation*

Bruce D "An Acceptable Price to Pay?" 2010 *Open Society Foundation* 1-58

Bruce 2010 *SA Crime Quarterly*

Bruce D "The Ones in the Pile Were the Ones Going Down: The Reliability of Violent Crime Statistics" 2010 *SA Crime Quarterly* 9-17

Bruce 2011 *SA Crime Quarterly*

Bruce D "Beyond Section 49: Control of the Use of Lethal Force" 2011 *SA Crime Quarterly* 1-10

Bruce en Neild *The Police We Want*

Bruce D en Neild R *The Police We Want* (Kensington Johannesburg 2005)

Brunet-Jailly 2012 *International Journal*

Brunet-Jailly E “A New Border? A Canadian Perspective of the Canada-US Border Post 9/11” 2012 *International Journal* 963-974

Budin *The Ancient Greeks*

Budin SL *The Ancient Greeks: An Introduction* (Oxford London 2009)

Burger 2009 *SA Crime Quarterly*

Burger J “Worrying Trends: The Official 2008/09 South African Crime Statistics” 2009 *SA Crime Quarterly* 3-11

Burger 2011 *SA Crime Quarterly*

Burger J “To Protect and Service: Restoring Public Confidence in the SAPS” 2011 *SA Crime quarterly* 13-22

Burger *Crime and Policing*

Burger J *Strategic Perspectives on Crime and Policing in South Africa* (Van Schaik Pretoria 2007)

Burger *White Male Police Officers Serving in the SAPS*

Burger B *Exploring Narratives of White Male Police Officers Serving in the SAPS in the KwaZulu-Natal Midlands Area Under the New Constitution: A Practical Theological Journey* (UP DPhil Proefskrif 2008)

Burger, Gould en Newham 2010 *SA Crime Quarterly*

Burger J, Gould C en Newham G “The State of Crime in South Africa: An Analysis of the SAPS Crime Statistics for 2009/2010” 2010 SA Crime Quarterly *3-12*

Burns *The First Europe*

Burns D *The First Europe* (George-Allen Londen 1949)

C

Calland en Masuku 2000 *Law, Development & Democracy*

Calland R en Masuku T “Tough on Crime and Strong on Human Rights: The Challenge for Us All” 2000 *Law, Development & Democracy* 121-135

Campbell en Thomas 2002 *Ocean and Costal Law Journal*

Campbell ML en Thomas VG “Protection and Conservation of Marine Mammals in Canada” 2002 *Ocean and Costal Law Journal* 221-258

Cao 2001 *European Journal of Crime, Criminal Law and Criminal Justice*

Cao L “A Problem in No-Problem-Policing in Germany: Confidence in the Police Germany and USA” 2001 *European Journal of Crime, Criminal Law and Criminal Justice* 167-179

Carcopino *Daily Life in Ancient Rome*

Carcopino J *Daily Life in Ancient Rome: The People and the City* (Penguin Auckland 1962)

Carpenter *Suprema Lex*

Carpenter G *Suprema Lex* (Butterworths Durban 1998)

Cartledge *Ancient Greece*

Cartledge P *Ancient Greece: A History in Eleven Cities* (Oxford London 2009)

Carty *et al Guidebook on Democratic Policing*

Carty K *et al Guidebook on Democratic Policing* (OSCE 2008 Geneva)

Cary *A History of Rome*

Cary *A History of Rome: Down to the Reign of Constantine* (MacMillan London 1949)

Cawthra *et al Security and Democracy in Southern Africa*

Cawthra G *et al Security and Democracy in Southern Africa* (Wits Johannesburg 2007)

Chambliss *Police and Law Enforcement*

Chambliss WJ *Police and Law Enforcement* (Sage Los Angeles 2011)

Cheadle, Davis en Haysom *The Bill of Rights*

Cheadle MH, Davis DM en Haysom NRL *South African Constitutional Law: The Bill of Rights* (Butterworths Durban 2002)

Chipkin en Meny-Gibert 2012 *PARI*

Chipkin I en Meny-Gibert S "Why the Past Matters: Studying Public Administration in South Africa" 2012 *PARI* 102-112

Chirwa 2006 *Law, Democracy & Development*

Chirwa DM "The Horizontal Application of Constitutional Rights in a Comparative Perspective" 2006 *Law, Democracy & Development* 21-48

Chirwa 2008 *African Human Rights Law Journal*

Chirwa DM "In Search of Philosophical Justifications and Suitable Models for the Horizontal Application of Human Rights" 2008 *African Human Rights Law Journal* 294-311

Cilquhoun *Commerce and Police*

Cilquhoun P *Treatise on the Commerce and Policing of the River Thames* (Baldwin London 1800)

Cilquhoun *Function and Duties of a Constable*

Cilquhoun P *A Treatise on the Function and Duties of a Constable* (Baldwin London 1803)

Cilquhoun *Police of the Metropolis*

Cilquhoun P *Treatise of the Police of the Metropolis* (Bye and Law London 1806)

Clark 2003 *The Police Journal*

Clark M "Victim-centred Policing: The Shepherd's Solution to Policing in the 21st Century" 2003 *The Police Journal* 314-327

Clark 2005 *International Journal of Police Strategies and Management*

Clark M "The Importance of a New Philosophy to the post-modern policing environment" 2005 *International Journal of Police Strategies and Management* 642-653

Clift *Modern Police Thinking*

Clift RE *A Guide to Modern Police Thinking* (Anderson Cincinnati 1956)

Cocksedge 2003 *Canada-United States Law Journal*

Cocksedge AJ "The Smart Border: Movement of Goods-Transportation and Customs Aspects" 2003 *Canada-United States Law Journal* 141-149

Coggins 1987 *Land and Water Law Review*

Coggins GC "Protecting the Wildlife Resources of National Parks from External Threats" 1987 *Land and Water Law Review* 1-27

Coggins en Ward 1981 *Oregon Law Review*

Coggins GC en Ward ME "The of Law of Wildlife Management on the Federal Public Land" 1981 *Oregon Law Review* 59-155

Coke *Institutes of the Lawes of England*

Coke E *The Second Part of the Institutes of the Lawes of England* (Brooke London 1642)

Combrinck en Wakefield 2010 *SA Crime Quarterly*

Combrinck H en Wakefield L "Going the Extra Mile: Police Training on Domestic Violence" 2010 *SA Crime Quarterly* 27-34

Coniglio 2012 *Boston University International Law Review*

Coniglio R "Methods of Judicial Decision-making and the Rule of Law: The Case of Apartheid South Africa" 2012 *Boston University International Law Review* 498-527

Conradie 1982 *Scientia Militaria*

Conradie D "South Africa at Aar, 1912-1982" 1982 *Scientia Militaria* 80-88

Cook *The Greeks*

Cook RM *The Greeks till Alexander* (Thames and Hudson Londen 1961)

Cooper 1929 *Police*

Cooper FW "The Police Force of South Africa 1929 *Police* 247-265

Cottingham *Western Philosophy*

Cottingham J *Western Philosophy: An Anthology* (Blackwell Malden 2008)

Coulston en Dodge *Ancient Rome*

Coulston J en Dodge, H *Ancient Rome: The Archaeology of the Eternal City* (Oxford London 2000)

Coward *The Stuart Age*

Coward B*The Stuart Age* (Longman Londen 1980)

Cowell *Cicero and the Roman Republic*

Cowell FR *Cicero and the Roman Republic* (Pitman Londen 1948)

Cowell *The Revolutions of Ancient Rome*

Cowell FR *The Revolutions of Ancient Rome* (Thames and Hudson Londen 1962)

Crawford *et al Plural Policing*

Crawford A *et al Plural Policing: The Mixed Economy of Visible Patrols in England and Wales* (Policy Press Londen 2005)

Currie en De Waal *The Bill of Rights Handbook*

Currie I en De Waal J *The Bill of Rights Handbook* 6de uitg (Juta Kaapstad 2013)

Currie en De Waal *The New Constitutional and Administrative Law*

Currie I en De Waal J *The New Constitutional and Administrative Law* (Juta Kaapstad 2001)

D

Das 1994 *Police Journal*

Das DK “Belgian Police: A Research Note” 1994 *Police Journal* 157-162

Das 1995 *Policing International Journal*

Das DK “Challenges of Policing Democracies: A World Perspective” 1995 *Policing International Journal* 609-630

Davies *The Restoration of Charles II*

Davies G *The Restoration of Charles II* (Oxford Londen 1969)

Davis 2008 *SALJ*

Davis D "The Gap between Constitutional Text and Social Practice: The Role of the Press" 2008 *SALJ* 213-216

Davis *Democracy and Deliberation*

Davis D *Democracy and Deliberation* (Juta Kaapstad 1999)

Davis *Medieval Europe*

Davis RHC *Medieval Europe* (Longman Londen 1970)

Davis en Ashby 2009 *Houston Business and Tax Law Journal*

Davis RE en Ashby DS "The Role of Criminal Tax Enforcement in the Federal 'Voluntary' Self-Assessment and Payment Tax System" 2009 *Houston Business and Tax Law Journal* 237-259

Dè 2002 *Canada-United States Law Journal*

Dè K "Regulatory Framework for Hazardous Waste Management in Canada" 2002 *Canada-United States Law Journal* 115-135

De Haan, Silvis en Thomas 1991 *Journal of Law and Society*

De Haan W, Silvis J en Thomas PA "Democracy, Rule of Law and Critical Legal Theory in Germany" 1991 *Journal of Law and Society* 347-352

De Klerk *Die Opkoms van Europa*

De Klerk P *Die Opkoms van Europa 1500-1815* (Butterworths Durban 1977)

De Klerk 2009 *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*

De Klerk P "Was die Groot Trek Werklik Groot? 'n Historiografiese Ondersoek na die Gevolge en Betekenis van die Groot Trek" 2009 *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 658-673

De Silva *et al* 2007 *Australian Year Book of International Law*

De Silva S *et al* "Australian Legislation Concerning Matters of International Law 2005" 2007 *Australian Year Book of International Law* 289-326

De Ville 2006 *Acta Juridica*

De Ville J "The Rule of Law and Judicial Review: Re-reading Dicey" 2006 *Acta Juridica* 62-91

De Villiers 2008 *TSAR*

De Villiers DS "Die Direktoraat van Spesiale Operasies (Skerpioene) as Misdaadbestrydingseenheid" 2008 *TSAR* 557-574

De Vos 1995 *South African Human Rights Yearbook*

De Vos P "Policing" 1995 *South African Human Rights Yearbook* 193-211

De Vries 2006 *Politeia*

De Vries ID "Courts: The Weakest Link in the Democratic System in South Africa; a power perspective 2006 *Politeia* 41-56

De Vries 2008 *Acta Criminologica*

De Vries ID "Strategic Issues in the South African Police Service (SAPS) in the First Decade of Democracy" 2008 *Acta Criminologica* 125-138

De Waal 1995 *SAJHR*

De Waal J "A Comparative Analysis of the Provisions of German Origin in the Interim Bill of Rights" 1995 *SAJHR* 1-29

De Wet 1995 *SAJHR*

De Wet E "Can the Social State Principle in Germany Guide State Action in South Africa in the Field of Social and Economic Rights?" 1995 *SAJHR* 30-49

Detienne *The Greeks and Us*

Detienne M *The Greeks and Us*: *A Comparative Anthropology of Ancient Greece* (Polity Press Malden 2007)

Devenish *A Commentry on the South African Bill of Rights*

Devenish GE *A Commentary on the South African Bill of Rights* (Butterworths Durban 1999)

Devenish *A Commentry on the South African Constitution*

Devenish GE *A Commentary on the South African Constitution* (Butterworths Durban 1998)

Dicey *An Introduction to the Study of Law of Constitution*

Dicey AV *An Introduction to the Study of Law of Constitution* (MacMillan London 1965)

Dilip 1994 *Police Journal*

Dilip KD "Belgian Police: A research Note" 1994 *Police Journal* 157-162

Dixon 2000 *SACJ*

Dixon B "Accountable Policing: A Four Dimensional Analysis" 2000 *SACJ* 69-82

Doering 2003 *Canada-United States Law Journal*

Doering R "The Smarter Border: Food Safety and Bioterrorism" 2003 *Canada-United States Law Journal* 193-195

Dold en Joubert *Union of South Africa*

Dold GWF en Joubert CP *Union of South Africa: The Development of Laws and Constitution* (Stevens London 1955)

Donnelly, Scott en Wilkie 2002 *Police Journal*

Donnelly D, Scott KB en Wilkie R "A National Police Service Any Day Now" 2002 *Police Journal* 287-300

Du Bruyn en Wessels 2009 *Journal for Contemporary History*

Du Bruyn D en Wessels A "Op weg na die Politieke Draaipunt van 1948: Drie Eeue van Vrees as Faktor in die Geskiedenis van Suid-Afrika" 2009 *Journal for Contemporary History* 62-85

Du Plessis 2004 *SA Crime Quarterly*

Du Plessis "When can I fire? Use of Lethal Force to Defend Property" 2004 *SA Crime Quarterly* 1-4

Du Plessis 2011 *SACJ*

Du Plessis M "International Criminal Law: The Crime of Apartheid Revisited" 2011 *SACJ* 417-428

Du Plessis en Louw 2005 *CJCCJ*

Du Plessis A en Louw A "Crime and Crime Prevention in South Africa: 10 Years after" 2005 *CJCCJ* 427-446

Dudley *The Civilization of Rome*

Dudley *The Civilization of Rome* (Mentor New York 1962)

Dugard 1989 *Acta Juridica*

Dugard J "The Quest for a Liberal Democracy in South Africa" 1989 *Acta Juridica* 237-258

Dugard *International Law*

Dugard J *International Law: A South African Perspective* 3de uitg (Juta Kaapstad 2005)

Dunnage *The Italian Police and the Rise of Fascism*

Dunnage J *The Italian Police and the Rise of Fascism* (Praeger Westport 1997)

Durand *Zulu Zulu Golf*

Durand A *Zulu Zulu Golf: Life and Death with Koevoet* (Zebra Kaapstad 2011)

Dzingwa *Constitutional Interpretation*

Dzingwa *The Desirability of Consistency in Constitutional Interpretation* (Unisa LLD Proefskrif 2011)

E

Eldefonso, Coffey en Grace *Principles of Law Enforcement*

Eldefonso E, Coffey A en Grace R *Principles of Law Enforcement* (Wiley & Sons London 1967)

Elliot-Bateman 1979 *Police Journal*

Elliot-Bateman M "Aspect of European Policing" 1979 *Police Journal* 178-181

Els 2006 *TSAR*

Els H "Die Doel van 'n Beperking van 'n Handvesreg" 2006 *TSAR* 29-47

Ellmann 2009 *Constitutional Court Review*

Ellmann S "Marking the Path of the Law" 2009 *Constitutional Court Review* 97-143

Emsley *Policing and its Context*

Emsley C *Policing and its Context 1750 – 1870* (Macmillan London 1983)

Erasmus en De Waal 1997 *Stell LR*

Erasmus G en De Waal J "Die Finale Grondwet: Legitimiteit en Ontstaan" 1997 *Stell LR* 31-44

F

Fairchild 1984 *Police Studies*

Fairchild "Demilitarization of police Forces: The Case of the Federal Republic of Germany" 1984 *Police Studies* 189-199

Falcone 2003 *International Journal of Police Strategies and Management*

Falcone D "America's Conservation Police: Agencies in Transition" 2003 *International Journal of Police Strategies and Management* 56-66

Faull 2007 *ISS Paper*

Faull A "Corruption and the South African Police Service" 2007 *ISS Paper* 1-20

Faull 2008 *ISS Paper*

Faull A "City Blues: Corruption and Corruption Management in South Africa's Metropolitan Police Departments" 2008 *ISS Paper* 1-28

Faull 2011 *ISS Paper*

Faull A "Corruption in the South African Police Service" 2011 *ISS Paper* 1-24

Faull 2011 *ISS Paper*

Faull A "Oversight agencies in South Africa and Challenges of Police Corruption" 2011 *ISS Paper* 2-20

Faull en Mtsolongo 2009 *SA Crime Quarterly*

Faull A en Mtsolongo T "From Stings to Wings: Integrity Management and the Directorate of Priority Crime Investigations" 2009 *SA Crime Quarterly* 17-24

Felson, Messner en Hoskin 1999 *Criminology*

Felson RB, Messner SF en Hoskin AH "The Victim-Offender Relationship and Calling the Police in Assaults" 1999 *Criminology* 931-947

Ferreira en Ferreira-Snyman 2005 *THRHR*

Ferreira GM en Ferreira-Snyman MP "Die Teoretiese Grondslag van die Regsgebondenheid van die Owerheid" 2005 *THRHR* 20-34; 192-208 en 374-388

Ferret 2004 *European Journal of Crime, Criminal Law and Criminal Justice*

Ferret J "I order you to Adapt: Evaluating the Community Policing, French Style" 2004 *European Journal of Crime, Criminal Law and Criminal Justice* 192-211

Fijnaut 1990 *Police Journal*

Fijnaut CJCF "The Police and the Public in Western Europe: A Precarious Comparison" 1990 *Police Journal* 337-345

Findlay 1994 *Current Issues in Criminal Justice*

Findlay M "Police Authority, Respect and Shaming" 1994 *Current Issues in Criminal Justice* 29-41

Fine 1989 *Acta Juridica*

Fine D "Kitskonstabels: A Case Study in Black on Black Policing" 1989 *Acta Juridica* 44-85

Fisher *Anglo-Saxon Age*

Fisher DJV *The Anglo-Saxon Age c400-1042* (Longman New York 1973)

Flannagan 1973 *United States Environmental Protection*

Flannagan A "Relating to the Coordination of Activities for the Conservation of Wildlife, Fish and Game" 1973 *United States Environmental Protection* 2903-2926

Foster 1986 *SAJHR*

Foster en Luyt "The Blue Man's Burden: Policing the Police in South Africa" 1986 *SAJHR* 297-311

Fowler *The City States of the Greeks and the Romans*

Fowler WW *The City States of the Greeks and the Romans* (MacMillan London 1952)

Frank en Waterhouse 2009 *SA Crime Quarterly*

Frank C en Waterhouse S "One Step Forward, Two Steps Back: The Impact of Restructuring of the FCS Units" 2009 *SA Crime Quarterly* 25-33

Freeman *Greek City States*

Freeman K *Greek City States* (Macdonald London 1950)

G

Gastrow 2001 *ISS Monographs*

Gastrow P "Organised Crime in SADC Region" 2001 *ISS Monographs* 1 - 168

Gobinet 2008 *International Journal for Police Science and Management*

Gobinet P "The Gendarmerie Alternatives: Is there a case for the existence of police organisations with military status in the twenty-first century European security apparatus?" *International Journal for Police Science and Management* 448-463

Goodenough 2007 *SA Crime Quarterly*

Goodenough C "Joining Forces Against Crime: Potential for the Private Security Industry to Become Proactive" 2007 *SA Crime Quarterly* 7-12

Goold en Emmanuel *Modern Philosophy*

Goold P en Emmanuel SM *Modern Philosophy* (Blackwell Massachusetts 2002)

Gossmann *Basic Training in the SAPS*

Gossmann LL *Basic Training in the South African Police Service: Determining the Perceptions of Policing Skills of Entry-Level Constables* (MA Verhandeling Stellenbosch 2007)

Govender 2010 *Acta Criminologica*

Govender D "Policing a Changing Society in South Africa: Challenges of Police Officers" 2010 *Acta Criminologica* 64-79

Gounev *et al Better Management of EU Borders Throught Cooperation*

Gounev P *et al Better Management of EU Borders Through Cooperation* (CSD Londen 2011)

Grashoff 2012 *Canada-United States Law Journal*

Grashoff MK "Building Fences Together: The EU's Lessonos for the US-Canada Perimeter Security Plan" 2012 *Canada-United States Law Journal* 517-550

Green *Ancient Greece*

Green P *A Concise History of Ancient Greece to the Close of a Classical Era* (Thames and Hudson London 1979)

Green *Medieval Civilizations in Europe*

Green VHH *Medieval Civilizations in Europe* (Penguin Londen 1971)

Grobler en Prinsloo 2012 *Acta Criminologica*

Grobler E en Prinsloo J "Risk Factors Constributing to Police Criminality" 2012 *Acta Criminologica* 41-57

Griswold en Massey 1989 *American Journal of Police*

Griswold DB en Massey CR "Legal Infractions for Insulting the Police in the Federal Republic of Germany" 1989 *American Journal of Police* 123-132

H

Hammond *A History of Greece*

Hammond NGL *A History of Greece* (Oxford London 1967)

Hansen *Polis*

Hansen MH *Polis: An Introduction to the Ancient Greek City-State* (Oxford London 2006)

Harlan 1997 *International Journal of Police Strategies and Management*

Harlan JP "The German Police: Issues in the Unification Process" 1997 *International Journal of Police Strategies and Management* 532-554

Harris 2012 *Homeland Security Review*

Harris CW "US Land Border Security: The Strength of Physical Protection System along the US-Canadian Border" 2012 *Homeland Security Review* 219-244

Harvey *The Plantagenets*

Harvey *The Plantagenets* (Batsford Londen 1963)

Hassal *France Mediaeval and Modern*

Hassal A *France Mediaeval and Modern* (Oxford Londen 1918)

Hayes *Political and Social History of Modern Europe*

Hayes CJH *Political and Social History of Modern Europe* (Macmillan New York 1920)

Hayes *A Political and Cultural History of Modern Europe*

Hayes CJH *A Political and Cultural History of Modern Europe* (Macmillan New York 1936)

Haysom 1989 *Acta Juridica*

Haysom N "*Policing the Police: A Comparative Survey of Police Control Mechanisms in the United States, South Africa and the United Kingdom"* 1989 *Acta Juridica* 139-164

Haysom 1991 *South African Human Rights Yearbook*

Haysom N "Policing" 1991 *South African Human Rights Yearbook* 163-175

Haysom 1991 *SAJHR*

Haysom N "Democracy, Constitutionalism and the ANC's Bill of Rights for a New South Africa" 1991 *SAJHR* 102-109

Heitland *The Roman Republic*

Heitland WE *The Roman Republic* (Cambridge London 1923)

Held *Models of Democracy*

Held D *Models of Democracy* 3de uitg (Polity Cambridge 2008)

Henning 2000 *TSAR*

Henning PJ van R “Legality and the Rechtsstaat” 2000 *TSAR* 222-228

Hennop, Jefferson en McLean 2001 *ISS Monograph*

Hennop E, Jefferson C en McLean A “The Challenge to Control South Africa’s Borders and Borderline” 2001 *ISS Monograph* 1-98

Henry en Smith *Transformations of Policing*

Henry A en Smith DJ *Transformations of Policing* (Ashgate London 2007)

Hicks *Ensuring Service Excellence by Realising the Full Potential of Police Officials*

Hicks ST *Ensuring Service Excellence by Realising the Full Potential of Police Officials* (NWU MBA Verhandeling 2008)

Hiemstra 1985 *TSAR*

Hiemstra VG “Suid-Afrika Terug in die Wêreld Langs die Weg van die Regstaatbeginsel” 1985 *TSAR* 1-10

Hignett *A History of the Athenian Constitution*

Hignett C *A History of the Athenian Constitution* (Oxford London 1952)

Hill 2007 *Journal of Modern African Studies*

Hill A “Police Commissioners, President sand the Governance of Security” 2007 *Journal of Modern African Studies* 1-17

Hodgkin *A History of Anglo-Saxons*

Hodgkin RH *A History of Anglo-Saxons* (Oxford Londen 1951)

Holmes *Britain After the Glorious Revolution*

Holmes G *Britain After the Glorious Revolution* (Macmillan Londen 1962)

Hornby en Ruse *Oxford Concise Dictionary*

Hornby AS en Ruse C *Oxford Concise Dictionary* (Oxford Glasgow 2006)

Howe 1971 *Foreign Affairs*

Howe RW “War in Southern Africa” 1971 *Foreign Affairs* 150-165

Hudson 1988 *Police Journal*

Hudson RC “Democracy and the Spanish Police Forces since 1975” 1988 *Police Journal* 53-62

Hunter 1990 *Police Studies*

Hunter R “Three Models of Policing” 1990 *Police Studies* 118-124

Hutton *The Greek Point of View*

Hutton M *The Greek Point of View* (Hodder en Stoughton London 1926)

Hyland *Democratic Theory*

Hyland JL *Democratic Theory: The Philosophical Foundations* (Manchester New York 1995)

I

Iles 2007 *SAJHR*

Iles K “A Fresh Look at Limitations: Unpacking Section 36” 2007 *SAJHR* 68-92

J

Jagwanth 1994 *SACJ*

Jagwanth S “Defining Community Policing in South Africa” 1994 *SACJ* 164-176

Jammes 1982 *Police Journal*

Jammes JR “Some Aspects of the French Police” 1982 *Police Journal* 113-124

Jammes 1983 *Police Studies*

Jammes JRJ “Effective Policing: The French Gendarmerie” 1983 *Police Studies* 1-5

Jaschke *et al* 2007 *PGEAPS*

Jaschke HG *et al* “Perspectives of Police Science in Europe” 2007 *Project Group on an European Approach to Police Science* 1-223

Joh 2005 *Utah Law Review*

Joh EE "Conceptualizing the Private Police" 2005 *Utah Law Review* 573-617

Johnson 1979 *Harvard International Law Journal*

Johnson DL "Sanctions and South Africa" 1979 *Harvard International Law Journal* 887-930

Johnson, Mendelson-Forman en Bliss 2012 *Strategic and International Studies*

Johnson S, Mendelson-Forman J en Bliss K "Police Reform in Latin America" 2012 *Strategic and International Studies* 2-60

Jones *Illustrated History of France*

Jones C *Cambridge Illustrated History of France* (Cambridge New York 1994)

Jones *The Greek City*

Jones AHM *The Greek City* (Claredon Oxford 1979)

Jones *The Decline of the Ancient*

Jones AHM *The Decline of the Ancient* (Longman Londen 1966)

Jones 1983 *Police*

Jones JM "Organizational or Victim needs: The Implications for a Policing by Objectives Strategy" 1983 *Police* 276-290

Jones 2009 *International Journal of Police Science & Management*

Jones M "Governance, integrity and police organization" 2009 *International Journal of Police Science & Management* 338-350

Jonsson, Moosa en Jeenah 2009 *SAJP*

Jonsson G, Moosa MYH en Jeenah FY "Mental Health Care Act: Stakeholder Compliance with Section 40" 2009 *SAJP* 37-42

Joubert *et al Criminal Procedure*

Joubert *et al Criminal Procedure Handbook* 9de uitg (Juta Kaapstad 2009)

Joubert *Toegepaste Reg vir Polisiebeamptes*

Joubert C *Toegepaste Reg vir Polisiebeamptes* 2de uitg (Juta Kaapstad 2001)

Joyce 1994 *Police Journal*

Joyce P "Local Government and Policing: The End of and Historic Relationship" 1994 *Police Journal* 117-124

K

Kagan *Hellenic History*

Kagan D *Botsford and Robinson's Hellenic History* 5de uitg (Macmilian London 1969)

Kamm *The Romans*

Kamm *The Romans: An Introduction* (Routledge London 1995)

Kania 1989 *Police Studies*

Kania RRE "The French Municipal Police Experiment" 1989 *Police Studies* 125-131

Kant *Democratic Values*

Kant SL *A Critical and Systematic Analysis of the Democratic Values of Freedom and Equality* (UP DLitt et Phil Politiek 2009)

Kennedy en Schlosberg *The Law of the South African Constitution*

Kennedy WPM en Schlosberg HJ *The Law of the South African Constitution* (Oxford London 1935)

Kerwin 2005 *Georgetown Immigration Law Journal*

Kerwin D "The Canada-US Border: Balancing Trade, Security and Migrant Rights in the Post 9/11 Era" 2005 *Georgetown Immigration Law Journal* 199-243

Kgosimore 2000 *CRISA*

Kgosimore D "The Bill of Rights in the Constitution of the Republic of South Africa and its Application within the Criminal Justice System" 2000 *CRISA* 1-10

Kingshott en Prinsloo 2004 *Acta Criminologica*

Kingshott B en Prinsloo J "The Universality of the "Police Canteen Culture" 2004 *Acta Criminologica* 1-16

Kinnes 2009 *SACJ*

Kinnes I "Uniforms, plastic cops and the Madness of 'Superman': An Exploration of the Dynamics Shaping the Policing of Gangs in Cape Town" 2009 *SACJ* 176-193

Kinnes en Newham 2012 *SA Crime Quarterly*

Kinnes I en Newham G "Freeing the Hawks: Why an Anti-Corruption Agency Should Not Be in the SAPS" 2012 *SA Crime Quarterly* 33-39

Klinger 2012 *St Louis University Public Law Review*

Klinger DA "Police Training as an Instrument of Accountability" 2012 *St Louis University Public Law Review* 111-124

Klug 1989 *Hastings International & Comparative Law Review*

Klug H "The South African Judicial Order and the Future: A Comparative Analysis of the South African Judicial System and Judicial Transitions in Zimbabwe, Mozambique, and Nicaragua" 1989 *Hastings International & Comparative Law Review* 175-234

Klug 2000 *Law and Social Inquiry*

Klug H "Law Under and After Apartheid: Abel's Social-Legal Analysis" 2000 *Law and Social Inquiry* 657-667

Klug *The Constitution of South Africa*

Klug H *The Constitution of South Africa* (Hart London 2010)

Kohn en Eves 2007 *Environs*

Kohn AE en Eves HE "The African Bushmeat Crisis: A Case for Global Partnership" 2007 *Environs* 245-274

Kollapen 2004 *SAHRC*

Kollapen J "Boomgate Report" 2004 *SAHRC-Publications* 1-28

Kollapen 2006 *SAHRC*

Kollapen J "The Right to Safety as Part of the Human Rights Discourse" 2006 *SAHRC-Publications* 29-33

Kosloff en Trexler 1987 *Boston University International Law Journal*

Kosloff LH en Trexler MC "The Convention on International Trade in Endangered Species: Enforcement Theory and Practice in the United States" 1987 *Boston University International Law Journal* 327-361

Kruger 1994 *Stell LR*

Kruger J "Regstaat, Kultuurstaat, Welvaartstaat: Bestanddele van 'n Nuwe Staatsmodel" 1994 *Stell LR* 15-32

Kruger *Geskiedenis van Suid-Afrika*

Kruger DW *Geskiedenis van Suid-Afrika* (Nasou Pretoria 1951)

L

Labuschagne 2004 *Politeia*

Labuschagne P "The Doctrine of Separation of Powers and It's Application in South Africa" 2004 *Politeia* 84-102

Labuschagne 2006 *Politeia*

Labuschagne P "Trias Politica as Guiding Constitutional Principle in the Modern State: Obsolete Relic or Constitutional Necessity?" 2006 *Politeia* 18-29

Labuschagne en Eksteen *Verklarende Afrikaanse Woordeboek*

Labuschagne FJ en Eksteen LC *Verklarende Afrikaanse Woordeboek* 9de uitg (Pharos Kaapstad 2010)

Lafferty en Fleming 2000 *International Journal for Police Science and Management*

Lafferty G en Fleming J "New Management Techniques and Restructuring for Accountability in Australian Police Organisations" 2000 *International Journal for Police Science and Management* 154-168

Lambrechts en Prinsloo 2002 *Acta Criminologica*

Lambrechts D en Prinsloo J "Developments Pertaining to the Legal Excuse of Justifiable Homicide in South Africa: Section 49 of The Criminal Procedure Act 51 of 1977" 2002 *Acta Criminologica* 132-140

Langa 2006 *SAJHR*

Langa P "The Judiciary in a Constitutional Democracy" 2006 *South African Journal on Human Rights* 1-8

Larsen 1975 *Environmental Law*

Larsen A “National Game Rangers: The Orphans of the National Wildlife Refuge System” 1975 *Environmental Law* 515-541

Le Bohec *The Imperial Roman Army*

Le Bohec T *The Imperial Roman Army* (Routledge Chapman & Hall London 2000)

Leggett 2003 *ISS*

Leggett T “What Do the Police Do? Performance Measurement and the SAPS” 2003 *Institute for Security Studies* 1-14

Leggett *et al* 2003 *Criminal Justice in Review*

Leggett T *et al* “What the Crime Statistics Say” 2003 *Criminal Justice in Review* 13-71

Lenta 2005 *Stell LR*

Lenta P “Constitutional Interpretation and the Rule of Law” 2005 *Stell LR* 272-297

Leonard-Taitz 1992 *Law and Justice Christian Law Review*

Leonard-Taitz J “Apartheid on Its 'Death Bed' and the Legitimacy of the Supreme Court of South Africa” 1992 *Christian Law Review* 70-76

Lewis *A Force for the Future*

Lewis R *A Force for the Future* (Temple Londen 1976)

Lewis en Stenning 2012 *SA Crime Quarterly*

Lewis M en Stenning P “Considering the Glenister Judgement: Independence Requirements for Anti-corruption Institutions” 2012 *SA Crime Quarterly* 11-21

Le Glay *et al A History of Rome*

Le Glay *et al A History of Rome* (Blackwell Oxford 2005)

Licht en De Villiers *South Africa's Crisis of Constitutional Democracy*

Licht RA en De Villiers B *South Africa's Crisis of Constitutional Democracy* (Juta Kaapstad 1994)

Lindholt *et al Human Rights and The Police in Transitional Countries*

Lindholt L *et al Human Rights and The Police in Transitional Countries* (Martinus Nijhoff Letchworth 2003)

Lindsay *The Modern Democratic State*

Lindsay AD *The Modern Democratic State* (Oxford London 1947)

Linnan 1984 *Law and Contemporary Problems*

Linnan DK "Police Discretion in a Continental European Administrative State: The Police of Baden-Wurttemberg in the Federal Republic of Germany" 1984 *Law and Contemporary Problems* 185-223

Livermore *A History of Spain*

Livermore H *A History of Spain* (George Allen London 1966)

Louw 2006 *SA Crime Quarterly*

Louw A "The Start of a Crime Wave? The 2005/2006 Official Crime Statistics in Context" 2006 *SA Crime Quarterly* 1-8

Loyn *Anglo-Saxon England and the Norman Conquest*

Loyn HR *Anglo-Saxon England and the Norman Conquest* (Longman Essex 1962)

Loyn *The Vikings in Britain*

Loyn HR *The Vikings in Britain* (St Martin's New York 1977)

Lumina 2006 *African Security Review*

Lumina C "Police Accountability and Policing Oversight Mechanisms in the Southern African Development Community" 2006 *African Security Review* 92-108

Lumina 2007 *African Human Rights Law Journal*

Lumina C "Counter-terrorism Legislation and the Protection of Human Rights: A Survey of Selected International Practice" 2007 *African Human Rights Law Journal* 35-67

Lundman *Police and Policing*

Lundman RJ *Police and Policing*: *An Introduction* (Holt Ohio 1980)

Lyon *Anglo-Saxon England and Norman Conquest*

Lyon HR *Anglo-Saxon England and Norman Conquest: Social and Economic History of England* (Longman New York 1986)

M

Macdonald 1987 *Police Studies*

Macdonald IR "Spains 1986 Police Law: Transition from Dictatorship to Democracy" 1987 *Police Studies* 16-22

Machiavelli *The Prince*

Machiavelli N *The Prince* (Adelaide Publishers Adelaide 1980)

Madala 2001 *North Carolina Journal of International Law*

Madala TH "Rule under Apartheid and the Fledgling Democracy in Post-Apartheid South Africa: The Role of the Judiciary" 2001 *North Carolina Journal of International Law and Commercial Regulation* 743-765

Maduna 1990 *Columbia Human Rights Law Review*

Maduna PM "Judicial Review and Protection of Human Rights under the New Constitutional Order in South Africa" 1990 *Columbia Human Rights Law Review* 73-83

Maguire 1997 *Police Journal*

Maguire K "Policing the New South Africa: Law, Order and the Dynamics of Self-sustaining Violence" *Police Journal* 11-18

Mahao 2008 *Law, Democracy & Development*

Mahao NL "The Constitutional State in the Developing World in the Age of Globalisation: From Limited Government to Minimum Democracy" 2008 *Law, Democracy & Development* 1-19

Makaremi 2009 *Canadian Law Journal and Society*

Makaremi C "Governing Borders in France" 2009 *Canadian Law Journal and Society* 411-432

Makiwane *Rights and Constitutionalism*

Makiwane PN *Rights and Constitutionalism – A Bias towards Offenders?* (Unisa LLD Proefskrif 2008)

Malan 1999 *ISS Monographs*

Malan M “Police Reform in South Africa: Peace building Without Peacekeepers” 1999 *ISS Monographs* 1-15

Malan en Hattingh *Swart Tuislande in Suid-Afrika*

Malan T en Hattingh PS *Swart Tuislande in Suid-Afrika* (RAU Johannesburg 1975)

Malherbe 2003 *TSAR*

Malherbe 2003 “Advancing Social Change: Recent Human Rights Developments in South Africa” *TSAR* 432-464

Malherbe 2005 *TSAR*

Malherbe R “'n Universiteit se Taalbeleid as 'n Uitdrukking van Grondwetlik-beskermde Diversiteit” 2005 *TSAR* 708-727

Malherbe en Van Eck 2009 *TSAR*

Malherbe R en Van Eck M “State Non-compliance with Legal Duties: The Constitutional Court Finally Cracks the Whip” 2009 *TSAR* 191-198

Manzi *The Role and Image of the Police in a Post-Apartheid era*

Manzi LH *The Role and Image of the Police in a Post-Apartheid era* (Zululand MA Verhandeling 1999)

Marais 2003 *Acta Criminologica*

Marais CW “Metropolitan Policing: Too Hight a Price?” 2003 *Acta Criminologica* 138-150

Marenin 1998 *International Journal of Police Strategies and Management*

Marenin O “The Goal of Democracy in International Police Assistance Programs” 1998 *International Journal of Police Strategies and Management* 159-177

Mark *Policing a Perplexed Society*

Mark R *Policing a Perplexed Society* (George Allen Londen 1977)

Marks, Shearing en Wood 2009 *Police Practice and Research*

Marks M, Shearing C en Wood J "Who Should the Police be? Finding a New Narrative for Community Policing in South Africa" 2009 *Police Practice and Research* 145-155

Masango 2009 *Journal of Public Administration*

Masango RS "Public Participation: An Imperative for Sustainable Democracy and Effective Service Delivery" 2009 *Journal of Public Administration* 123-132

Mashele 2006 *SA Crime Quarterly*

Mashele P "Will the Scorpions Still Sting: The Future of the Directorate of Special Operations" 2006 *SA Crime Quarterly* 25-29

Mashele 2008 *Acta Criminologica*

Mashele P "The 'Shoot to Kill' Approach: Inflammatory Rhetoric No Solution to Crime" 2008 *Acta Criminologica* 11-14

Masiapata *Ethics and Ethos in the SAPS*

Masiapata NM *Ethics and Ethos in the South African Police Service: An overview of the Johannesburg Central Police Station* (UP MAdmin Verhandeling 2007)

Masiloane 2007 *SACJ*

Masiloane D "Proactive Policing for the Rich and Reactive Policing for the Poor: Hypocrisy in Policing a Stratified Society" 2007 *SACJ* 328-340

Masuku 2005 *CSVR*

Masuku T "Strengthening Democratic Policing in South Africa" 2005 *CSVR* 1-38

Mattes 2006 *SA Crime Quarterly*

Mattes R "Good News, Bad News: Public Perception of Crime, Corruption and Government" 2006 *SA Crime Quarterly* 9-16

Maurois *A History of France*

Maurois A *A History of France* (Jonathan Cape Londen 1949)

Mawby en Wright *Police Accountability in the United Kingdom*

Mawby R en Wright A *Police Accountability in the United Kingdom* (CHRI Londen 2005)

May *The South African Constitution*

May HJ *The South African Constitution* (Juta Johannesburg 1949)

Mayoyo, Potgieter en Ras 2011 *Inkanyiso*

Mayoyo LE, Potgieter PJ en Ras JM "Fear of Crime and the Role of the Police" 2011 *Inkanyiso* 80-90

McCormick *Comparative Politics in Transition*

McCormick J *Comparative Politics in Transition* (Thompson Indiana 2004)

McDougall 1989 *American Society of International Law Proceedings*

McDougall GJ "Recurrence of Hostilities in Namibia on the Eve of Implementation of Security Council Resolution 435" 1989 *American Society of International Law Proceedings* 129-143

McIntyre *Harbour Policing*

McIntyre RP *Harbour Policing – A Criminological Investigation* (University of Zululand MA Verhandeling 1995)

MEFI *Brief Introduction to French Customs*

MEFI *Brief Introduction to French Customs* (PEFC Montreuil 2011)

Merin *Spain*

Merin P *Spain: Between Death and Birth* (Bodley Head London 1938)

Meyerson *Rights Limited*

Meyerson D *Rights Limited* (Juta Kaapstad 1997)

Miller 1986 *American Bar Foundation Research Journal*

Miller WR “Police and the State: A Comparative Perspective” 1986 *American Bar Foundation Research Journal* 339-348

Minnaar 1999 *African Security Review*

Minnaar A "Partnership Policing: A Role for the Private security Industry to Assist the SAPS in Preventing Crime" 1999 *African Security Review* 1-5

Minnaar 2003 *Acta Criminologica*

Minnaar A “The Murder of Members of the South African Police Service: Some Findings on Common Causes and Practical Preventative Steps” 2003 *Acta Criminologica* 1-26

Minnaar 2005 *Acta Criminologica*

Minnaar A “Private-Public Partnerships: Private Security, Crime Prevention and Policing in South Africa” 2005 *Acta Criminologica* 85-114

Minnaar 2008 *SA Crime Quarterly*

Minnaar A “The Scorpions Lose Their Sting: Challenges to Incorporate the DSO into the SAPS” 2008 *SA Crime Quarterly* 23-28

Minnaar 2010 *Acta Criminologica*

Minnaar A “The Changing Face of ‘Community Policing’ in South Africa Post-1994” 2010 *Acta Criminologica*

Minnaar en Mistry 2006 *Acta Criminologica*

Minnaar A en Mistry D “Dealing with the Use of Force and Stress-related Violence by Members of the Police: Some Observations from Selected Case Studies in Gauteng Province, South Africa” 2006 *Acta Criminologica* 29-63

Minnaar en Ngoveni 2004 *Acta Criminologica*

Minnaar A en Ngoveni P “The Relationship Between the South African Police Service and the Private Security Industry: Any Role for Outsourcing in the Prevention of Crime” 2004 *Acta Criminologica* 42-65

Minnaar *et al* 2004 *ISS Monographs*

Minnaar A *et al* “Private Muscle: Outsourcing the Provision of Criminal Justice Services” 2004 *ISS Monographs* 1-110

Moketedi *A Critique of the Niederhoffer’s Police Cynicism Scale*

Moketedi PN *Methodological Challenges in the Measurement of Police Cynicism: A Critique of the Niederhoffer’s Police Cynicism Scale as Applied in the South African Police Service (SAPS)* (SUN MA Sosiologie Verhandeling 2010)

Mokotedi *Measurement of Police Cynicism*

Mokotedi PN *Methodological Challenges in the Measurement of Police Cynicism: A Critique of the Niederhoffer’s Police Cynicism Scale as applied in the South African Police Service (SAPS)* (SUN MPhil Sosiologie Verhandeling 2010)

Mokoena *Municipal Policing Model*

Mokoena LJ *The Identification of a Municipal Policing Model for Mangaung Municipality* (Unisa MTech Polisiëring Verhandeling 2007)

Montesh *Crime Investigative System within the South African Criminal Justice System*

Montesh M *A Critical Analysis of Crime Investigative System within the South African Criminal Justice System* (Unisa DLitt et Phil Polisiëring Proefskrif 2007)

Montesh en Dintwe 2008 *Acta Criminologica*

Montesh M en Dintwe SI “How Independent is South Africa’s Independent Complaints Directorate?” 2008 *Acta Criminologica* 163-175

Montesh *Single Public Services versus Single Police Service*

Montesh M *Single Public Services versus Single Police Service* (Unisa MTech Polisiëring Verhandeling 2011)

Morgan 1997 *Third World Legal Studies*

Morgan G "Human Rights and the Structure of Internal Security Forces – South Africa: Historical Background" 1997 *Third World Legal Studies* 149-174

Moseneke 2012 *SALJ*

Moseneke D “Striking a Balance between the Will of the People and the Supremacy of the Constitution” 2012 *SALJ* 9-22

Motala 1996 *Third World Legal Studies*

Motala AC “Human Rights and the Structure of South Africa’s Security Forces” 1996 *Third World Legal Studies* 175-197

Motala en Ramaphosa *Constitutional Law*

Motala Z en Ramaphosa C *Constitutional Law* (Oxford Cape Town 2002)

Mousnier *Institutions of France*

Mousnier RE *Institutions of France under the Absolute Monarchy 1598 – 1789* 2de uitg (University Chicago Press Chicago 1984)

Mubangizi 2004 *Journal for Juristic Science*

Mubangizi JC “Protection of Human Rights in South Africa: Public Awareness and Perceptions 2004 *Journal for Juristic Science* 62-87

Mueller en Kruger 1961 *Journal of Criminal Law, Criminology and Police Science*

Mueller GOW en Kruger W “Police Science: The Meeting of Two Police Ideas” 1961 *Journal of Criminal Law, Criminology and Police Science* 257-262

Murphy 1991 *Canadian Journal of Criminology*

Murphy C “The future of non-urban policing in Canada: Modernization, regionalization, provincialization” 1991 *Canadian Journal of Criminology* 333-346

Murphy 1998 *Policing Postmodern Canada*

Murphy C “Policing Postmodern Canada” 1998 *CJLS* 1-25

Murray *et al The Oxford English Dictionary*

Murray JAH *et al The Oxford English Dictionary: Being a Corrected Re-issue with an Introduction, Supplement, and Bibliography of a New English Dictionary on Historical Principles / Founded Mainly on the Materials Collected by the Philological Society* (Clarendon Oxfordshire 1933)

N

Naidis *The Second British Empire*

Naidis M *The Second British Empire 1783-1965: A Short History* (Addison California 1970)

Neethling 2006 *Obiter*

Neethling J "Afwysing van 'n Regsplig op Polisiebeamptes om die Reg op die Fisiespsigiese Integriteit en Sekerheid van die Persoon Buiteom Misdaadsituasies te Beskerm: Die Hoop Beskaam" 2006 *Obiter* 369-378

Neethling en Potgieter 1996 *THRHR*

Neethling J en Potgieter JM "Regsplig van Polisie om Suiwer Ekonomiese Verlies te Voorkom?" 1996 *THRHR* 333-339

Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg*

Neethling J, Potgieter JM en Visser PJ *Deliktereg* 6de uitg (Butterworths Durban 2010)

Newham 2001 *CSVR*

Newham G 2001 "Transformation and the Internal Disciplinary System of the South African Police Service" *CSVR* 1-39

Newham 2005 *South African Review of Sociology*

Newham G "Strengthening Democratic Policing in South Africa Through Internal Systems for Officer Control" 2005 *South African Review of Sociology* 167-177

Newham en Dissel 2010 *ISS Monograph*

Newham G en Dissel A "Policing in South Africa: 2010 and Beyond" 2010 *ISS Monograph* 1-47

Newham en Fuall 2012 *ISS Monograph*

Newham G en Fuall A "Protector or Predator: Tackling Police Corruption in South Africa" 2012 *ISS Monograph* 1-74

Ngwenya 2011 *Professional Accountant*

Ngwenya F "What is CPD?" 2011 *Professional Accountant* 24-25

Noble 2005 *Law and Business Review of the Americas*

Noble J "Fortress America or Fortress North America?" 2005 *Law and Business Review of the Americas* 461-526

Nogala 2001 *European Journal of Crime, Criminal Law and Criminal Justice*

Nogala D "Policing Across a Dimorphous Border: Challenge and Innovation at French German Border" 2001 *European Journal of Crime, Criminal Law and Criminal Justice* 130-143

O

O'Conner 2006 *JIJIS*

O'Conner TR "Intelligence-led Policing and Transnational Justice" 2006 *JIJIS* 233-239

O'Donovan 2008 *ISS Paper*

O'Donovan M "South Africans' Perceptions of the Police and the Courts" 2008 *ISS Paper* 1-12

Odendal en Gous *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*

Odendal FF en Gous RH *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* (Perskor Kaapstad 2000)

Olivier 1995 *SACJ*

Olivier N "From Force to Service: the South African Police Service Act 68 of 1995" 1995 *SACJ* 310-322

Oman *England before the Norman Conquest*

Oman C *England before the Norman Conquest* (Methuen Londen 1910)

Omar 2006 *SA Crime Quarterly*

Omar B "More Changes: Impact of SAPS Restructuring on Public Order Policing" 2006 *SA Crime Quarterly* 31-36

Omar 2007 *ISS Monographs*

Omar B "SAPS' Costly Restructuring" 2007 *ISS Monographs* 1-88

Omar 2008 *SA Crime Quarterly*

Omar B “Investigating Psychologically Motivated Crimes” 2008 *SA Crime Quarterly* 33-38

Oosthuizen 2004 *Historia*

Oosthuizen GJJ “Regiment Mooirivier and South African Transborder Operations into Angola during 1975/76 and 1983/84” 2004 *Historia* 135-153

Oosthuizen 2006 *Journal for Contemporary History*

Oosthuizen GJJ “Regiment Mooirivier, Potchefstroom: Grensdienservarings van 'n Pantserburgermageenheid, 1975-1989” 2006 *Journal for Contemporary History* 187-214

O'Regan 2005 *PER*

O'Regan K “Checks and Balances Reflections on the Development of the Doctrine of Separation of Powers Under the South African Constitution” 2005 *PER* 120-150

Osborne en Wernicke *Introduction to Crime Analysis*

Osborne D en Wernicke S *Introduction to Crime Analysis: Basic Resources for Criminal Justice Practice* (Routledge New York 2003)

Otto en Fourie 2009 *Koers*

Otto H en Fourie LM “Communicative Action: The Habermasian and Freirean Dialogical Approach to Participatory Communication for Social Change in a Post-1994 South Africa” 2009 *Koers* 217 - 239

P

Painter *History of the Middle Ages*

Painter S *History of the Middle Ages: 284-1500* (Macmillan Londen 1968)

Pakes *Comparative Criminal Justice*

Pakes F *Comparative Criminal Justice* (Willan Portland 2004)

Palmer 1996 *South African Human Rights Yearbook*

Palmer R “Policing” 1996 *South African Human Rights Yearbook* 193-230

Parker 1981 *Police Journal*

Parker KAL "The Constitutional Structure of the Metropolitan Police" 1981 *Police Journal* 8-21

Paoline en Sloan 2003 *International Journal of Police Strategies and Management*

Paoline EA en Sloan JJ "Variability in the Organizational Structure of Contemporary Law Enforcement Agencies" 2003 *International Journal of Police Strategies and Management* 612-639

Paun *Democratization and Police Reform*

Paun C *Democratization and Police Reform* (Humboldt Berlin 2007)

Pauw 1980 *JSAL*

Pauw P "Die Romeins-Hollandse Reg in Oënskou" 1980 *Journal of South African Law* 32-46

Pennock *Democratic Political Theory*

Pennock JR *Democratic Political Theory* (Princeton New Jersey 1979)

Peirson *Police Operations*

Peirson *Police Operations* (Nelson-Hall New York 1976)

Pigou 2000 *Law, Democracy & Development*

Pigou P "Irreconcilable Differences? Building a Human Rights Culture and Dealing with Crime in Post-Apartheid South Africa" 2000 *Law, Democracy & Development* 137-150

Pillay 2001 *Acta Criminologica*

Pillay K "Repositioning the Private Sector Security Industry in South Afria in the 21st Century – The Need for Professionalism of the Private Security Practitioners" 2001 *Acta Criminologica* 66-74

Pitts 1929 *US Law Review*

Pitts TJ "The Rise and Progress of Roman Law" 1929 *US Law Review* 200-249

Pomeroy *et al Ancient Greece*

Pomeroy SB *et al Ancient Greece: A Political, Social and Cultural History* (Oxford London 1999)

Power *Medieval People*

Power E *Medieval Power* (Methuen Londen 1924)

Potgieter 2001 *Historia*

Potgieter T "Verdediging aan die Kaap in 1795" 2001 *Historia* 189-212

Potgieter, Ras en Neser 2008 *Acta Criminologica*

Potgieter PJ, Ras JM en Neser JJ "Can Private Security Stand Up to the Challenges of Crime and Crime prevention in South Africa? A Contemporary Perspective" 2008 *Acta Criminologica* 33-43

Price *A Concise History of France*

Price R *A Concise History of France* (Cambridge Paris 1993)

Prinsloo en Bradshaw 2010 *Acta Criminologica*

Prinsloo M en Bradshaw D "The Experience of Transformation by Police Officers. Findings from a Qualitative Study Conducted in Cape Town, South Africa" 2010 *Acta Criminologica* 84-95

Prior 1989 *Acta Juridica*

Prior A "*The South African Police and the Counter-Revolution of 1985-1987"* 1989 *Acta Juridica* 189-205

Pulling 1962 *Police Journal* 264

Pulling C "*Police in Other Countries*" 1962 *Police Journal* 262-275

Q

Quesada 2004 *Unisa Report*

Quesada C "Community Policing: Lessons from Four Cities" 2004 *Unisa Latin American Report* 92-94

Quinney 1972 *Criminology*

Quinney R "Who is the Victim?" 1972 *Criminology* 314-323

R

Radelet *The Police and the Community*

Radelet LA *The Police and the Community* 3de uitg (Macmillan California 1980)

Ratcliffe 2003 *Trends and Issues in Crime and Criminal Justice*

Ratcliffe J "Intelligende-led Policing" 2003 *Trends and Issues in Crime and Criminal Justice*

Rauch 1991 *CSVR*

Rauch J "Deconstructing the South African Police Force" 1991 *CSVR* 1-13

Rauch, Shaw en Louw *ISS Monograph*

Rauch J, Shaw M en Louw A "Municipal Policing in South Africa" *ISS Monograph* 1-27

Rautenbach en Malherbe *Constitutional Law*

Rautenbach IM en Malherbe R *Constitutional Law* 5de uitg (LexisNexis Durban 2009)

Rautenbach *General Provisions of the Bill of Rights*

Rautenbach IM *General Provisions of the South African Bill of Rights* (Butterworth Durban 1994)

Redpath 2002 *ISS Monograph*

Redpath J "Leane rand Meaner? Restructuring the Detective Service" 2002 *ISS Monograph* 1-47

Redpath 2004 *ISS Monograph*

Redpath J "The Scorpions: Analysing the Directorate of Special Operations" 2004 *ISS Monographs* 1-109

Redpath 2012 *ISS Monograph*

Redpath J "Failing to Prosecute: Assessing the State of the NPA in South Africa" 2012 *ISS Monographs* 1-108

Reeves 2012 *SA Crime Quarterly*

Reeves C "After Glenister: The Case for a New Dedicated Agency" 2012 *SA Crime Quarterly* 23-32

Reiner *The Politics of the Police*

Reiner R *The Politics of the Police* (Oxford Londen 2010)

Reiss 1992 *Crime and Justice*

Reiss AJ "Police Organization in the Twentieth Century" 1992 *Crime and Justice* 51-97

Rettig 2006 *Journal of Tax Practice & Procedure*

Rettig C "At-a-Glance: The Internal Revenue Service, its Mission and Function" 2006 *Journal of Tax Practice & Procedure* 47-63

Robinson en Scaglion 1987 *Law and Society Review*

Robinson CD en Scaglion R "Origin and Evolution of the Police Function in Society: Notes Toward a theory" 1987 *Law and Society Review* 109-154

Roodenburg *Social Control in Europe*

Roodenburg H *Social Control in Europe* ((Thomson-Shore Ohio 2004)

Roos 2006 *SALJ*

Roos R "*Executive Disregard of Court Orders: Enforcing Judgments Against the State* 2006 *SALJ* 744-766

Rosky 2004 *Connecticut Law Review*

Rosky CJ "Force, Inc.: The Privatization of Punishment, Policing and Military Force in Liberal States" 2004 *Connecticut Law Review* 879-1032

Roth 1998 *Policing International Journal*

Roth M "Mounted Police Forces: A Comparative Study 1998 *Policing International Journal* 707-719

Rowe en Schofield *Greek and Roman Political Thought*

Rowe C en Schofield M *History of Greek and Roman Political Thought* (Cambridge New York 2000)

S

Salmon *Roman World*

Salmon ET *A History of the Roman World* (Routledge London 1991)

Salojee 2000 *Law, Democracy and Development*

Salojee R "The Role of the ICD in Dealing with Crime and Human Rights within the SAPS" 2000 *Law, Democracy and Development* 181-190

Sarkin 2000 *Law, Democracy & Development*

Sarkin J "Fighting Crime While Promoting Human Rights in the Police, The Court and the Prisons in South Africa" 2000 *Law, Democracy & Development* 151-172

Sauerman 2008 *Acta Criminologica*

Sauerman A "Measuring the Integrity of the South African Police Service during Transitional Times" 2008 *Acta Criminologica* 21-39

Sawyer *From Roman Britain to Norman England*

Sawyer PH *From Roman Britain to Norman England* (Methuen Suffolk 1978)

Schönteich 2003 *SA Crime Quarterly*

Schönteich M "NPA in the Dock: Thumbs Up for the Prosecution Service" 2003 *SA Crime Quarterly* 29-32

Schönteich *Unshackling the Crime Fighters*

Schönteich M *Unshackling the Crime Fighters* (SAIRR Johannesburg 2001)

Schutte *Development of a Strategic Management Model for the South African Police Service*

Schutte *Development of a Strategic Management Model for the South African Police Service* (PU vir CHO MBA Verhandeling 2003)

Schwella en Ketel 2008 *International Journal of Police Science & Management*

Schwella E en Ketel B" Management Capacity Building in the South African Police Service at Station Level" 2008 *International Journal of Police Science & Management* 145-164

Scott 2009 *Obiter*

Scott J "Wrongful Arrest: A Brief Survey of the Impact of the Constitution on Recent Case Law" 2009 *Obiter* 724-737

Scott *Political Philosophers*

Scott JT *Jean-Jacques Rousseau: Critical Assessments of Leading Political Philosophers* (Routledge New York 2006)

Shaw 2002 *Transformation*

Shaw M "Crime, Police and Public in Transitional Societies" 2002 *Transformation* 1-24

Shaw *Crime and Policing in Post-Apartheid South Africa*

Shaw M *Crime and Policing in Post-Apartheid South Africa* (Hurst London 2000)

Shearing 2000 *Journal of Law and Society*

Shearing C "A New Beginning for Policing" 2000 *Journal of Law and Society* 386-393

Sinclair *Globalising British Policing*

Sinclair G *Globalising British Policing* (Ashgate Londen 2011)

Singh 2004 *Acta Criminologica*

Singh D "Violators and Victims: A Historical Review of Policing in South Africa after a Decade of Democracy" 2004 *Acta Criminologica* 86-98

Siebrits *Regulation of the Private Security Industry*

Siebrits LL *Regulation of the Private Security Industry* (Unisa LLD-Proefskrif 2001)

Sisk *Democratization in South Africa*

Sisk TD *Democratization in South Africa* (Princeton New Jersey 1995)

Skolnick 1999 *Police Foundation*

Skolnick JH "Ideas on American Policing: Democratic Policing" 1999 *Police Foundation* 1-8

Smit en Naudé *Law, Government and People*

Smit EJP en Naudé AV *Law, Government and People* (Butterworths Durban 1997)

Smith *Gibbon's Roman Empire I*

Smith WM *Gibbon's History of the Decline and Fall of the Roman Empire Volume I* (Murry Londen 1886)

Smith *Gibbon's Roman Empire VI*

Smith WM *Gibbon's History of the Decline and Fall of the Roman Empire Volume VI* (Murry Londen 1886)

Snyman *Strafreg*

Snyman CR *Strafreg* 5de uitg (Butterworths Durban 2006)

Soanes en Stevenson *Oxford Dictionary of English*

Soanes C en Stevenson A *Oxford Dictionary of English* 2de uitg (Oxford New York 2005)

Southern *Augustus*

Southern P *Augustus* (Routledge London 1999)

Sparkes *Greek Civilization*

Sparkes BA *Greek Civilization: An Introduction* (Blackwell Oxford 1998)

Specter *Habermas*

Specter MG *Habermas: An Intellectual Biography* (Cambridge New York 2010)

Spence *Cavalry of Ancient Greece*

Spence IG *The Cavalry of Ancient Greece: A Social and Military History* (Clarendon New York 1993)

Stead *Pioneers in Policing*

Stead PJ *Pioneers in Policing* (McGraw-Hill Berkshire 1977)

Steinberg *Crime Wave*

Steinberg J *Crime Wave* (Witwatersrand University Press Johannesburg 2001)

Steinberg *Thin Blue*

Steinberg J *Thin Blue: Unwritten Rules of Policing South Africa* (Jonathan Ball Johannesburg 2008)

Steinberg 2004 *Institute for Security Studies Monographs*

Steinberg J "Sector Policing on the West Rand – Three Case Studies" 2004 *Institute for Security Studies Monographs* 1 - 65

Stenning 2011 *Flinders Law Journal*

Stenning PC "Governance of the Police: Independence, Accountability and Interference" 2011 *Flinders Law Journal* 241-267

Stern 1981 *TSAR*

Stern K "A Society Based on the Rule of Law and Social Justice: Constitutional Model of the Federal Republic of Germany" 1981 *Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg* 241-250

Stevens *Training and Selection of Police Officers*

Stevens GP *Training and Selection of Police Officers: Toward a Community Policing Model* (Unisa D.Phil Proefskrif Pretoria 2005)

Steyn en De Vries 2007 *Acta Criminologica*

Steyn J en De Vries I "Exploring the Impact of SAPS Basic Training Institutes in Changing the Deviant Police Culture Attitudes of New Recruits" 2007 *Acta Criminologica* 1-34

Steytler 1992 *Legal Studies Forum*

Steytler N "State Strategies and Reform of the South African Police" 1992 *Legal Studies Forum* 155-166

Stone en Heather 2010 *Policing and Society*

Stone CE en Heather HH “Democratic Policing: A Framework for Action” 2010 *Policing and Society* 11-45

Stone en Ward 2010 *Policing and Society*

Stone CE en Ward HH “Democratic Policing: A Framework for Action” 2010 *Policing and Society* 11-45

Stuart 1998 *SACJ*

Stuart D “An Entrenched Bill of Rights Best Protects Against Law and Order Expediency” 1998 *SACJ* 325-336

Sung 2005 *International Journal of Police Strategies and Management*

Sung HE “Police Effectiveness and Democracy: Shape and Direction of the Relationship” 2005 *International Journal of Police Strategies and Management* 347-367

Swanepoel *Coping, Stress and Suicide Ideation in the SAPS*

Swanepoel *Coping, Stress and Suicide Ideation in the SAPS in Gauteng Province* (Verhandeling PU vir CHO 2003)

Swanepoel en Duvenhage 2007 *Acta Academica*

Swanepoel L en Duvenhage A “Vigilantism as a Feature of Political Decay in the Post-1994 South African Dispensation” 2007 *Acta Academica* 123-145

T

Thucydides *History of the Peloponnesian War*

Thucydides *History of the Peloponnesian War* soos vertaal deur Crawley (eBook 2007)

Tilly *Medieval France*

Tilly A *Medieval France: A Companion to French Studies* (Hafner Londen 1964)

V

Van Aardt W *State Responsibility for Human Rights Abuses*

Van Aardt W *State Responsibility for Human Rights Abuses Committed by Non-State Actors* (LLD-Proefskrif NWU 2004)

Van Aswegen *History of South Africa*

Van Aswegen HF *History of South Africa to 1854* (Academica Pretoria 1990)

Van der Merwe 1997 *Servamus*

Van der Merwe K "'n Kort Oorsig oor die Ontwikkeling van die SAPD" 1997 *Servamus* 46-47

Van der Schyff 2008 *PER*

Van der Schyff G "The Protecting of Human Rights in the Netherlands and South Africa Compared: Can the Many Differences be Justified" 2008 *PER* 1-25

Van der Spuy 1989 *Acta Juridica*

Van der Spuy E *"Literature on the Police in South Africa: An Historical Perspective"* 1989 *Acta Juridica* 262-291

Van der Spuy 2007 *SACJ*

Van der Spuy E "Police Reform in Africa: Theory, Policy and Practice in the Making" 2007 *SACJ* 307-327

Van der Spuy 2008 *Journal for Contemporary History*

Van der Spuy E "The National Peace Accord and Police Reform in South Africa: The Role of the Police Board as an Interim Policy Mechanism" 2008 *Journal for Contemporary History* 37-58

Van der Vyver 1977 *SALJ*

Van der Vyver J "The State, the Individual and Society" 1977 *SALJ* 291-305

Van der Vyver 1985 *SAJHR*

Van der Vyver JD "The Laughing Policemen" 1985 *SAJHR* 165-169

Van der Walt 2003 *SAJHR*

Van der Walt J "Blixen's Difference: The Horizontal Application of Fundamental Rights and the Resistance to Neo-colonialism" 2003 *SAJHR* 311-331

Van der Walt 2011 *PER*

Van der Walt T “The Use of Force in Effecting Arrest in South Africa and the 2010 Bill: A Step in the Right Direction?” 2011 *PER* 138-162

Van der Westhuizen 2004 *Acta Criminologica*

Van der Westhuizen J “Selected Issues Pertaining to Democratic Constitutionalism in South Africa: The Justice, Crime Prevention and Security Paradox” 2004 *Acta Criminologica* 99-114

Van Graan *Obstacles Impeding the Transformation Process in the South African Police Force.*

Van Graan J *Obstacles Impeding the Transformation Process in the South African Police Force* (Unisa Verhandeling Pretoria 2005)

Van Graan 2012 *Child Abuse Research in South Africa*

Van Graan J “The quality of service of the family violence, child protection and sexual offences unit of the South African police service, post-2010” 2012 *Child Abuse Research in South Africa* 35-44

Van Heerden *Introduction to Police Science*

Van Heerden TJ *Introduction to Police Science* (Unisa Pretoria 1986)

Van Jaarsveld *Van Van Riebeeck tot Voster*

Van Jaarsveld FA *Van Van Riebeeck tot Voster: 1652-1974* (Perskor Johannesburg 1974)

Van Wyk 1980 *TSAR*

Van Wyk DH “Suid-Afrika en die Regstaatidee” 1980 *TSAR* 152-169

Van Wyk 1991 *Stell LR*

Van Wyk D “Kultuur, Staat, Reg – Kultuurstaatreg” 1991 *Stell LR* 180-201

Van Zyl *Justice and Equity in Greek and Roman Legal Thought*

Van Zyl DH *Justice and Equity in Greek and Roman Legal Thought* (Academica Pretoria 1991)

Van Zyl *Romeinse Privaatreg*

Van Zyl DH *Geskiedenis en Beginsels van die Romeinse Privaatreg* (Butterworths Durban 1991)

Vawda en Mtshali 2013 *Law, Democracy and Development*

Vawda YA en Mtshali M "Who is Watching the Watchers? A Critical Assessment of the Independent Police Investigative Directorate's Prospects of Investigating Misconduct in the South African Police Service" 2013 *Law, Democracy and Development* 132-156

Venter 1995 *SALJ*

Venter F "Requirements for a New Constitutional Text: The Imperatives of the Constitutional Principles" 1995 *SALJ* 32-44

Venter 1998 *PER*

Venter F "Die Betekenis van die Bepalings van die 1996 Grondwet" 1998 *PER* 1-62

Venter 2008 *TSAR*

Venter F "Die Staat, Staatsreg en Globalisering" 2008 *TSAR* 412-424

Venter 2012 *McGill Law Journal*

Venter F "South Africa: A Diceyan Rechtstaat?" 2012 *McGill Law Journal* 721-747

Venter *Constitutional Comparison*

Venter F *Constitutional Comparison: Japan, Germany, Canada & South Africa as Constitutional States* (Juta Kaapstad 2000)

Venter *Global features of Constitutional Law*

Venter F *Global features of Constitutional Law* (Wolf Nijmegen 2010)

Visser 2005 *TSAR*

Visser PJ "A Note on Aspects of the Emergence of an Independent Regulator for the Private Security Industry in South Africa" 2005 *TSAR* 587-594

Visser 2001 *De Jure*

Visser "Aspects of the legal framework in terms of which the private security industry is regulated in Germany" 2001 *De Jure* 564-575

Vuma *Crime Prevention as a Core Function of the South African Police Service*

Vuma PR *An analysis of Crime Prevention as a Core Function of the South African Police Service* (Unisa DLitt et Phil Polisiëring Proefskrif Pretoria 2011)

W

Waller 2011 *Acta Criminologica*

Waller I *"Less Law, More Order"* 2011 *Acta Criminologica* i-iv

Walsh en Conway 2011 *Crime, Law and Social Change*

Walsh D en Conway V "Police Governance and Accountability: Overview of Current Issues" 2011 *Crime, Law and Social Change* 61-86

Walsh 1999 *International Journal of Police Strategies and Management*

Walsh WF "Policing at the Crossroads: Changing Directions for the New Millennium" 1999 *International Journal of Police Strategies and Management* 17-25

Warchol, Zupan en Clack 2003 *International Criminal Justice Review*

Warchol GL, Zupan LL en Clack W "Transnational Criminality: An Analysis of the Illegal Wildlife Market in Southern Africa" 2003 *International Criminal Justice Review* 1-27

Wassermann 2011 *Scientia Militaria*

Wassermann J "The Anglo-Boer war in the Borderlands of the Transvaal and Zululand, 1899-1902" 2011 *Scientia Militaria* 25-51

Weisburd en Neyroud 2011 *NIJ*

Weisburd D en Neyroud P "Police Science: Toward a New Paradigm" 2011 *NIJ* 1-24.

Weitzer 1993 *Police Studies*

Weitzer R "Transforming the South African Police" 1993 *Police Studies* 1-10

Wessels *My Regte, Jou Regte*

Wessels L *My Regte! Jou Regte? Kom ons praat* (LAPA Paarl 2006)

Wiechers *Staatsreg*

Wiechers M *Staatsreg* 3de uitg (Butterworths Durban 1981)

Wood en MacAlister 2005 *International Journal of Police Strategies and Management*

Wood D en MacAlister D "Accountable, Responsive and Independent: On the Need for Balance in Police Governance" 2005 *International Journal of Police Strategies and Management* 197-207

Woolf *Roman World*

Woolf G *Roman World* (Cambridge New York 2003)

Wolf en Blaauw-Wolf 1996 *SALJ*

Wolf J en Blaauw-Wolf L "A Comparison between German and South African Limitation Provisions" 1996 *SALJ* 267-296

Woolman 2007 *SALJ*

Woolman S "The Amazing, Vanishing Bill of Rights" 2007 *SALJ* 762-794

Woolman 2010 *SAPL*

Woolman S "On the Common Saying 'What's True in Golf is True in Law': The Relationship between Theory and Practice Across Forms of Life" 2010 *SAPL* 520-543

Woolman *et al Constitutional Law of South Africa*

Woolman S *et al Constitutional Law of South Africa* 2de uitg (Juta Kaapstad 2004)

Wroblreski en Hess *Introduction to Law Enforcement and Criminal Justice*

Wroblreski HM en Hess KM *Introduction to Law Enforcement and Criminal Justice* (West New York 1979)

Z
Zacharias 1939 *Chinese Social and Political Science Review*

Zacharias HCE "Democracy in Ancient Greece: Its origin, rise and decline" 1939 *Chinese Social and Political Science Review* 333-345

Zauberman en Levy 2003 *Criminology*

Zauberman R en Levy R "Police, Minorities, and the French Republican Ideal" 2003 *Criminology* 1065-1100

Suid-Afrikaanse Regspraak

A
Affordable Medicines Trust and Others v Minister of Health and Another 2006 3 SA 247 (KH)

B
Bernstein v Bester NO 1996 2 SA 751 (KH)

Body Corporate-Montpark Drakens v Smuts 2007 JOL 19484 (W)

C
Carmichele v Minister of Safety and Security 2001 4 SA 938 (KH)

City of Cape Town v Yawa and others 2004 2 All SA 281 (K)

Coetzee v National Commissioner of Police and Others 2011 2 SA 227 (GNP)

D
Democratic Alliance v President of the Republic of South Africa 2013 1 SA 248 (KH)

Dersley v Minister van Veiligheid en Sekuriteit 2000 1 All SA 484 (T)

E
Ex parte Attorney-General, Namibia: In Re Corporal Punishment by Organs of State 1991 3 SA 76 (NmSC)

Ex parte Minister of Safety and Security and others: In re S v Walters and Another 2002 4 SA 613 (KH)

Executive Council, Western Cape Legislature and Others v President of the Republic of South Africa and Others 1995 4 SA 877 (KH)

F
Findevco v Faceformat SA [2000] JOL 7258 (E)

G
Glenister v President of the Republic of South Africa (Amicii curiae: ACDP) 2008 JDR 0569 (T)

Glenister v The Speaker of the National Assembly 2009 JDR 0037 (K)

Glenister v President of the Republic of South Africa and Others 2009 1 SA 287 (KH)

Glenister v President of the Republic of South Africa and Others 2011 3 SA 347 (KH)

Govender v Minister of Safety and Security 2001 4 SA 273 (HHA)

Government of the Republic of South Africa v Grootboom 2000 11 BCLR 1169 (KH)

H
Holomisa v Argus Newspaper 1996 1 All SA 478 (W)

I
In re Certification of the Constitution of the Republic of South Africa, 1996 1996 10 BCLR 1253 (KH)

J
Janse van Rensburg en 'n ander v Minister van Handel en Nywerheid en 'n ander 1998 JOL 4129 (T)

K
Kadir v Minister of Law and Order 1992 3 SA 737 (K)

Khosa v Minister of Social Development 2004 6 SA 505 (KH)

M
Minister of Health and Another NO v New Clicks South Africa (Pty) Ltd and Others (Treatment Action Campaign and Another as Amici Curiae) 2006 2 SA 311 (KH)

Minister of Law and Order v Kadir 1995 1 SA 303 (A)

Minister of Safety and Security and Another v Rudman and Another 2005 2 SA 16 (HHA)

Minister of Safety and Security v Carmichele 2004 3 SA 305 (HHA)

Minister of Safety and Security v De Lima 2005 5 SA 575 (HHA)

Minister of Safety and Security v Hamilton 2004 2 SA 216 (HHA)

Minister of Safety and Security v Van Duivenboden 2002 6 SA 431 (HHA)

Minister of the Interior v Harris 1952 4 SA 769 (A)

Minister van Polisie v Ewels 1975 3 SA 590 (A)

Minister van Veiligheid en Sekuriteit v Geldenhuys 2004 1 SA 515 (HHA)

Mpongwana v Minister of Safety and Security 1999 2 SA 794 (K)

N

National Treasury and Others v Opposition to Urban Tolling Alliance and Others 2012 6 SA 223 (KH)

Ntamo v Minister of Safety and Security 2001 1 SA 830 (Tk)

P

Phakati and Another v S [2004] JOL 13052 (W)

Pharmaceutical Manufacturing Association of SA and others: In Re Ex Parte Application of President of the RSA and Others 2000 3 BCLR 241 (KH)

President of the Republic of South Africa v Hugo 1997 6 BCLR 708 (KH)

R

Rail Commuter Action Group v Transnet Ltd t/a Metrorail 2005 2 SA 359 (KH)

S

S v Makwanyane and Another 1995 3 SA 391 (KH)

S v Zuma 1995 2 SA 642 (KH)

Sachs v Minister of Justice 1934 AD 11

Selebi v S 2012 1 All SA 332 (HHA)

Sibiya v Swart 1950 4 SA 515 (A)

South African Association of Personal Injury Lawyers v Heath 2001 1 SA 883 (KH)

V

Van Eeden v Minister of Safety and Security 2003 1 SA 389 (HHA)

Van Rooyen v S 2002 5 SA 246 (KH)

Victoria & Alfred Waterfront and Another v Police Commissioner, Western Cape and Others 2004 4 SA 444 (K)

Suid-Afrikaanse Wetgewing

Algemene Regswysigingswet 37 van 1963

Civilian Secretariat for Police Service Act 2 of 2011

De Spoorwegen en Havens Reglement, Bestuur en Beheer Wet 22 van 1916

Defence Act 42 van 2002

Doeane- en Aksynswet 91 van 1964

Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996

Independent Police Investigative Directorate Act 1 of 2011

Interim Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 200 van 1993

National Education Policy Act 27 of 1996

National Strategic Intelligence Act 39 of 1994

Ordonnansie 2 van 1840

Padverkeerswet 29 van 1989

Padverkeerswet 93 van 1996

Polisiewet 5 van 1908

Polisiewet 7 van 1958

Polisiewysigingswet 70 van 1965

Politiewet 14 van 1912

Private Security Industry Regulation Act 56 of 2001

Proklamasie 15 van 1901

Proklamasie 18 van 1913

Promotion of Equality and Prevention of Unfair Discrimination Act 4 of 2000

Republiek van Suid-Afrika Grondwet 110 van 1983

Republiek van Suid-Afrika Grondwet 32 van 1961

South Africa Act 1 of 1909

Strafproseswet 51 van 1977

Strafproseswysigingswet 9 van 2012

Transvaal Police Act 5 of 1908

Tweede Wysigingswet op Geregtelike Aangeleenthede 122 van 1998

Vrystaatse Ordinansie 2 van 1880

Wet op beheer van Tabak Produkte 83 van 1993

Wet op die Bevordering van Swart Selfbestuur 46 van 1959

Wet op die Burgerlike Sekretariaat van die Polisiediens 2 van 2011

Wet op die Hoë Hof van die Parlement 35 van 1952

Wet op die Nasionale Vervolgingsgesag 32 van 1998

Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens 68 of 1995

Wet op die Voorkoming van Georganiseerde Misdaad 121 van 1998

Wet op die Voorkoming van Korrupsie 94 van 1992

Wet op Dwelmmiddels en Dwelmsmokkelary 140 van 1992

Wet op Geestesgesondheid 18 van 1973.

Wet op Gesinsgeweld 116 van 1998

Wet op Nasionale Omgewingsbestuur 107 van 1998

Wet op Plaaslike Owerhede 32 van 2000

Wet op Swart Owerhede 68 van 1951

Wysigingswet op Polisie 64 van 1964

Wet op Traangas 16 van 1964.

Wet op Veediefstal 57 van 1959.

Wysigingswet op die Nasionale Vervolgingsgesag 61 van 2000

Wysigingswet op Nasionale Omgewingsbestuur 46 van 2003

Wysigingswet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens 57 van 2008

Wysigingswet op Verdediging 77 van 1963

Zuid-Afrika Verdedigingswet 13 van 1912

Buitelandse Wetgewing

Brittanje

Border, Citizenship and Immigration Act, 2009.

Metropolitan Police Act of 1829

Parliament Act of 1787

Australië

Land Tax Act 21 of 1910

Customs Act 6 of 1901

Kanada

Canada National Parks Act s.c. 2000, c.32.

Environmental Protection Act s.c 1999, c33.

Fisheries Act R.S.C 1985 C F-14.

Parks Cananda Agency Act s.c. 1998, c.31

Koerantberigte

A

Anon *The Citizen*

Anon ‘Cruel Blow to SAPS Credibility’ *The Citizen* 2 Maart 2002 8

Anon *The Times*

Anon 'Laws protect criminals at expense of victims' *The Times* 14 November 2008 20

Anon *Witness*

Anon ‘Training of Police Officers’ *The Witness* 1 Desember 2010 8

B

Botes *Beeld*

Botes ‘Polisie skiet sanger’ *Beeld* 28 Oktober 2013 1

F

Fokazi *Cape Times*

Fokazi S ‘Shocking new stats on cop brutality’ *Cape Times* 27 Maart 2013 1

G

Geldenhuys *Servamus*

Geldenhuys K ‘The army is back’ *Servamus* 1 Desember 2011 16

Goldstone *Saturday Star*

Goldstone C ‘Shoot first, says Cele’ *Saturday Star* 1 Augustus 2009 1

H

Hartley *Weekend Post*

Hartley W ‘Shoot first mentality a fatal attitude’ *Weekend Post* 17 Oktober 2009 6

J

James *Rapport*

James W ‘Slagting wys dat staat beheer verloor’ *Rapport* 2 September 2012 2

K

Keyser *Mail & Guardian*

Keyser A ‘Zuma’s lawyer takes aim at the Scorpions’ *Mail & Guardian* 31 Augustus 2005 1

M

Mabuza en Ensor *Busines Day*

Mabuza E en Ensor L 'Are Our Policemen Trained' *Busines Day* 21 May 2007 3

Mahabane *Business day*

Mahabane I 'Death in Ficksburg shows how we value life' *Business day* 15 April 2011 1

Mhlongo *Daily news*

Mhlongo A 'Chele firm on "Shoot first" *Daily News* 23 Julie 2007 1

Moloto *Star*

Moloto M 'Rise of Riah: Grade 8 Train Ride to Top Cop' *Star* 14 Junie 2012 3

Mshabane *Citizen*

Mshabane P 'Shoot first ask later' *Citizen* 25 Junie 2011 6

N

Nhlabathi *Sowetan* 4

Nhlabathi H 'Phiyega cracks as heat is turned up at Marikana' *Sowetan* 4 April 2013 1

P

Padayachee *The Star*

Padayachee K 'Shoot first, ask questions later?' *The Star* 12 Februarie 2009 19

Phillips *Farmers Weekly*

Phillips L 'Army to join war against rhino poaching' *Farmers Weekly* 4 Februarie 2012 1

S

Spies *The Herald*

Spies D 'Residents turning to private firms for security in city' *The Herald* 2005 4

T

Tau *Star* 1

Tau P ‘Top Cop’s About-face” *Star* 15 Maart 2013 1

V

Van der Westhuizen *Star*

Van der Westhuizen C ‘Deadly distraction from brute force’ *Star* 3 September 2012 3

Van Schie *Star*

Van Schie K ‘Rules of deadly engagement clearly spelt out’ *Star* 17 Augustus 2012 2

W

Wasserman en Jacobs *Daily Maverick*

Wasserman H en Jacobs S ‘It is time to be offended’ *Daily Maverick* 8 May 2011 1

Williams *The Times*

Williams D ‘Zille wants to use the army to stop war” *The Times* 11 Julie 2012 5

Konferensiebydrae

I

Igor “Summary justice in and out of court”

Igor L “Summary justice in and out of court” (Ongepubliseerde toespraak gelewer by John Harris Memorial Lecture in Londen 1 Julie 2011)

S

Shearing "Police Deviance and Accountability"

Shearing CD "Police Deviance and Accountability" ongepubliseerde konferensiebydra, Konferensie op Polisiëring in die nuwe Suid-Afrika, 4-6 Junie 1991, Universiteit van Natal Pietermaritzburg)

Y

Yawa "Communities are yearning for effective, accountable and democratic policing"

Yawa H "Communities are yearning for effective, accountable and democratic policing"(Ongepubliseerde voordrag gelewer by die Nasionale Huis van Provinsies 3 Julie 2009 Kaapstad)

Kommissieverslae

Mokgoro *South African Law Commission*

Mokgoro Y *South African Law Commission – Third Interim Report* "Simplification of Criminal Procedure" 1-108

Regeringsverslae

National Environmental Compliance & Enforcement Report 2010/2011

NCIS *The National Crime-Intelligence Model* 2000/2001

Regulasies en staatskennisgewings

Ministerial Employment Notice no 1 of 2010

GK R710 in GG 20141 van 11 Junie 1999

GK R1131 in GG 30523 van 4 Desember 2007

GK R307 in GG 30882 van 20 Maart 2008

GK R254 in GG 33068 van 1 April 2010

Nie-regeringspublikasies

African Claims in South Africa, 1945

Vryheidsmanifes, 1955

SAQA *National Certificate:* Policing Qualification 20496

Internasionale en Regionale regsinstrumente

African Charter on Human and Peoples's Rights, 1981

American Declaration on the Rights and Duties of Man, 1948

American Convention on Human Rights, 1969

Charter of the Organization of American States, 1948

European Convention on Human Rights, 1950

International Covenant on Economic, Social and Cultural Rights, 1966

International Covenant on Civil and Political Rights, 1966

Universal Declaration on Human Rights, 1948